
Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010

Johanita Kirsten

20282591

Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Afrikaans en
Nederlands op die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. A.J. van Rooy

Februarie 2016

The past is not after all anything very special; it's simply a present that doesn't exist any more.
(Lass, 1997:24)

DANKBETUIGINGS

Ek het soveel om voor dankbaar te wees – selfs die lang relaas hieronder is hopeloos onvoldoende om alles en almal te bedank wat tot my D bygedra het. Dit is egter my beste poging.

Bertus van Rooy: my eerste betekenisvolle herinnering aan jou onderrig is dat ek in 'n hele semester van Engelse sintaksis nie die helfte verstaan het wat by jou mond uitgekom het nie. Tog het jou hantering van taal en taalkunde my aangegryp, en jou advies en ondersteuning sedert my voorgraadse studies was bemoedigend en inspirerend. Jy is die rede hoekom ek my hand aan verdere nagraadse studies gewaag het, en die rede hoekom ek geleenthede gehad het om aan die lewe te bly in die tussentyd. Jy is my mentor en my inspirasie. As ek dink aan al die ure van jou lewe wat jy al gebruik het om my werk te lees en terugvoer te gee, om te praat oor navorsing en taalkunde en oor soveel ander verrykende dinge, as ek dink aan die geduld en begrip waarmee jy episodes van moedeloosheid en histerie hanteer het, dan is daar net een, hopeloos ontoereikende woord: dankie.

Roger Lass: the first time I came into contact with you was just after I finished reading your book on historical linguistics. I was in awe and inspired. And yet, in the course of our friendship I've come to realise how much more I value the person behind the book. I have turned to you in difficult times, and you've always been there, ready with words of understanding and wisdom, willing to engage on a deep emotional and intellectual level. You have not only contributed to my thinking as a researcher, but you have contributed to the person I am today, in ways for which I do not have the words to express my gratitude.

My ouers, Koos en Rika Kirsten: as ek teruggedink aan my vormingsjare, dan kan ek net dankbaar wees vir julle liefde en opvoeding. Julle het my filosofiese verkenning van die lewe met liefde en geduld hanteer, my intellektuele nuuskierigheid aangemoedig, en my lewenskeuses in terme van studies en loopbaan altyd ondersteun. Julle het my in 'n huis grootgemaak waar ek omring was met boeke van allerhande aard, julle het my blootgestel aan die wonder van die geskrewe woord, en by my van kleins af 'n bewustheid van taal gekweek. Ek is werklik bevoorreg om julle as my ouers te hê.

My skoonouers, Christo en Lotte van der Merwe: dankie vir julle geduld met my (en veral my afwesigheid) wanneer ek so hard gewerk het, dat julle altyd belangstel en opgewonde raak oor my werk, dat ek julle tuiste altyd verlaat met iets (groot of klein) wat my lewe makliker of aangenamer maak.

Selina Mohapi: ek is so dankbaar vir jou teenwoordigheid in ons lewens, en vir die diens wat jy vir ons lewer. Jy bring vreugde, liefde en inspirasie in ons huis in, en jy dra altyd ons laste saam met jou. Ke a leboha, mme!

Frank Brisard: dankie vir die gesprek oor my voorlopige bevindinge oor tydsaanduiding, en die sinvolle kommentaar en aanbevelings wat die kwaliteit van my werk verseker heelwat verbeter het.

Daar is 'n aantal vriende/kollegas/studente wat (direk of indirek) my werk aan my D betekenisvol aangeraak het: Jacques Heyns en Gordon Matthew (vir honderde bakers koffie, ure van entoesiastiese gesprekke, *dry runs* van my kongresreferate, en elektroniese bystand); Rickus Ströh, Ian Kotzé, Chantelle Kruger (vir entoesiastiese deelname in die klas,

sinvolle gesprekke en inspirerende vrae en werkstukke); Lebohang Mathibela, Maristi Partridge, Melanie Law, Taty Dekoke, Johannes Mahlasela, Ronel Wasserman, Mari-Leigh Pienaar, Ansie Kriel (vir die wedersydse geweekslag en geween van mede D-slagoffers); Adèle Nel (vir die aangename saamwerk in die vakgroep, en die ruimte om aan my D te werk); Henri Laurie (vir gesprekke oor 'n honderd onderwerpe, dat ek my idees op jou kan uittoets, en dat jy my so dikwels uitdaag); Mariana Kriel (vir jou inspirerende navorsing en interaksie); Mike Olson (for the examples from your corpus, and your comments on my conference paper); Henrik Gottlieb (for thought-provoking discussions and topics); Caroline Piotrowska (for not hating me after my questionable driving on our data collection trip to Pretoria, for letting me use your camera on that same trip, and for being pleasant company); en nog ander mense wat op een of ander manier 'n positiewe bydrae tot my as navorser gemaak het tot dusver: Daan Wissing, Susan Coetzee-Van Rooy, Haidee Kruger, Anneke Butler, Gustav Butler, Rilette Swanepoel, Steph Cloete, Mandy Engelbrecht.

Die gehoor by die kongresse waar ek navorsing uit my D aangebied het, vir vrae wat my tot groter insig gelei het, en opbouende voorstelle en kommentaar (LSSA/SAALT/SAALA joint annual conference (2014), Mobility, variability and changing literacies in modern times (2014), 13th International Cognitive Linguistics Conference (2015)).

Die anonieme keurders van die drie artikels wat ek tot dusver uit my proefskrif verwerk en sinvolle, opbouende terugvoer op gekry het.

Die NWU as my werkgever wat vir my die ruimte gee om my navorsingsbelangstellings na te volg; die Skool vir Tale op die Vaaldriehoekskampus wat my op soveel maniere bemagtig het om op my navorsing te fokus, veral in terme van 'n hele semester se navorsingsverlof om die proefskrif te voltooi; die personeel by al die NWU-biblioteke wat my gehelp het tydens my korpusversameling en die leeswerk vir my navorsing; die kritiese lesers en KGG wat in die vroeë fase van my studie sinvolle en opbouende terugvoer gegee het op my navorsingsvoorstel; die NWU en die Universiteit Antwerpen vir die geleentheid dat ek vir twee maande in Antwerpen kon woon en werk in 2014, waartydens ek nie net waardevolle ervaring in onderrig opgedoen het nie, maar heelwat tyd beskikbaar gehad het om aan my proefskrif te werk.

Vir hulp met korpusversameling: CTexT (Sentrum vir Tekstegnologie, NWU, Potchefstroomkampus) vir die gebruik van die PUK-Protea Korpus en die Taalkommissie-korpus; Ana Deumert vir die gebruik van die Corpus of Cape Dutch Correspondence (Deumert, 2004); Nasionale Argiewe Pretoria vir die beskikbaarstel van briewe uit 1911-1920, 1941-1950 en 1971-1980; Noordwes-Universiteit Argiewe vir die verskaffing van briewe uit 1941-1950; Epog Argiewe vir die verskaffing van briewe uit 2001-2010; al die anonieme individue wat briewe en dagboeke uit privaatversamelings aan my beskikbaar gestel het; my tydelike navorsingsassistent, Chantelle Kruger, vir ure se skandering, tikwerk en kwaliteitskontrole.

Daar is 'n aantal nie-menslike entiteite wat ek voel genoeg tot my D bygedra het dat my bedankings onvolledig sal wees daarsonder: my skootrekenaar, wat nie een keer vandat ek met my D begin het enige probleme gegee het nie; my kat, Cassie, wat my geselskap gehou het wanneer ek tuis gewerk het, en wie se kaskenades (meestal...) 'n bron van vermaak was; koffie, as bron van energie en plesier en (ek is oortuig daarvan) inspirasie; suikervrye tjoklit, as gewetensvriendelike *comfort food*; die Horus Heresy sci-fi-reeks wat vir my bitter nodige afleiding verskaf het, en my met tye só ver van die werklikheid weggeneem het dat ek werklik kon rus; die Sudoku op my foon wat my so dikwels saans laat afskakel het om

aan die slaap te raak; die Virgin Active in Drie Riviere waar ek soggens my kop kon gereed kry vir die dag se werk.

Laaste, maar verseker nie die minste nie, my eggenoot, CW van der Merwe. Tussen al die baie ure se werk deur, tussen slegte buie, nukkerigheid en histerie deur, tussen oorsese reise en kat-kaskenades deur, was jy my lig in die donker, my lag tussen die trane, my hoop in die moedeloosheid. Jy ondersteun my en my werk altyd, al verstaan jy nie hoekom enigiemand opgewonde raak oor taal nie. Jy is altyd gereed met 'n grappie, en herinner my deurlopend om nie myself of die lewe té ernstig op te neem nie. Jy hou my voete op die grond en my oë op die werklikheid. Jy is my enkele grootste inspirasie om my beste te doen en te wees. *Frojo*.

OPSOMMING

Sleutelwoorde: kognitiewe linguistiek, korpus, diachroniese korpuslinguistiek, grammatikale verandering, geskrewe Standaardafrikaans, tydsaanduiding, voornaamwoorde, genitief

In die afgelope dekades het die ondersoek van grammatikale verandering met elektroniese korpusse opgang gemaak in die internasionale literatuur. Waar taalkundiges voorheen geglo het dat grammatikale verandering te stadig plaasvind om waar te neem, stel hierdie metode navorsers in staat om selfs meer onlangse, of voortdurende, taalverandering te ondersoek. Tog het daar nog geen omvangryke studie oor onlangse en voortdurende grammatikale verandering in Afrikaans verskyn nie. Wanneer daar wel opmerkings oor voortdurende verandering gemaak word, is dit gewoonlik gebaseer op anekdotiese waarnemings, en word daar veral gefokus op die invloed van Engels. In hierdie studie word korttermyn diachroniese vergelykende korpuslinguistiek gebruik om grammatikale verandering in geskrewe Standaardafrikaans van 1911 tot 2010 te ondersoek. Daar is vier korpusse versamel om die betrokke eeu te verteenwoordig, wat die dekades 1911-1920, 1941-1950, 1971-1980 en 2001-2010 dek. Bykomend word daar van kwantitatiewe grammatikografie gebruik gemaak om die effek van preskriptiewe bronne se aanbevelings oor taalgebruik te verreken.

Daar is twee navorsingsvrae wat in hierdie studie beantwoord word – die eerste vra na die aard en omvang van grammatikale verandering in geselekteerde grammatikale kategorieë in geskrewe Standaardafrikaans van 1911 tot 2010; die tweede vraag wil die verskille en ooreenkomste tussen interne en eksterne taalverandering uitpluis, en in die lig daarvan vasstel tot watter mate eksterne verandering, en spesifiek die invloed van Engels, relevant is vir grammatikale verandering in Standaardafrikaanse taalgebruik gedurende die afgelope eeu.

Die teoretiese raamwerk waarbinne taalgebruik en taalverandering in hierdie studie ondersoek word, is kognitiewe linguistiek, spesifiek voortkomende grammatika ("emergent grammar") en die eksemplaarmodel ("exemplar model"). Die veranderinge wat uit die data blyk word telkens in terme van taalveranderingsprosesse en/of kragte van taalverandering beskryf en verklaar, en in verband gebring met die beginsels van die kognitiewe linguistiek.

Daar word drie breë grammatikale kategorieë ondersoek: tydsaanduiding, voornaamwoorde en die genitief. Hoewel daar in elk van die kategorieë 'n mate van stabiliteit is, is daar ook 'n hele aantal groter en kleiner veranderinge wat 'n oorsig gee oor die aard van grammatikale verandering in geskrewe Standaardafrikaans in die afgelope eeu. Die veranderinge kan in 'n aantal kategorieë ingedeel word.

Die eerste tipe verandering is die tendens van ver(in)formalisering – in breë trekke is daar tussen die eerste en die tweede periode tekens van verformalisering, waar die vestiging van 'n standaardvariëteit en die vereistes wat daarmee saamgaan veroorsaak dat verskynsels wat met formaliteit geassosieer word (bv. passiefkonstruksies), vermeerder. Dan is daar tekens van verinformalisering tussen die derde en die vierde periode, waar formele eienskappe (bv. formele *u*) verminder en sekere verskynsels wat met informaliteit geassosieer word (bv. *nou* as diskoersmerker) vermeerder.

Die tweede tipe verandering vind plaas deur analogievorming, en het groter reëlmatigheid en/of eenvormigheid binne 'n paradigma tot gevolg. 'n Aantal seldsame preteritumvorme verdwyn byna heeltemal (bv. *had*, *wis*) en word met reëlmatige vorme vervang (*het/het gehad*, *het geweeet*). Die laaste reste van die Nederlandse genitief verdwyn ook en word feitlik volledig vervang met genitiefkonstruksies met *van* en *se*.

Die derde tipe verandering word gemotiveer deur taalgebruikers se strewe na ekspressiwiteit. Daar is 'n aantal voornaamwoorde wat toenemend spesialiseer, wat beteken dat dit al hoe minder vir ander funksies as die hoof funksie gebruik word, en dat ander opsies al hoe minder vir daardie funksie gebruik word. Voorbeelde van spesialiserende voornaamwoorde is die derde persoon voornaamwoord *dit*, die verkorte vorme *jul* en *hul*, en die onbepaalde voornaamwoorde *almal*, *alles* en *elkeen*.

'n Volgende tipe verandering is eintlik 'n kombinasie van verskillende prosesse en kragte, genaamd grammatikalisering. Daar is 'n hele aantal verskynsels wat tekens toon van grammatikalisering, byvoorbeeld: *gaan* in toekomsverwysing, *dis* teenoor *dit is*, *mens* eerder as 'n *mens* as generiese voornaamwoord, onbepaalde voornaamwoorde wat met *enig-*versmelt, soos *enigiets*, *enigiemand* en *enigeen*, die genitiefpartikel *se*.

Die laaste tipe verandering is ekstern-gemotiveerde taalverandering. Anders as wat die algemene literatuur beweer, is daar in al die kategorieë wat in hierdie studie bestudeer is slegs een geval van Engelse invloed gevind: in die toenemende gebruik van *-self* saam met wederkerende voornaamwoorde. Andersins is daar wel buitetalige faktore wat tot taalverandering bydra – standaardisering veroorsaak grootskaalse variasiereduksie tussen die eerste en tweede periode, en die invloed van feminisme word gesien in die afname in taalseksisme in die laaste twee periodes, wat veral generiese voornaamwoorde raak.

Die gevolgtrekking is uiteindelik dat interne verandering en taalbeïnvloeding nie verskillend verloop nie – 'n innovasie kan uit 'n ander taal verkry word (overtre oordrag), of 'n taalinterne innovasie kan deur twee- of meertaligheid bevorder word (kovertre oordrag), maar dieselfde beginsels, prosesse en kragte van verandering geld, ongeag hoeveel verskillende tale betrokke is.

ABSTRACT

Keywords: cognitive linguistics, corpus, diachronic corpus linguistics, grammatical change, written Standard Afrikaans, temporal reference, pronouns, genitive

In the past few decades, the investigation of grammatical change using electronic corpora has made headway internationally. Although linguists previously believed that grammatical changes progress too slowly to observe, this method enables linguists to investigate even recent, or ongoing, changes. However, no comprehensive study of recent and ongoing grammatical changes in Afrikaans has appeared yet. Also, when comments about ongoing changes are made, it is usually based on anecdotal evidence, with a focus on English influence. In this study, the method of short-term diachronic comparable corpus linguistics is used to investigate grammatical changes in written Standard Afrikaans from 1911 to 2010. Four corpora were collected to this end, representing language use from 1911-1920, 1941-1950, 1971-1980 and 2001-2010. Additionally, quantitative grammaticography is used to take into account possible effects of prescriptive sources.

Two research questions are addressed in this study: the first inquires into the nature and extent of grammatical changes in selected grammatical categories in written Standard Afrikaans from 1911 to 2010; the second wants to clarify the differences and similarities between internal and external language change, and in the light thereof establish to which extent external change, and specifically English influence, is relevant for grammatical changes in Standard Afrikaans during the past century.

The theoretical framework within which language use and change is investigated in this study is cognitive linguistics, specifically emergent grammar and the exemplar model. Changes that become apparent from the data are described and explained in terms of processes of change and forces of change, and linked to the principles of cognitive linguistics.

Three broad grammatical categories are investigated: temporal reference, pronouns and the genitive. Even though there is an extent of stability in each of the categories, there are also several bigger and smaller changes that give an overview of the nature of grammatical change in written Standard Afrikaans in the past century. These changes can be divided into different categories.

The first type of change has to do with formalisation and colloquialisation – in broad strokes, there are signs of formalisation between the first two periods, during which the standard variety was being established, causing some features associated with formality to increase (e.g. passive constructions). However, at the end of the century there are signs of

colloquialisation between the last two periods, where some formal features decrease (e.g. the formal second person pronoun *u* "you"), and some informal features increase (e.g. *nou* "now" as discourse marker).

The second type of change is analogy, causing greater regularity and/or uniformity in a paradigm. For instance, obsolescent preterite forms (*had* "had", *wis* "knew") were replaced by regular forms (*het/het gehad*, *het geweet*). The last of the Dutch genitive was also replaced by the Afrikaans genitive with *se* "'s" and *van* "of".

The third type of change is driven by speakers' desire to be expressive. Some of the pronouns specialise increasingly, meaning that they are used less and less for functions other than their main function, and other options are used less and less for that function. Examples of this is the third person pronoun *dit* "it", the shortened forms *jul* "you/your" and *hul* "they/their", and the indefinite pronouns *almal* "everybody", *alles* "everything" and *elkeen* "each one".

A next type of change is actually a combination of different processes and forces: grammaticalisation. There are several instances of grammaticalisation: the use of *gaan* "go" for future reference, the use of *dis* "it's" rather than *dit is* "it is", the use of *mens* "human" rather than *'n mens* "a human" as generic pronoun, the use of indefinite pronouns with *enig-* "any" like *enigiets* "anything", *enigiemand* "anybody", *enigeen* "anyone", and the use of the genitive particle *se* "'s".

The last type of change is externally motivated change. Contrary to the view the Afrikaans literature in general promotes, there is only one instance of confirmed English influence in the data of this study: the increasing use of *-self* with reflexive pronouns, rather than the bare object form. However, there are instances of extra-linguistic influence, like standardisation that caused large scale variation reduction between the first and the second period, and the influence of feminism that can be seen in decreasing linguistic sexism, particularly with regard to generic pronouns.

The conclusion in the end is that the process of internally motivated change and contact-induced change is not different – an innovation can originate from another language (overt transfer), or an internal innovation can be promoted through bi- or multilingualism (covert transfer); however, the same principles, processes and forces of change are at play, irrespective of how many languages are involved.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	i
OPSOMMING	iv
ABSTRACT	vi
LYS VAN TABELLE	xii
LYS VAN FIGURE	xvii
HOOFSTUK 1: INLEIDING.....	1
1.1 KONTEKSTUALISERING.....	1
1.2 TAALVERANDERING	4
1.3 ASPEKTE VAN AFRIKAANSE TAALVERANDERING.....	7
1.3.1 TYDSAANDUIDING	7
1.3.2 VOORNAAMWOORDE.....	9
1.3.3 GENITIEF	10
1.4 NAVORSINGSVRAE EN DOELSTELLINGS	11
1.5 METODOLOGIE.....	11
1.6 HOOFSTUKINDELING.....	12
HOOFSTUK 2: DIE TEORIE VAN TAALVERANDERING.....	13
2.1 INLEIDING	13
2.2 LINGUISTIES-TEORETIESE PERSPEKTIEF	13
2.2.1 'N TEORIE VAN TAAL EN TAALKUNDE	13
2.2.2 DIACHRONIESE TAALKUNDE IN KORT	18
2.3 TAALVERANDERING	19
2.3.1 INLEIDING.....	19
2.3.2 TAALVERANDERING AS EVOLUSIE VAN TAAL.....	21
2.3.3 PROSESSE VAN TAALVERANDERING	27
2.3.4 VERKLARING VAN TAALVERANDERING.....	37
2.4 SAMEVATTING.....	52

HOOFSTUK 3: METODOLOGIE	53
3.1 INLEIDING	53
3.2 TEORETIESE KONTEKSTUALISERING	53
3.3 KORPUSLINGUISTIEK	54
3.3.1 WAT IS KORPUSLINGUISTIEK?.....	54
3.3.2 VOORDELE VAN KORPUSLINGUISTIEK	56
3.3.3 DIACHRONIESE KORPUSLINGUISTIEK	58
3.3.4 KORTTERMYN DIACHRONIESE VERGELYKENDE KORPUSLINGUISTIEK ...	60
3.3.5 KWANTITATIEWE GRAMMATIKOGRAFIE	62
3.4 EMPIRIESE ONTWERP	65
3.4.1 KORPUSSE VAN HIERDIE STUDIE.....	65
3.4.2 ANALISEMETODES EN -HULPMIDDELS	68
3.5 SAMEVATTING.....	72
HOOFSTUK 4: TYDSAANDUIDING.....	73
4.1 INLEIDING	73
4.2 TYD IN TAALGEBRUIK.....	73
4.2.1 INLEIDING	73
4.2.2 TEMPUS.....	75
4.2.3 ASPEK.....	78
4.2.4 DIE EVOLUSIE VAN TYDSAANDUIDING	80
4.3 TYD IN AFRIKAANS.....	82
4.4 DIE PRETERITUM	84
4.4.1 SELDSAME PRETERITUMVORME.....	86
4.4.2 MODALE HULPWERKWOORDE	91
4.4.3 DIE WERKWOORD WEES.....	104
4.4.4 SAMEVATTING: PRETERITUM	107
4.5 HULPWERKWOORDE VAN TYD.....	109
4.5.1 TOEKOMENDE TYD	109
4.5.2 VERLEDE TYD	117

4.6 ADVERBIALE TYDSAANDUIDING	129
4.6.1 TOE	130
4.6.2 NOU.....	134
4.6.3 DAN	137
4.6.4 MEER SPESIFIEKE TEMPORELE ADVERBIA	139
4.6.5 SAMEVATTING: ADVERBIALE TYDSAANDUIDING.....	140
4.7 SAMEVATTING: TYDSAANDUIDING IN AFRIKAANSE TAALGEBRUIK	141
HOOFSTUK 5: VOORNAAMWOORDE	143
5.1 INLEIDING	143
5.2 DIE TEORIE VAN VOORNAAMWOORDE	143
5.3 AFRIKAANSE VOORNAAMWOORDE	150
5.4 PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE	152
5.4.1 EERSTE PERSOON.....	153
5.4.2 TWEEDE PERSOON.....	161
5.4.3 DERDE PERSOON.....	174
5.4.4 GENERIESE VOORNAAMWOORDE	189
5.4.5 WEDERKERIGE EN WEDERKERENDE VOORNAAMWOORDE	201
5.4.6 SAMEVATTING: PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE	206
5.5 AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE	208
5.6 BETREKLIKE EN VRAENDE VOORNAAMWOORDE.....	218
5.7 ONBEPAALEDE VOORNAAMWOORDE	222
5.8 SAMEVATTING: AFRIKAANSE VOORNAAMWOORDE.....	236
HOOFSTUK 6: DIE GENITIEF	239
6.1 INLEIDING	239
6.2 TEORETIESE BESKOUING VAN DIE GENITIEF	239
6.3 DIE GENITIEF IN NEDERLANDS EN DIE GERMAANSE TAALFAMILIE.....	242
6.4 DIE GENITIEF IN AFRIKAANSE TAALGEBRUIK	244
6.4.1 RESTE VAN DIE NEDERLANDSE GENITIEF	247
6.4.2 DIE AFRIKAANSE GENITIEF: VAN EN SE	249

6.4.3 BESITLIKE VOORNAAMWOORDE EN VOORNAAMWOORDELIKE BESITSKONSTRUKSIES	262
6.5 SAMEVATTING: DIE GENITIEF.....	270
HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING	272
7.1 INLEIDING	272
7.2 VERSKILLENDE Tipes TAALVERANDERING.....	272
7.2.1 VER(IN)FORMALISERING	272
7.2.2 ANALOGIEVORMING.....	275
7.2.3 EKSPRESSIWITEIT-GEMOTIVEERDE VERANDERING	276
7.2.4 GRAMMATIKALISERING	277
7.2.5 ENGELSE BEÏNVLOEDING	279
7.3 DIE VRAAG OOR INTERNE EN EKSTERNE TAALVERANDERING	279
7.3.1 WAT IS INTERNE EN EKSTERNE TAALVERANDERING?.....	279
7.3.2 INVLOEDE VAN ANDER TALE	281
7.3.3 STANDAARDISERING, PRESKRIPTIVISME EN SOSIO-KULTURELE OMSTANDIGHEDe	282
7.4 DIE VRAAG OOR INNOVASIE VS. SELEKSIE	283
7.5 TEORETIESE IMPLIKASIES.....	285
7.6 VOORUITSKOUING.....	288
7.7 SLOT	289
BRONNELYS	290

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1: Bronne vir die kwantitatiewe grammatikografie	63
Tabel 4.1: Restante preteritumvorme in Afrikaans	84
Tabel 4.2: Gebruiksgetalle van die preteritumvorm <i>had</i>	86
Tabel 4.3: Gebruiksgetalle van <i>mog</i> en <i>mag</i> en verwante vorme	87
Tabel 4.4: Gebruiksgetalle van <i>mag</i> in verskillende tydsverwysings	88
Tabel 4.5: Gebruiksgetalle van <i>weet</i> , <i>wis</i> en <i>geweet</i>	88
Tabel 4.6: Gebruiksgetalle van <i>dink</i> en verwante vorme	89
Tabel 4.7: Temporele en modale gebruiksgetalle van <i>sou</i>	95
Tabel 4.8: Gebruiksgetalle van modale <i>sou</i> in die verlede en teenwoordige tyd	96
Tabel 4.9: Gebruiksgetalle van <i>sou</i> in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde ...	97
Tabel 4.10: Gebruiksgetalle van <i>sou</i> met en sonder <i>het</i>	98
Tabel 4.11: Gebruiksgetalle van <i>wou</i> met en sonder <i>het</i>	99
Tabel 4.12: Gebruiksgetalle van <i>kon</i> met en sonder <i>het</i>	101
Tabel 4.13: Gebruiksgetalle van <i>moes</i> met en sonder <i>het</i>	101
Tabel 4.14: Gebruiksgetalle van die verskillende werkwoordelike gebruike van <i>was</i>	106
Tabel 4.15: Gebruiksgetalle van <i>gewees</i> met hulpwerkwoorde.....	106
Tabel 4.16: Gebruiksgetalle van die verskillende vorme van <i>WEES</i>	107
Tabel 4.17: Preteritumgebruik teenoor presensgebruik	108
Tabel 4.18: Kriteria vir onderskeid agent-geöriënteerde en epistemiese gebruike van <i>sal</i>	111
Tabel 4.19: Gebruiksgetalle van agent-geöriënteerde en epistemiese gebruike van <i>sal</i> ...	111
Tabel 4.20: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>gaan</i>	113
Tabel 4.21: Gebruiksgetalle van <i>gaan</i> en <i>sal</i> in epistemiese toekomsverwysing	114
Tabel 4.22: Gebruiksgetalle van <i>sal</i> en <i>gaan</i> in epistemiese toekomsverwysing met die sinsonderwerp ek	116
Tabel 4.23: Gebruiksgetalle van <i>sal</i> en <i>gaan</i> in vraagsinne met epistemiese toekomsverwysing	116
Tabel 4.24: Gebruiksgetalle van verskillende gebruike en vorme van <i>het</i> en <i>hebben</i> in 1911-1920	119
Tabel 4.25: Hulpwerkwoordelike en hoofwerkwoordelike gebruiksgetalle van <i>het</i>	119
Tabel 4.26: Hulpwerkwoord-gebruiksgetalle van <i>het</i> , <i>word</i> , <i>is</i> en <i>was</i>	119
Tabel 4.27: Gebruiksgetalle van werkwoordelike gebruike van die gereduseerde vorm 't	121
Tabel 4.28: Gebruiksgetalle van onderskeie passiefkonstruksies	124
Tabel 4.29: Verskillende funksies van <i>was</i> en <i>is</i> in die passief, proporsioneel	126

Tabel 4.30: Gebruiksgetalle van die leksikale items <i>nou</i> , <i>toe</i> en <i>dan</i>	130
Tabel 4.31: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>toe</i>	131
Tabel 4.32: Gebruiksgetalle van die verskillende temporele gebruike van <i>toe</i>	132
Tabel 4.33: Gebruiksgetalle van die verskillende woordsoortelike gebruike van temporele <i>toe</i>	133
Tabel 4.34: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>nou</i>	134
Tabel 4.35: Gebruiksgetalle van verskillende temporele gebruike van <i>nou</i>	136
Tabel 4.36: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>dan</i>	137
Tabel 4.37: Gebruiksgetalle van die verskillende temporele gebruike van <i>dan</i>	139
Tabel 4.38: Gebruiksgetalle van addisionele temporele adverbiala	140
Tabel 5.1: Poneel se indeling van die voornaamwoordsisteem van Afrikaans	152
Tabel 5.2: Gebruiksgetalle van die vorme <i>ik</i> en <i>ek</i> in die eerste periode	154
Tabel 5.3: Gebruiksgetalle van die enkelvoud eerste persoon onderwerpsvorm	154
Tabel 5.4: Gebruik van <i>ek</i> volgens tekstipes (gebruike per 10 000 woorde)	155
Tabel 5.5: Gebruiksgetalle van die verskillende vorme van <i>my</i> in 1911-1920	157
Tabel 5.6: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van die vorm <i>my</i>	157
Tabel 5.7: Gebruiksgetalle van die verskillende vorme van die eerste persoon meervoud in 1911-1920	158
Tabel 5.8: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>ons</i> en verwante vorme	159
Tabel 5.9: Gebruiksgetalle van die inklusiewe en eksklusiewe gebruike van <i>ons</i>	159
Tabel 5.10: Gebruiksgetalle van <i>ons</i> met nabepalings	160
Tabel 5.11: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>jy</i>	162
Tabel 5.12: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>jou</i>	164
Tabel 5.13: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van onderskeidelik <i>julle</i> en <i>jul</i>	165
Tabel 5.14: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>julle/jul</i>	166
Tabel 5.15: Gebruiksgetalle van die verskillende beleefde vorme en hulle funksies in 1911-1920	167
Tabel 5.16: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>u</i> en verwante vorme	168
Tabel 5.17: Frekwensie van <i>u</i> en verwante vorme per 10 000 woorde in die tekstipes	168
Tabel 5.18: Verspreiding van <i>u</i> in tekste 1911-1920	169
Tabel 5.19: Verspreiding van <i>u</i> in tekste 1941-1950	170
Tabel 5.20: Verspreiding van <i>u</i> in tekste 1971-1980	171
Tabel 5.21: Verspreiding van <i>u</i> in tekste 2001-2010	171
Tabel 5.22: Gebruiksgetalle van die tweede persoon enkelvoud	173
Tabel 5.23: Gebruiksgetalle van die tweede persoon meervoud	173
Tabel 5.24: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>hy</i> en <i>hom</i>	176
Tabel 5.25: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>sy</i>	178

Tabel 5.26: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>haar</i>	179
Tabel 5.27: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>dit</i> en <i>dis</i>	182
Tabel 5.28: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>hulle</i>	184
Tabel 5.29: Gebruiksgetalle van derdepersoonsverwysing na spesifieke menslike referente	185
Tabel 5.30: Gebruiksgetalle van derdepersoonsverwysing na nie-menslike referente	186
Tabel 5.31: Derdepersoonsverwysing na nie-menslike referente, enkelvoud en meervoud	186
Tabel 5.32: Derdepersoonsverwysing na sielhebbende en siellose referente	187
Tabel 5.33: Geëkstrapoleerde gebruiksgetalle van verskillende siellose verwysings deur <i>hy/hom, dit</i> en <i>hulle</i>	189
Tabel 5.34: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>mens</i>	191
Tabel 5.35: Gebruiksgetalle van die voornaamwoordelike gebruik van <i>mens</i> en ' <i>n mens</i>	192
Tabel 5.36: Gebruiksgetalle van die generiese gebruike van <i>jy, jou</i> en <i>u</i>	194
Tabel 5.37: Gebruiksgetalle van die generiese gebruike van <i>hulle</i> en <i>hul</i>	195
Tabel 5.38: Gebruiksgetalle van die generiese gebruike van manlike en vroulike voornaamwoorde	197
Tabel 5.39: Hoeveelheid tekste waarin <i>hy/hom</i> en <i>sy/haar</i> generies gebruik word	198
Tabel 5.40: Gebruiksgetalle van kombinasievorme as generiese voornaamwoorde	199
Tabel 5.41: Gebruiksgetalle van die verskillende generiese voornaamwoorde	199
Tabel 5.42: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>mekaar</i>	202
Tabel 5.43: Gebruiksgetalle van wederkerende voornaamwoorde oorsigtelik	203
Tabel 5.44: Gebruiksgetalle van nie-voornaamwoordelike gebruike van <i>(-)self</i>	206
Tabel 5.45: Gebruiksgetalle van die verskillende aanwysende voornaamwoorde 1911- 1920	210
Tabel 5.46: Berekening van die gebruiksgetalle van aanwysende gebruike van <i>dié/die</i> ...	211
Tabel 5.47: Proporsionele verdeling van verskillende gebruike van <i>dié</i>	212
Tabel 5.48: Gebruiksgetalle van nie-voornaamwoordelike gebruike van <i>hier(-)</i>	213
Tabel 5.49: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>hierdie</i>	213
Tabel 5.50: Gebruiksgetalle van nie-voornaamwoordelike gebruike van <i>daar(-)</i>	215
Tabel 5.51: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>daardie</i>	216
Tabel 5.52: Gebruiksgetalle van die aanwysende voornaamwoorde	217
Tabel 5.53: Gebruiksgetalle van verskillende gebruike van <i>wat, waar(-), dat</i> en <i>die</i>	221
Tabel 5.54: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>wie</i>	222
Tabel 5.55: Gebruiksgetalle van <i>iemand</i> in verskillende sintaktiese rolle	223
Tabel 5.56: Gebruiksgetalle van <i>niemand</i> in verskillende sintaktiese rolle	224
Tabel 5.57: Gebruiksgetalle van <i>iemand</i> met voor- en nabepalings	225

Tabel 5.58: Gebruiksgetalle van <i>niemand</i> met voor- en nabepalings	225
Tabel 5.59: Gebruiksgetalle van <i>iets</i> in verskillende sintaktiese rolle	226
Tabel 5.60: Gebruiksgetalle van <i>niks</i> in verskillende sintaktiese rolle	227
Tabel 5.61: Gebruiksgetalle van <i>iets</i> met verskillende bepalinge	228
Tabel 5.62: Gebruiksgetalle van <i>niks</i> met verskillende bepalinge	229
Tabel 5.63: Gebruiksgetalle van versmeltings met <i>enig</i> -	230
Tabel 5.64: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>almal</i>	232
Tabel 5.65: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>alles</i>	233
Tabel 5.66: Gebruiksgetalle van <i>elkeen</i> en <i>iedereen</i>	233
Tabel 5.67: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van <i>elkeen</i> en <i>iedereen</i>	234
Tabel 5.68: Gebruiksgetalle van <i>almal</i> met verskillende bepalinge	235
Tabel 5.69: Gebruiksgetalle van <i>alles</i> met verskillende bepalinge	235
Tabel 6.1: Gebruiksgetalle van reste van die Nederlandse genitief	248
Tabel 6.2: Gebruiksgetalle van die verskillende besitsvorme in 1911-1920	249
Tabel 6.3: Berekening van die genitiefsgebruiksgetalle van <i>van</i>	250
Tabel 6.4: Totale genitiefsgebruike van <i>se</i> en <i>van</i>	250
Tabel 6.5: Beraamde gebruiksgetalle van genitiefsrelasies van <i>se</i> en <i>van</i> vergelykend ...	254
Tabel 6.6: Beraamde totale gebruiksgetalle van <i>se</i> en <i>van</i> in gedeelde relasies	254
Tabel 6.7: Beraamde totale gebruiksgetalle van <i>se</i> en <i>van</i> in kompetisie	255
Tabel 6.8: Proporsionele verdeling van kompeterende <i>se</i> en <i>van</i> i.t.v. sielhebbendheid van 'besitter'	256
Tabel 6.9: Geëkstrapoleerde totale gebruiksgetalle van kompeterende <i>se</i> en <i>van</i> in terme van sielhebbendheid van 'besitter'	256
Tabel 6.10: Proporsionele verdeling van gebruike van <i>se</i> en <i>van</i> in terme van die gewig van die naamwoordstukke	259
Tabel 6.11: Beraamde totale kompeterende <i>se</i> - en <i>van</i> -gebruike met swaar 'besitters' en 'besittings'	260
Tabel 6.12: Proporsionele verdeling van gebruike van kompeterende <i>se</i> en <i>van</i> in verskillende sinsrolle	261
Tabel 6.13: Gebruiksgetalle van attributiewe en predikatiewe besitlikevoornaamwoord- vorme	263
Tabel 6.14: Gebruiksgetalle van <i>s'n</i> met verskillende voorbepalinge	264
Tabel 6.15: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>my</i>	264
Tabel 6.16: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>ons</i>	265
Tabel 6.17: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>jou</i>	265
Tabel 6.18: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>julle</i> en <i>jul</i>	266
Tabel 6.19: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>u</i>	266

Tabel 6.20: Gebruiksgetalle van verskillende attributiewe vorme van <i>sij</i> in 1911-1920	267
Tabel 6.21: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>sy</i>	267
Tabel 6.22: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>haar</i>	268
Tabel 6.23: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van <i>hulle</i>	268

LYS VAN FIGURE

Figuur 4.1: <i>Sou</i> in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde	97
Figuur 4.2: Gebruiksgetalle van die ongemerkte en preteritale modale hulpwerkwoorde...	103
Figuur 4.3: Formaliteit van <i>gaan</i> en <i>sal</i> in epistemiese toekomsverwysing in frekwensie per 10 000 woorde	115
Figuur 5.1: Frekwensie van <i>jy</i> per 10 000 woorde in terme van formaliteit	162
Figuur 5.2: Frekwensie van <i>jy</i> per 10 000 woorde in gepubliseerde en ongepubliseerde tekste	163
Figuur 5.3: Frekwensie van <i>u</i> per 10 000 woorde in terme van formaliteit	172
Figuur 5.4: Die toename van <i>mens</i> (sonder ' <i>n</i> ') in gepubliseerde en ongepubliseerde tekste as gebruike per 100 000 woorde	193
Figuur 6.1: Beraamde totale aantal kompeterende <i>van</i> - en <i>se</i> -gebruike, met sielhebbende en siellose 'besitters'	257
Figuur 6.2: Frekwensie per 10 000 woorde van <i>van</i> in terme van formaliteit	257
Figuur 6.3: Frekwensie per 10 000 woorde van <i>se</i> in terme van formaliteit	258

HOOFSTUK 1: INLEIDING

"All grammars leak." (Sapir, 1921:160)

1.1 KONTEKSTUALISERING

Taalverandering is 'n algemene verskynsel wat reeds deur vroeë taalkundiges erken is. Ten spyte daarvan dat De Saussure (1966[1916]:54) meen dat diachroniese bestudering van taalverandering minder belangrik is vir die taalkunde, plaas ander taalkundiges die belang van taalverandering meer sentraal. Bloomfield (1914:21; 1956[1933]:281) verwys na die nimmereindigende oftewel "unceasing process" van taalverandering ten spyte van die oënskynlike stabiele aard van taal. Sapir (1921:39) sê dat "[a]ll grammars leak" en dat "[l]anguage ... has a drift" (Sapir, 1921:160). Daarmee saam gaan ook 'n sterk aanname dat taalverandering besonder stadig plaasvind (Bloomfield, 1914:21; Sapir, 1921:128), en dat die taalgebruiker self dit nie kan waarneem nie (Bloomfield, 1914:198). In verband hiermee sê Bloomfield (1956[1933]:347) pertinent:

The process of linguistic change has never been directly observed; we shall see that such observation, with our present facilities, is inconceivable.

Bloomfield het hierdie stelling egter tagtig jaar gelede gemaak, en intussen het "our present facilities" heelwat verander. Mair (2006:15) beweer: "All things considered, we are much better placed now than a century ago for the study of ongoing language change." Waarna Mair hier verwys, is die gebruik van korpuslinguistiese metodes om die verloop van voortdurende taalverandering na te speur.

Ondanks die onlangse ontwikkeling in hulpmiddels om taalverandering mee te bestudeer, word die meeste kommentaar oor onlangse en voortdurende taalverandering steeds gebaseer op anekdotiese waarnemings van enkele veranderende verskynsels (Mair, 2006:15). Hierdie kommentaar word dikwels vanuit 'n preskriptivistiese invalshoek gelewer (Leech *et al.*, 2009:18) en word soms oor en oor herhaal, "gaining a life of their own and solidifying into a body of folk-linguistic knowledge whose truth is taken for granted and no longer challenged even in scholarly publications" (Mair, 2006:18). 'n Verdere belangrike tekortkoming van die anekdotiese waarneming van taalverandering is dat dié wat kommentaar lewer daaroor, geneig is om op die 'sigbare' punt van die ysberg van 'n verandering te fokus, sonder inagneming van die dieperliggende verandering of verskuiwing waarbinne hierdie oppervlakverandering ingebed is (Mair, 2006:85).

Dit is juis ter wille van akkuraatheid en betroubaarheid dat Mair (2006:34) en Leech *et al.* (2009:19) voorstel dat korpuslinguistiese metodes gebruik word om huidige aannames oor voortdurende taalverandering reg te stel. Leech *et al.* (2009:18) wys uit dat heelwat van die huidige hipoteses en aannames oor voortdurende taalverandering tog 'n goeie beginpunt kan maak vir verdere ondersoeke, aangesien hierdie hipoteses en aannames dikwels nie heeltemal ongegrond is nie – al word dit soms oordryf en uit verband uit geruk. Die voordeel van die gebruik van korpusse is dat beide die veranderende verskynsels en die stabiele voortgang van taalgebruik waargeneem en gedokumenteer kan word (Leech *et al.*, 2009:19). Mair (2006:3) sê in hierdie verband:

Corpora make it possible to describe the spread of individual innovations against the background of the always far greater and more comprehensive continuity in usage, and corpus-based studies of linguistic change in progress are therefore likely to correct more alarmist perceptions based on the unsystematic collection of examples or impressionistic observation, which are inevitably biased towards the strange, bizarre, and unusual.

Korpuslinguistiese metodes kan aangewend word nie net om oppervlak-veranderinge (fonologies en leksikaal) te dokumenteer nie, maar ook om meer diepgaande grammatikale verandering te ondersoek. Grammatikale verandering verskil van leksikale en fonologiese verandering op ten minste twee wyses: eerstens verloop dit teen 'n heelwat stadiger pas en neem dikwels etlike honderde jare om tot voltooiing te ontwikkel; tweedens geskied dit onder die oppervlak van die taalgebruiker se bewussyn (Mair, 2006:82). Leech *et al.* (2009:19) wys ook daarop dat grammatikale verandering teen verskillende tempo's geskied in verskillende variëteite en tekstipes. Om hierdie moeilik waarneembare en komplekse grammatikale verandering te kan bestudeer, het die taalkundige 'n meer soliede basis nodig as dit wat uit subjektiewe en nie-sistematiese waarnemings verkry kan word (Leech *et al.*, 2009:8) – die korpuslinguistiek bied 'n gepaste alternatief. Met behulp van korpuslinguistiese metodes kan verandering in die gebruiksfrekwensie van konstruksies asook ander kwantitatiewe patrone in taalgebruik ondersoek word.

Mair (2006) gebruik korpusse en vergelykende korpuslinguistiese metodes om twintigste-eeuse taalverandering in geskrewe Engels te ondersoek en beskryf, en Leech, Hundt, Mair en Smith publiseer in 2009 'n soortgelyke, meer omvattende studie. Mair (2006:83) wys daarop dat terwyl enige een verandering se volledige verloop onwaarskynlik binne 'n enkele eeu sal plaasvind, daar steeds beduidende grammatikale verandering deur die loop van 'n eeu waargeneem kan word. Terwyl Mair hier na Engels spesifiek verwys, is daar geen rede waarom dieselfde nie vir Afrikaans sal geld nie.

Die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans is al vanuit verskillende perspektiewe bestudeer. Aan die een kant is daar die filologiese skool, ingelei deur Scholtz (byvoorbeeld

Scholtz, 1950; 1963; 1980) en voortgesit deur onder andere Raidt (1989; 1991) en Conradie (1986). Hierdie navorsers fokus veral op die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Afrikaans en baseer hulle navorsing op argivale bronne en versamelings geskrewe dokumente uit die sewentiende tot negentiende eeu. 'n Belangrike standpunt van die filologiese skool is dat moderne Afrikaans in wese reeds teen die einde van die agtiende eeu in die spreektaal bestaan het (sien byvoorbeeld Raidt, 1991:171), en dat taalgebruikers in geskrewe taalgebruik besonder ver afgewyk het van die spreektaal in 'n poging om aanvaarbare Nederlands te skryf (Raidt, 1991:135). 'n Ander perspektief op die ontwikkeling van Afrikaans kom van die buiteland, onder andere in Den Besten (2012f; 2009), Roberge (1994; 2002) en Deumert (2002; 2004). Hierdie navorsers bevraagteken die tendens van die filologiese skool om die geskrewe taalgebruik as skribale artefak te interpreteer (Deumert, 2004:19) – op grond daarvan word variasie in die skryftaal as 'n meer direkte weerspieëling van die spreektaal geïnterpreteer, en word groter erns gemaak met latere taalvariasie.

Daar is egter nog geen omvangryke oorsigtelike studie van grammatikale verandering in twintigste-eeuse Afrikaanse taalgebruik gedoen nie. Die verhandeling van Stoops (1972) ondersoek taalgebruik in 'n kleiner, meer beperkte korpus oor 'n korter tyd: 50 jaar se taalgebruik in *Die Huisgenoot*, met data uit in tien-jaar-intervalle van 1920 tot 1970. Daar is ondersoek ingestel na spesifieke veranderings wat gedurende 'n tydperk in die twintigste eeu plaasgevind het – byvoorbeeld, Conradie (1992) kyk na tempus in Afrikaanse Bybelvertalings, en later na tempus in Afrikaanse narratiewe (Conradie, 1998), Deumert (2004) ondersoek verandering in briewe wat aan die Kaap geskryf is vanaf die laat negentiende tot vroeg twintigste eeu, Kirsten (2013) bestudeer die standaardisering van werkwoorde in die vroeg twintigste eeu, en Uys (1983) fokus op die vernederlandsing van Afrikaans veral tydens standaardisering. Die M.A.-verhandeling van Roux (2001), *'n Kritiese bespreking van taalverandering met verwysing na Afrikaans en sy variëteite*, bespreek algemene taalveranderingsprosesse en hoe dit van toepassing kan wees op Afrikaans, maar gaan nie spesifieke gevalle van grammatikale verandering na nie. Daar is ook 'n aantal studies gedoen oor spesifieke aspekte van leksikale verandering: byvoorbeeld Coetzee (1990) ondersoek r-weglating as 'n tipe leksikale verandering, Swart (1995) bestudeer verandering in Afrikaanse woordeskat in die nuusmedia, Van der Merwe (2003) ondersoek betekenisverandering in die leksikon, en Van Helden en Coetzee (2006) fokus op leksikale betekenisveranderings in die 1936- en 2001-psalmomdigtings. Verder is daar 'n aantal sosiolinguistiese studies beskikbaar oor onlangse en hedendaagse taalvariasie, soos die hoofstukke oor Afrikaans en Afrikaanse dialekte in *Language and Social History* (1995), die bundel *Taallandskap* (2001), en vele ander artikels oor Afrikaanse taalvariasie op verskillende grammatikale vlakke.

Dit blyk dus dat al die beskikbare studies oor onlangse Afrikaanse taalverandering óf fokus op slegs 'n enkele aspek van verandering, en/of fokus op slegs 'n spesifieke tekstipe of enkele tekste, en/of verandering oor slegs 'n beperkte tydperk of met een of twee intervalle beskryf. Hierdie studie wil 'n meer oorsigtelike beskrywing gee van grammatikale verandering in geskrewe Standaardafrikaans die afgelope eeu – daar word verskeie aspekte van verandering in drie grammatikale kategorieë ondersoek met verloop van 'n eeu, deur middel van korpusse wat uit verskeie tekstipes saamgestel is, met vier tydsintervalle wat eweredig versprei is. Die doel hiervan is om gapings in die literatuur te vul wat fokus op spesifieke korter tydperke, vroeër tydperke, ander aspekte van taalverandering en spesifieke tekstipes. Dit het verder ten doel om as agtergrond te dien waarteen verdere beskrywing van voortdurende taalverandering gekontekstualiseer kan word, en om die rol van taalkontak in veranderinge in Afrikaans vas te stel, en veranderinge in Afrikaans in verband te bring met ander Wes-Germaanse tale wanneer dit verdere sinvolle perspektief daarop kan gee.

1.2 TAALVERANDERING

In die beskrywing van taalverandering is dit nodig om duidelik te omskryf wat taal binne 'n historiese konteks is en hoe taalverandering meegebring word. Daar is verskeie maniere om taal, ook spesifiek binne 'n historiese konteks, te beskryf en definieer. Lass (1997) en Croft (2000) sien beide ooreenkomste tussen biologiese evolusie en taalverandering, en beskryf 'n paradigma waarin taalverandering volgens dieselfde basiese konsepte as biologiese evolusie beskryf kan word.

Verder wys beide Croft (2000:5) en Lass (1997:112) op die twee fases van taalverandering: eerstens word 'n nuwe vorm geïnnoveer (daar word 'n verskeidenheid meganismes vir innovasie bespreek), en daarna word dit versprei of geselekteer deur die spraakgemeenskap (daar word ook verskeie meganismes vir seleksie bespreek). Croft (2000) beklemtoon egter hierdie tweedeling heelwat meer konsekwent en deurlopend, en dit vorm 'n belangrike komponent van sy uitbreiding en toepassing van die teorie, terwyl die indeling vir Lass (1997) slegs 'n formaliteit blyk te wees.

Daar is vroeër gewys op Croft (2000:6) se onderskeid tussen interne en eksterne taalverandering. Vir Afrikaans is dit 'n besonder problematiese onderskeid. Afrikaans, as 'n kreool, het juis ontstaan in 'n taalkontaksituasie, en is sedertdien voortdurend in kontak met 'n verskeidenheid van tale, vername Engels. Donaldson (1988, 1995) voer aan dat Engels 'n besonder belangrike en omvangryke invloed op Afrikaans gehad het en steeds het as gevolg van die voortdurende kontaksituasie. Terwyl Donaldson (1988:10) bedoel om te onderskei tussen blote taalversteuring en werklike taalverandering, fokus hy in sy studies

slegs op anglismes en die invloed van Engels op die Afrikaanse idioom¹. Hy wys verder op die interessante moontlikhede vir die bestudering van taalverandering wat die taalkontaksituasie van Afrikaans in Suid-Afrika meebring (Donaldson, 1988:138; 1995:226).

Donaldson is nie die enigste taalkundige wat argumenteer vir Engelse invloed op Afrikaans nie. Vanuit 'n normatiewe perspektief noem Carstens (2011) gereeld die rol van Engelse invloed in sogenaamde taalfoute – byvoorbeeld heelwat sogenaamd foutiewe voornaamwoordgebruike word spesifiek aan Engels toegeskryf (Carstens, 2011:70-3), asook byvoorbeeld die problematiese verledetydsvorm van die passief (Carstens, 2011:365). Dit is nie slegs 'n onlangse geneigdheid van preskriptiviste nie, aangesien Malherbe al in 1920 dieselfde problematiese verledetydsvorm van die passief aan Engelse invloed toegeskryf het (De Villiers, 1971:34). Ook vanuit 'n deskriptiewe perspektief word Engelse invloed op Afrikaanse variasie en verandering genoem, byvoorbeeld Ponelis (1979) in sy beskrywing van 'n aantal sintaktiese konstruksies, wat juis ook onder andere voornaamwoordgebruik (Ponelis, 1979:88, 90) en die passief (Ponelis, 1979:267) insluit.

Engelse beïnvloeding van Afrikaanse taalgebruik op 'n dieper grammatikale vlak is egter nie so eenvoudig om te bepaal soos wat Donaldson en ander taalkundiges aanneem nie. Poplack *et al.* (2012b:250) wys op die aanname van beide taalkundiges en leke dat taalkontak noodwendig verandering in die kleiner taal sal veroorsaak. Lass (1997:197-8) sê oor hierdie aanname en die meegaande benadering tot taalverandering:

This is certainly in principle a valid approach for extracting histories from character correspondences; but it is unreliable in itself, and requires considerable background research before it can be trusted. Cases like this are difficult because they are apparently so 'obvious', but may turn out to be garden paths.

Hy wys daarop dat oënskynlike ooreenkomste tussen tale in kontak nie *noodwendig* direkte beïnvloeding beteken nie, en dat deeglike vergelykende studies steeds gedoen behoort te word (Lass, 1997:200-1) aangesien "the mere fact of extensive contact does not merit being assigned a causal role" (Lass, 1997:202). Poplack *et al.* (2012b:253) sluit daarby aan deur nie die konsep van eksterne taalverandering te verwerp nie, maar te benadruk dat die onderwerp versigtig benader behoort te word sonder die aanname dat oënskynlike ooreenkoms noodwendig deur taalkontak meegebring is. Poplack *et al.* (2012a:204) stel verder 'n aantal kriteria wat gebruik kan word om eerstens te bepaal of *taalverandering* werklik plaasgevind het in 'n kontaksituasie, en indien wel of dit *deur taalkontak* veroorsaak is.

¹ Donaldson se algehele fokus op anglismes en oppervlakverandering wat oënskynlik moeiteeloos aan Engels toegeskryf kan word, is maar een voorbeeld van 'n algemene tendens in die Afrikaanse taalkunde, en veral die werk van preskriptiviste. Sien die proloog vir 'n meer in-diepte bespreking hiervan.

In terme van Afrikaans is dit nie so eenvoudig om die kriteria toe te pas soos wat dit in die geval van Kanadese Frans in Poplack *et al.* (2012a, 2012b) se studie is nie – daar is byvoorbeeld besonder beperkte data beskikbaar oor Afrikaans vóór kontak met Engels, en daar is nie Suid-Afrikaanse variëteite van Afrikaans beskikbaar wat nié voortdurend in kontak met Engels was en is nie, hoewel Griekwa-Afrikaans heelwat minder deur Engels beïnvloed is as party ander variëteite. Dat kontak met Engels 'n verandering sou kon versterk of bespoedig is 'n ander saak, hoewel Lass (1997:200) uitwys dat dit moeilik is om hierdie tipe invloed vas te pen of te beskryf, aangesien niemand weet hoe die verandering sou verloop het sonder die taalkontak nie. Lass (1997:209) vat dan 'n konserwatiewe benadering saam met:

Therefore, in the absence of evidence, an endogenous explanation of a phenomenon is more parsimonious, because endogenous change *must* occur in any case, whereas borrowing is never necessary. If the (informal) probability weightings of both source-types converge for a given character, then the choice goes to endogeny.

Mufwene (2003:276) voel egter sterk daaroor dat "contact has played an important part in the histories of all languages", en juis aangesien dit so 'n prominente rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, kan dit nie bloot geïgnoreer word nie. Terwyl sake rakende taalkontak en taalbeïnvloeding in die twintigste eeu dus met versigtigheid hanteer moet word, bied die deurlopende taalkontak in die geskiedenis van Afrikaans 'n interessante geleentheid – in Afrikaans kan taalverandering waargeneem word in 'n onlangs gestandaardiseerde variëteit van 'n kreoolse taal, wat sedert die ontstaan daarvan nooit sonder voortdurende kontak bestaan het nie.

Daar blyk twee punte van onduidelikheid te wees wat verdere aandag vra in hierdie studie. Die eerste is die verdeling van die taalveranderingsproses in twee duidelik afsonderlike fases, naamlik innovasie en seleksie. Terwyl byvoorbeeld Lass (1997:112) hierdie tweedeling noem, word die onderskeid nie deurgaans duidelik gehandhaaf nie, en die implikasies daarvan vir Lass (1997) se teorie is duidelik waarneembaar indien dit teenoor byvoorbeeld Croft (2000) gestel word, in wie se teorie die twee fases deurgaans 'n belangrike rol speel. Lass (1997:112) noem byvoorbeeld dat die "actuation problem" nie werklik 'n probleem is nie, en hanteer die oorsprong van 'n verandering bloot as foutiewe replikasie sonder om verdere aandag aan redes agter veranderde of sogenaamd foutiewe replikasie te skenk. Op grond hiervan is dit nodig om die volle implikasies van die tweedeling volledig na te speur, en vas te stel of en hoe dit sinvol binne die teorie van taalveranderingsprosesse inpas.

Verder is daar die kwessie van die verhouding tussen interne en eksterne faktore van taalverandering – wat die rol van taalkontak in taalverandering is, en wat die implikasies

daarvan nie net vir Afrikaans is nie, maar vir enige taal in 'n kontaksituasie. Aan die een kant wil Lass (1997:197-8) dat beïnvloeding van 'n ander taal laer prioriteit behoort te geniet as interne taalverandering in die verklaring van taalverandering, terwyl byvoorbeeld Mufwene (2003:276) die belang van taalkontak in die geskiedenis van alle tale beklemtoon. Terwyl Donaldson (1988; 1995) se studies 'n goeie voorbeeld is van die tradisie om Afrikaanse taalverandering aan kontak met Engels toe te skryf, sal dit sinvol wees om ook 'n antwoord op hierdie kwessie te poog – aan die een kant ter wille van die verklaring van verandering in Afrikaanse taalgebruik, en aan die ander kant ook om die twispunt in die literatuur te help uitklaar.

1.3 ASPEKTE VAN AFRIKAANSE TAALVERANDERING

Daar is 'n aantal grammatikale kategorieë wat pertinent vra vir verdere ondersoek in terme van historiese verloop, op grond van (a) uitsprake in normatiewe bronne (na aanleiding van die aanbeveling van Leech *et al.* (2009:18) wat hierbo bespreek is) en (b) 'n voorlopige ondersoek van vroeg-twintigste-eeuse Afrikaanse tekste. Die grammatikale kategorieë waarop gefokus word, is tydsaanduiding, voornaamwoorde en die genitief.

1.3.1 TYDSAANDUIDING

Ponelis (1979:261) beskryf *tempus* as "[s]istematiese tydsverskille soos dit deur die werkwoord uitgedruk word". Hy beskryf verder die tempusstelsel in Afrikaans as "die onderskeid tussen die **presens** en die **preteritum**" (Ponelis, 1979:263); die preteritum is volgens hom 'n ou perfektum wat die waarde van die ou preteritum ("verledetydsverwysing") oorgeneem het (Ponelis, 1979:264). Volgens Conradie (1992:61) dui die presens gelyktydigheid met die tyd van die matrikssin aan, terwyl die gemerkte preteritumgroep (of perfektum) voltooidheid ten opsigte daarvan of voorafgaande gebeure uitdruk. De Villiers (1971:23) verwys na die presens, perfek en imperfek; hy sê later dat die presens die ongemerkte kategorie en die perfek die gemerkte kategorie in Afrikaanse werkwoord-groepe is, en dat die presens meer gereeld en in meer omstandighede gebruik word as die perfek (De Villiers, 1971:36), asook dat die tradisionele onderskeid tussen die perfek en imperfek in Afrikaans grootliks weggeval het (De Villiers, 1971:47). Ponelis (1979:264) en Conradie (1992:61; 1998:37) sluit hierby aan deur ook na die presens as die ongemerkte vorm te verwys.

In Afrikaanse taalgebruik word tempus hoofsaaklik analities aangedui, "met ander woorde deur die kontras tussen 'n enkele werkwoord, soos *gee*, en 'n werkwoordkombinasie, soos *het gegee*" (Ponelis, 1979:264). Tydsaanduiding in Afrikaans is egter nie beperk tot hierdie kontras nie, aangesien tyd ook deur middel van bywoorde en

sinsnedes aangedui kan word (De Villiers, 1971:47; Ponelis: 1979:265). Van der Merwe (1996) wy byvoorbeeld 'n hele artikel aan *nou*, *toe* en *dan* as temporele leksikale elemente in Afrikaans.

Daar is al 'n aantal studies gedoen oor tempusverandering, onder andere Conradie (1992) wat tempus in die opeenvolgende Afrikaanse Bybelvertalings vergelyk. Hy sê daaromtrent: "'n Algemene afname in die gebruik van die ongemerkte vorm en toename in die gebruik van die gemerkte preteritum kan gekonstateer word" (Conradie, 1992:60). Hy stel egter ook 'n belangrike vraag (Conradie, 1992:66), wat hierdie studie juis wil beantwoord:

'n Vraag wat nou gestel moet word, is in watter mate die ontwikkeling in die gebruik van tempusvorme oor die afgelope eeu 'n weerspieëling is van 'n ontwikkeling in gesproke of geskrewe Afrikaans oor dié tydperk.

Conradie sit sy studie oor tempus in Afrikaans voort met 'n artikel in 1998 oor tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe (Conradie, 1998). Hy gee veral aandag aan die verdwyning van die preteritum as narratiewe tempus by uitnemendheid, en die oorgeblewe "ongemarkeerde presens" en "gemarkeerde verlede tyd wat uit die perfektum en restante van die preteritum van die werkwoord *wees* (*was*) en 'n paar modale hulpwerkwoorde bestaan" (Conradie, 1998:37).

Terwyl hierdie studies 'n handvatsel gee op verandering in tydsaanduiding, is die saak nog nie meer volledig en omvangryk beskryf nie. Bogenoemde taalkundiges, sowel as Carstens (2011) as normatiewe taalkundige, stel 'n aantal kwessies in verband met tydsaanduiding in Afrikaans wat vra om verdere ondersoek. Die vraag deur Conradie (1992:66) is reeds genoem, en die verdwyning van die preteritum (Conradie, 1998) kan ook verder nagegaan word, veral in ander kontekste as die narratief.

'n Aantal outeurs gee aandag aan die gebruik van *was* in die passief as aanduiding van verlede tyd. Ponelis (1979:266) sê dat die preteritale vorm van *wees*, naamlik *is*, gebruik word vir verlede tyd in die passief, maar dat *was* ook gebruik word (Ponelis, 1979:267). Hy vermoed Engelse inwerking as een bydraende faktor tot hierdie gebruik van *was*, asook uitdrukking van 'n voorverlede tyd in plegtige skryfstyl (Ponelis, 1979:267). Carstens (2011:365) sluit hierby aan deur hierdie "fout" toe te skryf aan invloed van die Engelse patroon. De Villiers (1971:34) noem dat D.F. Malherbe alreeds in 1920 kommentaar gelewer het oor hierdie gebruik, dit as verkeerd getipeer en aan Engelse invloed toegeskryf het. De Villiers aanvaar die gebruik daarvan om 'n voorverlede tyd of plusquamperfektum aan te dui, maar vra of dit werklik nodig is in Afrikaans; hy lig ook uit dat daar soms probleme is met grensgevalle tussen die voorverlede en verlede tyd (De Villiers, 1971:34-5). Juis omdat hierdie "verkeerde" gebruik van *was* in die passief aandag geniet sedert die aanvanklike

standaardisering van Afrikaans, is dit die moeite werd om te bepaal of daar enige verandering in die gebruiksfrekwensie of -konteks (byvoorbeeld voorverlede tyd) plaasgevind het.

'n Ander saak wat aandag geniet in die literatuur is die vorm (preteritum al dan nie) van modale hulpwerkwoorde. De Villiers (1971:31) verwys na die gebruik van *kon* as wisselvorm van *kan* ná *om te* in gesproke taalgebruik, maar moedig dié gebruik nie aan nie, aangesien dit volgens hom minder algemeen is. Ponelis (1979:271) verwys na die preteritale vorme van alle deontiese modale hulpwerkwoorde ná *het*, en dui aan dat sekere epistemiese modale hulpwerkwoorde in die presensvorm kan verskyn in dieselfde konteks (sien ook De Villiers, 1971:29), en dat dit wel dikwels so gebruik word in die omgangstaal. De Villiers (1971:24) verwys verder na die vorme *dag/dog*, *wis* en *had* as preteritale vorme; "die imperfekte *dag/dog* is algemeen in gesproke taalgebruik, *wis* word seldsaam en *had* is dit reeds; in hulle plek word gebruik het gedink (spreektaal ook: het gedag/gedog); het geweet; het gehad" (De Villiers, 1971:24).

Daar is verder die kwessie van *gewees het* of *het gewees* met of sonder modale hulpwerkwoorde (De Villiers, 1971:24) en die korrelasie tussen tempuskategorieë (byvoorbeeld presens en perfektum) en tydsaanduiding, byvoorbeeld die gebruik van die presens in sekere uitdrukkings van die verlede tyd (De Villiers, 1971:48). Daar kan verder nagegaan word of daar verandering plaasgevind het in terme van tydsaanduiding deur middel van tempus, en deur middel van bywoorde of sinsnede, asook of daar verandering plaasgevind het in die wyse waarop tyd deur middel van bywoorde uitgedruk word.

Uit die bostaande is dit duidelik dat daar 'n hele aantal onopgeloste kwessies rakende tydsuitdrukking in Afrikaans is, en om na te gaan of en hoe dit die afgelope eeu in Afrikaanse taalgebruik verander het, en werklike gebruiksgetalle en -kontekste vas te stel, behoort lig te werp op ten minste ván hierdie kwessies. Verdere belangrike perspektiewe op die saak kan verkry word deur, wanneer dit relevant is, na te gaan hoe tydsaanduiding in ander Wes-Germaanse tale ontwikkel en verander het, en wat die ooreenkomste en verskille met Afrikaans is.

1.3.2 VOORNAAMWOORDE

Daar is 'n hele aantal kwessies rakende voornaamwoordgebruik in Afrikaans wat kommentaar van linguistiese en normatiewe bronne trek, wat dui op variasie in die taalgebruik en moontlik op meegaande dieperliggende grammatikale verandering.

'n Prominente kwessie in die literatuur is die gebruik van *-self* saam met wederkerende voornaamwoorde (Carstens, 2011:70; Ponelis, 1979:88). Carstens (2011:70) identifiseer

sekere kontekste wat die gebruik van vorme met *-self* regverdig, maar beide Ponelis (1979:88) en Carstens (2011:70) merk 'n toename in die gebruik van vorme met *-self* buite hierdie kontekste, en skryf dit toe aan Engelse invloed. Carstens (2011:71) noem verder die gebruik van *geniet* saam met veral *jouself* en ook ander soortgelyke vorme, en lewer kommentaar oor die onaanvaarbaarheid daarvan in Afrikaans.

'n Volgende kwessie wat baie aandag geniet is die selfstandige gebruik van die aanwysende voornaamwoorde *hierdie* en *daardie* (Carstens, 2011:73; Ponelis, 1979:89). Ponelis (1979:90) en Carstens (2011:73) skryf beide hierdie gebruik toe aan Engelse invloed, en Carstens (2011:73) bestempel dit uitdruklik as verkeerd in Afrikaans.

'n Verdere kwessie wat deur Carstens (2011:67) uitgelig word is die gebruik van 'n voorsetsel saam met *wat* (byvoorbeeld *wat ... op, wat ... mee*), in plaas van vorme soos *waarop, waarmee* ensovoorts. Daar is ook die voornaamwoord *wie* wat, volgens Carstens (2011:66) verkeerdlik, toenemend alleen as betreklike voornaamwoord gebruik word.

Daar is verdere voornaamwoordgebruike wat ondersoek kan word vir potensiële verandering, soos die gebruik van generiese voornaamwoorde (Ponelis, 1979:105-6; Van Rooy, 1996) en spesifiek die gebruik van *hy* en ander manlike voornaamwoorde as geslagsneutrale voornaamwoorde (Carstens, 2011:73), en die gebruik van *u* as formele tweede persoon voornaamwoord.

1.3.3 GENITIEF

Die genitief in Afrikaans is nie 'n eenvoudige saak nie. Volgens Ponelis se standaardwerke oor Afrikaanse sintaksis word die genitiefsvorm in Afrikaans op twee wyses vergestalt: 'n besitlike voornaamwoord en die kernsubstantief, of 'n tydsuitdrukking of naamwoordstuk en se en die kernsubstantief (Ponelis, 1979:126; 1989:268). Ook "swaar naamwoordstukke, waarin betreklike bysinne voorkom, kan met se verbind" (Ponelis, 1979:126). Ponelis (1979:126) poog geen duidelike definisie van die genitief nie, maar benadruk dat die grondwaarde van die konstruksie nie méér spesifiek omlyn kan word nie as "dat dit 'n betrekking tussen referente voorstel".

Terwyl daar onduidelikheid in die literatuur is oor wat die genitief in Afrikaans presies behels, is daar ook aanduidings van verandering in wat breedweg besitskonstruksies genoem kan word. Voorlopige ondersoeke dui aan dat die vorm van die genitief vroeg in die twintigste eeu nog nie gestabiliseer het nie, en dat die Nederlandse inflekterende genitief, sowel as Nederlandse besitlike voornaamwoorde (byvoorbeeld *sijn* en *mijn*) nog sporadies in Afrikaans gebruik is. Die finale oorgang van hierdie konstruksies na moderne se en s'n kan verder in die data ondersoek word. Wat latere ontwikkeling betref beweer Vink (1981:432)

dat die besitspartikel se 'n gebruiksuitbreiding ondergaan het ten koste van *van*, en die geldigheid en/of omvang daarvan behoort nagegaan te word in die data. Verder, in naverwante Wes-Germaanse tale, is daar die afname van die s-genitief in Nederlands ten koste van *van* (Weerman & De Wit, 1999) en verandering in funksie en frekwensie van Engelse genitiefkonstruksies (Hinrichs & Szmrecsanyi, 2007) in die lig waarvan moontlike verandering in die Afrikaanse genitief gekontekstualiseer en verklaar kan word.

1.4 NAVORSINGSVRAE EN DOELSTELLINGS

Die navorsingsvrae van hierdie studie is:

1. Wat is die aard en omvang van grammatikale verandering in sekere geselekteerde grammatikale kategorieë in geskrewe Standaardfrikaans van 1911 tot 2010?
2. Watter verskille is daar tussen interne taalverandering en eksterne taalverandering; en in die lig daarvan, bied die analise van die data ondersteuning vir 'n dominante invloed van Engels as oorsaak van verandering in Afrikaanse taalgebruik gedurende die twintigste eeu, of blyk dit dat interne taalverandering 'n sterker rol speel as wat in die literatuur aanvaar word?

Die meer spesifieke doelstellings van die studie behels:

1. Om uit die saamgestelde korpusse van geskrewe Standaardfrikaans van 1911 tot 2010 die volgende data te onttrek:
 - 1.1 die gebruiksgevalle van wyses waarop tydsaanduiding uitgedruk word;
 - 1.2 die gebruiksgevalle van voornaamwoorde;
 - 1.3 die gebruiksgevalle van die genitief,met die doel om enige beduidende verandering in gebruik vas te stel en moontlike verklarings vir hierdie veranderinge voor te stel.
2. Om die bogenoemde spesifieke taalveranderinge te kontekstualiseer in terme van
 - 2.1 hoe taalverandering daar uitsien wat deur eksterne faktore of taalkontak meegebring word teenoor interne taalverandering; en
 - 2.2 die veranderinge in en ontwikkeling van ander Wes-Germaanse tale as voorbeelde vir moontlike interne verandering,ten einde te onderskei tussen veranderinge wat meegebring is deur voortdurende kontak met Engels, en interne taalverandering.

1.5 METODOLOGIE

Die empiriese ontwerp van hierdie studie word gebaseer op die model wat deur Mair (2006) en Leech *et al.* (2009) daargestel word, wat genoem word "comparative corpus linguistics, or

more specifically short-term diachronic comparable corpus linguistics" (Leech *et al.*, 2009:24). Dit is wanneer vergelykbare korpusse uit verskillende tydperke gebruik word om variasie of verandering na te gaan.

Die korpusse van hierdie studie is 'n aanpassing van die dertigjaarintervalle waarmee Mair (2006) twintigste-eeuse taalverandering van Engels bestudeer het. Daar het nie voor die aanvang van die studie gedateerde historiese korpusse van Afrikaans in elektroniese formaat vir die gekose tydperk bestaan nie, en daarom is daar self korpusse versamel en verwerk vir die studie. Aangesien daar skaars en moeilik bekombare bronne by die studie ingesluit is, is daar besluit om tekste vir tienjaarperiodes in te sluit (in plaas van net een jaar soos in Mair, 2006), en twintig jaar tussen dié periodes oop te laat. Die periodes wat deur die korpusse gedek word is 1911 tot 1920, 1941 tot 1950, 1971 tot 1980, en 2001 tot 2010. Anders as in Mair (2006) se studie, word daar ongepubliseerde bronne (briewe en dagboeke) ook ingesluit by hierdie korpusse. Die rede hiervoor is om 'n algemene, gebalanseerde beeld van geskrewe taalgebruik in geheel te verkry, en nie slegs van geredigeerde, gepubliseerde skryftaal nie.

1.6 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk twee, die volgende hoofstuk, is 'n literatuurstudie waarin die mees gepaste taalteoretiese raamwerk vir die studie gesoek word, en daar spesifiek gefokus word op die teorie van taalverandering. In hoofstuk drie word die metodologie uiteengesit en bespreek. Hoofstuk vier handel oor die veranderinge wat in Afrikaanse tydsaanduiding plaasgevind het in die afgelope eeu, terwyl hoofstuk vyf gaan oor die verandering in die Afrikaanse voornaamwoordsisteem en hoofstuk ses oor veranderinge in die genitief. In hoofstuk sewe word die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke saamgevat, en met die teorie in verband gebring om sodoende tot sinvolle gevolgtrekkings te kom, en die navorsingsvrae duidelik te beantwoord.

HOOFSTUK 2: DIE TEORIE VAN TAALVERANDERING

"Language is the most massive and inclusive art we know, a mountainous and anonymous work of unconscious generations." (Sapir, 1921:235)

"Language is mankind's greatest invention – except, of course, that it was never invented." (Deutscher, 2005:1)

2.1 INLEIDING

In hedendaagse taalkunde is die alomteenwoordige, deurlopende verandering van taal 'n gegewe. Bloomfield (1956[1933]:281) het reeds beweer dat die oënskynlike stabiliteit van 'n taal slegs 'n illusie is, en dat elke taal ten alle tye besig is om te verander, en Sapir (1921:160) verwys na die "drift" van taal. 'n Verantwoordelike wetenskap behoort dan in terme van teorie verantwoording te doen vir so 'n algemene verskynsel, en daar is inderdaad heelwat te vinde oor taalverandering in taalteoretiese literatuur.

In hierdie hoofstuk word daar eerstens algemene linguistiese teorieë beskryf in die soeke na 'n gepaste taalteorie waarbinne die teorie van taalverandering sinvol gesitueer kan word. Daar word sterk gesteun op gebruiksgebaseerde teorieë, en die konsepte van *voortkomende grammatika* ("emergent grammar") en die *eksemplaarmodel* ("exemplar model") van grammatika staan sentraal. Daarna word die teorie van taalverandering getakel, waaronder verskeie temas ondersoek word. Eerstens word daar aandag gegee aan taalverandering as evolusie, met taal as evoluerende entiteit, en die werking van taalevolusie. Daarna volg die prosesse van taalverandering, waar die verskillende prosesse van taalverandering beskryf word, die onderskeid tussen die ontstaan en die verspreiding van veranderinge bespreek word, en die moontlikheid van onnatuurlike verandering aandag geniet. Ten slotte word die verklaring van taalverandering bespreek, met aandag aan goeie argumentasie, die rol van taalgebruikers, interne en eksterne oorsake van taalverandering, en die kragte van taalverandering. Die belangrikste punte word ten slotte saamgevat.

2.2 LINGUISTIES-TEORETIESE PERSPEKTIEF

2.2.1 'N TEORIE VAN TAAL EN TAALKUNDE

In hoofstuk 1 is daar reeds verwys na Sapir se stelling dat "[a]ll grammars leak" (Sapir, 1921:39), en 'n verantwoordelike teorie van taal behoort daarvoor voorsiening te maak. Tradisionele Formele Taalkunde beskryf taal as reëlgebaseerd, en hierdie lekkasie van die grammatikas van tale veroorsaak dikwels teoretiese en beskrywende probleme. Dit is egter nie die enigste teoretiese moontlikheid nie – soos MacWhinney (2001:449) dit stel:

Grammars keep on leaking, language keeps on changing, and humans keep on varying their behavior. Frustrated by these facts, linguists have begun to question the methodology that commits them to the task of stipulating a fixed set of rules or filters to match a specific set of data. Searching for more dynamic approaches, they have begun to think of language as an emergent behavior.

Hallan (2001:91) wys op die diskrepansie tussen kennis oor taal wat deur middel van introspeksie ingewin word, en kennis oor taal wat deur taalgebruiksdata ingewin word. Sy waarsku verder teen die beperkinge van kennis deur middel van introspeksie, onder andere dat dit nie kan voorspel wat in werklike taalgebruik voorkom nie, en dat taalgebruikers tydens introspeksie dikwels onbewustelik beïnvloed word deur preskriptiewe persepsies oor hoe taal gebruik behoort te word, in teenstelling met werklike taalgebruik (Hallan, 2001:91-2). Verder is daar al sterk argumente gemaak teen die onvermydelike vooroordeel wat betrokke is wanneer waarnemings oor taal nie sistematies gemaak word nie, maar impressionisties en anekdoties van aard is (sien Leech *et al.*, 2009:19, Mair, 2006:3 en hoofstuk 3 in hierdie studie vir verdere besprekings hiervan).

Aangesien introspeksie dan nie 'n betroubare bron van linguistiese kennis is nie, het sommige taalkundiges hulle die afgelope dekades begin wend tot taalgebruiksdata as basis vir die teorie van taal. Uit hierdie verskuiwing van perspektief het 'n aantal tendense na vore getree.

Een belangrike tendens is die verwerping van die Chomskyaanse interpretasie van *Universal Grammar* (Bybee, 2010b:201), hoewel taal en taalgebruik steeds gesien word as gesetel in die kognisie van die individu (Bybee, 2010b:9). Dit laat gevolglik ruimte vir die beïnvloeding van taal deur buitetalige faktore (Bybee, 2010b:193; Bybee & Hopper, 2001:19), en gee aanleiding tot die verandering van die beskouing van taalstruktuur as 'n holistiese, outonome sisteem na iets meer vloeibaar en veranderlik (Bybee & Hopper, 2001:2).

'n Volgende tendens wat uit die perspektiefverskuiwing voortspruit is dat die heterogeniteit van en variasie in taal as fundamenteel deel van taal beskou word (Bybee & Hopper, 2001:19; Croft, 2001:7), en nie meer as 'n amper irrelevante manifestasie van *performance* in die Chomskyaanse sin nie. Croft (2001:8, 364) beskou taal as fundamenteel dinamies en interaksioneel, wat variasie nie net akkommodeer nie maar verhef tot die *status quo*, en daarmee saam die tradisionele verabsoluttering van *competence* opsyskuif.

'n Laaste, belangrike tendens wat hier uitgelig gaan word, is dat taalverandering sentraal staan in die beskouing van taal, en die duidelike onderskeid tussen sinchroniese en diachroniese taalkunde opgehef word. Bybee (2010a:945; 2010b:10) stel voor dat taalkundiges verklarings vir huidige taalstrukture behoort te soek in hoe dit tot stand gekom

het, aangesien alle sinchroniese toestande in tale die resultaat is van 'n lang ketting van diachroniese ontwikkelinge (Bybee, 2010a:945). Verder stel sy pertinent: "A linguistic theory is not complete if it does not embrace the contribution of language change to the understanding of language structure" (Bybee, 2010b:119). Sy gee meer besonderhede hieroor met:

Language change is not just a peripheral phenomenon that can be tacked on to a synchronic theory; synchrony and diachrony have to be viewed as an integrated whole. Change is both a window into cognitive representations and a creator of linguistic patterns. (Bybee, 2010b:105)

Gevolgtlik behoort 'n teorie van taal te fokus op die dinamiese prosesse wat taal voortdurend skep en herskep (Bybee, 2010b:1), en so sal begrip vir die prosesse en rigtings van taalverandering verdere insig verskaf oor die individu se kognitiewe sisteem vir taal (Bybee, 2010b:10).

In die beskrywing van grammatika het daar onlangs 'n nuwe konsep ontwikkel, naamlik *voortkomende grammatika*. Voortkomende grammatika maak 'n breuk met standaardidees oor grammatika – dit relateer taalstruktuur tot sprekers se werklike ervaring met taal, en sien struktuur as 'n voortdurende reaksie op die druk van diskoers eerder as 'n voorafbestaande matriks (Bybee & Hopper, 2001:3). Grammatika het geen outonome bestaan buiten mentale representasie en prosessering nie, en dit word gevolglik voortdurend aangepas vir gebruik (Bybee & Hopper, 2001:2-3). Ter verdere verduideliking kan 'n opsomming van Thompson en Hopper (2001:48) in ag geneem word:

We could say, then, that what we think of as grammar is a complex of memories we have of how our speech community has resolved communicative problems. 'Grammar' is a name for the adaptive, complex, highly interrelated, and multiple categorized sets of recurrent regularities that arise from doing the communicative work humans do.

Daar is onlangs vasgestel dat die menslike brein se kapasiteit vir langtermyngeheue en die herroeping van individuele voorbeelde van taalgebruik heelwat groter is as wat voorheen aangeneem is (Bybee, 2010b:15; Pierrehumbert, 2001:140), wat voorheen voorsiene probleme vir die stoor van groot hoeveelhede taalkundige inligting (en die nodigheid vir abstrakte strukture en sisteme) in die brein oplos. Bybee (2001:355; 2010b:15) beweer dat sprekers nie slegs 'n groot kapasiteit vir die stoor van woordeskat het nie, maar ook vir 'n groot hoeveelheid voorafvervaardigde uitdrukkings en woordkombinasies. Boonop het menslike kognisie blykbaar die ruimte vir heelwat oortollige inligting (Hare *et al.*, 2001:196), wat ook bydra daartoe dat abstrakte strukture en sisteme nie nodig is om taalkennis te verklaar nie.

'n Verdere konsep wat met behulp van hierdie nuwe kennis oor die menslike brein se werking ontwikkel is, is dié van die *eksemplaarmodel*. Bybee (2010b:19) verduidelik dat 'n

eksemplaar in hierdie konteks opgebou is uit 'n stel tekens wat deur die spreker ervaar is en gereken is as soortgelyk in een of ander opsig. In die eksemplaarmodel word kategorieë in die spreker se geheue verteenwoordig deur 'n groot wolk van herroepde tekens van daardie kategorie, wat georganiseer word in 'n kognitiewe kaart, waar voorbeelde wat baie soortgelyk is naby aan mekaar is en voorbeelde wat minder soortgelyk is, verder van mekaar (Pierrehumbert, 2001:140).

Hoewel gebruiksfrekwensie nie oort in die eksemplaarmodel geënkodeer is nie, speel dit tog 'n belangrike rol in die kognitiewe representasie van die kategorieë (Pierrehumbert, 2001:143). Die belang van taalgebruik en gebruiksfrekwensie vir die ontstaan en verandering van 'n taal se grammatika word deur verskeie taalkundiges gestel; Langacker (2010:430) skryf dat "[i]t is through the constant impact of usage that linguistic units maintain themselves and evolve", en Bybee (2010a:981) sluit daarby aan met "grammar is always being created and re-created by language use". Klaarblyklik is die menslike kognitiewe apparaat sensitief vir frekwensie, en is dit geneig om sonder spesifieke instruksie of versoek gebeure of elemente te sorteer en representeer op grond van konteks-relevante relatiewe frekwensie (Fenk-Oczlon, 2001:433). Hoë gebruiksfrekwensie het dus bekendheid tot gevolg, wat 'n spreker in staat stel om konstruksies vinniger te herroep, meer akkuraat te identifiseer en herken, antisipeer en voorspel (Fenk-Oczlon, 2001:432).

Vir so 'n gebruiksgebaseerde teorie, met spesifieke fokus op onder andere gebruiksfrekwensie, word kwantitatiewe studies besonder belangrik om die breedte van ervaring met taal te begryp (Bybee, 2010b:12). Elke voorbeeld van gebruik beïnvloed die kognitiewe representasie van taal (Bybee, 2010b:14) deurdat elke gebruiksvoorbeeld die representasie van 'n item versterk, en met verloop van tyd hoop so 'n versterking op deur middel van herhaling (Bybee, 2010b:18). Fenk-Oczlon (2001:432) wys daarop dat die frekwensie van gebruiksvoorbeelde nie enige *direkte* effek uitoefen op taalstruktuur nie, maar in die eerste plek op kognitiewe prosesse van die sprekers; kognitiewe prosesse is egter betrokke by die prosessering van (aktiewe en passiewe) taalgebruik, en het daardeur wel 'n invloed op taalstruktuur. Dit is op grond daarvan dat Bybee en Hopper (2001:10) kan sê dat gebruiksfrekwensie linguistiese gedrag op 'n verskeidenheid van maniere affekteer (sien ook Deutscher, 2005:261, Hare *et al.*, 2001:181 en Jurafsky *et al.*, 2001:230 in dié verband).

Konvensie speel 'n belangrike rol in taalgebruik, en Bybee (2010b:90) dui aan dat linguistiese konvensie deur frekwensie daargestel en versterk word, en dat selfs grammatikaliteit (wat gebaseer word op linguistiese konvensie) op grond van frekwensie vasgestel word (Bybee, 2010b:214). Verder, aangesien hoë gebruiksfrekwensie mentale representasie versterk en bekendheid herroeping van vorme vergemaklik en bespoedig,

weerstaan meer frekwente taalvorme dikwels strukturele verandering, terwyl minder frekwente vorme, wat met meer moeite herken en herroep word, makliker verander (Bybee, 2010a:962; Phillips, 2001:134). Aan die ander kant geskied klankverandering vinniger in vorme met 'n hoë gebruiksfrekwensie, aangesien dit inkrementeel geskied en dus vinniger sal vorder in vorme wat meer dikwels gebruik word (Phillips, 2001:134).

Binne hierdie kognitiewe gebruiksgebaseerde raamwerk van taal kan taal nie meer gesien word as 'n monolitiese sisteem nie, maar word dit herbeskou as 'n massiewe versameling van heterogene *konstruksies* (Bybee & Hopper, 2001:3). Konstruksies is die direkte skakel tussen vorm en betekenis (Bybee, 2010b:76; Croft, 2010:472), wat kan manifesteer in terme van sintaksis, morfologie en leksikon (Croft, 2010:463). Bybee (2001:343) brei hierop uit deur konstruksies te beskryf as "repeated sequences of morphemes or words which bear a particular semantic or functional relation to one another when used together in a construction which they do not necessarily have outside that construction."

Croft (2001:4; 2010:463) beweer dat konstruksies die basiese vorm van sintaktiese struktuur is, oftewel die basiese eenhede van sintaktiese representasie, wat gebaseer is op die representasie van grammatikale kennis in die spreker se kennis (Croft, 2010:471). Dit sluit aan by Langacker (2010:425) se siening dat enige faset van taalgebruik, of volgorde van gebeure in diskoers, geabstraheer en gekonvensionaliseer kan word as 'n eenheid.

Konstruksies kom tot stand deur middel van herhaalde gebruik (Bybee, 2001:343), hoewel die eksemplaar (in terme van die eksemplaarmodel) van 'n konstruksie meer kompleks sal wees as dié van byvoorbeeld 'n enkele lekseem (Bybee, 2010b:25). Om grammatikale patrone in terme van konstruksies voor te stel is besonder gepas in die eksemplaarmodel, aangesien taalgebruikers juis spesifieke voorbeelde van konstruksies ervaar, en weer konstruksies se betekenis stoor en herroep deur middel van 'n eksemplaar van voorbeelde (Bybee, 2010b:26). Dit sluit per implikasie aan by Croft (2001:29) se siening dat konstruksies taalspesifiek is, hoewel daar ooreenkomste tussen die konstruksies van verskillende tale is.

In samevatting van die voorafgaande teoretiese uiteensetting wat taal beskou as voortkomend uit die herhaalde toepassing van onderliggende prosesse, kan taal beskryf word as 'n *komplekse aanpasbare sisteem* ("complex adaptive system") (Bybee, 2010b:2). Bybee (2010b:2) motiveer dit met:

The primary reason for viewing language as a complex adaptive system, that is, as being more like sand dunes than like planned structures, such as a building, is that language exhibits a great deal of variation and gradience.

Dit impliseer verder dat dieselfde kognitiewe prosesse wat voorgestel word as verantwoordelik vir die prosessering van taal, ook die prosesse is wat lei tot taalverandering (Bybee, 2010b:10), en "[t]hus explanation on the synchronic and diachronic dimensions is united" (Bybee, 2010b:10). Op hierdie punt word daar vervolgens aanbeweeg na 'n kort beskouing van die diachroniese taalkunde, om die finale agtergrond te gee vir die bespreking van teorieë van taalverandering.

2.2.2 DIACHRONIESE TAALKUNDE IN KORT

Diachroniese taalkunde is die subdissipline binne die taalkunde wat spesifiek fokus op die historiese ontwikkeling van taal en tale. Lass (1997:17) beskryf diachroniese taalkunde as "the discipline that makes stories and/or interpretations out of what happened to language over time". Daar is dus twee belangrike komponente wat diachroniese ondersoeke uitmaak: aan die een kant is daar die beskrywing van taal met verloop van tyd, en aan die ander kant is daar die verklaring van wat tydens die verloop van tyd plaasgevind het. Hierdie beskrywing en verklaring sluit makroverhale, die verhale van tale oor eeue heen, in, asook mikroverhale, die beskrywing en verklaring van klein, spesifieke veranderinge wat in een of enkele tale tydens 'n gespesifiseerde tydperk plaasgevind het (Lass, 1997:288).

Lass (1997:10) en Joseph (2004:60) wys daarop dat verantwoordelike bestudering van die linguistiese verlede gebaseer moet word op 'n deeglike begrip van die linguistiese hede; dit word gebaseer op die aanname dat al die taaltoestande in die verlede in beginsel dieselfde was as huidige taaltoestande. Deutscher (2005:9) formuleer dit as "*the present is the key to the past*", en noem bogenoemde aanname *uniformisme* ("uniformitarianism"). Aan die ander kant kan 'n taaltoestand ook nie slegs in sinchroniese terme beskryf word nie, aangesien sinchroniese taaltoestande altyd oorblyfsels is van historiese prosesse (Lass, 1997:14). Sinchroniese en diachroniese taalkunde kan dus nie skerp van mekaar geskei word nie (Lass, 1997:12); dit hoef ook nie, aangesien die twee dimensies van taalkunde komplementêr is (Lass, 1997:14).

So ver terug as wat diachroniese taalkunde tans in staat is om te bepaal, geld daar 'n bepaalde beginsel: "nothing comes from nothing" (Deutscher, 2005:10). Met ander woorde:

Certainly, grammatical elements were not devised at a prehistoric assembly one summer day, nor did they rise from the brew of some alchemist's cauldron. So they must have developed out of something that was already at hand. (Deutscher, 2005:10)

Daar is uitgebreide teorieë oor hoe menslike kommunikasie en taal oorspronklik ontstaan het, waar byvoorbeeld die konsepte van *gesamentlike intensionaliteit* ("joint intentionality") en *kollektiewe intensionaliteit* ("collective intentionality") relevant is (sien Tomasello, 2014 vir 'n in-diepte bespreking). Daar is egter geen data beskikbaar vir hierdie fase van die

ontwikkeling van taal nie, en vir so ver terug as waarvoor daar geskrewe rekords van taal beskikbaar is, geld die bogenoemde beginsel van Deutscher. Verklarings vir enige taaltoestand word dus, ten minste gedeeltelik, gevind in die taaltoestande wat dit voorafgegaan het. Elke konstruksie het sy eie geskiedenis, hoewel algemene tendense van taalverandering identifiseerbaar is (Fischer *et al.*, 2004:13). In verband hiermee herinner Lass (1997:327) dat vrae en antwoorde oor taalverandering noodwendig hoogs kompleks sal wees, aangesien dit handel oor historiese sisteme wat die produk is van 'n lang proses van evolusie. Hy wys verder daarop dat die tipe verduidelikings wat as antwoorde op historiese vrae gesoek word, sal afhang van die spesifieke vraag wat gevra word (Lass, 1997:327).

Diachroniese taalkunde is 'n empiriese wetenskap, wat werklike, bestaande entiteite ondersoek (Croft, 2000:2) – in die vorm van historiese taalvorme, gewoonlik geskrewe tekste wat bewaar gebly het, maar in sommige uitsonderlike gevalle van meer onlangse taaltoestande ook klankopnames. Taal kan egter nie as 'n abstrakte sisteem ondersoek word nie, en die belang van die teoretiese uitgangspunt wat taalverandering in taalgebruik setel (uiteengesit in die voorafgaande afdeling) word daaruit duidelik.

Labov (1994:21) formuleer die paradoks van die historiese linguistiek:

The task of historical linguistics is to explain the differences between the past and the present; but to the extent that the past was different from the present, there is no way of knowing how different it was.

Die taalkundige maak soveel sin van historiese data as wat moontlik is, en gebruik teoretiese insigte en gepaste metodes van ondersoek om uiteindelik taalverandering in welke gedaante ook al so goed as moontlik te beskryf en te verklaar.

Ten slotte – diachroniese taalkunde wil taalverandering of verskillende opeenvolgende taaltoestande (a) beskryf en (b) verklaar, deur middel van spesifiek en gepas geformuleerde vrae, op grond van empiriese data, oftewel historiese rekords van taalgebruik. Om hierdie taak sinvol en verantwoordelik aan te pak is 'n omvattende teorie van taalverandering nodig, en die volgende afdeling verken die teorie van taalverandering.

2.3 TAALVERANDERING

2.3.1 INLEIDING

Die teorie van taalverandering soos ons dit vandag ken het sy oorsprong reeds in die negentiende eeu, en terwyl dit 'n groot hoeveelheid belangrike insigte meebring, het dit ook die potensiaal van 'n groot hoeveelheid (onnodige) bagasie. Juis daarom is dit goed om Mufwene (2008:102) se aanbeveling ter harte te neem: "It is not unwarranted to reexamine

our working assumptions every now and then, before we stray too far on mistaken paths." Met inagneming van Lass (1997:278) se waarskuwing dat "[e]xtensive talk about something is no guarantee we understand it", gaan die teorie van taalverandering in redelike besonderhede bespreek word.

In enige veld van ondersoek word daar metataal gevind, en gebruikers van daardie metataal is dit dikwels so gewoon dat die belang daarvan onderskat word (Lass, 1997:41). Aan die een kant is die metataal van historiese taalkunde en taalverandering dikwels meer metafores as wat taalkundiges besef, en aan die ander kant besef taalkundiges dikwels nie hoe belangrik hierdie metafore is as raamwerk vir denke en ondersoeke in die veld nie (Lass, 1997:41-2). Haspelmath (2004:24) waarsku dat ons versigtig moet wees vir sulke metafore – terwyl dit besonder handig kan wees, moet daar 'n onderskeid behou word tussen die metafoor (en die grense daarvan) en die werklike fenomeen wat daardeur beskryf word. Die onderskeid moet ook dien as teenvoeter daarvoor dat 'n taalkundige haar- of homself vasstaar teen die beperkings van die metafoor, en nie vir verduidelikings soek verby die grense van die metafoor nie (Lass, 1997:280).

'n Teorie is egter dikwels die formalisering van 'n metafoor (Lass, 1997:32), en 'n teoretiese raamwerk is nodig vir enige sinvolle wetenskapsbeoefening – soos wat Lass (1997:20) dit stel: "... 'facts' arise only within the framework of a defining theory", en Vincent en Börjars (2010:279) wat daarmee aansluit met: "[s]cientific enquiry takes for granted that data requires theory and theory requires data: the relations between the two are mutual and self-sustaining". 'n Teorie en die metafore wat relevant is daarvoor word gevorm binne 'n wetenskaplike paradigma; so 'n paradigma "is an object for further articulation and specification under new or more stringent conditions" (Kuhn, 1996:23), wat nie net bepalend is vir die vrae wat wetenskaplikes vra nie, maar ook die instrumente wat gebruik word en waar daar gesoek word vir antwoorde op die vrae (Kuhn, 1996:111). Dus, om iets as 'n historiese feit of 'n taalkundige feit te identifiseer, of as relevant te beskou, behels reeds interpretasie wat slegs kan geskied met die tussengang van 'n teorie (Lass, 1997:17). Enige teorie het tog potensieel tekortkominge, soos byvoorbeeld die teorie oor kreolisering wat volgens Mufwene (2008:109) die bagasie dra van 'n era van rassesseiding en -diskriminasie. Daarom is die aanbeveling van Vincent en Börjars (2010:296) belangrik: ten minste 'n bewustheid van verskillende teoretiese benaderings behoort behou te word, aangesien dit 'n beter waardering vir verskillende moontlike verduidelikings kweek.

Dit is egter 'n haas onbegonne taak om alle bestaande teorieë van taalverandering vir hierdie studie krities te bespreek en vergelyk – daarom is 'n seleksie gemaak van 'n aantal teorieë wat in breë trekke genoeg ooreenstem vir 'n sinvolle vergelyking, maar ook genoeg

verskil om 'n kritiese perspektief op mekaar te gee. In die bespreking gaan die implikasies van die teoretiese insigte wat in die voorafgaande afdeling uiteengesit is, ook betrek word.

2.3.2 TAALVERANDERING AS EVOLUSIE VAN TAAL

2.3.2.1 Taal as evoluerende entiteit

Daar is 'n beweging in die diachroniese taalkunde wat taalverandering beskou as die evolusie van taal – met beide ooreenkomste en verskille met biologiese evolusie. Ten einde taalverandering as evolusie te sien, moet daar 'n beskrywing van taal gegee word wat binne hierdie raamwerk inpas. Bybee (2010b:196) se beskrywing van taal as 'n komplekse, aanpasbare sisteem pas gemaklik binne die evolusieraamwerk, hoewel meer spesifiek-geformuleerde beskrywings ook in ag geneem word. Soos Lass (1997:384) dit stel:

Just because some object in the world can be (usefully) construed as an *X* doesn't mean that it can't also (simultaneously) be a *Y* or a *Z*. To say that language 'is' a historically evolving self-replicating system is not to say that it isn't also a sign-system or a means of communication or a 'mental organ' or a human artefact or a computational state of a device or anything else.

Dus word daar vervolgens ondersoek ingestel na verskillende maniere om taal te beskryf of voor te stel spesifiek binne 'n evolusieraamwerk.

Aan die een kant moet Trudgill (2002:114) se waarneming in gedagte gehou word dat "the concept of a *language* is in many cases as much a political, cultural and historical concept as it is a linguistic concept". Dit is egter meer van toepassing op die afbakening van spesifieke variëteite en die benoeming daarvan as selfstandige tale of variëteite binne 'n spesifieke taal. Wanneer daar vervolgens oor *taal* gehandel word, verwys dit na die teoretiese konseptualisering van die begrip taal, en nie die afbakening van variëteite as tale nie.

Daar is verskillende maniere om taal te beskryf binne 'n evolusieraamwerk. Lass (1997:xvii) beskryf tale as "populations of variants moving through time", "bundles of historical accidents, not perfect and predictable machines" (1990:81) en sy bekendste formulering, "[l]anguages are imperfectly replicating systems" (1997:354). Lass se fokus is op taal as 'n sisteem wat repliseer soos 'n populasie, en die voortdurende onvolmaakte replikasie van variante is die proses wat taalverandering, of evolusie, meebring.

Croft, wat ook taalverandering as evolusie beskryf, definieer 'n taal as "the population of utterances in a speech community" (2000:26), asook 'n "loosely coordinated set of linguemes" (2000:230), waar die "linguemes" of *lingueme* die eenhede van replikasie binne die populasie is. Verder vergelyk hy 'n taalsisteem eerder met 'n plant as met 'n dier (Croft, 2000:230), hoewel die fokus deurgaans op taal as populasie is eerder as organisme.

Mufwene (2008:63) beskryf taal weer as 'n spesie, eerder as populasie, van idiolekte, eerder as uitinge of variante. Hy beklemtoon die belang daarvan om tale te sien as produkte wat deur mense geproduseer en deurgaans aangepas word vir kommunikatiewe behoeftes (Mufwene, 2008:32, 211), wat inpas by Bybee (2010a:945) se siening van taal as 'n veranderlike stel sosiale en kognitiewe gedrag.

Na aanleiding van hierdie sienings van taal word daar 'n hele aantal waarnemings oor taal binne die konteks van taalevolusie gemaak. Een van hierdie waarnemings sluit direk aan by die voortkomende grammatika wat reeds genoem is – terwyl Deutscher (2005:16) tereg uitwys dat ons nie in werklikheid weet presies hoeveel en watter aspekte van taalkennis en taalvermoë in die brein geënkodeer is en wat nie, word daar aanvaar dat ten minste strukturele kennis nie aangebore is nie (Bybee, 2010b:196), en dat dit wat dikwels deur taalkundiges as reëls of beperkings beskryf word, *voortkomende* ("emergent") verskynsels is (Mufwene, 2008:3).

Die funksie van taal word ook vanuit verskillende oorde bespreek – Labov (2010:6) noem die fundamentele kognitiewe funksie van taal om inligting oor temporele en ruimtelike dimensies heen oor te dra, en Deutscher (2005:46) sluit daarby aan deur die basiese funksie van taal te beskryf as die verskaffing van 'n stabiele sisteem van konvensies om koherente kommunikasie toe te laat. Die saak is egter nie noodwendig so eenvoudig soos blote kommunikasie nie, en Mufwene (2008:253) wys op die moontlike instrumentele belang van taal, as gereedskap wat deur sprekers gebruik word om hulle te help om by veranderende sosio-ekonomiese omstandighede aan te pas. Hierdie, en ander moontlike addisionele funksies wat taal kan verrig, behoort in ag geneem te word in die soeke na oorsake van taalevolusie.

Die siening dat, ten spyte van moontlike addisionele funksies, die basiese funksie van taal wel kommunikasie is, gee aanleiding tot die aanname dat "[t]he most basic manifestation of language is informal face-to-face conversation among intimates and equals" (Mair, 2006:183). Volgens Mair (2006:183) verg ander kommunikatiewe situasies verdere uitbreiding, en op grond daarvan behoort daar onderskeid getref te word tussen professionele taalgebruik en taalgebruik in meer informele, intieme situasies (Mufwene, 2008:242).

Ten spyte daarvan dat taal dan vir kommunikasie bedoel is, en die natuurlikste voorkom in intieme gespreksituasies, is alledaagse kommunikasie tog deurspek met ondoeltreffendhede, miskommunikasies en misverstande, "which lead us to the general conviction that language does not work as well as we would like it to" (Labov, 2010:21). Labov (2010:47) noem pertinent dat daar 'n aansienlike afstand waargeneem kan word

tussen intensie en wat bereik word in linguistiese interaksie. Boonop is daar klaarblyklik grammatikale verskynsels in alle tale "that can perhaps be legitimately regarded as being afunctional" (Trudgill, 2002:76). Deutscher (2005:40) beskryf dit as "scores of imperfections, a tangle of irregularities, redundancies and idiosyncrasies that mar the picture of a perfect design". Dus – nie net vervul taal sy basiese funksie nie altyd effektief nie, maar die grammatikale struktuur van enige taal is ook ver van wat as "perfek" beskryf sou word.

Juis daarin kan moontlike meganismes gesoek word vir die altyd voortdurende taalveranderingsprosesse wat deurgaans in alle tale aan die werk is (dit word later weer aangeroer in 2.3.3.2, p. 28 en verder); soos Mufwene (2008:62) sê: "There are no living languages in frozen, motionless state", en Deutscher (2005:55) beaam: "The simple truth is that all languages change, all the time – the only static languages are dead ones."

Daar word vervolgens aanbeweeg van die beskrywing van *taal* binne 'n evolusieraamwerk na die bespreking van die *proses* van taalevolusie.

2.3.2.2 Die werking van taalevolusie

Mufwene (2008:16) vra reguit waarom dit nuttig of nodig is om van die *evolusie* van taal te praat, en nie bloot van die *verandering* van taal nie. Hy verduidelik dan dat die term *evolusie* meer insluit as die tradisionele term *verandering*; bo en behalwe tradisionele bemoeienis met strukturele en pragmatiese verandering, dek dit ook taalspesiasie, taalgeboorte en taalsterfte (Mufwene, 2008:1, 16). Dit is egter nie die enigste oorweging om taalverandering as taalevolusie te beskryf nie – daar word ook deur 'n aantal taalkundiges verskeie parallele tussen biologiese evolusie en taalevolusie getrek.²

In sy boek oor taalevolusie skryf Croft (2000:10):

Evolution is recognized as a process that occurs with certain types of entities. The process is probably best understood as it occurs with populations of biological organisms; that is evolutionary biology. The hypothesis is that language change is an example of the same process, or a similar process, occurring with a different type of entity, namely language.

Croft (2000:13) definieer 'n spesie as 'n populasie van individue wat onderling voortplant en reprodutief geïsoleerd is van ander populasies; dit staan teenoor die essensialistiese teorie van spesies, wat nie net problematies is vir biologiese evolusie nie, maar ook vir taalevolusie. Verder konseptualiseer Croft (2000:14) 'n populasie as 'n historiese entiteit – dit begin as deel van 'n ander populasie, en met verloop van tyd ontwikkel dit as 'n eie populasie na aanleiding van 'n aantal faktore, soos geografiese skeiding van die

² Terwyl Lass (1997) taalverandering as taalevolusie beskryf, is sy vergelyking egter meer konseptueel en nie in genoeg besonderhede uitgewerk om by die vergelyking in hierdie afdeling betrek te word nie. Hy tree later weer tot die gesprek toe.

oorspronklike populasie, 'n ander ekologie en moontlik kontak met ander populasies. 'n Taal en die sprekers daarvan behoort dan volgens Croft (2000:19) ook in sulke populasiet Terme gedefinieer te word; byvoorbeeld 'n geografiese dialek is soortgelyk aan 'n geografiese ras van 'n spesie: struktureel effens uiteenlopend, maar nie genoeg om kommunikasie (of in biologiese terme kruisteling) te voorkom nie. Aangesien kommunikatiewe isolasie vir Croft (2000:172) belangriker is as kommunikatiewe interaksie vir taalspesiasie, is 'n samelewing vir hom vergelykbaar met 'n biologiese spesie.

Croft (2000:17) beklemtoon dat die ware ekwivalent van die populasieteorie van spesies vir taal in terme van werklike kommunikatiewe interaksie gestel moet word. Hy gaan dan voort om kommunikatiewe interaksie as seksueel te beskryf: "language is produced when a speaker communicates with a hearer. Even writers presuppose an audience. Hence, languages and their speakers form populations in the biological sense" (Croft, 2000:20).

Mufwene (2008:11) vergelyk ook tale met spesies eerder as met organismes in 'n evolusieraamwerk, en hy gaan verder deur taalspesies te vergelyk met spesifiek virusspesies eerder as plant- of dierspesies. Hy voer aan dat tale soos biologiese populasies is waarin elke organisme se genotipiese en fenotipiese individualiteit bewaar word, ten spyte van die aantal eienskappe wat dit met ander lede van die spesie deel (Mufwene, 2008:14). Hy brei die idee verder uit met:

Languages evolve in non-uniform ways, with some idiolects, sociolects (social varieties), or dialects (regional varieties) being more engaged in some changes than others. They are thus like biological species, whose members are differentially affected by, or react in different ways to, changes in their ecologies. (Mufwene, 2008:14)

'n Verdere ooreenkoms tussen tale en populasies of spesies wat Mufwene uitwys, is die wyse waarop tale gebore word en sterf (Mufwene, 2008:15). Anders as met organismes is daar met die geboorte van tale, soos spesies, nie 'n oomblik van konsepsie nie, en ook nie 'n periode van swangerskap of 'n geboorte nie – tale word *post factum* as nuwe tale geïdentifiseer, nadat 'n spesifieke variëteit (van idiolekte of organismes) as beduidend anders as 'n vroeër populasie geïdentifiseer is (Mufwene, 2008:15). 'n Taal sterf ook wanneer dit nie meer sprekers oorhet nie, soos wat 'n spesie dood is wanneer daar nie meer lede van die spesie oor is nie (Mufwene, 2008:15).

Mufwene (2008:63) vermeld pertinent dat hy dit meer informatief vind om aan spesifieke tale as spesies te dink, eerder as blote populasies. Soos tussen die lede van 'n spesie is daar ook ooreenkomste tussen die idiolekte van 'n taal (Mufwene, 2008:63), en 'n taal bestaan slegs as 'n ekstrapolasie van hierdie soortgelyke maar variërende idiolekte (Mufwene, 2008:119).

Om terug te kom na Mufwene se vergelyking van tale met virusspesies eerder as dierspesies – een van die belangrikste redes hiervoor is dat taalkontak deurgaans vir Mufwene (2008) 'n sentrale rol speel in taalevolusie. Taalspesiasie vind plaas deur onder andere populasiebeweging en taalkontak, en is 'n gevolg van kompetisie en seleksie in verskillende omstandighede (Mufwene, 2008:128). Hierdie omstandighede word deur Mufwene (2008:181) die ekologie van 'n taal genoem. Die ekologie van 'n taal kan verskillende faktore insluit, onder andere taalkontak en veeltaligheid (Mufwene, 2008:181) en sosio-ekonomiese omstandighede (Mufwene, 2008:232). Veeltaligheid bring mee dat taalstrukture beïnvloed word deur ander tale wat in die gemeenskap gebruik word (Mufwene, 2008:181), en die sosio-ekonomiese ekologie kan taalverskuiwing of taalverlies meebring (Mufwene, 2008:232).

Die vergelyking tussen biologiese evolusie en taalevolusie kan nog meer spesifiek wees as wat tot dusver beskryf is – beide Croft (2000) en Mufwene (2008) identifiseer repliseerders in die proses van taalevolusie, hoewel hulle konsepte heelwat van mekaar verskil. Croft (2000:43) wys juis uit dat een van die mees fundamentele verskille in huidige teorieë van taalverandering dít is wat gehipotetiseer word as die repliseerder op die laagste of basiese vlak van seleksie.

Croft (2000:2, 3) beweer dat die werklike, bestaande entiteite in linguistiek uitinge is soos dit in konteks geproduseer is, sowel as sprekers se taalkennis of mentale grammatikas. Die evolusie van beide hierdie entiteite, maar veral uitinge, geskied dan deur replikasie, nie inherente verandering nie (Croft, 2000:3). Croft (2000:12) gaan verder deur die uiting as die ekwivalent van DNA in taalevolusie te stel.

Croft (2000:22) definieer 'n *repliseerder* as 'n entiteit wat sy struktuur grotendeels ongeskonde deurgee in opeenvolgende replikasies, en 'n *uiting* as 'n spesifieke, werklike verskynsel van die produk van menslike gedrag in kommunikatiewe interaksie, soos dit uitgespreek word, grammatikaal gestruktureer is, en semanties en pragmaties geïnterpreteer word binne konteks (Croft, 2000:26). Hy noem verder dat uitinge nie bloot komplekse simboliese uitdrukkings is nie, maar doelbewuste dade van die spreker se kant af, en ook die hoorder (Croft, 2000:88). Die repliseerder in taalevolusie is dan die spesifieke linguistiese struktuur soos voorgestel in 'n spesifieke uiting (Croft, 2000:28), hoewel Croft (2000:28) waarsku dat daar in gedagte gehou moet word dat terwyl 'n repliseerder struktuur bevat, dit nie geassosieer moet word met struktuur as 'n abstrakte essensie nie.

Croft (2000:28) verfyn sy teorie verder deur die konsep van 'n *lingueem* ("lingueme") voor te stel – die ekwivalent van gene, terwyl die ekwivalent van allele in gene, variante van 'n lingueem is. Die lingueempoel, soortgelyk aan 'n genepoel, is die totale stel van lingueme

in 'n populasie van uitinge (die taal), en ook die grammatikas van die sprekers in geheel (Croft, 2000:28-29).

Lingueme kan op verskillende vlakke van inklusiwiteit funksioneer (Croft, 2000:189), en lingueme met hoër vlakke van inklusiwiteit is meer onafhanklik as repliseerders as wat lingueme op minder inklusiewe vlakke is (Croft, 2000:34). Verder spesifiseer meer inklusiewe lingueme as repliseerders dikwels die struktuur van minder inklusiewe lingueme wat daarby ingesluit word (Croft, 2000:37).

Die konsep van 'n lingueempoel stel ook Croft se teorie in staat om taalvariasie effektief te hanteer. Indien variasie gesien word as verteenwoordigend van 'n lingueempoel in die populasie van uitinge wat deur sprekers in die samelewing geskep word, dan kan beide die heterogene aard van taal en die strukturele aard van daardie heterogeniteit verwag word (Croft, 2000:172). Die lingueempoel kan selfs drasties verander sonder dat 'n taal ophou om 'n genetiese afstammeling van sy ouer te wees (Croft, 2000:197).

Op grond van die besonderhede van sy teorie, noem Croft (2000:30) dit die Teorie van Uitingseleksie vir taalverandering. Croft (2000:30) maak drie stellings oor hierdie teorie: eerstens sluit die Teorie van Uitingseleksie nie uit dat seleksie ook op ander vlakke van die taal, soos die individu en die samelewing, geskied nie, maar dit stel die primêre lokus van taalverandering in uitingseleksie; tweedens veronderstel die teorie nie 'n spesifieke stel kousale meganismes vir replikasie of seleksie van lingueme in uitinge nie; en derdens stel die Teorie van Uitingseleksie linguistiese konvensie in die middelpunt.

Mufwene (2008:116), anders as Croft (2000), plaas die idiolek as repliseerder (die ekwivalent van die organisme in 'n spesie) in taalevolusie. Hy noem wel dat dit tog verskil van organismes, veral dierlike organismes, daarin dat variasie binne een idiolek moontlik is, en beklemtoon op grond daarvan die belang van die idee van familie-ooreenkoms in die saambestaan van idiolekte in 'n gemeenskaplike taal (Mufwene, 2008:66). 'n Taal is dan, om hierby aan te sluit, 'n heterogene populasie van idiolekte (Mufwene, 2008:115).

Anders as Croft (2000) verwys Mufwene (2008) nie na 'n lingueempoel nie, wat verwag kan word op grond daarvan dat uitinge nie die repliseerders is nie. Om die idiolek as repliseerder te akkommodeer, praat Mufwene (2008:17) van 'n *kenmerkpoel* ("feature pool"). Dit behels die totale taalkennis van sprekers, insluitend die variante wat vir dieselfde strukturele of kommunikatiewe funksies kompeteer (Mufwene, 2008:17). Verskillende lede van 'n spraakgemeenskap, veral dié wat interaksie het met mekaar, dra by tot mekaar se kenmerkpoel van taal (Mufwene, 2008:117). Taalevolusie vind dan plaas op grond van kompetisie binne die kenmerkpoel, en kenmerke word tot die poel toegevoeg deur middel van kontak tussen idiolekte (Mufwene, 2008:128). Enige taaltoestand is dan die gevolg van

kontak tussen idiolekte, en enige taal is dan tot daardie mate 'n hibridiese taal (Mufwene, 2008:132). Taalkontak en -beïnvloeding, sowel as taalvariasie, word hierdeur geakkommodeer, en Mufwene (2008:178) stel pertinent dat die konsep van 'n kenmerkpoel die grense tussen tale meer osmoties laat blyk as wat linguïste dit voorheen uitgemaak het.

Aan die einde van hierdie studie gaan daar na hierdie verskil tussen Croft en Mufwene se konseptualisering teruggekeer word, en daar gaan oorweeg word of die data en bevindinge van hierdie studie gewig kan verleen aan een (of albei) van die argumente.

Vervolgens gaan daar op grond van die pas afgelope teoretiese uiteensetting van taalevolusie aandag gegee word aan meer spesifieke prosesse en aspekte van taalverandering.

2.3.3 PROSESSE VAN TAALVERANDERING

2.3.3.1 Inleidend: taalverandering

Deutscher (2005:46) wys op 'n sentrale waarheid in diachroniese taalkunde: "When one inspects the history of a language – any language – one soon discovers that change is not the exception but the rule." Dit is egter nie so 'n eenvoudige saak nie – want wat is taalverandering? Soos Traugott en Trousdale (2010:21) dit stel: dit hang af van die teoretiese raamwerk waarbinne die verandering beskryf word. Vir generatiewe taalkundiges is taalverandering die verandering van grammatika, wat plaasvind gedurende die aanleer van 'n taal; vir funksionele taalkundiges (insluitend die teoretici van die voorafgaande afdeling) is strukturele verandering belyn met gebruikspatrone, en verander taal gedurende die spreker se hele lewe (Traugott & Trousdale, 2010:21). Laasgenoemde perspektief sluit dan aan by Deutscher (2005:261) se stelling: "Language is a tool that has been worn into shape by continual use."

Taalverandering is ook nie lukraak en chaoties nie – Croft (2000:42) en McMahon (1994:6) wys op die reëlmaat in taalverandering, en McMahon (1994:6) beweer dat dit juis die arbitrêrheid van taal is wat die nie-arbitrêrheid van taalverandering veroorsaak. Taalverandering is ook nie slegs afhanklik van taalinterne oorwegings nie, en McMahon (1994:228-9) wys op die sosiale, politieke en omgewingsfaktore wat tot taalverandering bydra.

Die vraag "wat is taalverandering?" kan meer volledig beantwoord word deur verskillende prosesse van taalverandering in meer besonderhede te beskryf.

2.3.3.2 Verskillende prosesse van taalverandering

Voordat die spesifieke prosesse van taalverandering beskryf word, word taalverandering as "imperfect replication" eers hier onderskryf deur 'n paragraaf uit Mufwene (2008:3) direk aan te haal wat al die verskillende taalveranderingsprosesse begrond, en nie sinvol op 'n korter manier beskryf kan word nie:

Imperfect replication, observable in how every idiolect is unique and none replicated any current speaker's, is a consequence of two fundamental facts: (1) Native speakers acquire their vernaculars naturalistically, through their interactions with current speakers and often with peers that are hardly better off than themselves. Everything proceeds piecemeal, in attempts to communicate; and there are no school-like institutions in which they are taught the vocabulary and drilled rules of grammar. This practise leaves a lot of room for inaccurate inferences and therefore deviations which can evolve into divergences. (2) Naturalistic language learners do not proceed like linguists, gathering sufficient bodies of representative data and producing analyses that yield significant generalizations. Pressure to communicate does not give them the luxury of waiting that long and working out a system. Attempts to communicate force them to rely on partial analogies, through well- and ill-formed utterances, improving their productions and interpretations of other speakers' utterances in the process.

Die eerste taalveranderingsproses wat aan bod kom is *erosie*. Erosie is die voortdurende verkorting en verlies van klanke in spraak, wat deur Deutscher (2005:169) beskryf word as 'n hoogs nuttige kompakteringsmeganisme wat 'n mens in staat stel om idees vinniger en meer effektief oor te dra. Erosie behels klankverandering (Croft, 2000:163), wat nie tradisioneel as deel van grammatikale verandering gereken is nie, maar Deutscher (2005:208) wys uit dat dit dikwels lei tot grammatikale veranderings in samewerking met ander taalveranderingsprosesse (byvoorbeeld in grammatikalisering, wat later aan bod kom).

Die volgende taalveranderingsproses waaraan daar aandag gegee word, is dié van analogie. Analogiese verandering het tradisioneel verwys na morfofonologiese verandering, spesifiek die verlies of normalisering van alternasie binne-in paradigmas of die uitbreiding van alternasies van een paradigma na 'n ander (Bybee, 2010a:958). Die konsep kan in 'n breër sin ook toegepas word, waar 'n struktuur in taal geherstruktureer word om soortgelyk aan 'n reeds bestaande struktuur te wees, en so 'n nuwe struktuur tot stand bring (Traugott & Trousdale, 2010:36). Bybee (2010b:57) beskryf analogie as die proses waardeur 'n spreker 'n nuwe item in 'n bestaande konstruksie gebruik, en wys verder daarop dat analogie as 'n tipe historiese taalverandering nie apart funksioneer van analogie as 'n kognitiewe prosesseringsmeganisme nie (Bybee, 2010b:72). McMahon (1994:90) sien ook die verband tussen analogie en mentale prosesse, en sluit aan by Bybee (2010b:63) wat uitwys dat meer frekwente, gekonvensionaliseerde frases dien as analogiese basis vir die vorming van nuwe frases.

Analogie is primêr gemoeid met die skakel tussen klank en betekenis, en word gevolglik dikwels gesien as 'n tipe huishoudelike toestel wat ten minste ván die gemors wat deur klankverandering (onder andere erosie) meegebring word, opruim deur regularisering (McMahon, 1994:70). Die konsep van regularisering wat deur analogievorming meegebring word is vir Deutscher (2005:173) sentraal, aangesien dit een van die gevolge is van sprekers se ordesoekende verstande se spontane pogings om sin te maak van die chaotiese wêreld rondom hulle. Die vermoë om patrone te kan uitken is nie net krities wanneer 'n vreemde taal aangeleer word nie, maar dit is net so belangrik wanneer jong kinders hulle moedertaal aanleer (Deutscher, 2005:174).

Daar word tradisioneel twee tipes analogievorming uitgeken, naamlik analogiese normalisering ("analogical levelling") en analogiese uitbreiding ("analogical extension") – normalisering behels die verlies van alternasie in 'n paradigma, en uitbreiding is wanneer spesifieke alternasie oorgedra word na 'n paradigma waar dit nie voorheen teenwoordig was nie (Bybee, 2010b:66). Beide uitbreiding en normalisering kom voor wanneer 'n konstruksie toegepas word op items wat voorheen in 'n ander konstruksie deelgeneem het (Bybee, 2010b:69).

In analogiese normalisering verloor 'n paradigma wat alternasie toon daardie alternasie, en word dit geregulariseer (Bybee, 2010a:958). Normalisering is nie die verandering van 'n ou vorm nie, maar die vorming van 'n nuwe vorm (Bybee, 2010a:959); dit verduidelik waarom daar wisselvorme vir sekere woorde kan bestaan, byvoorbeeld *doktors* / *doktore* teenoor *dokters*, waar een van die vorme ouer kan wees, en die ander deur middel van analogie op grond van ander wyses van meervoudsvorming kon ontstaan het. Volgens Bybee (2010a:959) versprei normalisering op leksikale vlak, en is dit waarom onreëlmatighede steeds altyd gevind word veral in konstruksies met hoë gebruiksfrekwensie wat, soos vroeër verduidelik, strukturele verandering weerstaan.

Analogiese uitbreiding is wanneer 'n paradigma wat voorheen geen alternasie bevat het nie, alternasie in vorme begin toon, of van een alternasie na 'n ander verander (Bybee, 2010a:962). 'n Voorbeeld hiervan is die Afrikaanse werkwoord *bring* wat vroeër die stamvokaal *br̥eng* geneem het, later gewissel het tussen *br̥eng* en *br̥ing*, en toe finaal oorgegaan het na *br̥ing* (Kirsten, 2013:68-9). Dit word algemeen aanvaar dat uitbreiding heelwat minder algemeen is as normalisering (Bybee, 2010a:963).

'n Verdere taalveranderingsproses is heranalise ("reanalysis"). Dit word nie gesien as 'n proses wat op sigself spesifieke veranderinge meebring nie, maar eerder as 'n mentale proses wat saam met ander prosesse werk om grammatikale verandering mee te bring. Croft (2000:120) beskryf vorm-funksie-heranalise as sintagmaties: "it arises from the

(re)mapping of form-function relations of combinations of syntactic units and semantic components", hoewel dit ook oënskynlik paradigmadiese resultate kan hê. Traugott en Trousdale (2010:35) beaam dat heranalise ten minste gedeeltelik sintagmaties geskied, terwyl analogie paradigmadies te werk gaan. Sommige taalkundiges reken dat heranalise betrokke is by alle strukturele of grammatikale taalverandering (Croft, 2000:140; Traugott & Trousdale, 2010:33) en Traugott en Trousdale (2010:39) gaan selfs so ver as om te beweer "...there is no change without reanalysis."

'n Verdere proses wat heelwat raakpunte met heranalise het, is die hantering van disfunsionele verskynsels van tale in die proses van verandering, naamlik eksaptasie. Lass (1990:81) stel die model van organiese eksaptasie voor vir die gebeurtenis tydens taalevolusie wanneer verskynsels uitgedien geraak het in 'n veranderende linguistiese struktuur en omgewing, en dan aangewend word vir 'n ander, nuwe doel. Rosenbach (2010:172) sluit daarby aan deur te beweer dat diachroniese verandering 'swakpunte' in die taal ontgin. Croft (2000:69) wys uit dat daar selde indien ooit werklike gapings in uitdrukkingsmoontlikhede in tale is, en dat dit nie taalverandering dryf nie, aangesien daar gewoonlik verskeie maniere is om dieselfde ding te sê en linguistiese sisteme dus nie elegant-simmetries is nie (Croft, 2000:70). Hierdie is egter nie teenstrydig met Lass se bewering nie – 'n verskeidenheid van uitdrukkingswyses bevestig juis dat daar oortolligheid is, wat die potensiaal vir disfunksie en gevolglike eksaptasie daarstel (Lass, 1997:313).

Lass (1997:315) verwys na linguistiese rommel ("linguistic junk"); dit ontstaan gedurig as gevolg van taalverandering wat oortolligheid meebring, en die nut van sekere verskynsels uitdien, en dan gebeur daar een van drie dinge met hierdie rommel: dit word net so gelaat (byvoorbeeld die tweede "nie" in die dubbel negatief in Afrikaans), daar word van ontslae geraak (byvoorbeeld die afname in die kombinasie *was gewees*, sien hoofstuk 4), of dit word herwin vir 'n nuwe doel (byvoorbeeld die Afrikaanse attributiewe *-e* wat voorheen verwant was aan die gender van die naamwoord en die aard van die bepalings, in chaos verval het met die verlies van die gendersisteem, en toe aangepas is as attributiewe suffiks; sien Lass, 1990:88-91 vir meer besonderhede) (Lass, 1997:317). Tale blyk al drie hierdie strategieë te gebruik, en die laaste verwys na eksaptasie (Lass, 1997:317). Lass (1990:98; 1997:318) wys verder uit dat selfs verskynsels wat steeds 'n sinvolle funksie vervul, soms geëksapteer kan word vir verdere funksies, en dat alle aanpassings wat gemaak word in taalverandering nie eksaptasie is nie (soos analogie) (Lass, 1990:82).

Die dieperliggende kwessie wat eksaptasie kan help uitklaar, is dat taalkundiges al in die verlede beweer het dat taalverandering gedryf word deur die menslike verstand se afsku vir doellose variasie; in werklikheid is tale egter deurspek met 'doellose variasie' (Lass, 1997:344). Soos reeds genoem, is eksaptasie maar één van die wyses waarop oortolligheid

hanteer word in taal, maar soms word dit net so gelaat vir eeue (Lass, 1990:99). Verder wys Lass (1997:350) op die sinneloosheid van die argument dat mense in taalverandering 'stukkende' dele kan 'regmaak', maar nie kan vermy om enige dele te 'breek' om mee te begin nie – as taalverandering daarop gemik is om tekortkominge in die taalsisteem reg te stel, hoe ontstaan hierdie tekortkominge om mee te begin? Dit wys (a) op die sinneloosheid daarvan om taalverandering in teleologiese terme te konseptualiseer, en (b) waarom verskillende maar verwante variëteite verskillend ontwikkel met verloop van tyd.

'n Laaste taalveranderingsproses wat in hierdie afdeling bespreek word, is 'n selfs meer komplekse en omvangryke proses as die bogenoemdes, genaamd *grammatikalisering*. Grammatikalisering word gewoonlik gedefinieer as die proses waardeur 'n leksikale item of opeenvolging van items 'n grammatikale morfeem word, waartydens die verspreiding en funksie van die item verander (Bybee, 2010a:964). Dit word verder beskryf as die mees deurdringende proses waardeur grammatikale items en strukture geskep word (Bybee, 2010b:106). Traugott en Trousdale (2010:38) wys egter daarop dat grammatikalisering nie gereduseer kan word tot enige een meganisme van taalverandering nie, en McMahon (1994:161) sluit hierby aan deur dit te beskryf as "a directional syndrome of related changes".

Een van die opspraakwekkendhede van grammatikalisering is die bewering dat dit universeel is (byvoorbeeld Bybee, 2010a:966 en 2010b:107), en ook slegs in een rigting geskied ("unidirectionality") (byvoorbeeld Bybee, 2010a:975-6). Die konseptualisering van grammatikalisering as 'n eenrigtingproses sluit ook aan by die daarstel van grammatikaliseringsroetes ("grammaticalization paths"), wat slegs in een spesifieke rigting geskied, maar volgens dieselfde algemene roetes in onafhanklike en onverwante tale (Bybee, 2010a:967). Volgens Haspelmath (2004:37) is daar heelwat aanslae op die enkelrigting van grammatikalisering, maar hy glo dat, ten spyte van enkele voorbeelde van veranderings wat een tree gee in 'n ander rigting as grammatikalisering, die enkelrigting van grammatikaliseringsroetes in beginsel steeds bly geld.

Bybee (2010b:106, 109) plaas die lokus van beskrywing van grammatikalisering in die konstruksie (soos omskryf in die teoretiese bespreking), aangesien grammatikalisering van leksikale items binne-in spesifieke konstruksies geskied, en dan nuwe konstruksies tot gevolg het (Bybee, 2010a:965). Die fokus op konstruksies is ook 'n gevolg daarvan dat grammatikalisering manifesteer in fonetiek, morfosintaksis, semantiek en pragmatiek (Bybee, 2010b:109; McMahon, 1994:161) en nie bloot in een van die tradisionele grammatikale vlakke plaasvind nie, en McMahon (1994:161) kom tot die gevolgtrekking dat grammatikalisering "the cross-componential change *par excellence*" is. Die elemente in konstruksies wat grammatikaliseer word al hoe meer in mekaar versmelt, en die interne

struktuur van die konstruksie is geneig tot redusering (Bybee, 2010a:972). Dit ondersteun die argument dat grammatika, en spesifiek sintaksis, nie outonoom is soos wat strukturaliste en spesifiek generatiewiste beweer nie (Croft, 1995:517-8), maar dat linguistiese eenhede, oftewel konstruksies, op verskeie grammatikale vlakke gevorm kan word, en tussen daardie vlakke kan beweeg (Croft, 1995:521-2).

Die proses van heranalise wat vroeër beskryf is, word ook met grammatikalisering verbind. Aan die een kant beweer byvoorbeeld Van Gelderen (2010:129) dat die mikrostappe wat grammatikalisering uitmaak suggereer dat grammatikalisering in werklikheid heranalise is, terwyl Bybee (2010a:974) weer waarsku teen die reduksie van grammatikalisering na blote heranalise, aangesien dit die belang van gebruiksgebaseerde faktore ontken en die siening van grammatika as 'n diskrete entiteit beklemtoon. Bybee (2010a:973) dui aan dat heranalise wel 'n komponent van grammatikalisering is, en dat die stukrag agter heranalise eintlik grammatikalisering is – die meeste voorbeelde van heranalise in die literatuur betrek groter samesmelting van die komponente van 'n konstruksie, en verandering van 'n leksikale na 'n grammatikale kategorie (Bybee, 2010a:974).

Daar is 'n aantal tekens van grammatikalisering wat tipies sal opduik in korpusdata, en waarvoor daar in hierdie studie opgelet word:

- Verspreiding van 'n item verander (Bybee, 2010a:964), soos wat veral die funksie van die item verander.
- Verskillende elemente versmelt in mekaar, en/of die interne struktuur van 'n item of konstruksie reduceer tipies (Bybee, 2010a:972).
- Die betekenis van 'n item of konstruksie verbleik, en verloor aspekte van die oorspronklike leksikale betekenis (McMahon, 1994:160).
- Die grammatikaliserende item word tipies al hoe minder selfstandig (Trousedale & Traugott, 2010:3).
- Die een beginsel wat die bogenoemdes saambind is, uiteraard, dat die item of konstruksie toenemend grammatikaal van aard word – al die bogenoemde prosesse is nie noodwendig op elke stadium by elke grammatikaliserende konstruksie sigbaar nie, maar die een eienskap van grammatikalisering wat ononderhandelbaar is, is dat die konstruksie al hoe meer grammatikaal word.

Terwyl daar dus 'n aantal verskillende taalveranderingsprosesse onderskei kan word, is die onderskeid egter nie altyd so eenvoudig of duidelik nie, en wil dit blyk dat taalverandering 'n komplekse verskynsel met vele moontlike aspekte en bydraende faktore is. Een van die meer problematiese aspekte in die beskrywing van taalverandering, naamlik die onderskeid

tussen die ontstaan en verspreiding van taalverandering, gaan vervolgens in meer diepte uit die literatuur ondersoek word.

2.3.3.3 Onderskeid: ontstaan en verspreiding van taalverandering

Croft (2000:31, 185; 2001:366) dui aan dat taalverandering, soos enige evolusionêre verandering, uit twee stappe bestaan – die oorsprong van die verandering, of "altered replication", of innovasie, en die verspreiding van die verandering, of "differential replication", of propagering (Croft, 2000:185). Aangesien daar in die beskrywing van spesifieke taalveranderinge, of taalveranderingsprosesse, dikwels slegs aan een van dié twee aspekte aandag gegee word, is dit belangrik om te bepaal wat presies die onderskeid is, en hoe dit die sinvolle beskrywing en verklaring van taalverandering raak.

McMahon (1994:11, 44) tref 'n duidelik onderskeid tussen wat sy noem die kwessie van aanvang, en die kwessie van transmissie of verspreiding, en sy wys daarop dat taalkundiges dikwels in staat is om die verspreiding van 'n verandering te verduidelik, maar nie antwoorde het vir die ontstaan van 'n verandering nie (McMahon, 1994:225). Byvoorbeeld Lass (1997:326) sê dat die "classic 'actuation' problem" nie werklik 'n probleem is nie; hy beskryf die ontstaan van verandering bloot as "copying error" (Lass, 1997:112), en fokus op die verloop van verandering en die verklaring daarvan.

Croft (2000:31) beweer egter dat 'n teorie van taalverandering die kousale meganismes vir beide hierdie stappe in die proses behoort te stel, en doen dit dan in sy eie teorie deur middel van die evolusiemodel (Croft, 2000:37). Croft (2000:3) modelleer die verskillende stappe in die proses deur middel van veranderde replikasie ("altered replication") en differensiële replikasie ("differential replication") – veranderde replikasie produseer variante van 'n struktuur, en differensiële replikasie is die verskuiwing in gebruiksfrekwensie wat die verspreiding van hierdie variante aandui.

Croft (2000:8) noem dat die meganisme agter innovasie funksioneel is, naamlik fonetiese en konseptuele faktore (Croft, 2000:38), en verbind innovasie met die uitdrukking van betekenis in grammatikale vorm (Croft, 2000:115). Deutscher (2005:266) sluit daarby aan deur innovasies toe te skryf aan plaaslike, kleinskaalse sake, soos om moeite te bespaar (byvoorbeeld in erosie), of een patroon op 'n ander te modelleer (byvoorbeeld in analogie). Hy beweer dat innovasies altyd gebaseer is op 'n herwinningsbeginsel, wat reeds bestaande entiteite aanwend vir nuwe doeleindes (Deutscher, 2005:261). Mufwene (2008:23) voltooi die prentjie deur innovasie in terme van sy raamwerk van taalevolusie te beskryf, en betrek die interaksie van die eksterne ekologie van 'n taal met die interne struktuur by die oorsake van taalverandering.

Innovasie produseer dan veranderlikheid – 'n konsep wat sentraal staan in die verspreiding van verandering. Poplack *et al.* (2012b:251) vermeld dat variasie altyd 'n voorvereiste vir verandering is, maar dat dit nie met verandering self verwar moet word nie; intendeel, hulle beweeg weg van die oortuiging dat variasie verandering *is* (Poplack *et al.*, 2012a:204). Soos wat Trudgill (2002:41) dit stel: variante mag *moontlik* die vroegste stadia van taalverandering aandui.

Labov (2010:369) beweer dat taalverandering nie net skakel met variasie nie, maar dat dit selfs parasities daarop teer, en Poplack *et al.* (2012b:251) beskryf die moontlikheid van 'n lang oorgangsperiode ná innovasie waartydens een variant in kompetisie is met 'n ander, en wat sinchronies as variasie manifesteer. Deutscher (2005:68) sluit hierby aan deur die voortgang van taalverandering gelyk te stel met verandering in die frekwensie van kompeterende variante.

Die verspreiding (al dan nie) van 'n linguistiese variant wat deur middel van innovasie tot stand gekom het, behels dan propagering en seleksie. Volgens Croft (2000:166) is die meganisme vir propagering sosiaal, en het die patrone van propagering in sosiale populasies heelwat parallele met patrone van seleksie in biologiese populasies. Konvensie staan vir Croft (2000:98) sentraal in propagering, aangesien propagering in beginsel die vestiging van 'n konvensie is, omdat die eerste gebruiksevalle van 'n innovasie nog nie konvensioneel is nie (Croft, 2000:100).

Meganismes vir seleksie moet onderskei word van meganismes vir onveranderde replikasie – onveranderde replikasie betrek geen meganismes van verandering nie maar slegs die behoud van konvensie, terwyl seleksiemeganismes differensiële replikasie behels, dit wil sê die keuse van replikasie tussen verskillende variante wat reeds met innovasie tot stand gekom het (Croft, 2000:73). Innovasies word dus versterk deur middel van gebruik, om deel van 'n spreker se mentale kennis te word (Croft, 2000:186). Volgens Mufwene (2008:17) vind die kompetisie en seleksie van variante of kenmerke in sprekers se verstand plaas, alhoewel die kenmerke van verskeie sprekers of selfs ander taalsisteme ontvang kan word. Seleksie neem dikwels nie die kompetisie in geheel weg nie, maar beslis dit slegs in terme van dominansie (Mufwene, 2008:19-20). Gevolglik versprei verskillende innovasies ook nie teen dieselfde tempo nie, en dra alle innovasies nie dieselfde gewig by sprekerpopulasies nie (Mufwene, 2008:62). Mufwene (2008:66) merk verder op dat baie innovasies nooit eers begin versprei nie, aangesien dit deur geen ander spreker as die innoveerder gebruik word nie.

Mufwene (2008:119) keer terug na die idiolek as repliseerder om verspreiding en seleksie te verklaar, hoewel hy erken dat vanuit 'n historiese perspektief daar tog na

populasies en sisteme geëkstrapoleer word. Inter-idiolektiese variasie dwing sprekers om seleksie tussen kenmerke uit te oefen, en dit manifesteer onder andere in hoe sprekers mekaar akkommodeer in verskillende kommunikatiewe netwerke (Mufwene, 2008:126). Individuele sprekers se seleksies vorm dan gesamentlik die gemeenskap se algehele seleksies, wat weer terugkeer na die verskeie interne en eksterne ekologiese faktore wat die kompetisie en seleksie in 'n gemeenskap se kenmerkpoel beïnvloed (Mufwene, 2008:183); Mufwene (2008:90) beweer dat ekologie finale beslissings maak oor kompetisie, selfs wanneer variasie bloot in stand gehou word.

Hierdie afdeling het tot dusver gefokus op sogenaamd natuurlike taalveranderingsprosesse, wat geld vir alle tale ten alle tye. Daar is egter ook moontlik onnatuurlike taalverandering, naamlik standaardisering, wat baie kortliks in die volgende subafdeling bespreek gaan word.

2.3.3.4 Onnatuurlike verandering?

Laitinen (2004:248) beweer dat wanneer tale (variëteite?) bestudeer word wat gestandaardiseer is, tale geanaliseer word wat ten minste gedeeltelik kunsmatig is. Aangesien Afrikaans 'n volledig gestandaardiseerde variëteit het, wat redelik onlangs eers tot stand gebring is (nie eers 'n volle eeu gelede nie), het hierdie bewering moontlik omvangryke implikasies vir die beskrywing van veranderinge in Afrikaanse taalgebruik.

Laitinen (2004:247) maan die taalkundige om in ag te neem hoe die taal wat bestudeer word, beïnvloed is deur standaardisering, en om ook die omvang daarvan op die spesifieke data wat gebruik word, in ag te neem. Verder moet die taalkundige ook vra wie se ideologiese tendense of linguistiese waardes bestudeer word wanneer standaardtale geanaliseer word (Laitinen, 2004:248; Mair, 2006:5). Preskriptiewe kodifikasie verwyder dikwels emosionele of subjektiewe betekenis uit standaardtale (Laitinen, 2004:249), en is in wese die onderdrukking van opsionele variasie (Mair, 2006:5). Hierdie onderdrukking van variasie is die belangrikste kontras tussen standaardisering (beplande taalverandering) en onbeplande taalverandering, aangesien variasie 'n noodwendige gevolg van laasgenoemde is.

Mair (2006:158) herinner dat daar in alle standaardiserings 'n funksioneelgemotiveerde element is wat nie kontroversieel is nie, hoewel dit dikwels heelwat verder gevoer word as wat prakties nodig is, en soms tot bitter sosiale kontroversie aanleiding gee. Boonop het standaardisering ook die gevolg dat dialekkontinuums, wat interdialekkommunikasie tussen aangrensende dialekte vergemaklik, verbreek word (Trudgill, 2002:30).

Ongeag die kontroversie wat standaardisering omring, het dit 'n onbetwisbare invloed op die verandering in 'n taal met 'n standaardvariëteit. Curzan (2014:8) wys egter daarop dat

standaardisering en preskriptivisme bloot 'n formalisering en institusionalisering is van 'n neiging wat meer algemeen in spraakgemeenskappe oor die wêreld heen voorkom – dat party sprekers, tipies met hoë aansien en/of gesag, vir ander sprekers aandui hoe hulle behoort te praat. In daardie lig sien sy standaardisering en preskriptivisme nie as onnatuurlik nie, maar bloot as nóg een van die faktore om te betrek wanneer taalverandering verklaar word (Curzan, 2014:8), wat inpas by die sosiale inbedding van taalgebruik en -konvensies. Sy waarsku verder dat 'n binêre natuurlik-onnatuurlik-onderskeid dikwels gewoon nie nuttig is wanneer taalkundiges dink oor die verhouding tussen preskriptivisme en taalgeskiedenis nie (Curzan, 2014:10). Die feit van standaardisering en preskriptivisme, dus van doelbewuste, gekodifiseerde verandering of opposisie teen verandering, en doelbewuste variasiereduksie, moet dan sover as moontlik in ag geneem word wanneer veranderinge (of stabiliteit) in 'n gestandaardiseerde variëteit ondersoek word, aangesien dit moontlik relevant kan wees om die oorsprong van 'n variant te bepaal, of die verspreiding daarvan (of gebrek aan verspreiding) te verklaar.

'n Verwante tipe verandering wat soms beskryf word as selfs meer kunsmatig as grammatikale preskriptivisme, is die preskriptiewe riglyne vir nie-seksistiese taalgebruik (Curzan, 2014:122). In Engelse taalgebruik het enkelvoud generiese voornaamwoorde 'n lang en kontroversiële geskiedenis van preskripsie – eers is die manlike vorm voorgeskryf sedert die agtiende eeu, en in die 1970's het kombinasievorme soos *he* and *she* meer prominent geraak, en sedertdien is daar verskeie alternatiewe opsies verken (Curzan, 2014:129). Die preskripsie van eers die manlike vorm, en meer onlangs nie-seksistiese vorme, is nog 'n manifestasie van die sosiale inbedding van taalgebruik, asook 'n illustrasie van die mate van sukses wat preskriptiewe riglyne kan behaal. Curzan (2014:120) beskryf hierdie tipe proses as 'n tweerigtingproses:

In other words, the feminist push for nonsexist terms – be those pronouns or nouns – eventually infiltrated the editorial boards that create these kinds of manuals and influenced the prescriptions. Change in prescriptions resulted in more nonsexist language in publications. More nonsexist language in publications changed what people read and saw as acceptable for formal usage, which has the power to influence standards of acceptability for spoken usage as well.

Dit bring weer na vore tot hoe 'n mate preskripsie taalgebruik kan beïnvloed, asook die verskil in die mate en/of tempo van invloed op formele (tipies geskrewe) en informele (meer tipies gesproke) taalgebruik onderskeidelik. Taalgebruikers is baie meer geneë om preskriptiewe riglyne na te volg in formele taalgebruik, terwyl dit nie noodwendig van belang is in informele taalgebruik nie (Laitinen, 2004:250). Dit beïnvloed die verspreiding van taalverandering potensieel – veranderinge word dikwels eers gevestig in informele, veral gesproke, taalgebruik, waarna dit versprei na formele, geskrewe taalgebruik (Mair, 2006:29).

Dit beteken dat, indien 'n taalkundige taalverandering akkuraat wil beskryf, hierdie verhouding tussen informele en formele taalgebruik, en tussen gesproke en geskrewe taalgebruik, deel moet vorm van die raamwerk waarbinne taalverandering ondersoek word. Hoe groot die verskil tussen informele en formele taalgebruik in 'n sekere opsig is, kan ook 'n aanduiding gee van tot hoe 'n mate 'n sekere gebruik bewustelik of onbewustelik is (Weerman *et al.*, 2013:356).

2.3.4 VERKLARING VAN TAALVERANDERING

2.3.4.1 Inleidend: goeie argumentasie

In die verklaring van historiese prosesse is absolute verduidelikings dikwels nie moontlik nie, en word verduidelikings wat berus op waarskynlikheid ("probabilistic explanations") gesoek (Croft, 2000:3; Lass, 1997:329). Verduidelikings van waarskynlikheid is besonder gepas wanneer populasies bestudeer word, en aangesien tale as populasies of spesies gesien word binne die raamwerk van taalevolusie, is dit ook gepas vir die beskrywing van taalverandering of taalevolusie (Croft, 2000:3). Fischer *et al.* (2004:13) herinner dat terwyl tendense ontdek kan word, elke konstruksie ook 'n eie geskiedenis het – die taalkundige moet 'n balans vind tussen algemene tendense en spesifieke besonderhede.

Volgens Lass (1997:327) is daar vier verskillende tipes verklaring wat van toepassing is in diachroniese taalkunde:

1. Kousale verduidelikings: X word verduidelik indien die empiriese konneksies wat dit teweeggebring het, gevind word.
2. Funksionele verduidelikings: X word verduidelik indien die doel wat dit in 'n sisteem verrig, gevind word.
3. Genetiese of historiese verduidelikings: X word verduidelik indien die voorafgaande toestand wat daartoe gelei het, gevind word.
4. Rationele verduidelikings: X word verduidelik indien die redes waarom iemand beweeg is om X te doen, gevind word.

Dit is sinvol om hierdie verskillende tipes verklarings in gedagte te hou wanneer taalverandering ondersoek word, aangesien daar verskillende verduidelikings vir dieselfde fenomeen gegee kan word. Daar kan moontlik vir sekere verskynsels meer en minder sinvolle tipes verklarings wees, hoewel elke tipe verklaring tekortkominge het en nie alleen die volledige prentjie kan skets nie. 'n Bewustheid van die moontlike verklaringstipes kan die taalkundige aanmoedig om die komplekse aard van taalverandering te erken, en enige vraag daaroor van verskillende hoeke af te benader ten einde so 'n volledig as moontlike prentjie te skep; of om bewus te wees daarvan dat slegs 'n sekere benadering gevolg is, en

nie die verklaring as volledig aan te bied nie. Verder, selfs al pas 'n verklaring netjies binne een van hierdie tipes, as dit 'n verklaringsbeginsel is wat lukraak aangewend of geïgnoreer kan word, met ander woorde dit verduidelik die bestaan van 'n verskynsel maar nie die afwesigheid daarvan nie, dra dit geen werklike verklaringswaarde nie (McMahon, 1994:331); so 'n verklaring behoort duideliker geformuleer te word, met meer besliste beperkings, of geïgnoreer te word as waardeloos.

Enige aannames moet ook as sodanig ontmasker word in verantwoordelike verklarings. Soos Joseph (2004:55) uitwys – aannames sonder bewyse gee slegs aanleiding tot spekulاسie, en nie verklaring nie. Byvoorbeeld, strukturele ooreenkomste tussen tale kan aan een of meer van vele faktore te danke wees, onder andere gemeenskaplike oorsprong, taalkontak of blote tipologiese toeval (Mufwene, 2003:276) – om die een aan te neem omdat dit op die oog af meer waarskynlik lyk, is nie verantwoordelike wetenskapsbeoefening nie, en al die moontlikhede behoort, ten minste in beginsel, oorweeg te word.

Daarmee saam moet die *bestaan* van 'n verskynsel nie verwar word met of gelykgestel word aan die *gedrag* daarvan nie (Poplack *et al.*, 2012b:248), maar behoort die gedrag (gebruikspatrone) in eie reg beskryf en verklaar te word. Byvoorbeeld, dit is nie voldoende om te sê *dat* die hulpwerkwoord *was* in plaas van *is* in Afrikaanse passiefkonstruksies gebruik word nie – 'n analise van die gebruiksfrekwensie en gebruikspatrone mag dalk verdere inligting gee oor hoe algemeen die gebruik is, en wat 'n moontlike grammatikale onderskeid tussen die gebruik van *was* en *is* is, wat die *bestaan* daarvan in 'n ander lig stel, en die gebruik daarvan motiveer of uitklaar.

Met hierdie verklarende beginsels in gedagte gaan die rol van taalgebruikers in die ontstaan en verspreiding van taalverandering vervolgens van naderby beskou word.

2.3.4.2 Die rol van taalgebruikers

Die rol wat sprekers of taalgebruikers vervul in taalverandering is iets van 'n tameletjie in taalkundige kringe, en 'n saak waaroor daar heelwat uiteenlopende standpunte te vinde is. Alhoewel die rol van taalgebruikers in die generatiewe raamwerk van min of geen belang is, word dit meer algemeen aanvaar in funksionele en kognitiewe raamwerke, aangesien grammatika aan taalgebruik en so per implikasie aan die taalgebruiker gekoppel word. Dit is egter nie vanselfsprekend dat alle taalkundiges wat taalverandering as evolusie beskryf, dieselfde rol aan die sprekers in taalverandering toeskryf nie.

Lass (1997:xviii) wil graag dat die sisteem (taal) en die gebruikers apart gehou word, veral ter wille van metodologiese helderheid. Hy sê pertinent dat hy nie mense as "language builders" ag nie, maar eerder as eindgebruikers van 'n sisteem; hy fokus dan nie in sy ondersoek op menslike individue of gemeenskappe nie, maar op *tale* as populasies (Lass,

1997:xviii). Hy beweer dat die sosiale perspektief op die meeste komplementêr tot die sisteemperspektief van taalverandering behoort te wees (Lass, 1997:386), aangesien taalverandering na sy mening gewoon nie onmiddellik die resultaat van menslike daad is nie, maar net in 'n sekondêre en onbelangrike sin (Lass, 1997:337). Hy beweer ook dat hoewel kommunikasie en betekenis sentraal staan in taalgebruik, dit nie sentraal staan in omvangryke strukturele taalverandering nie (Lass, 1997:324). Wanneer hy wel aan die onderwerp van sprekers raak, fokus hy dan op die populasie (in die verspreiding van veranderinge) en nie die individu nie (Lass, 1997:387).

Indien die linguisties-teoretiese raamwerk wat vroeër in die hoofstuk uiteengesit is egter in ag geneem word, kan die saak gewoon nie so eenvoudig wees nie. In gebruiksgesbaseerde teorieë geskied taalverandering juis deur taalgebruik (Bybee, 2010b:114; Visconti, 2004:186) en in voortkomende grammatika is die kwessie van gebruiksfrekwensie sentraal (Bybee, 2010b:12).

In daardie geval moet taalgebruikers wel gesien word as die agente vir taalverandering. Die meer problematiese besonderhede hiervan kom later aan bod, maar in beginsel stem 'n hele aantal taalkundiges saam in hierdie opsig. Mufwene (2008:11, 64) beklemtoon die agentskap van sprekers en kommunikatiewe daad van sprekers in taalverandering, en noem dat taalevolusie se fundamentele oorsprong gevind word in die seleksies wat sprekers maak tydens kommunikasie (Mufwene, 2008:126). McMahon (1994:8) sluit hierby aan met "speakers change languages", Croft (2000:4) sê dat taal nie self verander nie, maar mense verander taal deur hulle daad, en Deutscher (2005:61) stel ook die lokus van taalverandering in taalgebruikers, hoewel daar 'n onderskeid is tussen die gevolge van menslike taalgebruik en die bewuste seleksie van vorme.

Taalgebruik impliseer egter interaksie, so dit is nie noodwendig net die spreker wat betrokke is nie, maar ook die hoorder (Croft, 2000:89; McMahon, 1994:17). Daarom maan McMahon (1994:17) dat die wisselwerking tussen produksie en waarneming in taalgebruik nie verwaarloos moet word in die verklaring van taalverandering nie. Croft (2000:94) brei hierop uit deur daarop te wys dat persoonlike verhoudings ook linguistiese gevolge kan hê, aangesien dit gereelde spreker-hoorder interaksie tussen spesifieke groepe mense vestig. Trudgill (2008:277) verdedig 'n hoë mate van determinisme in die beginsel "praat soos ander praat" en die wedersydse akkommodasie wat dit teweegbring, en hy beweer dat sprekers se doelbewuste betrokkenheid by die verandering al dan nie van taal slegs relevant is in die rare gevalle waar groepe wat in gereelde interaksie is, se taalgebruik nie mettertyd konvergeer nie (Trudgill, 2008:278).

Al is taalgebruikers nie noodwendig doelbewus besig om taal te verander nie³ (Deutscher, 2005:260; Mufwene, 2008:71), speel patrone van interaksie 'n belangrike rol in taalverandering – taalgebruikers pas aan (of juis nie) by hulle mede-taalgebruikers vir 'n verskeidenheid van redes (Mufwene, 2008:64), dikwels sonder te veel agting vir die prestige of gebrek aan prestige van die variante of variëteite wat gebruik word (Mufwene, 2008:213). Die ander sprekers in 'n spraakgemeenskap kan as die omgewing gesien word waarbinne kommunikatiewe interaksie plaasvind, en op grond waarvan dit ook aangepas kan word (Croft, 2000:27; Mufwene, 2008:54). Die omgewing kan ook meer as die res van die spraakgemeenskap wees, en Mufwene (2008:250) verwys na die sosio-ekonomiese ekologie wat soms ook sprekers dwing om aanpassings, en dus veranderings, te maak (Mufwene, 2008:231).

Deutscher (2005:69) opper 'n belangrike vraag: aangesien taalverandering plaasvind in werklike taalgebruik en kommunikatiewe interaksie, hoe is dit dat taalgebruikers nie verwar word deur die voortdurende verandering nie? Hy vind sy antwoord daarin dat 'n spraakgemeenskap op enige stadium die vermoë het om 'n groot hoeveelheid variasie te akkommodeer, en in dieselfde hanteringsmeganisme van die sinchroniese variasie word ook diachroniese verandering hanteer (Deutscher, 2005:69). Diachroniese verandering is net vir 'n hedendaagse spraakgemeenskap vreemd omdat die moontlike variasie wat dit meegebring het, nie meer in die repertoire van die taalgebruikers beskikbaar is nie; die sprekers van die tyd het dit egter hanteer soos hedendaagse sprekers eietydse variasie hanteer (Deutscher, 2005:70).

Tot dusver in die bespreking oor die rol van die taalgebruikers het die meeste taalkundiges in breë trekke ooreengestem. Die een twispunt wat wel kop uitsteek, is of die fokus op die individuele taalgebruiker behoort te wees, en of dit op die spraakgemeenskap as geheel behoort te wees.

Aan die een kant is daar 'n aantal taalkundiges wat voorkeur gee vir die fokus op die spraakgemeenskap, en nie die individu nie (Croft, 2000:90; Labov, 2010:7; Poplack *et al.*, 2012b:248). Poplack *et al.* (2012b:248) beweer dat taalverandering nie in die verstand van die individu geskied nie, maar ontstaan en versprei deur gereelde interaksie in die spraakgemeenskap. Croft (2000:90) beklemtoon ook die kollektiwiteit van taalgebruik, en die belang van die konsep van 'n spraakgemeenskap (Croft, 2000:91). Aangesien Croft konvensie sentraal plaas in taalgebruik, pas dit ook in by sy fokus op die spraakgemeenskap met gedeelde konvensies wat kommunikasie moontlik maak (Croft, 2000:97). Ook Labov (2010:7) vermeld dat die individu nie die eenheid van linguistiese analise is nie, maar die

³ Taalgebruikers kan inderdaad taalgebruik doelbewus verander (Thomason, 2003:703), hoewel dit nie as die reël gereken word nie.

spraakgemeenskap, aangesien "the community is prior to the individual". 'n Bevestiging hiervan vir Labov (2010:7) is die verdeling van taal in dialekte of ander tale met verloop van tyd, wat nie binne 'n individu se eie taalgebruik alleen kan geskied nie.

Mufwene (2008:16), aan die ander kant, fokus ook op die individuele taalgebruiker. Terwyl hy erken dat patrone van evolusie slegs in die gemeenskaplike taalgebruik van 'n spraakgemeenskap waargeneem kan word, fokus hy op individuele sprekers omdat dit die kumulatiewe veranderinge van individue is wat taalverandering meebring (Mufwene, 2008:32). Hy wys verder uit dat taalverandering, of innovasie, deur individue geïnisieer moet word (Mufwene, 2008:67; sien ook Schøsler, 2010:212), en dat dit versprei deurdat ander taalgebruikers dit namaak of kopieer in hulle taalgebruik (Mufwene, 2008:61). Addisionele faktore soos populasiestruktuur bepaal ook die verspreiding van taalverandering (Mufwene, 2008:67), maar dit is die gedrag van individuele taalgebruikers wat gesamentlik die "drift" in Sapir se sin uitmaak (Mufwene, 2008:72).

Die belang van die individu lê vir Mufwene (2008:116) ook in die seleksie van die innovasies (wat reeds deur individue meegebring is), aangesien taalverandering die kumulاسie van soortgelyke individuele keuses behels, en daar geen gemeenskaplike seleksies gemaak word sonder individuele seleksies nie (Mufwene, 2008:173). In ooreenstemming met die eksemplaarmodel van grammatika, stel Mufwene (2008:170) die representasie van taal in die denke van die individuele spreker, en betrek hy selfs die rol van die individu se persoonlikheid (Mufwene, 2008:120) en unieke vaardighede (Mufwene, 2008:182) in die ontstaan en verspreiding van taalveranderinge. Ten spyte van hierdie fokus op individuele sprekers, sê Mufwene (2008:32) tog: "it is only at the communal level that important cross-idiolectal patterns of evolution emerge". Dus, terwyl die meganismes van taalverandering, en veral die aanvang van 'n verandering, in die individu gesetel is, is dit tog taalgebruik op gemeenskaplike vlak wat 'n taal vorm, en is dit die vlak waarop 'n verandering versprei, en taalevolusie waargeneem en beskryf word.

'n Verdere twispunt in die literatuur oor die rol van taalgebruikers in taalverandering, is of taalverandering plaasvind wanneer taal van een generasie na die volgende oorgedra word, met ander woorde tydens kindertaalverwerwing, of deurlopend tydens volwassenes se voortdurende taalgebruik. McMahon (1994:270) sien aan die een kant die nut daarin om parallelle tussen kindertaalverwerwing en taalveranderingsprosesse te trek. In die ander teorieë wat tot dusver betrek is, is die standpunt egter oorwegend dat kindertaalverwerwing en taalverandering nie soortgelyk is nie, en dat verandering nie tydens kinders se verwerwing van hulle moedertaal plaasvind nie, maar deur alle taalgebruikers se voortdurende taalgebruik (byvoorbeeld Mufwene, 2011:152). Bybee (2010b:115-6) beoordeel die beskikbare literatuur en data oor die onderwerp, en kom tot die gevolgtrekking

dat daar net soveel verskille as ooreenkomste is tussen taalverandering en kindertaalverwerwing, en dat kindertaalverwerwing dus nie die lokus van taalverandering is nie. Sy beweer dat die ooreenkomste wat daar wel is, nie is omdat kinders verantwoordelik is vir taalverandering nie, maar omdat kinders reageer op dieselfde faktore as volwassenes in taalverandering (Bybee, 2010b:116). Haar bevinding laat haar nie ontken dat nuwe generasies wel bydra tot taalverandering nie (Labov, 2010:9 sluit daarby aan), sy ontken slegs dat dit in die eerste plek deur middel van kindertaal geskied (Bybee, 2010b:118). Trudgill (2008) maak egter 'n saak vir die besondere rol van kinders in die vorming van nuwe dialekte in dialekkontaksituasies (soos wat tipies die geval was in nuutgevestigde kolonies), waar die beginsel van akkommodasie (veral tussen kinders) op 'n deterministiese wyse te werk gaan. Dit is egter van toepassing op 'n baie spesifieke tipe situasie, waar kinders van kleins af in deurlopende kontak is met variëteite anders as dié van hulle ouers, en waar 'n nuwe spraakgemeenskap met 'n nuwe, gemengde variëteit gevorm en gevestig word.

Haspelmath (2004:35) wys uit dat, indien 'n mens sou aanneem dat taalverandering tydens taalverwerwing geskied, dit moeilik sou wees om beperkings op veranderings te plaas, en dit eerder as lukraak beskou sou moes word. Die idee dat kindertaalverwerwing verantwoordelik is vir taalverandering is ook gebaseer op die aanname dat volwassenes se grammatikas vas en onveranderlik is (Croft, 2000:56), 'n aanname wat deur voortkomende grammatika en die eksemplaarmodel as problematies uitgewys is.

Met die rol van sprekers en die spraakgemeenskap wat voorlopig bespreek is, word daar vervolgens aandag gegee aan die onderskeid tussen interne en eksterne oorsake van taalverandering.

2.3.4.3 Interne en eksterne oorsake van taalverandering

Croft (2000:6) gee te kenne dat 'n omvattende raamwerk vir die verstaan van taalverandering beide *interne* en *eksterne* oorsake van taalverandering moet insluit. Interne oorsake van taalverandering is in die huidige literatuur nie besonder problematies nie, en die meganismes van interne verandering word oor die algemeen aanvaar. Eksterne oorsake van taalverandering is egter 'n bron van groter meningsverskille, hoewel die bestaan daarvan geensins ontken word nie. Lass (1997:184-5) verwys na die letsels wat alle tale het as gevolg van eksterne oorsake van taalverandering, en Fischer *et al.* (2004:10) noem *standaardisering* en *taalkontak* as voorbeelde van eksterne faktore in taalverandering.

Aangesien baie taalkundiges 'n aantal aannames maak oor hoe taalkontak aanleiding gee tot taalverandering, stel Poplack *et al.* (2012a:204) vyf kriteria om vas te stel of 'n spesifieke verskynsel veroorsaak is deur taalkontak:

1. die verskynsel moet in werklikheid 'n verandering wees;

2. die verskynsel was nie teenwoordig in die variëteit voor taalkontak nie;
3. die verskynsel is nie teenwoordig in 'n ander kontemporêre variëteit sonder taalkontak nie;
4. die verskynsel se gedrag is dieselfde as die geleende ekwivalent daarvan in die bronvariëteit; en
5. die verskynsel verskil op beduidende wyses van oënskynlik soortgelyke konstruksies in die ontvangertaal, indien daar is.

Hulle noem dan dat indien een van hierdie kriteria nie nagekom word nie, die verskynsel onder bespreking nie as taalverandering wat deur taalkontak meegebring is, beskryf kan word nie (Poplack *et al.*, 2012b:252). Aangesien Afrikaanse preskriptiviste gereeld verskeie gebruike in Afrikaans toeskryf aan invloed van Engels, sou hierdie stel kriteria moontlik nuttig kon wees om te bepaal of sekere verskynsels (a) verandering is, en (b) wel Engelse oorsprong het. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat dit net betrekking het op die oorsprong van 'n verandering, nie die verspreiding van 'n reeds-bestaande verskynsel nie.

Die saak is egter nie so eenvoudig nie – nie almal stem saam oor die strukturele onderskeid wat daar tussen interne en eksterne oorsake van taalverandering getref word nie. Mufwene (2008:30) skryf die sterk onderskeid tussen intern en ekstern gemotiveerde taalverandering toe aan die nalatenskap van die negentiende-eeuse ideologie van taalsuiwerheid, wat weer verwant is aan die ideologie van rassuiwerheid. Mufwene (2008:29) merk op dat ander taalkundiges die twee tipes verandering as verskillend in aard beskou, maar hy beweer dat die onderskeid eerder sosiologies van aard is (Mufwene, 2008:31, 58, 161).

Mufwene (2008:31) verenig die twee voorgestelde tipes taalverandering deur voor te stel dat die enigste tipe taalkontak wat voorkom, inter-idiolektiese taalkontak is. Hy noem verder dat alle oorsake van taalverandering ekstern aan die struktuur van taal is, in die kommunikatiewe daad van sprekers (Mufwene, 2008:31-2), en dat die aard van daardie kommunikatiewe keuses wat veral tweetalige sprekers maak (Mufwene, 2008:69) om ander sprekers te akkommodeer nie verander wanneer die verskille tussen sprekers se idiolekte oor taalgrense heen strek nie (Mufwene, 2008:161). Wat wel gebeur tydens taalkontak is dat die kenmerkpoel van sprekers potensieel meer variasie verkry (Mufwene, 2008:122), 'n mengsel van die tale in kontak word (Mufwene, 2008:152) en so heelwat addisionele kenmerke kan bykry uit 'n ander taal; hierdie verskil is egter eerder kwantitatief van aard, en nie kwalitatief nie (Mufwene, 2008:183). Beïnvloeding tussen tale kan ook meer subtiel wees – bo en behalwe owerste oordrag van 'n item uit een taal na 'n ander (wat meer kenmerke in Mufwene se terme na die kenmerkpoel bring), kan koverte oordrag ook plaasvind, veral waar tale in kontak soortgelyke konstruksies het (Kruger & Van Rooy, 2015). Koverte

oordrag is volledig kwantitatief van aard, waar soortgelyke konstruksies in verskillende tale deur twee- of meertalige sprekers saam gegroepeer word in die eksemplaarmodel, met 'n saamgevoegde frekwensie wat die konstruksie meer verskans ("entrench") as wat die geval sou wees as die spreker aan net een van die tale blootgestel is, en wat die gebruik daarvan toenemend kan aktiveer ten koste van ander ekwivalente (Kruger & Van Rooy, 2015).

Mufwene (2008:161) ontken nie dat daar enige verskille is tussen wat andersins beskryf word as interne en eksterne taalverandering nie, maar hy beweer dat die verskil in die altyd eksterne ekologie van die idiolek is, wat ander sprekers insluit, maar ook sosio-ekonomiese faktore. Hy glo dat die tradisionele onderskeid tussen intern en ekstern gemotiveerde verandering geen werklike lig werp op die meganismes van taalverandering self nie (Mufwene, 2008:161), en daarom nie sinvol is om vol te hou nie. Om Mufwene se siening saam te vat: hy ontken nie dat taalkontak plaasvind nie en hy ontken ook nie die rol van taalkontak in taalevolusie nie; wat hy wel betwyfel, as dat taalverandering wat deur taalkontak meegebring word, anders *verloop* as ander tipes taalverandering. Hierdie siening van Mufwene kan ook verbind word met die rol van die spreker in sy teorie – in die lig van sy fokus op die individuele taalgebruiker en die rol van die idiolek, is sy aandrang op die eendersheid van die meganisme wat interngemotiveerde en eksterngemotiveerde sinvol, aangesien die onderskeid op die vlak van die individu wel kunsmatig is.

Indien Mufwene se insigte oor die skerp onderskeid tussen interne en eksterne oorsake van taalverandering in gedagte gehou word, kan daar verder verantwoordelik ondersoek ingestel word na die hantering van die algemene verskynsel van taalkontak.

Ten spyte van sy aandrang daarop dat die onderskeid tussen interne en eksterne taalverandering eerder sosiologies as linguisties is, skroom Mufwene nie weg van die rol van taalkontak in taalevolusie nie – intendeel, hy beweer dat kontak 'n belangrike rol speel in die geskiedenis van alle tale (Mufwene, 2003:276). Hy glo dat dit moontlik is om die diversifikasie van tale regoor die wêreld toe te skryf aan populasiebeweging en taalkontak (Mufwene, 2008:31), en stel dat beide kontak en migrasie die kompetisie en seleksie van variante beïnvloed (Mufwene, 2008:25). Hy keer egter telkens terug na sy standpunt dat taalkontak in wese kontak tussen idiolekte is, al is dit van verskillende tale (Mufwene, 2008:119), en dat dit bloot veroorsaak dat daar addisionele variante tot die kenmerkpoel toegevoeg word waaruit sprekers kan kies om hulleself uit te druk (Mufwene, 2008:152).

Hoewel Croft nie so 'n sterk standpunt oor die beperkte onderskeid tussen interne en eksterne taalverandering inneem soos Mufwene nie, merk hy wel op dat sekere van die meganismes van interne taalverandering dieselfde geskied vir eksterne taalverandering, aangesien alle sprekers meer as een variëteit of kode beheers (Croft, 2000:8). Hy beskryf

die verskynsel van versteuring ("interference"), en noem dat dit geskied in tweetalige sprekers wat albei tale goed genoeg ken om konneksies tussen die tale te maak (Croft, 2000:145). Croft (2000:145) noem hierdie konneksies tussen tale intertaal-identifikasie ("interlingual identification"), wat afhanklik is van die spreker se vermoë om die sisteeminterne elemente van twee onderskeie linguistiese sisteme aan mekaar te kan verbind op grond van eksterne eienskappe. Hy skakel dit dan met die taalevolusieraamwerk, deur te noem dat intertaal-identifikasie die daarstel van 'n kognitiewe skakel tussen korresponderende lingueme van die twee tale is (Croft, 2000:146). Wanneer intertaal-identifikasie dan tot gevolg het dat eienskappe van een linguistiese sisteem na 'n ander oorgedra word, het versteuring plaasgevind (Croft, 2000:146). Hy verleng dieselfde meganisme na interne verandering deur uit te wys dat dit ook taalinterne innovasie veroorsaak, en hy hoem hierdie verskynsel "intraference" (Croft, 2000:148). Croft (2000) se sterker onderskeid tussen interne verandering en versteuring as Mufwene (2008) kan teruggetrek word na sy fokus op die taalgemeenskap en gemeenskaplike taalgebruik, teenoor Mufwene se fokus op die individu. Terwyl die eendersheid in meganisme sinvol is op die vlak van die individu, is die onderskeid tussen interne en eksterne *herkoms* van 'n lingueem belangrik op die vlak van gemeenskaplike taalgebruik en moontlike gevolglike strukturele veranderinge. In beginsel is Croft (2000) en Mufwene (2008) se benadering tot die onderskeid tussen eksterne en interne oorsake van verandering soortgelyk, hoewel Mufwene meer klem plaas op die kontinuïteit tussen die meganismes van interne en eksterne verandering, waar Croft duidelike onderskeid behou tussen wanneer die lingueme wat geïnnoveer word uit die taal self voortkom, of deur middel van versteuring vanuit 'n ander taal verkry word. Dit is wel opvallend dat die kwessie van beïnvloeding in Croft (2000) se hantering beperk word tot die herkoms van 'n lingueem, en nie hanteer word in terme van die verspreiding van 'n (moontlik selfs taalinterne) lingueem op grond van kontak met 'n ander taal nie. In hierdie opsig is Mufwene (2008) se benadering beter toegerus om nie net die oorsprong nie maar ook die verspreiding van 'n innovasie, of selfs 'n reeds bestaande lingueem, te verklaar.

Daar is 'n verdere moontlike oorsaak vir die verskil in fokus en hantering tussen Croft en Mufwene. Sekere elemente van hoe Croft taalkontak en -beïnvloeding hanteer impliseer dat hy 'n taal as 'n self-vervatte ("self-contained") sisteem van interafhanklike dele konseptualiseer (Milroy, 2012:572) – hy gebruik die konsep "*interference*", wat 'n konnotasie van onnatuurlikheid het, en hy praat van verskillende tale as onderskeie linguistiese sisteme wat met mekaar in kontak kom. Hierdie konseptualisering van tale as self-vervatte sisteme kom van baie navorsers se persoonlike ervarings van die nasionale tale van groot nasiestate, ten spyte van die baie situasies waarin die onderskeid tussen tale onduidelik is;

hierdie tipe situasies word dan as abnormaal gereken (Milroy, 2012:572). Dit vloei uit die taalkundige se primêre belangstelling in 'n taal as 'n sisteem wat intern koherent gestruktureer is, eerder as belangstelling in hoe sprekers suksesvol kommunikeer deur alle moontlike talige (en nie-talige) hulpbronne tot hulle beskikking te gebruik (Milroy, 2012:578). In werklikheid bestaan afsonderlike tale as gevolg van sosiale, geografiese, ideologiese of kulturele faktore, nie in die eerste plek taalverandering self nie (Milroy, 2001:541), en 'n nuwe taal kom tot stand wanneer 'n spesifieke variëteit 'n taal *genoem* word (Langer & Nesse, 2012:623). Verder word tale dikwels gereïfiseer in historiese linguistiek, asof daar 'n abstraksie of 'n idealisering bestaan wat duidelike grense het, 'n definieerbare en bepaalbare struktuur het, en die vermoë het om self van een toestand tot 'n volgende te transformeer (Milroy, 2001:551). Dit kan ook gesien word in die redelik monolitiese persepsie van 'n taal se geskiedenis, soos 'die' geskiedenis van 'Duits' of 'Engels' (Langer & Nesse, 2012:620). In hierdie opsig neem Mufwene 'n potensieel minder ideologies-beïnvloede werkswyse aan. Hy distansieer hom doelbewus van 'n eenvoudige en sistematiese onderskeid tussen verskillende tale, en verantwoord die gevolge van taalkontak in hierdie terme. Hiermee vermy hy om op 'n naturalistiese wyse tussen tale te onderskei (dus, asof die onderskeid tussen verskillende tale natuurlik en eenvoudig is), en neem hy die moontlike ineenvloeiing van verskillende tale in 'n individu se kennis in ag sonder om dit as abnormaal of onwenslik voor te hou. Terwyl dit vir praktiese redes nuttig kan wees om te onderskei tussen verskillende kodes of tale wat in kontak is met mekaar, is dit myns insiens ononderhandelbaar om deurlopend te verreken dat die onderskeid ten minste tot 'n mate arbitrêr en kunsmatig is, en dat wedersydse beïnvloeding natuurlik is en volgens "normale" kognitiewe prosesse van verandering geskied.

'n Verdere saak wat die kwessie van taalkontak en -beïnvloeding kan kompliseer, is die styl en kwaliteit van argumente wat dikwels aangevoer word ten gunste van beïnvloeding. Poplack *et al.* (2012a:203) wys op die algemene aanname dat grammatikale konvergensie of strukturele ooreenkoms 'n natuurlike gevolg van taalkontak is, tesame met die aanname dat wanneer twee tale geografies naas mekaar gebruik word, die minderheidstaal na aanleiding van die meerderheidstaal sal verander (Poplack *et al.*, 2012b:250). Daar word ook algemeen geglo dat oppervlakooreenkoms gewoon gelykgestel kan word aan strukturele ooreenkoms (Poplack *et al.*, 2012a:223), en gevolglik word konvergensie dikwels as so vanselfsprekend aanvaar, dat enige ander bewerings regverdiging verg (Poplack *et al.*, 2012b:247).

As eerste teenvoeter vir hierdie eensydige tendens, kan McMahon (1994:210) se stelling dat baie taalveranderinge verskeie oorsake kan hê, in ag geneem word. Verder hoef die konsep van taalbeïnvloeding nie summier verwerp te word nie, maar die empiriese data

en logika van argumentasie moet oorweeg word voordat dit gewoon aanvaar word (Poplack *et al.*, 2012b:253).

Lass (1997) wil graag bogenoemde strikke vermy, en stel 'n konserwatiewe benadering tot bevestiging van taalkontak as oorsaak van taalverandering in. Die eerste konsep wat vir hom belangrik is, is dat die ongemerkte vorm van linguistiese ouerskap partenogenies (slegs een ouer) is (Lass, 1997:109), wat beteken dat die bewyslas op enige ander moontlikheid berus. Hy is nie in beginsel gekant teen die idee van beïnvloeding nie, en dit blyk uit:

Some convergences are due simply to the limitations of morphogenetic space ... Others are due to clearcut diffusion (e.g. borrowing between languages in attested contact), or to inheritance from a common ancestor. Still other are problematical, since they are clearly not due to simple borrowing, but their clustering in particular geographic areas makes some kind of contact explanation plausible, though the mechanisms are not the same as in ordinary borrowing. (Lass, 1997:173)

Hy erken dus geredelik dat ontlening en beïnvloeding tussen tale plaasvind, hoewel hy dit as een van vele moontlike oorsake van ooreenkomste tussen tale stel. Hy noem verder dat hoe meer algemeen en intensief tweetaligheid in 'n gemeenskap is, hoe groter is die beskikbare moontlike ontlenings wat kan plaasvind (Lass, 1997:190).

Hy skop egter teen die geneigdheid om strukturele invloed aan te neem in intieme kontaksituasies – hy beskou dit as onbetroubaar op sigself, en vra dat daar heelwat agtergrondnavorsing bygedoen word voordat die waarheid daarvan aanvaar kan word (Lass, 1997:197-8). Hy waarsku dat beïnvloeding dikwels besonder voor die hand liggend voorkom, maar dat 'n vergelykende perspektief dit dikwels ontmasker as minder waarskynlik (Lass, 1997:200). Hy beklemtoon dat die blote feit van taalkontak nie regverdig dat dit 'n kousale rol toegeskryf word nie (Lass, 1997:202) en maan taalkundiges om dit slegs te aanvaar indien daar duidelike bewyse voor is (Lass, 1997:201) wat op geen ander manier verklaar kan word nie (Lass, 1997:207). Aangesien interne verandering in elk geval in elke taal plaasvind is die bewyslas vir verandering wat deur kontak meegebring word swaarder, veral aangesien daar geen verskil is in die tipe verandering wat intern of ekstern gemotiveer is nie (Lass, 1997:209).

Mufwene (2008) se meer inklusiewe siening van taalkontak het tot gevolg dat hy die kwessie met 'n ander aanslag hanteer. Hy beskou taalkundiges se algemene hantering van taalkontak en -beïnvloeding in die lig van die ideologie van taalsuiwerheid, en merk op dat taalkundiges klaarblyklik onbewustelik nog nie hierdie negentiende-eeuse mite van suiwer tale wat nie deur ander beïnvloed word nie, opgegee het nie (Mufwene, 2008:102). Dit is juis hierdie bagasie wat dan aanleiding gegee het tot die diepgaande aanname dat die uitkomst van interngemotiveerde verandering beduidend verskil van dié van eksterngemotiveerde verandering (Mufwene, 2008:110). Mufwene (2008:111) se antwoord hierop is weereens dat

taalkontak wel plaasvind, maar tussen idiolekte, en nie in die eerste plek tussen verskillende dialekte of tale nie. Hy beweer dat:

For whoever subscribes to a distinction between the structural peculiarities of internally and externally motivated change, it would be difficult to explain why internally motivated change occurs in the first place if language "transmission" proceeded wholesale among native speakers and there were no room for imperfect replication. (Mufwene, 2008:182)

Daar moet dus deurgaans gewaak word teen die konsep van suiwer tale, en taalkontak moenie in daardie lig beskou word nie.

Terwyl veral Mufwene (2008) en tot 'n mate Croft (2000) se konseptualisering van taalkontak en die onderskeid tussen interne en eksterne taalverandering netjies inpas by die linguisties-teoretiese perspektief van hierdie studie, en besondere verklaringsmoontlikhede bied vir die motivering agter en verloop van taalverandering, is dit tog sinvol om Poplack *et al.* (2012a, 2012b) en Lass (1997) se waarskuwings teen oorgretige aanname van taalbeïnvloeding (ten koste van die oorweging van moontlike alternatiewe of addisionele bydraende faktore) in gedagte te hou wanneer die gedrag van linguistiese verskynsels verklaar word.

2.3.4.4 Die kragte van taalverandering

Dat taal altyddeur verander, word algemeen aanvaar. Daar heers onder veral leke die persepsie dat taal aan die verval is en stelselmatig na 'n swakker toestand verander (Lass, 1997:341), en preskriptiviste en taalowerhede blaas hierdie persepsie aan (Deutscher, 2005:73). As die taalowerhede geglo kan word, is dit 'n wonderwerk dat taal nog nie verval het tot die gromme en bromme van ape nie (Deutscher, 2005:76). Selfs taalkundiges het vir lank hierdie siening gehandhaaf en die totale verval van taal gevrees (Deutscher, 2005:7). Alhoewel dit vanuit 'n hedendaagse linguistiese perspektief misplaas mag lyk, is dit tog sinvol om te vra hoekom hierdie siening vir so lank geseëvier het, en steeds aanhang geniet. Lass (1997:341) maak hierdie "romantic nonsense" af as die gevolg van "over-refined sensibility and lack of linguistic knowledge." Deutscher (2005:76, 111) het egter 'n meer simpatieke ingesteldheid, en wys deurgaans hoe prosesse van taalverandering op die oog af na strukturele verval kan lyk, maar onder die oppervlak 'n ander aard toon.

Deutscher (2005) verken 'n hele aantal moontlike argumente vir die begin van taalverandering, vir innovasie, wat dikwels voorheen deur taalkundiges en steeds deur leke aangevoer word, en kom telkens tot die besef dat dit afsonderlik en selfs gesamentlik onvoldoende is om die omvang van taalverandering te verantwoord. Hy kom dan tot die gevolgtrekking:

But if all these external reasons fail to explain the changes, then there must be something in language itself which makes it so unsteady. There must be something

inherently unstable in the very way in which we communicate, some element of volatility which drives language into a state of **inner restlessness**, and gives it itchy feet. (Deutscher, 2005:60-1)

Hy begin dan 'n ondersoek na hierdie verskillende kragte, wat hy noem die "forces of creation" van taal (Deutscher, 2005:8), wat deur verskillende motiewe aangedryf word, en wat aanhou om voortdurend aan taal te druk en te trek, wat veroorsaak dat taal nooit stilstaan nie (Deutscher, 2005:63). Hierdie kragte wat taal voortdurend verander, van die prehistoriese tyd af tot nou (Deutscher, 2005:112), kan wees wat Lass (1997:354) en Mufwene (2008:183) se "imperfect replication" veroorsaak, en dus die oorsaak van linguistiese innovasie is.

Deutscher (2005:62) identifiseer drie basiese motiewe vir en dryfkragte agter taalverandering: *ekonomie*, *ekspressiwiteit* en *analogie*. Hierdie drie beginsels, wat nie een spesifiek op die verandering van taal afgestem is nie, kan soos volg beskryf word (Deutscher, 2005:62):

1. *Ekonomie* verwys na die geneigdheid om moeite te bespaar, en is die dryfkrag agter die kortpaaie wat sprekers dikwels neem in veral uitspraak.
2. *Ekspressiwiteit* verwys na sprekers se pogings om die effek van hulle uitinge te versterk en die omvang van betekenisse uit te brei.
3. *Analogie* verwys na die verstand se drang vir orde, die instinktiewe behoefte van sprekers om reëlmaat in taal te vind.

Die eerste beginsel, *ekonomie*, omvat 'n hele versameling linguistiese moeitebesparingsmiddels wat die beginsel van die 'minste moeite' volg (Deutscher, 2005:88). Deutscher (2005:88) beweer dat mense veral in vinnige spraak geneig is om so min as moontlik energie aan uitspraak te wy – net genoeg dat die hoorder nog die betekenis kan uitmaak. Klanke kan dus mettertyd verswak, en selfs heeltemal verdwyn (Deutscher, 2005:88), wat in hoofsaak verwys na die proses van erosie wat vroeër onder taalveranderingsprosesse genoem is. Dit maak sin binne die gebruiksgebaseerde teorie van taal, wat juis in ag neem dat klanke geneig is om vinniger te verswak en verdwyn in taalvorme met 'n hoër frekwensie (Phillips, 2001:134). Dit vorm ook deel van een van die meganismes van grammatikalisering.

Mufwene (2008:151) verwys ook na die beginsel van minste moeite, maar in die konteks van kreolisering waar vreemde tale aangeleer word, en bedoel nie heeltemal dieselfde daarmee as Deutscher nie. Croft (2000:75) is versigtig om die beginsel van *ekonomie* te veralgemeen, en waarsku dat daar nie aangeneem kan word dat dit 'n outomatiese gevolg is van psigologiese prosesseringsmeganismes in taalgebruik nie. Die skakel met gebruiksgebaseerde teorie, en die algemene rigting van klankverandering wat in vele studies

(onder andere oor grammatikalisering) waargeneem kan word, wys egter dat hierdie beginsel tog 'n kans gegun behoort te word.

Om aan te beweeg na Deutscher se tweede beginsel – klaarblyklik verslyt betekenis net soveel soos klank in taalgebruik (Deutscher, 2005:97). Ironies genoeg vind hierdie verslyting plaas juis wanneer taalgebruikers hulleself kreatief wil uitdruk, of betekenis verhoog (Deutscher, 2005:97). Terwyl metafore dikwels met poëtiese taalgebruik geassosieer word, is dit in werklikheid ingewef in alledaagse taalgebruik – taalgebruikers is dit net só gewoond, dat dit nie meer opgemerk word nie (Deutscher, 2005:120; Lakoff & Johnson, 1999:125). Lakoff en Johnson (1999:123) verken die terrein van konseptuele metafore, en dui aan dat metafore nie slegs een manier is om taal te gebruik nie, maar essensieel is tot die manier waarop mense konsepte vorm. Die konsep van beliggaming ("embodiment") is van besondere belang in die interaksie tussen konseptuele metafore en taalgebruik (Lakoff, 1988:119). Lakoff en Johnson (1999:95) werk met die beliggaming van die rede, en stel die konsep van beliggaamde realisme ("embodied realism") bekend. Die kognitiewe onderbewuste is per implikasie ook beliggaam, en daarin word alle aspekte van taalprosessering onderlê (Lakoff & Johnson, 1999:103). Metafore se betekenis verander mettertyd, deur voortdurende gebruik, van konkreet na abstrak, en die funksie van die uitdrukking word dikwels daarmee saam verander (Deutscher, 2005:119; Lakoff & Johnson, 1999:124). Wat eens 'n lewendige, interessante metafoor was, gegrond op die konkrete betekenis van 'n woord of uitdrukking, word die alledaagse, hoewel abstrakte, nuwe betekenis (Deutscher, 2005:120; Lakoff & Johnson, 1999:124).

Deutscher (2005:128) beweer verder dat metafore van die konkrete na die abstrakte beweeg omdat taalgebruikers dit *benodig* – die enigste wyse waarop mense uitdrukkingsmoontlikhede kan verbreed, blyk te wees om abstrakte konsepte in konkrete terme uit te druk (Lakoff & Johnson, 1999:122). Dit sluit verskuiwings in soos van liggaamsdele na ruimtelike verhoudings, van fisiese nabyheid na besit, van gryp na begryp (Deutscher, 2005:142). Hierdie proses veroorsaak nie net dat metafore bestaande grammatikale elemente wysig nie, maar metafore se vermoë om inhoud na struktuur te verander is betrokke by die oorspronklike skepping van grammatikale elemente (Deutscher, 2005:143). Dit blyk dus dat metafore nie net die hoofbron van die leksikon is nie, maar ook die roumateriaal vir die struktuur van taal self verskaf (Deutscher, 2005:133). Die proses waarbinne hierdie krag dan dikwels manifesteer is grammatikalisering, waartydens woorde of konstruksies se betekenis verbleik en meer funksioneel en grammatikaal van aard word.

Ander taalkundiges stem in breë trekke met Deutscher en Lakoff en Johnson saam oor hierdie beginsel. McMahon (1994:167) skryf sekere aspekte van grammatikalisering toe aan taalgebruikers se kreatiwiteit wat met 'n beperkte reeks van linguistiese moontlikhede

uitgedruk moet word. Sy bevestig ook die beweging van hierdie beginsel in een rigting (McMahon, 1994:167). Croft (2000:76) erken ekspressiwiteit of kreatiwiteit as 'n meganisme wat taalverandering dryf, maar noem ook dat dit in kompetisie is met ikonisiteit, of die verhouding tussen vorm en betekenis (Croft, 2000:82).

Die derde beginsel, analogie, is die beginsel wat taalstruktuur 'red' van die 'blinde' kragte van erosie en ekspressiwiteit (Deutscher, 2005:177). Die menslike verstand is altyd op die uitkyk vir enige tekens van herhalende patrone, ook in taal, want hoe meer reëlmaat dit kan herken, hoe makliker is die massa linguistiese detail in 'n taal om mee te werk (Deutscher, 2005:177). Hierdie menslike geneigdheid verskaf die bepaalde element van reëlmaat wat in die beweging en verandering van taal waargeneem kan word (Deutscher, 2005:72). Terwyl die lukrake elemente van taalverandering altyd teenwoordig sal wees, is daar egter 'n onderliggende orde en sistematiek in taalverandering (Deutscher, 2005:72). Soos Deutscher dit opsom:

So while language may never have been invented, it was nonetheless shaped by the attempts of generations of speakers to make sense of the mass of details they have to absorb. (Deutscher, 2005:208)

Analogie as taalveranderingsproses is reeds in diepte bespreek, maar daar is tog 'n insig van Traugott en Trousdale (2010:38) om in gedagte te hou: daar moet tussen ontleding en interpretasie (die kognitiewe prosesse) as voorwaardes en potensiaal vir verandering, en die fisiese manifestasie van daardie voorwaardes in taalveranderingsmeganismes, onderskei word.

'n Laaste tema wat al die voorafgaande kragte van taalverandering saamsnoer, is of hierdie kragte opsetlik is of nie. Aan die een kant noem Labov (2010:244) dat ideologie taalverandering kan aanwakker of verhinder, en dit sal tipies plaasvind tydens standaardisering. Dit is dan wel 'n opsetlike proses, wat kan voortduur solank as wat preskriptivisme algemeen genoeg in die spraakgemeenskap aangehang word.

Aan die ander kant is daar Croft (2000:70) wat sê: "Speakers have many goals when they use language, but changing the linguistic system is not one of them." Croft (2000:66) onderskei tussen opsetlike en onopsetlike meganismes vir taalverandering in of die innovasie 'n middel tot 'n voorgenome doel is – die doel is egter effektiewe kommunikasie, en nie om taal te verander nie (Croft, 2000:65). Wanneer Croft (2000) dus handel oor die opsetlikheid of onopsetlikheid van taalveranderingsmeganismes, is die opsetlikheid nooit van toepassing op die feit van verandering nie, maar of die innovasie inherent 'n doel het, of onder die oppervlak van die bewussyn geskied. Daarom dat hy kan sê dat differensiële replikasie soms plaasvind *ten spyte van* die doel van die spreker (Croft, 2000:74). Gevolglik

is daar geen rede om teleologiese meganismes te betrek by die kragte van taalverandering nie (Croft, 2000:71).

2.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is eerstens linguisties-teoreties begrond – die Chomskyaanse fokus op *competence* eerder as *performance* is verwerp, en 'n gebruiksgebaseerde model van taal en grammatika aangeneem. Grammatika is beskou as *voortkomend*, met die *eksemplaarmodel* van Bybee wat gebruiksfrekwensie in die grammatika en in taalverandering sentraal plaas.

Daarna is die teorie van taalverandering aangepak. Eerste is taalverandering as evolusie beskryf, wat veral steun op Croft en Mufwene se konseptualiserings. Vervolgens is die prosesse van taalverandering beskryf, en die onderskeid tussen die ontstaan en die verspreiding van veranderinge (innovasie, en propagering en seleksie) is ondersoek. Ten slotte is daar aandag gegee aan die verklaring van taalverandering – nadat riglyne vir goeie argumentasie daargestel is, is die rol van taalgebruikers, interne en eksterne oorsake van taalverandering, en die verskillende kragte agter taalverandering beskryf en bespreek vanuit verskillende perspektiewe.

Deurgaans het Mufwene se teorie van taalevolusie, van tale as soortgelyk aan spesifiek virusspesies, van die idiolek as repliseerder en ook die lokus van taalkontak, nuttig geblyk. Dit skakel moeiteloos met die linguisties-teoretiese konsepte wat aan die begin van die hoofstuk aanvaar is, asook met die kragte van taalverandering aan die einde. Dit toon ook 'n interne konsistensie, en verskillende aspekte van taalverandering word telkens bevredigend vanuit dieselfde konsepte verklaar. Croft se teorie van taalevolusie, wat meer fokus op tale as populasies van uitinge, bied dieselfde rykdom van insigte, en balanseer Mufwene se fokus op individue deur telkens te fokus op die populasie as vlak van beskrywing. Dus is Mufwene se insigte veral nuttig vir die beskrywing van die meganismes van en kragte agter taalevolusie, terwyl Croft se insigte veral nuttig is vir die beskrywing van die verloop van spesifieke veranderinge. Hierdie insigte gaan deurgaans die basis vorm van die beskrywing en verklaring van spesifieke taalveranderinge, terwyl addisionele nuttige insigte vanuit ander teorieë natuurlik betrek sal word soos nodig.

HOOFSTUK 3: METODOLOGIE

"Anything complex enough to be interesting is multifaceted; one finds out different things by looking at different facets, without being obliged to claim (like the blind men and the elephant) that the facet is the whole gem." (Lass, 1997:384)

3.1 INLEIDING

Wetenskaplike ondersoek neem as vanselfsprekend dat data teorie vereis, en dat teorie data vereis – daar is 'n onderlinge, wedersydse en selfonderhoudende verhouding tussen die twee (Vincent & Börjars, 2010:279), soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui is. Teoretiese aannames en veronderstellings deurdring elke aspek van diachroniese ondersoeke, beide analities en metodologies (Patten, 2014:110), en dit lei daartoe dat sekere tipes verskynsels ondersoek word, en sekere tipes verklarings vir verskynsels gesoek word (Vincent & Börjars, 2010:296).

Buitetalige faktore, soos kulturele verandering of verandering in sosiale praktyke, mag soms relevant wees in die verklaring van taalverandering (Baker, 2009:330; Leech *et al.*, 2009:49), maar Mair (2006:38) en Biber *et al.* (1998:7) wys daarop dat terwyl dit handig kan wees om talige en buitetalige faktore te onderskei, daar in praktyk interaksie daartussen is. In die ondersoek van taalverandering is daar dus verskillende tipes faktore wat oorweeg kan word om die verandering te verklaar, onder andere talig en buitetalig. Die metode van ondersoek wat gebruik word moet dan hierdie tipes faktore, en enige ander wat moontlik relevant mag wees, kan verreken.

3.2 TEORETIESE KONTEKSTUALISERING

Binne die raamwerk van die kognitiewe linguistiek en gebruiksgebaseerde benadering is die gebruik van kwantitatiewe, of ten minste kwantifiseerbare, data besonder sinvol (Bybee, 2010b:12), in sterk teenstelling met die generatiewe raamwerk (Gisborne & Hollmann, 2014:3). Oor die afgelope 25 jaar of meer het eksperimentele en waarnemingsmetodes groot hoeveelhede data opgelewer wat 'n aantal aannames oor taal in twyfel trek: dat taal 'n hoogs modulêre sisteem is, dat mense 'n groot hoeveelheid aangebore struktuur vir taalaanleer besit, en die betroubaarheid van die hooftipe aanvaarbaarheidsbeoordelingsdata ("acceptability judgment data") (Gries, 2014:16). Daar is aangedui dat sintaksis tot 'n groot mate interaksie toon met fonologie, semantiek en nie-linguistiese kennis; daar is gedemonstreer dat die oënskynlik verarmde taaltoevoer (tydens aanleer) ryk is in probabilistiese struktuur, wat heelwat van die oënskynlik onleerbare goed heel leerbaar maak; daar is ook uitgewys dat die oordele wat gebruik word om sekere teoretiese

ontwikkelings te ondersteun, geensins onbetwis en onkontroversieel is nie, en dat dit vir meer betroubare data vra (Gries, 2014:16). Die konsep van probabilisme is belangrik, en dit betrek uiteraard gebruiksfrekwensie – die kumulatiewe effek van gebruiksfrekwensie is 'n dryfveer agter verandering, waar hoë en lae frekwensie verskillende uitwerkings het op linguistiese elemente se gedrag en verandering (Croft, 2000:3, 32; Deutscher, 2005:261; Leech *et al.*, 2009:90). Dit gee ook aanleiding daartoe dat taalverandering geleidelik en voortdurend is (Patten, 2014:91).

Hierdie geleidelike verandering manifesteer as sinchroniese variasie (Schøsler, 2010:216), hoewel die twee nie aan mekaar gelykgestel moet word, en die feit van sinchroniese variasie nie agterweë gelaat moet word ter wille van 'n fokus op diachroniese ontwikkeling nie (Leech *et al.*, 2009:210). Die voortdurende verandering, en verskeidenheid en variasie wat inherent is aan menslike taalgebruik gee ook aanleiding daartoe dat daar altyd meer as een manier is om dieselfde betekenis oor te dra, en mens kan aanneem dat daar altyd doeblette en oortoligheid op enige gegewe stadium in enige gegewe taal sal wees – taalsisteme is gewoon nie elegant-simmetries om mee te begin nie (Croft, 2000:70; McMahon, 1994:50; Reppen *et al.*, 2002:vii). Die metodologie wat gebruik word om taalverandering te ondersoek moet al die bogenoemde faktore kan verreken.

3.3 KORPUSLINGUISTIEK

3.3.1 WAT IS KORPUSLINGUISTIEK?

Korpuslinguistiek kan kortliks gedefinieer word as die studie of analise van taalgebruik deur die gebruik van elektroniese korpusse (Leech *et al.*, 2009:24). Op sigself kan korpusse niks oor taal meedeel nie, maar aangesien dit versamelings van elektroniese tekste is, kan dit deur sagteware aan elektroniese analises onderwerp word (Evison, 2010:122). 'n Korpus bevat dus nie noodwendig nuwe inligting oor taal nie, maar die sagteware bied 'n nuwe perspektief op die bekende (Biber *et al.*, 1998:234; Evison, 2010:122). In korpusanalise is die eerste twee stappe meestal (a) die opstel van 'n woordelys, wat volgens frekwensie of alfabeties gesorteer kan word, en (b) die generering van konkordansielyste, wat voorbeelde is van spesifieke items in konteks (Evison, 2010:122). Die betrokke sagteware laat toe dat enige item in die korpus gesoek word, en dat die resultate op die rekenaarskerm vertoon word – hierdie resultate staan bekend as konkordansies of konkordansielyste (Evison, 2010:129). "All the occurrences of the target item (or node word) are displayed, vertically centred, on the screen along with a preset number of characters either side" (Evison, 2010:129). Konkordansies is besonder handig omdat die lyne volgens verskillende veranderlikes gesorteer kan word, en na aanleiding daarvan word die identifisering van patrone vergemaklik (Evison, 2010:129).

Korpuslinguistiek word inherent gebaseer op frekwensie – óf op die vraag of iets enigsins in die korpus voorkom, óf op die vraag hoe gereeld iets voorkom – wat dit 'n distribusionele dissipline maak (Gries, 2014:17). Linguiste stel egter nie belang in die frekwensies as sodanig nie, maar in wat die distribusionele eienskappe van 'n element kan aandui in terme van strukturele, semantiese en pragmatiese eienskappe van die element (Gries, 2014:17). Verandering in frekwensie, dus kwantitatiewe verandering, kan ook aanleiding gee tot of dui op kwalitatiewe veranderinge in byvoorbeeld gebruikskonteks, semantiese nuanses, ensovoorts. Woorde of konstruksies is nie lukraak versprei in 'n korpus nie, wat statistiese analyses sinvol en relevant maak (Gries, 2014:25; Mair, 2011:6). Dit word ook soms beweer dat korpuslinguistiek meer empiries georiënteerd is as teoreties georiënteerd, waar bevindinge eerder van onder na bo afgelei word, as van bo na onder wat meer kenmerkend is van teoreties-georiënteerde benaderings (Leech *et al.*, 2009:31). Dit is waar tot die mate dat gevolgtrekkings op werklike gebruikdata gebaseer word, maar interpretasie en verklarings word steeds teoreties gesitueer (Leech *et al.*, 2009:31).

Verder maak korpusmetodes gebruik van rekenars se vermoë om vinnige, akkurate en komplekse analyses te kan doen, en hierdie kwantitatiewe data word dan deur die taalkundige verder kwalitatief en funksioneel geïnterpreteer (Biber *et al.*, 1998:5, 233; Conrad, 2010:229; Hunston, 2010:158). Korpuslinguistiek is nie 'n doel op sigself nie, maar bied aan verskillende areas van linguistiese ondersoek 'n beter metode van ondersoek, en is eerder 'n middel tot 'n doel (McCarthy & O'Keeffe, 2010:7). Die basiese eienskappe van korpusmetodes en -analises is soos volg:

- dit is empiries, en analiseer werklike gebruikspatrone in natuurlike tekste;
- dit gebruik 'n groot en gestruktureerde versameling natuurlike tekste, bekend as 'n korpus, as die basis vir analise;
- dit maak uitgebreid gebruik van rekenars vir analise, en gebruik beide outomatiese en interaktiewe tegnieke;
- dit steun op beide kwantitatiewe en kwalitatiewe analitiese tegnieke (Biber *et al.*, 1998:4).

Die korpusmetode is geneig om siklies te wees – "involving both a movement away from the data towards more abstract formulations (generalizations, hypotheses and theories), and a movement back to the data to seek further evidence for or against such formulations" (Leech *et al.*, 2009:31). Anders as in baie ander dissiplines word kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes uitgebreid in kombinasie met mekaar gebruik, en kwalitatiewe analises en funksionele interpretasies word gebruik om kwantitatiewe patrone te verklaar (Biber *et al.*, 1998:9; Leech *et al.*, 2009:32; Mair, 2006:34). Daar is geen absolute, onweerlegbare,

korpusgebaseerde bewerings oor taal nie, en feilbaarheid en waarheid-by-benadering is essensieel tot die korpusmetode (Leech *et al.*, 2009:31-32).

Die vraag ontstaan of korpusdata in dieselfde terme en op dieselfde wyse hanteer kan word as 'n teks (Tognini Bonelli, 2010:19). Daar is 'n mate van konsensus dat, ten spyte van die gedeelde oorspronklike beginpunt van korpus en teks, die hantering van die twee fundamenteel en kwalitatief in verskeie opsigte verskil (Tognini Bonelli, 2010:19). 'n Korpus is nie 'soos 'n teks, net meer daarvan' nie – dit bring baie verskillende tekste bymekaar, en kan nie verbind word aan 'n unieke en koherente kommunikatiewe gebeurtenis nie; gedeeltes in 'n korpus bly fragmente van tekste (Tognini Bonelli, 2010:19). Die belangrike bydrae van 'n korpus is in die patrone van herhaling en frekwensie, wat prioriteit kry bo die integriteit van die teks (Tognini Bonelli, 2010:19). Tognini Bonelli gee 'n lys aspekte op grond waarvan 'n teks en 'n korpus kwalitatief verskil:

Teks:	Korpus:
word gelees as geheel	word gelees gefragmenteerd
horisontaal	vertikaal (konkordansies)
vir inhoud	vir patroonmatigheide
as 'n unieke gebeurtenis	vir herhaalde gebeurtenisse
as 'n individuele daad	as 'n steekproef van sosiale praktyk
as <i>parole</i>	as uitbeelding van <i>langue</i>
koherente kommunikatiewe daad	nie koherent kommunikatief

Terwyl die integriteit van die teks in 'n korpus en in korpusmetodes verlore gaan, is daar wel die voordele van die herhaling van patrone en 'n kollektiewe voorstelling van taal-in-gebruik.

3.3.2 VOORDELE VAN KORPUSLINGUISTIEK

Een van die belangrikste voordele van die korpuslinguistiek is dat groot hoeveelhede taaldata in terme van gebruikspatrone geanaliseer kan word (heelwat meer as wat per hand moontlik is), terwyl daar tred gehou kan word met verskillende kontekstuele faktore (Biber *et al.*, 1998:3-4; Conrad, 2010:234; Reppen *et al.*, 2002:viii; Tognini Bonelli, 2010:20). Daar is twee tipes oogmerke met korpusondersoeke: om te bepaal tot watter mate 'n sekere patroon gebruik word, en om die kontekstuele faktore te bepaal wat die gebruik beïnvloed (Biber *et al.*, 1998:3). Rekenaars gee konsekwente, betroubare analyses – hulle verander nie van plan nie en word nie moeg tydens analise nie (Biber *et al.*, 1998:4). Verder is daar die interaktiewe komponent wat die menslike analis toelaat om moeilike linguistiese oordele uit te oefen terwyl die rekenaar sorg vir rekordhouding (Biber *et al.*, 1998:4).

Daar is 'n aantal vaardighede waaroor rekenaars beskik wat besonder handig is vir korpusanalise, aangesien 'n menslike analis heelwat meer feilbaar is in hierdie opsigte:

- rekenaars kan meer as een taak op 'n slag, of onmiddellik opeenvolgend, uitvoer (Scott, 2010:136);
- rekenaars is goed daarmee om getalle, stringe (teks) en rekords (datastrukture) te stoor, te lees en te wysig (Scott, 2010:138);
- rekenaars kan data vinnig en betroubaar alfabeties of numeries sorteer (Biber *et al.*, 1998:4; Scott, 2010:138);
- rekenaars onthou wanneer iets gedoen is (Scott, 2010:138); en
- rekenaars is goed daarmee om skakels tussen stukke inligting te stoor (Scott, 2010:138).

Daar is ook goed wat 'n rekenaar nie kan doen nie, wat juis menslike tekortkominge en vooroordele komplementeer – rekenaars kan nie besef wat dit besig is om te doen nie, rekenaars verkies nie een antwoord bo 'n ander nie, en rekenaars kla nooit nie (Scott, 2010:139). Hierdie eienskappe van rekenaars en rekenaarprogramme werk mee om menslike feilbaarheid en vooroordeel teen te werk, terwyl menslike oordeelsvermoë en diskresie behou word.

Een van die belangrikste komponente van menslike feilbaarheid waarvoor korpusmetodes 'n uitstekende korrektief is, is taalkundiges (en sprekers) se dikwels sterk intuïesies wat tog nie akkuraat of selfs enigsins korrek is nie, hoofsaaklik omdat 'n mens ongewone verskynsels makliker opmerk en onthou as gewone verskynsels, en dit 'n skeefgetrekte geheelbeeld van taalgebruik gee (Biber *et al.*, 1998:3; Bybee & Hopper, 2001:4; Reppen *et al.*, 2002:vii; Reppen, 2010:31). Verder word 'n korpus gewoonlik saamgestel uit verskeie tekste wat deur verskillende sprekers/skrywers geproduseer is, sodat die data en gevolgtrekkings nie gebaseer word op enkele sprekers se idiosinkratiese taalgebruik nie (Biber *et al.*, 1998:2; Reppen *et al.*, 2002:vii). Ook die opmerk van patrone in taalgebruik is moeilik vir 'n mens deur terloopse waarneming – herhaling in natuurlike gesprekke is kortstondig, vlietend, en maak dikwels nie genoeg van 'n indruk om opgemerk te word nie; sprekers se intuïsie in terme van gebruiksfrekwensie is redelik onakkuraat; en verder kan 'n patroon die herhaling van verskillende 'dinge' behels wat nie op die oog af herkenbaar of opvallend is nie (Hunston, 2010:155).

Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem, kan die *bestaan* van 'n vorm nie gelykgestel word met die *gedrag* van daardie vorm nie (Poplack *et al.*, 2012b:248), en daarom is die verspreiding of distribusie van 'n vorm van belang. Anders as ander metodes wat fokus op dit wat grammatikaal en semanties moontlik is, voeg korpuslinguistiek 'n distribusionele

dimensie tot die ondersoek wat werk met die waarskynlikheid van gebruik (Kennedy, 2002:73, 89), wat in terme van voortkomende grammatika ook insig kan gee oor die grammatikale struktuur van 'n gegewe taal. Daar is in enige gegewe taal verskillende strukturele variante met grootliks ooreenstemmende betekenis (Biber *et al.*, 1998:76), wat lei tot die vraag na wat die keuse tussen die verskillende variante bepaal (Biber *et al.*, 1998:77). Frekwensie en verspreiding is ook onderling verbind – oor die algemeen is meer frekwente items meer eweredig versprei (oor verskillende tekste en/of tekstipes en/of gebruikskontekste heen), maar hierdie verhouding is nie absoluut nie, en daarom moet verspreiding altyd saam met frekwensie in ag geneem word (Gries, 2014:40-1); as die gebruik van 'n item grotendeels beperk is tot een domein of tekstipe, geld gevolgtrekkings daarvoor uiteraard nie vir die taal se gebruik in geheel nie.

'n Verdere voordeel van die korpuslinguistiek is dat dit outentieke, natuurlike taalgebruik as data neem (Mair, 2011:6), wat beteken dat taalgebruik nie ondersoek word in terme van dit wat moontlik is nie, maar in terme van dit wat in werklikheid gevind kan word (Gisborne & Hollmann, 2014:1).

Al hierdie eienskappe en voordele van korpuslinguistiek stel dit juis in staat om die areas wat in tradisionele studies agterweë gelaat is, te hanteer (Biber *et al.*, 1998:56).

3.3.3 DIACHRONIESE KORPUSLINGUISTIEK

Die diachroniese tradisie gee, uit noodsaak, nog altyd aandag aan werklike taaldata (Gisborne & Hollmann, 2014:2; Trousdale, 2014:137). Selfs in die generatiewe raamwerk waar introspeksie voorkeur geniet, is daar in werklikheid nie toegang tot historiese introspeksie nie, en is gebruikdata noodwendig die enigste bron van ondersoek. Meer onlangs het diachroniese korpusse meer en meer gebruiklik geraak in historiese linguistiek, en dit maak 'n hele aantal tipes ondersoeke moontlik (Biber *et al.*, 1998:203). 'n Diachroniese korpus is 'n snit van die taalgebruik van 'n spesifieke tydperk (Tognini Bonelli, 2010:22) wat gebruik kan word om die verloop van spesifieke veranderinge in 'n taal na te speur. In teenstelling met sekere aspekte van die diachroniese tradisie, voel Leech *et al.* (2009:50) "that frequency evidence is far more important in tracing diachronic change than has generally been acknowledged in the past". In die lig hiervan is kwantitatiewe korpusdata en -metodes besonder gepas om taalverandering te ondersoek – frekwensieveranderinge is dikwels die kwantitatiewe voorloper tot kwalitatiewe taalverandering in sommige domeine.

Nog 'n rede waarom korpuslinguistiek gepas is vir diachroniese studies, is dat die geleidelike aard van grammatikale verandering (teenoor, byvoorbeeld, leksikale of fonologiese verandering) (Leech *et al.*, 2009:19; Rosenbach, 2010:154, 171) veroorsaak dat dit moeilik is om waar te neem, en soms heeltemal onopgemerk verbygaan (Leech *et al.*,

2009:7-8; Mair, 2006:3). Kwantitatiewe data en analise help dan om hierdie geleidelike verandering op te tel, en die omvang daarvan met groter akkuraatheid te bepaal as wat 'n spreker of selfs 'n taalkundige se eie subjektiewe en onvolledige waarnemings kan regkry (Leech *et al.*, 2009:8; Rosenbach, 2010:171). In korpusdata manifesteer taalverandering gewoonlik in terme van verandering in gebruiksfrekwensie en -kontekste van 'n item (Biber *et al.*, 1998:209), en enige moontlike verklarings van die verandering kan teen die korpusdata getoets word (Leech *et al.*, 2009:269). Binne gebruiksgebaseerde, kognitiewe linguistiek is frekwensie nie net 'n manifestasie van verandering nie, maar kan dit ook 'n invloed uitoefen op verandering, en word die wedersydse interaksie in verklarings in ag geneem (Mair, 2011:3). Spesifiek wat die bestudering van grammatikalisering betref, met die belangrike rol wat frekwensie daarin speel, is die gebruik van korpusdata en -metodes van besondere belang (Leech *et al.*, 2009:17-8; Mair, 2011:2; Trousdale, 2014:116). Daar word egter onderskei tussen die oorspronklike innovasie, en die geleidelike verspreiding van die innovasie, wat beteken dat daar dikwels 'n vertraging is tussen die eerste gebruike en die verskyning in korpusdata; eers in die verspreiding van die verandering word die kwantitatiewe korpusmetodes werklik van waarde (Leech *et al.*, 2009:269; Mair, 2006:13). Dit sluit nou aan by die evolusionêre benadering van Croft (2000). Enige verandering word natuurlik altyd beskryf teen die agtergrond van die altyd groter en meer omvangryke kontinuïteit en stabiliteit in taalgebruik (Mair, 2006:3).

Met diachroniese ondersoeke word nie net bedoel die bestudering van die ontwikkeling van taalgebruik oor verskeie eeue heen nie – 'n spreker se grammatika kan in die verloop van haar/sy leeftyd verander (Patten, 2014:91). Hierdie onlangse en voortdurende verandering is gedurig in die skootslyn van preskriptiviste, en korpusmetodes is uitstekend geposisioneer om die indrukke van voortdurende verandering te verfyn of reg te stel (Leech *et al.*, 2009:19; Mair, 2006:34). Sistematiese, korpusgebaseerde studies wys keer op keer daarop dat huidige aannames oor voortdurende verandering onvolledig en gedeeltelik foutief is, en gee verdere inligting oor die tempo van verandering (wat dikwels oorskat word) en die onderliggende prosesse wat op die 'oppervlak' van taalgebruik manifesteer (Leech *et al.*, 2009:19; Mair, 2006:85).

Daar is sekere parallele tussen die preskriptiewe tradisie van Afrikaans en Engels – selfs vandag word preskriptiewe reëls wat taalkundig heeltemal ongegrond is afgedwing (Leech *et al.*, 2009:4), en soms word anekdotiese waarnemings (en oordele) soveel keer herhaal dat dit 'n lewe van hulle eie ontwikkel en kristalliseer in 'n stel volkskennis waarvan die waarheid as só vanselfsprekend aanvaar word, dat dit nie eers meer in akademiese navorsing bevraagteken word nie (Mair, 2006:18). Leech *et al.* (2009:5) beskryf dit as "either an interesting case of a collective illusion taking hold among educated members of a speech

community or a modern-day revival of the eighteenth-century impulse to bring natural language into line with logic and thus remove its perceived defects". Ook die spellingsisteem is 'n argaïese, bevrore weergawe van uitspraak wat meer onlangse veranderinge in uitspraak verbloem (Deutscher, 2005:52).

Dit is ironies dat die metode vir ondersoek van taalverandering wat die algemeenste aangewend word in hierdie kontekste – impressionistiese kommentaar gebaseer op anekdotiese waarneming – die onbetroubaarste van die moontlike metodes is, selfs wanneer dit deur taalkundig-opgeleide waarnemers gebruik word (Mair, 2006:15). Selfs al weerhou outeurs hulle van emosionele of aanvallende retoriek, lei onsistematiese, persoonlike waarneming steeds tot 'n onvolledige prentjie van die feite (Mair, 2006:17). Vanuit hierdie tipe waarneming is die pogings tot verklarings van voortdurende veranderinge geneig om op drie wyses te fouteer (Mair, 2006:155):

1. gerigte diachroniese verandering word gepostuleer terwyl daar eintlik langtermyn, stabiele variasie is;
2. onnodige klem word gelê op die ondersoek van 'n klein aantal (dikwels beuselagtige) sjibolette wat vir preskriptiviste belangrik is; en
3. 'n fokus op die bestudering van geïsoleerde, opvallende gevalle van verandering lei tot 'n gebrek aan waarneming en verrekening van die dieperliggende grammatikale veranderinge wat lei tot langtermyn ontwikkelinge in die kerngrammatika van 'n taal.

In plaas daarvan om grammatikale reëls te benader as natuurlike wette, kan dit benader word as konvensies, wat van tyd tot tyd oortree kan word ter wille van goeie retoriese effek in spesifieke kontekste (Mair, 2006:93), en in terme van *ekspressiwiteit* as krag agter taalverandering kan dit ook 'n voorloper tot 'n meer omvangryke verandering in konvensie wees. Korpusmetodes kan hierdie 'oortredings', oftewel innovasies, in konteks hanteer, sonder die nodigheid vir uitsprake in terme van 'korrek' en 'verkeerd', of 'goed' en 'sleg', en die verspreiding daarvan as disseminasie van die innovasie, eerder as die verspreiding van 'n 'taalfout'.

3.3.4 KORTTERMYN DIACHRONIESE VERGELYKENDE KORPUSLINGUISTIEK

'n Metode van ondersoek wat besonder gepas is om voortdurende verandering te bestudeer, is korttermyn diachroniese vergelykende korpuslinguistiek – "comparative corpus linguistics, or more specifically short-term diachronic comparable corpus linguistics (Leech *et al.*, 2009:24). Die term 'vergelykbaar' is van toepassing op twee of meer korpusse wat in alle opsigte (samestelling) dieselfde is, behalwe een, in terme waarvan dit vergelyk word (Leech *et al.*, 2009:28). In diachroniese vergelyking is die opsig in terme waarvan verskillende korpusse vergelyk word tipies tyd – daar is twee of meer korpusse met dieselfde

samestelling, maar dit bevat tekste uit verskillende, spesifieke tydperke. Hierdie vergelykende metode kan egter nie 'n tydperk van veel langer as 'n eeu ondersoek nie, aangesien die stabiliteit van verskillende genres nie maklik langer as dit geld nie (Leech *et al.*, 2009:30). Gevolglik is "[s]hort-termism' ... ultimately an unavoidable restriction on the methodology" (Leech *et al.*, 2009:31). Met die verloop van een eeu is dit onwaarskynlik dat enige grammatikale verandering 'n aanvang neem én voltooi word, hoewel daar tog dikwels tendense is wat met verloop van 'n eeu beduidende veranderinge aandui (Mair, 2006:83).

In Mair (2006) se studie oor taalverandering in Engels in die twintigste eeu, gebruik hy korpusse wat saamgestel is uit geskrewe standaardtaal. Terwyl hierdie keuse nie onproblematies is nie, voel Mair (2006:1) dit is tog geregverdig op grond van die prominensie van die standaard en die hoë mate van kodifikasie daarvan. Weerman *et al.* (2013:353-4) kritiseer hierdie tipe gebruik van uitsluitlik formele geskrewe tekste in diachroniese ondersoeke op grond van die homogeniteit en navolging van preskriptiewe reëls wat dit kenmerk, en moedig die saamstel van 'n meer gestratifiseerde korpus sterk aan (Weerman *et al.*, 2013:356). Geskrewe taal verteenwoordig miskien 'taal' (Lass, 1997:47), maar is geneig om meer konserwatief as gesproke taal te wees (as gevolg van kulturele redes sowel as die feit dat skryfvaardighede later aangeleer word) (Lass, 1997:58). Dit is dus belangrik om die beperkinge van 'n gegewe korpus of korpusse in gedagte te hou, en nie enige gevolgtrekkings verby die vermoëns van die korpus te veralgemeen nie.

Ter wille daarvan om die beperkings van 'n korpus te minimaliseer, word daar dikwels gewerk met die beginsel 'groter is beter'. Daar is egter gevalle waar dit nie so eenvoudig is nie, en waar kleiner, maar versigtig saamgestelde, gespesialiseerde korpusse van meer nut kan wees (Koester, 2010:66; McCarthy & O'Keeffe, 2010:6; Reppen, 2010:32). Daar is nie algemeen-geldende, of algemeen aanvaarde riglyne vir 'groot' en 'klein' korpusse nie, hoewel 'n korpus van geskrewe data van minder as vyf miljoen woorde redelik klein is (Koester, 2010:67). Daar kan tog heeltemal goeie ondersoeke gedoen word met korpusse van so klein as 250 000 woorde (Koester, 2010:67), mits die korpus gepas saamgestel is, en die verskynsel wat ondersoek word frekwent genoeg is. Kleiner, gespesialiseerde korpusse kan besonder handig wees in die bestudering van frekwente grammatikale verskynsels (McCarthy & O'Keeffe, 2010:6; Reppen, 2010:32), aangesien al die gebruike van 'n spesifieke item in diepte ondersoek kan word, en nie slegs 'n steekproef nie (Koester, 2010:66). Die mees algemene linguistiese items, byvoorbeeld persoonlike voornaamwoorde, tydsaanduiding en voorsetsels, kan sinvol ondersoek word in 'n korpus met uittreksels van ongeveer 1 000 woorde, en 'n tekstipe of register kan sinvol verteenwoordig word in tien, of selfs vyf verskillende tekste uit die betrokke tekstipe (Koester, 2010:70). Wanneer

voortdurende taalverandering bestudeer word, is kleiner, gestruktureerde korpusse verkieslik bo groter, maar minder gestruktureerde datastelle (Leech *et al.*, 2009:15).

3.3.5 KWANTITATIEWE GRAMMATIKOGRAFIE

Daar is soms 'n mate van antagonisme tussen preskriptiviste en deskriptiviste te bespeur (sien byvoorbeeld Mair, 2006 en Leech *et al.*, 2009; vir 'n bespreking sien Curzan, 2014). Dit beteken egter nie dat die effek van preskriptivisme geïgnoreer kan word wanneer taal en taalverandering deskriptief hanteer word nie (Curzan, 2014:43). In die studie van historiese grammatikografie ("historical grammaticography") word die standpunte, uitsprake/oordele en aanbevelings in 'n groot versameling grammatikas oor 'n spesifieke verskynsel in 'n spesifieke periode aangeteken, en die verskillende standpunte (byvoorbeeld neutrale beskrywing, positiewe aanbeveling en negatiewe veroordeling) word gekwantifiseer en in verhouding tot mekaar gestel (Anderwald, 2014:4-5). In kombinasie met korpuslinguistiek kan die sukses al dan nie van 'n gegewe preskripsie gemeet word deur vas te stel tot hoe 'n mate daar veranderings in die korpusdata is wat ooreenstem met die preskriptiewe aanbevelings (Anderwald, 2014:1; Curzan, 2014:84).

Binne die kognitiewe gebruiksgebaseerde raamwerk van taalgebruik en taalverandering, het preskriptiewe normering twee tipes uitwerking op taalverandering. Aan die een kant is daar die direkte uitwerking – skrywers en sprekers hou die preskriptiewe riglyne in gedagte wanneer hulle taal gebruik, en maak keuses tussen variante op grond daarvan (Curzan, 2014:120; Van Rooy & Kruger, 2015). Aan die ander kant is daar ook die indirekte uitwerking – preskriptiewe uitsprake het 'n potensiële invloed op die gebruiksfrekwensie van die betrokke verskynsels, wat die mate van verskansing ("entrenchment") daarvan beïnvloed (Van Rooy & Kruger, 2015; sien ook Curzan, 2014:120). Veral in die geval van Afrikaans, waar Naspers die enkele grootste uitgewer van geskrewe Afrikaans is, het 'n enkele huisstylgids die potensiaal om 'n omvangryke uitwerking te hê op die taalgebruik waaraan sprekers blootgestel word, en kan dit 'n daadwerklike invloed op taalverandering al dan nie, hê.

Die standaardisering van Afrikaans het pas 'n aanvang geneem in die tyd van die eerste korpus van hierdie studie (sien hieronder vir verdere besonderhede), en daarom moet die uitwerking van grammatikas nie onderskat word nie. Om hiervoor te kontroleer, is daar 'n versameling van 40 grammatikas van Afrikaans saamgestel, wat volgens drie periodes of kategorieë ingedeel is. Die eerste kategorie is al die bronne wat voor 1951 gepubliseer is. Daar is slegs twee grammatikas van voor 1920 ingesluit, aangesien min taalboeke in daardie tyd Afrikaans as sodanig hanteer het, en bronne wat met die konsep van *Kaaps/Suid-Afrikaanse Nederlands* of *Cape Dutch* gewerk het, is nie ingesluit nie – daarom

is daar nie 'n aparte kategorie vir tot 1920 nie. Die bronne in hierdie kategorie kon derhalwe 'n invloed gehad het op die data van die eerste twee korpusse (sien die volgende afdeling). Die middelste kategorie bevat bronne wat vanaf 1951 tot 1980 gepubliseer is – dus bronne wat 'n invloed sou kon hê op die derde korpus (sien die volgende afdeling). Die laaste kategorie is vir bronne wat gepubliseer is van 1981 tot 2010, en wat 'n invloed op die laaste korpus sou kon hê (sien die volgende afdeling). Daar is 13 bronne in die vroegste kategorie, 11 bronne in die middelste kategorie, en 16 bronne in die laaste kategorie. Wanneer daar verskeie uitgawes van 'n werk verskyn het, is die eerste (of 'n vroeë) uitgawe, sowel as die laaste (of 'n latere uitgawe) ingesluit. In een geval waar 'n addisionele outeur bygekom het by die laaste uitgawes, is dit ook in ag geneem en is daar van hierdie uitgawes ingesluit. Die lys van bronne wat gebruik is – jaar van publikasie, uitgawe, titel, outeur(s) en die aard van die bron – word in tabel 3.1 gegee. Wanneer daar 'n merkbare verandering in die korpusdata gevind is, of as dit om een of ander rede nodig geag is, is die hantering van en uitsprake oor die spesifieke verskynsel in al die grammatikas nagegaan en gekwantifiseer om vas te stel of dit 'n moontlike dryfveer agter die verandering is.

Ter uitklaring van die tipes bronne wat aangedui is – met "grammatika" word bedoel 'n beskrywing van 'n taal, waar die beskrywing 'n normatiewe aard aanneem (sien Curzan, 2014:22 vir 'n kort bespreking van die term "grammar"); 'n "skoolhandboek" bevat beskrywende afdelings asook oefeninge wat spesifiek gerig is op onderrig op skoolvlak; 'n "handboek" is soortgelyk, maar vir volwassenes; die "T2" staan vir tweedetaal, waar die grammatika of handboek gerig is op tweedetaalsprekers; die "skryfgids" fokus op goeie skryfvaardighede, met die een en die ander oor grammatika; die "radiopraatjies" is 'n versameling radiopraatjies oor taal en grammatika wat in drukvorm uitgegee is; en 'n "naslaangids" bestaan uit 'n alfabetiese lys van woorde, konstruksies, onderwerpe ensovoorts, met bondige opmerkings by elke inskrywing, meestal van 'n normatiewe aard.

Tabel 3.1: Bronne vir die kwantitatiewe grammatikografie

Jaar	Uitg	Titel	Outeur(s)	Tipe
1902	2	Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels	S.J. du Toit	Vergelykend Afr/Eng
1917	1	Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwijser bij die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika	D.F. Malherbe	Grammatika
1921	5	Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwysers by die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika	D.F. Malherbe	Grammatika
1922	3	Praktiese grammatika van die Afrikaanse Taal: spesiaal vir gebruik in skole tot en met matriek	C.M. Booysen M. Jansen	Skoolhandboek

1924	1	Afrikaanse spraakkuns	A.C. Bouman E.C. Pienaar	Grammatika
1926	1	A first guide to Afrikaans	C.J. Langenhoven	T2 Grammatika
1926	5	Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika	M.C. Botha J.F. Burger	Grammatika
1927	5	Maskew Miller's Grammar of Afrikaans	M.C. Botha J.F. Burger	T2 Grammatika
1932	1	Hoe om te skrywe: hulpboekie by die Studie van Stelkuns	E.C. Pienaar C.J. Langenhoven	Skryfgids
1934	5	Afrikaans for English-speaking students: part II	D.J. Potgieter A. Geldenhuys	T2 Grammatika
1946	4	Afrikaanse Taalstudies	T.H. le Roux	Grammatika
1947	1	So sê ons in Afrikaans: taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool	J.J. le Roux C.J. Nienaber	T2 Skoolhandboek
1948	1	Woordsoorte, Werkwoorde en Tye	M. de Villiers	Grammatika (navorsingsfokus)
1951	2	So sê ons in Afrikaans: taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool	J.J. le Roux C.J. Nienaber	T2 Skoolhandboek
1951	1	An introduction to Afrikaans	H.J.J.M. van der Merwe	T2 Grammatika
1958	3	Afrikaanse taalkwessies	H.J.J.M. van der Merwe	Grammatika (naslaangids)
1964	1	Kruim en Kors	S.P.E. Boshoff B. Kok F.J. Snijman	Radiopraatjies
1967	5	Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies	H.J.J.M. van der Merwe	Grammatika (naslaangids)
1968	11	Afrikaanse taalstudies	T.H. le Roux	Grammatika
1968	3	Afrikaans vir die student: die suiwer woord	M.A. Basson J. Kromhout P.G. Nel J.H. Senekal	Grammatika (naslaangids)
1975	1	Afrikaanse Taalgids	H. Engelbrecht	Grammatika (naslaangids)
1979	1	Die KENNIS gids tot Moderne Afrikaans	E.P. du Plessis	Grammatika (naslaangids)
1980	2	Nuwe Afrikaanse Taalgids: 'n alfabetiese handleiding vir die kommunikasiepraktyk	H. Engelbrecht	Grammatika (naslaangids)
1980	1	Die juiste woord: praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans	L.W. Hiemstra	Grammatika (naslaangids)
1982	1	Doeltreffende Afrikaans: 'n handboek vir skriftelike taalgebruik	D.J. van Schalkwyk G. Kroes	Handboek
1982	1	Taalleer vir onderwyser en student	P.J. du Toit	Handboek
1982	6	Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies	H.J.J.M. van der Merwe F.A. Ponelis	Grammatika (naslaangids)
1983	1	Afrikaanse grammatika vir volwassenes	M. de Villiers	Grammatika
1983	1	Die Grammatika van Standaard-Afrikaans	J.L. van Schoor	Grammatika
1983	2	Afrikaans vir die praktyk	J.P. Botha J.M.H. van Aardt	Grammatika

1985	1	Verstaanbare Afrikaans: kolskoot-Taaloplossings	L. de Wet	Grammatika (naslaangids)
1986	2	Taalleer vir onderwyser en student	P.J. du Toit	Handboek
1986	1	SARA: Sakboek van regte Afrikaans	J. Combrink J. Spies	Grammatika (naslaangids)
1987	3	Afrikaans vir die praktyk	J.P. Botha J.M.H. van Aardt	Grammatika
1989	1	Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans	W.A.M. Carstens	Grammatika
1990	1	Afrikaans vir die Tweedetaalstudent	J.A. Gous J.P. Botha	T2 Grammatika
1991	7	Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies	H.J.J.M. van der Merwe F.A. Ponelis	Grammatika (naslaangids)
1995	1	Afrikaans op sy beste: hulp met moderne taalkwessies	A.F. Prinsloo F.F. Odendal	Grammatika (naslaangids)
2003	1	Skryf Afrikaans van A tot Z: die essensiële gids vir taalgebruikers	D. Müller	Grammatika (naslaangids)
2003	4	Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans	W.A.M. Carstens	Grammatika

3.4 EMPIRIESE ONTWERP

3.4.1 KORPUSSE VAN HIERDIE STUDIE

Daar het met die aanvang van die studie geen gepaste diachroniese korpusse van Afrikaans bestaan nie, en daarom het die navorser self korpusse versamel. Daar is 'n hele aantal kwessies ondersoek en oorweeg voordat die korpusse van hierdie studie versamel is. Die eerste relevante kwessie is die navorsingsvraag – "[h]aving a clearly articulated question is an essential first step in corpus construction since this will guide the design of the corpus" (Reppen, 2010:31). Die korpus moet dít verteenwoordig wat daarin ondersoek gaan word (Reppen, 2010:31). Die navorsingsvrae van hierdie studie handel oor grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010 – dit baken reeds die tydperk wat die korpusse moet verteenwoordig af, en gee 'n aanduiding van die tipe verskynsels wat ondersoek gaan word. Soos reeds aangedui kan grammatikale ondersoeke in kleiner korpusse sinvol gedoen word, hoewel daar steeds gewaak moet word teen 'te klein'. Daar is vier tydperke geselekteer om die betrokke eeu te verteenwoordig – 1911-1920, 1941-1950, 1971-1980 en 2001-2010. Terwyl die korpusse wat Mair (2006) en Leech *et al.* (2009) gebruik het slegs een jaar se data betrek, is daar op grond van praktiese oorwegings en beskikbaarheid (veral wat die eerste periode betref) besluit om vir hierdie studie die korpusse na 'n dekade uit te brei.

'n Volgende kwessie is die registers of tekstipes wat ingesluit moet word (Biber *et al.*, 1998:251-2), wat gekompliseer word deur die moontlike verandering van genrekonvensies

met verloop van tyd. Anders as die korpusse van Mair (2006) en Leech *et al.* (2009) is daar 'n afdeling met manuskripdata (briewe en dagboekinskrywings) ingesluit, wat weliswaar 'n klein proporsie van die algehele korpus uitmaak, maar ten minste enigsins ongeredigeerde geskrewe taalgebruik verteenwoordig, op grond van Weerman *et al.* (2013:356) se aanbeveling. Daar is geen gesproke data by die korpus ingesluit nie, vernaam omdat daar geen gesproke Afrikaanse data beskikbaar is vir die eerste twee periodes nie, en besonder beperkte data vir die latere twee periodes. Die grootte van elke afdeling in die korpusse is in breë trekke bepaal op grond van algemene beskikbaarheid, wat geneem is as 'n aanduiding van die mate waartoe dit in die breë skryftaal teenwoordig is. Daar is in ag geneem dat fiksie 'n besonder stilisties heterogene kategorie is (Leech *et al.*, 2009:59), asook die informatiewe kategorie, wat die besondere grootte van die afdelings regverdig. Die informatiewe kategorie is breedweg populêre nie-fiksie wat nie in een van die ander meer spesifieke kategorieë pas nie, soos artikels uit populêre tydskrifte, boeke oor sport of stokperdjies of politieke vraagstukke, ensovoorts. Die onderskeid tussen verslaggewing en byvoorbeeld tydskrifartikels in die informatiewe kategorie is getref op grond van die aard van die teks – verslaggewing fokus op bondige rapportering van sake, tipies in koerante, maar ook soms in tydskrifte, terwyl die bronne in die informatiewe kategorie gewoonlik langer en meer uitgebreide tekste is, minder saaklik as verslaggewing, met 'n fokus eerder op oordrag van verskeie tipes inligting as die rapportering van gebeure, besluite, ensovoorts. Die kategorieë, met die woordtellings, in elk van die korpusse is soos volg:

- Fiksie ($\pm 60\,000$)
- Populêre nie-fiksie:
 - Biografiese tekste ($\pm 20\,000$)
 - Verslaggewing ($\pm 20\,000$)
 - Informatiewe tekste ($\pm 60\,000$)
 - Religieuse tekste ($\pm 20\,000$)
- Akademiese tekste:
 - Geesteswetenskaplike tekste ($\pm 30\,000$)
 - Natuurwetenskaplike tekste ($\pm 30\,000$)
- Manuskripte (briewe en dagboeke) ($\pm 21\,000$)

Daar is 'n maksimum van ongeveer 2 000 woorde uit een teks geneem, wat beteken dat daar ten minste tien verskillende tekste van verskillende outeurs en uiteenlopende onderwerpe (tot die mate wat dit moontlik is) in elke kategorie ingesluit is, om die balans en verteenwoordigendheid volgens Koester (2010:70) se aanbeveling te bereik. Die teks is by die eerste sinvolle plek ná 2 000 woorde afgesny, wat 'n mate van variasie in die totaal gee (ook omdat die hoeveelheid tekste nie konsekwent is nie; daar is slegs met 'n maksimum

aantal woorde uit een teks en minimum aantal tekste gewerk). Verder is gedeeltes wat uit langer tekste geneem is, telkens uit verskillende dele van die tekste (in terme van begin en einde van 'n boek of hoofstuk) geneem. Daar is egter een gaping in een korpus wat bloot nie gevul kan word nie – in 1911-1920 het bitter min natuurwetenskaplikes al in Afrikaans geskryf en gepubliseer, en die meeste Suid-Afrikaanse natuurwetenskaplike tekste uit die tydperk is Nederlands of Engels. Na 'n uitgebreide soektog by verskeie biblioteke en argiewe is daar slegs twee Afrikaanse natuurwetenskaplike bronne gevind, en as 'n noodmaatreël is daar amper 5 000 woorde uit elk daarvan geneem. Die totale getalle van elk van die korpusse lyk soos volg:

- 1911-1920: 242 686 woorde
- 1941-1950: 263 838 woorde
- 1971-1980: 262 386 woorde
- 2001-2010: 263 270 woorde

Die totale grootte van al vier korpusse saamgevoeg is dus 1 032 180 woorde. Die grootte van elke korpus is weliswaar besonder klein, maar daar is genoeg gebruiksinstanties van die meeste relevante grammatikale items vir sinvolle analise. Om die uiteindelijke verskille in die totale getalle te verreken, is die presiese totale getalle van die korpusse telkens gebruik in statistiese berekeninge. Wanneer gebruiksgetalle van die korpusse onderling met mekaar vergelyk is, is die getalle van die eerste periode genormaliseer in terme van die grootte van die ander korpusse (by benadering), en deurlopend voorgestel in daardie terme.

Verder is die verskeidenheid van onderwerpe in berekening gebring (Biber *et al.*, 1998:248) – daar is reeds genoem dat die onderwerp van 'n spesifieke teks inaggeneem is, en dit kon die oorspronklik lukrake seleksie beïnvloed indien daar meer as twee of drie tekste in die betrokke periode is wat oor dieselfde onderwerp handel. In die eerste periode was dit tot 'n mate onvermydelik dat daar meer bronne oor dieselfde onderwerp is, want spesifiek die geesteswetenskaplike bronne uit die tyd wat in Afrikaans geskryf is, is geneig om oor onderwerpe rondom Afrikaans as taal te handel.

Laastens, "it is important to be realistic" (Biber *et al.*, 1998:250). Elke korpus het beperkinge, maar 'n goed-ontwerpte korpus sal steeds bruikbaar wees vir 'n verskeidenheid taalkundige ondersoeke (Biber *et al.*, 1998:250). Die grootte van die korpus is gekonseptualiseer as "groot genoeg, maar prakties haalbaar", aangesien 'n groot hoeveelheid van die tekste vanaf hardekopie elektronies verwerk moes word. As gevolg van praktiese oorwegings is die meeste gepubliseerde bronne uit verskillende NWU-biblioteke geneem, maar wanneer 'n kategorie nie bevredigend divers was nie, is daar verder vir

bronne gesoek. Bronne vir die laaste periode is ook geneem uit die Taalkommissie-korpus en die PUK-Protea-korpus, wat met 'n lisensie-ooreenkoms deur CText van die NWU Potchefstroomkampus aan die navorser beskikbaar gestel is. Daar is vir die eerste periode se manuskrip-kategorie briewe geneem uit Deumert (2004) se *Corpus of Cape Dutch Correspondence*, en briewe vir die eerste drie periodes is uit verskillende beskikbare argiewe (onder andere die Nasionale Argiewe en die NWU-argief) aangevul. Die laaste periode se briewe is nog nie in publieke argiewe beskikbaar nie, maar die EPOG-argief het 'n hele aantal sakebriewe uit die periode aan die navorser beskikbaar gestel. Verder is daar vir die laaste drie periodes 'n hele aantal persoonlike briewe en dagboekinskrywings uit privaatversamelings aan die navorser beskikbaar gestel, wat geanonimiseer is tydens elektroniese verwerking om die identiteit en persoonlike inligting van die outeur en enige ander betrokke partye te beskerm.

In die versameling van diachroniese korpusse is die eerste stap dikwels om tekste van hardekopie na elektroniese formaat om te skakel. Die bronne is geskandeer en deur 'n teksherkenningprogram, ABBY FineReader 10, verder verwerk. Aangesien rekenars nie intelligensie bevat nie, moet korpusdata só verwerk word dat dit in die optimale formaat is vir die analysesagteware (Scott, 2010:142). Die beste formaat in hierdie opsig is txt.-lêers in Unicode-formaat, en nadat die tekste deur die teksherkenningprogram gelees is, is dit in hierdie formaat gestoor. Veral ouer tekste is egter dikwels onduidelik gedruk, wat die teksherkenningprogram laat foute maak; al die tekste wat van hardekopie verwerk is, is nagegaan en enige herkenningfoute is met die hand reggestel. Handgeskrewe bronne is oorgetik, direk in die gepaste formaat. Die relevante metadata is in tekshoofde ("headers") in elke lêer gestoor – die titel van die teks, die outeur (indien beskikbaar en relevant), die datum van publikasie, die korpus-kategorie van die teks, en waarvandaan die bron verkry is. Die korpus-kategorie, datum en titel is ook in die lêernaam gestoor, om verdere sortering tydens analise te vergemaklik.

Om seker te wees dat geen kopieregwette oortree word nie, word die korpus nie aan die publiek beskikbaar gestel nie, maar wel aan individuele navorsers wat dit vir spesifieke navorsingsdoeleindes wil gebruik, en dit verantwoordelik sal hanteer.

3.4.2 ANALISEMETODES EN -HULPMIDDELS

Biber *et al.* (1998:10) wys daarop dat navorsingsvrae vir korpusstudies dikwels ontstaan uit ander tipes navorsing. Leech *et al.* (2009:18) dui aan waar hulle tipies hulle navorsingsvrae vandaan kry:

Typically, a starting point for our investigations will be provided by the many current hypotheses and assumptions about change going on in English grammar. These are

rarely completely unfounded, but documentation is usually very patchy, impressionistic and coloured by prescriptive prejudice. This being so, state-of-the-art corpus-linguistic methodology is, we feel, precisely the strategy to use in order to flesh out, to refine and, where necessary, to correct the picture.

Aangesien die situasie vir Afrikaans op enkele uitsonderings na dieselfde is, is die uitsprake in die literatuur geneem as beginpunt vir die grammatikale kategorieë waarin verandering nagespeur is. Leech *et al.* (2009:79) wys daarop dat deur slegs te fokus op opvallende veranderinge in frekwensie, meer subtiële veranderinge (wat nie direk manifesteer in veranderinge in gebruiksfrekwensie nie) misgekyk kan word. Ter wille daarvan om hierdie slagkat te vermy, is daar in hierdie studie breë grammatikale kategorieë geïdentifiseer waarin moontlike veranderinge teenwoordig is, en hierdie kategorieë is dan so volledig as moontlik ondersoek. Terwyl daar as gevolg hiervan 'n aantal bevindinge is wat op stabiliteit wys eerder as verandering, is daar veranderinge opgetel wat nie in die blote frekwensie sigbaar is nie. Dit het egter ook tot gevolg dat daar nie dikwels in besondere diepte in 'n enkele verskynsel gedelf is nie, maar gefokus is op 'n oorsigtelike perspektief van sekere breër grammatikale kategorieë. Daar is in die proses ook gevind, soos wat met Leech *et al.* (2009:268) die geval is, dat vorige kommentators soms reg was daaroor *dat* 'n verandering plaasvind, maar verkeerd oor die omvang en oorsaak van die verandering.

In die aanvoerwerk van die studie is daar twee tipes bronne ondersoek om vas te stel watter verskynsels en/of grammatikale kategorieë sinvol sou wees om verder te ondersoek. Aan die een kant is daar ondersoek ingestel na bestaande navorsing oor onlangse veranderinge in Afrikaans, of oor verskynsels in Afrikaans wat variasie toon, wat meer oorsigtelik of in meer besonderhede ondersoek kan word. Daar is 'n hele aantal studies wat fokus op 'n spesifieke verskynsel of 'n spesifieke tekstipe – byvoorbeeld Conradie (1992, 1998) en Van Wyk (2009) se studies wys op moontlike veranderinge in die tempussisteem, Van der Merwe (1997) en Ponelis (1979:70, 585) gee teenstrydige uitsprake oor die verhouding tussen *hy* en *dít*, wat op verandering in die voornaamwoordsisteem kan wys, en Vink (1981) se hantering van die verhouding tussen *van* en *se* wys dat daar ook moontlike verandering aan die gang is in die Afrikaanse genitief.

Aan die ander kant is die uitsprake van normatiewe bronne in ag geneem. Soos in Leech *et al.* (2009) is daar aangeneem dat preskriptiewe uitsprake kan wys op 'n onderliggende grammatikale verandering, en is dit as rigtingaanduiders hanteer vir waar om te soek vir taalverandering. Uitsprake oor die gebruik van *was* in die passief (Carstens, 2011:365, Müller, 2003:699; Müller & Pistor, 2011:744; Scholtz, 1990:13, om enkeles te noem) of oor die gebruik van *was* *gewees* (Combrink & Spies, 1986:180; De Villiers, 1983:218; Müller, 2003:700; Van der Merwe & Ponelis, 1991:262; Van Schoor, 1983:144) wys op variasie en/of verandering in die Afrikaanse temporele sisteem. Die gebruik van

hierdie en *daardie* as selfstandige aanwysende voornaamwoorde (Basson *et al.*, 1968:99; Carstens, 2011:73; Müller, 2003:101-2), of die 'onnodige' gebruik van *-self* saam met wederkerende voornaamwoorde (Carstens, 2011:71; Van der Merwe & Ponelis, 1991:197; Van Schoor, 1983:299) wys op moontlike variasie en/of verandering in Afrikaanse voornaamwoordgebruik.

Nadat die moontlike wegwysers uit die bogenoemde tipes bronne vasgestel is, is die genoemde verskynsels voorlopig in vroeg-twintigste-eeuse data ondersoek. In die drie bogenoemde grammatikale kategorieë – tydsaanduiding, voornaamwoorde, genitief – is daar telkens 'n mate van veranderlikheid en die potensiaal vir veranderinge sedertdien geïdentifiseer, op grond waarvan die drie kategorieë as fokuspunkte vir die studie vasgestel is.

Wat die praktiese sy van korpusanalise betref, som McCarthy en O'Keeffe (2010:3) die ervaring van die linguïste treffend en akkuraat op:

Corpus linguistics nowadays is perhaps most readily associated in the minds of linguists with searching through screen after screen of concordance lines and wordlists generated by computer software, in an attempt to make sense of phenomena in big texts or big collections of smaller texts.

Nadat die vier korpusse finaal verwerk is, is daar met die program WordSmith 6 woordelyste van elke korpus opgestel. Vir elk van die analises is daar telkens 'n woord of groep woorde geïdentifiseer waarvan konkordansies onttrek is – die meeste konstruksies of gebruike is deur een of enkele leksikale items uit die data onttrek, byvoorbeeld *sal* en *gaan* vir toekomsverwysing, *hulle* vir derde persoon meervoud, *van* en *se* vir die genitief. Die woordelyste is gebruik om, veral die vir eerste periode maar ook vir die ander, moontlike alternatiewe spellingwyses of vorme vir 'n spesifieke woord of konstruksie te identifiseer, byvoorbeeld *sal* en *zal* en *zullen* en *zult*, *hij* en *hy*, of *het* en *'t*, of *gaan* en *gan*. Konkordansies van hierdie alternatiewe vorme is ook telkens onttrek. Die konkordansies is dan op 'n gepaste wyse gesorteer en met die hand geklassifiseer of geanaliseer. Daar is nie sagteware beskikbaar om Afrikaanse data, en veral historiese data, te annoteer in terme van byvoorbeeld woordsoortetikettering of sinsrolle nie. Daarom is alle klassifikasies en analises met die hand gedoen, en wanneer die hoeveelheid data onhanteerbaar groot was, is daar lukrake steekproewe ("random samples") onttrek – 'n beskikbare funksie van WordSmith 6. Die besonderhede van die steekproewe word in die analisehoofstukke gegee.

Die resultate van die analises is telkens in Microsoft Excel aangeteken, wat ook gebruik is om grafieke saam te stel waar nodig. In die interpretasie van die resultate is die verspreiding van die verskynsel in ag geneem – 'n hele aantal bronne beklemtoon die belang van verskillende registers en tekstipes in variasie of die verspreiding van 'n

verandering (Biber *et al.*, 1998:248; Koester, 2010:69; Leech *et al.*, 2009:12, 239; Mair, 2006:2), so wanneer 'n veranderende verskynsel frekwent genoeg is om sin te maak van die verspreiding oor tekstipes heen, is dit in ag geneem. Wanneer 'n verskynsel kluster in een of enkele bronne, of een tekstipe (Koester, 2010:70), is dit ook in ag geneem. Alternatiewelik is die verskillende bronne in drie vlakke van formaliteit ingedeel, om vas te stel of 'n spesifieke verskynsel verskillend gebruik word in meer of minder formele taalgebruik, of om vas te stel of sekere veranderinge vinniger in meer of minder formele taalgebruik plaasvind. Die *formele* kategorie is die akademiese tekste, sowel as die formele briewe in die manuskripafdeling; die *informele* kategorie is persoonlike briewe en dagboekinskrywings (telkens die kleinste kategorie); dan is daar die *neutrale* kategorie wat nie as besonder formeel of besonder informeel of intiem getipeer kan word nie. Wanneer verskynsels in hierdie terme geanaliseer is, is die presiese woordtellings van elk van die kategorieë in elk van die korpusse geneem, en die frekwensie per 10 000 woorde is bereken vir vergelyking.

Na aanleiding van die beperkte tydperk wat die data verteenwoordig en die omvang van die ondersoek is daar nie gereeld gefokus op die ontstaan van 'n verandering nie, maar op die verandering in frekwensie en moontlik die verspreiding daarvan, in navolging van Mair (2006:2).

Daar is reeds genoem dat die getalle van die eerste periode genormaliseer (Biber *et al.*, 1998:263; Evison, 2010:126) is ten opsigte van die grootte van die ander drie korpusse, maar behalwe daarvoor word daar in beginsel met die rou getalle in die korpusse gewerk (Leech *et al.*, 2009:71) tensy anders vermeld.

Wanneer daar verandering in frekwensie opgemerk is, is daar statistiese toetse vir beduidendheid aangewend (Biber *et al.*, 1998:275). Die toets wat deurgaans gebruik is, is die log-waarskynlikheidstoets, en die *log-likelihood calculator* van Rayson (2015), wat spesifiek ontwikkel is vir korpusdata, is gebruik. Hierdie toets dui aan of die variasie in frekwensie tussen twee datastelle, of oor verskillende datastelle heen, aan toeval toegeskryf kan word, of beduidend is. 'n Resultaat van minder as 3.84 word as onbeduidend beskou (dan is $p > 0.05$), tussen 3.84 en 6.63 word as 'n lae vlak van beduidendheid beskou (dan is p tussen 0.01 en 0.05), en meer as 6.63 word as beduidend beskou (dan is $p < 0.01$) (Rayson, 2015). Wanneer daar gelyklopende verandering in twee of meer verwante veranderlikes was, is daar 'n aantal kere chi-kwadraat-toetse gedoen om beduidendheid vas te stel. Die *interactive chi-square test* van Preacher (2001) is gebruik, en die beduidendheid van die resultaat is bereken volgens die grade van vryheid ("degrees of freedom") (Preacher, 2001).

3.5 SAMEVATTING

Korpuslinguistiek is 'n navorsingsmetode wat taalkundiges in staat stel om taalgebruik te beskryf soos wat dit in werklikheid gebruik word, wat besonder gepas is in 'n kognitiewe, gebruiksebaseerde teoretiese raamwerk, en in diachroniese studies. In hierdie studie word dit gebruik om die taalgebruik van spesifieke periodes in die verlede te bestudeer, en die verandering en ontwikkeling van 'n aantal verskynsels na te gaan. Bo en behalwe die blote gebruiksfrekwensie van items word kontekstuele faktore wat die gebruik kan beïnvloed telkens in ag geneem, en word statistiese toetse vir beduidendheid gedoen wanneer daar veranderinge blyk te wees.

HOOFSTUK 4: TYDSAANDUIDING

"Ever since Aristotle, linguists have been aware of the fact that human languages allow their speakers to express time..." (Klein, 2008:5)

4.1 INLEIDING

As mense ervaar ons die werklikheid opeenvolgend, een oomblik op 'n slag, sodat slegs die huidige oomblik direk toeganklik is – die verlede kan nie meer direk ervaar word nie, slegs deur terug te dink, en die toekoms kan glad nie ervaar word nie, aangesien dit nog nie gebeur het nie (Langacker, 2008:300). Tyd is inherent aan die mens se ervaring van die werklikheid – wanneer taal dan in hierdie werklikheid funksioneer, en gebruik word om hierdie werklikheid voor te stel, is dit onvermydelik dat tyd en taal met mekaar in aanraking kom, en tyd in taal uitgedruk word.

In hierdie hoofstuk word tyd in taalgebruik eerstens teoreties verken, aan die hand van konsepte soos tempus en aspek, en word daar aandag gegee aan hóé tydsaanduiding in taalgebruik ontwikkel en verander. Die hooffokus van die hoofstuk is egter tyd en tydsaanduiding in Afrikaanse taalgebruik. Na 'n inleiding oor tydsaanduiding in Afrikaans, word 'n aantal verskillende tipes tydsaanduiding ondersoek. Eerstens word daar aandag gegee aan die preteritumgebruik in Afrikaans – die seldsame gebruike van 'n aantal preteritumvorme, modale hulpwerkwoorde, en die koppelwerkwoord *wees*. Daarna verskuif die fokus na hulpwerkwoorde van tyd – aanduiding van die toekomende tyd deur *sal* en *gaan*, en aanduiding van die verlede tyd deur *het* in die aktief en *is/was* in die passief word hanteer. Die derde tipe tydsaanduiding wat ondersoek word is temporele adverbialia, met 'n fokus op die gebruik van *toe*, *nou* en *dan*. Aan die einde van die hoofstuk word die belangrikste bevindinge, en die implikasies daarvan, saamgevat.

4.2 TYD IN TAALGEBRUIK

4.2.1 INLEIDING

Tyd en tydsaanduiding in taalgebruik is fundamenteel tot menslike kognisie oor die algemeen – in talige tydsaanduiding is daar 'n natuurlike verhouding tussen 'n belangrike kenmerk van alle menslike tale wat tans bekend is, en die biologiese en sosiale aard van die menslike verstand oor die algemeen (Klein, 2008:8). Volgens Klein (2008:9-10) is daar ses hoofkategorieë van wyses om tyd in taal te enkodeer:

1. Tempus: kategorie van infleksie van die werkwoord, wat 'n temporele verhouding tussen 'n gebeurtenis of toestand en 'n temporele anker aandui.
2. Grammatikale Aspek: ook 'n kategorie van infleksie van die werkwoord, wat 'n gebeurtenis of toestand vanuit 'n spesifieke oogpunt aanbied, hetsy imperfektief of perfektief.
3. Leksikale Aspek: die inherente temporele profiel van die werkwoord.
4. Temporele Adverbia: die rykste kategorie van temporele uitdrukkings, wat 'n verskeidenheid tipes insluit; dit kan gebeurtenisse op 'n tydlyn plaas, en ook tydsduur en frekwensie aandui.
5. Temporele Partikels: sommige tale gebruik spesiale partikels om tyd uit te druk, en hoewel dit redelik skaars is, bevat meeste tale uitdrukkings wat tussen partikels en temporele adverbia is (byvoorbeeld, vir Afrikaans, *weer* of *steeds*).
6. Diskoersbeginsels: tekskonstruksie voldoen tipies aan sekere temporele beperkings, waarvan die beginsel van chronologiese volgorde die bekendste is.

Die verskeidenheid wyses om tyd talig uit te druk, en die verskillende wyses waarop dit in onderskeie tale manifesteer, word in die kognitiewe linguistiek saamgebind in algemene beginsels van menslike kennis. Langacker (2008:297) dui aan dat mense deurgaans daarna streef om sin te maak van ervarings en 'n koherente siening van die werklikheid te skep – "[t]his comes with being alive and conscious – we can't help it" (Langacker, 2008:297). In hierdie proses van konseptualisering figureer tyd as een van die beginsels waarvolgens konsepte georden word (Spruyt, 2000:35). Verder, wanneer tyd op sigself gekonseptualiseer word, word ruimte algemeen as grondslag gebruik, omdat dit konkreet en visueel voorgestel word en die abstrakte konsep van tyd meer verstaanbaar kan maak (Spruyt, 2000:36).

Een van die implikasies van tyd as konseptuele ordeningsbeginsel, is dat *tydsaanduiding in taal* nie gelykgestel kan word aan *tyd in die objektiewe werklikheid* (indien dit enigsins menslik toeganklik is) nie. Dit wat belangrik is vir die taalkundige is wat die spreker as werklikheid konseptualiseer (Langacker, 2008:297), wat natuurlik slegs vir 'n buitestaander toeganklik is in die wyse waarop dit aangebied word.

'n Verdere implikasie van tyd as een van meerdere konseptuele ordeningsbeginsels, is dat daar dikwels nie 'n skerp lyn te trek is tussen tydsaanduiding en ander sulke beginsels nie – modale betekenis en tydsaanduiding is dikwels ineengestrengel, met duidelike oorvleueling (Klein, 2008:11; Langacker, 2008:301).

4.2.2 TEMPUS

Wanneer daar in die linguistiek oor tydsaanduiding in taal gepraat word, is die konsep *tempus* van besondere belang. Comrie (1985:9) skryf dat "tense is grammaticalised expression of location in time" – die gevestigde siening van tempus is dié van 'n deiktiese kategorie wat die temporele verhouding tussen 'n gebeurtenis en 'n deiktiese sentrum (meestal die spraakmoment) aandui (Deo, 2012:158; Klein, 2008:9). Comrie se spesifikasie van "grammaticalised" verwys daarna dat dié temporele verwysing geïntegreerd in die grammatikale sisteem van 'n taal is, teenoor suiwer leksikale temporele verwysing (Comrie, 1985:10). Die onderskeid tussen grammatikale en leksikale temporele verwysing betrek *verpligting* en *morfologiese gebondenheid* – waar duidelik gegrammatikaliseerde tydsaanduiding beide verplig en morfologies gebonde is, en duidelik leksikale tydsaanduiding nie een van die twee is nie; daar is ook grensgevalle wat nie sonder meer in een van die twee kategorieë geplaas kan word nie (Comrie, 1985:10). Wanneer tale wel tempus bevat, word dit op die werkwoord aangedui – hetsy deur die werkwoord se morfologie, of deur grammatikale woorde wat aan die werkwoord grens (Comrie, 1985:12). Die wyse waarop tempus uitgedruk word in 'n spesifieke taal hang grotendeels van die morfologiese tipologie van daardie taal af (Nicolle, 2012:370). Morfologiese tipologie is egter nie heeltemal stabiel nie (Nicolle, 2012:371), en Deo (2012:156) wys daarop dat die manifestasie van tempus nie netjies verpak is in morfologie en sintaksis nie, aangesien perifrastiese konstruksies dikwels tot infleksie ontwikkel deur middel van grammatikalisering.

Die temporele begrippe wat die algemeenste gegrammatikaliseer is oor die tale van die wêreld heen, is eenvoudige anterioriteit, gelyktydigheid en posterioriteit, wat met die huidige moment as deiktiese sentrum verlede tyd, teenwoordige tyd en toekomstige tyd sal wees (Comrie, 1985:11). Dit is egter nie die enigste moontlike indeling van tempus nie – tale het dikwels ook 'n binêre onderskeid tussen verlede en nie-verlede tyd, of toekomstige en nie-toekomstige tyd (Comrie, 1985:48-9). Daar is ook tale wat geen tempus bevat nie (Comrie, 1985:50), hoewel dit nie beteken dat daardie tale geen temporele verwysing het nie – dit beteken gewoon dat daardie tale se tydsaanduiding nie grammatikaal geënkodeer word nie, maar op ander wyses aangedui word, byvoorbeeld deur leksikale items (Comrie, 1985:51).

Soos reeds afgelei kan word, benodig tempus 'n arbitrêre verwysingspunt, in verhouding waartoe gebeurtenisse in tyd gesitueer kan word (Comrie, 1985:14). Wat die leksikon en grammatika van tale betref, word daar slegs een deiktiese sentrum wat deur die spreker en hoorder gedeel word, veronderstel (Comrie, 1985:16), en hierdie deiktiese sentrum is tipies die huidige oomblik (Comrie, 1985:14; Spruyt, 2000:39). In geskrewe taal is dit potensieel meer kompleks – die "huidige oomblik" in die teks kan verwys na die oomblik van skrywe,

die oomblik van lees, of 'n fiksionele "huidige oomblik" in die verloop van 'n verhaal. Dit is egter iets wat op grond van konteks afgelei en geïnterpreteer moet word.

In teorie oor tempus word 'n liniêre tydlyn dikwels geïmpliseer (byvoorbeeld Spruyt, 2000:37; sien Desclés & Guentchéva, 2012:129 vir 'n bespreking van hierdie aanname), en soms eksplisiet daargestel (Comrie, 1985:5). Verskillende tempusse verwys dan na verskillende dele van die tydlyn, wat op verskillende maniere met mekaar in verband gebring kan word. Comrie (1985:36) gebruik die term *absolute tempus* ("absolute tense") om te verwys na tempusse wat die huidige oomblik as deiktiese sentrum neem. Die drieledige onderskeid (verlede, teenwoordig, toekomend) of tweeledige onderskeid (verlede en nie-verlede, of toekomend en nie-toekomend) wat hierbo genoem is, is absolute tempusse wat gebeurtenisse voor, ná of tydens die huidige oomblik as deiktiese sentrum op die liniêre tydlyn posisioneer.

Indien die huidige oomblik as 'n punt op die tydlyn voorgestel word, beteken dit dat die teenwoordige tyd ("present tense") in beginsel 'n situasie op daardie punt in tyd posisioneer (Comrie, 1985:36). Dit gebeur egter selde dat 'n situasie presies met die huidige oomblik saamval in die absolute, letterlike sin; die meer kenmerkende gebruik van die teenwoordige tyd is om aan te dui dat 'n situasie of gebeurtenis, wat 'n langer segment op die tydlyn mag inneem, onder andere ook geld vir of plaasvind in die huidige oomblik (Comrie, 1985:37). Of die situasie verder strek as die presiese huidige oomblik, hetsy in die verlede of in die toekoms, kan gewoonlik uit die konteks afgelei word, en dit word nie noodwendig in die tempus self aangedui nie (Comrie, 1985:38). De Wit en Brisard (2014:58) bring die teenwoordige tyd in verband met onmiddellikheid, De Villiers (1971:80) noem dit "aanwesigheid", en Wybenga (1993:21) formuleer dit as "die uitdrukking van die waargenome wêreld ten tye van die waarneming".

Die verlede tyd ("past tense") plaas 'n situasie of gebeurtenis vóór die huidige oomblik op die tydlyn, hoewel dit nie noodwendig 'n aanduiding gee of dit tydens die hede steeds geld of nie (Comrie, 1985:41). De Villiers (1971:80) konseptualiseer die verlede tyd in terme van "afstand" teenoor die huidige oomblik – hierdie afstand is soms nie net in terme van die tydlyn nie, en kan ook epistemiese implikasies hê (De Wit & Brisard, 2014:58), wat aansluit by die ineenstrengeling van tydsaanduiding en modaliteit wat reeds vlugtig aan die einde van die hoofstuk se inleiding genoem is.

Die toekomende tyd ("future tense"), hoewel minder algemeen as 'n aparte, volledige tempus, kom voor in sommige tale, en plaas 'n situasie of gebeurtenis ná die huidige oomblik (Comrie, 1985:46). 'n Belangrike verskil tussen die verlede tyd en die toekomende tyd is die mate van sekerheid, of epistemiese implikasies, wat daarmee saamgaan – terwyl

gebeure in die verlede tyd met variërende grade van sekerheid aangebied kan word, is absolute sekerheid 'n gemaklike moontlikheid, waar enige stellings oor die toekoms noodwendig met 'n mate van onbepaaldheid gepaard gaan (Deo, 2012:159). Tipologiese opnames wat 'n groot verskeidenheid tale insluit, dui aan dat vorme wat toekomstige tyd aandui dikwels ook atemporeel gebruik word met modale funksies, soos moontlikheid, waarskynlikheid, intensie en begeerte (Deo, 2012:159). Wybenga (1993:24) gee in sy beskrywing van toekomstige tydsuitdrukking ook aandag aan die rol van voorneme of waarskynlikheid.

Absolute tempusse is nie die enigste wyse waarop gebeurtenisse op 'n tydlyn geplaas kan word nie. Comrie (1985:56) gebruik die term *relatiewe tempus* ("relative tense") om te verwys na dié tempusse waar die deiktiese sentrum nie noodwendig die huidige oomblik is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die voorverlede tyd, waar een gebeurtenis vóór 'n ander op die tydlyn gesitueer word, en nie in terme van die huidige oomblik nie. Comrie (1985:58) beklemtoon dat die verskil tussen absolute en relatiewe tempusse nie lê in die gebruik van die huidige oomblik versus 'n ander punt op die tydlyn as deiktiese sentrum nie, maar die verskil is eerder tussen vorme wat die huidige oomblik as deiktiese sentrum spesifiseer, teenoor vorme wat nie spesifiseer dat die huidige oomblik die verwysingspunt hoef te wees nie. Verder waarsku Comrie (1985:61) dat 'n versigtige onderskeid getref moet word tussen stellings waar die relatiewe tydsverwysing uit die konteks afgelei kan word, en wanneer 'n relatiewe tempus gebruik word. In die gebruik van relatiewe tempusse word die deiktiese sentrum dikwels bepaal deur die tempus van die naaste werkwoorde met absolute tydsverwysing (Comrie, 1985:60).

Die onderskeid tussen absolute en relatiewe tempus verantwoord nog nie al die verskillende tipes tempus nie – daar is 'n verdere tussen-in kategorie wat hierdie twee tipes tempus kombineer, absoluut-relatiewe tempus, naamlik die verskillende soorte perfek ("perfect"), wat wydverspreid in verskeie tale van die wêreld gevind kan word (Comrie, 1985:65). Soos met relatiewe tempusse word die deiktiese sentrum vir perfekte ook in die konteks gegee (Comrie, 1985:66). Comrie (1985:80) argumenteer vir 'n onderskeid tussen die "werklike" absoluut-relatiewe tempusse, naamlik die verlede perfek ("pluperfect") en die toekomstige perfek ("future perfect"), en *die perfek*, of teenwoordige perfek ("present perfect"). Comrie (1985:80-1) tref hierdie onderskeid op grond van funksie sowel as tendense in diachroniese ontwikkelingslyn, maar dit is 'n kwessie wat nie vir hierdie studie van essensiële belang is nie, en gaan dus daar gelaat word.

Daar is nog 'n laaste kwessie oor tempus wat aangeraak moet word – wat Comrie (1985:23) noem "degrees of remoteness in past and future". Volgens Comrie se liniêre tydlyn sal hierdie tempusse implikasies hê vir die afstand tussen die gebeurtenis en die

deiktiese sentrum. Die deiktiese sentrum vir die meeste van hierdie tempusse bly, volgens Comrie (1985:85), die huidige oomblik – daar is egter nie algemene afsnypunte op die tydlyn wat oor verskeie taalgrense heen geld vir spesifiek tempusse nie (Comrie, 1985:87). Hierdie kwessie van afsnypunte is volgens Botne en Kerschner (2008) as gevolg van Comrie se konseptualisering van tyd as slegs as liniêre tydlyn, wat eerder in terme van 'n multi-dimensionele kognitiewe ruimte voorgestel kan word (Botne & Kerschner, 2008:146).

Daar is verskillende tipes afstand-tempusse, onder andere dié wat nabye verlede of toekoms aandui, en dié wat verre verlede of toekoms aandui (Botne & Kerschner, 2008:146; Botne, 2012:536). Volgens Botne en Kerschner (2008:147), wat fokus op verskeie Bantutale om dié kwessie uit te klaar, word hierdie onderskeid egter nie op 'n eendimensionele, liniêre tydlyn gekonseptualiseer nie, maar betrek dit verskillende wyses waarop tyd gekonstrueer word. Die tydlyn met 'n deiktiese sentrum word behou, maar daar word 'n addisionele domein in 'n driedimensionele ruimte betrek, wat die tydlyn by die deiktiese sentrum kruis. Die addisionele domein wys epistemiese afstand teenoor die deiktiese sentrum, terwyl die tydlyn steeds temporele afstand aandui (Botne & Kerschner, 2008:152-6).

The speech event, then, can be considered to be grounded in the real, the here, and the contemporal. We believe that this deictic dichotomy between the extant "real, here and contemporal" and the displaced "not real, not here, or not contemporal" constitutes a second significant facet of the organization of tense distinctions in cognitive space. (Botne & Kerschner, 2008:159)

Daar word dan onderskei tussen tempusse wat *temporele afstand* teenoor die deiktiese sentrum aandui, maar ook tempusse wat *dissosiasie* met die deiktiese sentrum aandui, 'n subjektiewe verwydering tussen die gebeurtenis en die deiktiese sentrum (Botne & Kerschner, 2008:176; Botne, 2012:549-50). 'n Verdere tipe tempus, naamlik *gedistansieerde tempus*, word dus hiermee uitgewys.

4.2.3 ASPEK

Tempus is nie die enigste wyse waarop tyd grammatikaal aangedui kan word nie – *aspek* verwys na die verskillende maniere om die interne temporele samestelling van 'n situasie te aanskou (Comrie, 1976:3), en kan deur middel van infleksie aangedui word, of deur middel van perifrase, of ook op leksikale wyses (Comrie, 1976:9). Klein (1995:690) konseptualiseer aspek as 'n temporele beperking op 'n bewering, en De Villiers (1971:77-8) bring dit in verband met die duur en die graad van voltooiing van die prosesse wat deur die werkwoorde aangedui word. Dit is belangrik om te onderskei tussen *grammatikale aspek* en *leksikale aspek* (sien die opsomming van Klein, 2008:9-10 hierbo) – die huidige bespreking het betrekking op grammatikale aspek, aangesien die fokus tans is op tydsaanduiding wat

potensieel grammatikaal in taal geënkodeer word. Dit is tog nodig om in ag te neem dat die semantiese begrippe wat grammatikale aspek onderlê ook verband hou met dié van leksikale aspek, hoewel dit nie identies is nie (Deo, 2012:161).

In die konseptualisering van aspek is daar 'n belangrike onderskeid – die tyd van die situasie of gebeurtenis ("time of situation", T-SIT), die tyd van die uitspraak ("time of utterance", TU) en die tyd waarvoor die bewering gemaak word ("topical time", TT) (Klein, 2000:364-5). Terwyl tempus die verhouding tussen TU en TT behels, dui aspek die verhouding tussen TT en T-SIT aan (Deo, 2012:162-3; Klein, 1995:687-8; 2000:365).

Die onderskeid tussen tempus en aspek in terme van terminologie is hoegenaamd nie klinkklaar nie (Comrie, 1976:5), en in die literatuur is daar dikwels verwarrende gebruik van terminologie wat nie die onderskeid tussen tempus en aspek handhaaf nie (Brisard & Meeuwis, 2009:24-6; Comrie, 1976:3). Die onderskeid is egter tog belangrik – terwyl tempus en aspek soms mekaar beïnvloed of selfs kan saamvloei tot 'n enkele grammatikale merker of konstruksie (Comrie, 1976:66; Croft, 2012:137; Deo, 2012:160), betrek dit tyd en tydsverwysing op verskillende wyses (Comrie, 1976:5) wat in verskeie tale duidelik onderskei word (Croft, 2012:137), en behoort die terminologie daarom hierdie onderskeid te verantwoord (Comrie, 1985:7).

Aspek verwys na die verskillende maniere om na die interne temporele samestelling van 'n situasie te kyk (Comrie, 1976:3), en daar word twee fundamenteel verskillende tipes aspek onderskei: perfektiviteit en imperfektiviteit. Perfektiviteit word op verskillende verbandhoudende wyses beskryf – dit kan aandui dat 'n gebeurtenis as geheel beskou word, begrens, met 'n perspektief van buite, en moontlik ook voltooid (Comrie, 1976:4; Deo, 2012:161; Langacker, 2001:257; Lindstedt, 1995:96). Imperfektiviteit, aan die ander kant, beskou 'n situasie as voortdurend, temporeel onbegrens, met 'n perspektief van binne, met interne temporele differensiasie (Comrie, 1976:4; Deo, 2012:161; Langacker, 2001:257). Comrie (1976:4) waarsku egter dat die onderskeid tussen perfektiviteit en imperfektiviteit nie noodwendig gegrond is in objektiewe verskille tussen situasies of gebeurtenisse nie, maar dat dit 'n wyse is waarop 'n gebeurtenis of situasie in taalgebruik aangebied word. Comrie (1976:4) som perfektiewe en imperfektiewe aspek op soos volg:

Another way of explaining the difference between perfective and imperfective meaning is to say that the perfective looks at the situation from outside, without necessarily distinguishing any of the internal structure of the situation, whereas the imperfective looks at the situation from inside, and as such is crucially concerned with the internal structure of the situation, since it can both look backwards towards the start of the situation, and look forwards to the end of the situation, and indeed is equally appropriate if the situation is one that lasts through all time, without any beginning and without any end.

Terwyl tempus en aspek hoegenaamd nie die enigste wyses is om tyd in taalgebruik aan te dui nie, is dit wel die enigste meganismes wat algemeen in die grammatika van tale geënkodeer word. Verdere tydsverwysing word hoofsaaklik deur leksikale items en tekstuele beginsels oorgedra. Tydsaanduiding is egter nie die enigste verband tussen taal en tyd nie – Klein (2008:5) herinner daaraan "that language itself is crucially 'in time'". Die gebruik van taal is self temporeel, en verander ook met verloop van tyd – dit is *dinamies* (Klein, 2008:5). Deur te bestudeer hoe taal en 'n taal deur tyd heen verander het, kan sekere sake in verband met mekaar gebring word wat vanuit 'n sinchroniese perspektief geïsoleerd kan voorkom (Klein, 2008:6). Daarom is dit ook belangrik om die evolusie van tydsaanduiding met verloop van tyd in taal en 'n taal te ondersoek.

4.2.4 DIE EVOLUSIE VAN TYDSAANDUIDING

In die historiese ontwikkeling van tale is een van die moontlike veranderinge wat kan plaasvind, en wat relevant is vir tydsaanduiding, dat 'n implisiete betekenis ("implicature") mettertyd geherinterpreteer kan word as deel van die betekenis, of selfs die volledige betekenis van 'n konstruksie (Comrie, 1985:26). In grammatikalisering gebeur dit dat 'n konstruksie so gereeld in kontekste gebruik word wat spesifieke afleidings of implikasies fasiliteer, dat hierdie implikasie gekonvensionaliseer word as deel van die betekenis van die konstruksie (Nicolle, 2012:373). Grammatikalisering betrek egter nie alleen betekenis nie, en terwyl konstruksies nuwe morfosintaktiese kenmerke ontwikkel (of oues verloor) tydens die grammatikaliseringsproses, plaas die morfosintaktiese omgewing waarin 'n konstruksie voorkom ook sekere beperkings op die tipe grammatikalisering wat kan plaasvind (Nicolle, 2012:377).

Daar kan sekere veralgemenings gemaak word in terme van die roetes ("paths") wat die grammatikalisering van tyd volg (Heine, 2003:594):

1. Teenwoordigetydsmerkers en imperfektiewe merkers word dikwels afgelei van progressiewe merkers.
2. Die primêre bron vir toekomstige tyd is beweging (bv. *gaan*) en voorneme (bv. *sal*).
3. Progressiewe word meestal afgelei van lokatiewe, aksies en aksieskemas.
4. Perfekmerkers is geneig om van resultatiewe of voltooidheidsmerkers afgelei te word.
5. Voltooidheidsmerkers is weer gewoonlik afkomstig van werkwoorde wat "voltooi" beteken.
6. Iteratiewe-aspekmerkers is geneig om afgelei te word van werkwoorde wat "draai" of "terugkeer" as leksikale bron het.

7. Merkers vir deontiese (agentgeöriënteerde) modaliteit ontwikkel dikwels tot merkers vir epistemiese modaliteit (sien Ziegeler, 2012:1 vir 'n bespreking van hierdie tendens).
8. Epistemiese modaliteit kan ook uitgedruk word deur toekomstetyd- of verledetydsmerkers.

In meer algemene terme kan gestel word dat aspekmerkers meer geneig is om tot tempusmerkers te ontwikkel as andersom, en vir tempusmerkers om gebruik te word vir die uitdrukking van epistemiese modaliteit (Heine, 2003:594). Wanneer 'n nuwe grammatikale vorm in gebruik kom, gebeur dit nie noodwendig dat dit die ou vorm vervang nie – verskillende grammatikale vorme wat dieselfde betekenis uitdruk kan saambestaan, of daar kan verskille in betekenisnuanse ontstaan.

Taalverandering gebeur nie in 'n vakuum nie, en dit is belangrik om die moontlike invloed van taalkontak in die ontwikkeling van tydsaanduiding te verreken. Hoewel dit moontlik is vir een taal om gebonde morfologie vanuit 'n ander taal te ontleen (Friedman, 2012:400), bied tempus- en aspeksteme redelike weerstand teen taalverandering wat deur taalkontak meegebring word (Nicolle, 2012:388), meer as byvoorbeeld in die ontlening van modale sisteme (Friedman, 2012:398). Een van die redes vir hierdie weerstand is dat tempus en aspek deel uitmaak van 'n paradigmadiese sisteem, en veranderinge wat een deel van die sisteem raak sal waarskynlik ook implikasies vir die res van die sisteem meebring (Nicolle, 2012:388). Wanneer veranderinge in tempus en aspek meegebring word deur kontak, is dit meestal deur middel van die ontlening van individuele morfeme, of deur innovasie van nuwe kategorieë onder invloed van 'n ander taal of tale (Nicolle, 2012:388). Hierdie tipe kontak-geïnduseerde verandering word ook meegebring deur intensiewe eerder as terloopse twee- of meertaligheid (Friedman, 2012:421).

'n Saak wat met bogenoemde verbandhou is tempus en aspek in kreooltale. Beide intern en ekstern gemotiveerde grammatikalisering speel 'n belangrike rol in die totstandkoming van die tempus- en aspeksteme van kreooltale. Winford (2012:430) beklemtoon die rol van natuurlike tweedetaalverwerwing (dus sonder formele onderrig) in omstandighede waar aanleerders beperkte toegang tot moedertaalsprekers van die doeltaal het, en gevolglik hulle eie taalgebruik baseer op dié van die mede-tweedetaalgebruikers waarmee hulle in gereelde aanraking kom. Die rykdom van verskille tussen onderskeie kreole se tempus- en aspeksteme (Winford, 2012:429) kan onder andere toegeskryf word aan verskille in die aard en mate van T1 en T2 insette tydens taalverwerwing (Winford, 2012:430).

Ten spyte van al die verskille tussen die tempus- en aspeksteme van onderskeie kreole, is daar tog sekere roetes van grammatikalisering wat, soos vir ander tale, ook vir kreole behoort te geld. Terwyl kontak taalverandering kan bespoedig en in sekere opsigte kan kompliseer omdat faktore buite die grammatikale sisteem meer intensief betrek word, geskied dit steeds binne die parameters wat deur menslike kognisie daargestel word (Winford, 2012:448). Tempus en aspek pas nie in 'n spesifieke vorm ("mould") nie, maar dit is ook nie onverwags nie, aangesien daar verskillende sub-roetes van grammatikalisering binne die algemene roetes gevolg kan word (Winford, 2012:448). Dit kan wel genoem word dat die kreole wat in Winford (2012) se studie betrek is, tempus en aspek aandui deur vry of ongebonde morfeme wat die werkwoord voorafgaan.

In die universalistiese kamp is daar argumente dat die tempus-aspek-modaliteit-sisteme van kreole 'n blik gee op tempus, aspek en modaliteit in ingebore grammatika – die basiese onderskeide is vermoedelik anterior en nie-anterior (wat skakel met verlede tyd en nie-verlede tyd), punktueel en nie-punktueel (wat skakel met progressiwiteit), en realis en irrealis (wat skakel met toekomsverwysing) (Bickerton, 1981:58). Tipies vorm 'n kreool se anterior-verwysing vanuit 'n reeds bestaande anterior- of verledetydsverwysing (Givón, 1982:147). Aanduiding van nie-punktualiteit ontstaan tipies uit werkwoorde wat "being in location" aandui, soos Engelse *stay*, *sit*, *be-at* (Givón, 1982:148). Die wyse waarop irrealis uitgedruk word het tipies twee bronne – reeds bestaande toekomsverwysing, soos *shall*, of modale woorde soos *want*, of bewegingswerkwoorde soos *go* (Givón, 1982:148). Nie-kreoolse tale toon dikwels dieselfde konseptuele bronne vir hierdie tipe verwysing (Givón, 1982:149). Daar moet egter versigtig onderskei word tussen ingebore universele grammatika, wat in hierdie studie verwerp word, en universele kognitiewe beginsels waaruit grammatika ontwikkel (Winford, 2012:449).

Die bydrae van die bestudering van die tempus- en aspeksteme van kreooltale binne 'n kognitiewe raamwerk eerder as universalistiese raamwerk is dat dit juis die fokus wegneem van die soeke na universele deskriptiewe eienskappe van taal, wat al hoe minder volhoubaar blyk te wees, en daardie fokus verplaas na universele kognitiewe beginsels wat die struktuur van grammatikas vorm (Winford, 2012:448-9). Dit werp verdere lig daarop dat eienskappe wat verskeie tale met mekaar deel nie hulle oorsprong het in 'n ingebore "language faculty" (a la Chomsky) nie, maar eerder toegeskryf kan word aan meer algemene kognitiewe vermoëns waaroor mense beskik (Winford, 2012:452).

4.3 TYD IN AFRIKAANS

In Afrikaanse taalgebruik word tempus – alleen verlede tyd en teenwoordige tyd word in Afrikaans deur tempus onderskei – hoofsaaklik analities aangedui, deur die kontras tussen

'n enkele werkwoord (byvoorbeeld *gee*) en 'n werkwoordkombinasie (byvoorbeeld *het gegee*) (Ponelis, 1979:264). Die terminologie wat in die literatuur gebruik word om na Afrikaanse tempus te verwys, is egter inkonsekwent.

De Villiers (1971:23) let op hierdie probleem, en verkies om byvoorbeeld 'verlede tyd' of 'teenwoordige tyd' te gebruik wanneer hy na algemene tydsaanduiding verwys, en die name van spesifieke tempusse (van Afrikaans en ander tale), byvoorbeeld 'presens' of 'plusquamperfectum' te gebruik wanneer daarna verwys word. Ponelis (1979:263) beskryf die Afrikaanse tempusstelsel in terme van die 'presens' en die 'preteritum', waar 'preteritum' beteken "verledetydsverwysing" (Ponelis, 1979:264). Conradie (1998:38) gebruik 'verledetydsvorme' om te verwys na die restante van die Nederlandse perfektum en preteritum wat in Afrikaans behoue gebly het, en 'presens' vir die oorblywende kategorie.

Aan die een kant kan die onderskeid tussen terminologie vir algemene tydsaanduiding en vir tempus sinvol wees (byvoorbeeld 'presens' teenoor 'teenwoordige tyd'), maar die probleem wat onmiddellik opduik is hoe om die tempus wat na die verlede verwys, te benoem – nie 'preteritum' of 'perfektum' is akkuraat nie, aangesien beide hierdie terme 'n spesifieke betekenis het wat nie die volledige omvang van die Afrikaanse grammatikale verlede tyd insluit nie. Die formulering 'verlede tyd' kan gewoon gebruik word, maar dan kan daar nie onderskei word tussen tempus en algemene tydsverwysing nie. Ter wille van ondubbelsinnigheid word terminologie in hierdie studie soos volg aangewend: 'verlede tyd', 'teenwoordige tyd' en 'toekomende tyd' word gebruik vir algemene tydsverwysing, en 'grammatikale verlede tyd' en 'presens' word gereserveer vir spesifiek tempus. Tempusse uit ander tale sal met die konvensionele terme benoem word en terme in verwysings sal uitgeklaar word soos nodig.

Afrikaans se grammatikale verlede tyd is afkomstig van die Nederlandse perfektum (Terblanche, 1980:26), met uitsondering van 'n aantal werkwoorde wat tradisionele preteritale fleksie behou het in die Standaardtaal. Die grammatikale verlede tyd word gevorm deur middel van die hulpwerkwoord *het* en 'n hoofwerkwoord wat in die meeste gevalle die prefiks *ge-* neem (Ponelis, 1979:264). Die presens is die ongemerkte vorm – dit kan gebruik word om atemporele sinne soos algemene uitsprake en gewoontelike sinne uit te druk (Ponelis, 1979:261), asook teenwoordige tyd, en toekomende tyd met die hulpwerkwoorde *sal* of *gaan* (behalwe vir die werkwoorde wat 'n afsonderlike infinitiefvorm bevat – byvoorbeeld "sal werk", maar "sal wees/hê"). Aangesien die tempusstelsel van Afrikaans slegs hierdie twee tempusse differensieer, maak sprekers en skrywers van Afrikaans ook staat op verskeie ander maniere om gebeurtenisse of situasies in tyd deikties te anker, soos adverbialia van tyd (byvoorbeeld *toe*, *gister*, *oormôre*) en setselgroepe (byvoorbeeld *in die aand*) (Van Wyk, 2009:3) en ook tekstuele binding en samehang (Wybenga, 1993:17).

Aspek vorm ook geen volledig grammatikale sisteem van die werkwoord in Afrikaans nie (De Villiers, 1971:80) en word eerder met perifrastiese konstruksies aangedui (sien byvoorbeeld Breed, 2012 vir 'n studie oor perifrastiese progressiewe konstruksies in Afrikaans).

Die enigste diachroniese studies oor tydsaanduiding in moderne Afrikaans (wat nie fokus op die vereenvoudiging van die tempusstelsel tydens die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie) fokus op spesifieke tekstipes – Conradie (1992) ondersoek tempus in verskillende Afrikaanse Bybelvertalings, en Van Wyk (2009) volg 'n studie van Conradie (1998) op wat handel oor tempus in Afrikaanse narratiewe. Conradie (1998:41) dui aan dat Afrikaanse taalgebruik voorkeur gee aan die presens in narratiewe, terwyl opeenvolgende Bybelvertalings toenemend voorkeur gee aan die grammatikale verlede tyd teenoor die presens (Conradie, 1992:62). Conradie laat ook 'n insiggewende artikel (Conradie, 2006) die lig sien wat die mate van grammatikalisering van die werkwoord *het* ondersoek, alhoewel die vraag na verandering in dié opsig in terme van die afgelope eeu nie deel vorm van hierdie ondersoek nie.

Vervolgens gaan daar, om hierdie gaping in terme van meer onlangse ontwikkeling aan te vul, ondersoek ingestel word na verskeie wyses van tydsaanduiding in Afrikaanse taalgebruik, en hoe dit sedert die vroeg-twintigste eeu gebruik is en potensieel verander het.

4.4 DIE PRETERITUM⁴

In die kontak-geïnduseerde ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands het grootskaalse defleksie plaasgevind. Hierdie defleksie het die inflekterende preteritum grootliks laat verdwyn – reeds in 1902 dui Du Toit (1902:24) aan dat die "onfolmaak ferlede tyde" weggeval het – met uitsondering van 'n aantal modale werkwoorde, die koppelwerkwoord *wees* en sporadies *het* en *weet* (Conradie, 1998:37; Conradie, 2006:87; Ponelis, 1979:269). Conradie (1999:20) gee die oorgeblewe preteritumvorme met 'n aanduiding van gebruiklikheid, aangedui in tabel 4.1:

Tabel 4.1: Restante preteritumvorme in Afrikaans

Huidige vorme		Verouderde vorme	
Kopula en hulpwerkwoord		Hoof- en hulpwerkwoord	
is	<i>was</i>	het	<i>had</i>
Modale hulpwerkwoord		Modale hulpwerkwoord	
sal	<i>sou</i>	mag	<i>mog</i>
moet	<i>moes</i>	Hoofwerkwoord	
kan	<i>kon</i>	weet	<i>wis</i>
wil	<i>wou</i>		
Hoofwerkwoord			
dink	<i>dog/dag (gedog/gedag)</i>		

⁴ Hierdie afdeling vorm die basis van 'n artikel van my wat aanvaar is vir publikasie in *Stellenbosch Papers in Linguistics*.

Wat die res van die preteritum betref, is dit in die grammatikale sisteem deur die Nederlandse perfectum vervang, en die historiese presens is funksioneel uitgebrei om sekere van die funksies van die preteritum oor te neem (Conradie, 1999:21-2). Ten spyte daarvan dat Moderne Nederlands die preteritum nog ten volle benut (Abraham, 1999:12), kom 'n mate van preteritumverlies wel voor by ander tale: suidelike Duits en Yiddish, en verder verwante noordelike Italiaans, Hongaars, Pools, Tjeggies, Russies, Okraïens en Slavonies (Abraham, 1999:13). Die katalisator vir hierdie proses van preteritumverlies is telkens dat die perfek tot 'n meer algemene verlede tyd ontwikkel (Abraham, 1999:14). In Afrikaans is dit ook presies wat gebeur het, en daar is addisionele ontwikkelings wat meegehelp het dat preteritumverlies verder in Afrikaans gevorder het as enige van die ander bogenoemde tale. Die infleksie van die Nederlandse vorme *hebben* en *zijn* wat gereduseer is tot *het* en *is*, die verlede tyd werkwoordvorm wat geregulariseer het tot *ge-* (opsioneel in sekere kontekste) + stam, en die uitbreiding van *het* om *is* te vervang as die hulpwerkwoord van mutatiewe werkwoorde het die perfektum voorberei om 'n aantrekliker alternatief tot die preteritum te wees (Conradie, 1999:22). Verder het die proses van *subjektifisering*, waar subjektiewe, sprekergebaseerde houdings en oogpunte 'n belangrike rol in die Afrikaanse spraakgemeenskap begin speel het, aanleiding gegee tot spesifieke konnotasies met die perfektum in Afrikaans wat die gebruik daarvan verder bevorder het (Conradie, 1999:23).

Die uiteindelijke resultaat van preteritumverlies in Afrikaans is (Conradie, 1999:35-6):

1. die verwydering van leksikale onreëlmatigheid van die werkwoordsisteem;
2. die vervanging van fonologiese/morfologiese tempusaanduiding deur sintaktiese tempusaanduiding, en dus 'n beweging in die analitiese rigting;
3. die vervanging van 'n drieledige pragmatiese tempusonderskeid met 'n binêre onderskeid.

In 'n ander taal wat naverwant is aan Afrikaans, naamlik Duits, is die stand van en verhouding tussen die 'Präteritum' (preteritum) en 'Präsensperfekt' (perfek), die twee tempusse wat gebruik word vir verledetydsverwysing (Zug, 2011:5) tans nie eenvoudig of stabiel nie. Oor die algemeen word die preteritum gebruik vir 'n enkele of herhaalde gebeurtenis in die verlede, wat dikwels deur temporele adverbialia gespesifiseer word, en wat nie spesifiek relevansie vir die hede het nie (Zug, 2011:5), terwyl die perfek altyd 'n verbintenis met die hede aandui (Zug, 2011:8). In geskrewe Duits is die preteritum ook die voorkeurvorm vir chronologiese vertellings (Zug, 2011:7, 62). In sekere streke, vername suidelike streke van Duitsland, het die perfek veral in gesproke taalgebruik egter die preteritum grootliks vervang (Comrie, 1976:53; Zug, 2011:8, 10). Wanneer die preteritum wel nog gebruik word, is dit hoofsaaklik met modale werkwoorde en enkele ander: *dürfen* (durf),

geben (gee), *haben* (het), *können* (kan), *kommen* (kom), *müssen* (moet), *sein* (is/wees), *stehen* (staan), *wissen* (weet), *wollen* (wil) (gebaseer op gesproke taalgebruik en persoonlike briewe, uit 'n studie van Hennig, 2000, soos aangehaal deur Zug, 2011:11). Hierdie woorde wat nog preteritale fleksie behou, tesame met die gereelde gebruik van die historiese presens in narratiewe kontekste, sowel as die gebruik van temporele adverbialia om opeenvolging aan te dui (Zug, 2011:12) wys op opvallende ooreenkomste in verledetydsverwysing tussen suidelike Duits en Afrikaans, en anker die ontwikkelingstrajek van Afrikaans in 'n meer algemene Germaanse konteks.

Daar word vervolgens nader ondersoek ingestel na die gebruik van verskillende preteritumvorme in die korpusse van hierdie studie, om vas te stel of daar aanduidings is van verdere preteritumverlies, en of daar moontlik subtieler veranderinge in die gebruikspatrone, gebruikskontekste of keuse van vorme is.

4.4.1 SELDSAME PRETERITUMVORME

Conradie (1999:20) dui enkele verouderde preteritumvorme aan, maar ter wille van sinvolle organisering word al die seldsame vorme hier oorsigtelik bespreek.

Die eerste woord wat aan die beurt kom is die preteritum van *het*, naamlik *had*, wat intussen met *het* as hulpwerkwoord en *het gehad* as hoofwerkwoordelike perifrastiese konstruksie vervang is. Reeds vroeg in die twintigste eeu was die gebruik van hierdie vorm skaars (sien Kirsten, 2013:69-70; Stoops, 1972:102), maar tog is daar enkele gebruiksevalle deur die loop van die eeu gevind. Die gebruiksgetalle word in tabel 4.2 aangedui:

Tabel 4.2: Gebruiksgetalle van die preteritumvorm *had*

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
had (hoofww)	114	15	6	2
had (hulpww)	67	2	-	-
hadden (hoofww)	11	-	-	-
hadden (hulpww)	4	-	-	-

In vergelyking met die vorm *het*, wat deurgaans tussen 4 500 en 5 000 keer gebruik word (die vorme *heb*, *hebben*, *hebt*, *heef* en *heeft* uit die periode 1911-1920 is hierby gereken), is *had* (en verwante vorm *hadden*) reeds in die eerste periode skaars in vergelyking met *het* (dit maak maar 4% van die totaal uit), en verminder dit drasties met verdere verloop van tyd. Anders as met *het* is *had* se gebruik as hoofwerkwoord meer prominent, en is dit selfs die enigste konteks waarin dit tydens die laaste twee periodes in die korpus gebruik word.

Die normatiewe literatuur weerspieël hierdie toenemende seldsaamheid – in 1917 noem Malherbe (1917:56) dit gewoon saam met die modale hulpwerkwoorde en ander

werkwoorde wat nog die preteritum neem; vanaf die twintigerjare word dit deur vyf bronne aangedui as seldsaam of opsioneel, waarvan een dit veroordeel as uit voeling met gesproke taalgebruik (Botha & Burger, 1926:118); vanaf die tagtigerjare, dus in die laaste kategorie van die normatiewe bronne, word dit deur drie bronne as besonder skaars, en toenemend skaars beskryf, en dui een bron aan dat die gebruik ten dele geografies bepaal word (Van Schoor, 1983:145). Terwyl *had* tans nog enigsins gebruik kan word, is die vorm besonder seldsaam en duidelik verouderd, en het *het* en *het gehad* in hulpwerkwoord- en hoofwerkwoordgebruike onderskeidelik vir *had* amper volledig vervang in die grammatikale verlede tyd.

Die volgende vorm wat beskryf word is die modale hulpwerkwoord *mag*, met die preteritumvorm *mog*. Die ekwivalent hiervan in Nederlands is *mogen* (of *mag*) met *mocht* (of *mochten*) in die preteritum, in Duits *mögen* (of *mag*, *magst*, *mögt*) met *mochten* (of *mochte*, *mochtest*, *mochtet*) in die preteritum, en in Engels *may* met *might* in die preteritum hoewel die temporele onderskeid nie so klinkklaar is nie. Die gebruiksgetalle van *mog* en verwante vorme teenoor *mag* en verwante vorme word in tabel 4.3 gegee.

Tabel 4.3: Gebruiksgetalle van *mog* en *mag* en verwante vorme

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Presens				
mag	134	170	99	100
moge	9	-	-	-
mogen	3	-	-	-
Preteritum				
mog	21	6	-	2
moch	1	-	-	-
mocht	1	-	-	-
mochten	1	-	-	-

Die eerste belangrike waarneming is dat die gebruik van die preteritumvorme radikaal afneem – sedert die tweede periode word slegs *mog* gebruik wanneer die preteritum wel sporadies gebruik word, en dan net enkele kere. Reeds in die twintigerjare beskryf twee normatiewe bronne *mog* as seldsaam (Booyesen & Jansen, 1922:99; Botha & Burger, 1927:130); twee dekades later sê een bron dat dit aan die uitsterf is (De Villiers, 1948:123), en aan die einde van die eeu beskryf een bron dit as onproduktief, met slegs die uitdrukking *mog het treffe* wat nog gebruik word (Van der Merwe & Ponelis, 1991:148). Weereens bestaan die moontlikheid van gebruik nog enigsins, maar dit is besonder seldsaam en kan as verouderd bestempel word. Aangesien daar nie soos in die geval van *had* 'n alternatiewe vorm vir die verlede tyd beskikbaar is nie, is dit sinvol om vas te stel in welke mate *mag* in

die verlede tyd teenoor die teenwoordige tyd aangewend is. Tabel 4.4 gee verdere besonderhede hieroor.

Tabel 4.4: Gebruiksgetalles van mag in verskillende tydverwysings

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
verlede tyd	2	6	2	6
teenwoordige tyd	131	164	97	94
toekomende tyd	1	-	-	-

Hoewel *mag* nie gereeld in die verlede tyd gebruik word in vergelyking met gebruike in die teenwoordige tyd nie, word dit slegs in die eerste periode minder in die verlede tyd gebruik as *mog*, en tydens die latere drie periodes word *mog* telkens minder gebruik as *mag* in die verlede tyd. Dit beteken dat *mag* tot 'n mate die funksie van *mog* oorgeneem het (soos 'n voorbeeld uit Conradie, 2006:87 ook illustreer), maar die gebruiksgetalles is te klein om uitsprake te maak oor verdere tendense. Die gebruik van *mag* is ook min in vergelyking met ander modale hulpwerkwoorde, wat later aan bod kom – indien die implikasies van voortkomende grammatika en die invloed van gebruiksfrekwensie in ag geneem word, kan dit een van die redes wees waarom *mag* en *mog* nie ten opsigte van die behoud van die preteritum dieselfde gedrag toon as ander, meer frekwente modale hulpwerkwoorde nie.

'n Volgende werkwoord wat selde maar tog nog in die preteritum voorkom is *wis*, die preteritumvorm van *weet*. Afrikaanse *weet* stem ooreen met Nederlandse *weten* (of *weet*), met as preteritum *wisten* (of *wist*), en met Duitse *wissen* (of *weiß*, *weißte*, *wißt*) met die preteritum *wußten* (of *wußte*, *wußtest*, *wußtet*). In Afrikaans is *wis* grotendeels met die perifrastiese konstruksie *het geweet* vervang in die verlede tyd, en meer besonderhede word in tabel 4.5 gegee.

Tabel 4.5: Gebruiksgetalles van weet, wis en geweet

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
weet	281	239	277	298
wis	16	7	-	2
het geweet	27	42	41	55

Dit is duidelik dat *het geweet* amper volledig die funksie van *wis* oorgeneem het, en dit is alreeds tydens die eerste periode meer frekwent as *wis*. Die normatiewe bronne is egter meer toegeeflik daarteenoor as teenoor die vorige twee – in die eerste dekades word *het geweet* deur drie bronne as alternatief aangedui (Booyesen & Jansen, 1922:99; Langenhoven, 1926:36-7; Potgieter & Geldenhuys, 1934:107), maar deur vier ander bronne nie (Botha & Burger, 1926:110; Botha & Burger, 1927:103; Malherbe, 1921:63; Pienaar & Langenhoven, 1932:97), en die seldsaamheid van *wis* teenoor *het geweet* word eers vanaf

die laat vyftigerjare (dus die tweede kategorie normatiewe bronne) deur vier bronne genoem (Combrink & Spies, 1986:185; De Villiers, 1983:218; Van der Merwe, 1958:237; Van Schoor, 1983:144). Die data impliseer egter dat *geweet* reeds in die eerste periode die prototipiese verledetydsvorm⁵ van *weet* was, teenoor *wis* wat reeds 'n gemerkte alternatief was. Soos met die vorige gevalle kan *wis* tans as seldsaam en verouderd beskou word, alhoewel die moontlikheid van gebruik nog bestaan. Geen gebruike van *gewis* as verlede tyd van *weet* is gevind nie.

Die laaste seldsame preteritum wat ondersoek word is ietwat meer kompleks as die voorafgaandes – dit is die preteritum van die hoofwerkwoord *dink*. Die huidige Afrikaanse vorm *dink* het ontwikkel uit die Nederlandse vorm *denken* (en *denk* en *denkt*) met die preteritumvorm *dachten* (en *dacht*); die stamvorm het dus 'n vokaalverandering ondergaan. Verder is daar twee verskillende Afrikaanse preteritumvorme van *dink*, naamlik *dag*, waarin die vokaal ooreenkom met Nederlandse *dacht*, en *dog*, wat volledig 'n wisselvorm is van *dag* (afkomstig van 'n dialektiese Nederlandse wisselvorm). Dan is daar ook 'n geregulariseerde grammatikale verledetydsvorm van *dink*, naamlik *gedink* wat gebruik word in die perifrastiese konstruksies *het gedink* en *is/word gedink*, en *dag* en *dog* het 'n betekenisverskuiwing ondergaan wat dit nie meer ekwivalente van *gedink* maak nie. Terwyl *gedink* bloot die grammatikale verlede tyd van *dink* is, het *dag* en *dog* die addisionele gevoelswaarde van "verkeerdelik aanneem" (Conradie, 2006:88). Verder word die vorme *gedag* en *gedog* sporadies gebruik. Met hierdie komplikasies en voorbehoude in gedagte, word die gebruiksgetalle van *dink* en die verwante vorme vervolgens in tabel 4.6 gegee.

Tabel 4.6: Gebruiksgetalle van *dink* en verwante vorme

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
dink	52	156	180	175
denk	99	-	-	-
denkt	1	-	-	-
denken	2	-	-	-
dag	13	2	3	1
dacht	1	-	-	-
dog	4	2	2	2
gedink	10	31	44	25
gedenk*	15	-	-	-
gedag	1	1	0	0
gedacht	2	-	-	-
gedog	1	1	2	1

*slegs as sinoniem vir *gedink*

⁵ Op grond van die navorsing van Butler (2014), veral Butler (2014:113), word die term *verlede deelwoord* nie in hierdie studie gebruik om na werkwoorde te verwys nie, maar *verledetydsvorm*; dit sluit deurgaans ook die passiefvorm in (wat nie noodwendig in die grammatikale verlede tyd gebruik word nie, maar wat dieselfde vorm aanneem ongeag van die grammatikale tyd).

Die gebruiksgetalle is in baie gevalle te laag om enige besliste uitsprake te maak, maar 'n paar opmerkings is in orde. Die variasie in vorme is nog prominent in die eerste periode – die oorspronklike Nederlandse vorme word nog gevind, tesame met die nuwe geregulariseerde verledetydsvorme *gedenk* en *gedink*. Die vorme sonder vokaalverandering (*denk/-t/-en* en *gedenk*) se frekwensie is tydens hierdie periode nog hoër as die nuwe vorme (*dink* en *gedink*), hoewel laasgenoemde reeds gebruiklik is. Die ouer vorme het voor die aanvang van die tweede periode geheel verdwyn; die nuwe vorme het vermoedelik reeds die oorhand gekry in die twintigerjare, aangesien al vier bronne uit daardie dekade wat enigsins daarna verwys, slegs na die vorme *dink* en *gedink* verwys. Slegs die vorm *gedenk* het behoue gebly, met 'n nuwe betekenis "in die gees terugroep" (HAT, 2000:254), wat tot 'n mate saamval met dié van *herdenk* (waarin die oorspronklike vokaal ook behoue gebly het). Die oorspronklike vokaal in die preteritum (*dag* en *gedag*) is ook nog meer frekwent tydens die eerste periode as die alternatiewe vokaal (*dog* en *gedog*). Drie van die vroeë bronne noem beide wisselvorme *dag* en *dog*, terwyl twee slegs *dog* noem en twee slegs *dag*. Daarna word beide opsies aangedui, in een bron uit die tweede kategorie en twee uit die derde kategorie. Die gebruiksgetalle van *dog*, *dag*, *gedag* en *gedog* vir die res van die periodes is gewoon te klein om enige verdere uitsprake te maak, behalwe dat die gebruiksmoontlikheid enigsins bestaan. Die stempel van 'verouderd' word hier weerhou, op grond van die vermoede van groter prominensie in gesproke taalgebruik (De Villiers, 1971:24), en die feit dat geen van die bronne dit as sodanig aandui nie. Die indeling onder die afdeling 'seldsaam' van hierdie studie is op sigself problematies, aangesien die data slegs geskrewe taalgebruik verteenwoordig, en geen van die bronne die vorme as seldsaam aandui nie; dit word egter hier behou, aangesien dit tog geld vir die geskrewe Standaard wat deur hierdie studie se korpusse verteenwoordig word.

Die data wys dat al die preteritumgebruike wat deur Conradie (1999) as verouderd uitgewys word, toenemend seldsaam is. Hierdie afname in preteritumgebruik is 'n manifestasie van analogiese normalisering, waar onreëlmatige vorme al hoe meer vervang word deur reëlmatige vorme. Dit is 'n vorm van Deutscher (2005:173) se regularisering deur analogie, want hoewel die vorme wat voorheen as perfektum geding het reeds bestaan het, het dit toenemend die volle paradigma van die grammatikale verlede tyd begin verteenwoordig, en is 'n tipe alternasie daarmee uitgeskakel. Dit is glad nie onverwags indien die hoë mate van regularisering van die werkwoordsisteem tydens die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in ag geneem word nie. Die vorme wat reeds seldsaam was aan die begin van die eeu is verder vatbaar gemaak vir regularisering deurdat linguistiese items met 'n lae gebruiksfrekwensie minder weerstand bied teen regularisering, of enige sistematiese, strukturele verandering, as wat items met 'n hoë gebruiksfrekwensie bied

(soos dit in hoofstuk 2 uiteengesit is). Dit blyk dat, anders as *mag* en *mog*, die ander modale hulpwerkwoorde se frekwensie steeds hoog genoeg is om regularisering teen te werk, ten spyte van 'n subtile daling in totale preteritumgebruike (sien afdeling 4.4.4, p. 107).

Vervolgens word daar nader ondersoek ingestel na die res van die oorgeblewe preteritum wat meer algemeen gebruik word. Die eerste groep wat aan die beurt kom is die modale hulpwerkwoorde.

4.4.2 MODALE HULPWERKWOORDE

Voordat daar na die verskillende modale hulpwerkwoorde se gebruike van die preteritum ondersoek ingestel word, is dit sinvol om eers 'n basiese oorsig van modaliteit te gee. Aangesien die fokus van die studie nie is op die hulpwerkwoorde se verskillende modale gebruike nie, maar spesifiek op die preteritum en sake wat met tydsaanduiding verband hou, word daar nie in besondere diepte op die kwessie van modaliteit ingegaan nie. Daar is tog gebruike wat slegs met inagneming van basiese modale konsepte sinvol geïnterpreteer kan word, en die relevante konsepte word kortliks hieronder uiteengesit.

Van der Auwera en Plungian (1998:80) definieer modaliteit as daardie semantiese domeine wat moontlikheid en noodsaaklikheid betrek. Binne hierdie raamwerk is daar dan vier domeine:

1. agent-interne modaliteit ("participant-internal modality"), wat na moontlikheid (vermoë) en noodsaaklikheid (behoefte) intern aan die agent verwys (Van der Auwera & Plungian, 1998:80);
2. agent-eksterne modaliteit ("participant-external modality"), wat verwys na omstandighede buite die agent wat moontlikheid of noodsaaklikheid betrek (Van der Auwera & Plungian, 1998:80);
3. deontiese modaliteit ("deontic modality"), 'n subdomein van agent-eksterne modaliteit, wat na die bemagtigende of verpligtende omstandighede buite die agent verwys, wat toestemming of verpligting aandui (Van der Auwera & Plungian, 1998:81);
4. epistemiese modaliteit ("epistemic modality"), wat verwys na die spreker se uitsprake oor die waarskynlikheid van 'n saak (Van der Auwera & Plungian, 1998:81).

Twee ander konsepte wat dikwels ook onder die algemene term *modaliteit* gereken word is willekeur of begeerte ("volitive modality") en bewyse ("evidential modality") (Van der Auwera & Plungian, 1998:84). Terwyl Van der Auwera en Plungian (1998:86) dit nie by hulle doelbewus beperkte definisie van modaliteit inreken nie, sê hulle dat dit wel ten minste nou verbind is met die meer sentrale domeine van modaliteit wat reeds genoem is. Vir die

doel van hierdie afdeling gaan *modaliteit* as 'n breë sambreelterm gebruik word, en meer spesifieke domeine van modaliteit gespesifiseer word wanneer dit relevant is.

Daar is 'n verbintenis tussen modaliteit, tempus en aspek, soos wat gesien kan word in Heine (2003:594) se grammatikaliseringsroetes wat vroeër genoem is, en Patard (2014:69) dui aan dat grammatikale verlede tyd in verskeie tale ook modale betekenis kan oordra. Terwyl imperfektiviteit eerder met modaliteit geassosieer word, is die grammatikale verlede tye wat in Germaanse tale vir modale betekenis gebruik word gewoonlik aspektueel neutraal (Patard, 2014:70, 72). Patard (2014:87) verbind die modale gebruike van verlede tye met pragmatiese afleidings wat tot 'n meerdere of mindere mate gekonvensionaliseer word, en som dit soos volg op:

Adopting a dynamic perspective, one may say that the modal uses of past tenses reflect a semantic evolution affecting these forms within particular environments (or constructions): past tenses have been increasingly used to convey modal effects (through inferential processes) so that, in certain contexts, the interpretation in terms of their source meaning is progressively backgrounded (or even overruled) while the target modal meaning is increasingly focused upon and put to the foreground. (Patard, 2014:88)

Dit beteken dat die oorspronklike temporele en aspektuele verwysings in baie gevalle nog steeds moontlik is tydens oorbruggingsfases (Patard, 2014:88). In Afrikaanse taalgebruik word *sou* byvoorbeeld nog gebruik om verlede toekomstige tyd aan te dui, hoewel dit meestal gebruik word met modale betekenis in beide die verlede en teenwoordige tyd (sien bespreking hieronder) en moontlik in dieselfde rigting beweeg as Engelse *should* (sien Rossouw & Van Rooy, 2012:8).

Terblanche (1980:50) dui aan dat die preteritum van die modale hulpwerkwoorde *sal*, *kan*, *wil* en *moet*, naamlik *sou*, *kon*, *wou* en *moes*, gebruik word om 'n onwerklikheid of die irrealis aan te dui, en De Villiers (1971:23) gee voorbeelde "waar die werkwoordsvorme glad nie tyd aandui nie, maar wense, veronderstellings, ens". Steyn (1976:42) wys uit dat die preteritumvorme in hierdie gevalle optree as infinitiewe, en Conradie (2006:88) dui aan dat Afrikaanse taalgebruikers inderdaad hierdie preteritumvorme gebruik waar Nederlands die infinitief *sou* vereis, byvoorbeeld "Hy is my pa, hy sou iets **moes kon** doen. Ek sou by hom **kon** gaan bly" (Lötter, 2004:49, aangehaal deur Conradie, 2006:88), waar Nederlands *zou moeten kunnen* of *zou kunnen* sou neem.

De Villiers (1971:29) beweer dat epistemiese modale hulpwerkwoorde in baie korrekte formele styl nie preteritale assimilasië ondergaan nie, en die presensvorm in verledetydskonstruksies gebruik word (byvoorbeeld 'Dit kan gereën het'). Twee vroeë normatiewe bronne dui ook hierdie gebruik aan (Malherbe, 1917:63; Pienaar & Langenhoven, 1932:98-9), maar in die middel van die eeu word die verlies van hierdie

gebruik deur twee bronne betreur (Le Roux, 1968:204; Van der Merwe, 1958:152), waarna dit deur vier bronne hanteer word in terme van 'n betekenisonderskeid (preteritale assimilasie dui die irrealis aan, die presensvorm die verlede tyd) (De Villiers, 1983:226; Du Plessis, 1979:116; Engelbrecht, 1975:41; Hiemstra, 1980:7) en deur twee bronne as bloot wisselvorme wat beide korrek is (Combrink & Spies, 1986:76, 101; Van der Merwe & Ponelis, 1991:111, 148). Hierdie kwessie betrek egter die presensvorm, en aangesien hierdie afdeling oor die preteritum handel, word dit daar gelaat.

Vervolgens word 'n laaste kwessie oor die vormlike vergestaltung van preteritumgebruike hanteer, waarna die onderskeie gebruike van die mees frekwente modale hulpwerkwoorde se preteritumvorme in meer besonderhede ondersoek word.

4.4.2.1 Preteritale modale hulpwerkwoorde en *het*

Voordat daar na die afsonderlike modale hulpwerkwoorde gekyk word, is daar 'n kwessie om eers uit te klaar. Al vier die betrokke preteritale hulpwerkwoorde word beide met en sonder die hulpwerkwoord van tyd *het* gebruik. Aangesien dit aanleiding gee tot twee verskillende vormlike vergestaltungs, ontstaan die vraag of die vormonderskeid aanleiding gee tot 'n betekenisonderskeid van een of ander aard.

Die hulpwerkwoord *het* se grammatikale funksie is aanduiding van die grammatikale verlede tyd, maar die preteritumvorm is reeds 'n aanduiding van die grammatikale verlede tyd. Dit lei tot die vraag of die gebruik van *het* al dan nie verdere temporele inligting weergee, of dit relevant is vir die tipe modaliteit wat die modale hulpwerkwoorde oordra, of bloot oortolig gebruik word na aanleiding van die reëlmatige vorm van die grammatikale verlede tyd.

Drie normatiewe bronne uit die afgelope eeu dui aan dat *het* saam met preteritale modale hulpwerkwoorde gebruik word om die irrealis aan te dui, oftewel gebeure wat nie plaasgevind het nie. Dit korrespondeer met die bevindinge van Terblanche (1980:50) en Conradie (2006:87). Voorbeelde hiervan word in [4.1] tot [4.4] aangedui.

- [4.1] As dit van die Britse Regering afgehang het, sou daardie stukkie kleurslagboom ook nie in die Suid-Afrika Wet gewees *het* nie en dan sou nie-blankes vir die Volksraad en die Senaat verkiesbaar gewees *het*. (1941-1950, Informatief)
- [4.2] Ek sou baie graag baie wou geleer *het*. (2001-2010, Fiksie)
- [4.3] In Hom sien ons hoe Adam kon gewees *het*, as die sonde sy lewe nie verwoes het nie. (1971-1980, Religieus)
- [4.4] Deur die bedenking plek te gee in ons hart, sê ons feitelik: die Heere het dinge in sij Woord geopenbaar, wat Hij tog liewers maar moes verswijs *het*. (1911-1920, Religieus)

Na 'n kontrolering van die korpusdata is daar egter gevind dat daar telkens gebruike met *het* is wat nie aanduiding van die irrealis is nie. Du Plessis (1979:161) dui hierdie gebruike aan as aanduidings van die voltooiide verlede tyd. Die term *voltooide* behels dat die gebeurtenis afgehandel is of vir 'n toestand dat dit opgehef is, en *verlede tyd* behels dat die voltooidheid al voor die huidige moment van toepassing is. Dit stel twee kriteria vir 'n gebruik om die voltooiide verlede tyd aan te dui: (a) 'n gebeurtenis of handeling is reeds voltooi, of 'n toestand is opgehef, en (b) die voltooiing van 'n gebeurtenis of handeling het reeds in die verlede plaasgevind, en 'n toestand duur nie meer voort in die huidige moment nie. Al die gebruiksgevalle van preteritale modale hulpwerkwoorde met *het*, wat nie die irrealis aandui nie, is oorweeg, en die oorgrote meerderheid voldoen aan die twee kriteria. Die aksie in [4.5] is (a) voltooi in die (b) verlede, en die toestand in [4.6] is (a) nie meer die geval nie, hoewel dit (b) in die verlede wel was.

[4.5] Skriftelike bewys dat dit al in Van Riebeeck se tyd plaasgevind het, bestaan nie, maar dit is moontlik omdat die spaarsame kommandeur waarskynlik so besef *het* dat suiker nie vir gebakte patats soos vir soetgestoofde rape nodig was nie. (2001-2010, Informatief)

[4.6] Maar al neem ons ook aan dat Willem Adriaan van der Stel nie die werklike rede vir sy verdraagsaamheid teenoor die veerowers gegee het nie, is dit nog altyd moontlik dat, wat hy oor die populariteit van die ruil-ekspedisies gesê het, in ooreenstemming met die feite kon gewees *het*. (1941-1950, Informatief)

Daar is slegs twee voorbeelde gevind wat, op grond van die konteks, nie duidelik aan albei kriteria voldoen nie: in voorbeeld [4.7] dui die outeur aan dat iemand van kleins af (dus: ook in die verlede) 'n sekere tipe rok wou hê, maar uit die konteks lyk dit of die begeerte steeds geld; in [4.8] word 'n proses gerapporteer wat, volgens wat uit die omringende konteks afgelei kan word, steeds voortgaan.

[4.7] . . . 'n rooi rok soos ek van my kleinste droomtyd af wou gehad *het*: prinseslank, walswyd, feesvroliek en rooi, rooi, raaksienrooi soos 'n kanniedood op die Knersvlakte . . . (1971-1980, Biografies)

[4.8] Mnr. Amir Abdulla, streekdirekteur vir Suider-Afrika, sê sedert September moes die WVP-kantore regoor die streek voedselhulp begin verminder *het* aan sentrums waar moeders en kinders gevoed is, aan skoolvoedingsprojekte en aan mense met MIV/vigs en tuberkulose. (2001-2010, Verslaggewing)

Daar is ook die verdere lastigheid van die gebruik van *het* in die teenwoordige tyd wat nie in die irrealis is nie (sien voorbeeld 4.19). Hierdie gevalle is egter die uitsondering, nie die reël nie. Aangesien daar tog uitsonderings is, word voltooiide verlede tyd nie as vanselfsprekend geneem wanneer *het* gebruik word wat nie die irrealis aandui nie; daar word wel daarop gewys dat die gebruik van *het* meestal die voltooiide verlede tyd aandui wanneer dit nie die irrealis aandui nie.

4.4.2.2 Sou

Die modale hulpwerkwoord *sal* wat intensie of voorspellings aandui, se preteritale vorm is *sou*. Daar is twee hoofkategorieë waarbinne *sou* gebruik word, die een is om die verlede toekomstige tyd aan te dui (voorbeeld 4.9),

[4.9] Hij sou nie die laaste wees deur die Hollands-Afrikaanse volk gehou, in sijn bestaan bedreigd deur die magtige Albion. (1911-1920, Religieus)

en die tweede is om modaliteit aan te dui [4.10].

[4.10] Dit sou beter wees as hy hier sou gebly het om vir ons te help. (1941-1950, Fiksie)

Die modale gebruike van *sou* sluit in om 'n hipotese te stel (soos in 4.9) en epistemiese waarskynlikheid aan te dui (sien voorbeeld 4.17), en ook om intensie in die verlede tyd aan te dui. In die eerste periode is die verwante vorme *zou* (37 keer) en *zouden* (4 keer) ook nog gebruik, hoewel dit vir die huidige doeleindes gewoon as wisselvorme geag is. Dit wys die mate van sukses in terme van variasiereduksie wat tydens standaardisering behaal is. Tabel 4.7 verskaf die twee hoofkategorieë van *sou* se onderskeie gebruiksgetalle.

Tabel 4.7: Temporele en modale gebruiksgetalle van *sou*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
verlede toekomstige tyd	51	12,3%	82	18,7%	50	15,7%	53	19,9%
modaal	362	87,7%	356	81,3%	269	84,3%	213	80,1%
TOTAAL	413		438		319		266	

Die enigste opvallende verandering in die gebruik van *sou* wat uit die tabel na vore kom, is die merkbare daling in totale gebruiksgetalle van die tweede tot die laaste periode. 'n Statistiese toets van beduidendheid wys dat die vermindering van totale gebruike oor al vier periodes heen inderdaad statisties beduidend is, en terwyl die verskil tussen die eerste twee periodes op sigself nie is nie, is die verskille tussen die daaropvolgende periodes wel⁶. In terme van formaliteit is die grootste proporsionele afname in die informele kategorie. Terwyl die modale gebruike van *sou* tot vier maal soveel soos die tempus-gebruike is, is daar nie enige aanduidings van afname of toename in die verhouding tussen die twee gebruike nie, wat geen verwagtings skep vir 'n verlies van die tempus-gebruik teenoor 'n behoud van die modale gebruik in die nabye toekoms nie.

Terwyl *sou* se meer dominante gebruik modaal van aard is, kan daar verder ondersoek ingestel word na die gebruike van modale *sou*. Die modale betekenis wat *sou* oordra is

⁶ Die resultate van 'n log-waarskynlikheidstoets is soos volg: vir al vier periodes aaneenlopend 53.99; periode een tot twee 0.80 (onbeduidend); periode twee tot drie 18.13; periode drie tot vier 4.99 (lae vlak van beduidendheid)

hipoteties of irrealis, en terwyl die modaliteit self nie aan tyd gebonde is nie, word die stelling of gebeurtenis wat daarmee saamgaan in terme van die verlede tyd aangebied [4.11],

[4.11] Vir Malan was so iets onaanvaarbaar, veral in die lig van die gevaar wat die Kleurlingstem in so 'n situasie vir die Blankes sou inhou. (1971-1980, Informatief)
of in terme van die teenwoordige tyd [4.12].

[4.12] As jy regtig verder met hom wil werk (berading) sou ek voorstel dat jy hier begin. (2001-2010, Manuskrip)

Tabel 4.8 gee verdere besonderhede in dié verband.

Tabel 4.8: Gebruiksgetalles van modale sou in die verlede en teenwoordige tyd

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
verlede tyd	160	44,2%	201	56,5%	175	65,1%	137	64,3%
teenwoordige tyd	202	55,8%	155	43,5%	94	34,9%	76	35,7%
TOTAAL	362		356		269		213	

In die bostaande tabel kan 'n duidelike tendens afgelei word: in die eerste periode word *sou* in modale kontekste meer in die teenwoordige tyd as in die verlede tyd gebruik, en die verhouding swaai presies om in die tweede periode; daarna is daar 'n verdere verhoging (in verhouding, hoewel nie in rou getalle nie) van gebruik in die verlede tyd wat stabiel bly deur die laaste twee periodes. Terwyl daar dus steeds 'n substansiële gebruik van modale *sou* in die teenwoordige tyd is, neem die gebruiksgetalles deurlopend beduidend⁷ af. Daarteenoor maak gebruike in die verlede tyd sedert die tweede helfte van die twintigste eeu ongeveer twee derdes van die modale gebruike uit, sonder dieselfde konstante afname as dié van die teenwoordige tyd.

Wat sake egter verder kompliseer, is dat *sou* soms saam met verdere modale hulpwerkwoorde gebruik word (hoofsaaklik *kan* en *kon*, maar ook *wil*, *wou*, *moet* en *moes*) – die vraag ontstaan dan of die addisionele modale hulpwerkwoorde se presensvorm of preteritumvorm die gebruik van *sou* vergesel. Daar is vier verskillende opsies:

1. *sou* en die preteritumvorm in die verlede tyd;
2. *sou* en die presensvorm in die verlede tyd;
3. *sou* en die preteritumvorm in die teenwoordige tyd; en
4. *sou* en die presensvorm in die teenwoordige tyd.

'n Voorbeeld van elk van hierdie opsies word, in dieselfde volgorde, in 4.13-4.16 gegee.

[4.13] Ander was bang om die reis te onderneem, omdat hulle dan deur die land van hulle vyande, met wie hulle gedurig in oorlog verkeer het, sou moes gaan. (1941-1950, Informatief)

⁷ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 74.92

[4.14] Maar hy was te lomp en het die mense afgeskrik deur opelik te verklaar, dat die Raad miskien sou kan ontwikkel tot iets nog groters. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

[4.15] Kearns & Paddison (2000) beweer dat stedelike bestuur ondernemender moet word, wat die keuse vir welvaartstaatmodel sou kon teenspreek. (2001-2010, Natuurwetenskappe)


[4.16] In 'n eenrigting-praatjie of lesing sou televisie wel die spreker se oorredingsvermoë sterk kan projekteer. (1971-1980, Informatief)

Die voorbeelde wys dat al die opsies moontlik is, wat lei tot die vraag van voorkeur. Verdere besonderhede oor die gebruiksgetalle word in tabel 4.9 gegee.

Tabel 4.9: Gebruiksgetalle van sou in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
opsie 1	3	14	23	15
opsie 2	1	2	7	3
opsie 3	-	13	16	13
opsie 4	44	15	4	4

Die getalle is besonder klein, maar daar kan tog een afleiding gemaak word – terwyl daar in die eerste periode 'n besonder sterk voorkeur gegee word aan die ongemerkte vorm van addisionele modale hulpwerkwoorde in die teenwoordige tyd (wat nog ooreenkom met die Nederlandse infinitief), word daardie voorkeur nie met verloop van tyd volgehou nie (sien figuur 4.1). Die gebruiksgetalle vir die laaste twee periodes is betreklik laag, maar dit wil tog voorkom asof modale hulpwerkwoorde wat saam met *sou* gebruik word voorkeur gee aan die preteritumvorm bo die presensvorm, wat ook die voorkeur in die verlede tyd reflekteer.



Figuur 4.1: Sou in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde

Terwyl die onderskeid tussen gebruike in die teenwoordige en verlede tyd minder belangrik blyk te wees, is daar 'n toenemende voorkeur vir die kombinasie "*sou* + preteritum" ten koste van "*sou* + presens" in enige tempus, dus toenemende preteritale kongruensie, of imperfektum-kongruensie in Conradie (2006:88) se terme.

'n Laaste kwessie in die gebruik van *sou* is tot welke mate dit vergesel word deur die verlede tyd hulpwerkwoord *het*. Hier is 'n aantal voorbeeldsinne waarin *sou* met of sonder *het* gebruik word: verlede tyd met *het* [4.17],

[4.17] 'n Paar jaar gelede sou niemand dit gewaag *het* nie. (1971-1980, Biografies)

verlede tyd sonder *het* [4.18],

[4.18] Ons het gedink dit sou vir jou 'n aardigheid wees. (1971-1980, Fiksie)

teenwoordige tyd met *het* [4.19],

[4.19] Nou wil ek van u weet of u my kan help om basies eerstehandse inligting te bekom - as ek u persoonlike belangstelling kan prikkel sou dit soveel makliker gewees *het*. (1971-1980, Manuskrip)

en teenwoordige tyd sonder *het* [4.20].

[4.20] Watter katekwaad sou hy nou weer aanvang as sy nie op die toneel is nie. (1941-1950, Fiksie)

Die gebruiksgetalle van *sou* in verledetyd-sinne en in teenwoordigetyd-sinne, met en sonder *het*, word in tabel 4.10 gegee.

Tabel 4.10: Gebruiksgetalle van *sou* met en sonder *het*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
teenwoordige tyd +<i>het</i> (irrealis)	8	2,2%	16	4,5%	8	3%	1	0,5%
teenwoordige tyd +<i>het</i>	1	0,3%	1	0,3%	2	0,75%	0	
teenwoordige tyd -<i>het</i>	193	53,3%	138	38,8%	84	31,2%	75	35,2%
verlede tyd +<i>het</i> (irrealis)	49	13,5%	51	14,3%	20	7,45%	24	11,3%
verlede tyd +<i>het</i>	2	0,6%	16	4,5%	7	2,6%	6	2,8%
verlede tyd -<i>het</i>	109	30,1%	134	37,6%	148	55%	107	50,2%
TOTAAL	362		356		269		213	

Die enigste tendens wat duidelik word uit die tabel is dat *het* deurgaans besonder min met verwysing na die teenwoordige tyd gebruik word, en oor die algemeen min (en toenemend minder) saam met *sou* gebruik word.

Die belangrikste tendens wat die gebruikspatroon van *sou* toon is die toenemende preteritale kongruensie van die modale hulpwerkwoorde wat saam met *sou* gebruik word.

Aangesien die werkwoordsisteem van Afrikaans heelwat meer vereenvoudig is as dié van Nederlands, veral wat tempus betref, kan preteritale kongruensie in terme van analogiese normalisering gesien word. In Nederlands is daar 'n komplekse vervoegingsisteem waar verskeie vorme van elke werkwoord bestaan, wat in verskillende (grammatikale en soms semantiese) kontekste gebruik word. Afrikaans se werkwoordsisteem is egter heelwat eenvoudiger, wat sigself makliker tot verdere regularisering verleen; preteritale assimilatie bring groter eenvormigheid mee – as die eerste modale hulpwerkwoord in die preteritum gebruik word, word al die daaropvolgende modale hulpwerkwoorde in die sin (moontlik toenemend outomaties) in die preteritum gebruik.

4.4.2.3 Wou

Die modale hulpwerkwoord *wil*, wat intensie of begeerte aandui, se preteritale vorm is *wou*. In teenstelling met *sou* word *wou* slegs met modale betekenis gebruik, en nie op sigself as temporele verwysing nie. Beide *wil* en *wou* dui intensie of begeerte aan, met *wou* wat dit in die verlede tyd plaas, en word dus slegs vir agent-interne modaliteit gebruik. Anders as *sou* word *wou* ook selde in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde (behalwe natuurlik *sou*) gebruik. Aangesien dit egter 'n ander tipe modaliteit as *sou* aandui, en slegs in die verlede tyd gebruik word buiten saam met *sou*, is die vraag oor die gebruik met en sonder *het* weer relevant. Voorbeeld [4.21] is 'n sin met *het*,

[4.21] Dit het nou amper gebiedend noodsaaklik geword om uit te vind waarom Francois vir Delia in die eerste instansie hier wou gehad *het*. (1971-1980, Fiksie)

en [4.22] daarsonder.

[4.22] Ek wou hom die laaste ent uittrek, maar hy het byna histeries gekree: "Moenie aan my vat nie!" (2001-2010, Fiksie)

Die gebruiksgetalle met en sonder *het* word in tabel 4.11 aangedui.

Tabel 4.11: Gebruiksgetalle van *wou* met en sonder *het*

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
met <i>het</i> (irrealis)	0	2	2	2
met <i>het</i>	3	6	8	0
sonder <i>het</i>	108	105	98	84
TOTAAL	111	113	108	86

Daar blyk 'n merkbare, maar statisties onbeduidende⁸, vermindering van die derde tot die laaste periode, maar geen ander verandering in terme van die gebruik van *wou* nie.

⁸ Log-waarskynlikheid van derde tot vierde periode: 2.57 (onbeduidend)

4.4.2.4 Kon

Die modale hulpwerkwoord *kan* dui beide agent-interne vermoë en agent-eksterne moontlikheid aan. Die preteritale vorm *kon* plaas daardie vermoë of moontlikheid in die verlede (voorbeeld 4.23),

[4.23] Hy kon ook ure aaneen die ou Joodse geskrifte lees en met Josef daaroor gesels. (1971-1980, Religieus)

behalwe wanneer 'n wens of begeerte uitgespreek word [4.24],

[4.24] Ek wens jy kon bietjie in my kop inklim en kyk wat gaan aan. (2001-2010, Manuskrip)

of in kombinasie met *sou* [4.25].

[4.25] En veral met John *sou* ek kon uitgaan - hy is immers verlief op jou! (1941-1950, Fiksie)

Indien voorbeeld [4.24] geherformuleer word met *kan*, word die betekenisverskil duidelik daarin dat *kon* 'n wens aandui vir 'n saak wat onrealisties of selfs onmoontlik is, terwyl *kan* 'n wens *sou* aandui vir 'n saak wat wel moontlik is. Die oorspronklike assosiasie van temporele afstand tussen *kan* en *kon* word hier uitgebrei tot epistemiese afstand.

De Villiers (1971:29) beweer dat wanneer *kan* met epistemiese modaliteit in formele kontekste gebruik word saam met verledetydsverwysing, dit soms nié preteritale assimilasie ondergaan nie. Daar is egter met 'n doelgerigte steekproef wat 400 voorbeelde van *kan* uit elke periode ondersoek het, geen voorbeelde hiervan gevind nie. Dit beteken nie dat die moontlikheid heeltemal uitgesluit word nie, maar dat indien dit enigsins gebruik word, dit gewoon te skaars is om in die gegewe datastelle te figureer.

Dit lei tot die vraag na gebruike van *kon* met of sonder *het*. Daar is geen gevalle van gebruik met *het* in die teenwoordige tyd gevind nie, en voorbeelde van gebruik met *het* [4.26] en gebruik sonder *het* [4.27] in die verlede tyd word hier gegee.

[4.26] Die vier weke tussenin kon vierhonderd jaar gewees *het*. (1971-1980, Fiksie)

[4.27] Sitplek was daar nie meer vir hom nie, maar hy kon darem in die gang staan, al was daar geen ruimte om die knieë 'n bietjie te buig nie. (2001-2010, Biografies)

Verdere besonderhede oor gebruiksgetalle van *kon* met of sonder *het* word in tabel 4.12 gegee.

Soos met die vorige gevalle is daar weereens 'n sterk voorkeur vir gebruike sonder *het*, alhoewel daar deurgaans gevalle met *het* teenwoordig is. Die gebruike in die teenwoordige

tyd is ook deurgaans teenwoordig, maar dit maak telkens 'n klein proporsie van die totale gebruik van *kon* uit.

Tabel 4.12: Gebruiksgetalle van *kon* met en sonder *het*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
teenwoordige tyd	12	3,7%	16	4,7%	16	5,5%	12	3,6%
verlede tyd + <i>het</i> (irrealis)	20	6,1%	13	3,8%	17	5,9%	14	4,3%
verlede tyd + <i>het</i>	4	1,2%	5	1,4%	7	2,4%	5	1,5%
verlede tyd - <i>het</i>	290	89%	310	90,1%	249	86,2%	298	90,6%
TOTAAL	326		344		289		329	

Dit blyk dat *kon* geen verandering toon nie – die totale gebruiksgetalle sowel as verskillende gebruike toon 'n mate van variasie, maar dit is nie statisties beduidend⁹ nie, en toon geen tendens wat op verandering dui nie.

4.4.2.5 Moes

Die modale hulpwerkwoord *moet* dui beide deontiese modaliteit en epistemiese modaliteit aan, met die preteritum *moes* wat slegs in die verlede tyd gebruik word. Terwyl *moet* in kombinasie met negativering saamgesmelt het tot *moenie* (wat gewoonlik as imperatief gebruik word), word die negatief in die verlede tyd steeds apart as *moes nie* gebruik. Die preteritum *moes* word weereens beide met [4.28] en sonder [4.29] *het* gebruik.

[4.28] Die Transvaal wil knoei: hulle sê ons moes die Engelse nie gehelp *het* nie. (1911-1920, Biografies)

[4.29] Josef en Maria moes maar terug om Hom te soek. (1941-1950, Religieus)

Die gebruiksgetalle van *moes* met en sonder *het* word in tabel 4.13 gegee.

Tabel 4.13: Gebruiksgetalle van *moes* met en sonder *het*

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
met <i>het</i> (irrealis)	9	14	13	12
met <i>het</i>	15	18	19	27
sonder <i>het</i>	280	252	153	190
TOTAAL	304	284	185	229

Weereens is daar deurgaans 'n besonder sterk voorkeur vir gebruike sonder *het*, hoewel die gebruike met *het* proporsioneel effens toeneem. Die totale gebruiksgetalle neem af tot die derde periode, waarna dit weer effens toeneem; die patroon is in kontras met die presens

⁹ Terwyl die vermindering van periode twee tot drie 'n mate van beduidendheid toon (met 'n log-waarskynlikheid resultaat van 4.49), skakel die toename in die daaropvolgende periode 'n tendens uit.

moet, wat tussen die eerste twee periodes toeneem en vanaf die tweede periode afneem (sien figuur 4.2), wat tot 'n mate ooreenstem met die gebruik van *must* in Suid-Afrikaanse Engels (Wasserman, 2014:295).


4.4.2.6 Samevatting: modale hulpwerkwoorde

Sommige van die preteritale vorme van die modale hulpwerkwoorde toon idiosinkratiese gedrag, soos *sou* wat vir die verlede toekomstige tyd gebruik word, en wat daartoe lei dat ander modale hulpwerkwoorde daarmee saam in die preteritale vorm gebruik word wanneer na die teenwoordige tyd verwys word, en *kon* wat in die teenwoordige tyd weerstand bied teen gebruik saam met *het*. Daar kan wel een veralgemening gemaak word – al die preteritale modale hulpwerkwoorde word meer gereeld sonder *het* gebruik as daarmee.

Om af te sluit word die totale gebruiksgetalle van die preteritale modale hulpwerkwoorde en hulle ongemerkte eweknieë in figuur 4.2 weergegee.

Die enigste modale hulpwerkwoord wat beduidend toeneem is *kan* – die toename oor al vier periodes heen is statisties beduidend, en die verskil tussen al die opeenvolgende periodes is beduidend, behalwe tussen die laaste twee¹⁰. Die toename van *kan* is soortgelyk aan die toename in *can* in Suid-Afrikaanse Engels (Wasserman, 2014:508). Die ander modale hulpwerkwoorde fluktueer of neem af, ook *kon*, wat ook in breë trekke ooreenstem met Suid-Afrikaanse Engels (Wasserman, 2014:508). Die ongemerkte vorme word deurgaans heelwat meer gebruik as die preteritale vorme, ook in die geval van *wil* en *wou* wat die laagste gebruiksgetalle in hulle kategorieë het – dit staan in kontras met Suid-Afrikaanse Engels. In die twintigste eeu is beide *will* en *would* frekwent, hoewel *would* afneem, en beide *can* en *could* is ook frekwent, hoewel *can* toeneem en *could* afneem (Wasserman, 2014:508). Verder is *may*, *must* en *should* ook redelik frekwent, terwyl *might* en *shall* heelwat minder frekwent is (Wasserman, 2014:508). Dit lyk dus of daar in Afrikaans 'n sterker temporele onderskeid tussen modale hulpwerkwoorde in die presens en die preteritum bestaan, met 'n voorkeur vir die presens, terwyl individuele modale hulpwerkwoorde in Engels semanties gespesialiseer het op wyses wat nie meer primêr temporeel van aard is nie, soos Afrikaanse *sou* in modale gebruike. Die enigste afname in die Afrikaanse data wat deurgaans gehandhaaf word is dié van *sal*, waarop daar later in meer besonderhede ingegaan word in die ondersoek na verwysing na die toekomstige tyd (sien afdeling 4.5.1, p. 109 en verder).

¹⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend 96.23; periode een tot twee 4.64 (lae vlak van beduidendheid); periode twee tot drie 25.34; periode drie tot vier 1.48 (onbeduidend)



Figuur 4.2: Gebruiksgetalles van die ongemerkte en preteritale modale hulpwerkwoorde

Die belangrikste verandering by modale hulpwerkwoorde is die gebruik van *sou* in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde – die konvensie het geskuif van *sou* wat met presensvorme kombineer na *sou* wat met preteritumvorme kombineer. Die krag agter hierdie verandering, sowel as die proses wat dit dryf, is analogiese uitbreiding, waar 'n paradigma uitgebrei het, sodat die gebruik van een preteritale modale hulpwoord aanleiding gee tot

die gebruik van die preteritum van ander modale hulpwerkwoorde in dieselfde sin. 'n Verdere domein waarheen hierdie paradigma uitgebrei het is die sintaktiese infinitief, wat uit die aard van die saak in Nederlands altyd infinitiefvorme van werkwoorde neem, maar nie in Afrikaans nie. Terwyl die aard van die Afrikaanse infinitief nie die fokus is hier nie, wys Conradie (2006:88) uit dat die preteritumvorme van modale hulpwerkwoorde in Afrikaanse infinitiefkonstruksies gebruik kan word – aan die een kant wys dit op die verdere analogiese uitbreiding van die paradigma, maar dit is ook meer ekonomies as die Nederlandse ekwivalent (Conradie, 2006:88).

Vervolgens word die derde hoofkategorie van die preteritum in meer diepte ondersoek, naamlik die koppelwerkwoord *wees* met die preteritale vorm *was*.

4.4.3 DIE WERKWOORD *WEES*

Die koppelwerkwoord *wees* realiseer op 'n verskeidenheid van wyses in Afrikaanse taalgebruik – die infinitief *wees*, die mees frekwente vorm *is* in die presens, die preteritumvorm *was*, en die reëlmatige verlede tyd *gewees*. Beide *is* en *was* kombineer potensieel met *gewees*, hoewel *gewees* ook saam met *het* gebruik word. Voorbeelde 4.30-4.33 illustreer verskillende vorme en gebruike van *wees* in die verlede tyd. In 4.30 word die preteritale vorm alleen as koppelwerkwoord gebruik,

[4.30] Vir wolwe was hy uiters bedug! (2001-2010, Biografies)

in 4.31 gee die preteritale modale hulpwerkwoord aanleiding tot die gebruik van die reëlmatige verledetydsvorm saam met die hulpwerkwoord *het*,

[4.31] Dat hy só vermetel kon gewees *het*! (1971-1980, Fiksie)

in 4.32 word die preteritale vorm *was* (as koppelwerkwoord) saam met die reëlmatige verledetydsvorm gebruik,

[4.32] Dit was ook wel die geval in L gewees. (1941-1950, Manuskrip)

en in 4.33 word die presensvorm *is* (as koppelwerkwoord) saam met die reëlmatige verledetydsvorm gebruik.

[4.33] Ons poginge is dan ook nie vrugteloos gewees nie. (1911-1920, Verslaggewing)

Volgens Steyn (1976:44) is die kombinasie *was gewees* oorbodig, net soos die dubbel negativering, en terwyl die opsie nie ongrammatikaal is nie, dui dit geen betekenisverskil met blote *was* aan nie (sien ook Conradie, 1977:61). Hy skryf die "oorbodige" *gewees* toe aan Nederlandse invloed, en beweer dat die kombinasie eerder in gesproke taalgebruik voorkom en blote *was* in versorgde geskrewe taalgebruik (Steyn, 1976:44). Steyn (1976:44) merk ook die kombinasie *is gewees* op, hoewel dit volgens hom heelwat minder voorkom as *was*

gewees. Ponelis (1979:266) dui verder aan dat die kombinasie *gewees het* in sommige gevalle as ekwivalente van *was* kan voorkom, soos in sy voorbeeld "Dit *het* so *gewees*" (met ander woorde sonder 'n modale hulpwerkwoord). In die vroegste kategorie van die normatiewe literatuur word *was gewees* in drie bronne aangedui as 'n blote alternatief vir *was* (Le Roux & Nienaber, 1947:3; Malherbe, 1917:56-7, 1921:63-4), en deur vier bronne aangedui as 'n manier om die voorverlede tyd of perfektiviteit aan te dui (Botha & Burger, 1927:129; Bouman & Pienaar, 1924:136; Langenhoven, 1926:37; Pienaar & Langenhoven, 1932:98). In die middelste kategorie van normatiewe bronne word dit selde hanteer – een bron gee dit as 'n alternatief (Le Roux & Nienaber, 1951:6), en een bron as 'n uitdrukking van die voorverlede tyd (Van der Merwe, 1967:315). In die laaste kategorie word dit in 'n ander lig gestel – terwyl twee bronne dit nog as 'n moontlike voorverlede tyd sien (Prinsloo & Odendal, 1995:223; Van Schalkwyk & Kroes, 1982:68), beskryf vyf bronne dit as onnodig en toutologies, en beveel aan dat dit liefs vermy moet word (Combrink & Spies, 1986:180; De Villiers, 1983:218; Müller, 2003:700; Van der Merwe & Ponelis, 1991:262; Van Schoor, 1983:144). Die patroon wat hieruit verwag sou word is dat dit in die eerste twee korpusse nog redelik gebruik word, waarna dit afneem, om moontlik baie min of glad nie in die laaste korpus voor te kom.

Wanneer daar met die leksikale item *was* gewerk word, moet daar in gedagte gehou word dat dit 'n verskeidenheid funksies het, en nie net as 'n preteritale koppelwerkwoord gebruik word nie. Bo en behalwe die preteritale koppelwerkwoord, word dit ook gebruik as 'n hulpwerkwoord in die verlede tyd passief [4.34],

[4.34] Dit het gelei tot die ontstaan van die sogenaamde "Hyphenated techniques" waar chromatografie gekoppel word aan analise tegnieke wat tradisioneel op hul eie gebruik was. (2001-2010, Natuurwetenskappe)

as 'n hoofwerkwoord wat "reinig" beteken [4.35],

[4.35] Ek was die kleiner kinders se klere en hang dit buite. (2001-2010, Fiksie)

en as 'n naamwoord [4.36].

[4.36] Die bome het blare soos vlerke van was; die son smelt die vlerke van die bome. (1971-1980, Fiksie)

Verder word dit in die eerste periode nog gebruik as hulpwerkwoord van tyd saam met mutatiwewerkwoorde, aangesien *het* nog nie volledig vir *is* en *was* in daardie gebruik vervang het tydens die eerste periode nie. In tabel 4.14 word die verskillende werkwoordelike gebruike van *was* opgesom.

Tabel 4.14: Gebruiksgetalle van die verskillende werkwoordelike gebruike van was

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
hoofwerkwoord	10	9	17	8
hulpwerkwoord van tyd	27	-	-	-
hulpwerkwoord passief	156	92	65	42
koppelwerkwoord	2 035	1 442	1 370	1 397
TOTAAL	2 228	1 543	1 452	1 447

Uit die tabel kan afgelei word dat *was* se hoofgebruik as preteritale koppelwerkwoord is, en dat dit ná die eerste periode nie meer gebruik is as hulpwerkwoord van tyd anders as in die passief nie. Daar is 'n beduidende afname in totale gebruiksgetalle¹¹, wat ook gereflekteer word in die koppelwerkwoordgebruike¹², hoewel die beduidendheid telkens hoofsaaklik aan die verskille tussen die eerste twee periodes toegeskryf kan word.

Aangesien *gewees* nie altyd in kombinasie met *was* gebruik word nie, maar ook saam met modale hulpwerkwoorde¹³, is dit moontlik dat 'n toename in *gewees* kan bydra tot die afname in *was*. Meer besonderhede oor *gewees* word in tabel 4.15 gegee.

Tabel 4.15: Gebruiksgetalle van *gewees* met hulpwerkwoorde

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
met <i>het</i>	58	31	35	22
met <i>is</i>	35	3	-	-
met <i>was</i>	23	9	3	1
TOTAAL	116	43	38	23

Uit die tabel is dit duidelik dat *gewees* nie kan bydra tot die afname van *was* nie. In die eerste plek is daar 'n beduidende afname in totale gebruike van *gewees*¹⁴ – 'n opvallende verandering op sigself. Tweedens kan *gewees* in kombinasie met *was* nie by die moontlike kompetisie gereken word nie, aangesien *was* steeds gebruik word. Die gebruik van *was* *gewees* neem inderdaad deurgaans af, en kom ooreen met die verwagting vanuit die analise van die normatiewe bronne wat hierbo aangedui is, asook die bevindinge van Stoops (1972:127). Buiten normatiewe uitsprake kan die beginsel van ekonomie ook moontlik tot die vermindering bydra, aangesien die gebruik van beide *was* en *gewees* oortollig is. Dit is 'n tree in die teenoorgestelde rigting as regularisering, aangesien dit die reëlmatige vorm is wat

¹¹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 233.26; periode een tot twee 123.34; periode twee tot drie 2.29 (onbeduidend); periode drie tot vier 0.03 (onbeduidend)

¹² Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 177.57; periode een tot twee 100.09; periode twee tot drie 1.47 (onbeduidend); periode drie tot vier 0.18 (onbeduidend)

¹³ Daar is geen voorbeelde van *gewees* met *het* sonder 'n modale hulpwerkwoord gevind nie.

¹⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 83.12; periode een tot twee 34.62; periode twee tot drie 0.28 (onbeduidend); periode drie tot vier 3.78 (lae vlak van beduidendheid)

afneem in frekwensie, terwyl die preteritum behoue bly. Laastens is daar ook 'n afname in die gebruike wat wel kompetisie sou kon wees, en is die gebruiksgetalle in elk geval besonder laag.

Wat andersins uit die tabel afgelei kan word, is dat gebruike met *is* volledig afwesig is in die laaste twee periodes, wat nie beteken dat dit noodwendig heeltemal uit taalgebruik verdwyn het nie, maar wel drasties verminder het in vergelyking met die eerste periode se voorkeure. Verder is daar ook 'n sterk afname in die gebruike met *was*, wat beteken dat dit moontlik besig is om, ten minste wat geskrewe taalgebruik betref, minder gebruiklik te raak. Aangesien *gewees* nie bydra tot die afname van *was* nie, word die gebruiksgetalle van *was* met dié van *is* en *wees* vergelyk om te sien of daar nie 'n verskuiwing na die presens is nie.

Tabel 4.16: Gebruiksgetalle van die verskillende vorme van WEES

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
was	2 035	31,4%	1 442	25,8%	1 370	24,2%	1 397	23,6%
is	3 910	60,4%	3 602	64,5%	3 825	67,5%	4 036	68,1%
wees	532	8,2%	542	19,7%	473	8,3%	493	8,3%
TOTAAL	6 477		5 586		5 668		5 926	

Die gebruiksgetalle van *is* en *wees* blyk redelik te fluktueer. Daar is proporsioneel 'n klein afname van *was* teenoor *is* tot die derde periode, maar nie voldoende om die afname van *was* te verklaar nie – veral nie in die lig van die fluktuasie in totale gebruike van die verskillende vorme van *wees* nie (die verklaring daarvan val buite die skopus van hierdie studie). Enige verdere verklarings vir hierdie afname sal buite die grammatikale sisteem gesoek moet word – dit is moontlik dat die potensieel omvangryke veranderinge wat tydens aanvanklike standaardisering plaasvind hier 'n (moontlik onbedoelde) effek op die frekwensie van *was* gehad het, wat kan verduidelik waarom die enigste beduidende verskil tussen die eerste twee periodes gevind is.

4.4.4 SAMEVATTING: PRETERITUM

'n Paar opmerkings oor die preteritum is in orde. Behalwe vir *dag* en *dog* wat moontlik meer frekvent in gesproke taalgebruik is, lyk dit asof die ander seldsame preteritumvorme wat Conradie (1999:20) as verouderd aangedui het, naamlik *had*, *mog* en *wis*, inderdaad verouderd en vanaf die tweede periode toenemend seldsaam is. Terwyl dit nog enigins gebruik kan word, is daar telkens ander opsies wat die preteritumvorme verdring (*het* en *het gehad* vir *had*, *mag* + verledetydsvorm vir *mog* + werkwoord, en *het geweet* vir *wis*).

Die gebruik van *sou* om die verlede toekomstige tyd aan te dui neem ook af met verloop van tyd, tesame met 'n algemene daling in preteritumvorme. Terwyl hierdie afname

hoegenaamd nie drasties is nie, blyk daar 'n subtiele daling in totale preteritumvorme (in terme van getalle en proporsie) in die eerste helfte van die eeu te wees wat afplat in die tweede helfte. Tabel 4.17 gee 'n opsomming van totale preteritumgetalle van dié wat 'n direkte presensekwivalent het sonder alternatiewe verledetydsvorme (seldsame vorme word dus uitgesluit).

Tabel 4.17: Preteritumgebruik teenoor presensgebruik

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
sou, wou, kon, moes, was	3 189	30,7%	2 621	27,3%	2 271	23,6%	2 307	23,7%
sal, wil, kan, moet, is	7 185	69,3%	6 969	72,7%	7 348	76,4%	7 446	76,3%
TOTAAL	10 374		9 590		9 619		9 753	

Indien die individuele preteritale vorme se gebruike hiermee gekontrasteer word, blyk dit dat *moes* en *was* ook hierdie patroon reflekteer (waar *gewees* + hulpwerkwoord deurlopend afneem), terwyl *sou* en *wou* eers effens toeneem tussen die eerste twee periodes en dan afneem, en *kon* effens fluktueer maar grootliks stabiel bly. Die presensvorm *kan* neem egter toe, wat *kon* proporsioneel laat afneem, terwyl *sal* saam met *sou* afneem, *wil* redelik stabiel is en *moet* tussen die eerste twee periodes toeneem en dan verder afneem. In terme van 'n oorsigtelike prentjie blyk die moontlikheid van 'n stadig-groeiende voorkeur vir die presens ten koste van die preteritum – 'n voorkeur wat in terme van die volgende afdelings relevant mag wees om 'n groter tendens uit te wys.

'n Laaste vraag wat relevant mag wees vir preteritumgebruik – terwyl die tempussisteem van Afrikaans andersins volledig geregulariseer het, waarom het daar enigsins preteritale vorme behoue gebly? 'n Moontlike antwoord lê in die belang wat in die kognitiewe gebruiksgebaseerde raamwerk geheg word aan gebruiksfrekwensie – hoe meer frekwent die gebruik van 'n grammatikale vorm is, hoe meer weerstand bied daardie vorm teen prosesse soos regularisering en analogiese normalisering. Byvoorbeeld, die modale hulpwerkwoord *mag* se gebruiksfrekwensie is die laagste in die kategorie modale hulpwerkwoorde, en die gebruik van beide *mag* en *mog* in die verlede tyd is besonder skaars. Na aanleiding van die lae gebruiksfrekwensie van *mog* het die vorm in onbruik verval. Dieselfde geld vir *weet* en *wis* – terwyl *weet* redelik frekwent is vir 'n leksikale werkwoord is die verledetydsgebruik daarvan net té min om weerstand teen regularisering vol te hou. Dit lyk asof *mag/mog* en *weet/wis* vir 'n tyd lank grensgevalle vir regularisering was, amper frekwent genoeg om regularisering te weerstaan, maar uiteindelik tog nie.

In teenstelling hiermee het al die ander modale hulpwerkwoorde se presensvorm en preteritumvorm 'n besonder hoë gebruiksfrekwensie (die preterita is almal in die top 270 en

die ongemerkte vorme in die top 75 mees frekwente woorde van meer as 22 000 in elk van die korpusse), wat waarskynlik is waarom dit nie saam met die breër werkwoordsisteem geregulariseer het in die verlede tyd nie – ten spyte van die subtiële afname in preteritumgebruike, is dit steeds bo een of ander kritiese frekwensie wat weerstand teen regularisering behou. Dieselfde geld vir die mees frekwente werkwoord in Standaardafrikaans, die koppelwerkwoord *wees* – nie net het dit die preteritumvorm *was* vir die verlede tyd behou nie, maar daar is 'n onderskeid tussen die infinitief *wees* (met die verlede tyd *gewees*) en ongemerkte *is*, 'n onderskeid wat andersins grootliks afwesig is in die Afrikaanse werkwoordsisteem.

'n Anomalie in hierdie konteks is die werkwoord *het*, wat as hoofwerkwoord die infinitiefvorm *hê* en verledetydskonstruksie *het gehad* neem, en as hoofwerkwoord en hulpwerkwoord die preteritumvorm *had* grootliks verloor het. As die tweede mees frekwente werkwoord in Standaardafrikaanse taalgebruik, sou dit nie dieselfde patroon toon as *wees* nie? 'n Moontlike verklaring vir *het* se preteritumverlies is die ontwikkelingsweg waarvolgens dit vanuit Nederlands (via kontak-geïnduseerde verandering) na Afrikaans ontwikkel het. Die Afrikaanse vorm *het* is afkomstig van *het* as enkelvoud en die infinitief *hê* uit *hewwe* as meervoud in dialektiese (veral Hollandse) Nederlands (Conradie, 2006:89; Ponelis, 1993b:386), wat gebruik is in plaas van die groter aantal vervoegde vorme (*heb, hebben, hebt, heeft*) in Standaardnederlands. Dit beteken dat die vorme van *het* alreeds tot 'n mate sou geregulariseer het tydens die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans, wat die rede is waarom die preteritum *had* vatbaar was vir verdere regularisering na *het* en *hetgehad*.

4.5 HULPWERKWOORDE VAN TYD

4.5.1 TOEKOMENDE TYD

Die opskrif "toekomende tyd", asook die opskrif "hulpwerkwoorde van tyd", is effens problematies – terwyl daar natuurlik algemeen na die toekomende tyd verwys word in Afrikaanse taalgebruik, kan daar nie werklik van 'n toekomendetydtempus in die grammatikale sin gepraat word nie. Soos wat Wybenga (1993:21) dit stel: "*Sal* slaan immers nie op die toekoms nie, maar op die instelling van die spreker op die oomblik van uiting." Behalwe *sal*, wat by uitstek in verband met toekomsverwysing gebruik word, is daar ander woorde wat ook met die implikasie van toekomsverwysing gebruik word, onder andere die modale hulpwerkwoorde *wil* en *moet*, die skakelwerkwoord *kom*, en *gaan* (Ponelis, 1979:242). Die modale hulpwerkwoorde *wil* en *moet* se primêre funksies is egter modaal, en volgens De Stadler (1992:97) is *kom* meer gemerk as *gaan* in terme van hulpwerkwoordfunksies en spesifiek toekomsverwysing en behou *kom* meer geredelik die

ruimtelike deiktiese betekenis. Verder beweer De Stadler (1992:95) dat *gaan* 'n "suiwerder" toekomsverwysende uitdrukking is as *sal*.

Aangesien *sal* die hulpwerkwoord is wat veral die toekoms impliseer, en *gaan* die enigste ander woord is wat in sekere kontekste by uitstek na die toekoms verwys, is hierdie twee hulpwerkwoorde die fokus van die afdeling oor toekomsverwysing.

4.5.1.1 Sal

Die hulpwerkwoord *sal* word in die eerste plek bestempel as 'n modale hulpwerkwoord (De Stadler, 1992:94; Wybenga, 1993:21), maar dit word tot 'n groot mate gebruik met die implikasie van toekomsverwysing. *Sal* kom tot 'n mate ooreen met Engelse *shall* en *will*, wat ook modale hulpwerkwoorde is wat grotendeels vir toekomsverwysing aangewend word. Soos in die geval van Engelse *shall* en *will* is *sal* se modale funksie aan die een kant om agent-geöriënteerde intensie of voorneme aan te dui, soos in voorbeeld 4.37,

[4.37] Ek sal maar my kans afwag. (2001-2010, Biografies)

en aan die ander kant om epistemiese modaliteit aan te dui, veral in die konteks van voorspellings, soos in voorbeeld 4.38.

[4.38] Hiertoe sal die volgende beide eksperimente groteliks opklaring verskaf. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

Die onderskeid tussen hierdie twee algemene kategorieë van modaliteit – agent-geöriënteerd en epistemies – is relevant wanneer daar na *sal* in terme van toekomsverwysing gekyk word. Terwyl intensie of voorneme uiteraard die toekoms impliseer, is epistemiese modaliteit meer objektief en, soos De Stadler (1992:95) dit stel, meer "suiwer" toekomsverwysend.

Hierdie onderskeid is egter nie eenvoudig nie, omdat intensie per implikasie intern tot die spreker is, en dieselfde gereedskap gebruik word om beide intensie en voorspelling uit te druk. Om 'n sinvolle onderskeid tussen hierdie twee tipes modaliteit te maak (sien Van der Auwera en Plungian, 1998 vir verdere inligting oor hierdie indeling), is daar kriteria ten opsigte van die gebruik van *sal* saamgestel (sien tabel 4.18).

Die eerste kategorie van gegewens wat gebruik is om die tipe modaliteit te bepaal, is die semantiese konteks. Wanneer daar eksplisiete aanduidings van intensie of voorneme is, of wanneer daar duidelik 'n versoek gestel word, is dit as agent-geöriënteerd gemerk, terwyl eksplisiete aanduidings van objektiewe voorspellings of voorwaardes as epistemies gemerk is. Wanneer addisionele modale hulpwerkwoorde saam met *sal* gebruik word, is *moet* en *wil* by agent-geöriënteerd gereken, terwyl daar 'n onderskeid getref is tussen wanneer *kan* objektiewe vermoë aandui, en wanneer dit subjektief van aard is. Nie-menslike

sinsonderwerpe maak dit moeilik om intensie daaraan toe te skryf, terwyl menslike sinsonderwerpe vir beide tipes modaliteit gebruik word. Indien die hoofwerkwoord statief is, of dui op 'n aksie waar die onderwerp iets "ontvang" of "aangedoen word", kan daar ook nie intensie aan toegeskryf word nie, terwyl "doen"-werkwoorde vir beide tipes modaliteit gebruik word. Emosionele werkwoorde word ook meer tipies met agent-geöriënteerde modaliteit geassosieer. Wanneer 'n sin nie reeds negatief is nie, en die negativering daarvan dui op nie-intensie eerder as feitelike valsheid, is dit ook as agent-geöriënteerd gemerk. Verder is die pragmatiese konteks ook in ag geneem – interpersoonlike tekste en situasies verleen sigself meer tot agent-geöriënteerde modaliteit, terwyl feitelike tekste en die oordrag van feitelike gegewens eerder met epistemiese modaliteit as met intensie geassosieer word. Adjunkte of bywoorde wat intensie aandui, byvoorbeeld *graag*, of objektiewe moontlikheid, byvoorbeeld *waarskynlik*, is ook in ag geneem. In elke gebruiksgesval is al hierdie kriteria in ag geneem om die analise so akkuraat en konsekwent moontlik uit te voer. Die handvol retoriese vrae wat gevind is, is buite rekening gelaat.

Tabel 4.18: Kriteria vir onderskeid agent-geöriënteerde en epistemiese gebruike van sal

Kategorie	Agent-geöriënteerd	Epistemies
Semantiese konteks	Eksplisiete aanduiding van persoonlike versekering, intensie, ens.	Eksplisiete aanduiding van objektiewe voorspelling
	Versoeke	Voorwaardes
Meegaande modale hulpwerkwoorde	<i>moet, wil, kan</i> (subjektief)	<i>kan</i> (objektiewe vermoë)
Onderwerp van die sin	Menslike onderwerp (passief uitgesonder)	Enige tipe onderwerp
Aard van die hoofwerkwoord	Slegs uitvoer-werkwoorde	Uitvoer-, ontvang- en statiewe werkwoorde
	Emosionele werkwoorde	Enige tipe werkwoorde
Betekenis van die negatief	Negativering dui op nie-intensie	Negativering dui op valsheid
Pragmatiese konteks	Interpersoonlike tekste	Feitelike tekste
	Interpersoonlike situasies binne tekste	Oordrag van feitelike gegewens
Adjunkte en bywoorde	Dui intensie of verpligting aan	Dui op moontlikheid of waarskynlikheid

Tabel 4.19 gee die resultate van die analise van *sal* volgens tabel 4.18.

Tabel 4.19: Gebruiksgetalles van agent-geöriënteerde en epistemiese gebruike van sal

	1911-1920 ¹⁵		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
agent-geöriënteerd	254	23,5%	236	24,9%	220	24,1%	270	30,8%
epistemies	829	76,5%	713	75,1%	691	75,9%	606	69,2%
TOTAAL	1 083		949		911		876	

¹⁵ Tydens die eerste periode is die vorme *zal*, *zullen*, *zult* en *zil* ook gebruik; dit word as wisselvorme hanteer en by die gebruike van *sal* gereken.

Daar is 'n beduidende vermindering in die totale gebruiksgetalle¹⁶, en terwyl die proporsies redelik stabiel bly vir die eerste drie periodes, is daar daarna 'n effense proporsionele vermeerdering in agent-geöriënteerde gebruike en dus 'n vermindering in epistemiese gebruike. Die epistemiese gebruiksgetalle verminder deurgaans, en die laaste periode se epistemiese gebruike is 73% van dié van die eerste periode. Ten spyte van hierdie beduidende vermindering¹⁷ bly die epistemiese gebruike selfs teen die einde meer as twee derdes van die totale gebruike. Dit beteken aan die een kant dat *sa/* meer dikwels vir "suiwerder" toekomsverwysing gebruik word, maar aan die ander kant dat juis hierdie gebruik 'n meer konsekwente afname toon.

4.5.1.2 Gaan

Die werkwoord *sa/* funksioneer slegs as 'n hulpwerkwoord, terwyl die werkwoord *gaan* verskillende werkwoordelike funksies vervul. *Gaan* kan gebruik word as 'n hoofwerkwoord wat fisiese beweging aandui (voorbeeld 4.39),

[4.39] Na 'n rukkie staan hy op en gaan na hul toe; maar eers dro hy sy oë af. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

as 'n meer abstrake hoofwerkwoord wat onder andere "handel oor" beteken [4.40],

[4.40] Met my werk gaan dit redelik goed. (1941-1950, Manuskrip)

as 'n skakelwerkwoord [4.41],

[4.41] Ek dink ook dit is reg dat jy hulle gaan haal. (1971-1980, Fiksie)

en as 'n hulpwerkwoord wat toekomstige tyd aandui [4.42].

[4.42] Dit gaan egter nie maklik wees nie. (2001-2010, Manuskrip)

Afrikaans het hierdie gebruike in gemeen met dieselfde woord in Nederlands (*ga* as stamvorm met *gaat* en *gaan* as vervoegingsvorme), en 'n soortgelyke ontwikkeling van *going to* word in Engels gevind (Poplack & Tagliamonte, 2000, in 'n ondersoek na die konstruksie in verskillende kreoolse Engelse variëteite). In die proses van grammatikalisering van bewegingswerkwoorde na toekomsverwysing is daar 'n verskuiwing van gebruik saam met slegs menslike agente na gebruike met onderwerpe wat geen voorneme kan hê of beweeglik is nie (Poplack & Tagliamonte, 2000:332), en uit voorbeeld 4.42 is dit duidelik dat *gaan* in Afrikaanse taalgebruik reeds hierdie vlak van grammatikalisering bereik het. Tabel

¹⁶ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 23.0; periode een tot twee 8.50; periode twee tot drie 0.58 (onbeduidend); periode drie tot vier 0.81 (onbeduidend)

¹⁷ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 34.23; periode een tot twee 8.43; periode twee tot drie 0.23 (onbeduidend); periode drie tot vier 5.86.

4.20 gee 'n uiteensetting van die verskillende gebruike van die werkwoord *gaan* in die korpus.

Tabel 4.20: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *gaan*

	1911-1920 ¹⁸			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
hoofwerkwoord: beweging	322	49%	62%	267	49%	58%	251	37%	45%	157	24%	32%
hoofwerkwoord: abstrak	83	13%		48	9%		54	8%		52	8%	
skakelwerkwoord	186	29%	38%	146	27%	42%	240	35%	55%	204	32%	68%
hulpwerkwoord: toekoms	61	9%		80	15%		139	20%		230	36%	
TOTAAL	652			541			684			643		

Die bostaande tabel toon dat terwyl die totale gebruiksgetalle van *gaan* 'n bietjie fluktureer sonder om te ver van die gemiddeld te beweeg, die verskillende gebruike van *gaan* 'n meer merkbare verandering toon. Indien die twee groter kategorieë, naamlik hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde, met mekaar vergelyk word, blyk dit dat waar hoofwerkwoorde in die eerste periode die meerderheid uitmaak, die situasie omswaai deur die loop van die eeu. Die prototipiese gebruik van *gaan* verskuif dus van hoofwerkwoord na hulpwerkwoord. Wat die vier afsonderlike kategorieë betref, toon die abstrakte hoofwerkwoorde en die skakelwerkwoorde geen radikale verandering nie. Die bewegingswerkwoorde en die hulpwerkwoorde met toekomsverwysing is verantwoordelik vir die grootste verandering in die groter kategorieë. Terwyl die bewegingswerkwoorde in die eerste en tweede periode amper die helfte van die gebruike uitmaak, kompeteer dit in die derde periode met die skakelwerkwoorde, en in die laaste periode is beide die skakelwerkwoorde en hulpwerkwoorde met toekomsverwysing afsonderlik meer as die bewegingswerkwoorde – 'n besonder beduidende verandering¹⁹. Wat die hulpwerkwoorde met toekomsverwysing betref, is dit in die eerste periode die kleinste kategorie, terwyl dit in die tweede en derde periode in die derde plek staan, en in die laaste periode die grootste kategorie uitmaak – weereens 'n beduidende verandering²⁰. Hier is tekens van grammatikalisering wat uitwys dat alhoewel die totale gebruiksgetalle van *gaan* nie vermeerder het nie, dit duidelik op 'n trajek is waar die hoofwerkwoordelike gebruike afneem en hulpwerkwoordelike gebruike toeneem, wat 'n verandering in verspreiding tipies van grammatikalisering behels. Van hierdie toenemende hulpwerkwoordelike gebruike maak toekomsverwysing in die mees onlangse data net meer as die helfte uit.

¹⁸ Tydens die eerste periode is die vervoegingsvorm *gaat* nog gebruik; dit word hier as 'n wisselvorm hanteer en by die gebruike van *gaan* gereken.

¹⁹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 59.29; periode een tot twee 5.00 (lae vlak van beduidendheid); periode twee tot drie 0.41 (onbeduidend); periode drie tot vier 22.17

²⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 128.27; periode een tot twee 2.62 (onbeduidend); periode twee tot drie 16.42; periode drie tot vier 21.07

4.5.1.3 Die verhouding tussen *sal* en *gaan*

Dit blyk dat die hulpwerkwoorde *sal* en *gaan* teenoorgestelde tendense in terme van toekomsverwysing toon, en die verhouding tussen hierdie twee werkwoorde word vervolgens in meer besonderhede ondersoek.

Daar is reeds vroeër genoem dat *sal* in die eerste plek 'n modale hulpwerkwoord is, wat met die implikasie van toekomsverwysing gebruik word. De Stadler (1992:92) noem dat hoewel *gaan* soms optree as 'n merker van stelligheid (modaliteit), dit in daardie gevalle steeds in die eerste plek optree as 'n merker van toekomende tyd. Ponelis (1979:244) noem dat *gaan* sterker feitelik is as *sal*, en geparafraseer kan word deur "sal beslis". Dit is op grond hiervan dat De Stadler (1992:95) die bogenoemde uitspraak maak "dat *gaan* 'n veel suiwerder toekomsverwysende uitdrukking is as *sal*". In 'n nadere ondersoek van al die gebruiksinstanties van *gaan* in 'n toekomsverwysende konteks, is daar gevind dat dit nie met agent-geöriënteerde modaliteit gebruik word nie, maar juis om objektiewe voorspellings oor die toekoms te maak. Die beste manier om hierdie verskil te illustreer is in die konteks van vrae. Voorbeeld 4.43 is 'n vraag met *sal* uit die korpus, wat in 4.43' geherformuleer is met *gaan*.

[4.43] Sal jy my leer toor, Arboreta? (2001-2010, Fiksie)

[4.43'] Gaan jy my leer toor, Arboreta?

Waar 4.43 as 'n versoek geïnterpreteer word, is 4.43' 'n blote navraag wat nie intensie betrek nie, maar epistemiese waarskynlikheid. Dit beteken dat *gaan* se gebruik met toekomsverwysing nie kompetisie is vir *sal* se agent-geöriënteerde gebruike nie, maar slegs vir die epistemiese gebruike. Tabel 4.21 vergelyk die gebruiksgetalle van *gaan* en *sal* in epistemiese toekomsverwysings.

Tabel 4.21: Gebruiksgetalle van *gaan* en *sal* in epistemiese toekomsverwysing


	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>gaan</i>	61	6,8%	80	10,1%	139	16,7%	230	27,5%
<i>sal</i>	829	93,2%	713	89,9%	691	83,3%	606	72,5%
TOTAAL	890		793		830		836	

Terwyl *sal* dus steeds by verre die meeste gebruik word vir epistemiese toekomsverwysing, is daar 'n konstante, beduidende groei in die gebruik van *gaan* vir dieselfde funksies. Daar is slegs een bron wat iets sê oor 'n verhoging in die gebruik van *gaan* ten koste van *sal*, 'n normatiewe bron uit die tagtigerjare (Combrink & Spies, 1986:53).

In die normatiewe literatuur word toekomsverwysing in nege bronne hanteer in die vroegste kategorie (tot en met 1950), maar ses van die bronne noem slegs *sal* (Booyesen &

Jansen, 1922:97; Bouman & Pienaar, 1924:107; Du Toit, 1902:22-3; Langenhoven, 1926:34; Le Roux & Nienaber, 1947:1; Potgieter & Geldenhuys, 1934:31), terwyl drie van die bronne *gaan* wel noem (Botha & Burger, 1926:137; Botha & Burger, 1927:114; De Villiers, 1948:109, 112-3), en slegs een dui 'n moontlike semantiese onderskeid tussen *sal* en *gaan* aan (De Villiers, 1948:109). In die middelste kategorie (1951-1980) word dit in slegs twee bronne hanteer, en slegs *sal* word genoem (Le Roux & Nienaber, 1951:4; Van der Merwe, 1951:56). In die derde kategorie (1981-2010) is daar een bron wat slegs *sal* hanteer (Du Toit, 1982:140), en vyf bronne wat beide *sal* en *gaan* hanteer (Combrink & Spies, 1986:53; De Villiers, 1983:214; Müller, 2003:85; Van Schalkwyk & Kroes, 1982:68; Van Schoor, 1983:137). Twee van die bronne wat albei opsies hanteer, dui 'n semantiese onderskeid aan, waar *gaan* soms 'n sterker of sekerder betekenis het as *sal* (De Villiers, 1983:146; Van Schoor, 1983:137), maar slegs in een bron word 'n duidelike normatiewe aanbeveling gemaak – Müller (2003:85, 697) beweer dat *gaan* minder formeel is, en beveel aan dat dit saam met ander hulpwerkwoorde in formele geskrewe taalgebruik vermy word "behalwe waar net *gaan* reg klink" (Müller, 2003:85). Die literatuur weerspieël hier dat die toekomsverwysing met *gaan* in die tweede helfte van die eeu meer prominent is, en stel die moontlikheid dat daar 'n groter konsentrasie van *gaan*-gebruik in informele tekste sal wees as in formele tekste. Indien dit die geval is, sal dit 'n voorbeeld wees van tipiese taalverandering van onder ("from below"), waar die verandering vinniger versprei in informele taalgebruik, met 'n groter vertraging hoe meer formeel die taalgebruik en gebruikskonteks is.

Die gebruik van beide *gaan* en *sal* in terme van formaliteit word in figuur 4.3 gegee. Dit dui aan hoeveel keer *gaan* en *sal* in elk van die drie kategorieë van formaliteit gebruik word per 10 000 woorde.



Figuur 4.3: Formaliteit van *gaan* en *sal* in epistemiese toekomsverwysing in frekwensie per 10 000 woorde

Daaruit is dit duidelik dat, hoewel die gebruik van *gaan* in al die kategorieë toeneem vanaf die tweede periode, informele kontekste leiding neem in hierdie opsig. Die konserwatiewe gebruik in formele tekste is in ooreenstemming met Müller (2003:85) se aanbeveling. *Sal*, aan die ander kant, is meer wisselvallig, en die grootste afname (in breë trekke) is in informele gebruik.

Nesselhauf (2010) se studie wys dat 'n simplistiese konsep van "vervanging" nie 'n verantwoordelike benadering tot so 'n komplekse gebruiksisstiem is nie. Die gebruike van *sal* en *gaan* in epistemiese toekomsverwysing word op twee verdere punte met mekaar vergelyk – die gebruik van die eerstepersoon voornaamwoord *ek*, en gebruik in vraagsinne. Nesselhauf (2010:176) wys uit dat gebruike van toekomsverwysing met eerstepersoon voornaamwoorde 'n aanduiding kan gee van die herverspreiding van gebruike, en tabel 4.22 gee die gebruiksgetalle van *sal* en *gaan* in epistemiese toekomsverwysing met *ek* as die sinsonderwerp.

Tabel 4.22: Gebruiksgetalle van sal en gaan in epistemiese toekomsverwysing met die sinsonderwerp ek

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>gaan met ek</i>	12	19,7%	9	11,25%	16	11,5%	35	15,2%
<i>gaan sonder ek</i>	49	80,3%	71	88,75%	123	88,5%	195	84,8%
<i>sal met ek</i>	22	2,7%	16	2,2%	24	3,5%	38	6,3%
<i>sal sonder ek</i>	807	97,3%	697	97,8%	667	96,5%	568	93,7%

Die gebruiksgetalle is besonder klein, en verhoed uitsprake oor enige proporsionele veranderinge. Wat opmerklik is, is dat dit voorkom asof *gaan* proporsioneel heelwat meer geredelik met *ek* gebruik word as *sal*, hoewel die informaliteit van *gaan* moontlik hiermee te doen kan hê. Beide se gebruik met *ek* neem toe tussen die laaste twee periode. (Sien afdeling 5.4.1, p. 153 en verder, vir meer inligting oor die gebruik van *ek*.)

Die gebruike van *sal* en *gaan* in vraagsinne word ook van nader ondersoek, aangesien dit ook 'n moontlike aanduiding van herverspreiding van gebruike kan wees (Nesselhauf, 2010:174). Die gebruiksgetalle word in tabel 4.23 gegee.

Tabel 4.23: Gebruiksgetalle van sal en gaan in vraagsinne met epistemiese toekomsverwysing

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>gaan in vraagsinne</i>	6	9,8%	13	16,25%	20	14,4%	18	7,8%
<i>gaan in ander sintipes</i>	55	90,2%	67	83,75%	119	85,6%	212	92,2%
<i>sal in vraagsinne</i>	29	3,5%	30	4,2%	20	2,9%	11	1,8%
<i>sal in ander sintipes</i>	800	96,5%	683	95,8%	671	97,1%	595	98,2%

Weereens is die gebruiksgetalle besonder klein, maar word daar, veral in die latere periodes, proporsioneel meer vrae met *gaan* gebruik as met *sal*; dit is egter moeilik om vas te stel tot watter mate dit die gevolg is van die semantiese onderskeid wat veral in vraagsinne na vore kom (soos in voorbeeld 4.43 en 4.43' geïllustreer is). Dit wil tog lyk of *gaan* gemakliker sigself verleen tot gemerkte sintipes en met eerstepersoon onderwerpe, wat dui op die vlak van grammatikalisering van *gaan*, en De Stadler (1992:95) se bewering van "suiwerder" toekomsverwysing bevestig.

Terwyl *sal* dus nog die meer algemene en gebruiklike vorm van toekomsverwysing in geskrewe taalgebruik is, is die verhouding tussen *sal* en *gaan* besig om te verander, en word die moontlikheid van 'n verdere oorname van *gaan* vir epistemiese toekomsverwysing daargestel. Hierdie verandering is 'n voorbeeld van grammatikalisering, waar *gaan* besig is om toenemend grammatikale funksies te vervul, veral toekomsverwysing, terwyl *sal* in hierdie selfde funksie stadigaan verminder. 'n Belangrike dryfkrag agter grammatikalisering is ekspressiwiteit, waar konkrete konsepte/woorde/konstruksies toenemend vir abstrakte, grammatikale funksies gebruik word. Terwyl erosie (aangedryf deur die "krag" van ekonomie) ook een van die komponente van grammatikalisering is, is die meeste van die tekste en die korpusdata volgens Standaardafrikaanse spellingkonvensies geskryf, en dit is haas onmoontlik om in die beskikbare data vas te stel of die uitspraak van *gaan* verkort het of besig is om te verkort.

4.5.2 VERLEDE TYD

Die grammatikale verlede tyd van Afrikaans word op twee wyses uitgedruk: meer algemeen met die hulpwerkwoord *het* en die prefiks *ge-* aan die hoofwerkwoord (Kemp, 2000:50-1), en ook in passiefkonstruksies met die hulpwerkwoorde *is* en *was*. Volgens Conradie (1977:56) is *het* die suiwerste hulpwerkwoord van tyd, wat alle selfstandigheid kwyd is, terwyl vorme van *wees* eerder selfstandige werkwoorde is wat ook hulpwerkwoordelike funksies verrig.

Die grammatikale verlede tyd van Afrikaans is grotendeels afkomstig van die Nederlandse perfectum (behalwe vir die preteritale reste wat reeds bespreek is), en is radikaal vereenvoudig in vergelyking met die naaste tale in die familie. Nederlands dui die perfectum aan met *hebben* of *zijn* en die verledetydsvorme of met twee infinitiewe, die preteritum met werkwoordvervoeging, en die plusquamperfectum met *hadden* of *waren* en die verledetydsvorme. Die Duitse sisteem stem ooreen met dié van Nederlands – Preteritum met werkwoordvervoeging, Perfektum met *haben* en *sein*, en Plusquamperfektum met *hatten* en *waren*. Engels het die present perfect met *have*, simple past met werkwoordvervoeging en past perfect met *had*. Die verledetydsvorm van die hoofwerkwoord

word saam met die perfektumwerkwoorde gebruik in die bogenoemde tale. Vervolgens word daar nader ondersoek ingestel na die gebruik van *het*, en daarna die verlede tyd passief.

4.5.2.1 Die hulpwerkwoord *het*

Volgens Conradie (2006:89) en Ponelis (1993b:396) is Afrikaanse *het* afkomstig van 'n Nederlandse dialektiese vorm *het* wat in plaas van *heeft* in die derde persoon enkelvoud gebruik is, en mettertyd na die hele enkelvoud veralgemeen is, waarna dit alle gebruike van *hebben* vervang het. Die werkwoord *het* word nie net as 'n hulpwerkwoord van tyd (voorbeeld 4.44) gebruik nie,

[4.44] Dr. Diederichs het gesê dit het van tyd tot tyd gebeur dat banke hul kredietplafonne oorskry het. (1971-1980, Verslaggewing)

maar ook as 'n hoofwerkwoord wat "besit" (in 'n meer konkrete of abstrakte sin) beteken [4.45],

[4.45] Sy het eerste aanspraak op hom en dis immers tog sy plig. (1941-1950, Fiksie)
met die infinitiefvorm *hê* [4.46]

[4.46] Ek wil 'n oorplasing hê terug S toe by my mense my kultuur. (2001-2010, Manuskrip)

en die verledetydsvorm *gehad* [4.47], volgens Conradie (2006:89) "die enigste onreëlmatige voltooië deelwoord in suiwer werkwoordelike funksie".

[4.47] Hij het dus persoonlike ondervinding gehad van al die skrikwekkende avonture van die Voortrekkers met die Soeloes en ander barbare. (1911-1920, Biografies)

In 'n studie oor die grammatikalisering van die werkwoord *het* dui Conradie (2006) onder andere aan dat die verhouding tussen *het* en ander Afrikaanse hulpwerkwoorde in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans ingrypend verander het, en hy ondersoek tot welke mate *het* die produk van grammatikalisering is.

Voordat die gebruik van die vorm *het* verder ondersoek word, is dit nodig om die verskillende variante vorme wat nog gedurende die eerste periode gebruik is, uit te pluus. Aan die een kant is *het* op daardie stadium nog gereeld as 'n lidwoord gebruik, die verkorte vorm *t* is dikwels geskryf, en verskeie Nederlandse vorme van *hebben* is nog gebruik. Al die verskillende gebruiksgetalle word in tabel 4.24 opgesom.

Dit word duidelik dat terwyl die ander vorme nog enigsins gebruik is, in geskrewe taalgebruik in elk geval, dit marginaal is teenoor die reeds algeheel oorheersende vorm *het*. Die lidwoordgebruik van *het* is ook slegs 'n klein proporsie van die totale gebruiksgetalle. Aangesien die getalle so klein is, word die vorme *hebben*, *heb*, *hebt*, *heeft* en *heef*

verderaan saam met die gebruik van *het* gereken in vergelykings met die ander drie periodes. Daar word later vlugtig aandag gegee aan 't.

Tabel 4.24: Gebruiksgetalle van verskillende gebruike en vorme van het en hebben in 1911-1920

	het	hebben	heb	hebt	heeft	heef	't
hulpwerkwoord	3 840	19	15	7	49	3	83
hoofwerkwoord	502	15	58	1	14	2	1
lidwoord	250	0	0	0	0	0	135
TOTAAL	4 592	34	73	8	63	5	219

In die gebruike van *het* moet daar eerstens onderskei word tussen die hoofwerkwoordelike gebruike en die hulpwerkwoordelike gebruike. Tabel 4.25 gee hierdie getalle weer.

Tabel 4.25: Hulpwerkwoordelike en hoofwerkwoordelike gebruiksgetalle van het

	1911-1920 ²¹		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
hulpwerkwoord	3 933	86,9%	4 569	92%	4 197	90,5%	4 282	89,7%
hoofwerkwoord	592	13,1%	399	8%	440	9,5%	494	10,3%
TOTAAL	4 525		4 968		4 637		4 776	

Terwyl daar in terme van rou getalle 'n substansiële aantal hoofwerkwoordgebruike in elke periode is, maak dit telkens maar tussen 8% en 13% van die totale werkwoordgebruike van *het* uit. In terme van getalle en proporsie is daar slegs matige fluktuasie en geen werklike verandering nie.

Conradie (2006:89-90) gee heelwat aandag aan die frekwensie van *het* as hulpwerkwoord teenoor die hulpwerkwoordelike gebruike van *word* en *wees/is/was*. Reeds teen die middel van die negentiende eeu oortref die gebruiksfrekwensie van *het* dié van alle ander hulpwerkwoorde, en in die laat twintigste eeu is dit steeds geval (Conradie, 2006:90). Om vas te stel of daar 'n verdere proporsionele vermeerdering van *het* teenoor die bogenoemde hulpwerkwoorde is, word hierdie groep werkwoorde se hulpwerkwoordelike gebruike in tabel 4.26 opgesom.

Tabel 4.26: Hulpwerkwoord-gebruiksgetalle van het, word, is en was

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
het	3 933	4 569	4 197	4 282
word	1 433	1 883	2 200	1 902
is	538	1 189	1 287	1 139
was	183	92	65	42

²¹ Die variante vorme *hebben*, *heb*, *hebt*, *heeft* en *heef* word hier as wisselvorme hanteer en by die getalle gereken; die enklitiese vorm 't word in hierdie tabel buite rekening gelaat en later apart bespreek.

Daar kan nie enige veranderinge buiten die getalle van *is* en *was* tussen die eerste twee periodes waargeneem word nie (dit word verder ondersoek in die volgende afdeling), maar dit is opvallend dat die gebruiksgetalle van *het* telkens meer as of amper twee keer soveel soos die hoogste van die ander, naamlik *word*, is. Hierdie omvang van gebruik word nie in Nederlands of Engels gevind nie (Conradie, 2006:90-1) en dit, tesame met die funksionele uitbreiding van *het*, wys dat *het* verder gegrammatikaliseer is in Afrikaans as die ekwivalente in Nederlands en Engels (Conradie, 2006:91).

Die gebruiksgetalle van *het* is wel die laagste in die eerste periode, en daar is reeds genoem dat dit die funksies van *is* as hulpwerkwoord van tyd in alle kontekste behalwe die passief vervang het, soos wat ook die geval is in Engels (Conradie, 2006:91). Die gebruike van *is* is verder geanaliseer om vas te stel tot watter mate dit gedurende die afgelope eeu nog as hulpwerkwoord gebruik is waar in hedendaagse Afrikaans slegs *het* verwag sou word. Die gebruiksgetalle van *is* in hulpwerkwoordkonteks buiten die passief, is soos volg:

1911-1920: 132 (geïllustreer in voorbeeld 4.48)

1941-1950: 10 (geïllustreer in voorbeeld 4.49)

1971-1980: 1 (voorbeeld 4.50)

2001-2010: 0

[4.48] Die Unie van Suid Afrika is in werking gekom op 31 Mei 1910. (1911-1920, Informatief)

[4.49] Die hartsbegeerte is nege maande daarna op 4 September 1939 egter eers in vervulling gegaan, so nie geheel en al, dan tog vir 'n groot mate. (1941-1950, Informatief)

[4.50] Nadat hy van Graaff Reinet af weg is, ek weet nie wanneer nie, toe is hy eindelik in Caledon telande gekom. (1971-1980, Manuskrip)

Terwyl die gebruiksgetalle in die tweede en derde periodes heeltemal marginaal is in vergelyking met die eerste periode, en in die laaste periode heeltemal afwesig is, is die feit dat dit nog enigsins gebruik is onverwags in die lig van Kirsten (2013:73) se voorspelling van 'n algehele verdwyning kort na die 1920's, en Stoops (1972:135-6) wat dit ná die veertigerjare nie weer waarneem nie.

Nog 'n saak wat die algehele oorheersing van *het* as hulpwerkwoord wat die verlede tyd aandui, illustreer, is die sporadiese gebruik van die preteritumvorm *had*. Die verlies van *had* teenoor *het* dui op die vlak van regularisering van die verlede tyd, asook die hoë vlak van grammatikalisering wat *het* reeds in die twintigste eeu bereik het. Die gebruiksgetalle van *had* is reeds in tabel 4.2 weergegee, en daar is reeds genoem dat dit besonder seldsaam en verouderd is. Indien die hoë frekwensie van *het* in gedagte gehou word, word dit duidelik dat

had bloot 'n relik van Nederlands is wat in die taalgebruik van slegs enkele Afrikaanse taalgebruikers nog voorkom.

'n Laaste saak wat moontlik lig kan werp op die vlak van grammatikalisering van *het* is fonologiese reduksie (Conradie, 2006:95). Aangesien die korpus uitsluitlik uit geskrewe bronne saamgestel is wat nie 'n direkte representasie van werklike uitspraak is nie, word daar gekyk na die skryfvorm *'t* wat wel fonologiese reduksie aandui. Die gebruike van hierdie skryfvorm word in tabel 4.27 gegee.

Tabel 4.27: Gebruiksgetalle van werkwoordelike gebruike van die gereduseerde vorm *'t*

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
hulpwerkwoord	83	5	15	9
hoofwerkwoord	1	2	5	2
TOTAAL	84	7	20	11

Behalwe vir die eerste periode waartydens hierdie skryfvorm nog aanvaarbaar blyk te gewees het, kan daar nie veel uit die res van die data afgelei word nie. Dit is moontlik dat preskriptiewe invloede taalgebruikers weerhou daarvan om die *'t*-skryfvorm te gebruik, terwyl die fonologies gereduseerde vorm heelwat meer algemeen in gesproke taalgebruik kan wees (sien Conradie, 2006:93-4). Dit beteken wel dat die gereduseerde vorm van *het* nog nie so stewig geanker is soos byvoorbeeld die gereduseerde vorm van *shall* en *will*, naamlik *'ll*, in Engels nie (sien Nesselhauf, 2010).

Behalwe vir variasiereduksie, tipies van standaardisering, ná die eerste periode en ander klein veranderings tussen die eerste en die tweede periode, kan daar nie enige opsigtelike veranderinge in terme van *het* deur die afgelope eeu waargeneem word nie.

4.5.2.2 Die hulpwerkwoorde *is* en *was* in die passief²²

Daar is vroeër genoem dat die verlede tyd in passiefkonstruksies met die hulpwerkwoorde *is* en *was* aangedui word. Beskrywings van, kommentaar oor en aanbevelings rakende Afrikaanse passiefkonstruksies is al teenwoordig in preskriptiewe bronne, vakliteratuur en die media vir amper 'n eeu. Daar is oor die algemeen redelike konsensus oor wat die passief behels, hoe dit gebruik word, en hoe dit gebruik behoort te word.

Met betrekking tot die passief oor die algemeen, is daar subtiële verskille in die standpunte. Aan die een kant, in verskeie uitgawes van *Norme vir Afrikaans*, erken Carstens die moontlike sinvolle gebruike van die passief, maar beveel steeds aan dat die aktief

²² 'n Vroeër weergawe van hierdie afdeling het verskyn as deel van die artikel: Kirsten, J. 2015. The use of *was* in Afrikaans passive constructions: a diachronic corpus study. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(2):159-170.

voorkeur behoort te geniet bo die passief tensy daar spesifieke redes is om die passief te gebruik (Carstens, 1991:3215; 1994:325; 2003:371; 2011:366). Aan die ander kant merk Du Toit en Smith-Müller (2003:85-6) die algemene ontmoediging van die gebruik van die passief op, en gee 'n meer genuanseerde aanbeveling rakende die gebruik daarvan. Hulle erken dat die passief formaliteit en afstand kan skep of versterk, maar wys ook die moontlike pragmatiese waarde daarvan, en weerhou hulle van 'n veroordeling van die gebruik. Wat die aanbevelings egter mag wees, die passief word genoeg in Afrikaans gebruik om 'n klein diskoers oor die saak te regverdig. Daar blyk algemene konsensus te wees dat die hulpwerkwoord of omskrywingswerkwoord *word* in passiefkonstruksies in die presens gebruik word (voorbeeld 4.51),

[4.51] Misskien dat daardeur die hand van die Departement geforseer word om alle kwekelinge te dwing hulle hele kursus in Opleiding-skole deur te maak. (1911-1920, Informatief)

en die hulpwerkwoord *is* in passiefkonstruksies in die grammatikale verlede tyd [4.52] (Carstens, 2011:363; Du Toit, 1986:137; Ehlers, 1990:17).

[4.52] In 1895 is daar ook voorsiening gemaak vir 'n universiteitseksamen vir die "First Class Teachers' Certificate". (1941-1950, Geesteswetenskappe)

'n Kwessie wat amper soveel kommentaar en aanbevelings uitlok as passiefgebruik en passiefkonstruksies oor die algemeen, is die gebruik van die hulpwerkwoord *was* in verledetydpassiefkonstruksies [4.53].

[4.53] Mohammed se leringe was gebaseer op bekende geloofsbeginsele. (2001-2010, Informatief)

Die eerste saak wat dikwels aandag geniet wanneer die gebruik van *was* in verlede tyd passiefkonstruksies bespreek word, is die foutiewe gebruik daarvan in die "gewone" verlede tyd. In die vroegste kategorie van normatiewe bronne word hierdie gebruik in tien bronne hanteer – ses dui bloot aan dat dit vir die voorverlede tyd gebruik word, terwyl vier benadruk dat dit net vir die voorverlede tyd gebruik *behoort* te word. In die middelste kategorie word die konstruksie deur vier bronne hanteer, en drie van die bronne dui aan dat die gebruik foutief is tensy dit vir die voorverlede tyd aangewend word. In die laaste kategorie word dit deur nege bronne hanteer – een bron hanteer dit gewoon saam met *is*-passiewe as die verlede tyd, een bron dui aan dat dit vir die voorverlede tyd gebruik kan word, vyf bronne beklemtoon dat dit slegs vir die voorverlede tyd gebruik *behoort* te word, en dat dit andersins 'n fout en/of 'n anglisisme sou wees, en twee bronne verdoem dit gewoon heeltemal. Buiten die bronne wat in die studie se algemene grammatikografiese ondersoek gebruik is, is daar nog 'n aantal artikels of rubrieke in die media, asook navorsingsbronne, wat dit afwys (De

Villiers, 1971:34; Ehlers, 1990:17; Scholtz, 1990:13; Steyn, 1976:44; Terblanche, 1980:36). Scholtz (1990:13), wat ook deur Carstens aangehaal word in die opeenvolgende uitgawes van *Norme vir Afrikaans* (Carstens, 1991:323; 1994:323; 2003:369; 2011:364), beweer hierdie foutiewe gebruik van *was* in passiefkonstruksies "het een van die algemeenste foute van Afrikaanssprekendes geword". De Villiers (1971:34) en Ehlers (1990:17) wys uit dat dit meer algemeen in die gesproke taalgebruik as in die geskrewe taalgebruik is.

Outeurs skryf dus al vir amper 'n eeu oor hierdie verskynsel in akademiese en populêre bronne, maar slegs anekdotiese waarnemings word ooit as bewyse aangebied. Terwyl anekdotiese waarnemings voldoende is om aan te dui dat 'n verskynsel enigsins bestaan, regverdig die gedurige kommer en kommentaar oor die saak 'n meer in-diepte ondersoek.

In hierdie afdeling word daar drie kwessies rondom die gebruik van *was* in die passief ondersoek. In die eerste plek word daar vasgestel wat die werklike gebruikspatrone van die passief oor die algemeen, en met *was* spesifiek, in die korpus is. Bekommerde skrywers beweer telkens dat *was*-passiewe algemeen is, maar wat behels dit? En verder, indien dit dan een van die algemeenste foute in Afrikaanse taalgebruik geword het, wanneer het dit gebeur? Die volgende kwessie is hoe en hoekom *was* in passiefkonstruksies gebruik is en steeds gebruik word. Van die outeurs onderskei tussen "gewone" verlede tyd en voorverlede tyd, maar wat behels die onderskeid in werklike taalgebruik? Die laaste kwessie is die moontlike rol van Engels in die gebruik van *was* in Afrikaanse passiefkonstruksies. 'n Aantal outeurs neem aan dat die strukturele ooreenkoms met Engelse verledetydpassiefkonstruksies 'n direkte oordrag van Engels na Afrikaans bewys, maar is dit die enigste, of die mees oortuigende, verduideliking vir die strukturele ooreenkoms?

Al drie die werkwoordvorme wat as hulpwerkwoorde in die passief gebruik word, naamlik *word*, *is* en *was*, funksioneer ook as selfstandige werkwoorde. Die gebruiksgetalle van hierdie werkwoorde as hulpwerkwoorde is in tabel 4.26 gegee, maar daardie getalle sluit gebruike in die hedendaagse *het*-konteks in. Die gebruiksgetalle as hulpwerkwoorde in die passief word in tabel 4.28 gegee. Tydens die eerste periode is daar ook ander vervoegingsvorme van die gegewe werkwoorde gebruik, hoewel slegs variante vorme van *word* vir die passief gebruik is, naamlik *wordt*, *worden*, *worde* en *werd*. Die vorm *werd* is die preteritum, terwyl die ander vorme presensvorme van *word* is. Die verlies van *werd* voor die tweede periode hang saam met die meer algemene regularisering van die Afrikaanse werkwoordsisteem – die preteritum *werd* is vervang met reëlmatige *geword* + *het* in koppelwerkwoordfunksies. Die presens *word* word heelwat minder as koppelwerkwoord gebruik as wat dit as hulpwerkwoord gebruik word, wat moontlik verduidelik waarom *werd* verdwyn het terwyl *was* behou is, aangesien *is* heelwat meer as koppelwerkwoord gebruik word dan as hulpwerkwoord (sien tabel 4.16) en dit die behoud van *was* ondersteun het. Die

behoud van *was* as hulpwerkwoord sou dan veroorsaak wees deur die behoud van *was* as koppelwerkwoord (sien die gevolgtrekking hieronder vir 'n uitbreiding van die argument). In die analise word die presensvorme saam met *word* gereken, terwyl *werd* apart hanteer word.

In die onderskeid tussen passiefkonstruksies en kopulakonstruksies met *is* en *was* is daar 'n aantal grensgevalle op grond van die strukturele ooreenkoms tussen die konstruksies (soos Terblanche, 1980:42 ook uitwys). Die eerste kriterium op grond waarvan die onderskeid getref is, is 'n herformulering met *word* gebruik – indien dit die sin na die teenwoordige tyd verander, word dit as 'n passiefsin gereken (voorbeeld 4.54),

[4.54] Hier en daar was dit afgewissel met 'n pol kanariegeel rietblomme van die biesroei, *Bobartia indica*. (1971-1980, Verslaggewing)

en indien dit die betekenis van die proses verander van statief na resultatief [4.55], word dit as 'n kopulakonstruksie gereken.

[4.55] In die periode vóór 1902 was hierdie tema beperk tot slegs enkele gevalle... (1971-1980, Informatief)

Wanneer hierdie toets nie voldoende uitklaring verskaf nie, is die omringende konteks in ag geneem. In ekstreme grensgevalle gee selfs die konteks nie 'n finale antwoord nie, maar ter wille daarvan om nie enige data uit te laat nie, is so 'n verantwoordelik as moontlike keuse in elke gebruiksgesval gemaak. Die gebruiksgetalle van die drie verskillende passiefkonstruksies word in tabel 4.28 gegee.

Tabel 4.28: Gebruiksgetalle van onderskeie passiefkonstruksies

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
word	1 228	61,6%	1 883	59,7%	2 200	62%	1 902	61,7%
werd	205	10,3%	-		-		-	
is	406	20,3%	1 179	37,4%	1 286	36,2%	1 139	36,9%
was	156	7,8%	92	2,9%	65	1,8%	42	1,4%
TOTAAL	1 995		3 154		3 551		3 083	

Wat die totale gebruik van die passief betref, het dit eers redelik toegeneem, met 'n afname in die laaste periode. Die deurlopende veranderinge, asook die verskille tussen opeenvolgende periodes is telkens beduidend²³. Die toename tussen die eerste drie periodes kan te danke wees aan die deurlopende vestiging van Standaardafrikaans as 'n gesofistikeerde, gekultiveerde taal (variëteit) wat vir hoër funksies gebruik kan word; die afname daarna kan moontlik wees as gevolg van wat Mair (2006:204) verinformalisering ("colloquialisation") noem, wat verwys na 'n tendens wat "phase out markers of distance,

²³ Log-waarskynlikheid vir periode een tot twee 266.17; periode twee tot drie 25.76; periode drie tot vier 34.64.

respect, superiority or inferiority, and to aim at the expression of greater equality and familiarity" (Leech *et al.*, 2009: 259), na aanleiding van die formaliteit en afstand wat met die passiefkonstruksie geassosieer word (sien die bespreking van Du Toit en Smith-Müller (2003) hierbo). Die verhouding tussen presensvorme en gesamentlike verledetydsvorme is besonder stabiel, en wissel tussen 60% en 62% vir die presens, en 38% en 40% vir die verlede tyd.

Die lae gebruiksgetalle van *was* in die passief is opvallend. Wat die tekse in hierdie korpus betref is dit hoegenaamd nie algemeen in vergelyking met *is* in passiefkonstruksies nie, en met verloop van die eeu neem dit verder beduidend²⁴ af, en nie toe soos veral Scholtz (1990:13) beweer nie.

Ter wille van 'n meer gedetailleerde analise, word daar ook aandag gegee aan agentiwiteit. Ponelis (1979:414-5) onderskei tussen agenslose passiewe en agenspassiewe, waar agenspassiewe die uitvoerder van die gebeurtenis in die sin eksplisiet aandui met "deur", en agenslose passiewe hierdie uitvoerder weglaat (een van die belangrikste pragmatiese funksies van passiefkonstruksies volgens Du Toit en Smith-Müller, 2003:86). Ongelukkig kan daar nie veel afgelei word uit die onderskeid tussen agenspassiewe en agenslose passiewe nie – behalwe vir *werd* wat heelwat meer agenspassiewe (25%) bevat as die ander hulpwerkwoorde, varieer die proporsie agenspassiewe vir al die ander hulpwerkwoorde in al die periodes tussen 10% en 15%.

'n Laaste moontlike onderskeid tussen *was*-passiewe en *is*-passiewe is die gebruike van *was* in die voorverlede tyd. Vroeër is die onderskeid tussen sogenaamde foutiewe gebruike van *was* in die verlede tyd en sogenaamd korrekte gebruike in die voorverlede tyd genoem. In 'n poging tot analise is egter gevind dat hierdie onderskeid nie so eenvoudig is nie.

Die kriteria wat in die literatuur gegee word vir "korrekte" gebruike in die voorverlede tyd is (a) dat een gebeurtenis duidelik 'n ander voorafgaan, (Basson *et al.*, 1968:100; Carstens, 1991:323, 1994:323, 2003:370, 2011:365; Terblanche, 1980:36; Scholtz, 1990:13) en (b) dat die voorafgaande betekenis voltooid of perfektief is (Basson *et al.*, 1968:100; Carstens, 1991:323, 1994:323, 2003:370, 2011:365; Ehlers, 1990:17; Terblanche, 1980:37). Hierdie voorverlede tyd word dan per implikasie onderskei van die "gewone" grammatikale verlede tyd as die enigste tempus van verlede tyd waarvoor Afrikaans beskik. Die verwagting sou dus wees om volgens Klein (1995, 2000) se parameters die volgende twee tipes gebruike te vind:

²⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 78.45

1. die "gewone" grammatikale verlede tyd: die gebeurtenis (T-SIT) is in die verlede tyd, voor die uitingstyd (TU), sonder verdere aanduiding van tempus of aspek (voorbeeld 4.56); en
2. voorverlede tyd: die gebeurtenis (T-SIT) is in die verlede tyd, voor die uitingstyd (TU), asook voor 'n ander gebeurtenis in die verlede tyd (TT), en dit is perfektief (voorbeeld 4.57).

'n Analise volgens hierdie parameters is egter besonder onbevredigend. Daar is 'n substansiële proporsie van die gebruike wat nie netjies binne een van hierdie twee kategorieë val nie, soos voorbeeld 4.58.

[4.56] Dit was slegs *na* die inkom van Genl. D.M.E. dat daar orde uit die chaos geskep was. (1941-1950, Manuskrip)

[4.57] ...as die as afgekrap en die kooltjie uitgehaal was, *dan* was dit lekker om te eet... (1911-1920, Informatief)

[4.58] Hierdie handel was gebaseer op die uitbuiting van opiumafhanklikes in China. (1971-1980, Informatief)

Dit blyk dat in plaas van 'n voorverlede tyd, waar een gebeurtenis bloot 'n ander voorafgaan, die konsep van *gedistansieerde* verlede tyd, soos wat dit uit Botne en Kerschner (2008:176) en Botne (2012:549-50) in afdeling 4.2.2 (p. 78) uiteengesit is, hier van toepassing is. Dit sluit aan by Terblanche (1980:28) se idee van afstand – daar word 'n duidelike diskontinuiteit met die hede, 'n verwyderdheid van die reële, in hierdie tipe tydsaanduiding geïmpliseer. Daar is dus drie kategorieë van gebruik van *was* in die passief: die verlede tyd, die voorverlede tyd, en die gedistansieerde verlede tyd. Daar kan egter nie aangeneem word dat *is* nie gewoon dieselfde funksies verrig nie, en die gebruike van beide *was* en *is* in die passief word in tabel 4.29 gegee. Vir die eerste periode is al 406 gebruike van *is* geanaliseer, en vir die ander periodes 'n steekproef van 500 voorbeelde.

Tabel 4.29: Verskillende funksies van was en is in die passief, proporsioneel

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>was</i>	<i>is</i>	<i>was</i>	<i>is</i>	<i>was</i>	<i>is</i>	<i>was</i>	<i>is</i>
verlede tyd	33	403	28	487	19	487	10	485
voorverlede tyd	97	1	47	11	29	11	21	11
gedistansieerde verlede tyd	26	2	17	2	17	1	11	4
TOTAAL	156	406	92	500	65	500	42	500

Terwyl die gebruike van *is* wat geanaliseer is telkens drie tot tien keer meer is as dié van *was*, is die gebruiksgetalle vir gebruike in die voorverlede tyd en die gedistansieerde verlede tyd telkens hoër by *was* as by *is*, en uiteraard ook proporsioneel. Boonop is die "foutiewe"

gebruik selde veel meer as die gedistansieerde verlede tyd, en die voorverlede tyd telkens die kategorie met die meeste gebruike. Verder kan daar opgemerk word dat die gedistansieerde verlede tyd veral gebruik is in die konteks van wat Bertinetto en Lenci (2012) "gnomic imperfectivity" noem – "it expresses law-like generalizations with a strong normative character" (Bertinetto & Lenci, 2012:871), soos wat die geval is in voorbeeld 4.58.

Die blyk dan dat die bekommerde outeurs wie se standpunt vroeër beskryf is, se kommer nie geregverdig is nie – wat geskrewe taalgebruik betref in elk geval. Die gebruik van *was* in passiewe is proporsioneel marginaal, en die verdere "foutiewe" gebruike, of altans gebruike wat ongemotiveer is en geen betekenisverskil met *is* uitdruk nie, maak 'n klein gedeelte van die totale gebruik van *was*-passiewe uit. Die hoër frekwensie en proporsionele groter gebruik van *was* in die passief, sowel as die gebruik van *werd*, gedurende die eerste periode skep verder die indruk dat dit uit die Nederlandse tradisie afkomstig is.

Dit lei tot die volgende kwessie wat soveel aandag in die literatuur geniet – die invloed van Engels wat aanleiding gee tot die gebruik van *was* in Afrikaanse passiefkonstruksies. Op hierdie stadium bestaan Afrikaans (en proto-Afrikaans) en Engels al vir meer as twee eeue saam in Suid-Afrika, en die sprekers van die onderskeie tale deel 'n komplekse sosiale en politieke geskiedenis wat meer as een oorlog insluit. Die onderwerp van anglismes en die ongewensdheid daarvan is al vir ten minste 'n eeu 'n brandpunt in die literatuur, en steeds 'n onderwerp van gereelde bespreking.

In 'n poging om 'n verantwoordelike benadering tot taalkontak en taalbeïnvloeding te neem, word die kriteria van Poplack *et al.* (2012a:204) betrek om vas te stel of hierdie verskynsel onder invloed van Engels in Afrikaans ingesyer het.

Die eerste vereiste, dat dit werklik 'n verandering is, is alreeds problematies – hoewel daar taalverandering plaasvind, is dit juis in die teenoorgestelde rigting as wat dit sou wees indien dit onder invloed van Engels staan.

Die tweede vereiste, dat die verskynsel nie teenwoordig was voor die aanvang van taalkontak nie, is ook problematies op grond van die gebrek aan bronmateriaal en spesifiek korpusmateriaal van Nederlands/Afrikaans aan die Kaap voor Britse kolonisering. Daar is wel studies en korpusse beskikbaar oor en met sewentiende-eeuse Nederlands – die fase waartydens Nederlandse en Lae- en Middelduitse dialekte na die Kaap oorgeplant is – wat 'n vae lig op die onderwerp kan werp.

In die studie van Coussé (2008) oor woordordeveranderinge in Nederlands is dit duidelik dat die gebruik van *zijn* in passiefkonstruksies, en spesifiek ook *was* vir die plusquamperfectum, alreeds in sewentiende-eeuse Nederlands gefigureer het (Coussé,

2008:105-18). Die volgende voorbeeld [4.59] is uit Coussé (2010) se korpus, en illustreer die gebruik met 'n agent (gekursiveer):

[4.59] dat *by den wairdeyns* gewairdeert was een clien loot (Leiden 1462)

Verder word die gebruik ook geattesteer in Olson se korpus van sewentiende-eeuse Amsterdam-Nederlands (Olson, voortkomend). As een van die dialekte wat 'n substansiële bydrae gemaak het tot die Nederlands aan die Kaap, bevestig die teenwoordigheid van die konstruksie dat dit na die Kaap oorgedra is. Die volgende voorbeeld [4.60] is uit Olson se korpus:

[4.60] nae dat hoere haer afgesneeden was

Aangesien hierdie konstruksies steeds gebruiklik is in kontemporêre Nederlands (e-ANS, 2000), sou dit deurlopend deur nuwe Nederlandse immigrante bevestig en versterk gewees het. Die gevolgtrekking met betrekking tot die tweede vereiste is dat die konstruksie teenwoordig was in Nederlands/Afrikaans vóór kontak met Engels; terwyl die gebruike intussen moontlik subtiel kon verander het, was dit nietemin teenwoordig vanaf die ontstaan van Afrikaans.

Die derde vereiste vir taalbeïnvloeding, dat die verskynsel nie teenwoordig is in hedendaagse variëteite sonder kontak nie, is weereens problematies – daar is vandag geen variëteite van Afrikaans wat nog nooit in kontak met Engels was nie. Al is daar 'n klein groepie sprekers van Afrikaans in Argentinië, wat sedert immigrasie ongeveer 'n eeu gelede nie in direkte kontak met Engels was nie, kan die moontlikheid van kontak voor immigrasie nie uitgesluit word nie.

Wat die vierdie vereiste betref – dat die verskynsel dieselfde gedrag toon as die geleende ekwivalent – is daar inderdaad 'n aantal gebruiksevalle wat ooreenstem met dié van die Engelse simple past. Dit maak egter nie 'n besonder groot proporsie van gebruike uit nie, soos wat reeds aangetoon is, en neem in getal af deur die loop van die twintigste eeu.

Die laaste vereiste is dat die verskynsel substansieel moet verskil van oënskynlik soortgelyke verskynsels in die taal, en dit gee aanleiding tot 'n interessante waarneming. Aan die een kant is daar die probleem van wat presies 'n "substansiële verskil" sou behels – passiewe met *is* en met *was* verskil alleenlik in terme van die gebruik van *is* of *was*, wat albei hoofsaaklik as koppelwerkwoorde gebruik word. Selfs indien dit as 'n voldoende verskil aanvaar word, moet die ooreenkoms met kopulakonstruksies in ag geneem word. Die probleme om in sekere gevalle 'n onderskeid te tref tussen passiefkonstruksies en kopulakonstruksies is veelseggend en wys hoe naby aan mekaar hierdie konstruksies in beide betekenis en struktuur is. Verder is daar die oorweldigende gebruik van *was* as 'n

koppelwerkwoord (sien tabel 4.16), waar dit in 'n die konteks van "gewone" verlede tyd gebruik word. Dit is heelwat meer waarskynlik dat *was* in die passief 'n oorblyfsel van die Nederlandse konstruksie is, en/of oorgedra word vanaf *was* as koppelwerkwoord in Afrikaans as 'n konstruksie in Engels wat, eerstens, nie besonder algemeen is nie en, tweedens, buiten die vorm *was* ook die meervoudsvervoeging *were* bevat. Dit kan beskryf word as koverte oordrag, nie uit 'n ander taal nie, maar uit 'n ander konstruksie in dieselfde taal. Aangesien Afrikaans-Engelse tweetaligheid wel algemeen is, sou die Engelse konstruksie 'n rol van bevestiging en versterking kon speel en tot verdere koverte oordrag kon bydra. Ten spyte van die moontlike versterkende invloed wat Engels sou kon hê op die voorkoms van die verskynsel, neem dit desnieteenstaande af deur die loop van die twintigste eeu.

Om op te som: die gebruik van *was* in passiefkonstruksies is, in geskrewe taalgebruik in elk geval, redelik seldsaam en op 'n trajek van verdere vermindering, moontlik as gevolg van preskriptiewe aanbevelings. Indien dit wel gebruik word, is dit slegs in 'n klein hoeveelheid gevalle in die "foutiewe" sin waaroor soveel skrywers bekommerd is. Ten slotte dui die Nederlandse oorsprong en besonder frekwente gebruik van *was* as koppelwerkwoord in die "gewone" verlede tyd daarop dat die konstruksie in alle waarskynlikheid nie 'n gevreesde anglicisme is nie.

4.6 ADVERBIALE TYDSAANDUIDING²⁵

Die beperkte omvang van die tempussisteem is reeds in redelike diepte bespreek. Dit beteken egter nie dat Afrikaans beperkte moontlikhede bied vir temporele verwysing nie – dié afdeling fokus op Klein (2008:9) se vierde kategorie van tydsaanduiding in taalgebruik, temporele adverbiala, wat heel dikwels in Afrikaans aangewend word (Van Wyk, 2009:3). Van der Merwe (1996:91) beweer dat die adverbiala *nou*, *toe* en *dan* onder die mees gebruiklike leksikale elemente in die Afrikaanse gesproke taalgebruik tel, en in hierdie studie se korpus, wat uit geskrewe tekste saamgestel is, tel al drie hierdie leksikale elemente telkens onder die top 70 mees frekwente woorde (uit tussen 22 000 en 25 000) in elke periode. Volgens Van der Merwe (1996:91) is *nou* die mees frekwente van die drie in gesproke taalgebruik, met *toe* in die tweede plek en daarna *dan*, maar dit blyk meer gekompliseerd te wees in die korpusdata. Inaggenome dat hierdie leksikale items ook vir ander funksies gebruik word (Van der Merwe, 1996:92), word die rou gebruiksgetalle in tabel 4.30 gegee.

²⁵ 'n Vroeër weergawe van hierdie afdeling is aanvaar vir publikasie in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, as deel van 'n artikel in 'n spesiale uitgawe wat in Maart 2016 verskyn.

Tabel 4.30: Gebruiksgetalle van die leksikale items nou, toe en dan

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
toe	(+ toen) 977	730	877	912
nou	(+ nu) 1 012	579	580	511
dan	1 358	725	524	404

In terme van die temporele funksies van hierdie adverbialia, kan daar tussen twee hoofkategorieë onderskei word: aan die een kant is daar die deiktiese verwysingsfunksie (Botha, 1990:104; Van der Merwe, 1996:91; Van Wyk, 2009:47), oftewel absolute tempus in Comrie (1985:36) se terme, wat gebeurtenisse in die verlede, hede of toekoms plaas; aan die ander kant is daar die funksie om relatiewe tempus (Comrie, 1985:56) aan te dui, of soos Van der Merwe (1996:91) dit stel, "as temporele verbandleggers in *gebeurtenistyd* tussen verskillende proposisies in uitings".

Die verskillende gebruike van elk van hierdie leksikale items word vervolgens afsonderlik ondersoek – vanaf hoogste na laagste frekwensie in die laaste periode – waarna die bevindinge gekonsolideer word.

4.6.1 TOE

Die leksikale item *toe* word vir verskeie ander funksies gebruik buiten temporele verwysing (Conradie, 1996:67) – dit word gebruik as 'n adjektief wat die teenoorgestelde van *oop* beteken (voorbeeld 4.61),

[4.61] Denk net hoeveel ergernis 'n mens het als jou plaas nie toe is! (1911-1920, Informatief)

as 'n adverbium wat rigting of bestemming aandui [4.62],

[4.62] Ons ry na ete en kom huis toe. (1971-1980, Manuskrif)

as deel van skeibare werkwoorde, soms met meer abstrakte betekenis [4.63],

[4.63] My tyd laat my nie toe verder te gaan nie. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

as deel van gevestigde vaste uitdrukkings [4.64] wat moontlik temporele betekenis het, maar nie meer uit die blote som van die onderskeie woorde bestaan nie,

[4.64] Die riem wen af en toe weer op. (2001-2010, Fiksie)

en as diskoersmerker [4.65] waarin die temporele betekenis vervaag het.

[4.65] Nou toe, ons moet roer. (1971-1980, Fiksie)

Ter wille van 'n volledige beeld van die gebruike van *toe*, en om die temporele gebruike daarvan te kontekstualiseer, gee tabel 4.31 die gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *toe*.

Tabel 4.31: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *toe*

	1911-1920 ²⁶		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
adjektief	3		3		10		13	
rigtingaanduiding	131	13%	126	17%	251	29%	217	24%
skeibare werkwoord	86		61		70		65	
in vaste uitdrukking	13		29		28		13	
diskoersmerker	15		14		40		47	
temporele verwysing	729	75%	497	68%	478	55%	557	61%
TOTAAL	977		730		877		912	

Wat die totale gebruiksgetalle van *toe* betref, is daar 'n beduidende daling vanaf die eerste na die tweede periode, waarna dit weer geleidelik toeneem²⁷. Terwyl al die verskillende gebruike in elke periode teenwoordig is, is die twee grootste kategorieë telkens rigtingaanduiding en temporele verwysing. Terwyl temporele verwysing in getalle en proporsie eers redelik beduidend afneem, waarna dit weer effens toeneem²⁸, is daar weer 'n proporsionele toename van rigtingaanduiding tot en met die derde periode, waarna dit effens afneem. Temporele verwysing bly deurlopend die grootste proporsie van die gebruike van *toe*, deurgaans meer as die helfte van die gebruike, maar daar moet kennis geneem word van die substansiële gebruike in ander funksies, veral rigtingaanduiding.

Daar is reeds genoem dat *toe* op meer as een wyse na tyd kan verwys, onder andere deur absolute temporele verwysing, en relatiewe temporele verwysing (Conradie, 1996:74), wat grootliks met Nederlandse dialektiese gebruike van *toen* en verwante vorme ooreenstem (Conradie, 1996:74). Wat absolute temporele verwysing betref, plaas *toe* altyd gebeurtenisse in die verlede tyd (Van der Merwe, 1996:97). Wat relatiewe temporele verwysing betref, gaan die gebruik van *toe* daaroor om verskillende gebeurtenisse in verhouding tot mekaar te plaas (Conradie, 1998:42). Daar is egter 'n verdere onderskeid – aan die een kant kan *toe* gebruik word om opeenvolgende gebeurtenistyd aan te dui, maar ook om oorvleuelende gebeurtenistyd aan te dui (Van der Merwe, 1996:101). Terwyl opeenvolgende gebeurtenistyd beteken dat een gebeurtenis per implikasie voltooi is en 'n ander daarop volg, is die konsep van oorvleuelende gebeurtenistyd meer kompleks. Van der Merwe (1996:96) wys uit dat *toe* op 'n spesifieke tydstip maar ook op tydsduur kan dui, en

²⁶ Die woordvorm *toen* is nog tydens hierdie periode gebruik; dit word vir die doeleindes van hierdie studie as wisselvorm gereken en die gebruike daarvan word saam met dié van *toe* getel.

²⁷ Log-waarskynlikheid: periode een tot twee 35.22; twee tot drie 14.29; drie tot vier 0.57.

²⁸ Log-waarskynlikheid: periode een tot twee 43.56; twee tot drie 0.27; drie tot vier 5.77.

hier is die konsep van 'n tydraam (sien Van Rooy, 2014:166) relevant. Terwyl die gebeurtenisse nie noodwendig in die werklikheid temporeel met mekaar oorvleuel nie, word 'n temporele raam daargestel waarin beide van hierdie gebeurtenisse, of 'n gedeelte van elk, ingesluit word. Dit verskil van blote opeenvolging deurdat dit 'n tipe onmiddellikheid impliseer, en dikwels kan slegs die konteks of kennis oor die buitetalige werklikheid aandui of daar werklike oorvleueling of eerder onmiddellikheid bedoel word – daarom word hierdie as een kategorie gekonseptualiseer. In voorbeeld 4.66 word *toe* as absolute temporele verwysing gebruik,

[4.66] In mij jong daë was dit glad anders; toe het die ouërs nog wat te sê gehad. (1911-1920, Fiksie)

terwyl [4.67] opeenvolging illustreer,

[4.67] "Jy kon éërs gehelp en toe by sy voete gaan sit het," kap Martha terug. (2001-2010, Religieus)

en [4.68] oorvleueling.

[4.68] Hulle is maar "simpel", maar ek was nie myself toe ek hulle geskryf het nie. (1971-1980, Manuskrip)

Wanneer *toe* in absolute tydsverwysing gebruik word, val dit saam met die grammatikale verlede tyd. Wanneer dit egter in relatiewe tydsverwysing, beide opeenvolging en oorvleueling, gebruik word, kan die res van die sin in die presens geformuleer word. Hierdie gebruik word die historiese presens genoem, wat per implikasie na die verlede tyd verwys, terwyl sommige of alle sinne in die presens geformuleer word. Voorbeeld 4.69 illustreer die historiese presens met *toe* wat opeenvolging aandui,

[4.69] Kort daarna val weer twee of drie pistoolskote, en toe is dit stil. (1941-1950, Fiksie)

en [4.70] met oorvleueling.

[4.70] 'n Keerpunt in hierdie ontwikkelingsgeskiedenis werd bereik toe Pestalozzi op die toneel kom. (1911-1920, Informatief)

In tabel 4.32 word die gebruiksgetalle van die temporele gebruike van *toe* weergegee.

Tabel 4.32: Gebruiksgetalle van die verskillende temporele gebruike van toe

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
absolute tydsverwysing	101	13,9%	66	13,3%	82	17,1%	80	14,4%
opeenvolging: verlede tyd	143	19,6%	73	14,7%	34	7,1%	47	8,4%
opeenvolging: historiese presens	175	24%	67	13,5%	84	17,6%	109	19,6%
oorvleueling: verlede tyd	188	25,8%	154	31%	136	28,5%	102	18,3%
oorvleueling: historiese presens	122	16,7%	137	27,5%	142	29,7%	219	39,3%
TOTAAL	729		497		478		557	

Die absolute tydsverwysing bly deurgaans proporsioneel min of meer stabiel. In die verskillende kategorieë van relatiewe tydsverwysing is daar egter duidelike veranderings te bespeur. In beide opeenvolging en oorvleueling is daar 'n beduidende afname in gebruike in die grammatikale verlede tyd²⁹, en 'n toename in die historiese presens³⁰. Veral wat oorvleueling betref neem die historiese presens toe om vanaf die tweede kleinste kategorie na by verre die grootste kategorie te verskuif – twee maal soveel soos die tweede grootste kategorie. Behalwe vir die afname van die eerste na die tweede periode, is daar deur die res van die eeu 'n geleidelike toename in gebruike van die historiese presens ten koste van gebruike in die grammatikale verlede tyd. Hierdie tendens is nie heeltemal onverwags nie – die gebruik van die historiese presens, veral in verhalende tekste, word dikwels deur normatiewe bronne in 'n positiewe lig gestel as 'n manier om gebeure lewendig voor te stel (Bouman & Pienaar, 1924:115; De Villiers, 1983:216-7; Du Toit, 1902:24; Müller, 2003:209; Van der Merwe, 1951:57)

'n Verdere onderskeid tussen verskillende wyses waarop *toe* gebruik word, betrek verskillende woordsoorte – *toe* kan as 'n onderskikkende voegwoord gebruik word, soos wat voorbeelde [4.68] en [4.70] aandui, maar ook as adverbium (insluitend voegwoordelike adverbium). *Toe* word hoofsaaklik as voegwoord vir oorvleuelende tydsverwysing gebruik, hoofsaaklik as adverbium vir opeenvolgende tydsverwysing, en sedert die tweede periode geredelik as beide vir absolute tydsverwysing. Sien tabel 4.33 vir verdere besonderhede.

Tabel 4.33: Gebruiksgetalle van die verskillende woordsoortelike gebruike van temporele toe

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	Adv.	Voegw.	Adv.	Voegw.	Adv.	Voegw.	Adv.	Voegw.
absolute tyd	88	18	23	44	37	45	39	40
opeenvolging	302	15	133	7	114	7	147	10
oorvleueling	9	297	2	288	2	273	3	318
<i>Subtotaal</i>	399	330	158	339	153	325	189	368
TOTAAL	729		497		478		557	

Terwyl *toe* dus, behalwe vir die eerste periode wat in heelwat opsigte a-tipies is, meer gereeld gebruik word as voegwoord as wat dit gebruik word as adverbium, hoef dit nie buite rekening gelaat te word wanneer adverbiale tydsverwysing ondersoek word nie, aangesien voegwoordelike *toe* adverbiale bysinne inlei, en dit adverbiale funksies vervul (sien Van Wyk 2009:37 in dié verband).

²⁹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 85.42; periode een tot twee 19.23; periode twee tot drie 7.90; periode drie tot vier 1.45 (onbeduidend)

³⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 38.61; periode een tot twee 17.12; periode twee tot drie 1.25 (onbeduidend); periode drie tot vier 18.55

Die belangrikste veranderinge in die gebruik van *toe* betrek frekwensie en tempus. Daar is 'n beduidende vermindering in temporele gebruike tussen die eerste twee periodes; dit kan, soos van die vorige veranderinge wat reeds bespreek is, te doen hê met die vestiging van die standaardvariëteit wat tussen die eerste twee periodes plaasgevind het. Die ander belangrike verandering is die toenemende voorkeur vir die gebruik van *toe* in die historiese presens, eerder as in die grammatikale verlede tyd. Hierdie tendens sluit in breë trekke aan by die subtiele toename van die presensvorme ten koste van die preteritumvorme wat vroeër hanteer is, asook die subtiele afname van *het* as hulpwerkwoord; die preteritum en *het* neem af vanaf die tweede periode.

4.6.2 *NOU*

Die leksikale item *nou* het weereens ander gebruike buiten temporele verwysing: dit word ook as 'n adjektief gebruik wat die teenoorgestelde van "wyd" beteken (voorbeeld 4.71),

[4.71] ...en oral streep die drentelaars uit tallose nou gange en sypaadjies uit. (1941-1950, Fiksie)

as 'n naamwoord wat "die hede" beteken [4.72],

[4.72] Hy kom stadig terug na die nou toe en sy kop haak weer in. (2001-2010, Fiksie)

in vaste uitdrukkings waar die oorspronklike temporele betekenis weereens saamgesmelt het met die andere woorde om 'n nuwe betekenis te vorm [4.73],

[4.73] Hij is daarom so nou en dan 'n ordentlike kerel, wat an sij ou vrinde dink. (1911-1920, Manuskrip)

en weereens ook as diskoersmerker waar die temporele betekenis gedeeltelik of volledig verdwyn (voorbeeld 4.74, sien ook Van der Merwe, 1996:95).

[4.74] Nou ja, kom - dis laat. (1971-1980, Biografies)

Die gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van die woord *nou* word in tabel 4.34 gegee.

Tabel 4.34: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *nou*

	1911-1920 ³¹		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
adjektief	3		9		7		6	
naamwoord	-		-		-		2	
in vaste uitdrukkings	48		8		19		14	
diskoersmerker	228	23%	107	18%	112	19%	121	24%
temporele verwysing	733	72%	455	79%	442	76%	368	72%
TOTAAL	1 012		579		580		511	

³¹ Die woordvorm *nu* is nog tydens hierdie periode gebruik; dit word vir die doeleindes van hierdie studie as wisselvorm gereken en die gebruike daarvan word saam met dié van *nou* getel.

Die naamwoordgebruik van *nou* is besonder seldsaam en figureer eers in die laaste periode, en die gebruike as adjektief en in vaste uitdrukkings is ook redelik laag in frekwensie. Opmerklik is dat "nou en dan" die mees frekwente vaste uitdrukking in die eerste periode is (met 40 gebruiksinstansies), met die meer Nederlandse ekwivalent "nu en dan" ses keer en "nou die dag" twee keer gebruik. In die tweede periode is daar slegs vyf gebruike van "nou en dan" en twee van "nou die dag", en in die laaste twee periodes kom die reduplikasiekonstruksie "nou-nou" vir die eerste keer voor (10 keer in die derde periode, en vier keer in die laaste periode).

Die twee hoofgebruike van *nou* blyk dié van diskoersmerker en temporele verwysing te wees, net soos met *toe*, en met Engelse *now* (Braun & Chen, 2010:431), en Duitse *nun* (en tot 'n mate *jetzt*) (Rehbock, 2009:236). In die geskrewe data van hierdie studie maak temporele verwysing die grootste proporsie uit, terwyl die gebruik as diskoersmerker (sonder werklike temporele inhoud) 'n heelwat groter proporsie van gebruike in gesproke Afrikaans uitmaak (Jeffrey & Van Rooy, 2004:275). Jeffrey en Van Rooy (2004) wys uit dat juis hierdie gebruik in Afrikaans 'n invloed uitoefen op die gebruik van *now* in Suid-Afrikaanse Engels, waar dit volgens die Afrikaanse patroon, en 'n verdere eie maar verwante ontwikkeling, afwyk van gebruikspatrone in ander variëteite van Engels. Die totale gebruiksgetalle van *nou* halveer amper deur die loop van die eeu (met beduidende verskille tussen veral die eerste twee maar ook die laaste twee periodes³²), maar die proporsionele gebruik van die twee groter kategorieë bly min of meer stabiel.

Soos met *toe* is daar ook verskillende tipes temporele verwysing wat deur *nou* geënkodeer kan word. Daar is die absolute tydsverwysing waar *nou* na die spraakmoment verwys (voorbeeld 4.75).

[4.75] Nicht Lenie het nou vertien kinders bij mekaar. (1911-1920, Manuskrip)

Beide Botha (1990:109) en Van der Merwe (1996:93-4) wys egter uit dat hierdie *nou* op 'n tydstop (tipies die spraakmoment) kan dui, maar ook 'n wyer begrip kan wees wat die spraakmoment insluit, deur Botha (1990:109) die omvangryke *nou* genoem. Van der Merwe (1996:94) wys verder uit dat die tydsduur waarop *nou* dui, uit die totale konteks sowel as die konvensies van die taalgemeenskap afgelei moet word. In Afrikaans word *nou* ook soms gebruik met verwysing na die onmiddellike verlede [4.76],

[4.76] Ek dink nou net daaraan, Pa... (1941-1950, Fiksie)

of die onmiddellike toekoms [4.77].

³² Die resultate van 'n log-waarskynlikheidstoets is soos volg: vir al vier periodes gesamentlik 214.03; periode een tot twee 118.21; periode twee tot drie 0.02; periode drie tot vier 4.60.

[4.77] "Die polisie is nou hier, kind," pleit Ouma. (2001-2010, Fiksie)

Daar is ook 'n relatief-absolute verwysingsfunksie van *nou*, waar dit op 'n spesifieke tydstip of tydperk in die verlede dui (voorbeeld 4.78).

[4.78] Maar nou was ek reg vir hom. (1971-1980, Fiksie)

Dan is daar ook die relatiewe verwysingsfunksie van *nou*, wat op opeenvolging dui (Van der Merwe, 1996:99), en in die presens [4.79],

[4.79] En nou maak die auteur 'n fantastiese draai. (1941-1950, Informatief)

en die verlede tyd [4.80] gebruik kan word.

[4.80] Hy het sy geld gemaak en nou het hy aangestap, op soek na nuwe uitdagings. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

Die gebruiksgetalle van hierdie ses verskillende kategorieë van gebruike van *nou* met temporele verwysing word in tabel 4.35 gegee.

Tabel 4.35: Gebruiksgetalle van verskillende temporele gebruike van nou

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
absolute hede	508	69%	313	69%	312	71%	252	69%
onmiddellike verlede	11		8		9		4	
onmiddellike toekoms	4		3		8		5	
verlede hede	34	5%	36	8%	22	5%	31	8%
opeenvolging presens	168	23%	86	19%	83	19%	66	18%
opeenvolging verlede	8		9		8		10	
TOTAAL	733		455		442		368	

Anders as met *toe*, waar die relatiewe tydsverwysing besondere voorkeur binne temporele verwysing geniet, is die gebruike van *nou* om die absolute hede aan te dui deurgaans net meer as twee-derdes van die totale temporele verwysings. Terwyl die totale temporele gebruiksfrekwensie min of meer halveer, bly die verskillende gebruike proporsioneel relatief stabiel. Die relatiewe temporele verwysing in die verlede tyd is teenwoordig in elke periode, maar word telkens maar enkele kere gebruik, terwyl die verwysings na die onmiddellike verlede en toekoms ook telkens teenwoordig is, maar met slegs enkele gebruiksgewalle. Soos by *toe* is die grootste verskil in frekwensie tussen die eerste twee periodes, wat weereens moontlike invloed van standaardisering kan behels. Anders as *toe* bly die proporsionele gebruike van *nou* redelik stabiel, en neem die voorkeur vir gebruik in die presens nie toe nie.

4.6.3 DAN

Die laaste temporele adverbium wat ondersoek word is *dan*. Dit is afkomstig van Nederlandse *dan*, hoewel die gebruik in vergelykingskonstruksies onlangs verdwyn het, en dit is soortgelyk aan Duitse *dann* en Engelse *then* (Rutten, 2012:302). Net soos die vorige twee adverbia word *dan* ook vir ander funksies buiten temporele verwysing gebruik: in die eerste helfte van die eeu word dit nog in vergelykings gebruik soos wat slegs as vandag gebruik word [4.81],

[4.81] Selde het daar 'n gebeurtenis plaas gevind, wat 'n groter invloed op die gees en verbeelding van die tijd gehad het dan die Franse Omwenteling. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

verder word dit ook in vaste uitdrukking gebruik [4.82],

[4.82] ...of dit in die kiem geskied, al dan nie. (1941-1950, Informatief)

en in 'n konteks waar dit as 'n diskoersmerker of aanduiding van voorwaardelikheid funksioneer [4.83].

[4.83] Dan werk die trop mos vir die munisipaliteit. (2001-2010, Fiksie)

Die getalle van die verskillende gebruike van *dan* word in tabel 4.36 gegee.

Tabel 4.36: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *dan*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
vergelykingskonstruksie	179	13,2%	11	1,5%	-		-	
in vaste uitdrukking	46	3,4%	10	1,4%	9	1,7%	8	2%
diskoersmerker	804	59,2%	439	60,7%	267	51%	189	46,8%
temporele verwysing	329	24,2%	263	36,4%	248	47,3%	207	51,2%
TOTAAL	1 358		723		524		404	

Wat totale gebruiksgetalle betref toon *dan* die mees radikale vermindering van die drie adverbia – die laaste periode se totaal is minder as 'n derde van die eerste periode s'n, wat 'n hoë graad van beduidendheid aantoon³³. Hierdie radikale vermindering word aan die een kant meegehelp deur die algehele verdwyning van een van die gebruikskategorieë, maar ook die ander kategorieë toon 'n sterk afname in getalle. Die enigste vaste uitdrukking waarin *dan* in die eerste periode gebruik word is "n(o)u en dan" (soos reeds vroeër gerapporteer), terwyl die uitdrukking "al dan nie" (vanaf tweede periode), "daar en dan" (derde periode) en "dan en wan" (laaste periode) sporadies kop uitsteek. *Dan* is verder die enigste van die drie adverbia wat nie deurgaans voorkeur toon vir temporele verwysing nie, en die gebruik in

³³ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 658.61; periode een tot twee 195.23; periode twee tot drie 30.80; periode drie tot vier 15.97.

voorwaardes en diskoersmerkers maak vir die eerste drie periodes die grootste kategorie uit, wat in die laaste periode net-net deur temporele verwysing verbygesteek word.

Die verskeidenheid van temporele verwysings waarvoor *dan* aangewend kan word is ook groter as die voorafgaande twee adverbiala. *Dan* kan vir absolute tydsverwysing gebruik word om na die toekoms [4.84] te verwys.

[4.84] Hulle is seker hy sal weer terugkom en dan wil hulle reg wees vir hom. (2001-2010, Fiksie)

Dit word ook gebruik om relatiewe tyd aan te dui in terme van opeenvolging (Van der Merwe, 1996:102), in die verlede [4.85],

[4.85] Schuurman (l.c.) het byvoorbeeld van haar materiaal oorgebring na 'n 0.4mm. gegradeerde telkamertjie en dan mikroskopies ondersoek. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

die toekoms [4.86],

[4.86] "Ons slaan hom uit en dan gooi ons hom terug oor die muur," is sy plan. (2001-2010, Fiksie)

en in sinne wat in die hede afspeel of waar algemeen-geldende waarhede, imperatiewe ensovoorts sonder tydsaanduiding geformuleer word [4.87];

[4.87] Draai dit dan toe en om met mooi uitgevlegte mielieblaar-touw. (1911-1920, Informatief)

en dit word gebruik om oorvleuelende gebeurtenistyd aan te dui in die verlede [4.88],

[4.88] Leyds het Chamberlain ook verwittig dat hy oor 'n paar dae in Londen sou wees en dan te eniger tyd vir samesprekings tot Chamberlain se beskikking sou wees. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

en die hede [4.89].

[4.89] Die leiers doen na elke biduur verslag ... Annamarie kan dan daaraan aandag skenk. (1971-1980, Informatief)

Dit is belangrik om op te merk dat *dan* sigself verleen tot gebruik in die historiese presens, en in daardie geval is dit steeds onder "verlede" gereken, omdat dit na die verlede verwys ongeag van die grammatikale kenmerke van die formulering. Die getalle van die verskillende temporele gebruike van *dan* word in tabel 4.37 gegee.

Wat temporele verwysing betref is daar 'n beduidende afname in totale gebruiksgetalle³⁴, hoewel nie so radikaal soos met *nou* nie. Soos met *toe* maak *dan* se

³⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 28.32; periode een tot twee 7.20; periode twee tot drie 0.36 (onbeduidend); periode drie tot vier 3.84 (lae vlak van beduidendheid)

relatiewe temporele verwysings die grootste hoeveelheid van die gebruike uit, en die opeenvolging in die hede proporsioneel verminder van driekwart na net oor die helfte. Die twee gebruike wat in getalle en proporsie toeneem is absolute toekomsverwysing en opeenvolging in die toekoms, en dit maak in die laaste periode steeds minder as 'n derde van die totale temporele gebruike uit.

Tabel 4.37: Gebruiksgetalle van die verskillende temporele gebruike van dan

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
absolute toekoms	3	0,9%	5	1,9%	11	4,4%	15	7,3%
opeenvolging: verlede	26	7,9%	24	9,1%	15	6,1%	21	10,1%
opeenvolging: hede	248	75,4%	189	71,9%	168	67,8%	112	54,1%
opeenvolging: toekoms	41	12,5%	42	15,9%	40	16,1%	46	22,2%
oorvleueling: verlede	9	2,7%	1	0,4%	4	1,6%	6	2,9%
oorvleueling: hede	2	0,6%	2	0,8%	10	4%	7	3,4%
TOTAAL	329		263		248		207	

Die mees opvallende verandering in die gebruik van *dan* is die besonder drastiese afname in gebruik as diskoersmerker of in voorwaardes; die grootste afname is tussen die eerste twee periodes, maar dit hou aan om beduidend te verminder tot en met die laaste periode. Ook die afname in temporele gebruike is die grootste tussen die eerste twee periodes, wat, soos met die ander adverbialia, weereens die moontlikheid van invloed van standaardisering op die tafel plaas.

4.6.4 MEER SPESIFIEKE TEMPORELE ADVERBIA

Die temporele gebruike van *toe*, *nou* en *dan* wat reeds ondersoek is, neem al drie tot 'n mindere of meerdere mate af deur die loop van die eeu, wat potensieel uitsprake wat verskeie dekades gelede oor hierdie woorde gemaak is, in 'n ander lig kan plaas. Terwyl moontlike buitetalige oorsake van hierdie vermindering in die samevatting hieronder verreken word, is dit sinvol om kortliks die gebruik van ander adverbiale temporele verwysing te ondersoek. Na aanleiding van die tydsaanduidende konjunksiemerkers wat deur Van Rooy en Esterhuizen (2011:76) gebruik word, is daar 'n aantal potensieële temporele adverbialia in hierdie studie se korpusse geïdentifiseer wat moontlik 'n gedeelte van die bogenoemde adverbialia se funksionele lading kon oorgeneem het. Slegs adverbialia wat twintig keer of meer in een of meer van die korpusse gebruik word, is in berekening gebring. Daar is 'n aantal wat aan hierdie vereiste voldoen, maar geen toename of afname toon nie, naamlik *gedurende*, *gelede*, *intussen*, *saans*, *vandag* en *vroeër*. Daar is egter 'n groter aantal wat wel toeneem met verloop van tyd, wat in tabel 4.38 aangedui word.

Tabel 4.38: Gebruiksgetalle van addisionele temporele adverbial

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
deesdae	0	3	9	30
later	153	166	195	173
nadat	35	75	59	111
sedert	28	33	31	47
tans	12	24	25	57
terwyl	160	166	169	222
tydens	7	31	98	97
voordat	27	61	45	78
wanneer	107	175	190	227
TOTAAL	529	734	821	1 042

In isolasie beskou wys slegs *terwyl* en *wanneer* deurlopende toename met gebruiksfrekwensie wat hoog genoeg is om werklik 'n impak op ander temporele adverbial te hê. Gesamentlik wys hierdie temporele adverbial egter op 'n tendens waarin meer spesifieke temporele adverbial toenemend in Afrikaans aangewend word, wat aandui dat die afname in die temporele gebruike van *toe*, *nou* en *dan* nie 'n verlies van temporele inligting behels nie, maar 'n sistematiese verspreiding van funksionele lading na ook ander, meer spesifieke en minder situasiegebonde adverbial. Die behoefte aan ekspressiwiteit kan ook 'n dryfkrag agter die tendens wees, aangesien *toe*, *nou* en *dan* redelik breë, algemene betekenisse het, terwyl meer spesifieke adverbial kan bydra tot groter ekspressiewe spesifisiteit.

4.6.5 SAMEVATTING: ADVERBIALE TYDSAANDUIDING

Dit blyk uit die data dat die drie algemene temporele adverbial wat ondersoek is, naamlik *toe*, *nou* en *dan*, se totale temporele gebruiksgetalle (asook buiten *toe* die totale gebruiksgetalle) merkbaar afgeneem het. Die verspreiding van funksionele lading om toenemend meer spesifieke en minder situasiegebonde temporele adverbial in te sluit is reeds aangedui as 'n moontlik faktor in die daling van die meer algemene adverbial.

'n Verdere potensiele verklaring vir die frekwente gebruik in die eerste periode (en toenemende verskuiwing na meer spesifieke opsies daarna) het moontlik met die groter sosio-kulturele konteks te doen – die formele standaardisering van 'n Afrikaanse variëteit het pas 'n aanvang geneem, en skoolopleiding en hoë vlakke van geletterdheid was hoegenaamd nie vanselfsprekend vir 'n groot deel van die taalgemeenskap nie. Die gebruik van temporele adverbial val in Biber *et al.* (1998:148) se kategorie van aanduiders van situasiegebonde taalgebruik, en diskoersmerkers ('n ander prominente gebruik van al drie die bogenoemde adverbial) val onder sy aanduiders vir betrokke (teenoor informatiewe) taalgebruik. In die gegewe sosio-historiese konteks maak die frekwente gebruik van die

meer algemene temporele adverbialia, wat kenmerkend is van informele, gesproke taal, in die eerste periode sin, terwyl die afname daarvan sedertdien (en verskuiwing na meer spesifieke, minder situasiegebonde, moontlik meer gesofistikeerde opsies) toegeskryf kan word aan die toenemende standaardisering en verformalisering van Standaardafrikaans. Die toenemende formaliteit en sofistikasie van die eise wat aan die Standaard gestel is, het die verformalisering daarvan aangehelp, wat die meer spesifieke en gesofistikeerde uitdrukkings aantrekliker keuses gemaak het. Die feit dat daar telkens ook groter verskille tussen die eerste twee periodes as enige van die ander is, is 'n verdere bevestiging vir die invloed van standaardisering – die proses van standaardisering het in die eerste periode net momentum begin opbou, en die standaardvariëteit is voor die tweede periode volledig gevestig. Terwyl die standaardisering van 'n Afrikaanse variëteit al tot 'n groot mate verken is en in heelwat navorsing verreken word, is dit nie die geval met die onderliggende verformalisering van die variëteit nie. Hierdie tendens kan belangrike implikasies in terme van taalverandering hê, waarheen daar later in die studie teruggekeer gaan word. Dit is ook nodig om in gedagte te hou dat, gegewe die immer-veranderende sosio-kulturele konteks van enige gegewe taal, hierdie tendens nie noodwendig onbepaald gaan voortduur nie. Dit herinner dat grammatikas van verskeie dekades oud nie onkrities as geldig aanvaar kan word nie, en dat sodanige beskrywings voortdurend op datum gehou of selfs vervang behoort te word.

'n Laaste belangrike opmerking is dat die een prominente gebruik tussen die drie adverbialia se temporele verwysingsfunksies wat toegeneem het ten spyte van die afnames andersins, die historiese presens met behulp van *toe* is – dit sluit aan by die subtiële toename in voorkeur vir presensvorme teenoor die grammatikale verlede tyd wat ook by die hulpwerkwoorde van tyd gevind word.

4.7 SAMEVATTING: TYDSAANDUIDING IN AFRIKAANSE TAALGEBRUIK

In die groter prentjie van tydsaanduiding in Afrikaanse taalgebruik van 1911 tot 2010 is daar 'n aantal merkbare veranderinge, maar dit geskied teen die agtergrond van 'n groot mate van stabiliteit.

Daar is 'n aantal tipes verandering, en veranderinge wat deur soortgelyke kragte veroorsaak of aangehelp is. Die een relevante tipe verandering is analogie. Dit manifesteer by die verdere afname in die gebruik van reeds seldsame preteritumvorme, waar die preterita meestal vervang word met reëlmatige vorme, en dus toenemende regularisering aandui. 'n Verdere voorbeeld van analogie is die toenemende voorkoms van preteritale kongruensie wanneer *sou* in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde gebruik word, waar al die modale hulpwerkwoorde in die sin tot een tempus-paradigma konformeer.

'n Volgende krag agter waarneembare veranderinge is standaardisering, oftewel die vestiging van die standaardvariëteit tussen die eerste en tweede periode. Daar is aan die een kant tekens van radikale variasiereduksie, waar die verskillende Nederlandse vorme van byvoorbeeld *sou* en *het* tussen die eerste twee periodes verdwyn. Aan die ander kant is daar ook by verskillende gebruike groter verskille in frekwensie tussen die eerste twee periodes as enige ander opeenvolgende periodes, soos by die gebruik van *was* en die algemene temporele adverbial *toe*, *nou* en *dan*. Ook later in die eeu is daar tekens dat taalgebruikers steeds konformeer tot die aanbevelings van normatiewe bronne, soos die afname van die kombinasie *was gewees* en die gebruik van *was* in passiefkonstruksies, en die toename in die historiese presens, in verhouding tot die verlede tyd, met *toe*. Daar is ook tekens van verformalisering wat met standaardisering en normering verbandhou, wat waargeneem kan word in die toename van spesifieke temporele adverbial ten koste van die meer algemene temporele adverbial, en die afname van die gebruik van *toe*, *nou* en *dan* as diskoersmerkers.

Daar is soms meer as een krag betrokke by 'n gegewe verandering – die afname van *was gewees* kan byvoorbeeld verder aangehelp word deur die krag van ekonomie, en die toename van meer spesifieke adverbial kan ook 'n uitdrukking van ekspressiwiteit wees. Grammatikalisering is ook 'n kombinasie van verskillende kragte, soos ekspressiwiteit en ekonomie, en die werkwoord *gaan* toon toenemende grammatikalisering deurdat die grammatikale gebruike van *gaan*, en veral die gebruik in toekomsverwysing, toeneem ten koste van leksikale gebruike, en ten koste van die gebruik van *sa/* vir dieselfde funksie.

'n Laaste kwessie wat altyd potensieel relevant kan wees vir Afrikaans is kontak met Engels. Ten spyte van ten minste een geval waar daar sterk bewerings is dat Engels invloed uitoefen op Afrikaans, is daar geen bevindinge in hierdie hoofstuk wat op invloed in daardie rigting dui nie. Daar is tog gevalle waar gebruikspatrone van Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels ooreenkomste toon, maar navorsing wat ander al op Suid-Afrikaanse Engels gedoen het (onder andere Jeffrey & Van Rooy 2004; Wasserman & Van Rooy, 2014; Wasserman 2014) wys dat ooreenkomste in die gebruik van modale hulpwerkwoorde, asook *nou* as diskoersmerker eerder toegeskryf kan word aan die invloed wat Afrikaans op Suid-Afrikaanse Engels uitoefen, veral in terme van koverte oordrag. Terwyl die invloed van taalkontak bevestig word, blyk dit dat die invloed van 'n "groter" of "magtiger" internasionale taal op die "klein" of plaaslike taal, sonder invloed in die ander rigting, beslis nie 'n gegewe is nie.

In die volgende hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die gebruik van Afrikaanse voornaamwoorde, en veral die veranderinge wat in die gebruikspatrone gevind kan word.

HOOFSTUK 5: VOORNAAMWOORDE

"...the transcendental ego is a shadow cast on the world by grammar."
(Mühlhäusler & Harré, 1990:18)

5.1 INLEIDING

Voornaamwoorde is 'n belangrike deel van die Afrikaanse grammatika, en vorm deel van die naamwoordgroep in die woordeskat van Afrikaans (Jenkinson, 1987:51). Voornaamwoorde stel 'n taalgebruiker in staat om vinniger te kommunikeer as wat herhaling van naamwoordstukke of omskrywings sou toelaat, terwyl die eksaktheid van die kommunikasie nie opgeoffer hoef te word nie. Hierdie funksies van voornaamwoorde gee dit 'n belangrike rol in kommunikasie, en vorm daarom 'n prominente deel van die Afrikaanse grammatika. Veranderinge in die voornaamwoordsisteem van Afrikaans kan verbandhou met verskeie talige en buitetalige faktore – grammatikalisering, taalbeïnvloeding, en veranderende sosiale praktyke en strukture.

Vervolgens word voornaamwoorde as sodanig algemeen-teoreties bespreek, waarna die fokus verskuif na die Afrikaanse voornaamwoordsisteem. In hierdie hoofstuk word die stand van die Afrikaanse voornaamwoordsisteem oor 'n eeu heen oorsigtelik bestudeer, met spesiale aandag aan dié voornaamwoorde of kategorieë van voornaamwoorde wat verandering toon. Eerste aan die beurt is die omvangryke kategorie van persoonlike voornaamwoorde, waarna aanwysende voornaamwoorde aan bod kom. Dan word betreklike en vraende voornaamwoorde ondersoek, met onbepaalde voornaamwoorde daarna. Ten slotte word die belangrikste bevindinge en die insigte wat die ondersoek meebring, bespreek.

5.2 DIE TEORIE VAN VOORNAAMWOORDE

"Pronouns are so called because they stand in for nouns (*pro* = 'for, instead of')" (Langacker, 2008:312). Voornaamwoorde is al lank deel van die beskrywende kategorieë van taalkundiges (Mühlhäusler & Harré, 1990:9), en dit verwys na 'n verskeidenheid van vorme wat, volgens tradisionele beskrywings, kan instaan vir naamwoorde of naamwoordstukke, of dit kan vervang (Langacker, 2008:312; Mühlhäusler & Harré, 1990:9). 'n Aantal konsepte is relevant wanneer voornaamwoorde ondersoek word:

- Anaforiek – anafore is linguistiese eenhede wat verwys na objekte wat alreeds in die diskoers bekendgestel is (Mühlhäusler & Harré, 1990:9). Byvoorbeeld, in "Hieruit kan elkeen opmaak hoeveel ons geslag aan die regte Oувrouw verskuldig is. Sij maak van

elke Boerkind in die eerste uur van sij lewe 'n held of 'n heldin." (1911-1920, Fiksie) verwys *sij* terug na *die regte Oувrouw*.

- Deiksis – dit verwys na die proses of daad waarmee daar verwys word na ruimtelike, temporele, sosiale of persoonlike aspekte van 'n situasie, buite taal self (Mühlhäusler & Harré, 1990:9). Byvoorbeeld, in "Dis veilig en jy kan vannag hier slaap." (1971-1980, Fiksie) verwys *jy* na die aangesprokene.
- Indeksikaliteit – 'n indeksikale uitdrukking kan uitgeken word daaraan dat die belang daarvan nie begryp kan word as die hoorder nie teenwoordig is tydens gebruik nie (Mühlhäusler & Harré, 1990:10). Byvoorbeeld, in "Daar het ons die nag geslaap." (1941-1950, Biografies) sal die hoorder/leser nie weet waarna *daar* verwys, tensy sy/hy in die gesprek teenwoordig is nie.
- Gemerktheid en natuurlikheid – dit hou verband met die waarneming dat nie alle lede van 'n linguistiese klas ewe sentrale verteenwoordigers van daardie klas is nie (Mühlhäusler & Harré, 1990:10). Byvoorbeeld, in Afrikaans is *jy/jou* die ongemerkte tweede persoon enkelvoud, terwyl *u* gemerk is vir formaliteit.
- Inklusiwiteit en eksklusiwiteit – dit verwys na die verskynsel om die aangesprokene in te sluit of nie (Mühlhäusler & Harré, 1990:10). Byvoorbeeld, in "Laat ons dit probeer doen wat ons rassebeleid betref en met name ten aansien van die beleid insake bloedvermenging." (1941-1950, Informatief) word die leser by die *ons* ingesluit, waar in die gesprek "'Julle kan mos anderdag Grootberg toe gaan.', 'Later, wanneer ons terug is.'" (2001-2010, Fiksie) word die hoorder nie by die *ons* ingesluit nie.

'n Belangrike kwessie wat relevant is wanneer voornaamwoorde onder die vergrootglas kom, is die vraag oor die beïnvloeding van taalstruktuur op menslike denke, oftewel die Sapir-Whorf-hipotese. Terwyl die sterk standpunt wat Whorf ingeneem het grootliks deur die taalkundegemeenskap verwerp is, is daar groter aanvaarding van die meer gematigde standpunt wat Sapir later ingeneem het, wat beweer dat taalgebruik en wêreldbeskouing mekaar wedersyds beïnvloed. Mühlhäusler en Harré (1990:5) onderskryf hierdie hipotese, en het twee spesifieke voorstelle wat relevant is vir voornaamwoorde: dat grammatikale riglyne vir die gebruik van persoonsverwysing in die meeste tale kennis insluit van spesifieke sosiale relasies, en dat die transendetale ego, die "innerlike self", nie 'n empiriese entiteit is nie, maar 'n skaduwee is wat op 'n taalgebruiker se denke gegooi word deur die grammatikale vorme wat gebruik word. Vorme van menslike individualiteit en identiteit is fundamenteel tot kulture (Mühlhäusler & Harré, 1990:7); die kultureel diverse konsepte van die self, en die grammatika van persoonsverwysende terme, wat spesifiek voornaamwoorde insluit, reflekteer mekaar – "[t]o use pronouns grammatically, correctly, one must deploy one's philosophical theories of what one is as well as one's knowledge of the social relations

in which one stands to those with whom one converses" (Mühlhäusler & Harré, 1990:16). Mühlhäusler en Harré (1990:18) beweer verder dat die tipe wese wat 'n mens jouself reken in 'n ontologiese of metafisies sin sal afhang van die grammatika van 'n mens se taal. As sodanig is die voornaamwoordelike sisteem van 'n gegewe taal nie 'n direkte refleksie van enigiets in die spreker se brein of enige ander plek in die werklikheid nie, maar is dit eerder 'n kulturele konstruk (Mühlhäusler & Harré, 1990:79). Juis daarom is dit belangrik om te onderskei tussen universeel gemotiveerde, natuurlike hiërargieë en onderskeide, en taalspesifieke, sosiaal gemotiveerde hiërargieë en onderskeide, en moet "normale" Westerse praktyke nie as 'n akkurate maatstaf vir natuurlikheid geag word nie (Mühlhäusler & Harré, 1990:82).

Een wydverspreide onderskeid in voornaamwoordsisteme is dié van getal, soos *ek* vir eerste persoon enkelvoud en *ons* vir eerste persoon meervoud; in baie tale word ook verdere onderskeide getref as bloot enkelvoud en meervoud (Mühlhäusler & Harré, 1990:66). Getalsaanduiding is egter saamgebind met die aanduiding van verdere inligting in die voornaamwoorde, byvoorbeeld sielhebbendheid ("animacy") en sielloosheid ("inanimacy") (Mühlhäusler & Harré, 1990:68). Die terme "sielhebbend" en "sielloos" is gekies bo "lewend" en "nie-lewend", aangesien laasgenoemde nie 'n akkurate onderskeid is nie, en diere en mense dikwels saam in 'n kategorie geplaas word ("animate") teenoor plante en lewelose entiteite ("inanimate"); terwyl die konsep van "bewussyn" eintlik sentraal staan, het die terme "bewus", "onbewus" en "bewusteloos" egter spesifieke betekenisse, so die woord "siel" word hierin aan die konsep "bewussyn" gelykgestel.

'n Verdere onderskeid wat algemeen in voornaamwoordsisteme voorkom is persoon, en die kategorieë van eerste persoon, tweede persoon en derde persoon word redelik algemeen in linguistiese beskrywings aangewend (Mühlhäusler & Harré, 1990:133). Eerste persoon is byvoorbeeld *ek* en *ons* waar na die spreker verwys word, of 'n groep wat die spreker insluit; tweede persoon is byvoorbeeld *jy* en *julle* waar na die hoorder verwys word, of 'n groep wat die hoorder insluit; derde persoon is byvoorbeeld *sy*, *hy*, *hulle* waar na een of meer persone buite die gespreksituasie verwys word, wat dikwels vroeër in die gesprek reeds aangedui is.

Nog 'n onderskeid wat in baie voornaamwoordsisteme gemaak word is dié van gender, byvoorbeeld *sy/haar* vir vroulik en *hy/hom* vir manlik. Onderskeid in terme van gender word in vele geneties onverwante tale gemaak, waar die spreker en aangesprokene se gender dikwels minder belangrik is as dié van die gespreksonderwerp, en waar gender meestal slegs in die enkelvoud gemerk word (Mühlhäusler & Harré, 1990:70); byvoorbeeld *ek* en *jy* is gender-neutraal, maar die derde persoon enkelvoud bevat gender. Mühlhäusler en Harré (1990:73) wys ook daarop dat gender-inligting wat op voornaamwoorde aangedui word nie

afhang van die aanduiding van gender in naamwoorde, of vice versa nie. So het die Afrikaanse grammatika byvoorbeeld gender in die voornaamwoordsisteem, terwyl dit nie grammatikaal op naamwoorde aangedui word nie.

'n Verdere moontlike onderskeid in voornaamwoordsisteme, wat baie nou aansluit by die diep kulturele inbedding van voornaamwoorde, is in terme van respek en/of intimiteit (Mühlhäusler & Harré, 1990:18), byvoorbeeld Afrikaanse *jy/jou* wat die gemeensame tweede persoon enkelvoud is, waar *u* die formele tweede persoon is. Die aanduiding van sosiale status op voornaamwoorde is teenwoordig in 'n groot aantal tale wat geografies en histories ver van mekaar verwyderd is, wat wys op 'n sterk verhouding tussen persoonlike deiksis en verhoudings van sosiale hiërargie (Mühlhäusler & Harré, 1990:74), terwyl daar tog ook heelwat vorme is wat ooreenstemming oor die formaliteit, vlak van beleefdheid en intimiteit aandui (Mühlhäusler & Harré, 1990:132). Mühlhäusler en Harré (1990:132) vind 'n aantal sosiale verskynsels wat relevant kan wees vir voornaamwoordkeuses: rang, status, generasie, formaliteit, informaliteit, publieke diskoers, private diskoers, intimiteit, sosiale afstand, emosionele opwindings, en moontlik nog ander. Oor die tale van die wêreld heen is daar 'n algemene geneigdheid om merkers van meervoud of tweevoud aan te wend as merkers vir beleefdheid en respek (Mühlhäusler & Harré, 1990:69), en die derde persoon ontwikkel ook dikwels tot eerbetonende tweedepersoon-aanspreekvorme (Mühlhäusler & Harré, 1990:142). Die algemene geneigdheid van pidgins om aanvanklik die aanduiding van sosiale deiksis uit die voornaamwoordsisteem te verloor, wys daarop dat sosiale deiksis persoonlike deiksis impliseer, maar nie noodwendig andersom nie (Mühlhäusler & Harré, 1990:264). Dit is egter belangrik om te wys op die onafhanklikheid van pidgins en kreole van hulle sub- en superstraattale, waar 'n sisteem van sosiale deiksis geredelik kan ontwikkel as 'n respons op en instandhouding van die spesifieke sosiale konteks waarin die taal ontwikkel het (Mühlhäusler & Harré, 1990:265), byvoorbeeld die aanspreekvorme "oom" en "tannie", asook antesedentherhaling wat verskil van Nederlands, en op Suid-Afrikaanse bodem ontwikkel het. Oor hierdie tipe verskynsels merk Mühlhäusler en Harré (1990:163) op:

Given that people address people and that people stand in various social and kin relations with one another, it is hardly surprising that there is a strong Whorfian aspect to most social communication in most societies.

'n Saak wat in die kern van die sosiale en konteksgebonde aard van voornaamwoordgebruik lê is dié van die gedeelde konteks van gespreksgenote (Mühlhäusler & Harré, 1990:25). In deiktiese of indeksikale verwysings, wat in alle tale voorkom (Martin & Hinzen, 2014:115), bind voornaamwoorde die gesprek aan al die gespreksgenote, en die hoorder moet gewoonlik teenwoordig wees tydens die spraakmoment om die volle betekenis van indeksikale gebruike te verstaan (Mühlhäusler & Harré, 1990:33). Tweedepersoon-

voornaamwoorde en deiktiese ruimtelike verwysings (byvoorbeeld *hier* en *daar*) val tipies in hierdie kategorie. Op grond daarvan stel Mühlhäusler en Harré (1990:35) voor dat daar duidelik onderskei moet word tussen anaforiese en indeksikale voornaamwoorde.

Vir redes wat linguïste self nie altyd kan uitspel nie, is daar in die verlede hoofsaaklik gefokus op die anaforiese en sintagmatiese aspekte van voornaamwoorde, terwyl die paradigmadiese en deiktiese aspekte agterweë gelaat is (Mühlhäusler & Harré, 1990:13). Mühlhäusler en Harré is egter van mening dat die deiktiese funksies van voornaamwoorde die primêre funksie daarvan is, en dat anaforiese funksies heelwat minder belangrik is (Mühlhäusler & Harré, 1993:58, 269). Hulle wys daarop dat verskeie tale oor die wêreld nie die onderskeid tussen anafories en nie-anafories grammatikaal aandui nie, terwyl dit tot 'n baie groter mate wel die geval is met die aanduiding van verskillende tipes deiksis (Mühlhäusler & Harré, 1990:58). Hulle wys ook 'n verdere bevestiging hiervan uit in die gereelde afwesigheid van eksplisiete aanduiding van kasus en eenvoudige anafories by pidgins en kreole (Mühlhäusler & Harré, 1990:266). Die belang van deiksis word ook deur ander uitgewys wat die oorsprong van taal verken – Tomasello (2014:49-50) neem onder andere "pointing" ('n daad wat in die wese daarvan deikties is) as een van die eerste meganismes wat menslike interaksie teweegbring het wat die konteks vir die ontstaan van taal geskep het, en Deutscher (2005:213) neem "pointing words" (met die voorbeelde "this" en "that") as een van die drie basiese kategorieë wat die fondasie van die oorsprong van komplekse taal gevorm het; die ander twee basiese kategorieë is naamwoorde en werkwoorde. Aangesien deiksis meer fundamenteel tot taal is as anafories, spreek dit vanself dat deiksis ook meer fundamenteel tot voornaamwoorde sal wees as anafories.

Wanneer 'n taalgebruiker voornaamwoorde gebruik, beteken dit die taalgebruiker het 'n keuse uitgeoefen tussen voornaamwoordgebruik en die gebruik van 'n volle naamwoordstuk (Mühlhäusler & Harré, 1990:54). Met die konteksgebondenheid van voornaamwoorde, beteken dit egter dat die korrekte interpretasie van voornaamwoordgebruik potensieel 'n komplekse kwessie is. Terwyl anaforiese voornaamwoorde min semantiese inhoud bevat, en moontlik heel dubbelsinnig kan wees (Arnold, 2013:59), is die algemene aanname dat die spreker na 'n spesifieke referent verwys (Arnold, 2013:60). Baie navorsers het al beweer dat (anaforiese) voornaamwoordinterpretasie hoofsaaklik geskied deur middel van redenasie en kennis van die werklikheid (Kehler & Rohde, 2013:3). Grammatikale rolle kan volgens sekere navorsers ook 'n invloed op voornaamwoordinterpretasie uitoefen, waar voorkeur gegee word aan 'n referent wat dieselfde grammatikale rol in 'n ander klous inneem (Kehler & Rohde, 2013:3), en waar daar veral voorkeur gegee word aan sinsonderwerpe in die interpretasie (Kehler & Rohde, 2013:2). Verder wys Kehler en Rohde (2013:15) daarop dat gespreksgenote se interpretasie ook beïnvloed word deur hulle verwagtings oor die rigting

van die diskoers in terme van koherensie. Arnold (2013:62) herinner daaraan dat begrip nie slegs 'n uitkoms is nie, maar 'n proses, en wys daarop dat daar bes moontlik verskeie prosesse betrokke is by voornaamwoordinterpretasie, insluitend die inkorporering van buitetalige inligting en verwagtings (Arnold, 2013:66).

Daar is verskillende tipes voornaamwoorde in die tale van die wêreld, waarvan persoonlike voornaamwoorde een kategorie uitmaak. Persoonlike voornaamwoorde word, soos uit die benaming afgelei kan word, hoofsaaklik vir verwysing na spesifieke persone of groepe persone gebruik. Persoonlike voornaamwoorde word algemeen ingedeel in eerste persoon (byvoorbeeld *ek, ons*), tweede persoon (byvoorbeeld *jy, julle*) en derde persoon (byvoorbeeld *sy, hulle*), wat verskille in persoonlike deiksis aandui (Heine & Song, 2010:118). 'n Belangrike onderskeid tussen eerste en tweede persoon aan die een kant, en derde persoon aan die ander kant, is dat derdepersoonvoornaamwoorde nie verwys na gespreksgenote nie, en daarom is dit geneig om van eerste en tweede persoon voornaamwoorde te verskil wat morfosintaktiese gedrag betref (Heine & Song, 2010:119). Byvoorbeeld, gender word in Afrikaanse taalgebruik in die derde persoon enkelvoud onderskei, terwyl dit nie die geval is by eerste en tweede persoon nie.

In hulle ondersoek na die kognitiewe kragte agter die ontwikkeling van persoonlike voornaamwoorde, identifiseer Heine & Song (2010:121) die belangrikste konseptuele bronne vir persoonlike voornaamwoorde:

1. Nominale konsepte
2. Ruimtelike deiksis
3. Identifiseerder
4. Meervoudvorming
5. Verskuiwing in deiksis

Die domeine van naamwoorde wat ontwikkel tot persoonlike voornaamwoorde word soos volg uiteengesit (Heine & Song, 2010:121-2):

1. Eerbetonende uitdrukkings wat gebruik word vir hooggeplaaste persone
2. Terme vir die onderskeid van sosiale status
3. Verwantskapsterme
4. Terme vir professies
5. Generiese naamwoorde vir "mense", of gebaseer op onderskeid tussen geslag en ouderdom

Hulle bevindinge lei Heine en Song (2010:143) tot die gevolgtrekking dat persoonlike voornaamwoorde nie primitiewe van grammatikale evolusie is nie, maar dat dit telkens vanuit ander konseptuele domeine afgelei word. Een van die algemene onderskeide wat by

persoonlike voornaamwoorde gemaak word is dié van enkelvoud en meervoud, met moontlike verdere onderskeide soos enkelvoud, tweevoud en meervoud (Donaldson, 1986:5).

'n Verdere tipe voornaamwoord wat potensieel naverwant is aan persoonlike voornaamwoorde is besitlike voornaamwoorde. In baie tale is persoonlike en besitlike voornaamwoorde se vorm dieselfde, tipies veral by pidgins en kreole (Mühlhäusler & Harré, 1990:209). Dit is ook die geval by sekere Afrikaanse voorwerpsvorme en attributiewe besitsvorme, soos *haar, jou, my, ons* en *hulle*. Besitlike voornaamwoorde stel 'n relasie tussen 'n besitter en iets wat besit word daar (Mühlhäusler & Harré, 1990:225) – anders as persoonlike voornaamwoorde. Hierdie relasie hang af van drie faktore: die aard van die besitter, die aard van dit wat besit word, en die aard van die verhouding tussen die twee (Mühlhäusler & Harré, 1990:225-6).

'n Ander kategorie van voornaamwoorde wat verwant is aan persoonlike voornaamwoorde, word onbepaalde of generiese voornaamwoorde genoem (bv. Engelse *one*). Dit is in baie opsigte soortgelyk aan persoonlike voornaamwoorde, behalwe dat dit nie na 'n spesifieke persoon of groep persone verwys nie (Hoekstra, 2010:43). Generiese voornaamwoorde verwys na menslike referente, maar dui nie 'n spesifieke geslag of gender aan nie, en moontlik ook nie getal nie. In sekere tale is daar polemieë rondom sogenaamde generiese voornaamwoorde, waar die taal nie 'n werklik generiese opsie bevat nie (soos Afrikaans, en volgens sommiges ook Engels), en die gebruik van die manlike vorm as generies voorgehou word. 'n Groot hoeveelheid navorsing (wat hoofsaaklik oor Engels gedoen is, maar ook enigsins vir Afrikaans) het al aangedui dat sprekers oor die algemeen nie manlike voornaamwoorde wat as generies gebruik word, as geslagsneutraal interpreteer nie (Everett, 2011:149; Gastil, 1990:639; Kennison & Trofe, 2003:366; Miller & James, 2009:494; Van Rooy, 1996:38). Om die implikasies hiervan te verken word die gematigde Sapir-Whorf-hipotese dikwels betrek (bv. Miller & James, 2009:483; Van Rooy, 1996:34), en word daar deur verskeie navorsers beweer dat die gebruik van manlike voornaamwoorde as sogenaamd generiese voornaamwoorde seksisties is en/of seksisme bevorder en/of ten minste nie seksisme teëwerk nie (Gastil, 1990:639; Miller & James, 2009:494; Mühlhäusler & Harré, 1990:235-6; Van Rooy, 1996:35). Van Rooy (1996:35) plaas die gebruik van die generiese manlike voornaamwoord binne 'n diskursiewe praktyk wat help slyp aan die gemeenskap se denkraamwerk, wat in hierdie geval manlikheid as die norm vir menslikheid bevorder. Mühlhäusler en Harré (1990:123) wys verder daarop dat dit inskakel by 'n groter sosiolinguistiese kwessie, waar die taalgebruik van vroue as gemerk teenoor die norm van manlike taalgebruik gestel word, en ook die taalgebruik van laer sosio-ekonomiese klasse as gemerk teenoor middelklastaalgebruik.

Buiten persoonlike voornaamwoorde en die reeds genoemde verwante kategorieë, is daar nog tipes voornaamwoorde – betreklike voornaamwoorde (bv. Afrikaanse *wie, wat*; Engelse *who, which*) en die verwante vraende voornaamwoorde, aanwysende voornaamwoorde (bv. Afrikaanse *hierdie, daardie*; Engelse *this, that*), wederkerige voornaamwoorde (bv. Afrikaanse *mekaar*; Engelse *each other, one another*), wederkerende voornaamwoorde (bv. Afrikaanse persoonlike vorme wat wederkerend gebruik word, en moontlik versterk word met *-self*; Engelse *-self*-vorme), en onbepaalde voornaamwoorde (bv. Afrikaanse *iemand, niks, almal*; Engelse *someone, nothing, everybody*) – wat tot 'n mindere of meerdere mate in die literatuur hanteer word. (Die heelwat minder ruimte wat in hierdie afdeling hieraan gewy word is op grond van die heelwat minder ruimte wat in algemeen-teoretiese terme in bronne oor die algemeen hieraan gewy word; sien Mühlhäusler en Harré (1990:13).)

Die basiese inligting van voornaamwoorde kan soos volg opgesom word:

- Voornaamwoorde staan in die plek van naamwoorde en/of naamwoordstukke (Langacker, 2008:312; Mühlhäusler & Harré, 1990:49).
- Daar is verskeie verskillende klasse voornaamwoorde (Mühlhäusler & Harré, 1990:49).
- Voornaamwoorde betrek drie verskillende tipes 'persoon' – eerste persoon, tweede persoon en derde persoon (Mühlhäusler & Harré, 1990:49).
- Beide ruimtelike en sosiale afstand en nabyheid kan dikwels in voornaamwoorde onderskei word (Mühlhäusler & Harré, 1990:64).
- Anaforiese voornaamwoordgebruik is konteks-vry (in terme van buitetalige faktore) (Mühlhäusler & Harré, 1990:200).
- Konteksgebonde voornaamwoorde is dié wat indeksikale relasies aandui, byvoorbeeld mag, status, verwantskap, gender en sosiale klas (Mühlhäusler & Harré, 1990:200).
- Situasië-skeppende voornaamwoorde is dié wat gebruik word om afstand of bande te skep, om te manipuleer, en soortgelyke funksies (Mühlhäusler & Harré, 1990:200).

5.3 AFRIKAANSE VOORNAAMWOORDE

Voornaamwoorde vorm deel van die naamwoordgroep in Afrikaans, en word grammatikaal in verskillende kategorieë en subkategorieë ingedeel (Jenkinson, 1987:51). De Stadler (1989:411) beweer dat die term *voornaamwoord* misleidend kan wees, aangesien die meeste voornaamwoorde nie naamwoorde vervang nie, maar naamwoordstukke. De Stadler (1989:411-2) identifiseer 'n aantal opvallende betekenisaspekte van die Afrikaanse voornaamwoordelike sisteem, waarvan sommige semantiese en ander pragmatiese kenmerke is (dit word direk hier oorgeneem):

1. Verwysing: die voornaamwoordelike sisteem staan in die eerste plek in diens van verwysing; dit is juis uit hierdie kenmerk wat hulle status as anafore by uitnemendheid voortvloei;
2. Persoon of persoonsdeiksis: eerste persoon/spreker, soos in *ek*; tweede persoon/aangesprokene soos in *jy* of *u*; derde persoon/toehoorder, nie-deelnemer, soos in *hy*, *sy*, *hulle* ens.
3. Getal: *ek* vs. *ons*, *jy* vs. *julle*, *hy*, *sy*, ens. vs. *hulle*;
4. Geslag: *hy* vs. *sy* vs. *dit*;
5. Ruimtelike oriëntasie (waaronder plek- en tyddeiksis); in die voornaamwoordelike sisteem is dit veral besitlike voornaamwoorde en aanwysende woorde wat hierdie rol speel; hierdie vorme het as funksie die plasing van verskillende referente in die gespreksituasie, veral relatief tot die posisie van die spreker of hoorder;
6. Kasusonderskeiding: die onderskeiding na vorm tussen die onderwerps- en voorwerpsvorm in sommige voornaamwoorde is hier ter sake, soos in *ek* vs. *my*, *jy* vs. *jou*, *hy* vs. *hom*, ens.
7. Inklusiwiteit: die insluiting al dan nie van die hoorder t.o.v. die verwysing van die eerstepersoonsvorm *ons*;
8. In die geval van *dit* vs. die res ook die kenmerk menslik vs. nie-menslik.

Afrikaans se voornaamwoordsisteem bevat 'n aantal kenmerke wat Mühlhäusler en Harré (1990:262) vir pidgins en kreole aandui:

1. Die inventaris van pidgin-voornaamwoordstelsels blyk heelwat eenvoudiger of meer beperk te wees as ander verwante tale, hoewel die onderskeid tussen drie persone in die enkelvoud asook die eerste persoon gewoonlik behou word – daar word 'n aantal onderskeide getref in Nederlands wat inderdaad nie in Afrikaans teenwoordig is nie, byvoorbeeld die eerste persoon meervoud wat in Nederlands *wij* en *we* as onderwerpsvorme en *ons* as voorwerpsvorm is, maar in Afrikaans slegs *ons* is, of die Nederlandse derde persoon meervoud wat *zij* en *ze* as onderwerpsvorme en *hen* as voorwerpsvorm het, waar Afrikaanse slegs *hulle* het.
2. Genderonderskeid word gewoonlik vereenvoudig – behalwe vir persoonlike voornaamwoorde, het Afrikaans die Nederlandse twee-gender-sisteem verloor, byvoorbeeld Nederlandse aanwysende *dit/dat* en *deze/die* wat vir verskillende grammatikale genders gebruik word, waar Afrikaans *dié*, *hierdie* en *daardie* het met geen genderonderskeid.
3. Die onderskeid tussen persoonlike en besitlike voornaamwoorde is dikwels afwesig – die Nederlandse voorwerpsvorme is byvoorbeeld *jou/je*, *u*, *mij/me*, en die attributiewe besitsvorme *jouw*, *uw*, *mijn*, waar dit in Afrikaans dieselfde is: *jou*, *u*, *my*.

4. Aanwysende, onbepaalde en betreklike voornaamwoorde is vereenvoudig of afwesig – byvoorbeeld die Nederlandse betreklike voornaamwoorde *die, dat* en *wat* het in Afrikaans saamgesmelt tot een kategorie, *wat*.
5. Pidgins verkies vrye voornaamwoorde bo gebonde of enklitiese vorme – Afrikaanse voornaamwoorde is almal vry of ongebonde.
6. Onbeklemtoonde ("unstressed") voornaamwoorde van leksikaal verwante tale gaan tipies verlore – amper al die Nederlandse onbeklemtoonde vorme, soos *me, je, ze, we*, het in Afrikaans weggeval en slegs die beklemtoonde vorme, *my, jy, hy/sy, ons* het behoue gebly.

Die voornaamwoordsisteem van Afrikaans word in tabel 5.1 opgesom (uit Ponelis, 1979:49):

Tabel 5.1: Ponelis se indeling van die voornaamwoordsisteem van Afrikaans

Voornaamwoorde	Nie-bepaald	Onbepaald			iets, iemand, niks, niemand, baie, genoeg, heelwat, party, 'n ding, g'n ding, goed
		Vraend			wie, wat, watter, watse
	Bepaald	Persoonlik	"Egte" pers. vnwe.	Selfstandig	ek - my jy - jou hy - hom sy - haar dit - hier, daar
					ons, julle, u, hulle
			Selfstandige besitlike vnwe.	Attributief	my, ons jou, julle sy, u haar, hulle
					myne, ons s'n joune, julle s'n syne, u s'n hare, hulle s'n
				Wederkerig	mekaar
				Wederkerend	my, jou, hom, haar, ens.
			Aanwysend		hierdie, daardie, dié
			Betreklik		wie, wat

Vervolgens gaan die gebruik van die verskillende tipes Afrikaanse voornaamwoorde diachronies ondersoek word.

5.4 PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE

In hierdie afdeling word die breë kategorie van persoonlike voornaamwoorde ondersoek. Volgens Ponelis (1979:55) verwys persoonlike voornaamwoorde na referente op 'n

besondere manier wat hulle van leksikale naamwoorde onderskei – "die verwysings na referente deur persoonlike voornaamwoorde geskied naamlik **deikties (buitetekstueel)** en **anafories (binnetekstueel)**". Die belangrikste grammatikale kenmerke waarvolgens die Afrikaanse persoonlike voornaamwoordsisteem georganiseer word is persoon, getal en genus/geslag (Ponelis, 1979:56). Daar word drie "persone" in die persoonlike voornaamwoorde onderskei – eerste persoon (*ek, ons*), tweede persoon (*jy, julle, u*) en derde persoon (*hy, sy, hulle, dit*) (Ponelis, 1979:56). Die eerste en tweede persoon verwys deikties terwyl die derde persoon anafories verwys (Jenkinson, 1987:55; Ponelis, 1979:56). Daar word tussen enkelvoud en meervoud onderskei, en in die derde persoon tussen manlik en vroulik. Daar is nog enkele reste van die naamvalsleksie uit die Germaanse herkoms van Afrikaans wat gepaard gaan met onderskeid in sintaktiese verband, soos onderwerp en voorwerp (Ponelis, 1979:60) – terwyl meervoudsvorme en *dit* as derde persoon enkelvoud dieselfde vorm het vir onderwerp en voorwerp, het enkelvoudsvorme wel onderskeie vorme (Raidt, 1991:213). Die onderskeid in gebruikspatrone in terme van onderwerp en voorwerp is telkens getoets; selfs in gevalle waar die onderwerp en voorwerp afsonderlik gerapporteer word op grond van die onderskeid in vorm en funksie (bv. *sy* as vroulike derde persoon, maar ook manlike besitsvorm), is daar telkens nie genoegsame verskille om hierdie onderskeid in aanmerking te bring wanneer daar veranderinge plaasvind nie.

Die verskillende subkategorieë van persoonlike voornaamwoorde wat in hierdie afdeling hanteer word, is soos volg georganiseer: eerste persoon (enkelvoud en meervoud), tweede persoon (enkelvoud en meervoud), derde persoon (enkelvoud en meervoud), generiese voornaamwoorde, en wederkerige en wederkerende voornaamwoorde. By die eerste persoon is daar nie enige omvangryke veranderinge nie, terwyl die formele tweede persoon *u* afneem, en die informele tweede persoon enkelvoud toeneem, veral in generiese gebruike. Die derde persoon wys die invloed van feminisme op taalgebruik, en dat *dit* toenemend vir sielloose verwysing verkies word. Daar is tekens van grammatikalisering in die gebruik van *dis*, sowel as die toenemende weglating van die lidwoord in die gebruik van die generiese voornaamwoord (*'n*) *mens*. Generiese voornaamwoorde wys verder ook invloed van feminisme. Die oorsake van die toenemende gebruik van *-self* in wederkerende voornaamwoorde word verken, en hoewel kovert invloed van Engels daartoe bydra, is daar ook ander, taalinterne faktore betrokke hierby. Die variasiereduksie wat tussen die eerste twee periodes deur standaardisering meegebring is, word ook duidelik op verskeie plekke.

5.4.1 EERSTE PERSOON

In Afrikaanse eerstepersoonvoornaamwoorde word daar tussen enkelvoud en meervoud onderskei. Ponelis (1979:57) wys daarop dat die onderskeid nie eenvoudige getal is nie,

"want *ons* is nie twee of meer *ekke* nie ... *Ons* het veel eerder te doen met '*Ek* + dié met wie ek my identifiseer". Die onderwerpsvorm van die enkelvoud is *ek*, wat van die Nederlands *ik* afkomstig is, en dit word soms in 'n uitgebreide vorm *ekke* in minimale uitings gebruik (Ponelis, 1993b:203). Die voorwerpsvorm van die enkelvoud is *my*, wat dieselfde vorm is as die attributiewe besitsvorm. Die meervoudsvorm *ons* is afkomstig van die Nederlandse voorwerpsvorm vir die meervoud; daar word in Afrikaanse taalgebruik dieselfde vorm vir al die verskillende funksies aangewend, wat volgens Scholtz (1963:70) 'n redelike vroeë ontwikkeling van Afrikaans is wat hoofsaaklik deur die Khoikhoin en slawe se taalgebruik meegebring is.

Die onderwerpsvorm van die eerste persoon is, soos reeds genoem, *ek*. Tydens die eerste periode is beide die ouer Nederlandse en nuwe Afrikaanse vorme *ik* en *ek* gebruik. Tabel 5.2 gee meer besonderhede hieroor.

Tabel 5.2: Gebruiksgetalle van die vorme ik en ek in die eerste periode

	<i>ik</i>	<i>ek</i>	totaal
1911-1920	1 293	715	2 008

Dit is haas onmoontlik om vas te stel hoeveel van die *ik*-vorme so geskryf is omdat dit die outeurs se uitspraak voorstel, en tot hoe 'n mate dit nog gewoon 'n skryfkonvensie was wat nie meer die uitspraak weerspieël het nie. Malherbe (1917:74; 1921:86) sê dat daar in dié tyd nog sprekers was wat dit inderdaad *ik* uitgespreek het, maar hy noem ook dat veral ouer mense bevooroordeel teenoor *ek* op skrif was, omdat hulle *ik* in Nederlandse geskifte so gewoon was. Dit word egter ná die twintigerjare nie weer in normatiewe bronne genoem nie, en het sedertdien volledig uit die geskrewe Standaard verdwyn. Dit kom ook nie in enige van die ander korpusse voor nie. Dit dui op die variasiereduksie wat tydens standaardisering plaasgevind het.

Indien die *ik*- en *ek*-vorme saamgetel word as wisselvorme, lyk die gebruike van die enkelvoud eerste persoon onderwerpsvorm oor die verskillende periodes heen soos volg:

Tabel 5.3: Gebruiksgetalle van die enkelvoud eerste persoon onderwerpsvorm

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>ek</i>	2 008	1 436	1 945	1 932

Behalwe vir die merkbaar minder gebruike in die tweede periode is die gebruike andersins min of meer dieselfde. Die uitgebreide vorme is telkens baie min in die geskrewe data (en derhalwe gewoon by die gewone vorme getel) – in die eerste periode is daar 13, in die tweede en derde periode telkens twee, en geen in die laaste periode nie.

Om 'n duideliker prentjie te kry van die konteks waarin *ek* gebruik is, word daar in tabel 5.4 aangedui watter proporsie van die gebruike telkens in die direkte rede is. Wanneer *ek* in geskrewe taalgebruik in die direkte rede aangewend word, word 'n gespreksituasie voorgestel waar gespreksgenote in dieselfde tyd-ruimtelike konteks met mekaar kommunikeer (voorbeeld 5.1).

[5.1] "Nou maar wag net so 'n bietjie, Pa. Ek gaan haar roep en dan stel ek haar aan Pa voor." (1971-1980, Fiksie)

Wanneer *ek* andersins in geskrewe taalgebruik aangewend word, is dit 'n situasie waar die outeur meestal direk met die leser kommunikeer en na haar- of homself verwys in 'n ander tyd en plek [5.2], wat ook dui op laer vlakke van formaliteit en hoër vlakke van gemeenskaptheid.

[5.2] Ek wil graag hê, julle moet mij help, en sodoende mekaar help, om die beste gebruik te maak van die bladsije aan ons afgestaan. (1911-1920, Informatief)

In fiksie kan dit moontlik ook karakters wees wie se gedagtes en self-spraak gerapporteer word [5.3].

[5.3] "Ja, ek sal nog," antwoord Johannes en hy dink dadelik: Miskien kan ek haar bietjie uitvra oor antie Mary en haar twee jongetjieskinders en so. (2001-2010, Fiksie)

Die gebruike kan potensieel ook redelik verskil tussen tekstipes onderling, en daarom word die gebruike volgens tekstipe voorgestel in tabel 5.4.

Tabel 5.4: Gebruik van ek volgens tekstipes (gebruike per 10 000 woorde)

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>ek</i>	Direkte rede	<i>ek</i>	Direkte rede	<i>ek</i>	Direkte rede	<i>ek</i>	Direkte rede
Geestesw.	43	6,4%	13	87,8%	1	0%	9	25,9%
Natuurw.	0		5	0%	2	0%	1	0%
Fiksie	99	54,1%	87	100%	170	54%	127	46,5%
Biografies	88	35,4%	68	8%	111	28,7%	68	15,8%
Informatief	47	12,3%	36	22,7%	24	42,8%	45	57,2%
Religieus	15	11,8%	31	45,3%	9	57,9%	63	75,6%
Verslaggew.	33	2,7%	6	25%	14	50%	59	72,4%
Manuskrip	257	0,3%	200	0,9%	239	0,2%	229	0%
TOTAAL		23,9%		45,6%		36,1%		37,2%

Die verandering by geesteswetenskappe vanaf die eerste periode na die res is redelik radikaal, waar dit tydens die eerste periode oorwegend gebruik word om na die outeur te

verwys, en in baie groter getalle as enige van die ander periodes. Dit is interessant dat die laaste periode die grootste aantal gebruike met outeursverwysing bevat van die latere drie periodes – 'n aanduiding dat die skryfstyl van die geesteswetenskappe moontlik besig is om effens minder formeel (en per implikasie minder eerstepersoonsvermydend) te wees. Natuurwetenskappe het deurgaans min gebruike, wat óf op 'n meer formele styl wys as geesteswetenskappe, óf op 'n kleiner aantal enkel-outeurs; die gebruik van *ons* is egter deurgaans laer in natuurwetenskaplike tekste as in geesteswetenskaplike tekste, wat eerder wys op 'n stilistiese keuse. Die informatiewe tekste, religieuse tekste en verslaggewing toon 'n opvallende deurlopende toename in gebruike in die direkte rede, wat dui op 'n meer algemene stilistiese tendens vir outeurs om nie na hulleself in die eerste persoon te verwys nie. Fiksie bly deurgaans die kategorie met die hoogste aantal gebruike, wat uit die aard van die tekstipe nie verbasend is nie. Die proporsie gebruike in die direkte rede toon 'n interessante patroon – in die eerste periode maak gebruike in die direkte rede 54% uit, in die tweede periode 100%, in die derde periode weer 54% en in die laaste periode 46%. Dit lyk moontlik dat in die tydperk rondom die 1940's outeurs van fiksie selde *ek* vir karakters of vertellers (of die outeur se eie) interne refleksie aanwend, en eerder gebeurde en karakters 'van buite' beskryf – die prosa van die betrokke dekade word gekenmerk deur onder andere realisme en spesifiek "klein-realisme", reis- en dierverhale, en romans wat liefdes- en huweliks-, familie- en geslagsverhoudinge behandel (Antonissen, 1982:109-12). Die ander belangrikste tekstipe wat tot die totale gebruiksgetalle van *ek* bydra is manuskripte, waar outeurs van briewe en dagboeke gereeld na hulleself verwys – dit beteken dat die direkte rede selde in hierdie tekstipe aangewend word. Daar is egter geen veranderinge in hierdie verband te bespeur nie. Die ander tekstipes toon soveel wisseling tussen periodes dat dit moeilik is om enige tendense op te tel. Die totale getalle van *ek*-gebruik wys nie op enige veranderinge nie – die kleiner aantal gebruike in die tweede periode kan moontlik toegeskryf word aan die onlangse vestiging van die Standaardafrikaanse skryftaal en die sosio-politieke klimaat waarin die voorstanders van Afrikaans die taal wou vestig, handhaaf en verdedig teen wat beskou is as die bedreigende hoë status en hoë funksies van Engels. Die deurlopende toename van proporsie in die direkte rede is statisties beduidend³⁵, wat 'n aanduiding is van die kontekste waarin *ek* toenemend gebruik word, ten koste van outeursverwysende gebruike van *ek*.

Die vorm *my* vervul drie verskillende funksies – dit is die voorwerpsvorm van die eerste persoon enkelvoud (voorbeeld 5.4) wat ook (soos die ander voornaamwoorde wat 'n voorwerpsvorm het) in voorsetselstukke gebruik word,

[5.4] Sy het my uitgevra na jou welstand. (1941-1950, Manuskrip)

³⁵ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 62.64

dit is die attributiewe besitsvorm [5.5],

[5.5] Hulle sal al my geld vat. (2001-2010, Biografies)

sowel as die wederkerende eerstepersoonsvorm [5.6].

[5.6] Dog ik moet mij haas. (1911-1920, Verslaggewing)

Tydens die eerste periode staan sake egter anders – behalwe vir die twee wisselvorme in spelling *mij* en *my* en die gereduseerde vorm *me*, is die vorme *mijn*, *myn* en *m'n* vir besitsvorme gebruik. Die gebruiksgetalte word in tabel 5.5 weergegee.

Tabel 5.5: Gebruiksgetalte van die verskillende vorme van my in 1911-1920

	<i>my</i>	<i>mij</i>	<i>me</i>	<i>myn</i>	<i>mijn</i>	<i>m'n</i>	TOTAAL
1ste persoon	119	392	2	0	0	0	513
besit	34	265	0	75	153	14	541
wederkerend	5	47	0	0	0	0	52
TOTAAL	158	704	2	75	153	14	1 106

Die Nederlandse gereduseerde voorwerpsvorm blyk reeds byna heeltemal buite gebruik te wees, en terwyl die Nederlandse besitsvorme nog heel gebruiklik was, is dit in totaal minder as die besitsvorme wat met *my* en *mij* aangedui word. Dit, tesame met die totale afwesigheid van die Nederlandse besitsvorme in die latere data, wys daarop dat hierdie vorme se gebruik waarskynlik reeds aan die afneem was. Die verlies van die laaste wisselvorme is tipies van die variasiereduksie tydens vroeë standaardisering. Vir 'n sinvolle vergelyking word al hierdie vorme saamgetel in tabel 5.6 wat die drie verskillende gebruike oor die vier periodes heen aandui.

Tabel 5.6: Gebruiksgetalte van die verskillende gebruike van die vorm my

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
1ste persoon	513	46,4%	338	44,4%	367	43,9%	451	39,8%
besit	541	48,9%	398	52,3%	453	54,2%	670	59,1%
wederkerend	52	4,7%	25	3,3%	16	1,9%	12	1,1%
TOTAAL	1 106		761		836		1 133	

Beide die besitsvorme en wederkerende gebruike sal later meer volledig hanteer word. Terwyl die proporsie voorwerpsgebruike effens afneem, is dit nie die geval met die gebruiksgetalte nie. Dit neem beduidend af van die eerste na die tweede periode³⁶, waarna dit weer beduidend toeneem³⁷.

³⁶ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 63.22

³⁷ Log-waarskynlikheid van tweede na derde periode: 3.95 (enigsins beduidend, maar nie met 'n hoë mate van sekerheid nie); van derde na vierde periode: 43.98

In die totale gebruike van die eerste persoon enkelvoud is daar geen tendens van verandering te bespeur nie. Dit blyk dat skrywers tydens die eerste periode besonder gemaklik was om na hulleself te verwys, in die tweede periode redelik sku was daarvoor in vergelyking, en daarna meer gemaklik daarmee is, hoewel nie heeltemal soveel soos tydens die eerste periode nie. Die proporsie onderwerpsgebruike teenoor voorwerpsgebruike bly deurgaans min of meer stabiel, waar die onderwerpsgebruike 80% of meer van die totale gebruike uitmaak.

Soos reeds vroeër genoem is die onderwerpsvorm en voorwerpsvorm van die eerste persoon meervoud dieselfde (voorbeelde 5.7 en 5.8),

[5.7] Ons ry deur die gewelfde poort. (1971-1980, Fiksie)

[5.8] Dit het ons altyd nuwe moed gegee en 'n nuwe gees geskep. (1941-1950, Manuskrip)

en dieselfde vorm word ook as besitsvorm [5.9],

[5.9] Hy het paaielemente op ons huisverband begin oorslaan. (2001-2010, Informatief)

en as wederkerende voornaamwoord [5.10] gebruik.

[5.10] Hoe neem ons ons voor om te werk te gaan in ons verlanse om die arme blanke te hulp te kom? (1911-1920, Geesteswetenskappe)

Daar is die potensiele gebruik van die attributiewe vorm *onse* as besitsvorm, wat volgens Ponelis (1979:62) in bevrore styl, soos kanseltaal, nog gebruik kan word. Tydens die eerste periode word *onse* saam met *onze* nog redelik algemeen aangewend, maar sedertdien slegs marginaal in geskrewe taalgebruik – 21 keer in die tweede periode, inderdaad vernaam in religieuse geskrifte, en slegs drie keer in die derde en vyf keer in die laaste periode (nié in religieuse geskrifte nie, maar as aanduiding van informaliteit in fiksie of biografiese werke). Die eerste periode is egter heel klompleks, aangesien die Nederlandse onderwerpsvorm *wy* of *wij*, met die gereduseerde vorm *we*, nog tot 'n mate gebruik is. Tabel 5.7 dui die verskillende gebruik van die verskillende vorme in die eerste periode aan.

Tabel 5.7: Gebruiksgetalle van die verskillende vorme van die eerste persoon meervoud in 1911-1920

	wy	wij	we	ons	onse	onze	TOTAAL
onderwerp	34	22	20	1 884	0	0	1 960
voorwerp	0	0	0	490	0	0	490
besit	0	0	0	761	237	27	1 025
wederkerend	0	0	0	22	0	0	22
TOTAAL	34	22	20	3 157	237	27	3 497

Hoewel die ouer Nederlandse onderwerpsvorme nog enigsins in gebruik was, is dit marginaal in vergelyking met die oorweldigende voorkeur vir *ons*; ook die Nederlandse *onze* en die meer verafrikaanse *onse* se gebruike as besitsvorm is nie soveel soos dié van *ons* nie. Soos by heelwat ander verskynsels is hier weer 'n duidelike aanduiding van die omvang van variasie wat tydens standaardisering uit geskrewe taalgebruik geweer is. Hierdie vorme word alles saamgetel wanneer die data met die ander periodes vergelyk word. 'n Oorsigtelike vergelyking word in tabel 5.8 gegee:

Tabel 5.8: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van ons en verwante vorme

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
1ste persoon	2 450	70%	1 290	68,8%	933	76%	1 357	71,1%
besit	1 025	29,3%	574	30,6%	286	23,3%	543	28,4%
wederkerend	22	0,7%	11	0,6%	8	0,7%	9	0,5%
TOTAAL	3 497		1 875		1 227		1 909	

Die besitsvorm en wederkerende gebruike gaan weereens later meer volledig hanteer word. Selfs indien hierdie gebruike buite rekening gelaat word, is daar 'n drastiese vermindering vanaf die eerste na die tweede periode³⁸, 'n verdere vermindering (steeds beduidend, hoewel minder drasties) na die derde periode, wat daarna weer optel vir die laaste periode om min of meer dieselfde te lyk as die tweede³⁹. Voordat dit egter verder bespreek word, moet 'n verdere onderskeid in gebruik hanteer word – *ons* kan inklusief [5.11],

[5.11] Kom aan, laat ons opmaak en bou, in die Naam van die Here, en Hy sal ons dit doen geluk. (1911-1920, Religieus)

sowel as eksklusief [5.12] gebruik word,

[5.12] En sy wurg 'n onhandige leuentjie uit: "Ons trek een van die dae na 'n ander huis." (1971-1980, Fiksie)

waar die aangesprokene (of in geskrewe taalgebruik die leser) ingereken word by inklusiewe gebruike, maar nie by eksklusiewe gebruike nie. In tabel 5.9 word die gebruike van *ons* ingedeel volgens inklusiwiteit en eksklusiwiteit.

Tabel 5.9: Gebruiksgetalle van die inklusiewe en eksklusiewe gebruike van ons

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
inklusief	1 438	60,6%	888	68,8%	456	48,9%	629	46,4%
eksklusief	936	39,4%	402	31,2%	477	51,1%	728	53,6%
TOTAAL	2 374		1 290		933		1 357	

³⁸ Log-waarskynlikheid van periode een tot twee, slegs onderwerp- en voorwerpgebruike: 362.77

³⁹ Log-waarskynlikheid van periode twee tot drie, slegs onderwerp- en voorwerpgebruike: 55.63; van periode drie tot vier: 77.54

Tydens die eerste en tweede periode word *ons* meer inklusief gebruik as eksklusief, waarna dit toenemend eksklusief gebruik word. Een moontlikheid waarvan die beduidend toenemende eksklusiwiteit van *ons*⁴⁰ 'n aanduiding kan wees, is 'n afname in die gebruik van die "royal we". Daar is egter nie 'n toename in die gebruike van *ek* of van passiefkonstruksies om hiervoor te kompenseer nie, maar generiese voornaamwoorde neem toe na die einde van die eeu (sien afdeling 5.4.4, p. 189 en verder vir verdere besonderhede), wat moontlik 'n deel van hierdie funksionele lading oorgeneem het.

'n Laaste kwessie rakende die gebruik van *ons* is in kollokasie met 'n naamwoord, telwoord of ander voornaamwoord wat as 'n nabepaling dien om 'n spesifieke groep te identifiseer, byvoorbeeld "ons twee", "ons onderwysers", of "ons almal". Verskeie normatiewe bronne beveel hierdie konstruksie aan bo die tipe konstruksie *twee/almal van ons*, wat as 'n Anglisisme beskou word (Combrink & Spies, 1986:115, 166; Hiemstra, 1980:88; Prinsloo & Odendal, 1995:209; Van der Merwe, 1958:220, 1967:292; Van der Merwe & Ponelis, 1982:203, 1991:238). Om te bepaal tot hoe 'n mate *ons* in sulke kollokasies gebruik word, en of daar enige veranderinge in dié opsig is, word die gebruike in tabel 5.10 aangedui.

Tabel 5.10: Gebruiksgetalle van ons met nabepalings

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
met nabepaling	36	18	23	31
sonder nabepaling	2 338	1 272	910	1 326
TOTAAL	2 374	1 290	933	1 357

Dit blyk dat 'n baie klein proporsie gebruike in hierdie tipe kollokasies plaasvind, maar dat dit deurgaans teenwoordig is. Die gebruiksgetalle is egter te laag om enige uitsprake oor veranderinge te maak.

Wat die eerste persoon enkelvoud betref is daar nie besondere veranderinge te bespeur nie. Die totale gebruiksfrekwensie wissel sonder tekens van volgehoue verandering, hoewel dit lyk of *ek* toenemend in die direkte rede gebruik word eerder as wat outeurs dit gebruik om direk na hulleself te verwys. Die totale gebruiksfrekwensie van die meervoud is ook te wisselvallig om volgehoue verandering te kan uitwys, maar die proporsie inklusiewe gebruik daarvan verander tog. In die eerste helfte van die eeu word *ons* meer inklusief as eksklusief gebruik, terwyl dit in die tweede helfte van die eeu net meer as die helfte van die tyd eksklusief gebruik word. Hierdie verandering word in verband gebring met die toename in generiese voornaamwoorde, wat later in meer besonderhede behandel word (sien afdeling 5.4.4, p. 189 en verder).

⁴⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, inklusiewe gebruike: 52.82

5.4.2 TWEEDE PERSOON

Vervolgens word daar aanbeweeg na die tweede persoon. Die tweedepersoonenkelvoud-voornaamwoord van (Standaard-) Nederlands, wat Afrikaans geërf het, naamlik *jij*, is histories 'n variant van 'n meervoudsvorm wat as 'n eerbetonende voornaamwoord gebruik is (*ghy* of *gij*), en dit het die voormalige enkelvoudsvorm *du* vervang (De Vogelaer & Coussé, 2011:4; Donaldson, 1986:4); 'n soortgelyke proses het ook in Engels plaasgevind (De Vogelaer & Coussé, 2011:4). Anders is in (Standaard-) Engels het daar in Nederlands 'n nuwe meervoudsvorm ontwikkel, naamlik *jullie* (De Vogelaer & Coussé, 2011:7). Die vermoede is dat die eerste element 'n variant van *jij* is, en die *-lie* gevorm is uit die naamwoord *liede(n)* of *lui* wat bygevoeg is om meervoud aan te dui (De Vogelaer & Coussé, 2011:7). Die Nederlandse vorm *gij* het volgens Ponelis (1993b:207) geen werklike invloed op die ontwikkeling van die Afrikaanse voornaamwoordsisteem gehad nie. Die voorwerpsvorm van die eerbetonende *gij*, naamlik *u*, het die onderwerpsfunksie oorgeneem, en kan ook vir enkelvoud gebruik word (Donaldson, 1986:6)

De Vogelaer en Coussé (2011:7) wys daarop dat *jullie*, anders as ander Nederlandse voornaamwoorde, nie 'n gereduseerde vorm het nie. Soos met die eerste persoon, het die gereduseerde vorm van dié tweede persoon voornaamwoorde wat dit wel bevat het, tydens die ontwikkeling van Afrikaans verlore geraak (Donaldson, 1986:9).

Die Afrikaanse tweede persoon enkelvoud het 'n vormonderskeid vir verskillende sinsposisies – *jy* vir die onderwerp en *jou* vir die voorwerp. Die onderwerpsvorm *jy* word as 'n tweede persoon enkelvoud gebruik om iemand in 'n gedeelde gespreksituasie aan te spreek (voorbeeld 5.13),

[5.13] "Dis Saterdag," herinner sy hom, "sal jy ooit al die skepsels in die hande kry?" (1971-1980, Fiksie)

dit word in geskrewe taalgebruik aangewend om die (spesifieke) leser van die teks aan te spreek [5.14],

[5.14] Jy kan jou swemklere saambring, as jy tussen die kurpers en die paddaslyk wil gaan afkoel! (2001-2010, Manuskrip)

maar dit word ook as 'n generiese voornaamwoord gebruik, om die lede van 'n algemene gehoor aan te spreek [5.15].

[5.15] 'n Mens voel jou die grootste dwaas als jij uit die Kollege kom. (1911-1920, Informatief)

Die verdeling tussen gebruike van *jy* as tweede persoon enkelvoud en as generiese voornaamwoord word in tabel 5.11 aangedui. Die gereduseerde vorm *je* is slegs een keer


gebruik in die eerste periode (as generiese voornaamwoord), en word gewoon saam met *jy* en *jij* vir die periode gereken.

Tabel 5.11: Gebruiksgetalles van die verskillende gebruike van jy

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
2de persoon	253	49,1%	426	76,5%	500	78%	493	44,2%
generies	262	50,9%	131	23,5%	141	22%	622	55,8%
TOTAAL	515		557		641		1 115	

Daar is 'n deurlopende beduidende toename in die totale gebruiksgetalles van die vorm *jy*, wat redelik radikaal is tussen die laaste twee periodes⁴¹. Die tweedepersoonsgebruike bly egter redelik stabiel van die tweede tot die laaste periode, en die implikasies vir die generiese gebruike sal later in die hoofstuk hanteer word. Tussen die eerste en tweede periode is daar 'n besonder beduidende toename van tweedepersoonsgebruike, hoewel die vermeerdering na die derde periode ook beduidend is, maar met 'n lae graad van beduidendheid, en daar geen beduidende verskil tussen die laaste twee periodes is nie⁴².

In terme van formaliteit het *jy* tussen die eerste twee periodes veral verhoog in informele kontekste, tussen die tweede en derde periode stabiel gebly, en tussen die laaste twee periodes het gebruik in al drie kategorieë van formaliteit verhoog (sien figuur 5.1). Die moontlike implikasies daarvan is: óf *jy* word minder informeel, óf die neutrale kategorie word meer informeel, óf 'n bietjie van albei.




Figuur 5.1: Frekwensie van jy per 10 000 woorde in terme van formaliteit

⁴¹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 300.34; van periode drie tot vier: 127.96

⁴² Log-waarskynlikheid van die eerste na die tweede periode, slegs tweedepersoonsgebruike: 45.02; tweede na derde periode: 6.34; derde na vierde periode: 0.08 (onbeduidend)

Om die gebruik van *jy* in verskillende kontekste na te gaan, word daar onderskei tussen gepubliseerde tekste, wat per implikasie vir 'n algemene gehoor geskryf is, en manuskripttekste, wat meestal aan 'n spesifieke persoon gerig is. Figuur 5.2 wys dat *jy* in die eerste periode nog meer in gepubliseerde tekste gebruik is as in briewe, waarna die gebruik in manuskriptbronne telkens hoër is as in gepubliseerde bronne. Die merkbare toename in gepubliseerde bronne tussen die laaste twee periodes stem ooreen met die toename in generiese gebruik, wat sin maak aangesien die tipe tekste nie gewoonlik aan 'n spesifieke leser gerig is nie.



Figuur 5.2: Frekwensie van jy per 10 000 woorde in gepubliseerde en ongepubliseerde tekste

Die vorm *jou* word aangewend as die tweede persoon se voorwerpsvorm (voorbeeld 5.16),

[5.16] Dit laat ek aan jou oor. (1941-1950, Fiksie)

en dit word gebruik as voorwerpsvorm van die generiese voornaamwoord [5.17] op dieselfde wyse as *jy*;

[5.17] Wees daarom dankbaar vir hekke. God gebruik dit om jou terug te wen. (2001-2010, Religieus)

dit word ook gebruik as wederkerende vorm [5.18],

[5.18] Jy moet jou nie te veel oor jou klere ongerus maak nie - als die ergste kom kan ons altyd een paar extra blouses koop. (1911-1920, Manuskrip)

en as attributiewe besitsvorm [5.19].

[5.19] Het jy jou eetgoed gekry? (1971-1980, Manuskrip)

Tydens die eerste periode is die spelling *jouw* nog in gebruik, maar dit word alleenlik vir die besitsfunksies aangewend soos in Nederlands, en word gewoon as wisselvorm by *jou* gereken. Al die verskillende gebruike se gebruiksgetalle word in tabel 5.12 gegee.

Tabel 5.12: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van jou

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
2de persoon	95	31%	183	47,3%	180	43,8%	206	23%
generies	36	11,8%	18	4,7%	18	4,4%	136	15,2%
besit	157	51,3%	171	44,2%	204	49,6%	541	60,4%
wederkerend	18	5,9%	15	3,8%	9	2,2%	12	1,4%
TOTAAL	306		387		411		895	

Daar is by die vorm *jou* 'n selfs meer beduidende deurlopende toename in gebruiksgetalle⁴³ as by *jy*. Die grootste toename in getalle en proporsie is egter te vind by die besitsvorme, wat die besitsvorme van tweedepersoonsgebruike sowel as generiese gebruike insluit (daar sal in die volgende hoofstuk in meer besonderhede hieraan aandag gegee word). Wat die tweedepersoonsgebruike betref is daar ook 'n beduidende toename, wat 'n sprong maak tussen die eerste en tweede periode, en dan redelik stabiel bly⁴⁴. 'n Verklaring vir die toename van *jy* en *jou* word eers gepoog aan die einde van die afdeling.

Die meervoudsvorm van die tweede persoon, *julle*, word gebruik as beide die onderwerpsvorm (voorbeeld 5.20),

[5.20] "Nou moet julle eers kom eet, Vader." (1941-1950, Fiksie)

en voorwerpsvorm [5.21],

[5.21] Ek vertrou dat bogemelde inligting vir julle van waarde sal wees. (2001-2010, Manuskrip)

en dit word ook gebruik as attributiewe besitsvorm [5.22],

[5.22] Met plesier stem ek in om mij naam op julle lijs te laat plaas. (1911-1920, Verslaggewing)

en wederkerende vorm [5.23]

[5.23] Gedra julle altyd so dat julle nooit ander mense se blompotte breek nie. (1971-1980, Biografies)

Die verkorte vorm *jul* word ook gebruik [5.24].

⁴³ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 386.0

⁴⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 48.44; van periode een tot twee: 28.57; van periode twee tot drie: 0.01 (onbeduidend); van periode drie tot vier: 1.67 (onbeduidend)

[5.24] Bitter min, maar ek hou van jul berge. (2001-2010, Fiksie)

Soos met die eerste persoon is die verhouding tussen *jy/jou* en *julle* weereens nie 'n blote getalsverhouding nie – "*Julle* is nie *jy* + *jy* + *jy* ... nie, maar die aangesprokene en wie met hom geïdentifiseer word, of die aangesprokenes as groep" (Ponelis, 1979:57). In die vroegste kategorie van die normatiewe literatuur word die verkorte vorm *jul* (asook *hul*) in vyf bronne hanteer; drie bronne dui dit gewoon as wisselvorme aan (Bouman & Pienaar, 1924:72; Le Roux, 1946:209; Malherbe, 1917:80), en twee bronne dui dit as wisselvorme vir die attributiewe besitsgebruik aan (Booyesen & Jansen, 1922:86; Botha & Burger, 1927:66). In die middelste kategorie dui twee bronne dit as wisselvorme aan, en albei noem dat die verkorte vorme nie slegs attributief gebruik hoef te word nie (Le Roux, 1968:144; Van der Merwe, 1958:101). In die laaste kategorie dui een bron aan dat die verkorte vorme attributief gebruik behoort te word (De Wet, 1985:78), terwyl ses bronne sê dat die onderskeid nie nodig is nie (Botha & Van Aardt, 1987:177; Combrink & Spies, 1986:68; Du Plessis, 1979:82; Engelbrecht, 1975:31-2; Prinsloo & Odendal, 1995:80; Van der Merwe & Ponelis, 1991:109). Uit die gegewe bronne lyk dit asof daar 'n tradisie ontstaan het waar die onderskeid deur party mense of instansies op een of ander vlak volgehou word, ten spyte daarvan dat die meeste outeurs dit onnodig ag. In tabel 5.13 word die verskillende gebruike van die onderskeie meervoudsvorme *julle* en *jul* aangedui.

Tabel 5.13: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van onderskeidelik *julle* en *jul*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>JULLE</i>	<i>JUL</i>	<i>JULLE</i>	<i>JUL</i>	<i>JULLE</i>	<i>JUL</i>	<i>JULLE</i>	<i>JUL</i>
2de persoon	78	14	34	0	90	2	155	0
besit	18	1	8	2	12	1	32	10
wederkerend	0	2	3	0	1	0	7	0
<i>Subtotaal</i>	96	17	45	2	103	3	194	10
TOTAAL	113		47		106		204	

Die vorm *jul* word deurlopend besonder min gebruik, en terwyl dit in die tweede en laaste periodes slegs as besitsvorm aangewend word, word dit veral in die eerste periode meestal as die tweede persoon gebruik. Dit blyk dus dat *jul* aan die begin van die twintigste eeu nog redelik vry aangewend is, terwyl dit deur die loop van die eeu al hoe meer eksklusief as besitsvorm gebruik is, ten spyte van die normatiewe bronne se aanduiding dat die onderskeid opsioneel is. Die gebruiksgetalle van *jul* is egter so laag, dat dit gewoon by *julle* getel kan word, en die saamgevoegde data word in tabel 5.14 voorgestel.

Tabel 5.14: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van julle/jul

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
2de persoon	92	81,4%	34	72,3%	92	86,8%	155	76%
besit	19	16,8%	10	21,3%	13	12,3%	42	20,6%
wederkerend	2	1,8%	3	6,4%	1	0,9%	7	3,4%
TOTAAL	113		47		106		204	

Behalwe vir die laaste periode maak die tweedepersoonsgebruike telkens die grootste kategorie uit, met besitsvorme tweede. Die wederkerende gebruike is deurlopend baie min. Die algehele gebruiksgetalle van *julle* en *jul* selfs saamgetel is redelik laag teenoor die enkelvoudsvorme. Die tweedepersoonsgebruike toon 'n wisselvallige patroon – dit daal tussen die eerste en tweede periode, waarna die derde periode dieselfde is as die eerste, en dit verder vermeerder na die laaste periode; die veranderinge is beduidend⁴⁵.

Die laaste tweedepersoonvoornaamwoord is die beleefde of eerbetonende vorm *u*. Die vorm *u* word as sintaktiese onderwerp (voorbeeld 5.25),

[5.25] Stuur my asseblief 'n telegram as u nie daarmee genoeg neem nie. (1941-1950, Manuskrip)

en as voorwerp [5.26] gebruik,

[5.26] Ek vertrou dat hierdie inligting u sal aanmoedig om 'n besoek aan ons te bring wat moontlik tot vestiging kan lei. (2001-2010, Manuskrip)

en vir enkelvoud [5.27],

[5.27] "Wanneer wil u met die werk begin, meneer Du Preez?" (1971-1980, Fiksie)

en meervoud [5.28] (Donaldson, 1986:7).

[5.28] "Die uurwerk wat u sien, dames en here," vervolg hij op salwende toon... (1911-1920, Fiksie)

Dit word ook op soortgelyke wyse as *jy* en *jou* as generiese vorm gebruik [5.29].

[5.29] As u in die koerante lees hoedat die wetteloosheid alreeds sy opmars in ons vaderland loods . . . (1971-1980, Religieus)

Die vorm *u* kan verder gebruik word as wederkerende voornaamwoord [5.30],

[5.30] Roep u voor die gees 'n skipbreukeling wat rondswaak op 'n wrakhout. (1941-1950, Religieus)

en as attributiewe besitsvorm [5.31].

⁴⁵ Log-waarskynlikheid van periode een tot twee: 27.88 (vermindering); van periode twee tot drie: 23.68 (vermeerdering); van periode drie tot vier: 31.19 (vermeerdering)

[5.31] Ons vertrou dat u die aangehegte inligting waardevol sal vind met u finansiële beplanning. (2001-2010, Manuskrip)

Die verouderde attributiewe vorm *uwe* word ook steeds gebruik, hoewel meer onlangs slegs in die slot van briewe in die formulaïese uitdrukking *die uwe* (Ponelis, 1979:62). Volgens Ponelis (1979:67) word die keuse tussen *jy*, *u* en ook *julle* veral bepaal deur die formaliteit van die gespreksituasie. Donaldson (1986:4-5) merk op dat *u* heelwat minder gebruik word in Afrikaans as in Nederlands, Scholtz (1980:67) identifiseer iets "oneie aan Afrikaans" aan *u*, wat hy beskryf as 'n kultuurontlening uit Nederlands, en Ponelis (1993b:207) dui aan dat die gebruik van *u* besonder beperk in kontemporêre taalgebruik is, en amper uitsluitlik in formele geskrewe taalgebruik en baie formele gesproke taalgebruik gevind word. 'n Mate van die sosiale deiksis is dus van Nederlands oorgeneem, maar aangepas in Afrikaans om formaliteit en afstand baie duideliker te merk in *u* (Booyesen & Jansen, 1922:84; Botha & Burger, 1926:67, 1927:64; Bouman & Pienaar, 1924:73). Om respek in Afrikaans aan te dui, sonder die besondere formaliteit van *u*, word 'n aantal aanspreekvorme deur sprekers aangewend, onder andere "oom" vir ouer mans en "tannie" vir ouer vrouens, ongeag van familieverwantskap. Wanneer *u* as te formeel gevoel word, maar *jy/jou* as te familiêr gereken sal word, kan sprekers van Afrikaans ook gebruik maak van antesedentherhaling (Botha & Burger, 1926:67, 1927:64; Bouman & Pienaar, 1924:73; Du Toit, 1902:18; Van der Merwe, 1951:46), byvoorbeeld "*Ma, hier is Ma se hoed*" of "*Meneer, ek het meneer se hoed gesien*" (Booyesen & Jansen, 1922:84). Tydens die eerste periode is daar steeds heelwat meer vorme nog tot 'n mindere of meerdere mate aangewend. Die vorm *u* word by verre die meeste gebruik, maar *uw* en *uwe* word nog produktief as attributiewe besitsvorme gebruik, met enkele gevalle van *uwen* en *uwer*, en die vorme *uhede*, *gij* en *gy* word ook enkele kere gebruik. Die verskillende vorme en hulle gebruike in die eerste periode word in tabel 5.15 uiteengesit.

Tabel 5.15: Gebruiksgetalle van die verskillende beleefde vorme en hulle funksies in 1911-1920

	<i>u</i>	<i>uw</i>	<i>uwe</i>	<i>uwen</i>	<i>uwer</i>	<i>uhede</i>	<i>gij</i>	<i>gy</i>	TOTAAL
enkelvoud	181	1	0	0	0	0	3	14	199
meervoud	82	0	0	0	0	1	0	1	84
generies	16	0	0	0	0	0	0	0	16
besit	10	104	16	3	2	0	0	0	135
wederk.	2	0	0	0	0	0	0	0	2
formule	17	24	11	0	0	0	0	0	52
TOTAAL	308	129	27	3	2	1	3	15	488

Dit is uit die tabel duidelik dat *u* in hierdie periode reeds die voorkeurvorm vir alle funksies behalwe attributiewe besit is. Die Nederlandse spelling *uw* is steeds by verre die algemeenste besitsvorm, maar dit is haas onmoontlik om vas te stel of die onderskeid nog in die uitspraak teenwoordig was. Omdat al hierdie vorme behalwe *uwe* in die formule *die uwe* egter heeltemal buite gebruik geraak het tussen die eerste en tweede periodes, na aanleiding van die variasiereduksie van standaardisering, word al die vorme saamgevoeg in die vergelyking met die ander periodes. Hierdie vergelyking word in tabel 5.16 gegee.

Tabel 5.16: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van u en verwante vorme

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
enkelvoud	199	40,8%	180	41,4%	119	38,6%	112	47,5%
meervoud	84	17,2%	14	3,2%	8	2,6%	11	4,7%
generies	16	3,3%	106	24,4%	73	23,7%	1	0,4%
besit	135	27,6%	114	26,2%	79	25,7%	90	38,1%
wederkerend	2	0,4%	2	0,4%	1	0,3%	1	0,4%
formule (+uwe)	52	10,7%	19	4,4%	28	9,1%	21	8,9%
TOTAAL	488		435		308		236	

Uit die bostaande tabel lyk dit of die totale gebruiksgetalle van *u* sterk afneem, en dat die kategorieë waarvoor dit aangewend word nie almal besonder stabiel is nie. Daar is deurgaans 'n merkbare hoeveelheid formulegebruike, waarvan 'n groot proporsie *die uwe* is, maar ook in veral die eerste periode 'n aantal ander uitdrukkings soos *dank u* en *als u blyft*. Met dié dat die gebruik van *u* vermoedelik redelik domeinspesifiek is, word daar vervolgens ondersoek ingestel na die verskillende tekstipes waarin *u* gebruik word (tabel 5.17), ten einde 'n meer volledige prentjie te kan sien.

Tabel 5.17: Frekwensie van u en verwante vorme per 10 000 woorde in die tekstipes

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Geesteswetenskappe	11	2	0,5	0
Natuurwetenskappe	2	23	1	0,5
Fiksie	2	3	4	9
Biografies	5	0,5	6	2
Informatief	3	12	12	2
Religieus	5	6	8	3
Verslaggewing	16	14	8	0
Manuskripte	174	105	74	76

Voordat hierdie data geïnterpreteer word, is daar enkele belangrike opmerkings nodig. Die lae konsentrasie van gebruike in natuurwetenskappe in die eerste periode, in vergelyking met geesteswetenskappe, is moontlik 'n gevolg van die feit dat langer gedeeltes van slegs

twee tekste gebruik is, wat aanleiding kan gee daartoe dat die twee outeurs se persoonlike keuses 'n groter impak het as in die ander tekstipes. Die besonder drastiese toename van dieselfde kategorie in die tweede periode is te danke aan veral een bron oor wetenskaplike metode wat telkens die leser direk aanspreek wanneer instruksies gegee word. Om te kontroleer vir nog sulke gevalle, word die aantal tekste waarin *u* gebruik word, en die aantal kere wat *u* in elke gegewe teks gebruik word, in tabelle 5.18-5.21 weergegee. Die manuskripafdeling word uitgelaat, aangesien dit versamelings van 'n groot aantal kort tekste is, en daar na kontrolering gevind is dat daar geen tekste is wat 'n buitengewone konsentrasie gebruike bevat nie.

Tabel 5.18: Verspreiding van *u* in tekste 1911-1920

		hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks			hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks
Geesteswetenskappe	1	5	Informatief	16	4
	2	1		17	1
	3	1		18	1
	4	6		19	7
	5	6		20	2
	6	2		21	3
	7	9		22	1
Natuurwetenskappe	8	2	Religieus	23	1
Fiksie	9	1		24	2
	10	1		25	4
	11	3		26	1
	12	1		27	1
	13	3		28	1
Biografies	14	4	Verslaggewing	29	7
	15	1		30	23

Daar is een teks met besondere konsentrasie *u*-gebruike, uit verslaggewing – dit is 'n verslag van 'n vergadering van die Afrikaanse Studentebond in *Die Banier*. Daar is twee kontekste waarin *u(w)* gebruik word in hierdie teks: aan die een kant word dié wat teenwoordig is telkens gesamentlik as *U* aangespreek, en in die reaksies van 'n aantal korrespondente wat tydens die vergadering voorgehou word, word daar van *uw Bond* gepraat. Die afleiding kan gemaak word dat die taalgebruik kenmerkend van 'n formele situasie is, en die verspreiding van *u(w)* in die res van die tekste wys dat dit effens minder frekvent is as wat dit met die eerste oogopslag blyk.

In die tweede periode is daar twee tekste wat uitstaan (sien tabel 5.19) – die eerste is reeds genoem, dit is 'n natuurwetenskaplike boek oor metodes in die biologie, *Praktiese Plantkunde*, en in die teks word die leser deurgaans direk aangespreek as *u*. Die deel van die boek wat (deur lukrake seleksie) by die korpus ingesluit is, wy besonder baie aandag daaraan om die praktiese uitvoer van eksperimente te verduidelik, en sinne soos "By

materiaal wat baie kleurloos is, bv. dié wat u nou ondersoek, kry u 'n beter beeld as die kondensor effens afgedraai is en die opening van die iris-diafragma betreklik klein gestel is." is redelik algemeen in die teks.

Tabel 5.19: Verspreiding van *u* in tekste 1941-1950

		hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks			hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks
Geesteswetenskappe	1	2	Biografies	16	1
	2	1	Informatief	17	11
	3	1		18	7
Natuurwetenskappe	4	1		19	6
	5	1		20	47
	6	68		21	2
Fiksie	7	1		22	2
	8	2	Religieus	23	1
	9	2		24	4
	10	3		25	1
	11	2		26	4
	12	1		27	2
	13	1	Verslaggewing	28	15
	14	1		29	1
	15	7		30	12

Die ander teks is in die informatiewe kategorie – dit is 'n handleiding oor die praktiese werkswyses van lede van die Ossewabrandwag getiteld *Die Boerejeug van die Ossewabrandwag*. Bevelsinne soos "U moet diegene van hoër rang salueer alvorens hulle aangespreek word, mits u nie reeds in gesprek is nie." en "U handelwyse moet net so skoon en regverdig wees as die saak wat ons dien." maak die grootste hoeveelheid uit van die sinne in die gedeelte van die teks wat by die korpus ingesluit is. Soos met die bron in die vorige paragraaf is die meeste van die gebruike generies, aangesien dit algemeen aan die leser gerig is.

Hierdie twee tekste met so 'n besondere konsentrasie *u*-gebruike veroorsaak dat die totale frekwensie van hierdie periode misleidend is, en dat die vorm *u* selfs nóg minder algemeen gebruik is as in die eerste periode.

Daar is twee tekste in die derde periode met 'n hoër aantal gebruike van *u*, hoewel dit nie so drasties is soos die tekste in die tweede periode nie (sien tabel 5.20). Die eerste teks is getiteld *Maklike Mosaïek*, en is 'n handleiding vir 'n aantal mosaïekprojekte. Generiese *u* word dikwels in die instruksies gebruik, soos byvoorbeeld "Elke teël sal moontlik herhaaldelik geknip moet word totdat u tevrede is met die rangskikking..." of "Laat die saad afkoel (in hul bakkies) terwyl u verdere voorbereidingswerk doen." Die ander teks, *Vis vir die kenner*, gebruik generiese *u* op 'n soortgelyke wyse, soos "As u vis wil bak, braai of rooster,

laat u altyd die vel aan." en "Hou die vel met u linkerhand vas en skraap die vel met 'n skerp mes van die vis af." illustreer. Albei hierdie tekste is aan (huis-)vroue gerig, en die tekste toon nie andersins tekens van besondere formaliteit (soos die twee tekste uit die tweede periode) nie – dit is moontlik 'n genrekonvensie uit die tyd, wat hierdie tekste in elk geval atipies maak vir die periode. Weereens beteken dit dat die totale gebruiksfrekwensie nie akkuraat is nie, en dat *u* reeds minder gebruik word as wat dit op die oog af blyk.

Tabel 5.20: Verspreiding van *u* in tekste 1971-1980

		hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks			hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks
Geesteswetenskappe	1	1		11	11
Natuurwetenskappe	2	4		12	35
Fiksie	3	8	Religieus	13	2
	4	13		14	11
	5	5		15	3
Biografies	6	13	Verslaggewing	16	1
Informatief	7	1		17	3
	8	4		18	9
	9	2		19	3
	10	22			

In die laaste periode (sien tabel 5.21) is daar slegs een teks met 'n hoë aantal gebruike van *u*, en dit is 'n historiese roman, *Stormkaap*, wat afspeel tydens die aanvanklike koloniserings van die Kaap. In hierdie roman spreek karakters mekaar gereeld aan as *u*, byvoorbeeld "Ek is net jammer dat u nie gereël het dat ons 'n uurtjie of wat privaat met elkander kon gesels om kennis te maak nie." en wat ook ander argaïese woordkeuses (byvoorbeeld *elkander*) betrek.


Tabel 5.21: Verspreiding van *u* in tekste 2001-2010

		hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks			hoeveelheid <i>u</i> 's in die teks
Natuurwetenskappe	1	1		9	1
Fiksie	2	2	Biografies	10	1
	3	2		11	1
	4	4		12	2
	5	4		13	8
	6	2	Informatief	14	2
	7	2		15	4
	8	35		16	2

Indien die gebruik van *u* volgens tekstipes en volgens individuele tekste in ag geneem word, blyk dit dat die algemene gebruik van *u* tussen die eerste en tweede periode meer drasties afneem as wat die rou getalle aandui, aangesien daar slegs een teks in die eerste periode is wat 'n besondere konsentrasie van gebruike van *u* het, wat ook nie besonder hoog is in

vergelyking met party van die ander nie. Die algemene afname van *u* word verder bevestig deurdat die totale aantal (gepubliseerde) tekste waarin *u* gebruik word vanaf die tweede periode deurlopend afneem.

Daar is nog 'n laaste veranderlike om te ondersoek om 'n volledige prentjie te kry van die gebruik van *u*, naamlik formaliteit. Wat die manuskrip-kategorie betref is die gebruike in die laaste drie periodes amper uitsluitlik beperk tot meer formele briewe, terwyl dit in die eerste periode hoegenaamd nie die geval is nie. Die gebruik van *u* in terme van formaliteit, wat formele en informele briewe onderskei, word duideliker gewys in figuur 5.3. Die grafiek wys dat, hoewel *u* deurlopend afneem, die grootste aanvanklike verlies in die informele kategorie is, en dui aan dat *u* algaande al hoe meer gemerk word vir formaliteit.



Figuur 5.3: Frekwensie van u per 10 000 woorde in terme van formaliteit

Manuskripdata, wat hoofsaaklik uit briewe bestaan, verteenwoordig telkens die grootste hoeveelheid gebruike in elke periode – dit is 'n aanduiding van die waarde daarvan om ongepubliseerde data by die korpus in te sluit, waarsonder die gebruiksgetalle van *u* besonder laag sou wees (al is die manuskripte nie 'n besonder groot proporsie van die data nie), en 'n potensieel misleidende prentjie van tweedepersoonvoornaamwoorde in geskrewe taalgebruik sou gee. Dit is opvallend dat *u* se mees frekwente gebruik in die eerste periode in persoonlike briewe is, wat weereens wys dat die gebruik op sigself sedertdien heelwat meer gemerk geword het as formeel. Die daling in gebruik in formele briewe is 'n aanduiding daarvan dat selfs formele briewe toenemend minder van die voornaamwoord *u* gebruik maak. Die frekwensie van die slotformule *die uwe* wissel maar neem tog af, in die eerste periode word dit meestal in die vorm *de uwe* gebruik, hoewel *gaarne Uwe vriend* ook gebruik word (11 slotformules in totaal), in die tweede periode word *die uwe* 17 keer gebruik, en die derde 24 en in die laaste 10 keer. Die voornaamwoord *u* word, veral in die laaste periode, in

sommige formele briewe gebruik met slotformules soos *Vriendelike groete* en *Met agting* in plaas van *Die uwe*.

In die normatiewe literatuur word die gebruik van *u* slegs enkele kere in die twee later kategorieë hanteer (een keer in die middelste kategorie, twee keer in die laaste kategorie: Botha & Van Aardt, 1987:177; Prinsloo & Odendal, 1995:204; Van der Merwe, 1951:46), met 'n bron uit die negentigerjare wat beweer dat dit aan die afneem is (Prinsloo & Odendal, 1995:90). Aan die ander kant word dit in sewe bronne uit die vroegste kategorie hanteer (Booyesen & Jansen, 1922:84; Botha & Burger, 1926:67; Botha & Burger, 1927:64; Bouman & Pienaar, 1924:73; Du Toit, 1902:18; Langenhoven, 1926:66; Malherbe, 1917:76) – dit is baie moontlik dat dit soveel meer in hierdie tyd se literatuur hanteer is, omdat die vorm *u* nog meer algemeen in die taal gebruik is.

Ten einde 'n volledige prentjie te gee van die sisteem van tweedepersoon-voornaamwoorde, word dit vervolgens opgesom in twee tabelle, een wat al die enkelvoudsgebruike aandui (5.22) en een wat al die meervoudsgebruike aandui (5.23).

Tabel 5.22: Gebruiksgetalle van die tweede persoon enkelvoud

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>jy/jou</i>	348	63,6%	609	77,2%	680	85,1%	629	84,9%
<i>u (enkelvoud)</i>	199	36,4%	180	22,8%	119	14,9%	112	15,1%
TOTAAL	547		789		799		741	

Wanneer die vier periodes se totale vergelyk word, blyk dit dat daar 'n beduidende vermeerdering vanaf die eerste na die tweede periode is, waarna getalle min of meer stabiel bly⁴⁶. Die proporsie wat *u* van die totaal uitmaak daal deurlopend tot en met die derde periode, waarna die vierde periode se proporsie min of meer dieselfde is. Hierdie afname in die gebruik van 'n vorm wat vir formaliteit gemerk is, is 'n teken van verinformalisering.

Tabel 5.23: Gebruiksgetalle van die tweede persoon meervoud

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>julle/jul</i>	92	52,3%	34	70,8%	92	92%	155	93,4%
<i>u (meervoud)</i>	84	47,7%	14	29,2%	8	8%	11	6,6%
TOTAAL	176		48		100		166	

Die totale gebruiksgetalle van die meervoud is heelwat laer as dié van die enkelvoud. In teenstelling met die enkelvoud is die eerste periode se gebruiksgetalle die hoogste, waarna

⁴⁶ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 44.71; tweede na derde periode: 0.13 (onbeduidend); derde na vierde periode: 2.38 (onbeduidend)

dit drasties val en vandaar vinnig weer vermeerder⁴⁷. Hierdie afname tussen die eerste twee periodes kan moontlik gedeeltelik die toename in die enkelvoud verklaar – daar is nie soveel meer totale tweedepersoongebruike in die tweede periode as die eerste nie, die verskil is eerder in terme van enkelvoud en meervoud. Die verdere vermeerdering van die enkelvoud kan verbandhou met die generiese gebruik dieselfde vorm, en die toenemende direktheid wat daardeur aangedui word (sien afdeling 5.4.4, p. 189 en verder, vir verdere besonderhede). Die afname in getalle en proporsie van *u* is heelwat meer opvallend by die meervoud, waar dit in proporsionele terme hoër begin as die enkelvoud, en laer eindig. Dit is waarskynlik die gespesialiseerde gebruike in veral formele briewe wat hiertoe bydra, aangesien briewe meestal aan een spesifieke leser gerig is, asook verinformalisering wat ook by die enkelvoud gesien kan word.

Die totale tweedepersoonsgebruike styg deurlopend, hoewel onbeduidend vanaf die tweede na die laaste periode⁴⁸. Die enkelvoudsvorm se radikale styging in gebruiksfrekwensie in die laaste periode is egter aan generiese gebruike toe te skryf, wat later weer aan die orde kom.

5.4.3 DERDE PERSOON

Die derdepersoonvoornaamwoorde is die eerste kategorie onder bespreking wat anafories gebruik word (Ponelis, 1979:68), hoewel die anaforiese gebruik van die derde persoon nie beperk is tot die grense van 'n enkele sin nie, en ook na 'n referent in 'n vorige sin kan verwys (De Stadler, 1989:413). Met betrekking tot die verskillende derdepersoonvoornaamwoorde is daar twee onderskeide – lewend teenoor nie-lewend (of sielhebbend en sielloos in hierdie studie se terme), en manlik teenoor vroulik (Ponelis, 1979:57). Hierdie onderskeide word egter nie eweredig gehandhaaf nie, waar sekere vorme oor grense heen verskillende funksies kan verrig.

In die enkelvoud word natuurlike geslag met *hy/hom* (manlik) en *sy/haar* (vroulik) onderskei, veral wanneer die referente mense en groter diere is (Ponelis, 1979:58). Die onderskeid is egter nie ewekansig nie – sy word slegs ten opsigte van vroulike referente gebruik (Ponelis, 1979:68), terwyl *hy* polisemies van aard is en 'n hele aantal uitgebreide funksies vervul (Ponelis, 1979:68-9):

1. Verwysing na referente wat geslagtelik gemerk is, soos *hings*.

⁴⁷ Log-waarskynlikheid vir periode een tot twee (vermindering): 77.42; periode twee tot drie (vermeerdering): 18.95; periode drie tot vier (vermeerdering): 16.33

⁴⁸ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend (tweede persoon totaal): 27.93; periode een tot twee: 8.64; periode twee tot drie: 2.57 (onbeduidend); periode drie tot vier: 0.01 (onbeduidend)

2. Verwysing na versamelname, soos *regering*, *kommissie*, waar die gebruik van *hy* klem lê op die eenheid van die referent, soos 'n besigheid as sodanig en nie die onderskeie werknemers nie (bevestig deur Carstens, 2011:72).
3. Verwysing na alle telbare referente (abstrak en konkreet).
4. Verwysing na generiese referente.

In die korpusdata is die volgende gebruike van *hy* en *hom* gevind: verwysend na 'n enkelvoud, manlike referent (voorbeeld 5.32 en 5.33),

[5.32] Hy het nl. in die huwelik met die beeldskone Mej. Mathilde König getree. (1941-1950, Biografies)

[5.33] In 1908 het dieselfde kiesafdeling hom weer parlement toe gestuur. (1941-1950, Biografies)

verwysend na 'n generiese menslike referent [5.34, 5.35],

[5.34] Die leseresse moet goed verstaan dat als iemand dodelik siek is, moet hij nie kos kry wat in enig opsig te swaar vir die maag... (1911-1920, Informatief)

[5.35] Die mens as eindige, onvolmaakte, feilbare wese kom voortdurend te staan voor die lewe wat vir hom onpeilbaar is. (1971-1980, Religieus)

verwysend na nie-menslike maar sielhebbende referente, meestal diere (wat wel geslagtelik is) [5.36, 5.37],

[5.36] "Woef-woef!" In worstaal sê hy dat hy vreeslik bly is om voor oom Jannie se huis te wees. (2001-2010, Fiksie)

[5.37] Die ratel, hoewel 'n vir ons soms 'n eenvoudig "ou diertjie," omdat ons nie genoeg of liever, niks van hom afweet, wek tog onse bewondering. (1911-1920, Informatief)

verwysend na siellose referente [5.38, 5.39],

[5.38] Hy is lawaaierig - soos alle Peugeot's - maar daar is geen teken van klepplotter of ongesonde trillings nie. (1971-1980, Informatief)

[5.39] Die silinderkop en alles wat binne-in hom is, langbout, moere en klep, is van geelkoper sodat dit nie sal roes nie. (2001-2010, Biografies)

en in kombinasie met *sy* of *haar* as generiese verwysing [5.40, 5.41].

[5.40] Die mens is uniek in die sin dat hy/sy anders as God is en ook anders as ander skepsels is. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

[5.41] Sulke eenogiges sien en hoor net wat hulle wil van 'n ander mens en op grond daarvan hang hulle haar of hom 'n etiket om die nek. (2001-2010, Informatief)

Die een gebruik wat nie deur *hy* vervul word nie maar wel deur *hom*, is die gebruik as wederkerende voornaamwoord [5.42].

[5.42] Langsaam sit hy hom en aanklee net asof daar geen dringende werk is wat wag nie. (1941-1950, Fiksie)

In die eerste periode is die wisselvorme *hij* en *hem* nog meestal gebruik, maar daar is geen semantiese onderskeid nie, so die vorme is saam met onderskeidelik *hy* en *hom* gevoeg in die vergelyking. In tabel 5.24 word die gebruiksgetalle van hierdie gebruike uiteengesit.

Tabel 5.24: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van hy en hom

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
menslik manlik	2 376	75,8%	3 032	85,6%	2 502	86%	2 644	91,6%
generies menslik	471	15%	239	6,7%	202	7%	48	1,7%
nie-mens sielh.	94	3%	63	1,8%	101	3,5%	68	2,3%
sielloos	152	4,8%	90	2,5%	59	2%	48	1,7%
hy/sy & hom/haar	2	0,1%	2	0,1%	3	0,1%	24	0,8%
wederkerend	40	1,3%	117	3,3%	42	1,4%	54	1,9%
TOTAAL	3 135		3 543		2 909		2 886	

Dit blyk dat *hy* en *hom* by verre die meeste gebruik word om na manlike menslike referente te verwys. Hoewel die getalle van manlike verwysing wisselvallig is, styg die proporsie daarvan deurgaans⁴⁹. Die ander gebruike is deurgaans teenwoordig, maar al die ander gebruike bly 'n redelike klein proporsie. Die enigste van hierdie gebruike wat deurlopend verminder in getal en proporsie is sielloose verwysing, wat kan dui op funksieverskuiwing van *hy/hom* na *dit*, moontlik as gevolg van verformalisering (*hy/hom* is minder formeel as *dit*, Van der Merwe, 1997:28), of in sameloop met die afname in generiese gebruike. Meer hieroor later in die afdeling (p. 186 en verder). Die generiese gebruike is tot die derde periode telkens die tweede-grootste kategorie, maar dit krimp merkbaar in proporsie en heel drasties in rou getalle, veral tussen die laaste twee periodes. Die generiese gebruike word in die volgende afdeling verder ondersoek (afdeling 5.4.4, p. 189), en die nie-menslike gebruike vir die oomblik daar gelaat.

Die vorm *sy* is 'n besonder polisemiese voornaamwoordvorm. Dit word gebruik vir verskeie funksies – verwysing na 'n vroulike, menslike referent in die onderwerpsposisie (voorbeeld 5.43),

[5.43] "Ag foei, Reinhard!" sê sij en kijk hom strak in die gesig. (1911-1920, Fiksie)

verwysing na 'n nie-menslike sielhebbende referent in die onderwerpsposisie [5.44],

[5.44] Sy is twee maal per dag vir die volle tydperk gemelk. (1971-1980, Verslaggewing)

⁴⁹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 47.24

verwysing na 'n siellose referent [5.45],

- [5.45] M.a.w. dat sij as Kerk doen wat God haar gebied stip en string. (1911-1920, Religieus)

en verwysing na 'n generiese menslike referent [5.46].

- [5.46] Moenie jou baba alleen laat huil wanneer sy so klein is nie. (2001-2010, Informatief)

Dit word verder gebruik as die attributiewe besitsvorm van verskillende tipes referente, by name 'n manlike referent [5.47],

- [5.47] Die meisie in die see is sy dogter en die appel van sy oog. (1941-1950, Fiksie)

'n generiese menslike referent [5.48],

- [5.48] Aan hom, die geskape mens wat van sy sonde verlos is, moet ons nou meer opsetlik en sistematies aandag gee. (1971-1980, Religieus)

'n nie-menslike sielhebbende referent [5.49],

- [5.49] Hij sit daar opsj, as-vaal, inmekaar gekrimp, met sij vere omgekrap en verward, sij oogvliese so halfmas oor sij oogappels getrek en die wit van sij oge aan de bokant pleks van langes-aan... (1911-1920, Informatief)

en 'n siellose referent [5.50].

- [5.50] Hierdie struktuur maak sy verskyning nader na die Rooiberg-gesteentekontak. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

Dit word ook gebruik in kombinasie met *hy* as generiese onderwerpsvorm [5.51],

- [5.51] 'n Vetkind sal nooit in der ewigheid as die held of heldin van 'n skool beskou kan word nie, al presteer hy of sy ook hoe goed op akademiese gebied. (1971-1980, Informatief)

en in kombinasie met *haar* as generiese besitsvorm [5.52].

- [5.52] Peter Berger en Thomas Luckmann (1967) wys daarop dat die mens graag saam met sy/haar groep betekenis uit persoonlike en kollektiewe ervarings skep. (2001-2010, Religieus)

In die eerste periode word 'n aantal wisselvorme van *sy* as besitsvorm gebruik (die besonderhede daarvan word in die volgende hoofstuk in afdeling 6.4.3, p. 262 en verder, oor besitlike voornaamwoorde gegee). Vir vergelykende doeleindes word dit hier gewoon saamgevoeg. In tabel 5.25 word die verskillende gebruike van *sy* uiteengesit.

Tabel 5.25: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van sy

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
menslik vroulik	522	20,6%	701	23,5%	1 142	38,7%	785	31%
generies menslik	0		0		1		61	2,5%
nie-mens sielh.	1		15	0,5%	7	0,2%	6	
sielloos	23	0,9%	0		0		0	
besit	2 001	78,5%	2 266	76%	1 798	61%	1 650	65,4%
hy/sy	0		2		3		18	0,7%
sy/haar	1		1		1		10	0,4%
TOTAAL	2 548		2 985		2 952		2 530	

Terwyl die totale gebruiksgetalle van sy soortgelyk is aan dié van *hy*, is die funksieverdeling baie anders. Die grootste kategorie is deurgaans attributiewe besitsvorme, terwyl verwysing na vroulike, menslike referente die tweede grootste kategorie uitmaak. Die gebruik as generiese vorm figureer eers in die laaste periode, maar daar sal meer aandag aan gegee word in die volgende afdeling. Die nie-menslike sielhebbende gebruike verwys deurgaans na vroulike diere, en al die siellose gebruike in die eerste periode verwys na die kerk in die rol van die bruid van Christus (soos in voorbeeld 5.45). Dit blyk dus dat sy twee hoof funksies het, waarvan die tweede is om na enkelvoudige vroulike referente te verwys.

Die voorwerpsvorm van die derde persoon vroulike enkelvoud voornaamwoord is *haar*. Hierdie vorm is ook polisemies – dit word gebruik vir verwysing na 'n menslike, vroulike referent (voorbeeld 5.53),

[5.53] Sy was onderwyseres op Boksburg en het ingewoon by Ds. en Mev. J. M. Louw, waar Beyers haar ontmoet het. (1941-1950, Biografies)

verwysing na 'n nie-menslike sielhebbende referent [5.54],

[5.54] Nog verder, ruim honderd-en-vyftig myl noordwes, jag Vlam en die vyf wildehonde wat die trop die dag met haar verlaat het... (1941-1950, Fiksie)

verwysing na 'n siellose referent [5.55],

[5.55] M.a.w. dat sij as Kerk doen wat God haar gebied stip en string. (1911-1920, Religieus)

en verwysing na 'n generiese menslike referent [5.56].

[5.56] Bly weg van stellings wat jou kind skuldig laat voel of wat haar onveilig en bedreig laat voel. (2001-2010, Informatief)

Dit word ook gebruik as die attributiewe besitsvorm van verskillende tipes referente: vroulike, menslike referente [5.57],

[5.57] Waarom kan ek nie sommer haar hand vat en sê ons loop 'n draai nie? (1971-1980, Biografies)

nie-menslike sielhebbende referente [5.58],

[5.58] Dit was al lig toe die sog van die rivier se kant af aangewaggel kom om haar man af te los... (1941-1950, Fiksie)

siellose referente [5.59],

[5.59] Helemaal bevredigend meen ons, kan ons Alma Mater terug sien op 1916, die eerste jaar van haar bestaan as Gymnasium. (1911-1920, Verslaggewing)

en generiese menslike [5.60] referente.

[5.60] Probeer dit vermy om baba in haar bed aan stimulasie bloot te stel. (2001-2010, Informatief)

Dit word ook gebruik as 'n wederkerende voornaamwoord [5.61],

[5.61] Sy moet haar teen die kosyn stut. (1971-1980, Fiksie)

in kombinasie met sy as generiese attributiewe besitskonstruksie [5.62],

[5.62] So deel die gelowige aan die heerlijkheid van Christus en straal dus ook sy/haar eie heerlijkheid uit. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

en in kombinasie met *hom* as voorwerpsvorm van die generiese menslike voornaamwoord [5.63].

[5.63] ... omdat "geen mens ongestraf sondig teen wat sy Verlede van hom of haar gemaak het nie!" (1911-1920, Informatief)

Tydens die eerste periode word daar nog addisionele vorme van *haar* gebruik, maar dit is alles besittlike voornaamwoorde, en word in hierdie afdeling gewoon bymekaar gevoeg. Die volledige besonderhede van die gebruiksgetalle van *haar* in die korpusdata word in tabel 5.26 uiteengesit.

Tabel 5.26: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *haar*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
menslik vroulik	162	27,4%	240	36%	347	34,3%	213	25,7%
generies menslik	0		0		0		34	4,1%
nie-mens sielh.	1	0,15%	2	0,3%	0		8	1%
sielloos	6	1%	0		0		3	0,4%
besit	409	69,1%	406	61%	649	64,1%	548	66,2%
<i>sy/haar</i>	1	0,15%	0		1	0,1%	10	1,2%
<i>hom/haar</i>	2	0,3%	0		0		6	0,7%
wederkerend	11	1,9%	18	2,7%	15	1,5%	6	0,7%
TOTAAL	592		666		1 012		828	

Die gebruik van *haar* as besitsvorm blyk deurgaans die grootste kategorie te wees, telkens rondom twee derdes van die totale gebruike. Die verwysing na 'n vroulike referent is deurgaans die tweede grootste kategorie, met die ander kategorieë wat maar 'n klein deel van die gebruike uitmaak. Die generiese gebruike figureer weereens eers in die laaste periode, waar *haar* oor die algemeen meer geredelik vir ander gebruike as vroulike verwysing en besitskonstruksies aangewend word. Die totale gebruiksgetalle eindig ietwat hoër as wat dit begin, maar dit is maar wisselvallig en dus moeilik om met sekerheid as verandering te tipeer⁵⁰.

Daar is 'n derde voornaamwoord wat anafories na enkelvoudige referente verwys, naamlik *dit*. Die funksies waarvoor *dit* aangewend word is divers – verwysing na 'n enkelvoudige, getalsongespesifiseerde of meervoudige referent (waarskynlik nie-menslik of sielloos) (Ponelis, 1979:71-2) (voorbeeld 5.64);

[5.64] Pryse wissel gedurig en alhoewel dit soms onvoorspelbaar styg moet vir stygings toegelaat word waar moontlik. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

dit word sinsanafories (terugverwysend) gebruik [5.65],

[5.65] Die kinders moet van kleins af voel dat hulle ouers in hulle belangstel. Dit wek vertrou. (1941-1950, Religieus)

en ook sinskatafories (vooruitwysend) [5.66] gebruik waar die referent 'n hele sin of klous uitmaak (Ponelis, 1979:70).

[5.66] Die doel maak nog glad nie 'n slegte middel goed nie, en dit is net 'n dwaas wat die slegste gereedskap uitsoek as hy een of ander werk wil verrig. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

Daar is ook die leë of formele *dit* wat as plekhouer vir veral die sinsonderwerp optree (Ponelis, 1979:73) [5.67].

[5.67] Dit begin reën en die water loop in slierte teen my gesig en in my nek af. (1971-1980, Fiksie)

'n Meer kontroversiële gebruik van *dit* is wanneer dit in 'n aanwysende konstruksie gebruik word sonder om te verbuig na *daar*, byvoorbeeld "van dit" in plaas van "daarvan" [5.68].

[5.68] ...nadat jy gevra het om iets persoonliks agter te laat by jou sodat jy aan dit kan vashou. (2001-2010, Manuskrip)

In die vroegste kategorie van die normatiewe literatuur dui vier bronne bloot aan dat *dit* in kombinasie met voorsetsels omskakel na *daar*- (Booyesen & Jansen, 1922:84; Botha &

⁵⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 136.61; van periode een tot twee: 4.55 (toename); van periode twee tot drie: 73.78 (toename); van periode drie tot vier: 19.05 (afname)

Burger, 1926:6; Botha & Burger, 1927:65; Bouman & Pienaar, 1924:74-5), terwyl twee bronne pertinent noem dat 'n gebrek aan die omskakeling 'n fout is (Langenhoven, 1926:68; Malherbe, 1917:79). In die middelste kategorie word die gebrek aan omskakeling deur drie bronne as foutief afgewys (Basson *et al.*, 1968:68; Engelbrecht, 1980:44; Van der Merwe, 1958:60), en in die laaste kategorie word dit deur vier bronne afgewys (Combrink & Spies, 1986:31; De Wet, 1985:39; Van der Merwe & Ponelis, 1982:46; Van Schalkwyk & Kroes, 1982:81), terwyl twee bronne slegs die omskakeling beskryf (Botha & Van Aardt, 1985:170; Müller, 2003:677).

In die eerste periode is *dit* steeds, in ooreenstemming met die Nederlandse grammatika, as 'n aanwysende voornaamwoord gebruik [5.69].

[5.69] Innige simpatie word met hem en de familie gevoeld over dit onherstelbaar verlis! (1911-1920, Manuskrip)

Wat die eerste gebruik van *dit* betref (voorbeeld 5.64) is daar heelwat in die literatuur oor die kompetisie tussen *dit* en *hy* wat, soos reeds aangetoon is, ook gebruik word om na nie-menslike en siellose referente te verwys, moontlik na aanleiding van die verval van die gender-sisteem in die ontwikkeling van Afrikaans (Ponelis, 1993b:213). Volgens Ponelis (1979:70, 585) is *hy* besig om toenemend vir hierdie funksies gebruik te word ten koste van *dit*, hoewel geskrewe taalgebruik heelwat meer konserwatief is in dié opsig as die omgangstaalgebruik (Ponelis, 1979:586; Van der Merwe, 1997:28). Daar is 'n aantal oorwegings wat volgens verskillende outeurs relevant kan wees vir die keuse tussen *hy/hom* en *dit*:

- wanneer na 'n lewende voorwerp, soos 'n boom, verwys word, word *hy/hom* verkies (Bouman & Pienaar, 1924:179);
- wanneer 'n lewelose ding as instrument of werktuig gebruik word, word *hy/hom* verkies (Van der Merwe, 1997:29);
- indien daar sprake is van beweging word *hy/hom* verkies (Van der Merwe, 1997:29);
- wanneer objekte, soos speelgoeddiere, gepersonifieer word, word *hy/hom* verkies (Bouman & Pienaar, 1924:179; Malherbe, 1917:78; Van der Merwe, 1997:30);
- sprekers gebruik dikwels *hy/hom* eerder as *dit* vir artikels en sake wat daagliks deur hulle benoem word (Van der Merwe, 1997:30);
- by abstrakte referente, veral nie-telbare abstrakte referente, word *dit* verkies (Langenhoven, 1926:66; Müller, 2003:692; Van der Merwe, 1997:30);
- *dit* word verkies om 'n soort of kategorie aan te dui, en *hy* om 'n spesifieke objek aan te dui (Van der Merwe, 1997:31);
- die voller klanke van *hy/hom* is 'n aantreklike opsie, wat sprekers van Afrikaans geneig is om te verkies bo 'n meer neutrale vorm (Van der Merwe, 1997:31);

- die hoogs polisemiese aard van *dit* kan *hy* soms 'n aantrekliker keuse maak (Van der Merwe, 1997:32)

Terwyl sommiges al vir amper 'n eeu lank beweer dat die oorname van oorspronklike *dit*-gebruike deur *hy* drasties en vinnig plaasvind (byvoorbeeld Bouman & Pienaar, 1924:74), wys Van der Merwe (1997:27) uit hoe lank hierdie verandering al veronderstel is om aan die gang te wees, en dat daar steeds nie 'n definitiewe verandering ingetree het nie, moontlik as gevolg van die gedeeltelike funksionele verdeling tussen die twee opsies. Daar word vervolgens in tabel 5.27 gekyk na die verskillende gebruike van *dit*. Die gebruike van die saamgetrekte vorm *dis* vir *dit* is word afsonderlik aangedui.

Tabel 5.27: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *dit* en *dis*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>DIT</i>	<i>DIS</i>	<i>DIT</i>	<i>DIS</i>	<i>DIT</i>	<i>DIS</i>	<i>DIT</i>	<i>DIS</i>
3de persoon	938	50	897	40	1 025	90	818	75
sinsanafories	774	82	700	68	848	97	942	112
sinskatafories	827	113	837	126	720	103	665	114
leë/formele <i>dit</i>	270	26	137	23	161	27	117	26
aanw. konstr.	1	0	0	0	3	0	3	0
aanwysende vnw.	22	0	0	0	0	0	0	0
TOTAAL	2 832	271	2 571	257	2 757	317	2 545	327

Die totale gebruiksgetalle en gebruike as derde persoon is beide wisselvallig, en alhoewel die eerste periode die hoogste en die laaste periode die laagste getalle bevat, kan daar nie met enige mate van sekerheid verandering aangedui word nie. Die leë of formele *dit* toon dieselfde patroon, en die vermindering vanaf die eerste na die laaste periode is heelwat meer drasties⁵¹. Ponelis (1979:74) wys daarop dat leë of formele *dit* kan wegval deur inversie in seker kontekste, byvoorbeeld "Dit is vandag my verjaarsdag" kan ook wees "Vandag is my verjaarsdag", of "Dit suis in my ore" kan ook wees "My ore suis". Die sinne sonder *dit* is telkens korter, en kan toenemend verkies word ter wille van die ekonomie daarvan. Dit is interessant om op te merk dat die verhouding tussen sinsanaforiese en sinskataforiese verwysing omruil, met meer kataforiese verwysings in die eerste twee periodes, waarna anaforiese verwysings beduidend vermeerder ten koste van kataforiese verwysings⁵². Aangesien *dit* as derde persoon, asook ander derde persoon voornaamwoorde, hoofsaaklik anafories (terugverwysend) eerder as katafories (vooruitwysend) gebruik word, pas sinsanaforiese gebruike beter by die breër paradigma in as sinskataforiese verwysings. Dit is dus 'n gevolg van analogiese normalisering, waar daar

⁵¹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, derde persoon: 24.9; leë/formele *dit*: 74.85

⁵² Chi-kwadraat, *dit*: 64.915; *dis*: 11.078 (lae vlak van beduidendheid); *dit* + *dis*: 73.639

groter reëlmatigheid binne 'n paradigma gevorm word. Die sogenaamde foutiewe gebruik in aanwysende konstruksies is besonder skaars – dit word slegs sewe keer in al vier korpusse gebruik, waarvan vier gebruike uit gepubliseerde tekste kom, en drie uit persoonlike briewe (een in die derde periode en twee in die vierde periode). Dit is onmoontlik om vas te stel hoeveel van hierdie gebruike tydens redigering uit die gepubliseerde tekste verwyder is, maar die skaarste selfs in manuskriptekste wys dat dit gewoon skaars is in geskrewe Afrikaanse taalgebruik, in ooreenstemming met die normatiewe bronne se aanbevelings. Verder is daar, ten spyte van 'n mate van wisseling in getalle, 'n redelik beduidende toename in die gebruik van *dis* eerder as *dit is*⁵³, wat 'n teken van erosie is; die versmelting van die twee woorde, en dus die verlies van die selfstandigheid van die afsonderlike items, is tekens van grammatikalisering van die eenheid *dis*.

Die laaste derdepersoonvoornaamwoord onder bespreking is die meervoudsvorm *hulle*, wat uiteraard verwys na meervoudige referente (Ponelis, 1979:80). Die vorm *hulle* het, anders as *julle*, nie noodwendig ontwikkel uit 'n soortgelyke, reeds-bestaande Nederlandse vorm nie, maar is, waarskynlik in analogiese navolging van *julle*, gevorm deur die Nederlandse vorm *hun* en die byvoeging van *-lieden* of *-lui*, wat via *hullie* ontwikkel het tot *hulle* (Scholtz, 1980:66). Soos met *julle* het *hulle* ook 'n verkorte vorm *hul*; dieselfde geld vir *hul* as vir *jul* wat die normatiewe literatuur betref. Soos wat die geval is by *julle* en *ons* het *hulle* dieselfde vorm ongeag of dit in die onderwerpsposisie (voorbeeld 5.70),

[5.70] Hulle het in tente gewoon en was gedurig op soek na weivelde en drinkgate. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

of voorwerpsposisie [5.71] gebruik word,

[5.71] Hy het hulle op die plaas agtergelaat terwyl hy na Grahamstad gereis het om sir Henry Pottinger te gaan spreek. (1971-1980, Biografies)

en word dit ook as attributiewe besitsvorm gebruik [5.72] (hetsy *hulle* of *hul*).

[5.72] En hulle werk sal wis en seker vrugte dra vir ons volk. (1911-1920, Informatief)

Die vorm *hulle* kan verwys na spesifieke meervoudige menslike referente [5.73],

[5.73] Meeste van hulle is in die koshuis en die huisvader getuig van wat hulle daar beteken. (1941-1950, Manuskrip)

en ook soms na generiese meervoudige menslike referente [5.74],

[5.74] Raaltjie sê dat sy na die radio sal luister as hulle dit uitsaai. (1971-1980, Fiksie)

⁵³ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 12.56; van periode een tot twee: 0.34 (onbeduidend); van periode twee tot drie: 6.62 (toename, lae vlak van beduidendheid); van periode drie tot vier: 0.12 (onbeduidend)

en dit kan ook na nie-menslike sielhebbende [5.75],

[5.75] Bij duisende wei hulle lustig rond. (1911-1920, Fiksie)

en siellose [5.76] referente verwys, waar dit oorvleuel met die moontlike gebruike van *dit*.

[5.76] "Ons hét net drie borde gehad en hulle is almal in een aand gebreek," vertel hy in 'n poging tot humor. (2001-2010, Informatief)

Dit word ook as wederkerende voornaamwoord gebruik [5.77].

[5.77] Die jongspan het nou hulle verlustig in volkspele en daarna het ds. Harper Martins van Wepener 'n toespraak gelewer oor Volkseenheid. (1941-1950, Verslaggewing)

'n Unieke gebruik van *hulle* wat nie by die ander Afrikaanse voornaamwoorde gevind word nie, is wat Ponelis (1993a) en Den Besten (2012b) die assosiatiewe konstruksie ("associative construction") noem, waarin *-hulle* aan 'n eienaam of aanspreekvorm gevoeg word om 'n groep deur middel van een lid van die groep te identifiseer, byvoorbeeld *Jan-hulle* of *Pa-hulle* (sien voorbeeld 5.78), wat 'n tipologies-bekende patroon is (Den Besten, 2012b:26).

[5.78] Dit lyk my oom Koot-hulle is ewe handig. (2001-2010, Biografies)

In Oranjerivier-Afrikaans word 'n soortgelyke konstruksie met *-goed* gevorm, byvoorbeeld *Pa-goed* (Den Besten, 2012b:26), maar aangesien die korpusdata hoofsaaklik Standaardafrikaans is, kom dit nie in die data voor nie. Die konstruksie met *-hulle* kan na so min as twee mense verwys, solank dit meer as een is (Den Besten, 2012b:27). Hierdie konstruksie kan ook in tweedepersoon-kontekste gebruik word, waar dit as 'n aanspreekvorm dien. Die ontwikkeling van hierdie konstruksie, wat onbekend is in Nederlands, word deur Den Besten (2012b:31, 33) toegeskryf aan die invloed van Khoikhoi en die tale van slawe uit oostelike Indonesië. Die volledige gebruiksgetalle van *hulle* word in tabel 5.28 gegee.

Tabel 5.28: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *hulle*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>HULLE</i>	<i>HUL</i>	<i>HULLE</i>	<i>HUL</i>	<i>HULLE</i>	<i>HUL</i>	<i>HULLE</i>	<i>HUL</i>
menslik	856	263	1042	16	1046	3	988	5
generies	11	3	5	0	8	1	6	1
sielhebbend	63	21	66	0	55	0	99	0
sielloos	82	20	136	1	85	2	61	0
besit	416	227	294	358	231	280	230	357
wederkerend	46	10	43	10	32	3	35	1
-hulle	1	0	8	0	63	0	16	0
TOTAAL	1 475	544	1 594	385	1 520	289	1 435	364

Die totale gebruiksgetalle is effens wisselvallig, maar toon nie verandering ten opsigte van vermeerdering of vermindering nie. Dit blyk dat die meerderheid gebruike van *hulle* is om na meervoudige menslike referente te verwys, tog met 'n substansiële gebruik as attributiewe besitsvorm. Die generiese gebruike van *hulle* blyk marginaal te wees, terwyl die anaforiese verwysing en besitsgebruike met betrekking tot nie-menslike referente 'n sigbare teenwoordigheid handhaaf. Een verandering wat opgemerk word is die gebruik van *hul* wat in die eerste periode nog meer as die helfte van die tyd vir anaforiese verwysings aangewend word, waarna dit hoofsaaklik vir attributiewe besitsfunksies gebruik word. Daar is dus 'n spesialisering van die vorm *hul* vir attributiewe funksies en die vorm *hulle* vir anaforiese funksies, wat groter ekspressiwiteit meebring daarin dat die onderskeid tussen die twee al hoe minder ruimte laat vir dubbelsinnigheid. *Hul* wys dan dieselfde tendens as *jul*, wat nie onverwags is nie, aangesien die normatiewe bronne meestal die twee vorme saam hanteer. Verder lyk dit asof *hulle* mettertyd 'n bietjie minder vir nie-menslike verwysing gebruik word, maar die gebruiksgetalle is deurlopend laag en geen uitspraak kan met sekerheid gemaak word nie. Dit lyk ook of assosiatiewe gebruike met *-hulle* meer gebruiklik word, maar die gebruiksgetalle is tog wisselvallig en laag in vergelyking met die groter kategorieë. Andersins is daar 'n mate van variasie by die onderlinge kategorieë, sonder enige aanduidings van verandering.

Om derdepersoon-anaforiese verwysing op te som, word die verskillende maniere om na spesifieke menslike referente te verwys in tabel 5.29 saamgevat, en verwysing na nie-menslike referente in tabel 5.30.

Tabel 5.29: Gebruiksgetalle van derdepersoonsverwysing na spesifieke menslike referente

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>hy/hom</i>	2 376	56,8%	3 032	60,3%	2 502	49,7%	2 644	57%
<i>sy/haar</i>	684	16,4%	941	18,7%	1 489	29,5%	1 000	21,6%
<i>hulle/hul</i>	1 119	26,8%	1 058	21%	1 049	20,8%	993	21,4%
TOTAAL	4 179		5 031		5 040		4 637	

Verwysing na mans maak deurgaans die grootste kategorie uit, op geen stadium veel minder as die helfte nie, terwyl verwysing na meervoudige referente in die eerste twee periodes die tweede grootste kategorie is, waarna dit effens terugstaan vir verwysing na vroue. Die toenemende sigbaarheid van vroue in die taalgebruik val saam met sosio-kulturele veranderinge in die samelewing; veral teen die sewentigerjare sou feminisme reeds 'n impak op die samelewing gehad het, wat waarskynlik is waarom daar juis in hierdie korpus so 'n besonder hoë aantal verwysings na vroue is.

Tabel 5.30: Gebruiksgetalle van derdepersoonsverwysing na nie-menslike referente

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>hy/hom</i>	246	17%	153	11,7%	160	11,2%	116	9,8%
<i>sy/haar</i>	31	2,1%	17	1,3%	7	0,5%	17	1,4%
<i>dit/dis</i>	988	68,1%	937	71,5%	1 115	78,3%	893	75,3%
<i>hulle/hul</i>	186	12,8%	203	15,5%	142	10%	160	13,5%
TOTAAL	1 451		1 310		1 424		1 186	

Dit is duidelik dat die vroulike vorme die mees gemerkte vorm is om na nie-menslike referente te verwys, en dit word slegs gebruik wanneer 'n referent byvoorbeeld 'n dier van die vroulike geslag is, of wanneer daar vroulike eienskappe aan 'n referent toegeken word of vroulike assosiasies daaraan verbonde is, soos "moeder natuur" (Van der Merwe, 1997:32). Die manlike vorme en meervoudsvorme wissel deurgaans as die tweede en derde grootste kategorie, terwyl *dit/dis* op geen stadium minder as twee derdes van die totaal uitmaak nie. Dit blyk dat Ponelis (1979:586) en Van der Merwe (1997:28) reg is daarin dat geskrewe taalgebruik *dit* bo *hy/hom* verkies, en dit bevestig ook Van der Merwe (1997:27) se gevolgtrekking dat die kompetisie tussen die twee opsies nog lank nie uitgewoed is nie. Om 'n meer gedetailleerde vergelyking te doen van derdepersoonsverwysing na nie-menslike referente, is daar 100 lukrake voorbeelde van *hy/hom*, *dit* en *hulle/hul* geanaliseer in terme van enkelvoud en meervoud, *dit* in terme van sielhebbendheid, en almal in terme van verdere semantiese onderskeide in siellose verwysing. In tabel 5.31 word die enkelvoud-meervoud onderskeid aangedui, teruggeëkstrapoleer na die totale gebruiksgetalle.

Tabel 5.31: Derdepersoonsverwysing na nie-menslike referente, enkelvoud en meervoud

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>ekv</i>	<i>mv</i>	<i>ekv</i>	<i>mv</i>	<i>ekv</i>	<i>mv</i>	<i>ekv</i>	<i>mv</i>
<i>hy/hom</i>	246	0	153	0	160	0	116	0
<i>dit</i>	860	128	796	141	992	123	661	232
<i>hulle/hul</i>	0	186	0	203	0	141	0	160
TOTAAL	1 106	314	949	344	1 152	264	777	392

Dit is deurgaans die primêre wyse om na enkelvoudige referente te verwys, met *hy/hom* wat op geen stadium meer as 'n kwart van die enkelvoudige verwysings uitmaak nie. In die eerste periode word *hy/hom* die meeste vir nie-menslike verwysing gebruik van al die periodes, in terme van getalle en proporsie. Dit dui daarop dat, wat geskrewe taalgebruik betref, daar tog 'n duidelike voorkeur is om *dit* te gebruik om na enkelvoudige nie-menslike referente te verwys. In verwysing na meervoudige referente is *dit* (soos in voorbeeld 5.64) en *hulle* in sterker kompetisie met mekaar, en hoewel *hulle/hul* in die eerste twee periodes nog die meer tipiese wyse is om na meervoudige referente te verwys, maak *dit* in die derde

periode amper die helfte uit, en in die laaste periode gaan *dit* vir *hulle/hul* verby. Die vermeerdering van *dit* wat na meervoudige referente verwys is beduidend vir al vier periodes aaneenlopend⁵⁴. Wat geskrewe taalgebruik betref is daar 'n toenemende spesialisering van *dit* vir nie-menslike referente, terwyl *hy/hom* al hoe minder gebruik word vir enkelvoudige nie-menslike referente, en *hulle/hul* al proporsioneel al hoe minder vir meervoudige nie-menslike referente.

Nie-menslike referente kan beide sielhebbend of sielloos wees, en hierdie spesifieke onderskeid se getalle word in tabel 5.32 weergegee. Die getalle van *hy/hom* en *hulle/hul* word uit tabel 5.24 en tabel 5.28 onderskeidelik geneem, en die getalle van *dit* word uit die steekproef na die totale gebruiksgetalle geëkstrapoleer.

Tabel 5.32: Derdepersoonsverwysing na sielhebbende en siellose referente

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>heb.</i>	<i>loos</i>	<i>heb.</i>	<i>loos</i>	<i>heb.</i>	<i>loos</i>	<i>heb.</i>	<i>loos</i>
<i>hy/hom</i>	94	152	63	90	101	59	68	48
<i>dit</i>	40	948	37	900	0	1 115	0	893
<i>hulle/hul</i>	84	102	66	137	55	86	99	61
TOTAAL	218	1 202	166	1 127	156	1 260	167	1 002

Uit die tabel word dit duidelik dat *hy/hom* in die eerste helfte van die betrokke eeu nog 'n bietjie meer geredelik vir siellose verwysing gebruik is, terwyl dit daarna 'n groter voorkeur toon vir sielhebbende verwysing. *Hulle* is wisselvallig in dié opsig, waar slegs die laaste periode 'n voorkeur toon vir sielhebbende verwysing, soortgelyk aan *hy/hom*. *Dit* blyk by uitstek vir siellose verwysing aangewend te word, waar geen sielhebbende verwysing in die steekproewe van die laaste twee periodes teenwoordig is nie. Die ontwikkeling van sielhebbende verwysing en siellose verwysing vergelykend is beduidend⁵⁵. Daar is dus tekens dat *dit* op twee fronte spesialiseer – dit neem 'n al hoe groter lading van verwysing na nie-menslike referente oor, en word by uitstek vir siellose verwysing gebruik, terwyl *hy/hom* en *hulle/hul* eerder vir sielhebbende verwysing gebruik word, met ander woorde om na diere te verwys.

By siellose verwysing is daar verdere subafdelings, of verskillende tipes siellose referente waarna verwys kan word, en wat moontlik kan bydra tot watter voornaamwoord gebruik word om daarna te verwys. Uit die data is daar sewe verskillende tipes siellose referente geïdentifiseer: aktiwiteite (voorbeeld 5.79),

⁵⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 46.65

⁵⁵ Chi-kwadraat, sielhebbend: 95.619; sielloos: 106.223

[5.79] Dit is tog duidelik dat 'n persoon wat 100 keer dieselfde operasie gedoen het, dit beter kan doen as die een wat dit 10 keer gedoen het. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

menslike organisasies [5.80],

[5.80] Ook in die andere opsigte het die P.G.K. gedoen, wat hij hom voorgeneem het. (1911-1920, Verslaggewing)

abstrakte konsepte/emosies/beginsels ens. [5.81],

[5.81] ...dat sulke gevoelens natuurlik en billik is, hoe tragies hulle ook mag wees... (1941-1950, Informatief)

abstrakte konsepte wat personifieer word [5.82],

[5.82] Is slaap eindelijk daar, dan blyk dit, dat hij weer 'n gekskeerderij met die student aan het... (1911-1920, Informatief)

spesifieke konkrete objekte [5.83],

[5.83] Die tweede sleutel is fyn en lyk of dit enige oomblik kan breek. (2001-2010, Fiksie)

'n soort objek [5.84] (Van der Merwe, 1997:31 se onderskeid tussen soortaanduiding en objek-aanduiding),

[5.84] Hierdie sentrolesitale eiers kom voor by sekere selenterate en die meeste artropode; hulle is gewoonlik klein en broei spoedig uit om larwes of klein onvolwasse diertjies te vorm. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

en 'n abstrakte konsep met konkrete aspekte, soos "dag", of konkrete objekte, gebeurtenisse of ervarings wat saamgegroepeer word volgens meer abstrakte konsepte, soos "vervoer" of "gesondheid" (sien voorbeeld 5.85).

[5.85] ... en ook die bestaande letterkunde sal bly, in watter taalvorm dit ook al mag geskrywe wees. (1941-1950, Biografies)

Die drie relevante voornaamwoorde uit die steekproef word in tabel 5.33 volgens persentasies in die bogenoemde kategorieë ingedeel.

Die drie grootste kategorieë is telkens objek, soort en abstrak-konkreet. Van der Merwe (1997:31) se bewering dat *dit* voorkeur geniet by soortaanduiding en *hy* voorkeur geniet by objek-aanduiding word nie in die data gereflekteer nie – behalwe vir persoonifikasie wat besonder skaars is, is *menslike organisasie* die enigste kategorie waar *dit* nie deurlopend die hoogste gebruiksfrekwensie het nie. Die afwesigheid van gesproke data mag dalk hierdie bevinding skeeftrek, en die ondersoek sal in die toekoms met gesproke data opgevolg moet word. Daar is geen veranderinge in die funksieverdeling tussen *hy/hom*, *dit* en *hulle* te

bespeur nie. Die feit dat *dit* min, en al hoe minder, gebruik word om na menslike organisasie te verwys, bevestig dat *dit* in geskrewe taalgebruik toenemend gereserveer word vir werklik nie-menslike verwysing.

Tabel 5.33: Geëkstrapoleerde gebruiksgetalle van verskillende siellose verwysings deur *hy/hom*, *dit* en *hulle*

	1911-1920			1941-1950			1971-1980			2001-2010		
	<i>hy</i>	<i>dit</i>	<i>hul</i>	<i>hy</i>	<i>dit</i>	<i>hul</i>	<i>hy</i>	<i>dit</i>	<i>hul</i>	<i>hy</i>	<i>dit</i>	<i>hul</i>
aktiwiteit	0	99	4	0	38	2	0	145	0	0	54	0
mens organis.	48	20	11	50	19	20	8	0	1	18	0	3
abstrak	8	99	4	9	103	8	0	100	6	1	89	2
personifieer	8	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0
objek	26	158	22	6	206	29	21	290	19	13	161	19
soort	31	187	33	11	168	51	27	323	42	11	241	35
abstrak/konkreet	31	385	28	14	366	27	3	257	18	4	348	2

Die veranderinge in derdepersoonsverwysing kan soos volg opgesom word – *hy* en *hom* word toenemend gereserveer vir manlike referente, met 'n afname in generiese verwysing en siellose verwysing. Hierdie verwickelinge kan toegeskryf word aan verformalisering, sowel as sosio-kulturele invloed en spesifiek feminisme. Sy en *haar* toon 'n effense verhoging van vroulike verwysing, en het teen die laaste periode die domein van generiese verwysing binnegetree, wat ook aansluit by sosio-kulturele veranderinge van 'n feministiese aard. Tussen *hulle* en *hul* is daar 'n toenemende funksionele onderskeid tussen die twee, waar *hul* lateraan by uitstek vir attributiewe gebruike gereserveer word, wat die onderskeid tussen anaforiese en attributiewe gebruike meer eksplisiet maak en dus tot ekspressiwiteit byra. *Dit* se sinskataforiese verwysing het effens afgeneem om plek te maak vir sinsanaforiese verwysing, wat analogiese normalisering behels. Deur die loop van die eeu spesialiseer *dit* ook toenemend vir nie-menslike en spesifiek siellose verwysing in vergelyking met *hy/hom* en *hulle/hul*, wat albei, in breë trekke, minder vir nie-menslike verwysing gebruik word, en eerder vir sielhebbende verwysing as siellose verwysing. Die saamgetrekte vorm van *dit is*, naamlik *dis*, neem ook toe, wat toenemende ekonomie teweegbring, en te danke is aan grammatikalisering. Vervolgens word daar meer spesifiek gefokus op generiese voornaamwoorde.

5.4.4 GENERIESE VOORNAAMWOORDE

Die terminologie rondom generiese voornaamwoorde is soms onduidelik of verwarrend – ter wille van duidelikheid word *generies* in hierdie studie bedoel as 'n subkategorie van onbepaalde voornaamwoorde, verwysend na menslike referente, maar onbepaalde menslike

referente. Ponelis plaas die Afrikaanse konstruksie (*'n*) *mens* in sy uiteensetting van die Afrikaanse voornaamwoordsisteem by onbepaalde voornaamwoorde (Ponelis, 1979:49), en plaas dit later in die subkategorie van generiese voornaamwoorde (Ponelis, 1979:105). Wanneer die leser van 'n gepubliseerde teks byvoorbeeld as *jy/jou* aangespreek word, word dit in hierdie studie as generies (en dus onbepaald) gereken, aangesien die teks aan die publiek gerig is, en nie aan 'n spesifieke (dus: bepaalde) persoon nie. "Generies" word hier hanteer as "onbepaald maar menslik", so die voornaamwoorde wat hier hanteer word, word nie weer behandel in afdeling 5.7, p. 222, oor onbepaalde voornaamwoorde nie. Hoekstra (2010:38) identifiseer drie moontlike etimologiese bronne vir generiese voornaamwoorde: (i) 'n naamwoord(stuk), (ii) 'n wederkerende of voorwerpsvorm van 'n onpersoonlike voornaamwoord, of (iii) 'n persoonlike voornaamwoord. In Afrikaans is 'n voorbeeld van (i) (*'n*) *mens*, 'n verouderde voorbeeld van (ii) *sig*, en 'n voorbeeld van (iii) *jy/jou* en *hy/hom*. Ponelis (1979:105-6) identifiseer die volgende generiese voornaamwoorde in Afrikaans:

- (*'n*) *mens*
- *jy/jou*
- generiese attributiewe *jou*
- ongespesifiseerde of onpersoonlike *hulle*

Uit die beskikbare literatuur (onder andere Van Rooy, 1996) is daar ook die gebruik van die manlike vorme *hy/hom* as generiese voornaamwoord geïdentifiseer, en uit die data die kombinasies *hy/sy* en *hom/haar*. Al hierdie gebruike word vervolgens ondersoek, behalwe vir die attributiewe besitsvorme wat saam met die ander besitsvorme hanteer word.

Die Germaanse tale bevat (sommige nie meer nie) 'n generiese voornaamwoord wat etimologies afstam van *man* (mens), soos Duitse, Sweedse en Noorweegse *man*, en Nederlandse *men*, wat verwys na "mense oor die algemeen" (Coussé & Van der Auwera, 2012:121; Hoekstra, 2010:32). Terwyl van die tale se vorme, byvoorbeeld Sweedse *man*, potensieel na 'n bepaalde referent kan verwys, is dit met ander, soos Nederlandse *men*, nie die geval nie (Coussé & Van der Auwera, 2012:122). Dit is ook moontlik dat hierdie vorm die spreker kan insluit, soos Fries *men*, waar dit dan beteken 'mense soos ons' (Hoekstra, 2010:37). Die Nederlandse vorm *men* figureer tans hoofsaaklik in formele taalgebruik, en staan in sterk kompetisie met *je*, *we* en *ze* (Coussé & Van der Auwera, 2012:123; De Hoop & Tarenskeen, 2014:2).

In die vestiging van Standaardafrikaans het die Nederlandse vorm *men*, wat toe reeds minder gebruiklik as (*'n*) *mens* was, finaal in onbruik verval – daar is 43 gebruiksinstanties van *men* in die eerste periode, maar dit kom geensins in die latere data voor nie. Soortgelyk aan Nederlands word die tweedepersoonsvorm vir generiese verwysing aangewend, maar 'n

innovasie het ook na vore gekom, naamlik die voornaamwoordelike gebruik van ('n) *mens* in die plek van Nederlandse *men*. Die vorige paragraaf wys dat dit 'n algemene proses in Germaanse tale is – selfs soos wat die oorspronklike Nederlandse *men* verloor is, is 'n nuwe Afrikaanse ekwivalent, ('n) *mens*, gewerf vir dieselfde funksie, wat reeds in die eerste periode algemeen gebruik is terwyl die laaste reste van *men* nog teenwoordig was.

In die korpusdata word die leksikale item *mens* op verskillende wyses gebruik – dit word gebruik as 'n naamwoord wat na 'n konkrete mens verwys (voorbeeld 5.86):

[5.86] Sy begin haar self as aparte mens te ontdek. (1941-1950, Geesteswetenskappe)

Dit word ook gebruik as 'n naamwoord wat meer algemeen na die mensdom verwys [5.87], 'n gebruik wat reeds generies is, maar tog steeds selfstandig.

[5.87] Die mens met sy beperkte en verduisterde vermoëns is ook soeker na skoonheid. (1971-1980, Religieus)

Die gebruik as generiese mens vorm dan 'n brug na 'n nog meer abstrakte, grammatikale gebruik, naamlik as generiese voornaamwoord, wat soms voorkom as slegs *mens* [5.88],

[5.88] Min dinge skok mens nog. (2001-2010, Informatief)

en soms in die kollokasie 'n *mens* [5.89].

[5.89] Ek weet watter plek 'n mens in die dorp nie drank kan kry nie! (1911-1920, Fiksie)

Veral met die weglating van die lidwoord is die voornaamwoordelike karakter van *mens* besonder sigbaar, waar die struktuur van 'n naamwoordstuk verruil word vir 'n meer gestroopte voornaamwoordvorm, op grond van die grammatikale gebruik daarvan. Die getalle van die verskillende gebruike van *mens* word in tabel 5.34 gegee.

Tabel 5.34: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van mens

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
naamwoord	54	15,1%	61	21,3%	53	15,9%	62	19%
"mensdom"	52	14,5%	66	23,1%	134	40,2%	71	21,8%
generiese vnw	252	70,4%	159	55,6%	146	43,9%	193	59,2%
TOTAAL	358		286		333		326	

Die voornaamwoordelike gebruik van *mens* blyk deurgaans die grootste kategorie te wees, wat vir al die periodes behalwe die derde periode meer is as die totale leksikale gebruike. In die derde periode se besonder groot aantal leksikale gebruike is die meer abstrakte gebruik wat "die mensdom" beteken meer as dubbeld soveel soos die meer konkrete gebruik, wat dui op 'n voorkeur vir die minder konkrete gebruike van die item. Die data wys nie


proporsioneel of in gebruiksgetalle enige veranderinge met betrekking tot die gebruike van *mens* nie. Wat die voornaamwoordelike gebruike betref is daar twee vormlike vergestaltings van die voornaamwoord, soos reeds geïllustreer is in voorbeelde [5.88] en [5.89]. Die gebruiksgetalle van die twee verskillende opsies word in tabel 5.35 gegee.

Tabel 5.35: Gebruiksgetalle van die voornaamwoordelike gebruik van *mens* en *'n mens*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>mens</i>	37	14,7%	33	20,8%	34	23,3%	71	36,8%
<i>'n mens</i>	215	75,3%	126	79,2%	112	76,7%	122	63,2%
TOTAAL	252		159		146		193	

Terwyl die voornaamwoordelike gebruike in totale getalle nie deurlopende verandering in 'n spesifieke rigting toon nie, blyk daar 'n toenemende neiging te wees om die *'n* weg te laat en *mens* alleen as voornaamwoord te gebruik – in die laaste periode meer as dubbeld die proporsie van die eerste periode⁵⁶. Hierdie verlies van die lidwoord is tipies redusering wat plaasvind tydens grammatikalisering. Die gebruike met *'n* maak egter steeds amper twee derdes van die totale gebruike in die laaste periode uit, hoewel dit heel moontlik anders kan wees in gesproke taalgebruik, aangesien geskrewe taalgebruik dikwels meer konserwatief is, en soms weerstand bied teen verandering wat al heelwat verder gevorder het in gesproke taalgebruik (en in hierdie geval duidelik aan die gang is). Wat die normatiewe literatuur betref – in die vroegste kategorie noem vier bronne beide opsies (Booyesen & Jansen, 1922:92; Botha & Burger, 1926:73; Bouman & Pienaar, 1924:180; Malherbe, 1917:88), en twee bronne dui slegs *'n mens* aan (Botha & Burger, 1927:71; Bouman & Pienaar, 1924:79-80). In die middelste kategorie is daar een bron wat beide opsies as ekwivalente aandui (Le Roux, 1968:201), een bron wat slegs *'n mens* aandui (Van der Merwe, 1951:49), en een bron wat sê dat die *'n* nie weggelaat behoort te word nie (Engelbrecht, 1975:40). In die laaste kategorie noem drie bronne beide opsies as ekwivalente (Combrink & Spies, 1986:99; Müller, 2003:145; Van der Merwe & Ponelis, 1982:129), terwyl een aanbeveel dat die *'n* eerder behou word (Prinsloo & Odendal, 1995:122). Terwyl daar dan enkele bronne is wat *'n mens* bo *mens* aanbeveel, en enkele bronne wat *mens* gewoon nie hanteer of erken nie, is die meeste bronne gemaklik met enige van die twee. Soos wat die lidwoord toenemend wegval, word albei vorme al hoe meer deur normeerders erken, en uiteindelik al hoe meer aanvaar. Om te kyk of daar in die onderskeid tussen gepubliseerde en ongepubliseerde tekste 'n mate van redaksionele intervensie sigbaar is, word die toename van *mens* (sonder *'n*) in figuur 5.4 aangedui.

⁵⁶ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 22.51; van periode een tot twee: 2.07 (onbeduidend); van periode twee tot drie: 0.22 (onbeduidend); van periode drie tot vier: 5.03



Figuur 5.4: Die toename van mens (sonder 'n) in gepubliseerde en ongepubliseerde tekste as gebruike per 100 000 woorde

Terwyl die gebruike in ongepubliseerde bronne 'n baie meer drastiese deurlopende toename toon as in die gepubliseerde tekste, is daar tog 'n besondere toename in gepubliseerde tekste tussen die laaste twee periodes. Dit lyk dus of, indien daar redaksionele intervensie was, dit teen die laaste periode afgeneem het of moontlik selfs gestaak is, wat die indruk uit die literatuur bevestig dat normeersers beide opsies aanvaar. Die toenemende weglating van 'n is 'n gevolg van grammatikalisering, waartydens fonologiese reduksie plaasvind, waarin die weglating van die 'n 'n weerspieëling van gesproke taalgebruik is.

Al die verdere generiese voornaamwoorde wat in Afrikaans gevind word, is in die vorm van verskillende persoonlike voornaamwoorde wat vir generiese verwysing aangewend word. Een voorbeeld hiervan is generiese *jy* en *jou*, wat Ponelis (1979:105) duidelik onderskei van persoonlike *jy* en *jou* wat eksplisiet na die aangesprokene verwys. Daar is 'n soortgelyke gebruik in Nederlands, van veral *je*, wat toenemend die funksionele lading van *men* oorneem (De Hoop & Tarenskeen, 2014:2). Die generiese gebruik van *jy/jou* word deur vyf normatiewe bronne uit die vroegste kategorie aangedui (Booyesen & Jansen, 1922:92; Botha & Burger, 1926:74; Botha & Burger, 1927:72; Bouman & Pienaar, 1924:73; Malherbe, 1917:88), maar slegs een keer weer in die laaste kategorie hanteer (Van der Merwe & Ponelis, 1991:109). Enige toename kan dus nie vanuit die normatiewe literatuur gemotiveer word nie. Soos met gebruike as tweede persoon voornaamwoorde word *jy* as onderwerpsvorm aangewend (voorbeeld 5.90) en *jou* as voorwerpsvorm [5.91].

[5.90] As ji bij die Kaap sou begin en maar altijd naar die Weste toe reis, sou ji eindelijk weer bij die Kaap aankom. (1911-1920, Informatief)

[5.91] As sy jou vertel van 'n vriendin wat swanger of seksueel aktief is, praat sy dalk van haarself. (2001-2010, Informatief)

Hand aan hand met generiese *jy* en *jou* loop natuurlik die meer beleefde of formele generiese *u*, ook gebaseer op 'n tweedepersoonsvorm, wat as die onderwerpsvorm [5.92] en die voorwerpsvorm [5.93] gebruik word.

[5.92] Maak gebruik van die vormpie wat elke maand in „Die Taalgenoot” verskyn as u van adres verander, en ons sal sorg dat u gereeld u eksemplaar ontvang. (1941-1950, Verslaggewing)

[5.93] En dan moet dit vir u nie iets vaags of onpersoonliks wees nie. (1971-1980, Religieus)

Uit die vier voorbeelde hierbo word dit duidelik dat *jy/jou/u* op 'n ander manier as generiese voornaamwoord gebruik word as (*'n*) *mens* – terwyl (*'n*) *mens* volledig onbepaald en ongespesifiseerd is, het *jy/jou/u* eerder die betekenis "jy, leser of hoorder, wie jy ook al is" (soos in voorbeelde 5.91, 5.92 en 5.93), of "enigiemand, jy ingesluit" (soos in voorbeeld 5.90). Soos reeds genoem, word gebruike waar die leser direk aangespreek word in gepubliseerde tekste steeds as generies beskou – as die teks nie aan 'n bepaalde individu gerig is nie, dan is die *jy/jou* of *u* tog grootliks onbepaald. Die gebruiksgetalle van generiese *jy*, *jou* en *u* word in tabel 5.36 gegee.

Tabel 5.36: Gebruiksgetalle van die generiese gebruike van *jy*, *jou* en *u*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>jy/jou</i>	297	94,9%	149	58,4%	159	68,5%	758	99,87%
<i>u</i>	16	5,1%	106	41,6%	73	31,5%	1	0,13%
TOTAAL	313		255		232		759	

Daar is tekens van twee veranderinge in tabel 5.38. Die een het te doen met die gebruik van *u* – van die eerste na die tweede periode is daar 'n toename, en daarna neem dit 'n bietjie af in getal en proporsie na die derde periode, om amper heeltemal te verdwyn teen die laaste periode. Terwyl die gebruik van *u* oor die algemeen deurlopend afneem (sien tabel 5.16), is die verminderde gebruik vir generiese verwysing nog meer radikaal. Die bespreking van tabel 5.18-5.21 wys egter dat daar in die tweede en in die derde periode uitskieter-tekste is wat deurlopend *u* generies gebruik, terwyl dit nie soveel in ander tekste voorkom nie. Dit beteken dat die frekwensies van generiese *u* skeefgetrek is – die enigste afleiding wat met enige mate van sekerheid gemaak kan word, is dat *u* nog tot en met die derde periode geredelik as generiese voornaamwoord gebruik kon word, waarna dit amper heeltemal verdwyn het. Die ander verandering betrek *jy* en *jou* en die totale gebruik van die tweedepersoonsvorme vir generiese verwysing – daar is 'n drastiese vermeerdering van

gebruike in die laaste periode, wat meer as twee keer soveel is as enige van die ander⁵⁷. Terwyl die opsie om *jy/jou* generies te gebruik deurgaans beskikbaar is, word dit in die laaste periode twee tot drie keer soveel gebruik vir die funksie as in enige van die ander periodes. Daar word later na hierdie tendens teruggekeer.

'n Volgende tipe generiese verwysing, wat gebruik maak van derdepersoonsvorme, is ongespesifiseerde of onbepaalde *hulle* of *hul*, wat in tabel 5.37 herhaal word.

Tabel 5.37: Gebruiksgetalle van die generiese gebruike van *hulle* en *hul*

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>hulle</i>	11	5	8	6
<i>hul</i>	3	0	1	1
TOTAAL	14	5	9	7

Die gebruiksgetalle is besonder laag, maar enigsins teenwoordig, wat beteken dat die opsie beskikbaar is aan taalgebruikers en tog van tyd tot tyd aangewend word. Die gebruik van generiese *hulle* word in een bron in die vroegste kategorie van die normatiewe literatuur aanbeveel – Booysen en Jansen (1922:92) beveel *hulle* in sinne soos "Hulle sê dit is onwaar" aan in die plek van Nederlandse *men*. Die saak word dan eers weer laat in die eeu hanteer – twee bronne wys dit af as onverantwoordelik (Van Schalkwyk & Viviers, 1977:211) en onseker of onduidelik (Carstens, 1989:291), terwyl een bron betreur dat dit nie meer gereeld so gebruik word na die verlies van Nederlandse *men* nie (Combrink & Spies, 1986:68). Terwyl die gebruik vanaf die eerste periode skaars is, is daar meer bronne wat dit afwys as aanbeveel, en moontlik het die gebruik as gevolg dáárvan, sowel as die grammatikalisering van (*n*) *mens*, nie groter aanhang verkry om *men* te vervang nie.

'n Ander, meer kontroversiële, generiese gebruik wat derdepersoonsvorme inspan, is die gebruik van *hy* en *hom* as generies, en nie manlik nie. Met dié dat daar in Engels 'n soortgelyke strategie gebruik word, is daar die laaste paar dekades heelwat aandag aan hierdie praktyk gegee, ook in die internasionale literatuur. 'n Aantal outeurs tipeer hierdie praktyk, wat per implikasie *man* en *mens* met mekaar gelykstel en *vrou* 'n *gemerkte mens* maak, as seksisties (Earp, 2012:6; Gastil, 1990:630-1; Mühlhäusler & Harré, 1990:325; Van Rooy, 1996:35). Mühlhäusler en Harré (1990:235) stel *hulle* standpunt soos volg:

The individual chosen to instantiate or exemplify the species is usually a member of the male sex. That is just bad biology as well as being a genuine instance of sexism.

Gastil (1990:360) wys daarop dat party outeurs die seksistiese oorsprong van die praktyk erken, maar ten spyte van die problematiek wat al deur verskeie navorsers aangedui is, die

⁵⁷ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 641.6; van periode een tot twee: 49.67; van periode twee tot drie: 0.38 (onbeduidend); van periode drie tot vier: 423.34

kontemporêre nadelige gevolge daarvan ontken. 'n Voorbeeld hiervan in die Afrikaanse literatuur is 'n eindnoot wat telkens aan die einde van hoofstuk 1 van Carstens se *Norme vir Afrikaans* verskyn, wat lees: "Die manlike voornaamwoorde *hy/hom* word in hierdie boek gerieflikheidshalwe as oorkoepelende term vir sowel manlike as vroulike referente gebruik." (Carstens, 1989:54; 1991:31; 2003:32; 2011:34). In die hantering van die kwessie betrek Van Rooy (1996:35) Foucoult se konsep van 'n diskursiewe praktyk, wat 'n metode is "om sekere diskoerse stem te gee en gelyktydig ander stil te maak deur prosedures te gebruik wat toelaat watter diskoerse 'aanvaarbaar' is." Hy plaas die generiese manlike voornaamwoord in 'n seksistiese diskursiewe praktyk wat een van die twee geslagte, meestal die vrou, 'n regmatige plek in die diskoers ontsê (Van Rooy, 1996:35). Die seksistiese tipering van die manlike generiese voornaamwoord word gebaseer op navorsing wat wys dat sodanige gebruike nie geslagsneutraal is nie, maar duidelike voorkeur gee aan manlike interpretasie (Everett, 2011; Gastil, 1990; Van Rooy 1996), terwyl werklike geslagsneutrale voornaamwoorde meer geslagsneutrale interpretasie meebring (Everett, 2011:149). Van Rooy (1996:35) wys op die standpunt dat die gebruik van manlike voornaamwoorde die argetipe skep dat die mens by verstek manlik is, wat 'n negatiewe vroulike ruimte skep en veroorsaak dat die vrou altyd in terme van die man uitgedruk word – "[d]ie vrou word dus die *nie-man*".

Engels het al vir verskeie eeue die opsie om *they* as enkelvoudige, generiese voornaamwoord te gebruik; ten spyte daarvan dat hierdie opsie sedert die agtiende eeu aktief deur preskriptiviste afgekeur is op grond van die grammatikale getalsinkongruensie (Everett, 2011:134; Mühlhäusler & Harré, 1990:232), word dit vandag steeds as 'n enkelvoudige, generiese voornaamwoord gebruik.

Met Afrikaanse taalgebruik staan sake egter anders. Soos tabel 5.28 wys, vervul *hulle* nie dieselfde funksie in Afrikaans as *they* in Engels nie. Dit laat gebruikers van Afrikaans met beperkte opsies wat betref anaforiese verwysing na geslagsneutrale enkelvoudige referente. Die gebruik van *hy/hom* in hierdie kontekste word soms as onproblematies voorgehou of selfs aanbeveel bo kombinasievorme – twee normatiewe bronne uit die vroegste kategorie stel die gebruik in 'n positiewe lig (Du Toit, 1902:9; Malherbe, 1917:78), asook drie bronne uit die laaste kategorie (Carstens, 1989:54; Combrink & Spies, 1986:69; Van der Merwe & Ponelis, 1982:85). Dit hou in dat *sy/haar* per implikasie slegs gebruik word wanneer 'n referent geslagtelik gemerk is as vroulik (Ponelis, 1979:68; Van der Merwe, 1997:32).

Daar is 'n aantal studies wat die realiteit van taalseksisme in Afrikaanse taalgebruik, ten minste tot onlangs, aandui. Van Rooy (1996) doen 'n eksperiment wat aandui dat Afrikaansprekende studente manlike generiese voornaamwoorde oorwegend as verwysend na manlike referente interpreteer, en nie as geslagsneutraal nie, ten spyte daarvan dat die

studente aangedui het dat hulle bewus is van die generiese gebruik van manlike voornaamwoorde. Beyliefeld en Van Jaarsveld (1991; 1994) ondersoek seksisme in Afrikaanse woordeboekinskrywings, en hulle vind betekenis- en gebruiksleiding wat "voortgaan om die vrou 'onsigbaar', en haar nuutverworwe status [as gelyke van die man] 'onkommunikeerbaar' te maak" (Beyliefeld & Van Jaarsveld, 1991:12; my invoeging - JK), en dat "die wêreld van die Afrikaanssprekende in hierdie stadium nog oorwegend manlik is" (Beyliefeld & Van Jaarsveld, 1994:47). Atkinson (1995) en Schwerdtfeger (1989) ondersoek voorbeeldtekste en voorbeeldsinne in tweedetaal- en eerstetaalhandboeke van Afrikaans onderskeidelik, en beide vind 'n oorvloed aan seksistiese taalgebruik, oorweldigende voorkeur vir enigiets manlik, en negatiewe stereotipering van die vrou. Schwerdtfeger (1989:34) som dit treffend op:

As iemand van 'n ander planeet hierdie aarde moet besoek, en hom/haar 'n ruk lank in 'n biblioteek sou begrawe om eers uit boeke meer oor ons as spesie, ons geskiedenis, ons kulture te wete te kom, moet ons nie verbaas wees as hy/sy daarna vas onder die indruk verkeer dat die aarde bevolk word deur 95% mans (wat almal interessante, aktiewe lewens lei), en slegs 5% vroue (wat iewers op die agtergrond met onbenullighede besig is).

Hoewel nie so drasties nie, word die beginsel van die groter sigbaarheid van mans en kleiner sigbaarheid van vroue in tabel 5.29 aangedui – in al vier periodes, selfs die mees onlangse (2001-2010), word daar heelwat meer na mans verwys as na vroue. Dit bevestig dat die dominerende posisie van die manlike vorm in gesproke Afrikaans wat deur Van Rooy (1996:34) uitgewys word, ook vir geskrewe taalgebruik geld, tot in die laaste periode van die data. Die beginsels wat in die ouer studies oor Afrikaanse taalseksisme aangedui word, is dus moontlik ten minste tot 'n mate nog geldig, hoewel die omvang of fyner besonderhede daarvan dalk kan verskil. Tabel 5.38 gee die gebruiksgetalle van die manlike voornaamwoordvorme en die vroulike voornaamwoordvorme se gebruike as generiese voornaamwoorde.

Tabel 5.38: Gebruiksgetalle van die generiese gebruike van manlike en vroulike voornaamwoorde

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
hy/hom	471	100%	239	100%	202	99,5%	48	33,6%
sy/haar	0		0		1	0,5%	95	66,4%
TOTAAL	471		239		203		143	

Daar is twee opvallende tendense uit tabel 5.38 te bespeur. Die een tendens is die deurlopende, en redelik beduidende⁵⁸, afname van die gebruik van enige geslagtelike voornaamwoorde vir generiese verwysing, wat in kontras staan met die toename in *jj/jou* as

⁵⁸ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 213.49

generiese voornaamwoord. Die ander tendens is die toetrede van vroulike vorme vir generiese verwysing in die laaste periode, wat met die intrapslag manlike vorme verbygaan. Dit is tog belangrik om op te merk dat al hierdie vroulike vorme uit twee artikels uit vrouetydskrifte en een boek oor kleuters kom, en dat dit deurlopend gebruik word om na kinders, en veral babas en kleuters te verwys, telkens in verhouding tot die moeder. In die tydskrif *Sarie* is daar 'n artikel wat gaan oor ouerskap en hoe om woede te hanteer, waar *sy/haar* telkens gebruik word om na kinders in die algemeen te verwys soos [5.94]:

[5.94] Bly weg van stellings wat jou kind skuldig laat voel of wat haar onveilig en bedreig laat voel. (2001-2010, Informatief)

Daar is 12 gebruiksgevalle van *sy* en *haar* wat generies gebruik word in hierdie artikel. In nog 'n artikel, ook uit *Sarie*, word daar wenke gee oor hoe om 'n kleuter te leer om die potjie te gebruik, en ook daarin word daar telkens in die vroulike vorm na die kind verwys, soos in [5.95]:

[5.95] As sy weet dat jy sekere verwagtinge koester, kan sy gestres raak. (2001-2010, Informatief)

Hierdie teks het 37 gebruiksgevalle van *sy* en *haar* as generies. In die boek *Slaapgids vir babas en kleuters* verwys die outeur weereens deurlopend na die kind in die vroulike vorm, soos [5.96]:

[5.96] Masseer haar met spesiaal gemengde olie met laventel en/of kamille, en streef haar met lang, ferm hale van kop tot tone. (2001-2010, Informatief)

Hierdie teks het 46 gebruiksgevalle van *sy* en *haar* as generies. Terwyl dit inderdaad 'n stap weg van blatante voornaamwoordelike seksisme is, is dit tog opmerklik dat die enigste gebruikskonteks in die data dié is van kinders wat versorging benodig. In die ouer periodes is daar soortgelyke bronne, byvoorbeeld in 1971-1980 is daar in die religieuse afdeling 'n gedeelte uit 'n boek wat handel oor hoe om kindertjies te leer bid – in hierdie bronne word die manlike vorm deurgaans gebruik om na die kind te verwys. Die aantal tekste waarin *hy/hom* en *sy/haar* telkens as generiese voornaamwoord gebruik word, word in tabel 5.39 aangedui.

Tabel 5.39: Hoeveelheid tekste waarin *hy/hom* en *sy/haar* generies gebruik word

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>hy/hom</i>	55	34	27	16
<i>sy/haar</i>	0	0	1	3

Uit die bostaande tabel word dit duidelik dat die gebruik van die manlike vorm as generiese voornaamwoorde steeds baie meer wyd verspreid is, en deur meer outeurs gebruik word, as

wat die geval is met die vroulike vorm, ten spyte daarvan dat die manlike vorm in die laaste periode 'n laer gebruiksfrekwensie het.

Die een opsie wat soms aangewend word vir meer geslagsneutrale generiese verwysing, is kombinasievorme soos *hy/sy* of *hy of sy*, en *hom/haar* of *hom of haar*. Al word die gebruik hiervan nie eksplisiet verbied soos wat in die negentiende eeu in sekere kringe in Engels die geval was nie (Everett, 2011:134), word dit tog in 'n negatiewe lig gestel wanneer Ponelis (1979:59) dit beskryf as "niks anders as pedanties nie". Dieselfde ingesteldheid word in enkele normatiewe bronne ook gevind – Van der Merwe en Ponelis (1982:85; 1991:97) noem dit ook pedanties, en Combrink en Spies (1986:69) beskryf dit as "vervelend". Ook Müller (2003:106) wys *hy of sy* af, maar in plaas van die gebruik van die manlike vorm, beveel sy onbepaalde vorme soos *elkeen* aan. Die kombinasievorme word tog enigsins in die data gevind, en die gebruiksgetalle daarvan word in tabel 5.40 aangedui.

Tabel 5.40: Gebruiksgetalle van kombinasievorme as generiese voornaamwoorde

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>hy/sy / hom/haar</i>	2	2	3	25

Die gebruike figureer enigsins in al die periodes, maar is besonder skaars tot die laaste periode, waartydens die gebruiksgetalle effens styg, maar steeds heelwat laer as individuele *hy/hom*- en *sy/haar*-gebruike is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar verskeie vorme van generiese menslike verwysing in Afrikaans is. 'n Aantal van hierdie vorme het in die eeu wat ondersoek word veranderinge ondergaan, en om hierdie veranderinge binne konteks te plaas, word die gebruiksgetalle van al die verskillende generiese voornaamwoordvorme in tabel 5.41 saamgevat.

Tabel 5.41: Gebruiksgetalle van die verskillende generiese voornaamwoorde

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>('n) mens</i>	358	31%	286	36,3%	333	43%	326	26%
<i>jy + jou</i>	297	25,6%	149	19%	159	20%	758	60%
<i>u</i>	16	1,4%	106	13,5%	73	9,3%	1	
<i>hulle</i>	14	1,2%	5	0,6%	9	1,2%	7	0,5%
<i>hy + hom</i>	471	40,6%	239	30,4%	202	26%	48	4%
<i>sy + haar</i>	0		0		1	0,1%	95	7,5%
<i>hy/sy + hom/haar</i>	2	0,2%	2	0,2%	3	0,4%	24	2%
TOTAAL	1 158		787		780		1 259	

Die totale gebruik van generiese voornaamwoorde toon 'n interessante patroon waar die twee middelste periodes s'n heelwat laer is as die eerste en laaste periode⁵⁹. Die interne veranderinge is egter meer veelseggend. Die mees opvallende afname is die gebruik van die manlike generiese voornaamwoord, wat 'n soortgelyke tendens toon as Amerikaanse Engels (Earp, 2012). Hierdie afname in die gebruik van manlike vorme (van naamwoorde en voornaamwoorde) as generies, en die vervanging daarvan met gender-neutrale opsies, word direk verbind met die feministiese beweging wat sterk argumente maak ter bevordering van nie-seksistiese taalgebruik (Earp, 2012:6). In 'n artikel oor besigheidstaal in 1973 word aangevoer "When public values change, the uses of words related to those values change" (Fuller, 1973:8) oor die impak van feminisme, en "One consequence of changes in the law is change in the language" (Fuller, 1973:11) na aanleiding van verandering in wetgewing oor die advertering van werksgeleenthede. Fuller se stelling word bevestig deur die studie van Earp wat aandui dat seksistiese taalgebruik in Amerika inderdaad afneem sedert die 1970s (Earp, 2012). In hierdie opsig volg Afrikaans die tendens in onder andere Amerikaanse Engels na, en is die veranderinge in tabel 5.41 'n gevolg van die sosiale veranderinge wat deur feminisme teweeggebring is. Die verandering kan moontlik in teenstelling met die Sapir-Whorf-hipotese staan – die sosiale verandering vind eers plaas, waarna die taalgebruik verander. Earp (2012:6) wys egter op navorsing wat aandui dat taalgebruik (en spesifiek seksistiese taalgebruik) mense se besluite oor byvoorbeeld werksaansoeke en verwante sake kan beïnvloed, wat beteken dat die onderskeid tussen oorsaak en gevolg nie klinkklaar is nie.

Die mees opvallende toename in tabel 5.41 hierbo is die gebruik van die tweedepersoonsvorme *jy* en *jou* , wat 'n spieëlbeeld vorm van veral die verlies aan manlike generiese verwysing. Aangesien die toename van *je* in generiese gebruike in Nederlands veral die funksionele lading van verminderde *men* oorgeneem het (De Hoop & Tarenskeen, 2014:2), maar Afrikaans vroeër die gebruik van *men* heeltemal verloor het, en nie 'n drastiese toename in die nuwe vorm (*'n*) *mens* het nie, is die mees waarskynlike verklaring van die toename van *jy/jou* in generiese gebruike dat dit 'n deel van die funksionele lading van *hy/hom* oorgeneem het. Die waarskynlikheid word verder versterk deurdat die gebruik van tweede persoon voornaamwoorde in generiese kontekste 'n tipologies wydverspreide verskynsel is (Gast *et al.* , 2015:14). Daar is reeds uitgewys dat *u* toenemend vir formaliteit gemerk geword het, en dit verval grootliks in onbruik as gevolg daarvan, terwyl vroulike vorme en kombinasievorme tot 'n mate die generiese domein betree, soos ook tot 'n mate die geval is in Amerikaanse Engels (Earp, 2012:14). *Hulle* bly redelik skaars in geskrewe

⁵⁹ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode (vermindering): 70.24; van tweede na derde periode: 0 (volledig onbeduidend); van derde na vierde periode (vermeerdering): 111.98

taalgebruik, en ('n) *mens* verhoog nie in totale gebruiksfrekwensie nie, maar toon wel tekens van grammatikalisering met 'n toenemende weglating van die onbepaalde lidwoord 'n. Dit blyk hieruit dat daar twee kragte agter veranderinge in generiese voornaamwoordgebruik in Afrikaans is: in die eerste plek is daar sosio-kulturele invloed, waar taalgebruik wegbeweeg van taalseksisme (hoewel daar inhoudelik in die tekste steeds oorwegend van mans gepraat word, maar dit daar gelaat), en toenemend direk word om die aangesprokene of leser implisiet of eksplisiet in te sluit deur die gebruik van *jy/jou*; in die tweede plek is daar grammatikalisering, waar *mens* toenemend sonder 'n gebruik word as generiese voornaamwoord.

5.4.5 WEDERKERIGE EN WEDERKERENDE VOORNAAMWOORDE

Wederkerige en wederkerende voornaamwoorde is deel van 'n kategorie voornaamwoorde wat slegs anafories kan optree, en dus geensins deikties nie; hierdie voornaamwoorde se "anaforiese verhouding vertoon 'n besondere sterk kohesie in dié opsig dat antesedent en anafoor in dieselfde sin moet optree" (De Stadler, 1989:413). Die Afrikaanse wederkerige voornaamwoorde is *mekaar*, *die een die ander* en *elk die ander* (De Stadler, 1989:413; Ponelis, 1993b:195). Hierdie voornaamwoorde kan nie selfstandig optree nie (De Stadler, 1989:413) en kan nooit in die onderwerpsposisie verskyn nie – dit word gebruik as voorwerp (voorbeeld 5.97),

[5.97] So reik gister en vandag mekaar die hand. (1971-1980, Informatief)

dit word gebruik as voorsetselaanvulling [5.98],

[5.98] Met die hande o'er mekaar sal hij blij sit en rustig toesien. (1911-1920, Religieus)

en dit word gebruik as voorbepaling [5.99] (Ponelis, 1979:85).

[5.99] 'n Tydlank het hulle, soos reeds aangestip, saamgewerk om later uitmekaar te gaan en nie altoos al te mooi dinge van mekaar se werk te sê nie. (1941-1950, Geesteswetenskappe)

Terwyl daar 'n redelike hoeveelheid voorbeelde van *mekaar* in die data gevind is, is daar geen gebruiksinstanties van *die een die ander* en *elk die ander* nie. Daar is ander verouderde wederkerige vorme waarvan 'n handvol in die data voorkom – *elkaar*, drie in die eerste periode, waarvan twee voorsetselaanvullings is en een 'n voorbepaling; *elkander*, wat een keer as voorsetselaanvulling in die eerste periode voorkom, en een keer as voorsetselaanvulling in die laaste periode. Die *elkander* in die laaste periode word egter deur 'n karakter in 'n historiese roman gebruik, en beide die verouderde vorme kan as grootliks in onbruik gereken word. In tabel 5.42 word die gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *mekaar* weergegee.

Tabel 5.42: Gebruiksgetalles van die verskillende gebruike van mekaar

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
voorwerp	25	18,5%	33	29,2%	21	25,6%	41	32,5%
voorsetselaanvulling	106	78,5%	72	63,7%	61	74,4%	79	62,7%
voorbepaling	4	3%	8	7,1%	0		6	4,8%
TOTAAL	135		113		82		126	

Die totale gebruiksgetalles neem vanaf die eerste na die derde periode af, om dan weer toe te neem in die laaste periode⁶⁰. Proporsioneel lyk dit of daar iets van 'n tendens is vir voorwerpsgebruike om toe te neem, en die gebruik as voorbepaling is deurlopend redelik laag (en in die derde periode selfs heeltemal afwesig). *Mekaar* het reeds teen die eerste periode die ander wederkerige voornaamwoorde verdring, en daar is geen veranderinge om te rapporteer nie.

Vervolgens word die aandag verskuif na wederkerende voornaamwoorde. Ponelis (1979:86) reken wederkerende voornaamwoorde (ook genoem refleksiewe voornaamwoorde) nie as 'n afsonderlike klas voornaamwoorde nie, maar as 'n besondere gebruik van die voorwerpsvorm van persoonlike voornaamwoorde, wat ook is hoe De Stadler (1989:414) dit beskryf. Wederkerende voornaamwoorde is anafories aan die sinsonderwerp (De Stadler, 1989:414; Ponelis, 1979:87). Wanneer die handeling van die werkwoord nie teruggaan op die doener van die handeling is, is dit nie werklik 'n wederkerende voornaamwoord nie, maar wat De Stadler (1989:415) noem 'n pseudo-wederkerende vorm. Wederkerende voornaamwoorde neem twee vorme aan in Afrikaanse taalgebruik – die voorwerpsvorm van 'n persoonlike voornaamwoord (voorbeeld 100),

[5.100] Ons mag ons voorstel dat die selle na twee kante toe funksioneer. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

en die uitgebreide vorm met *-self* [5.101] (Carstens, 2011:70; Ponelis, 1993b:287; Prinsloo, 1982:45).

[5.101] Daar word soms gesê dat 'n mens jouself tuis kan uitlewe. (1971-1980, Religieus)

Die vorm met *-self* is ietwat kontroversieel – terwyl dit klaarblyklik heeltemal aanvaarbaar is waar besondere nadruk of klem gelê moet word, of om dubbelsinnigheid uit te skakel (Carstens, 2011:70) (sien voorbeeld 5.102), word gebruike met *-self* andersins sterk afgewys (Carstens, 2011:70) en aan die invloed van Engels toegeskryf (Carstens, 2011:70; Ponelis, 1979:83, 88; Ponelis, 1993b:288).

⁶⁰ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 1.90 (onbeduidend); van tweede na derde periode: 4.78 (afname); van derde na vierde periode: 9.23 (toename)

[5.102] Arboreta leer ook sommer gou vir Silvie hoe om haarself soos 'n boom te laat lyk. (2001-2010, Fiksie)

Die hantering van die gebruik met *-self* in die normatiewe literatuur verander met verloop van tyd – in die vroegste kategorie is daar drie bronne wat bloot aandui dat *-self* gebruik word vir nadruk of om dubbelsinnigheid uit te skakel (Booyesen & Jansen, 1922:85; Botha & Burger, 1927:65-6; Bouman & Pienaar, 1924:75), terwyl twee bronne 'n opmerking maak dat dit *slegs* daarvoor gebruik behoort te word (Botha & Burger, 1926:68; Malherbe, 1917:81). In die middelste kategorie is daar net een bron wat die gebruik *slegs* beskryf (Van der Merwe, 1951:47), en drie bronne wat die 'onnodige' gebruik daarvan afwys (Basson *et al.*, 1968:71; Du Plessis, 1979:152; Van der Merwe, 1958:187). In die laaste kategorie is daar ses bronne wat die verskynsel hanteer, en almal wys die gebruik van *-self* buiten vir beklemtoning en om dubbelsinnigheid uit te skakel, af (Carstens, 1989:92; Combrink & Spies, 1986:141; Müller, 2003:189; Prinsloo & Odendal, 1995:170-1; Van der Merwe & Ponelis, 1982:169; Van Schoor, 1983:299). Die normatiewe literatuur toon dus 'n toenemend uitgesproke negatiewe ingesteldheid teenoor die 'ongemotiveerde' gebruik met *-self*. Ponelis (1993b:288) dui egter aan dat hierdie 'foutiewe' uitgebreide vorme al aangeteken is vanaf die begin van die twintigste eeu, en baie moontlik reeds vir etlike dekades voor dit meer algemeen in gesproke taalgebruik was.

Om te sien hoe hierdie drie gebruike – die voorwerpsvorm, die 'foutiewe' vorm met *-self* en die 'korrekte' vorm met *-self* – met mekaar vergelyk, word die gebruiksgetalle in tabel 5.43 weergegee. Die verskillende voornaamwoordvorme (*my, ons, jou, julle, u, haar, hom, hulle*) word hier bymekaargevoeg om 'n oorsig van die drie bogenoemde vorme te kry. Dit is belangrik om kennis te neem daarvan dat een voornaamwoordvorm hier in berekening gebring word wat nog geen aandag andersins geniet het nie – die uitsluitlik wederkerende vorm *sig*, met die verouderde Nederlandse vorm *zich* in die eerste periode. Buiten in die vaste uitdrukking *op sigself*, word *sig* en *sigself* net algemeen gebruik in die eerste periode, met vier gebruike in die tweede periode, en geen daarna. Die vorm *sig* word 173 keer gebruik in die eerste periode, *zich* 11 keer en *sigself* 14 keer. Dit word in tabel 5.43 gewoon by die ander vorme gereken, aangesien dit beide met *-self* en sonder *-self* gebruik kan word, en dieselfde beginsels daarvoor geld.

Tabel 5.43: Gebruiksgetalle van wederkerende voornaamwoorde oorsigtelik

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
voorwerpsvorm	385	89,8%	248	75,6%	127	72,2%	137	62%
'foutief' -self	16	3,7%	30	9,1%	19	10,8%	34	15,4%
'korrek' -self	28	6,5%	50	15,3%	30	17%	50	22,6%
TOTAAL	429		328		176		221	

Die totale getalle daal redelik skerp tot die derde periode, waarna dit effens toeneem⁶¹. Daar is egter duideliker tendense by die proporsies te bespeur. Die voorwerpsvorm (dus, die vorm sonder *-self*) neem proporsioneel deurlopend af, terwyl beide die 'foutiewe' en 'korrekte' vorme met *-self* proporsioneel toeneem. Die normeerders wat die sogenaamde ongemotiveerde gebruik met *-self* as foutief bestempel, se kommer is wel op werklike toename gebaseer, aangesien hierdie gebruik klaarblyklik aan die toeneem is. Dit lei tot die volgende vraag – kan dit bloot aan Engelse invloed toegeskryf word, of is dit 'n meer komplekse verskynsel?

Om hierdie vraag te antwoord word daar weer gebruik gemaak van Poplack *et al.* (2012a:204) se vyf kriteria om te bepaal of die variant van Engelse herkoms is. Die eerste kriterium is dat die verskynsel in werklikheid 'n verandering is – dit blyk dat die proporsioneel toenemende gebruik van vorme met *-self* inderdaad 'n verandering is, hoewel die getalle wisselvallig is en die verandering eintlik in die afname van die vorme sonder *-self* gesetel is. Kriterium twee vra dat die verskynsel nie teenwoordig was voor die aanvang van taalkontak nie, en hier is sake nie absoluut nie. Ponelis (1993b:287-8) rapporteer die gebruik van die uitgebreide vorm in plaas van die basisvorm in briewe uit die laat sewentiende eeu, asook sporadiese gebruike daarvan in bronne uit die agtiende eeu, wat dus voor Britse besetting geskryf is, maar hy beklemtoon dat dit 'n resessiewe variant was wat eers prominent geword het in die twintigste eeu (Ponelis, 1993b:288). Kriterium drie, dat die verskynsel teenwoordig is in 'n variëteit sonder kontak, is haas onmoontlik om te toets, aangesien daar geen hedendaagse Afrikaanse variëteite is wat nie al vir 'n eeu of meer in mindere of meerdere kontak met Engels voortbestaan nie. Kriterium vier vra dat die verskynsel se gedrag dieselfde is as die geleende ekwivalent s'n. Wat dit betref, gee Ponelis (1993b:290) 'n kort vergelyking tussen Afrikaanse en Engelse wederkerende voornaamwoorde, wat aandui dat die gebruik van die uitgebreide vorme van Afrikaans nie identies is aan dié van Engels nie, maar dat daar heelwat ooreenkoms in dié verband is – meer so as wat met Nederlands en Kaaps-Nederlands die geval is. In Engels is *-self* verplig in wederkerende gebruike, anders as in Afrikaans, selfs by verpligte wederkerende werkwoorde (Siemund, 2014:51); hierdie verpligte gebruik met *-self* het egter sedert Middelengels ontwikkel, waartydens die paradigma nog soortgelyk aan Afrikaans was (Smith, 2004:589). Die emfatische gebruike van die *-self*-vorme word ook in Engels gevind (Biber *et al.*, 2002:98). In Engels word die besitsvorm vir die eerste en tweede persoon gebruik (*myself, yourself, ourselves, yourselves*), nie die voorwerpsvorm nie (*herself, himself, itself, themselves*) (Siemund, 2014:51), maar behalwe vir die manlike vorm is al die relevante voornaamwoorde in

⁶¹ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 13.25 (afname); van tweede na derde periode: 45.73 (afname); van derde na vierde periode: 4.96 (toename; lae vlak van beduidendheid)

Afrikaans se voorwerpsvorme en besitsvorme dieselfde, so dit kom grotendeels ooreen in Engels en Afrikaans. Wat kriterium vyf betref, wat vra dat die geleende verskynsel substansieel verskil van dié in die ontvangertaal, lyk dit asof die *-self*-vorme inderdaad toenemend met die Engelse paradigma ooreenstem, hoewel dit nie besonder baie van die ouer Afrikaanse paradigma verskil nie. Dit klaar uit dat die *-self*-vorme nie van Engelse oorsprong is nie, en dus nie aan owerste oordrag toegeskryf kan word nie. Die vraag is dan of daar sprake van koverste oordrag is.

Die sprekers van Afrikaans se kontak met en blootstelling aan Engels kan nie ontken word nie, en dit wil lyk of die toenemende gebruik van Afrikaanse wederkerende voornaamwoorde met *-self* inderdaad, ten minste tot 'n mate, aan koverste oordrag vanaf Engels toegeskryf kan word. Die feit dat Engels self voorheen 'n gebruikspatroon soortgelyk aan Afrikaans gehad het, en 'n paar eeue gelede dieselfde ontwikkelingsgang as Afrikaans gevolg het, lei tot die vraag of Afrikaans die invloed van Engels benodig om in so 'n rigting te ontwikkel? Die toenemende gebruik van *-self* met wederkerende voornaamwoorde lei tot groter ekspressiwiteit, aangesien die onderskeid tussen voorwerpsgebruike en wederkerende gebruike van voornaamwoorde eksplisiet en onmiddellik sigbaar is, en sonder enige inspanning van mekaar onderskei kan word. Daar is twee kragte hier aan die werk – aan die een kant koverste oordrag vanaf Engels, en aan die ander kant ekspressiwiteit wat die aantreklikheid van die opsie verder verhoog en die gebruik daarvan aanhelp.

Soos met Engels is Afrikaanse (*-self*) nie altyd (suiwer) wederkerende voornaamwoorde nie – dit kan deel vorm van voorsetselstukke waarin dit onderwerp-anafories optree (voorbeeld 5.103),

[5.103] Wel, denk ik bij mijsel, ik moet dan bietjie siteer uit andere skrywers. (1911-1920, Informatief)

en dit kan as emfatiese anaforiese middel optree as bepalings vir naamwoord(stukke) [5.104],

[5.104] Voldoende energie moet gespaar word vir die eksamen self. (1941-1950, Manuskrip)

en as bepalings vir werkwoorde [5.105] (De Stadler, 1989:416).

[5.105] Ma bring elke keer self my kos. (2001-2010, Fiksie)

Die nie-voornaamwoordelike gebruike van (*-self*) word in tabel 5.44 opgesom, ter wille van volledigheid.

Tabel 5.44: Gebruiksgetalle van nie-voornaamwoordelike gebruike van (-)self

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
in voorsetselstuk	54	19,8%	47	22,3%	53	25%	61	30,3%
adjektiwies	106	38,8%	79	37,4%	76	35,8%	39	19,4%
adverbiaal	113	41,4%	85	40,3%	83	39,2%	101	50,3%
TOTAAL	273		211		212		201	

In totale gebruiksgetalle is daar 'n mate van afname vanaf die eerste na die laaste periode⁶², met die voorsetselgebruike (hoofsaaklik *-self*-vorme, nie *self* alleen nie) wat deurgaans proporsioneel toeneem, die adverbiale gebruike (meestal *self*) wat aan die einde proporsioneel toeneem, en adjektiwiese gebruike (meestal *self*) wat deurlopend afneem. Die toename in *-self*-vorme in voorsetselstukke, wat die naaste verwant is aan suiwer wederkerende voornaamwoorde, sluit aan by die toename in wederkerende *-self*-vorme. Hierdie addisionele funksies van (-)self ondersteun die uitbreiding van wederkerende voornaamwoorde met *-self* deur middel van analogiese uitbreiding.

5.4.6 SAMEVATTING: PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE

In die sisteem van persoonlike voornaamwoorde van Afrikaans word Mühlhäusler en Harré (1990:70) se bewering oor gender weerspieël – die spreker en aangesprokene, dus eerste- en tweedepersoonvoornaamwoorde, bevat nie gender nie, terwyl dit wel gemerk word op die derde persoon, maar ook net in die enkelvoud. Die eerstepersoonenkelvoud-voornaamwoord word toenemend in die direkte rede gebruik, sonder 'n meegaande toename in totale gebruike, wat aandui dat outeurs toenemend minder na hulleself verwys, terwyl karakters of persone in tekste dit wel doen. Dit kan 'n stilistiese tendens en/of 'n gevolg van standaardisering en verformalisering wees. Nog 'n moontlike teken van verformalisering is dat *hy/hom* al hoe minder vir siellose verwysing gebruik word, met *dit* wat daardie funksionele lading oorneem; *hy/hom* word gereken as die meer informele variant van die twee in hierdie gebruik. Aan die ander kant is daar die afname van *u* (in die tweede persoon en veral as generiese voornaamwoord) wat 'n teken van verinformalisering kan wees, maar dit kan ook toegeskryf word aan *u* wat toenemend gemerk word vir formaliteit. Die dialektiek tussen verformalisering en verinformalisering word in die laaste hoofstuk in meer besonderhede hanteer.

Daar is 'n hele aantal gevalle waar standaardisering merkbare variasiereduksie tussen die eerste en tweede periode teweeggebring het – die spellingvorm *ik* van die eerste persoon enkelvoud onderwerpsvorm verdwyn, al die onbeklemtoonde vorme verdwyn, die onderskeid tussen voorwerpsvorme en besitsvorme van 'n aantal voornaamwoorde verdwyn

⁶² Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 13.4

(*my-myn/m'n, jou-jouw, u-uw(e), ons-onze*), die sporadiese gebruik van die Nederlandse eerste persoon meervoud onderwerpsvorm *wij* en *we* verdwyn, die verouderde formele form *gy/gij* verdwyn, asook wederkerende *zich*, wederkerige *elkaar* en *elkander*, en aanwysende *dit*.

'n Ander tipe eksterne faktor wat tot taalverandering bydra, is sosio-kulturele verandering, en spesifiek relevant vir persoonlike voornaamwoorde is die invloed van feminisme sedert die sestigjare. Die gebruiksfrekwensie van die vroulike derde persoon *sy/haar* toon dat vrouens al hoe meer sigbaarheid in taalgebruik verkry, hoewel daar nog in die laaste periode meer as dubbeld soveel keer na mans as na vrouens verwys word met voornaamwoorde. 'n Ander gebruik waar dieselfde invloed sigbaar is, is die afname in die gebruik van manlike voornaamwoorde as generiese voornaamwoorde, en die gelyklopende toename in die tweede persoon enkelvoud *ji/jou* as generiese voornaamwoorde. Hoewel slegs in enkele tekste, betree vroulike voornaamwoorde teen die einde van die eeu enigsins die domein van generiese verwysing. Die gebruik van kombinasievorme (soos *hy/sy* of *hy en sy*) is redelik skaars, maar neem ook toe in die laaste periode. Hierdie tendens weerspieël soortgelyke veranderinge in Amerikaanse Engelse taalgebruik.

'n Ander krag wat agter sekere veranderinge sit is ekspressiwiteit. Die spesialisering van *hul*, en tot 'n mate *jul*, vir amper uitsluitlik attributiewe gebruike bring makliker onderskeid tussen selfstandige en attributiewe gebruike van die tweede en derde persoon meervoud mee, en is ook 'n meer ekonomiese uitdrukkingswyse. Die toenemende spesialisering van *dit* vir siellose gebruike (in die enkelvoud en meervoud) terwyl *hy/hom* en *hulle* al hoe minder daarvoor gebruik word, werk op dieselfde beginsel. Ook die toenemende gebruik van *-self* met wederkerende voornaamwoorde volg hierdie beginsel na, en bring makliker onderskeid tussen voorwerpsgebruike en wederkerende gebruike mee. Daar is egter nog kragte betrokke by die toenemende gebruik van *-self* – daar is tekens van koverte oordrag vanaf Engels, waarin die gebruik van *-self* by wederkerende voornaamwoorde verplig is. Hierdie twee kragte word nóg verder aangehelp deur analogiese navolging van die gebruik van *(-self)* in ander funksies, veral betreffende *-self*-vorme in voorsetselstukke. Analogievorming is verder ook betrokke by die afname in sinskataforiese en toename in sinsanaforiese gebruike van *dit* – die voornaamwoord *dit* word andersins by uitstek anafories gebruik, en die analogiese normalisering bring groter reëlmatigheid in die paradigma mee. *Dit* is by nog 'n verandering betrokke: leë of formele *dit* neem effens af, wat toegeskryf word aan ekonomie, aangesien heelwat van die gebruike van leë of formele *dit* vermy kan word deur inversie, wat 'n korter formulering tot gevolg het.

Ekonomie, asook ekspressiwiteit, is beide implisiet betrokke by die proses van grammatikalisering. Grammatikalisering steek op twee plekke kop uit in die gebruik van

persoonlike voornaamwoorde. Aan die een kant is daar 'n subtiele vermeerdering in gebruike van die kombinasievorm *dis* in plaas van *dit is*, wat fonologiese erosie aandui sowel as toenemende eenheidstatus. Aan die ander kant is daar 'n proporsionele vermeerdering in die gebruike van *mens* teenoor '*n mens* as generiese voornaamwoord, wat ook dui op fonologiese erosie, en die grammatikale aard van die gebruik duideliker maak terwyl dit verder weg beweeg van die oorspronklike leksikale vorm.

5.5 AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE

Die aanwysende voornaamwoorde, ook genoem demonstratiewe voornaamwoorde, van Afrikaans is *hierdie*, *daardie* en *dié* (Den Besten, 2012e:61-2; De Stadler, 1989:138, 358; Kirsner, 2014:44; Ponelis, 1979:89, 1993b:168; Roberge, 2001:128). Tradisioneel word daar 'n semantiese onderskeid tussen *hierdie*, *dié* as "dit wat relatief naby die spreker is" en *daardie* as "dit was relatief ver van of nie naby die spreker is nie" getref (De Stadler, 1989:138). Kirsner (2014:45-6) volg egter nie hierdie model nie – volgens hom kan daar onderskei word tussen verskillende tipes deiksis wat deur elk van die aanwysende voornaamwoorde aangedui word: *hierdie* dui sentrale (of nabye) deiksis aan, *daardie* dui perifere (of verwyderde) deiksis aan, en *dié* dui bloot deiksis as sodanig aan sonder om sentraliteit of afstand te spesifiseer (Kirsner, 2014:48). Die rede waarom *hierdie* en *dié* dikwels as sinonieme gereken word is, volgens Kirsner (2014:52-55), as gevolg van die egosentrisiteit van mense – die feit dat mense meer geneig is om na nabye objekte en sake te verwys, beteken dat *dié*, wat ongespesifiseerd vir afstand is, meer gereeld gebruik sal word vir verwysing na nabye objekte en sake. Dit beteken egter nie dat *hierdie* en *dié* identies is nie.

In Afrikaans is die Nederlandse aanwysende voornaamwoorde *deze*, *dit*, *die* en *dat* vervang met die neologistiese vorme *hierdie* en *daardie* en beklemtoonde *dié* (Den Besten, 2012e:61-2; Roberge, 2001:124). Om die ontstaan van die neologistiese vorme na te speur is 'n komplekse kwessie – ná vereenvoudiging tipies van kreolisering, lei die semantiese verhouding tussen lokatiewe en demonstratiewe tesame met Khoikhoi en Maleise invloed weer tot uitbreiding van die sisteem om *hierdie* en *daardie* in te sluit; hierdie vorme figureer egter eers later in die variëteite van die voormalige slawe wat in Arabies-Afrikaanse geskrifte opgeteken is, as in die taalgebruik van die koloniste (Den Besten, 2012e:70; Roberge, 2001:127-8). Roberge (2001:132) som die ontwikkeling soos volg op:

We can be reasonably certain that *die* was the sole determiner in the Cape Dutch Pidgin, as Den Besten (1988) argues, serving as both definite article and demonstrative pronoun, with proximal and distal interpretations governed by context. Locally born language learners drew on the resources of a fully developed superstrate language (Cape Dutch) alongside a co-territorial Cape Dutch Pidgin, during which time distinctions of proximity came to be systematically encoded by means of locative adverbs. This

syntactic pattern could well represent the extension and re-analysis of the metropolitan *hier/daar* + DP structure, abetted perhaps by universal semantic relations underlying the location and identification of referents in a spatio-temporal context, and by substrate influences, as Den Besten suggests.

Gesien in die konteks van voortkomende grammatika, is die items *hierdie* en *daardie* dus die gevolg van die grammatikalisering van die algemene aanwysende voornaamwoord *die* in kombinasie met algemene lokatiewe adverbialia wat óf nabyheid aandui (*hier*), óf afstand (*daar*), indien dit gespesifiseer word. Wat eers 'n selfstandige adverbium en aanwysende voornaamwoord was, is mettertyd so gereeld saam in dieselfde konteks gebruik (na aanleiding van interne en eksterne faktore) dat dit tot 'n vaste konstruksie met eenheidstatus ontwikkel het, oftewel 'n eksemplaar wat as 'n eenheid herroep en gebruik is. Die laat verskyning (Raidt, 1991:209; Scholtz, 1980:74) en stadige verspreiding van *hierdie* en *daardie* word toegeskryf aan die semanties soortgelyke Nederlandse vorme *deze* en *die* wat nog tot 'n mate in Kaaps-Nederlands beskikbaar was (Roberge, 2001:132).

Verwant aan die aanwysende voornaamwoorde *hierdie* en *daardie* is die gebruike van die lokatiewe *hier* en *daar*, waar *daar* die onbeklemtoonde Nederlandse *er* se gebruike oorgeneem het, wat nie onverwags is in die lig van die voornaamwoordelike sisteem se behoud van die sterk vorme en afskaffing van die onbeklemtoonde vorme nie (Den Besten, 2012e:67; Ponelis, 1993b:278). *Daar* word dikwels as leë sinsonderwerp gebruik, terwyl *hier* meer semantiese waarde het, naamlik "location in focus" (Ponelis, 1993b:278).

Die kort (en, volgens Kirsner (2014:48, 53) deikties neutrale) Afrikaanse aanwysende voornaamwoord, *dié*, kan beide attributief en selfstandig gebruik word, met 'n breë semantiese basis wat ooreenkom met Engelse *this*, *these* en *that*, *those* (Den Besten, 2012e:75). Die selfstandige gebruik van *hierdie* en *daardie* is egter kontroversieel – terwyl De Stadler (1989:418) dit slegs noem, keur Carstens (2011:73) dit ten sterkste af, en skryf beide Carstens (2011:73) en Ponelis (1979:90) dit aan die invloed van Engels toe. Aangesien die vorme 'n suiwer Afrikaanse ontwikkeling is, sal die aanneem van nuwe gebruikskontekste volgens hierdie outeurs 'n gevolg van koverte oordrag vanuit Engels wees. Kirsner (2014:70) noem egter dat adjektiewiese demonstratiewe geneig is om selfstandige voornaamwoorde te word – dit beteken dat die selfstandige gebruik van *hierdie* en *daardie* netsowel sonder die invloed van Engels sou plaasgevind het, deur middel van 'n grammatikaliseringsroete wat in ander tale ook voorkom. Deur die gebruikspatrone in Afrikaans en Engels te vergelyk, kan daar moontlik verdere uitklaring hieroor gevind word.

Vervolgens word daar van naderby gekyk hoe sake verloop met betrekking tot die gebruik van aanwysende voornaamwoorde in die eeu onder bespreking. Tydens die eerste periode is die nuwe Afrikaanse vorme sowel as ouer Nederlandse vorme van aanwysende

voornaamwoorde in gebruik. Tabel 5.45 gee die gebruiksgetalte van die verskillende aanwysende voornaamwoorde wat in die eerste periode se data voorkom.

Tabel 5.45: Gebruiksgetalte van die verskillende aanwysende voornaamwoorde 1911-1920

Woordvorm	Getal
<i>hierdie</i>	310
<i>daardie</i>	111
<i>dié & die</i> (aanw.)	492
<i>deze</i>	19
<i>dezen</i>	1
<i>dezer</i>	1
<i>dit</i>	24
<i>dat</i>	17

Dit is duidelik dat, terwyl die Nederlandse vorme nog enigsins in gebruik was in 1911-1920, die nuwe Afrikaanse vorme reeds by verre die mees frekwente aanwysende voornaamwoorde was. Die variasiereduksie wat tipies is van standaardisering het egter ná die eerste periode met die Nederlandse vorme weggedoen. Vir die res van die afdeling word slegs die moderne vorme *hierdie*, *daardie* en *dié* in berekening gebring.

Die neutrale aanwysende voornaamwoord *dié* is eerste aan die beurt. Om die volledige gebruiksgetalte in die korpus te vind is egter nie eenvoudig nie. Terwyl die meeste gebruiksgesvalle van *dié* wel met die akuutteken geskryf is, is daar 'n aantal wat daarsonder geskryf is. Wanneer dit sonder die akuutteken geskryf word, lyk dit dieselfde as die bepaalde lidwoord *die*, wat die mees frekwente woord in elk van die periodes is (telkens met 'n totaal van tussen 18 700 en 21 500). Ten einde 'n gemiddelde verhouding tussen lidwoorde en voornaamwoorde met die vorm *die* te vind, is daar vir elke periode ses stelle van 500 lukrake voorbeelde van *die* onttrek, en aangeteken hoeveel hiervan duidelik aanwysend is en nie 'n lidwoord nie. Daarvolgens is die gemiddelde verhouding tussen die twee verskillende gebruike vasgestel, en die waarskynlike totale aanwysende gebruiksgetal met die vorm *die* is bereken.

Die een kriterium op grond waarvan lidwoorde van voornaamwoorde onderskei is, is wanneer *die* selfstandig gebruik is, in welke geval dit vanselfsprekend 'n voornaamwoord en nie 'n lidwoord is nie, byvoorbeeld "Die besoedeling wat veroorsaak word kan ook vergelyk word met die van steenkoolkragstasies waarvan daar 21 in Suid-Afrika in bedryf is." (2001-2010, Natuurwetenskappe). Die meeste van die gebruike van *die* wat as aanwysend geklassifiseer is, is van hierdie aard. Daar is tog ook attributiewe gebruike wat as aanwysend geklassifiseer is, spesifiek wanneer dit uit die konteks duidelik is dat die *die* een

of 'n seleksie van iets uitsonder of spesifiseer uit 'n groter versameling, soos "Die twee, onafskeidbaar saam verbind, het vir ons Dingaansdag gegee." (1941-1950, Informatief) wat twee feesdae tussen ander uitsonder, of "Die verlies van die onafhanklikheid van die deel was laaste bittere voorwaarde vir die bewuswording van die volkseenheid van Kaap tot Limpopo daarna." (1941-1950, Geesteswetenskappe) wat die ZAR uitsonder as die laaste deel van die land wat onafhanklikheid aan die Britte afgestaan het. Die verskillende skryfwyses se berekende getalle word in tabel 5.46 aangedui.

Tabel 5.46: Berekening van die gebruiksgetalle van aanwysende gebruike van dié/die

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
dié	167	231	340	472
die	49 uit 3 000 20 335 <i>die</i>	13 uit 3 000 21 433 <i>die</i>	11 uit 3 000 20 072 <i>die</i>	9 uit 3 000 18 713 <i>die</i>
	±325	±92	±74	±56
TOTAAL	492	323	414	528

Terwyl dit nie grammatikale verandering is nie, is dit tog interessant om op te merk dat die aanwysende voornaamwoord toenemend met die akuit geskryf word om dit in geskrewe taalgebruik (sonder klemtoon) te onderskei van die lidwoord. Die berekende totale gebruiksgetalle verminder redelik baie vanaf die eerste na die tweede periode, waarna dit deurlopend vermeerder om teen die laaste periode meer blyk te wees as die eerste periode⁶³.

Daar is twee onderskeie gebruike van *dié* in die data geïdentifiseer – attributiewe gebruike (voorbeeld 5.106),

[5.106] Dié aanblik van 'n ritmies harmonies bewegende liggaam, merk hy verder op, werk "erotiserend" (verliewend). (1911-1920, Religieus)

en selfstandige gebruike wat na 'n referent in die teks verwys, hetsy anafories [5.107] of katafories [5.108] – dienooreenkomstig die gebruike van aanwysende voornaamwoorde in Nederlands (Kirsner, 2014:41).

[5.107] Hy het die kudde by sy pa oorgeneem toe dié afgetree het. (2001-2010, Verslaggewing)

[5.108] Jy weet dit is dié dat die oubaas nou die dag met die sogenaamde dier-sielkunde gespot het. (1971-1980, Biografies)

Aangesien die gebruiksgetalle geëkstrapoleer is, word die proporsies van die geanaliseerde gebruiksgesvalle van *dié* in tabel 5.47 aangetoon.

⁶³ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 34.86 (afname); van tweede na derde periode: 11.77; van derde na vierde periode: 13.45

Tabel 5.47: Proporsionele verdeling van verskillende gebruike van *dié*

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
attributief	85%	60%	75%	78%
selfstandig	15%	40%	25%	22%

Die attributiewe gebruike bly deurlopend die grootste kategorie. Die eerste periode se attributiewe gebruike is proporsioneel die hoogste, waarna dit redelik drasties val, en stadigaan weer styg, hoewel die verandering op geen stadium statisties beduidend is nie⁶⁴. Tesame met die styging in totale gebruiksgetalle blyk die attributiewe gebruik die mees prominente gebruik te wees. Die selfstandige gebruike van *dié* wys 'n mate van kontinuïteit met Nederlandse gebruike, veral in vergelyking met *hierdie* en *daardie*, wat moontlik is waarom normatiewe bronne dit deurgaans as onproblematies hanteer.

Die aanwysende voornaamwoord *hierdie* is 'n kombinasie van aanwysende *die* en die lokatief *hier*, wat ruimtelik-deikties verwys na iets wat in die nabyheid van die spreker of stelling in die teks is. Die lokatief *hier* word selfstandig gebruik (voorbeeld 5.109),

[5.109] Ons hoef nie hier uit te wei oor sulke oordrijwinge. (1911-1920, Informatief)

dit word in kombinasie met voorsetsels gebruik [5.110],

[5.110] Soos hierbo aangedui, toon 'n ontleding van Kemp se medebeskuldigdes dat die rebelleleierskap se beroep oorwegend boerdery was. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

en dit word gebruik as deel van die aanwysende voornaamwoord *hierdie* wat meestal attributief gebruik word [5.111],

[5.111] Die meeste van hierdie voedings het 'n intensiteit van kleiner as 2% gehad. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

maar ook soms selfstandig, referensieel [5.112] en deikties [5.113].

[5.112] Om só te verloor is nooit lekker nie. Ek glo egter hierdie was 'n uitsondering en dat ons in Kaapstad sal terugveg. (2001-2010, Verslaggewing)

[5.113] En sy het baie uitgesien na hierdie besoek, omdat sy al die jare tog geweet het dat hierdie haar mense is, hierdie die wêreld wat sy ken, wat haar eie is... (1941-1950, Fiksie)

Die nie-voornaamwoordelike gebruike van *hier(-)* word in tabel 5.48 gegee ter wille van volledigheid, aangesien dit verbandhou met die aanwysende vorm *hierdie*.

⁶⁴ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode (vermindering): 4.33 (lae vlak van beduidendheid); tweede na derde periode (vermeerdering): 1.67 (onbeduidend); derde na vierde periode (vermeerdering): 0.06 (onbeduidend)

Tabel 5.48: Gebruiksgetalle van nie-voornaamwoordelike gebruike van hier(-)

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
hier	484	76,7%	429	65,5%	368	63,4%	260	56,3%
hier-	147	23,3%	226	34,5%	212	36,6%	202	43,7%
TOTAAL	631		655		580		462	

Die totale gebruiksgetal van *hier(-)* neem af vanaf die tweede periode, en gebruike van *hier-* in samestellings (wat dus gebruike as voorsetsel behels, nie as adverbium nie) neem deurlopende proporsioneel toe. Daar blyk 'n mate van verlies van die selfstandigheid van *hier*.

Die gebruiksgetalle van die attributiewe en selfstandige gebruike van die voornaamwoord *hierdie* word in tabel 5.49 aangedui.

Tabel 5.49: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van hierdie

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
attributief	309	99,7%	1 070	99,5%	952	99,3%	747	98,3%
selfst. referensieel	1	0,3%	3	0,5%	7	0,7%	12	1,7%
selfst. deikties	0		2		0		1	
TOTAAL	310		1 075		959		760	

Die verdriedubbeling van totale gebruiksgetalle vanaf die eerste na die tweede periode is besonder opvallend⁶⁵, en is moontlik 'n gevolg van die grammatikalisering van *hierdie*, wat oorspronklik 'n samestelling was, maar toenemend eenheidstatus opgebou het. Vanaf die tweede periode is daar egter weer 'n stelselmatige afname in totale gebruiksgetalle⁶⁶ – aangesien *dié* klaarblyklik heelwat van *hierdie* se semantiese inhoud kan deel, kan dit toegeskryf word aan die gelyklopende toename in gebruike van *dié*, wat steeds heelwat minder as *hierdie* gebruik word, maar besig is om 'n groter deel van die funksionele lading oor te neem. Dit lyk ook of *hierdie* 'n meer formele variant is, en die proporsionele frekwensie van die formele kategorie is deurgaans die hoogste, wat strook met Kirsner (2014:56) se tipering van *hierdie* as meer objektief en onbetrokke teenoor *dié*. Die 'foutiewe' selfstandige gebruike neem deurlopend toe, maar die getalle is steeds besonder laag, veral in vergelyking met die selfstandige gebruike van *dié*. Die selfstandige gebruik van *hierdie* (asook *daardie*) word in die vroegste kategorie van die normatiewe literatuur deur vyf bronne gewoon beskryf as 'n opsie (Booyesen & Jansen, 1922:87; Botha & Burger, 1926:70; Botha & Burger, 1927:67; Bouman & Pienaar, 1924:77; Malherbe, 1917:83-4), en slegs deur een afgewys (Potgieter & Geldenhuys, 1934:12). In die middelste kategorie word dit deur twee

⁶⁵ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 449.18

⁶⁶ Log-waarskynlikheid van tweede na derde periode: 5.99; van derde na vierde periode: 23.76

bronne afgewys (Basson *et al.*, 1968:99; Van der Merwe, 1958:52, 95), deur een gewoon beskryf (Van der Merwe, 1967:119), en een bron beskryf die verskillende standpunte oor daaroor (Du Plessis, 1979:54). In die laaste kategorie dui een outeur aan dat die Taalkommissie die gebruik aanvaar het (Prinsloo & Odendal, 1995:38, 78), hoewel dit steeds deur vier bronne afgewys word (Carstens, 1989:95; Du Toit, 1982:126; Müller, 2003:101-102; Van Schoor, 1983:311); andersins word dit deur twee verdere bronne as neutraal hanteer (Combrink & Spies, 1986:64; Van der Merwe & Ponelis, 1982:79). Terwyl die negatiwiteit van die gebruik dus nie onbetwis is nie, word dit deur baie bronne steeds in daardie lig aangebied, wat moontlik verklaar waarom die gebruik so skaars is in die data. Die selfstandige gebruike kom nie hoofsaaklik uit manuskripbronne, wat uit die aard van die saak ongeredigeer is, nie, so dit is nie noodwendig deur redigering verwyder nie.

Die derde aanwysende voornaamwoord wat aan bod kom is *daardie* wat, in teenstelling met *hierdie*, afstand impliseer. Die vorm *daar*, wat 'n lokatiewe betekenis as kern het, dien in 'n aantal verskillende funksies: dit kan steeds as lokatief funksioneer (voorbeeld 5.114),

[5.114] Hij hoor o.a. hoe die twee, daar voor hom, op die punt staan om te trouw. (1911-1920, Fiksie)

dit kan in 'n werkwoordelike samestelling dien [5.115],

[5.115] Baie van die wêreld se ekonomiese mineraalafsettings is daargestel deur vulkanisme. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

dit kan aan 'n voorsetsel heg [5.116] of daarmee saamwerk sonder om daaraan vas te wees [5.117],

[5.116] Ek los my motor vir jou met die sleutel daarin. (1971-1980, Fiksie)

[5.117] Dit wil sê dat hy van 'n goeie grap hou en daar hartlik oor kan lag. (1941-1950, Biografies)

dit kan as leë sinsonderwerp dien [5.118],

[5.118] Daar is 'n beweging om naar die Vrouwe Monument te gaan. (1911-1920, Manuskrip)

dit het 'n homoniem wat as voegwoord dien [5.119],

[5.119] Die grootte van die dosis word bepaal volgens wat die pasiënt kan verdra, daar individue hierin verskil. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

en in die vorm *daardie* kan dit as aanwysende voornaamwoord word, meestal attributief [5.120],

[5.120] En daardie deurleefde siening wil die kunstenaar aan ander oordra. (1971-1980, Religieus)

maar soms ook selfstandig [5.121].

- [5.121] Daardie, waarin Ds. Du Toit sijn eerste opleiding ontvang het, was 'n sogenoemde 3de klas goewernementskool aan die Dal... (1911-1920, Biografies)

Bo en behalwe die volledige vorm *daardie*, is daar ook die verkorte vorm *daai*, wat as attributiewe [5.122] en selfstandige [5.123] aanwysende voornaamwoord gebruik word,

- [5.122] Ek wil maar net noem, daai klein Sizwe gee vir ons probleme, en dit gaan erger word. (2001-2010, Fiksie)

- [5.123] Ek het dringend so 'n handboek nodig, van daai's wat sy self gebruik hoe bekom ek dit? (2001-2010, Manuskrip)

en in samestellings kan funksioneer [5.124].

- [5.124] En hy melk daai wiel, hie'kant toe en daaikant toe en tussendeur moet hy sy gedagtes nog skoondrink ok. (2001-2010, Fiksie)

Beide Den Besten (2012e:62) en Roberge (2001:124) verwys na die vorm *doer*, deur De Stadler (1989:138) beskryf as ongewoon, wat 'n betekenis van "ver verwyder" (*distal*) het, maar dit is redelik skaars in die data, en word slegs as lokatief gebruik [5.125].

- [5.125] Ek wens ons kon ons kamp doer onder die paar bome opslaan. (1941-1950, Fiksie)

Ter wille van volledigheid word die verskillende gebruike van die leksikale item *daar* eers aangedui in tabel 5.50, aangesien dit verband hou met die aanwysende vorm *daardie*. Die Nederlandse onbeklemtoonde vorm *er* is in die eerste periode nog gebruik – 44 keer as onderwerp, en twee keer as lokatief. Dit staan dus reeds terug vir *daar*, en sterf heeltemal uit voor die tweede periode.

Tabel 5.50: Gebruiksgetalle van nie-voornaamwoordelike gebruike van daar(-)

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
lokatief	488	31,7%	260	23%	250	21,9%	190	19,1%
skeibare voorsetsel	120	7,8%	30	2,6%	3	0,3%	1	0,1%
skeibare werkwoord	1	0,1%	2	0,2%	2	0,2%	3	0,3%
voegwoord	41	2,7%	32	2,8%	3	0,3%	0	
leë onderwerp	887	57,7%	806	71,3%	881	77,3%	799	80,5%
TOTAAL	1 537		1 130		1 139		993	

Die totale gebruiksgetalle van *daar* neem deur die loop van die eeu beduidend af⁶⁷, met die onderwerpsgebruik deurgaans as die grootste kategorie, wat getalsgewys geen werklike

⁶⁷ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 128.85

veranderinge aandui nie, maar dus proporsioneel toeneem, en die lokatiefsgebruik telkens as die tweede grootste kategorie, wat in getal en proporsie merkbaar afneem⁶⁸. Die gebruik saam met maar apart van 'n voorsetstel gaan van redelik algemeen tot amper afwesig, en die gebruik as voegwoord verdwyn amper heeltemal in die tweede helfte van die eeu. Soos met *hier* blyk daar ook 'n mate van verlies van selfstandigheid van *daar*, behalwe wat die onderwerpgebruike betref, wat wel semanties amper heeltemal leeg is. Hierdie tendens – verlies van selfstandigheid en semantiese verbleiking – is tekens van grammatikalisering. Die vermoede dat grammatikalisering plaasvind word versterk deurdat die grammatikale gebruik van *daar* (as onderwerp) die enigste van die gebruike is wat min of meer stabiel is.

Vervolgens word die gebruike van die aanwysende voornaamwoord *daardie* van naderby beskou, met die relevante gegewens in tabel 5.51.

Tabel 5.51: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *daardie*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>daardie</i> attributief	110	99,1%	272	100%	195	99,5%	158	84%
<i>daardie</i> selfstandig	1	0,9%	0		0		2	1%
<i>daai</i> attributief	0		0		1	0,5%	25	13,4%
<i>daai</i> selfstandig	0		0		0		3	1,6%
TOTAAL	111		272		196		188	

Die totale gebruiksgetalle van *daardie* en *daai* saam is opvallend minder as dié van beide *dié* en *hierdie*. Dit toon dieselfde patroon as *hierdie* deur redelik baie te vermeerder na die tweede periode toe, en daarna weer stadigaan te verminder, hoewel die vermeerdering tussen die eerste en tweede periode nie so drasties soos *hierdie* s'n is nie⁶⁹. Anders as *hierdie* begin *daardie* as 'n vorm met hoofsaaklik neutrale formaliteit, en dit word deurgaans toenemend meer informeel. Hoewel die meeste gebruike van *daai* in die laaste periode uit fiksie en manuskripte kom (met enkeles uit informatiewe bronne), wat die informaliteit daarvan aandui, betree dit redelik duidelik die terrein van *daardie* in beide attributiewe en selfstandige gebruike. Die selfstandige gebruike van beide *daardie* en *daai* blyk baie laag te wees, soos *hierdie*, en waarskynlik vir dieselfde redes. Anders as die verhouding tussen *hierdie* en *hier*, is die gebruike van *daar* deurlopend heelwat meer as dié van *daardie*, wat saam met die onderwerpsgebruik van *daar* aandui dat *daar* verder op die grammatikaliseringsroete is as *daardie*. Die toename in die gebruik van *daai* teenoor *daardie* is wel 'n verkorting wat op die beginsel van ekonomie werk.

⁶⁸ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 157.63

⁶⁹ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 70.25 (toename); tweede na derde periode: 11.98 (afname); derde na vierde periode: 0.19 (onbeduidend)

Om 'n volledige prentjie van aanwysende voornaamwoorde te skets, word die attributiewe en selfstandige gebruike van *dié* (geëkstrapoleer), *hierdie*, en *daardie* (*daai* word hier saam met *daardie* getel) in tabel 5.52 opgesom.

Tabel 5.52: Gebruiksgetalle van die aanwysende voornaamwoorde

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>dié</i> attributief	418	45,8%	194	11,6%	311	19,8%	412	28%
<i>hierdie</i> attributief	309	33,9%	1 070	64,1%	952	60,7%	747	50,6%
<i>daardie</i> attributief	110	12%	272	16,3%	196	12,5%	183	12,4%
<i>dié</i> selfstandig	74	8,1%	129	7,7%	103	6,6%	116	7,8%
<i>hierdie</i> selfstandig	1	0,1%	5	0,3%	7	0,4%	13	0,9%
<i>daardie</i> selfstandig	1	0,1%	0		0		5	0,3%
TOTAAL	913		1 670		1 569		1 476	

Die totale gebruike van die aanwysende voornaamwoorde *dié*, *hierdie* en *daardie/daai*, volg min of meer dieselfde patroon as *hierdie* en *daardie*, deur merkbaar te styg van die eerste na die tweede periode, en daarna stadigaan (onbeduidend) af te neem⁷⁰. Die proporsies vertel 'n iets meer komplekse verhaal – die selfstandige gebruike van *hierdie* en *daardie* maak deurlopend 'n baie klein proporsie van die totale gebruike uit, wat verhoed dat die dispuut oor Engelse invloed deur *hierdie* data opgelos kan word. Die vorme *hierdie* en *dié* maak deurgaans die grootste proporsie van gebruike uit, telkens tussen 75% en 81%; die implikasie van afstand wat deur *daardie/daai* meegebring word, mag dalk verantwoordelik wees vir die lae gebruiksgetalle daarvan, met die veronderstelling dat sprekers en skrywers meer gereeld verwys na sake wat ruimtelik, temporeel en tekstueel nader is, eerder as verder (Kirsner, 2014:55).

Daar is op twee plekke tekens van grammatikalisering – die drastiese styging in frekwensie van *hierdie* en *daardie* tussen die eerste en tweede periode is 'n teken van grammatikalisering, en dat die vorme nog besig was om gevestig te word. Verder blyk dit dat die lokatiewe *hier* en *daar*, wat deel uitmaak van die oorspronklike samestellings *hierdie* en *daardie*, deur die loop van die eeu al hoe meer selfstandigheid afstaan, en dat veral *daar* tekens toon van grammatikalisering deurdat veral die leksikale gebruik daarvan afneem terwyl die grammatikale gebruik as onderwerp stabiel bly. 'n Verdere interne verandering is die toename van *daai* teenoor *daardie*, wat 'n meer ekonomiese opsie is.

Die meer formele form *hierdie* staan vanaf die tweede periode toenemend gebruike af aan die meer informele *dié*, wat tot 'n mate semanties met *hierdie* oorvleuel. Dit kan 'n teken

⁷⁰ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 227.13 (toename); tweede na derde periode: 2.62 (onbeduidend); derde na vierde periode: 3.16 (onbeduidend)

van verinformalisering wees. Verder is die totale verlies van die Nederlandse vorme na die eerste periode 'n gevolg van die variasiereduksie van standaardisering.

5.6 BETREKLIKE EN VRAENDE VOORNAAMWOORDE

Afrikaanse betreklike voornaamwoorde *wat* en *wie*, ook genoem relatiewe voornaamwoorde, lei 'n betreklike bysin in, wat funksioneer as 'n verwysende uitdrukking of individualiserende beskrywing (Ponelis, 1979:461). In die betreklike bysin kan die betreklike voornaamwoord optree as onderwerp, voorwerp, en lid van 'n voorsetsgroep, en dit kan ook deel vorm van 'n groter naamwoordstuk (met byvoorbeeld 'n genitiefkonstruksie) (Ponelis, 1979:465). Wanneer 'n betreklike konstruksie referensieel gebruik word, vorm die antesedent (in die matrikssin) en die betreklike voornaamwoord (in die bysin) 'n anaforiese ketting, waarin die betreklike voornaamwoord op die antesedent slaan, wat daartoe lei dat die betreklike bysin "handel oor" die antesedent (voorbeeld 5.126) (Ponelis, 1979:463).

[5.126] Ons voel, dat elke woord, wat hier staan, waar is. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

Daar is ook antesedentlose, of vrye, betreklike konstruksies (Ponelis, 1987:24), met 'n geïmpliseerde, onbepaalde antesedent – *wie* beteken min of meer "elkeen/iemand wat..." (sien voorbeeld 5.127) en *wat* beteken ongeveer "dit wat..." [5.128] (Ponelis, 1979:463).

[5.127] Wie so met die Onsienlike verkeer, is 'n reusegestalte onder mense. (1941-1950, Biografies)

[5.128] Wat Belcampo van die tweeling sê, geld eintlik vir albei gevalle. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

'n Subafdeling van betreklike konstruksies is adverbiale betreklike bysinne, wat die betreklike woorde *waar* vir plek [5.129] en *wanneer* vir tyd aandui [5.130] (Ponelis, 1979:468).

[5.129] Waar vleisdiere vertoon word, moet bloktotse as 'n noodsaaklikheid beskou word. (1971-1980, Informatief)

[5.130] Dis soos 'n doring in haar vlees elke keer wanneer haar oë op die draagbaar val waarop Conchita en haar kind gedra word. (1971-1980, Fiksie)

Die (hoofsaaklik menslike) betreklike voornaamwoord *wie* kan funksioneer as lid van 'n voorsetsgroep, hoewel dit nie direk met 'n voorsetsel verbind nie [5.131],

[5.131] De Klerk het verlede naweek die huis van die mense by wie sy loseer, opgepas toe sy verdwyn het. (2001-2010, Verslaggewing)

terwyl *wat* in die vorm *waar* deel vorm van 'n voorsetsgroep [5.132],

[5.132] Sprenkel elke drie maande 'n bietje terpentijn in laaie of kiste waar wol klere in gehou word. (1911-1920, Informatief)

of direk met voorsetsels verbind [5.133],

[5.133] Sou die perd weet van die gevaar waarin sy baas verkeer? (1941-1950, Fiksie)
en ook 'n genitiefsvorm *waarvan* aanneem [5.134].

[5.134] Hierdie afval waarvan die Skrif praat, is veelseggend. (1971-19810, Religieus)
Wie vorm die besitskonstruksie *wie* se [5.135],

[5.135] Dit was weer die buurvroujie wie se stem tot hier gedra het. (2001-2010, Fiksie)
en word sporadies in dieselfde funksie as *wat* gebruik [5.136].

[5.136] Hy moes trou met 'n vrou wie hy geweet het ontrou aan hom sou wees. (2001-2010, Religieus)

Beide *wat* [5.137] en *wie* [5.138] word ook as vraende voornaamwoorde, of interrogatiewe, aangewend (Den Besten, 2012c:35).

[5.137] Wat het daar gebeur in die ses ure? (1911-1920, Religieus)

[5.138] Wie kon dit anders wees? (1941-1950, Fiksie)

Die vorm *waar* word ook as adjektief gebruik [5.139], maar dit is onverwant aan die voornaamwoordelike gebruike.

[5.139] Die teendeel is egter ook waar. (1971-1980, Informatief)

Afrikaanse *wat* vloei uit die neutrale Nederlandse voornaamwoord, en aangesien Afrikaans die neutrale gender opgegee het, word dit gebruik vir onderwerp- en voorwerprelativering (Den Besten, 2012d:41). Die omvorming van *wat* na *waar*- in 'n voorsetselverbinding is ook 'n oorblyfsel van die Nederlandse sisteem (Den Besten, 2012d:41). In die kontakgeïnduseerde oorgang van Nederlands na Afrikaans was die Nederlandse vorme *die* en *dat* slegs resessiewe variante, met *wat* en *wie* aan die voorpunt (Ponelis, 1987:87; Raidt, 1991:209). Die heel algemene onderskikker *dat* is in sekere opsigte in kompetisie met *wat* met dié dat die twee soms op mekaar se terrein oortree [5.140,5.141] (Ponelis, 1993b:294-6), wat nie onverwags is in die lig van die ouer betreklike funksies van *dat* en die mate van fonetiese ooreenkoms nie.

[5.140] Daarom wat sy hele taak deur 'n aantal formules aan hom voorgeskryf kon word. (1941-1950, Biografies)

[5.141] Oom Jannie is glo baie eensaam en lewe vir die dae dat Lofty kom kuier. (2001-2010, Fiksie)

Daar is twee kwessies met betrekking tot *wat*, *waar-* en *wie* waaroor preskriptiviste hulle uitspreek. In die vroegste kategorie is daar slegs een bron wat besondere aandag gee aan die onderskeie gebruike van *wie* en *wat*, sonder om 'n veroordelende uitspraak te maak. In die middelste kategorie is daar twee bronne wat die onderskeid neutraal beskryf, terwyl vyf bronne die gebruik van alleenstaande *wie* as betreklike voornaamwoord [5.142] negatief beoordeel.

[5.142] Dáárna smag die siel van die kunstenaar, wie selde in sy lewe anders begrepe is as flanerende ydelheid, of die man met sy vreeslike verderflike leer van willoosheid! (1941-1950, Informatief)

In die laaste kategorie word die onderskeie gebruike neutraal beskryf in vier bronne, terwyl ses bronne die selfstandige gebruik van *wie* afwys.

Die ander kwessie fokus op *wat* en die omskakeling na *waar* saam met voorsetsels, of die gebrek daaraan [5.143].

[5.143] Die kamer, wat ek nou van praat, het gordijne gehad... (1911-1920, Informatief)

In die vroegste kategorie beskryf vyf bronne hierdie omskakeling, terwyl drie bronne die gebruik van *wat* in voorsetselgroepe neutraal as 'n alternatief aandui. In die middelste kategorie beskryf vier bronne die gebrek aan omskakeling in negatiewe terme; in die laaste kategorie wys vyf bronne die gebrek aan omskakeling af, terwyl twee bronne die omskakeling bloot beskryf, en een bron die gebrek aan omskakeling in 'n positiewe lig stel. Ponelis (1966) daag die kritiek teen die gebrek aan omskakeling uit, en beweer dat die basiese *wat*-konstruksie asook *wie* se gebrek aan omvorming in vrae en voorsetselstukke 'n presedent stel vir verdere analogievorming – die *waar*-konstruksie "wyk taamlik ver af van die basiese patroon met *wat* en daar kan dus verwag word dat die spreker sal probeer normaliseer deur in plaas van die *waar*-konstruksie dié met *wat* te gebruik" (Ponelis, 1966:57). Hy sluit af met die stelling dat "die taalgebruiker wel grond ander sy voete het" wanneer ander konstruksies as die *waar*-konstruksie gebruik word (Ponelis, 1966:58). 'n Verlies aan die omvorming na *waar-* sal ook in pas met die meer analitiese patroon in Afrikaans wees.

Die getalle van die verskillende gebruike van die betreklike voornaamwoord *wat* en die verwante vorm *waar(-)*, asook betreklike gebruike van *dat*, word in tabel 5.53 weergegee. Ter wille van die eerste periode word die betreklike gebruike van *die* ook ingesluit, wat op dieselfde wyse as die aanwysende gebruike van *die* uit ses datastelle van 500 gebruiksinstanties van *die* geëkstrapoleer is.

Tabel 5.53: Gebruiksgetalle van verskillende gebruike van *wat*, *waar(-)*, *dat* en *die*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>wat</i> betreklik	2 231	63,3%	2 495	70,5%	2 443	73,2%	2 686	73,6%
<i>wat</i> vry betreklik	433	12,3%	354	10%	257	7,7%	321	8,8%
<i>wat</i> met voorset	3	0,1%	1		0		0	
<i>wat</i> vraend	159	4,5%	112	3,2%	136	4,1%	147	4%
<i>waar</i> voorsetsgroep	53	1,5%	4	0,1%	2	0,1%	0	
<i>waar-</i> betreklik	412	11,7%	447	12,6%	392	11,7%	385	10,5%
<i>waar-</i> vry betreklik	46	1,3%	52	1,5%	46	1,4%	65	1,8%
<i>waar-</i> vraend	51	1,4%	47	1,3%	37	1,1%	24	0,65%
<i>dat</i> betreklik	42	1,2%	27	0,8%	25	0,7%	23	0,65%
<i>die</i> betreklik	95	2,7%	0		0		0	
TOTAAL	3 525		3 539		3 338		3 651	

Die totale gebruiksgetalle toon nie werklike verandering nie. Die anafories-betreklike gebruike van *wat* neem proporsioneel effens toe⁷¹, die gebruike van *dat* as betreklike woord en *waar-* in vraende voornaamwoorde neem af⁷², en die gebruike van *waar* in 'n voorsetsgroep (teenoor in 'n samestelling) neem af om teen die einde van die eeu afwesig te wees uit die data, en *die* as betreklike voornaamwoord verdwyn al teen die tweede periode. Die verlies van selfstandige gebruike van *waar* in voorsetsgroepe wys op 'n verlies van die selfstandigheid van betreklike *waar*, en toenemende eenheidstatus van samestellings met *waar-*, tipies van grammatikalisering. Die gebruik van *wat* met 'n voorset, en dus sonder die omvorming tot *waar-*, kom slegs drie maal in die eerste periode voor, en een maal in die tweede periode – óf dit word sedertdien suksesvol uit geskrewe taalgebruik geweer en is slegs 'n spreektaalverskynsel, óf dit is gewoon 'n skaars vorm wat preskriptiviste bekommerd het deur bevestigingsvooroordeel ("confirmation bias"). Die enigste opvallende verandering is die feit dat *waar* nie meer afsonderlik in voorsetsgroepe gebruik word soos in voorbeeld [5.132] nie, maar slegs in samestellings met voorsetsels soos in voorbeeld [5.133].

In tabel 5.54 word die gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *wie* gegee, wat in alle tipes konstruksies die vorm *wie* behou, anders as *wat*, en wat hoofsaaklik na menslike referente verwys.

⁷¹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 34.83

⁷² Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, afname van betreklike *dat*: 7.27; afname vraende *waar-*: 12.56

Tabel 5.54: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van wie

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
betreklik	0		3	1,8%	1	0,7%	2	1,4%
betreklik met voorset	28	22,2%	65	38,2%	40	30,3%	42	28,8%
vry betreklik	40	31,7%	34	20%	29	22%	39	26,7%
vraend	48	38,1%	39	22,9%	45	34,1%	38	26%
genitief (wie se)	10	8%	29	17,1%	17	12,9%	25	17,1%
TOTAAL	126		170		132		146	

Daar kan geen werklike verandering in die totale gebruiksgetalle gesien word nie, hoewel dit maar enkele persentasies van die totaal van *wat* en *waar(-)* is. Die betreklike gebruik sonder 'n voorset is marginaal, wat wys dat preskriptiviste in hierdie opsig oordryf, en die betreklike gebruik met 'n voorset, die vrye betreklike gebruik en die vraende gebruik maak afwisselend die grootste kategorieë uit.

5.7 ONBEPAALE VOORNAAMWOORDE

Onbepaalde voornaamwoorde het die semantiese klaskenmerk onbepaaldheid (Ponelis, 1979:99), maar De Stadler (1989:340) wys daarop dat bepaaldheid en onbepaaldheid relatief is, en dat bepaaldheid as 'n nondiskrete semantiese waarde beskou moet word. Afrikaans het 'n kerngroep onbepaalde voornaamwoorde, naamlik *iemand*, *iets*, *niemand* en *niks*, wat klaseksklusief is en nie uit ander klasse stam nie (Ponelis, 1979:101). Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die klas onbepaalde voornaamwoorde oop is – "dit word voortdurend verrek uit ander klasse (soos die selfstandigenaamwoordstuk, die onbepaalde telwoorde en die W-woorde (vraagwoorde en betreklike voornaamwoorde))", wat die heterogeniteit van die klas verhoog (Ponelis, 1979:100).

Ter wille van volledigheid, maar ook sinvolle afbakening, is die onbepaalde voornaamwoorde wat in hierdie afdeling ondersoek word geselekteer op grond van oorwegend voornaamwoordelike gebruik: *iemand*, *iets*, *niemand*, *niks*, *alles*, *almal*, *elkeen*, en vorme wat saamgesmelt het met die voorbepaling *enig-*, soos *enigiemand*, *enigiets* en *enigeen*.

Van die kerngroep verwys *iemand* en *niemand* na onbepaalde menslike referente, met *niemand* as die negatief. Beide hierdie voornaamwoorde kan in verskillende sintaktiese rolle funksioneer: dit word gebruik as onderwerp (voorbeeld 5.144 en 5.145),

[5.144] Dit gebeur dikwels dat iemand nie seker is van die een of ander saking nie, veral op die gebied van die taal. (1941-1950, Verslaggewing)

[5.145] Maar niemand is ernstig. (1911-1920, Manuskrip)

dit word gebruik as voorwerp [5.145, 5.147],

[5.146] Ek is redelik seker ek het nog nooit iemand ingelaat nie. (2001-2010, Manuskrip)

[5.147] Hy is net Totius en niemand meer nie. (1941-1950, Biografies)

en dit word gebruik in voorsetselstukke [5.148, 5.149].

[5.148] Wanneer morfien by iemand gevind word, is dit gewoonlik van 'n dokter, 'n apteek of hospitaal gesteel of deur vervalsing verkry van 'n voorskrif wat van 'n dokter gesteel is. (1971-1980, Informatief)

[5.149] Maar jy mag vir niemand vertel nie. (2001-2010, Fiksie)

Dit word soms ook as 'n bepaling in 'n naamwoordstuk gebruik, soos voorbeelde 5.150 en 5.151 illustreer.

[5.150] Die vlak van iemand se bewussyn bly altyd 'n goeie maatstaf van die ernstigheid van 'n siekte. (1971-1980, Informatief)

[5.151] Ek is niemand se meisie nie, Bart Steenkamp. (1971-1980, Fiksie)

Die gebruiksgetalle van die verskillende sintaktiese rolle van *iemand* word in tabel 5.55 gegee.

Tabel 5.55: Gebruiksgetalle van *iemand* in verskillende sintaktiese rolle

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
onderwerp	44	64,7%	31	50,8%	46	44,2%	49	48,5%
voorwerp	15	22,1%	16	26,2%	35	33,7%	27	26,7%
voorsetselstuk	9	13,2%	13	21,3%	20	19,2%	23	22,8%
bepaling	0		1	1,7%	3	2,9%	2	2%
TOTAAL	68		61		104		101	

Die totale gebruike van *iemand* is in die tweede helfte van die eeu heelwat meer as in die eerste helfte. Uit die tabel is dit duidelik dat daar deurgaans voorkeur gegee word aan onderwerpsgebruike, wat nie ongewoon is vir menslike referente nie. Die proporsie gebruike as onderwerp verminder effens, maar nie beduidend nie⁷³. Die totale gebruiksgetalle is in die tweede helfte van die betrokke eeu heelwat hoër as in die eerste helfte⁷⁴, wat grootliks te danke is aan die hoër gebruik van *iemand* as voorwerp en in voorsetselstukke. Dit dui op 'n mate van uitbreiding in die gebruikskontekste van *iemand*.

In tabel 5.56 word die gebruik van *niemand* in die verskillende sintaktiese rolle gegee. Die totale frekwensie van *niemand* is wisselvallig, maar toon nie werklike verandering nie.

⁷³ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 3.41 (onbeduidend)

⁷⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 18.26; eerste tot tweede periode: 0.36 (onbeduidend); tweede tot derde periode: 11.58; derde tot vierde periode: 0.05 (onbeduidend)

Tabel 5.56: Gebruiksgetalle van niemand in verskillende sintaktiese rolle

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
onderwerp	52	80%	28	65,1%	29	70,7%	39	69,6%
voorwerp	13	20%	12	27,9%	9	22%	11	19,6%
voorsetselstuk	0		3	7%	2	4,9%	5	9%
bepaling	0		0		1	2,4%	0	
onvolledige sin	0		0		0		1	1,8%
TOTAAL	65		43		41		56	

Soos met *iemand* is daar by *niemand* ook 'n voorkeur vir onderwerpsgebruike, selfs 'n groter voorkeur as by *iemand*. Gebruike in voorsetselstukke is redelik min, en daar is slegs een geval van gebruik as 'n bepaling.

Ponelis (1979:118) wys op die gebruik van verskillende bepalings saam met *iemand* en *niemand*, met voorbepalings soos so [5.152],

[5.152] So iemand het sy kans gehad en nou is dit verby. (1971-1980, Religieus)

of *byna* [5.153],

[5.153] ... en tog vra bijna niemand: Maar waar kom die ding vandaan? (1911-1920, Informatief)

en nabepalings wat 'n voorsetselstuk is [5.154],

[5.154] Hy wys met sy pypsteel na iemand voor in die pad. (1941-1950, Fiksie)

'n betreklike bysin is [5.155, 5.156],

[5.155] Iemand wat moeg was van die lang staan kon 'n stoel vir 'n tiekie huur... (2001-2010, Biografies)

[5.156] Niemand wat sober is dans, tensy dat hy miskien waansinnig is. (1911-1920, Religieus)

of adjektiewies is [5.157, 5.158].

[5.157] Dit voel vir hom of hy op iemand anders se bene loop, so styf is hy gesit. (1971-1980, Fiksie)

[5.158] Ek voel mij verplig om daarop te antwoord, omdat niemand anders dit doen nie. (1911-1920, Informatief)

Oor adjektiewiese nabepalings lewer Ponelis (1979:119; 1993b:221) kommentaar oor die gebruik al dan nie van -s as postmorfeem van die adjektief, 'n relik van 'n Middel-Nederlandse deelsgenitief. Terwyl die gebruik nog tot 'n mate behoue gebly het in Afrikaans, het dit volgens hom onder Engelse invloed opsioneel geword. Volgens die ouer patroon sou die *spesiaal* in [5.159] 'n deelsgenitiwe -s aan die einde neem, dus *iemand spesiaals*.

[5.159] Enige iemand spesiaal in jou lewe? (2001-2010, Manuskrip)

Ponelis gee nie aandag daaraan as 'n moontlike voortsetting van die reeds gevestigde tendens van defleksie in Afrikaans nie. Die gebruiksgetalle van *iemand* met voor- en nabepalings word in tabel 5.57 aangedui.

Tabel 5.57: Gebruiksgetalle van iemand met voor- en nabepalings

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
voorbepaling	1	3%	2	7,7%	8	22,9%	2	5,1%
nabep. betreklike bysin	23	70%	17	65,4%	18	51,4%	20	51,3%
nabep. adjektiewies	7	21%	5	19,2%	5	14,3%	7	17,9%
nabep. adj. sonder -s	0		0		0		1	2,6%
nabep. voorsetselstuk	2	6%	2	7,7%	4	11,4%	9	23,1%
TOTAAL	33		26		35		39	

Die gebruiksgetalle is laag, en in meeste van die kategorieë redelik wisselvallig. Dit is wel opmerklik dat daar heelwat meer nabepalings is as voorbepalings, en dat betreklike bysinne deurgaans die gewildste nabepaling is. Proporsioneel neem betreklike bysinne egter effens af. Daar is slegs een geval van 'n adjektiewiese nabepaling sonder -s, en dit is in die laaste periode in 'n persoonlike brief.

Die gebruiksgetalle van *niemand* met voor- en nabepalings word in tabel 5.58 gegee.

Tabel 5.58: Gebruiksgetalle van niemand met voor- en nabepalings

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
voorbepaling	2	0	0	0
nabep. betreklike bysin	3	1	2	4
nabep. adjektiewies	4	2	2	4
nabep. adj. sonder -s	0	0	0	0
nabep. voorsetselstuk	2	3	1	4
TOTAAL	11	6	5	12

Die gebruiksgetalle hier is besonder laag, en terwyl daar geen verandering te bespeur is nie, is dit tog duidelik dat nabepalings deurgaans meer geredelik as voorbepalings met *niemand* gebruik word. Daar is geen voorbeelde van *niemand* met 'n adjektiewiese nabepaling sonder -s nie.

Van die kerngroep verwys *iets* en *niks* na onbepaalde nie-menslike referente, met *niks* as die negatief. Beide hierdie voornaamwoorde kan in verskillende sintaktiese rolle funksioneer, soos onderwerp (voorbeeld 5.160 en 5.161),

[5.160] Iets gaan altyd verkeerd. (1971-1980, Fiksie)

[5.161] Sedert lank gelede het lede reeds oor die daarstelling van eie kantore vir die T.O. gespreek, maar niks is gedoen om daaraan gevolg te gee nie. (1941-1950, Verslaggewing)

voorwerp [5.162, 5.163],

[5.162] Om te kan praat, moet hy iets hê om mee te deel. (1941-1950, Geesteswetenskappe)

[5.163] Dit is baie goed als hul niks kan eet nie, om lijmerigheid in die maag te bring en die krag van die patient op te hou. (1911-1920, Informatief)

en in 'n voorsetstelstuk [5.164, 5.165].

[5.164] Smit skop na iets. (2001-2010, Fiksie)

[5.165] Dag na dag het jy haar maar so voor haar huisie op die klipstoep sien sit. Sit. Sit net sommer en kyk, kyk na niks. (2001-2010, Fiksie)

Dit word soms ook as 'n onbepaalde telwoord gebruik, soos geïllustreer in voorbeelde 5.166 en 5.167.

[5.166] Dit was 'n man van iets oor die dertig, met 'n nette voorkome en 'n stille, afgesonderde houding. (1911-1920, Biografies)

[5.167] Daar het nog niks hase daar uitgespring nie. (1971-1980, Fiksie)

Die getalle van *iets* in verskillende sintaktiese rolle word in tabel 5.59 weergegee. Wanneer *iets* in 'n onvolledige sin of klous verskyn, en die sinsrol as gevolg daarvan nie duidelik is nie, is dit so in die tabel aangedui.

Tabel 5.59: Gebruiksgetalle van iets in verskillende sintaktiese rolle

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
onderwerp	9	3,4%	15	9,9%	26	13%	19	9,6%
voorwerp	218	82%	106	70,2%	134	67%	140	70,7%
voorsetstelstuk	29	10,9%	24	15,9%	34	17%	34	17,2%
adjektief	6	2,2%	5	3,3%	4	2%	3	1,5%
onvolledige sin	4	1,5%	1	0,7%	2	1%	2	1%
TOTAAL	266		151		200		198	

Anders as *iemand* en *niemand*, word *iets* by voorkeur as sinsvoorwerp gebruik, wat moontlik te danke is aan die nie-menslike aard van die referent. Die gebruik as onderwerp styg 'n bietjie tot die derde periode⁷⁵, en proporsioneel styg die gebruik in 'n voorsetstelstuk

⁷⁵ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 6.81; van tweede na derde periode: 0.7 (onbeduidend)

deurlopend 'n bietjie⁷⁶. Gebruik as adjektief is slegs sporadies. Die totale gebruiksgetalle is redelik wisselvallig, maar dui geen werklike verandering aan nie.

In tabel 5.60 word die getalle van *niks* in verskillende sintaktiese rolle aangedui. Tydens die eerste periode is die Nederlandse variant *niets* nog gebruik, maar slegs 16 keer, so dit word hier gewoon by *niks* gereken.

Tabel 5.60: Gebruiksgetalle van niks in verskillende sintaktiese rolle

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
onderwerp	12	6,1%	22	14,4%	15	11,9%	11	11,4%
voorwerp	164	83,3%	100	65,4%	93	73,8%	69	71,1%
voorzetselstuk	13	6,6%	16	10,4%	2	1,6%	7	7,2%
adjektief	6	3%	10	6,5%	11	8,7%	6	6,2%
onvolledige sin	2	1%	5	3,3%	5	4%	4	4,1%
TOTAAL	197		153		126		97	

Die een opvallende verandering is dié van die totale gebruiksgetalle – dit halveer van die eerste na die laaste periode, met 'n deurlopende vermindering tussen-in⁷⁷. Die kwantor *geen* verminder in frekwensie vanaf die tweede periode, en die leksikale item *nie* fluktueer maar neem vanaf die tweede periode in breë trekke af – dit lyk of *niks* moontlik inskakel by 'n meer algemene afname in die gebruik van negatiewe terme. Soos met *iets* word *niks* ook by voorkeur as sinsvoorwerp gebruik, hoewel die gebruik as adjektief effens meer is as dié van *iets*.

Soos *iemand* en *niemand* word *iets* en *niks* ook met voor- en nabepalings gebruik, en selfs tot 'n groter mate as *iemand* en *niemand* (Ponelis, 1979:119). Dit word gebruik met voorbepalings [5.168,5.169],

[5.168] Vir almaal wat hom oor een of ander iets wou spreek, was die Goewerneur die toeganklikheid self. (1911-1920, Biografies)

[5.169] Daar was absoluut niks tussen ons nie; en tog het hy nie die geringste vermoede van my aanwesigheid gehad nie. (1941-1950, Informatief)

en nabepalings in die vorm van voorsetselstukke [5.170, 5.171],

[5.170] Iets binne-in hom is vir haar afgesluit. (1971-1980, Fiksie)

[5.171] Niks in haar houding het van enige verbasing of belangstelling getuig nie... (1941-1950, Fiksie)

en betreklike bysinne [5.172, 5.173],

⁷⁶ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 4.47 (enigsins beduidend, maar met 'n lae sekerheid)

⁷⁷ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 37.05

[5.172] Naas dool so vir ewighede tussen slaap en wakker en is een keer weer bewus van iets wat aaklig ruik, iets wat oor sy gesig en lyf verken en hom selfs liefkoos. (2001-2010, Fiksie)

[5.173] Jy mag dalk voel daar is niks wat jy daaraan kan doen nie. (2001-2010, Religieus)

en ook adjektiewiese nabepalings [5.174, 5.175].

[5.174] Hierdie soort beleid loop maar altyd op baie min uit indien wel iets positiefs daarmee bereik word. (1941-1950, Informatief)

[5.175] Sommige, soos Dr. Kruisinga en C. J. van Rijn, sien in die ontwikkeling, die toestande in aanmerking geneem, niks abnormaals nie... (1911-1920, Geesteswetenskappe)

Met betrekking tot *iets* en *niks* is die kwessie van die deelsgenitiewe -s nog meer van belang as by *iemand* en *niemand*, veral in terme van die bewering van Engelse invloed (Ponelis, 1979:119; 1993b:221) by die weglating van -s by adjektiewiese nabepalings [5.176, 5.177].

[5.176] Dit is ellendig as vrouens byna nooit met mekaar oor iets belangrik kan praat nie. (1971-1980, Religieus)

[5.177] In die dae wat volg, gebeur daar niks noemenswaardig nie. (1971-1980, Fiksie)

In die twee voorbeelde hierbo sou dit, volgens die ouer Afrikaanse patroon, *iets belangriks* en *niks noemenswaardigs* moes wees. Die getalle van die gebruik van *iets* met verskillende bepalinge word in tabel 5.61 gegee.

Tabel 5.61: Gebruiksgetalle van *iets* met verskillende bepalinge

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
voorbepaling	28	18,4%	20	19,8%	16	15,7%	20	17,9%
nabep. betreklike bysin	41	27%	31	30,7%	32	31,4%	44	39,3%
nabep. adjektiewies	67	44%	37	36,6%	32	31,4%	33	29,5%
nabep. adj. sonder -s	3	2%	0		5	4,9%	4	3,5%
nabep. voorsetselstuk	13	8,6%	13	12,9%	17	16,6%	11	9,8%
TOTAAL	152		101		102		112	

Die totale getalle van bepalinge verminder beduidend vanaf die eerste na die tweede periode, waarna dit min of meer stabiel bly⁷⁸. Daar is twee kategorieë wat proporsioneel spieëlbeelde van mekaar vorm – aan die begin is die 'korrekte' adjektiewiese nabepalinge die grootste kategorie, met betreklike bysinne as die tweede grootste; eersgenoemde verminder proporsioneel deurgaans, terwyl laasgenoemde deurlopend vermeerder, sodat hulle mekaar in die middel ontmoet tydens die derde periode, waarna betreklike bysinne adjektiewiese

⁷⁸ Log-waarskynlikheid van eerste tot tweede periode: 10.22; van tweede tot derde periode: 0.01 (onbeduidend); derde tot vierde periode: 0.43 (onbeduidend)

nabepalings verbygaan in getal en proporsie. Die adjektiwiese nabepalings sonder 'n -s is deurlopend redelik skaars, maar slegs afwesig in die tweede periode. Weereens lyk dit asof preskriptiviste meer hierop fokus as wat werklike (geskrewe) taalgebruik regverdig. Voorbepalings en nabepalende voorsetselstukke wissel in getal en proporsie sonder om verandering te toon.

Die gebruiksgetalle van *niks* met verskillende bepalings word in tabel 5.62 aangetoon.

Tabel 5.62: Gebruiksgetalle van *niks* met verskillende bepalings

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
voorbepaling	5	8	5	2
nabep. betreklike bysin	2	7	5	5
nabep. adjektiwies	31	23	13	9
nabep. adj. sonder -s	0	1	3	0
nabep. voorsetselstuk	0	2	0	0
TOTAAL	38	41	26	16

Die aantal bepalings wat met *niks* gebruik word is redelik laag, hoewel nie so laag soos dié van *niemand* nie. Dit wys tog dat negatiewe onbepaalde voornaamwoorde iets minder geneig is om bepalings te neem as hulle positiewe ekwivalente. Die vermindering van totale bepalings vanaf die derde periode is danke aan die vermindering in totale gebruiksgetalle van *niks*⁷⁹, hoewel adjektiwiese nabepalings die grootste afname toon. Voorbepalings en betreklike bysinne is deurgaans teenwoordig, maar nie in besonder groot getalle nie, voorsetselnabepalings is besonder skaars, en adjektiwiese nabepalings sonder die -s word, soos by *iets*, slegs enkele kere gebruik.

Die lae aantal gebruike van adjektiwiese nabepalings sonder -s maak dit weereens moeilik om die kwessie van Engelse invloed te ondersoek, hoofsaaklik omdat daar gewoon geen verandering uit die data afgelei kan word nie. Indien 'n groter korpus, of insluiting van gesproke data, egter aandui dat daar wel verandering onderweg is, is Engelse invloed steeds nie so eenvoudig nie – die algehele verdwyning van die genitiewe -s (sien afdeling 6.4.1, p. 247 en verder) laat die voorheen deelsgenitiewe -s in adjektiwiese nabepalings as 'n idiosinkratiese verskynsel wat op geen ander wyse by die sisteem inpas nie, en terwyl Engels miskien 'n rol te speel het, is dit moeilik om te bepaal of die -s-weglating sou posgevat het indien die genitiewe -s nog 'n wyer gebruik gehad het. Onder huidige omstandighede sou dit eerder lyk soos analogiese normalisering, waar die reeds omvangryke verlies aan infleksie (dus: regularisering) na nog 'n paradigma oorgedra word.

⁷⁹ Log-waarskynlikheid van derde tot vierde periode: 0.5 (onbeduidend)

Ponelis (1979:118) wys daarop dat die kwantor *enige*, wat in die bostaande data soms as voorbepaling gebruik is, nie alleen as aparte voorbepaling gebruik kan word met *iemand*, *iets* en *een* nie, maar selfs daarmee kan saamsmelt tot een woord: *enigiemand*, *enigiets* en *enigeen*. Aangesien *een* nie oorwegend as voornaamwoord gebruik word nie, word dit nie verder in hierdie afdeling hanteer nie, maar *enigeen* word slegs as onbepaalde voornaamwoord gebruik, en word hier ingesluit.

Tabel 5.63 dui aan hoeveel keer elk van hierdie drie versmeltings in die verskillende periodes gebruik is.

Tabel 5.63: Gebruiksgetalle van versmeltings met enig-

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>enigiemand</i>	0	0	4	6
<i>enigiets</i>	1	6	8	12
<i>enigeen</i>	0	2	6	11
TOTAAL	1	8	18	29

Die gebruiksgetalle van versmeltings met *enig-* is besonder laag, maar neem substansieel toe met verloop van die betrokke eeu⁸⁰. Die versmelting wat die vroegste voorkom, *enigiets*, is ook deurgaans die een met die hoogste aantal gebruike, die een wat tweede voorkom, *enigeen*, bly deurgaans tweede met betrekking tot gebruiksgetalle, en *enigiemand*, wat eers in die derde periode gebruik word, is in die twee periodes waarin dit voorkom telkens dié met die laagste aantal gebruike. Ten spyte daarvan dat die gebruiksgetalle steeds laag is, wil dit voorkom asof hierdie konstruksies toenemend versmelt en eenheidstatus aanneem en daarin tekens toon van toenemende grammatikalisering. Hierdie konstruksies word nie met (addisionele) voorbepalings gevind in die data nie, maar word gereeld met nabepalings gebruik. Die getalle is egter te laag om *enigiets* van te maak, behalwe dat die algemeenste nabepaling betreklike bysinne is.

Die laaste groep onbepaalde voornaamwoorde wat hanteer word, het begin as kwantors, en mettertyd ook voornaamwoordstatus verwerf, naamlik *almal* vir menslike referente, met die verouderde ekwivalent *algar*, en *alles* vir nie-menslike referente, met die verkorte variant *als* (Ponelis, 1993b:222). Beide *almal* en *algar* is afgelei van *al* met 'n voorsetselstuk, en het soos volg ontwikkel:

- *al te maal* ("all at a time") > *allemaal* > *almal*
- *al te gader* ("all together") > *allegaar* > *algar*

(Ponelis, 1993b:221).

⁸⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 37.23

In Nederlands kan *almaal/algar* nie as voornaamwoorde gebruik word nie, maar slegs as kwantifiseerders – sinne soos "**Allemaal/Allegaar zijn gereed*" kom nie voor nie, maar sinne soos "*Zij zijn allemaal/allegaar gereed*" is aanvaarbaar (Ponelis, 1993b:223). In die oorgang na voornaamwoordstatus in die ontwikkeling van Afrikaans het die twee woorde dieselfde roete gevolg as ander kwantors soos *alles*, *albei*, *al drie/vier* ensovoorts, wat wel ook voornaamwoordelike funksies vervul in Nederlands (Ponelis, 1993b:223). Die gebruik van *almaal* in 'n massanaamwoord-stuk, soos *almaal die wasgoed*, (sien voorbeeld 5.178, die enigste in die data), mag 'n relik wees van die oorspronklike wyer kwantorgebruik (Ponelis, 1993b:223).

- [5.178] Almaal die vrouw-mense is hard besig, want daar moet gebak en geslag worde vir al die mense, en vir die ete van Vrydag. (1911-1920, Fiksie)

Die vorm *algar* is redelik verouderd, en die funksie daarvan is amper volledig deur *almaal* oorgeneem (Ponelis, 1993b:224; sien ook Stoops, 1972:37). Twee soortgelyke voornaamwoorde wat nie eksplisiet in die literatuur hanteer word nie, is ook versmeltings van 'n kwantor en 'n (potensiële) voornaamwoord, *elk(e)* en *een* na *elkeen*, en *ieder(e)* en *een* na *iedereen*, wat na beide menslike en nie-menslike referente kan verwys. Die kwantor *elk(e)* word steeds produktief gebruik in Afrikaans, en ook *elkeen* word as kwantor aangewend, maar dit het 'n substansiële gebruik as voornaamwoord. *Ieder(e)*, aan die ander kant, het amper heeltemal in onbruik verval, en *iedereen* saamgeneem.

Die voornaamwoorde *almaal*, *alles* en *elkeen*, word in dieselfde sintaktiese rolle as die vorige onbepaalde voornaamwoorde gebruik: onderwerp [5.179-5.181],

- [5.179] En almaal is weg. (1971-1980, Fiksie)

- [5.180] Alles draai en wentel nou om Naas. (2001-2010, Fiksie)

- [5.181] Elkeen het iets om in sy hart voor dankie te sê. (1971-1980, Biografies)

voorwerp [5.182-5.184],

- [5.182] Ons wil eers almaal 'n kans gee om mee te praat. (1911-1920, Verslaggewing)

- [5.183] Francois is ook so 'n despoot; hy bespreek nie alles met my nie. (1971-1980, Fiksie)

- [5.184] Dit word aan tafel deur elkeen self gedoen. (1971-1980, Informatief)

en in voorsetselstukke [5.185-5.187].

- [5.185] Joviaal is hy in sy omgang en goeiehartig staan hy teenoor almaal. (1941-1950, Religieus)

- [5.186] Oor alles was 'n stilte als van die dood. (1911-1920, Informatief)

- [5.187] Daarom is besluit om aan elkeen met die sluiting van die skool elke middag 'n stukkie tabak en 'n sopie brandewyn te gee. (1941-1950, Informatief)

Uit die aard van hulle oorsprong handhaaf al drie ook steeds 'n noemenswaardige gebruik as kwantor [5.188-5.190].

- [5.188] Toe sit die man al vyf en twintig bliksoldate in 'n ry neer en almal van hulle kyk na die ballerina. (2001-2010, Fiksie)

- [5.189] Dit alles bly 'n fisiologiese verskynsel solang die uitslag van die pendule tot sy oorspronklike ewewig kan terugswaai. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

- [5.190] Mev. Schneider het ons elkeen 'n kamer aangewys, wat als slaap- en sitkamer tegelyk gemeubileer was. (1911-1920, Biografies)

Ponelis (1993b:222) dui aan dat *almal* meervoudige betekenis het, en *alles* eerder nie-numeriese (massa-)verwysing, en uit die data word afgelei dat *elkeen* ook vir meervoudige verwysing aangewend word. Laastens beweer Ponelis (1993b:222) dat die konstruksie *almal van VNW* (sien voorbeeld 5.188) uit Engels geleen is, maar daar is slegs 'n handvol van hierdie konstruksies in die data, en die kwessie word dus daargelaat. Die gebruike van *almal* in verskillende sintaktiese rolle, en as kwantor, word aangedui in tabel 5.64. Die ekwivalent, *algar*, kom 'n handvol kere in die data voor – sewe keer in die eerste periode, nege keer in die tweede, en een keer in die laaste periode (in die aanbieding van dialektiese taalgebruik in fiksie). Op grond van die semantiese ooreenkoms word dit in die tabel by *almal* gereken.

Tabel 5.64: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *almal*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
kwantor	69	49%	55	39,6%	39	31%	66	36,3%
onderwerp	46	32,6%	49	35,3%	57	45,2%	82	45%
voorwerp	11	7,8%	21	15,1%	12	9,5%	22	12,1%
voorsetselstuk	15	10,6%	12	8,6%	15	11,9%	9	4,9%
onvolledige sin	0		2	1,4%	3	2,4%	3	1,7%
TOTAAL	141		139		126		182	

Die totale gebruiksgetalle neem stadig en onbeduidend af tot die derde periode, waarna dit meer merkbaar toeneem na die laaste periode toe⁸¹. In die eerste periode maak die kwantorgebruike amper die helfte uit, waarna dit effens verminder, maar steeds 'n groot proporsie van die verskillende kategorieë uitmaak; vanaf die derde periode is onderwerpsgebruike die grootste kategorie (amper die helfte van die gebruike), en kwantorgebruike tweede met ongeveer 'n derde. Terwyl hierdie veranderinge nie heeltemal stabiel deurgetrek kan word nie, wil dit tog lyk asof *almal* stadigaan proporsioneel meer as

⁸¹ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 0.01 (onbeduidend); van tweede na derde periode: 0.57 (onbeduidend); van derde na vierde periode: 10.05

voornaamwoord gebruik word, en minder as kwantor. Dit dui op 'n toename in die innoverende, nie-Nederlandse gebruik, wat 'n funksionele uitbreiding van die konstruksie behels. Hierdie tipe verandering kan verbind word met 'n toename in ekspressiwiteit, en die eksaptasie van 'n vorm vir 'n nuwe funksie.

In tabel 5.65 word die verskillende gebruike van *alles* gegee. Die verkorte vorm *a/s* word slegs in die laaste periode gebruik, en ook net ses keer – die ouer gebruik van *a/s* in vergelykingskonstruksies (soos hedendaagse *as*) het moontlik die verkorting vroeër teengewerk, deurdat verwarring sou kon ontstaan (sien byvoorbeeld 5.186).

Tabel 5.65: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *alles*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
kwantor	49	19,1%	36	19,4%	29	17,2%	21	13,1%
onderwerp	96	37,5%	40	21,5%	43	25,6%	53	33,1%
voorwerp	71	27,7%	73	39,2%	62	36,9%	54	33,8%
voorsetselstuk	36	14,1%	36	19,4%	28	16,7%	21	13,1%
onvolledige sin	4	1,6%	1	0,5%	6	3,6%	11	6,9%
TOTAAL	256		186		168		160	

Anders as by *almal* is daar by *alles* 'n deurlopende beduidende afname in totale gebruiksgetalle⁸², om aan die einde minder as twee derdes van die eerste periode te wees. Die enigste gebruik wat nie deurlopend afneem saam met die totale getalle nie, is die gebruik as onderwerp, terwyl beide kwantorgebruike en gebruike in voorsetselstukke vanaf die tweede periode afneem in proporsie, en deurlopend afneem in getal. Dit beteken dat die innoverende gebruike behoue bly terwyl daar 'n verlies aan die oorgeërfde gebruike is, wat nie soveel 'n funksionele uitbreiding behels soos met *almal* nie, maar eerder 'n funksionele verskuiwing. Hierdie verskuiwing kan ook met ekspressiwiteit in verband gebring word, en is 'n tipe eksaptasie van 'n vorm vir 'n nuwe gebruik.

Vervolgens is die onbepaalde voornaamwoord *elkeen* aan die beurt. Tydens die eerste periode is die ekwivalent *iedereen* nog sterk kompetisie vir *elkeen*, hoewel dit daarna sterk afneem om teen die laaste periode heeltemal afwesig in die data te wees – die getalle van *elkeen* en *iedereen* word in tabel 5.66 getoon.

Tabel 5.66: Gebruiksgetalle van *elkeen* en *iedereen*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
<i>elkeen</i>	35	66%	52	91,2%	42	93,3%	41	100%
<i>iedereen</i>	18	34%	5	8,8%	3	6,7%	0	
TOTAAL	53		57		45		41	

⁸² Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 27.53

Aangesien *elkeen* en *iedereen* semanties grootliks ooreenkom, soos *almal* en *algar*, en *iedereen* ook vanaf die tweede periode lae gebruiksgetalle het, word die twee se gebruike in tabel 5.67 saamgevoeg.

Tabel 5.67: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *elkeen* en *iedereen*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
kwantor	9	17%	17	29,8%	18	40%	23	56,1%
onderwerp	34	64,1%	31	54,4%	17	37,8%	10	24,4%
voorwerp	1	1,9%	4	7%	6	13,3%	2	4,9%
voorsetselstuk	9	17%	4	7%	4	8,9%	6	14,6%
onvolledige sin	0		1	1,8%	0		0	
TOTAAL	53		57		45		41	

Die totale gebruiksgetalle styg van die eerste na die tweede periode en daal daarna deurlopend, maar niks hiervan is beduidend nie⁸³. Anders as wat met *alles* en *almal* die geval is, neem *elkeen* en *iedereen* se gebruik as kwantor deurlopend toe in terme van beide getal en proporsie, om teen die laaste periode meer as die helfte van die gebruike uit te maak. Die onderwerpsgebruike daal deurlopend in getal en proporsie⁸⁴, terwyl die ander kategorieë klein en wisselvallig is. Waar *alles* se gebruik as kwantor deurlopend afneem, neem *elkeen* se gebruik as kwantor deurlopend toe. Aangesien beide "al die X" kan beteken as kwantor, lyk dit of *elkeen* besig is om 'n deel van *alles* se funksionele lading as kwantor oor te neem.

Die voornaamwoordelike gebruike van *almal*, *alles* en *elkeen* neem, soos die ander onbepaalde voornaamwoorde hierbo, ook bepalinge. Daar is slegs 'n handvol voorbeelde by *elkeen*, amper *almal* nabepalinge buiten 'n enkele "bijna *elkeen*" uit 1911-1920. By *almal* en *alles* is daar voorbepalinge [5.191, 5.192],

[5.191] ... soos bv. byna *almal* het aandag geskenk aan groei en ontwikkeling, die leerproses, persoonlikheidsaanpassing en waardering (evaluation). (1941-1950, Geesteswetenskappe)

[5.192] In die naoorlogse dae, so kom Hannes gou agter, was *alles*, of amper *alles*, slegs beskikbaar op rantsoen wat by wyse van maandelikse koepons uitgereik is. (2001-2010, Biografies)

nabepalinge in die vorm van betreklike bysinne [5.193, 5.194],

[5.193] *Almal* wat geld uitgee, is goeie toeriste. (1971-1980, Informatief)

⁸³ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode: 0.61 (onbeduidend); tweede na derde periode: 1.35 (onbeduidend); derde na vierde periode: 0.2 (onbeduidend)

⁸⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, getal: 17.97 en proporsie: 9.9

- [5.194] Alles wat nie 'n bekende oorsaak gehad het in swangerskap het die algemene etiket toxaemië gekry. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

nabepalings in die vorm van voorsetststukke [5.195, 5.196],

- [5.195] Die meester was bemind deur almal op die plaas. (1911-1920, Fiksie)

- [5.196] Die Afrikaner glo dat alles in die lewe sin het, omdat alles deur God gewil is. (1971-1980, Religieus)

en nabepalings in die vorm van adjektiewe [5.197, 5.198].

- [5.197] Soos almal anders is ek aan die kragte buite my beheer onderworpe... (2001-2010, Informatief)

- [5.198] En Gunerius is so geïnteresseerd in alles nuwts en so is hij so wonderlik opmerkzaam... (1911-1920, Fiksie)

Die getalle van die verskillende bepalinge saam met *almal* word in tabel 5.68 gegee.

Tabel 5.68: Gebruiksgetalle van *almal* met verskillende bepalinge

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
voorbepaling	0	3	0	2
nabep. betreklike bysin	16	10	8	4
nabep. adjektiewies	2	2	1	1
nabep. voorsetststuk	2	1	3	3
TOTAAL	20	16	12	10

Die gebruiksgetalle is besonder laag, hoewel dit tog lyk of betreklike bysinne die algemeenste nabepaling is, en die gebruik van bepalinge deurlopend afneem⁸⁵, selfs tot die laaste periode waar die totale getal van *almal* die hoogste is, spesifiek in terme van voornaamwoordelike gebruike.

Die getalle van *alles* met bepalinge word in tabel 5.69 gegee. By *alles* is daar slegs enkele voorbepalinge en adjektiewiese nabepalinge, met effens meer voorsetststukke as nabepalinge, en die meeste betreklike bysinne as nabepalinge. Die totale getalle wissel, en die vermindering weerspieël grotendeels die totale vermindering in gebruike van *alles*⁸⁶.

Tabel 5.69: Gebruiksgetalle van *alles* met verskillende bepalinge

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
voorbepaling	3	0	1	2
nabep. betreklike bysin	46	29	32	20
nabep. adjektiewies	2	0	2	0
nabep. voorsetststuk	5	3	5	5
TOTAAL	56	32	40	27

⁸⁵ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 6.93

⁸⁶ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 3.17 (onbeduidend)

Daar is 'n aantal uitbreidings en verskuiwings in funksie in die gebruik van Afrikaanse onbepaalde voornaamwoorde. Die gebruik van *iemand* verhoog in die tweede helfte van die eeu, en toon meer gebruikskontekste. Die nie-Nederlandse gebruik van *almal*, naamlik as voornaamwoord en nie as kwantor nie, verhoog, en dieselfde gebruik van *alles* is die enigste van hierdie voornaamwoord se gebruike wat nie afneem nie. In hierdie veranderinge is die krag van ekspressiwiteit aan die werk, wat eksaptasie (of die vestiging / uitbreiding van 'n geëksapteerde gebruik) van 'n vorm vir verdere funksies behels. In teenstelling hiermee neem *elkeen* se gebruik as kwantor toe, waar dit 'n deel van die funksionele lading as kwantor wat *alles* verloor, oorneem. Al hierdie veranderinge behels 'n mate van herfunksionalisering van verskillende vorme.

Daar is een geval van grammatikalisering, waar die samesmeltingsvorme met *enigsteeds* laag in frekwensie is, maar beduidende toename met verloop van die eeu toon.

'n Laaste kwessie is die weglating van die deelsgenitiewe -s by adjektiewe ná *iemand*, *niemand*, *iets* en *niks*. Aan die een kant is hierdie gebruike besonder skaars, wat aandui dat preskriptiviste óf oordryf hieroor, óf suksesvol is juis omdat hulle soveel aandag hieraan gee. Aan die ander kant, selfs al sou dit meer algemeen in gesproke taalgebruik wees, byvoorbeeld, sou dit 'n geval van analogiese normalisering wees, waar die defleksie wat reeds gevestig is in Afrikaans uitgebrei word na nog 'n paradigma. Die invloed van Engels sal moeilik wees om hier met enige mate van sekerheid te bevestig.

5.8 SAMEVATTING: AFRIKAANSE VOORNAAMWOORDE

Daar het 'n aantal veranderinge in die gebruik van Afrikaanse voornaamwoorde plaasgevind gedurende die afgelope eeu, waarvan sommige steeds voortduur. Die eerste tipe verandering is die variasiereduksie wat kenmerkend is van veral die vroeë fase van standaardisering. Veral by persoonlike voornaamwoorde is daar heelwat variasie, in terme van spelling of Nederlandse vorme, wat tussen die eerste en die tweede periode verdwyn, onder andere al die onbeklemtoonde vorme, die onderskeid tussen selfstandige en besitsvorme, die onderwerpsvorm van die eerste persoon meervoud, die verouderde formele tweede persoon *gij/gy*, die wederkerige vorme *elkaar* en *elkander*, en die wederkerende vorm *zich*. By ander soorte voornaamwoorde het aanwysende *dit* en *deze* verdwyn, asook die onbepaalde voornaamwoorde *algar* en *iedereen*.

'n Volgende, moontlik verwante, tipe verandering behels ver(in)formalisering. Die afname in die gebruik van formele *u* (generies en andersins), en die toename in die gebruik van *jy/jou* veral as generiese voornaamwoord, wys op verinformalisering. Hierdie tendens word deur die loop van die eeu volgehou. Die toename van *dié* ten koste van *hierdie* vanaf die tweede periode is moontlik 'n verdere teken van verinformalisering. Daarteenoor staan

die toenemende keuse vir *dit* in siellose verwysing eerder as *hy/hom* en *hulle*, en die afname in die gewoonte van outeurs om na hulleself in die eerste persoon te verwys in gepubliseerde tekste – dit kan moontlik op verformalisering wys, hoewel dit ook bloot 'n stilistiese konvensie kan wees wat nie direk aan formaliteit gekoppel hoef te word nie. In die laaste hoofstuk word daar na hierdie dialektiek teruggekeer.

Nog 'n tipe verandering wat met buitetalige faktore te make het, is die invloed wat sosio-kulturele veranderinge op taalgebruik het. In die gebruik van voornaamwoorde in Afrikaans is veral die invloed van feminisme omvangryk – die afname in die gebruik van manlike vorme as generiese voornaamwoorde, die gelyklopende toename van *jy/jou* en kombinasievorme om manlike vorme as generiese voornaamwoorde te vervang, die toetrede van vroulike vorme as generiese vorme, asook die stygende sigbaarheid van vrouens wat uit die toename in vroulike vorme as sodanig afgelei kan word.

'n Volgende verandering kan, minstens ten dele, toegeskryf word aan faktore buite die Afrikaanse taalsisteem (soos wat dit tradisioneel afgebaken word), naamlik invloed van Engels. Daar is 'n beduidende toename in die gebruik van *-self*-vorme as wederkerende voornaamwoorde, ook waar dit nie strenggesproke nodig sou wees nie, en hierdie gebruik is soortgelyk aan die gebruik in Engels. Terwyl die gebruik met *-self* as sodanig nie van Engels afkomstig is nie (dus: nie 'n Engels-geïnspireerde innovasie of overte oordrag is nie), word die vorm toenemend gebruik soos die Engelse vorm, wat wys op Engelse invloed tydens die seleksieproses, oftewel koverte oordrag. Daar is egter ook ander prosesse by die toename van *-self* betrokke, onder andere ekspressiwiteit in terme van die onderskeid tussen voorwerpsvorme en wederkerende vorme, en analogievorming in terme van die paradigmatische uitbreiding van die vorm. Daar is twee ander plekke waar Engelse invloed deur sommige outeurs beweer word, maar waar daar nie genoegsame data is om dit verder te ondersoek nie, naamlik die selfstandige gebruik van *hierdie* en *daardie*, en die verlies van die deelsgenitiewe *-s* ná die onbepaalde voornaamwoorde *iemand*, *niemand*, *iets* en *niks*. In beide hierdie gevalle is dit moontlik om, indien daar dan wel verandering is wat nie in hierdie studie se data weerspieël word nie, dit te verklaar op grond van onder andere analogievorming en nie noodwendig Engelse invloed nie.

Analogievorming is verder betrokke by die afname in sinskataforiese gebruike van *dit* teenoor die toename in sinsanaforiese gebruike van *dit*, aangesien *dit* andersins by uitstek anafories gebruik word. Verder, indien *wat* in voorsetselgebruike nie omvorm tot *waar-* nie (dit is skaars in die data, maar nogtans), dan sou dit ook toegeskryf kan word aan analogiese normalisering waar die paradigma van betreklike voornaamwoorde meer reëlmatig en eenvormig word.

Buiten by die veranderinge met *-self* is ekspressiwiteit ook betrokke by ander voornaamwoordelike veranderinge. Die verkorte vorme *jul* en veral *hul* spesialiseer toenemend vir attributiewe gebruike, en *dit* word toenemend verkies vir siellose verwysing eerder as *hy/hom* en *hulle*. Die onbepaalde voornaamwoorde *almal* en *alles* is ook geëksapteer as selfstandige voornaamwoorde van die Nederlandse kwantorgebruike, waar die gebruik van *almal* toeneem, en by *alles* nie afneem soos die ander gebruike nie. Die beginsel van ekonomie is ook betrokke by sekere veranderinge, onder andere die afname van leë of formele *dit* as sinsonderwerp, wat vervang kan word deur (korter) inversie, en die toename van die vorm *daai* teenoor *daardie*.

Die laaste tipe verandering, wat tot 'n mate 'n kombinasie van sekere van die voorafgaande beginsels behels, word by uitstek aangedryf deur taalgebruik – grammatikalisering. Die toenemende gebruik van die saamgesmelte vorm *dis* eerder as *dit* is toon tekens van grammatikalisering. Die toename in die vorm *mens* sonder die onbepaalde lidwoord *'n* is 'n teken van fonologiese reduksie, wat tipies plaasvind wanneer grammatikalisering onderweg is. Daar is nie 'n toename in frekwensie van (*'n*) *mens* nie, en die leksikale oorsprong is nog heeltemal deursigtig, hoewel dit duidelik grammatikaal gebruik word; dit kan 'n vroeë fase van grammatikalisering aandui. Die aanwysende voornaamwoord *hierdie* en *daardie* toon tussen die eerste twee periodes die laaste fases van grammatikalisering, en die verwante lokatiewe *hier* en *daar* toon tekens van afname in selfstandigheid en toename in grammatikaliteit. In betreklike konstruksies het die gebruik van alleenstaande *waar* met 'n voorsetsel grootliks weggeval, en volledig oorgeskakel na samesmeltings soos *waarvan*, *waaroor*, ensovoorts. Ook hier is tekens van grammatikalisering, waar die selfstandigheid van die onderskeie dele verminder, en die volgorde van gebruik vaster word. Laastens is daar samesmeltings met *enig-*, naamlik *enigeeen*, *enigiets* en *enigiemand*. Terwyl die gebruiksgetalle laag is (as gevolg van 'n lae gebruiksfrekwensie en klein korpusse), kan daar tog 'n beduidende toename in gebruik van die saamgesmelte vorme waargeneem word, wat dieselfde roete volg as die *waar*-vorme.

HOOFSTUK 6: DIE GENITIEF

"Basically, possession is a concept, not a construction." (Wan & Xu, 2013:8)

6.1 INLEIDING

Die konsep van *besit* staan sentraal in die potensiele semantiese trefwydte van die genitief in enige gegewe taal (Nikiforidou, 1991:160). Die prototipiese semantiese eienskappe van besit is: die besitter is menslik, die besitting is 'n konkrete objek, hulle is naby aan mekaar, en die besitsrelasie is nie beperk in tyd nie (Wang & Xu, 2013:8). Dit is egter slegs die beginpunt wanneer die genitief ondersoek word – dit kan 'n verskeidenheid verwante betekenisse uitdruk, en op verskillende wyses in 'n taal manifesteer. In Afrikaanse taalgebruik word besit (en 'n aantal verwante relasies) perifrasties uitgedruk met *van* en *se*, asook deur besitlike voornaamwoorde en voornaamwoordelike besitskonstruksies. Hierdie genitiefkonstruksies het nie almal stabiel gebly met verloop van die afgelope eeu nie, en word in hierdie hoofstuk ondersoek.

Eerstens is daar 'n teoretiese beskouing van die genitief, wat perspektiewe en voorbeelde uit taalfamilies en spesifieke tale gebruik wat hulle optimaal tot 'n teoretiese verkenning verleen, en dan word die genitief in die Germaanse taalfamilie, en spesifiek Nederlands, bekendgestel om sekere aspekte van die herkoms van die Afrikaanse genitief te verken. Daarna verskuif die fokus na Afrikaans – oorblywende reste van die Nederlandse genitief word kortliks hanteer, waarna die genitiefgebruik van *se* en *van* in diepte ondersoek word. Konseptueel word die inhoud van hierdie hoofstuk dan in verband gebring met die inhoud van die vorige hoofstuk, wanneer besitlike voornaamwoorde en voornaamwoordelike besitskonstruksies hanteer word. Ten slotte is daar 'n samevatting van die belangrikste bevindinge in verband met veranderinge in die Afrikaanse genitief.

6.2 TEORETIESE BESKOUING VAN DIE GENITIEF

Die term *genitief* kan op verskillende maniere gebruik word, en dit is sinvol om uit te klaar wat die bedoelde betekenis in hierdie studie is. Tradisioneel is die term gebruik om 'n kasus in 'n taal aan te dui wat deur morfologiese infleksie aangedui word (Fillmore, 1967:37). Fillmore verruim egter die betekenis van die term kasus om ook in te sluit wat hy noem kasusrelasies ("case relationships") (Fillmore, 1967:9), wat dui op sintakties-semantiese relasies tussen naamwoorde en/of naamwoordstukke binne sinne (Fillmore, 1967:9, 39). Hy onderskei dan tussen die terme 'kasus', wat op hierdie relasies wys, en 'kasusvorm' wat op die uitdrukking van die kasusrelasies in 'n spesifieke taal dui (Fillmore, 1967:40). Wanneer

daar in hierdie studie na "die genitief" verwys word, word dit bedoel in Fillmore se terme van 'n sintakties-semantiese relasie tussen naamwoorde en/of naamwoordstukke, ongeag of dit deur morfologiese infleksie uitgedruk word of nie.

In 'n aantal Indo-Europese tale toon die genitief (as morfologiese kasus) 'n groot verskeidenheid semantiese funksies, wat diverse betekenisse soos die agent van 'n aksie, die materiaal waaruit iets bestaan, die besitter, en die standaard vir vergelyking kan uitdruk (Nikiforidou, 1991:149). Hierdie relasies tussen die bepaling en die naamwoord kan meer of minder konkreet of abstrak wees (Nikiforidou, 1991:149).

Klassieke Grieks is een van die tale met die grootste aantal genitiewe betekenisse, waarvan Nikiforidou (1991:154) die volgende (met Engelse voorbeelde) lys gee ter illustrasie van die wye verskeidenheid moontlike betekenisse wat die konstruksie kan oordra:

1. Besitter – *Socrates' house*
2. Ervaarder – *Achilles' anger*
3. Verwantskap – *Paricles' son*
4. Materiaal – *stick of ivory*
5. Oorsaak – *anger due to/because of (his) actions*
6. Partitief – *some of the people*
7. Attribuu – *man of great genius*
8. Pasiënt – *addresser of Socrates*
9. Attributiewe genitief – *Aphrodite's beauty*
10. Vergelykend – *better than Plato*
11. Oorsprong – *a youth from Corinth*
12. Deel-geheel / onvervreembare besitting – *the hand of Zeus*

Ten spyte van hierdie groot verskeidenheid moontlike betekenisse, blyk dit dat *besit* telkens in verskillende tale in die kern van die betekenis van die genitief staan, en dikwels die enigste oorblywende produktiewe gebruik van 'n ouer kasusvorm is (Nikiforidou, 1991:159). Die sentraliteit van *besit* in die genitief het aanleiding gegee tot die term "possessive" (Nikiforidou, 1991:160, 192), wat in Afrikaans vertaal kan word met *besitskonstruksie*. Genitiefkonstruksies word egter algemeen genoeg vir ander betekenisse gebruik dat 'n benaming wat dit beperk tot die konsep van *besit* in baie gevalle onvoldoende of misleidend is. Behalwe vir die konsep van *besit* wat telkens sentraal staan in die genitief, is ander algemene semantiese waardes van die genitief die *ervaarder/agent*, die *objektief*, *verwantskap*, die *partitief* en die *draer van eienskappe* (Nikiforidou, 1991:193).

Nikiforidou (1991) gee spesifiek aandag aan 'n aantal metaforiese verlengings wat relevant is vir die verskeidenheid van genitiefbetekenisse, wat almal uitbreidings is van die

prototipiese genitiefsbetekenis, naamlik besit, en daardeur aan mekaar verbonde is binne dieselfde semantiese kategorie. Sy beklemtoon dat hierdie metafore nie aanleiding daartoe gee dat al die moontlike betekenisne altyd benut word nie, maar dat dit sekere semantiese moontlikhede daarstel (Nikiforidou, 1991:168). Die relevante metafore wat Nikiforidou (1991:170-89) identifiseer en beskryf behels die volgende:

1. Dele is besittings.
2. Gehele is oorspronge.
3. Oorsake is oorspronge (van 'n gebeurtenis).
4. Ervaarders is besitters (van 'n ervaring).
5. Goed wat (met mens) gebeur is (jou) besittings.
6. Materiaal (waaruit iets bestaan) is oorsprong.
7. (Kenmerkende) eienskappe is deel van die geheel van iets.
8. Familie is besittings.
9. Kenmerke of eienskappe is besittings.
10. Die standaard vir vergelyking is 'n oorsprong (en vergelyking is skeiding van 'n oorsprong).

Daar sal later, in die beskrywing van die Afrikaanse genitief, weer na hierdie metafore teruggekeer word.

Ten spyte daarvan dat genitiefkonstruksies nie sintakties identies is met hulle historiese bronne nie, kan sekere formele en semantiese, sintaktiese en funksionele eienskappe van sinchroniese genitiefkonstruksies verklaar word in terme van dié van historiese voorgangers (Francis, 2000:90, 92). In die raamwerk van die kognitiewe linguistiek is dit dan nodig om 'n funksionele verklaring vir sinchroniese konstruksies te gee, wat aanleiding daartoe gee dat morfosintaktiese verskille tussen genitiefkonstruksies nie verklaar word op grond van sinchroniese semantiese kenmerke van die konstruksies nie, maar dat die morfosintaktiese sowel as semantiese kenmerke verklaar word op grond van die diachroniese oorsprong van die konstruksies (Francis, 2000:93). Hendriks (2012:63) wys daarop dat dit tog nie beteken dat oënskynlik soortgelyke konstruksies in na-verwante tale noodwendig op dieselfde manier ontwikkel het nie.

Beide die aanwend van metafore en die diachroniese perspektief lei verskillende navorsers tot die perspektief dat sinchroniese genitiefkonstruksies polisemies van aard is. Francis (2000:99) wys daarop dat konstante taalverandering onvermydelik tot polisemie aanleiding gee, en rapporteer dat Croft (1993) die beginsel daarstel vir grammatikale konstruksies in die algemeen, en dat hierdie beginsel spesifiek vir die genitief ondersteun word deur die navorsing van Heine (1997). Nikiforidou (1991:150), wat ook binne die

kognitiewe linguistiek werk, vermeld dat selfs die morfologiese genitiefkasus 'n geval van gestruktureerde polisemie is, wat deur middel van die bogenoemde metafore gebruik word met verskeie verwante betekenisse (Nikiforidou, 1991:164-6).

Wang en Xu (2013:8) wys daarop dat *besit* (die sentrale konsep van genitiefkonstruksies) 'n konsep is, nie 'n konstruksie nie; die konsep dui op 'n verhouding tussen 'n mens en haar/sy familie, liggaamsdele, materiële besittings, en kulturele en intellektuele produkte. In die breë sin van die woord kan genitiefkonstruksies verwys na beide attributiewe/adnominale en predikatiewe konstruksies (Wang & Xu, 2013:8).

Ter opsomming: Die genitief is 'n tipe relasie. Die prototipiese relasie wat deur die genitief uitgedruk word is *besit*, en verskeie metaforiese uitbreidings hiervan lei daartoe dat die genitief 'n hele aantal verwante tipes relasies kan uitdruk. Tradisioneel is die genitief geïnterpreteer as 'n morfologiese kasus, hoewel die gedagte dat die genitief 'n konsep is en nie 'n konstruksie nie, aanleiding gegee het daartoe dat dit nie meer beperk hoef te word tot morfologie nie, maar enige grammatikale konstruksie van besitsrelasies kan insluit. Vervolgens word die herkoms van en onlangse verandering in die Afrikaanse genitief ondersoek – eers word die genitief in die breë Germaanse taalfamilie gesitueer, waarna die ontwikkeling van die Afrikaanse genitief hanteer word.

6.3 DIE GENITIEF IN NEDERLANDS EN DIE GERMAANSE TAALFAMILIE

Oorspronklik het Proto-Germaans 'n uitgebreide kasussisteem gehad, wat die vokatief, nominatief, akkusatief, datief, instrument en genitief sou insluit (Scott, 2011:106). Die kasussisteem het in al die hedendaagse Germaanse tale heelwat vereenvoudig of selfs heeltemal verdwyn, maar daar is tog merkbare oorblyfsels van (onder andere) die genitief te bespeur. Uit die Noord-Germaanse tale het onder andere Sweeds en Deens 'n -s-genitief, wat skakel met die oorspronklike genitiefkasus (Börjars, 2003; Perridon, 2013; Weerman & De Wit, 1999). Die Wes-Germaanse tale, waaronder Afrikaans gereken word, het soortgelyke konstruksies – Engels, Duits en Nederlands het 'n -s-genitief, hoewel die verskillende tale se -s nie semanties identies is, of diachronies volgens dieselfde roete ontwikkel het nie (Hendriks, 2012; Scott, 2011; Weerman & De Wit, 1999). Anders as Nederlands en Engels manifesteer die Duitse genitief deur 'n aantal verskillende suffikse, naamlik -s, -es, -ns, -ses, -ens, -'s en -' (Schneider, 2014:988).

Soos in Duits (Schneider, 2014:989) is kasus in MiddelNederlands (1150-1500) gemerk op die naamwoord en meegaande lidwoord en/of adjektief binne die naamwoordstuk, en voornaamwoorde het volgens kasus verbuig (Scott, 2011:106). Adnominaal het die genitief-kasus die volgende relasies uitgedruk (Scott, 2011:106):

- besit (in 'n breë sin), byvoorbeeld *des mans hoed*, of *Peters vriend*;
- partitief, byvoorbeeld *één der mensen ontbreekt*;
- verhouding, byvoorbeeld *Zoon des mensen*, of *rijk der natuur*;
- temporele uitdrukkings, byvoorbeeld *'s maandags studeert ze aardrijkskunde*;
- saam met 'n aantal adjektiewe (soos *deelachtig, machtig, schuldig*); en
- saam met die komplemente van sekere werkwoorde (soos *zich ontfermen, zich erbarmen, zich herinneren, zich schamen*).

Nederlands het egter teen die einde van die Middelnederlandse tydperk formele kasus verloor (Scott, 2011:106; Weerman & De Wit, 1999:1157), en slegs 'n oorgeblewe res van die genitief het vandag nog 'n beperkte gebruik as besitsuffiks (Čermák, 1978:99). Moderne Nederlandse -s verskil redelik baie van die oorspronklike genitief-kasus, onder andere daarin dat dit slegs voor die naamwoord kan verskyn, en nie aan enige kant soos die kasus nie, en dat dit slegs gebruik word saam met eiename en naamwoorde wat as aanspreekvorme gebruik kan word (Hantson, 2001:7; Weerman & De Wit, 1165-7). Die Nederlandse genitief-s het dus 'n veel meer beperkte verspreiding as die Engelse ekwivalent – dit is prakties beperk tot (semi-) eiename, byvoorbeeld *Peters / vaders boek* (Hantson, 2001:7) – en Scott (2011:129) beweer dat dit eerder 'n leksikale kasus genoem behoort te word as 'n strukturele kasus. Die verbindings-s het ook uit die oorspronklike genitief ontwikkel, hoewel dit nie meer in genitief-terme hanteer word nie (Scott, 2011:125).

Bo en behalwe die -s-oorblyfsel van die oorspronklike genitief, het Nederlands 'n verdere konstruksie om besit aan te dui, afkomstig van besitlike voornaamwoorde. Die meer algemene, manlike vorm hiervan is *z'n*, kort vir *zijn*, met die vroulike *h'r* (van *haar*) en meervoud *hun* (Roberge, 1996:123), en dit word in konstruksies soos *Jan z'n boek* gebruik (Weerman & De Wit, 1999:1170). Hierdie tipe konstruksie is al in die veertiende en vyftiende eeue gebruik (Weerman & De Wit, 1999:1173). Anders as Engels, waar *his* en die genitief-s versmelt het tot een konstruksie (die hedendaagse 's), het die fonologiese verskille tussen Nederlandse -s en *z'n* veroorsaak dat dit as aparte konstruksies behoue gebly het (Weerman & De Wit, 1999:1174). Die gebruikskontekste van *z'n* is nie so beperk soos dié van -s nie – sinne soos "**de jongens boek*", "**iedere jongens boek*", "**de man met die gekke brils caravan*" kom nie voor nie, terwyl *z'n* gemaklik met sulke meer komplekse naamwoordstukke voorkom (Weerman & De Wit, 1999:1167). Die *z'n*-konstruksie is nie direk verwant aan die oorspronklike genitief-kasus nie (Weerman & De Wit, 1999:1175).

'n Verdere wyse om genitiefrelasies in Nederlands aan te dui, is die gebruik van *van*, soortgelyk aan Duitse *von* (Hantson, 2001:3). Soos wat die gebruik van die morfologiese genitief in Middelnederlands afgeneem het, het die gebruik van *van*-konstruksies in die

veertiende eeu vinnig toegeneem (Weerman & De Wit, 1999:1156-8). Die genitief-s en *van*-konstruksies is in sekere kontekste uitruilbaar (Scott, 2011:123), soos wat ook die geval is met 's en *of*-konstruksies in Engels (Hinrichs & Szmrecsanyi, 2007:438). Die *van*-konstruksies het met die *z'n*-konstruksies gemeen dat albei perifrastiese konstruksies is, waar *van* voor die 'besitter' en ná die 'besitting' voorkom, en *z'n* andersom (Weerman et al., 2013:367).

6.4 DIE GENITIEF IN AFRIKAANSE TAALGEBRUIK

Soos reeds genoem, is daar drie konstruksies beskikbaar in Nederlands om besitsrelasies aan te dui – genitief-s (soos *Pieters fiets / mijn moeders fiets*), konstruksies met *van* (soos *de fiets van mijn vader*), en konstruksies met die onbeklemtoonde vorm van besitlike voornaamwoorde (soos *mijn vader z'n fiets; mijn moeder d'r fiets; die mensen d'r/hun kleren*) (Den Besten, 2012a:8; Roberge, 1996:123). Tydens die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans het die genitief-s weggeval, die *van*-konstruksie is behou, en die voornaamwoordelike konstruksie het vereenvoudig om slegs een vorm te gebruik, naamlik *se* (Den Besten, 2012a; Hantson 2001; Ponelis 1993b; Roberge, 1996), wat die funksies van die genitief-s oorgeneem het (Den Besten, 2012a:8).

Die status van Afrikaanse *van* is effens kontroversieel – wanneer die gebruik van die Afrikaanse genitief bespreek word, word daar gewoonlik gefokus op *se* en besitlike voornaamwoorde (byvoorbeeld Ponelis, 1989:268; 1979:126). Wanneer *van* gebruik word in besitskonstruksies, word dit dan as voorsetsel hanteer (sien byvoorbeeld Hantson, 2001:10). Van Rooy (1984) maak egter 'n saak uit vir die tipering van *van* in besitskonstruksies as genitiefpartikel, soos wat die geval is met *se*. Hy noem dat *van* ook gebruik kan word om die deelsgenitief of partitief uit te druk (byvoorbeeld *'n deel van hierdie boeke*) (Van Rooy, 1984:39), en sluit af met die gevolgtrekking:

Daar moet dus duidelik daarop gelet word dat "van" nie maar altyd as 'n voorsetsel hanteer kan word nie. In frases soos "die tas van hierdie arme kêrel", "die spore van die kar", "die kleinneef van jou oom" en "die uitsending van gister" (Ponelis 1979:151) is dit 'n genitiefspartikel. Ponelis beskou hierdie konstruksie wel as 'n nabepaling, wat dit inderdaad is ook wanneer die nabepaling as 'n genitiefskonstruksie verstaan word op dieselfde wyse as die deelsgenitiewe konstruksie waarna breedvoerig verwys is. As in "die tas van hierdie kêrel" "die tas" die kernnaamwoord is, moet "'n deel" dit ook wees in 'n NS soos "'n deel van die regering se planne". (Van Rooy, 1984:41)

Terwyl *van* uit Nederlands geërf is, het *se* 'n meer komplekse ontstaansgeskiedenis. Soos reeds hierbo genoem, het *se* ontstaan uit voornaamwoordelike besitskonstruksies in Nederlands. Die enkelvoudige besitlike voornaamwoorde in Nederlands kom in beide 'n beklemtoonde en onbeklemtoonde variant – *mijn* en *m'n*, *jouw* en *je*, *zijn* en *z'n*, *haar* en *d'r* (Den Besten, 2012a:8) – die beklemtoonde variante het behoue gebly in Afrikaanse besitlike

voornaamwoorde, maar die onbeklemtoonde variant *z'n* het verder ontwikkel tot 'n nie-voornaamwoordelike genitiefpartikel (Ponelis, 1993b:235). Die fonetiese verandering van *zijn* na [zən] na [sə] is nie onverwags nie in die lig daarvan dat Nederlandse kindertaalverwerwers 'n soortgelyke vereenvoudiging gebruik totdat die uitgebreide sisteem aangeleer word (Weerman & De Wit, 1999:1173). Die sterk voornaamwoordelike variante, onder andere *zijn* en *haar*, was aan die begin van die twintigste eeu nog enigsins in gebruik in die plek van *se*, hoewel dit hoofsaaklik as verfynde variante gereken is (Roberge, 1996:138). Den Besten (2012a:9) wys daarop dat indien Afrikaanse *se*-konstruksies 'n vereenvoudiging van die Nederlandse weergawe is, dit aanleiding gegee het tot 'n geweldige uitbreiding in *se se* uitdrukkingsmoontlikhede. Den Besten (2012a:12) beweer dat daar wel nog onderliggende voornaamwoordelike eienskappe verbonde is aan *se*, maar dat dit ondergespesifiseer is vir persoon en getal – *se* in Standaardafrikaanse taalgebruik is 'n tussenganger tussen Nederlandse voornaamwoordelike *z'n/d'r/hun* en dialektiese Afrikaanse *se* wat ook met voornaamwoorde kan verbind, soos *julle se huis* ('n konstruksie wat Roberge (1996:142) eerder tipeer as 'n neologisme wat ontstaan het gedurende pidgin-uitbreiding as invloed van Khoikhoi en Kreools-Portugees). Die funksionele uitbreiding wat *se* ondergaan het in die ontwikkeling van Afrikaans kan onder andere toegeskryf word aan invloed van Maleis, Kreools-Portugees en Khoikhoi (Den Besten, 2012a:17; Hantson, 2001:10-11; Ponelis, 1993b:225; Roberge, 1996:130). Behalwe vir die funksionele uitbreiding, is die *se*-konstruksie ook heelwat meer produktief in Afrikaanse taalgebruik as wat die Nederlandse ekwivalent is (Ponelis, 1993b:225; Roberge, 1996:125). Al hierdie ontwikkelinge dui op die grammatikalisering van *se* as 'n algemene genitiefspartikel, met die behoud van sekere van die voornaamwoordelike beperkings oor byvoorbeeld watter tipe genitiefsrelasies dit kan uitdruk (sien hieronder vir meer besonderhede hieroor).

Die Afrikaanse *se*-genitiefkonstruksie kan swaar naamwoordstukke, selfs met betreklike bysinne, bevat in geskrewe en gesproke taalgebruik (Ponelis, 1979:126; Roberge, 1996:125). Dit kom funksioneel sterk ooreen met die *s*-genitiewe van Engels en Vasteland-Skandinawiese tale (Hantson, 2001:10).

Verwant aan die *se*-genitiefkonstruksie is nominale vrye genitiefkonstruksies, naamlik *s'n* of *s'ne* (Den Besten, 2012a:9; Hantson, 2001:11; Ponelis, 1993b:236; Roberge, 1996:127-8). Die vorme *s'n* en *s'ne* is afgelei van die swak vorme van *syn* en *syne* (Den Besten, 2012a:9; Ponelis, 1993b:236), en tree op saam met meervoudige voornaamwoorde en leksikale naamwoorde (Ponelis, 1979:572). Hierdie vorm is 'n nuwe gebruik wat nie uit Nederlands oorgeneem is nie (Ponelis, 1993b:239), en het baie moontlik ontstaan tydens kreolisering, onder invloed van Kreools-Portugees en Khoikhoi (Den Besten, 2012a:14; Hantson, 2001:11). Wat enkelvoudige voornaamwoorde betref word *s'n* en *s'ne* egter nie

gebruik nie, aangesien daar vrye besitlike vorme van hierdie voornaamwoorde is, naamlik *myne*, *joune*, *syne* en *hare* (Den Besten, 2012a:15; Ponelis, 1993b:239; Roberge, 1996:126). Histories is die korrekte tweede persoon enkelvoud *joue*, maar dit is grotendeels vervang met *joune*, waarskynlik analogies aan *myne* en *syne* (Roberge, 1996:127). Ook die ouer vorm *uwe* is opgegee in alle kontekste behalwe slotformules van briewe, en word die meervoudsvorm hier analogies nagevolg, naamlik *u s'n* (Den Besten, 2012a:10). Een van die moontlike redes waarom daar vir die meervoudsvorme 'n perifrastiese konstruksie ontstaan het, is dat twee van die vorme reeds eindig op 'n schwa – *julle*, *hulle* – wat verhoed dat 'n verdere predikatiewe shwa soos in *myne* daarby gevoeg kan word (Ponelis, 1993b:230). In hierdie geval het die meervoud *ons* die roete van *julle* en *hulle* gevolg, ten minste in Standaardafrikaans.

Volgens Vink (1981) is daar in moderne Afrikaanse taalgebruik kompetisie tussen die besitspartikels *van* en *se*. Beide het 'n hoë frekwensie in geskrewe en gesproke taalgebruik (Vink, 1981:432), en daar is 'n noue verband tussen *van*- en *se*-konstruksies (Vink, 1981:431). *Van*- en *se*-konstruksies kan mekaar afwissel, soms met behoud maar meestal sonder behoud van volgorde (Vink, 1981:431). Alhoewel *se* nie by alle konstruksietipes die genitiëfsfunksie kan vervul waar *van* dit kan doen nie, beweer Vink (1981:432) dat *se* tog besig is om 'n gebruiksuitbreiding as besitspartikel te ondergaan, ten koste van *van*, andersom is wat klaarblyklik met Engels die geval is (Hinrichs & Szmrecsanyi, 2007:469). Die keuse tussen *van* en *se* is egter volgens Vink (1981:438-9) nie lukraak nie – in formeler taalgebruik word daar groter voorkeur gegee aan *van*, terwyl *se* 'n meer informele konnotasie het, en in Afrikaanse taalgebruik is die voorkeur vir 'n swaar nabepaling eerder as 'n swaar voorbepaling, wat *van*-konstruksies 'n meer aantreklike keuse maak met swaar bepaling, en aanleiding gee daartoe dat *van ... van* meer geredelik voorkom as *se ... se*.

In die literatuur word daar 'n aantal moontlike relasies uitgewys wat deur *van*- en *se*-konstruksies aangedui kan word, met voorbeelde:

- Besit (Ponelis, 1979:126, 1993b:239; Roberge, 1996:124) – *Jan se geld; die huis van my pa.*
- Geheel en deel (Ponelis, 1979:127, 1993b:240; Roberge, 1996:124) – *die boek se omslag; die vensters van die huis.*
- Vaste relasies (Ponelis, 1979:127) – *Sarie se baas*
- Plek / tyd (Ponelis, 1979:128, 1993b:240; Pretorius, 2013:244; Roberge, 1996:124) – *Verwoerdburg se belasting; môre se jongmense; 'n pelgrim van ver.*
- Partitief (De Stadler, 1989:142; Pretorius, 2013:244; Van Rooy, 1984:39) – *party van sy vriende; drie van die kinders.*

- Subjektief (Ponelis, 1979:127) – *die haelstorm se skade*.
- Mate (Ponelis, 1993b:240) – *tien uur se reis*.

Vervolgens word daar ondersoek ingestel na enige moontlike veranderinge in die Afrikaanse genitief – die genitief as semantiese relasie, nie as morfologiese kasus nie.

6.4.1 RESTE VAN DIE NEDERLANDSE GENITIEF

Eerste aan die beurt is die Nederlandse s-genitief. In die eerste periode is die s-genitief nog tot 'n mate produktief gebruik, hoewel meestal in religieuse kontekste. Anders as die hedendaagse Nederlandse s-genitief, is dit in die begin van die twintigste eeu in Afrikaans beide voor [6.1] en na [6.2] die naamwoord gebruik.

[6.1] Ja dit was alleen Gods reddende hand wat my weer laat leef, want ik was afgewerk en klaar voor die siekte. (1911-1920, Manuskrip)

[6.2] Die oordeel begin by die huis Gods. (1911-1920, Religieus)

Na die eerste periode is daar slegs enkele gebruiksgevalle van die s-genitief oor, amper uitsluitlik in religieuse kontekste. Aangesien een van die meervoudsuffikse in Afrikaans -s is, bemoeilik dit die soektog na genitief-s-vorme. Daar is 'n aantal steekproewe gedoen in kontekste waarin die gebruik van die -s-genitief al voorheen gevind is, en enige woorde met s-genitiewe se kollokasies is ook verder ondersoek om te sien of daar enige verdere s-genitiewe mee gebruik word. Daar is egter geen waarborg dat dié wat geïdentifiseer is, volledig is nie.

Die s-genitief is nie die enigste res van die Nederlandse genitief nie – in die eerste periode is lidwoorde wat vir die genitief verbuig, *der* en *des*, nog tot 'n mate produktief gebruik [6.3, 6.4],

[6.3] Terwijl nou ook die wetenskap ongetwyfeld in die waarheid der dinge haar oorsprong moet soek... (1911-1920, Geesteswetenskappe)

[6.4] Aan die kruis het Hy as Soon des Mensen die doodsbeke uitgedrink ter oorwinning. (1911-1920, Religieus)

en in die periodes daarna leef dit nog voort in 'n aantal vaste uitdrukkings (soos voorbeeld 6.5),

[6.5] "Smyt weg jou roer of jy is 'n kind des doods," beveel 'n stem kil. (1971-1980, Fiksie)

of formules waarvan sekere posisies oop is [6.6, 6.7].

[6.6] Dit was in der waarheid geen drama meer nie. (1971-1980, Informatief)

[6.7] Ons sal des te gelukkiger wees, my hartjie. (1941-1950, Fiksie)

Dit gebeur ook nog in die eerste periode dat die genitiewe -s en *des* saam gebruik word [6.8].

[6.8] Ons sien hier hoe dit sal staan met die Kerk, as die Bruidegom kom; as die geroepene ingaan tot die avondmaal van die bruilof des Lams. (1911-1920, Religieus)

Die reste van die Nederlandse genitief wat nog in die data opgespoor is, word alles in tabel 6.1 aangedui.

Tabel 6.1: Gebruiksgetalle van reste van die Nederlandse genitief

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
-s na die 'besitting'	11	0	1	0
-s voor die 'besitting'	65	12	8	0
<i>der</i>	18	6	9	2
<i>des</i>	17	7	10	1
<i>des</i> met -s	6	0	0	0
TOTAAL	117	25	28	3

Uit die tabel lyk dit asof die Nederlandse genitief nog tot 'n mate produktief gebruik word in die eerste periode, waarna dit afneem om selfs in vaste uitdrukkings of formules selde gebruik te word. Dit is veelseggend dat selfs in die eerste periode die meerderheid gebruike in 'n religieuse konteks is. Die s-genitief kom 62 keer in *Gods* voor, met 'n hele aantal ander gebruike in religieuse kontekste, soos *Kristus' kerk*, *bruilof des Lams* en *saak des gebeds*, hoewel *der* en *des* meer geredelik in ander kontekste gebruik word, byvoorbeeld *Senaat der Unie van Zuid-Afrika*, en *de erns des tijds*. In die tweede en derde periode is die s-genitief slegs in religieuse kontekste gevind, met een uitsondering – *kole vuurs op my hoof* – uit fiksie in die tweede periode, maar ook hierdie uitdrukking het 'n religieuse herkoms. In die tweede en derde periode word *der* en *des* oorwegend in vaste uitdrukkings en formules gebruik, soos *in der ewigheid* en *des te meer/vuriger/gelukkiger*, terwyl die drie gebruike in die laaste periode twee instansies van *jare der jare*, en een *des te meer* is. Die s-genitief het teen die laaste periode heeltemal in onbruik verval, selfs in die religieuse kontekste waar dit langer behou is, en *des* en *der* word uitsluitlik gebruik in vaste uitdrukkings en formules, en in vanne soos *Van der Merwe*, wat beteken dat die sprekers nie noodwendig kennis hoef te dra van die oorspronklike grammatikale funksie van die woorde nie, en dit dus nie meer produktief gebruik word nie. Die reste van die Nederlandse genitief het dan van enigsins produktief na amper heeltemal in onbruik verminder.⁸⁷ In die normatiewe literatuur word die Nederlandse genitief slegs in die vroegste kategorie nog enigsins as sodanig hanteer, en

⁸⁷ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 164.38

word die religieuse herkoms en konteks van gebruik deurgaans aangedui (Booyesen & Jansen, 1922:62; Botha & Burger, 1926:59, 61; Botha & Burger, 1927:58-9; Bouman & Pienaar, 1924:66; Langenhoven, 1926:63).

6.4.2 DIE AFRIKAANSE GENITIEF: *VAN* EN *SE*

Daar is reeds genoem dat *van* uit Nederlands geërf is, terwyl se 'n nuwe ontwikkeling eie aan Afrikaanse gebruik is. Aan die begin van die twintigste eeu is die ontwikkeling van se egter nog nie voltrek nie – dit varieer nog met voornaamwoordelike gebruike, en die vorm se het nog nie gestabiliseer nie (Ponelis, 1993b:232, sien ook Stoops, 1972:5). Die manlike vorm [6.9],

- [6.9] Oom *sijn* kennis is nie al te groot nie, partijmaal moet hij 'n woord oorlees, eer hij dit reg krij, maar daar is niemand, wat daar oor lag nie. (1911-1920, Fiksie)

die vroulike vorm [6.10],

- [6.10] Maar net om Johanna *haar* ontwil. (1911-1920, Manuskrip)

en meervoudige derdepersoon voornaamwoorde [6.11] is nog gebruik in die kontekste waar slegs se vandag gebruik word,

- [6.11] Ons moet hard genoeg swoeg vir die bietjie geld, waaroor ons moet wurg om dit uit die base *hulle* hande te kry en al dankie wat ons boënop kry, is om te hoor hoe lui ons is. (1911-1920, Fiksie)

die onbeklemtoonde vorm *s'n* is nog gereeld gebruik, en *h'r* sporadies [6.12].

- [6.12] Dus 'n Afrikaner *s'n* blomtuin, of liewer sijn *moeder h'r* blomtuin, is wat 'n Hollander *s'n* moeder *h'r* blomtuin vir hom is. (1911-1920, Informatief)

'n Opsomming van al die verskillende vorme wat nog in die eerste periode vir hedendaagse se gebruik is, word in tabel 6.2 gegee.

Tabel 6.2: Gebruiksgetalle van die verskillende besitsvorme in 1911-1920

	1911-1920
<i>sijn / sij / zyn</i>	5
<i>s'n</i>	47
<i>haar</i>	8
<i>h'r</i>	5
<i>hulle / hul</i>	2
<i>se</i>	294
TOTAAL	361

Dit lyk of se alreeds die mees algemene vorm was, met s'n nog in gereelde gebruik, en die ander slegs sporadies. Al die alternatiewe vorme het in onbruik verval teen die tweede periode, met slegs se wat oorbly.

Daar is reeds aangedui dat *van* en *se* in sekere kontekste uitruilbaar is, en dus in kompetisie met mekaar verkeer. Anders as *se* word *van* beide as voorsetsel (byvoorbeeld "vertel ons nou maar van daardie Oberholzer-kêrel" (1971-1980, Fiksie)) en as genitiefspartikel (byvoorbeeld "die volstreckte goddelike gesag en mag van Sij onfeilbare Woord" (1911-1920, Religieus)) gebruik, en het die vorm 'n redelik hoë gebruiksfrekwensie – tussen 6 800 en 8 700 in elke periode. Om 'n benadering te kry van die proporsie gebruike van *van* wat genitiefspartikels is, is 'n lukrake stel van 1 000 gebruike uit elke periode onttrek, en die voorsetselgebruike is van die genitiefsgebruike onderskei. Die getalle hiervan word in tabel 6.3 gegee.

Tabel 6.3: Berekening van die genitiefsgebruiksgetalle van van

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
van totaal	7 816	8 696	7 921	6 839
van genitief	748 uit 1 000	777 uit 1 000	761 uit 1 000	759 uit 1 000
	±5 846	±6 757	±6 028	±5 191

Die berekende genitiefsgebruike van *van*, en die gebruiksgetalle van *se*, word in tabel 6.4 opgesom.

Tabel 6.4: Totale genitiefsgebruike van se en van

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
se	361	5,8%	642	8,7%	1 144	16%	1 566	23,2%
van	5 846	94,2%	6 757	91,3%	6 028	84%	5 191	76,8%
TOTAAL	6 207		7 399		7 172		6 757	

Terwyl die totale genitiefskonstruksies eers beduidend styg, en later tussen die laaste twee periodes weer beduidend verminder⁸⁸, bevestig die proporsionele verdeling Vink (1981:432) se bewering dat *se* besig is om uit te brei ten koste van *van*⁸⁹.

Die verhouding tussen *van* en *se* is egter nie ewekansig nie – daar is 'n aantal genitiefsrelasies wat *van* kan uitdruk, maar waarvan daar geen voorbeelde vir *se* in die data gevind is nie. Op grond van die literatuur – onder andere Nikiforidou (1991), Ponelis (1979; 1993b), Pretorius (2013), Roberge (1996) en Van Rooy (1984) – sowel as 'n gedetailleerde

⁸⁸ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode (vermeerdering): 107.7; tweede na derde periode (vermindering): 2.39 (onbeduidend); derde na vierde periode: 13.8

⁸⁹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, vermeerdering van *se*: 968.95

analise van voorbeelde uit die korpusdata, is daar 'n aantal verskillende genitiefrelasies geïdentifiseer wat deur *van* en *se* uitgedruk word in Afrikaans. Eerstens is daar dié wat deur beide *van* en *se* uitgedruk word, waar X die item vóór *van* en ná *se* is, en Y die item ná *van* en vóór *se*:

Besit – X behoort aan Y:

- [6.13] Dit het gou geblyk dat Ben se salaris nie voldoende was vir die lewe waaraan Elsa gewoon was nie. (1941-1950, Fiksie)
- [6.14] Bart bring sy mense na hul staanplek, waar sy kaia reeds is: 'n ordentlike sinkkamertjie wat voordelig afsteek by die verblywe van die meeste delwers. (1941-1950, Fiksie)

Subjektief – X word geproduseer of ervaar deur Y:

- [6.15] Wees dankbaar vir God se liefde. (2001-2010, Religieus)
- [6.16] Dis 'n redeneergang van Oom Andries, vernaam as sy ou lyf lekker uitrus op die breë stoep. (1911-1920, Fiksie)

In [6.15] word "liefde" op 'n manier deur "God" geproduseer, of gaan dit van hom uit, en in [6.16] produseer "Oom Andries" die "redeneergang".

Objektief – X is gerig of van toepassing op Y:

- [6.17] Hy is een baie aangename man en voel zy vrouwe se dood nog vreselik. (1911-1920, Manuskrip)
- [6.18] Met sy gebruiklike afkeer van die Khoikhoi beskryf Wagenaer in sy Dagregister hierdie laaste besoek aan die Fort... (2001-2010, Informatief)

In [6.17] is "dood" van toepassing op "zy vrouwe", en in [6.18] is "afkeer" gerig op "die Khoikhoi".

Verwantskap of verhouding – X is verwant / verbonde aan Y:

- [6.19] Dit sluit natuurlik nie die pleegmoeder se eie kinders in nie. (1971-1980, Informatief)
- [6.20] Die heilbrenger van die toekoms is die regverdige koning, of die lydende kneg of die hemelse seun van die mens. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

Deel-geheel of onvervreembare besitting – X behoort aan / vorm deel van Y:

- [6.21] Ketiet se voet het ongelukkig in die draad vasgesit, maar dit was te laat. (1911-1920, Fiksie)
- [6.22] In die melkkamer van 'n pragtige boerewoning, was 'n jong meisie baje besig. (1911-1920, Fiksie)

'n Liggaamsdeel is deel van die liggaam, soos in [6.21], en 'n vertrek is deel van 'n gebou, soos in [6.22]. 'n Onvervreembare besitting is byvoorbeeld iemand of iets se naam, die betekenis van 'n gedig, die geskiedenis van 'n volk, ensovoorts – dit is meer as net 'n kenmerk van iets, dit is 'n onvervreembare deel van of besitting van iets (volgens die taalgebruiker, ten minste).

Attribuut – X word gekenmerk deur Y:

[6.23] Die twee stede is 'n paar dae se reis van mekaar. (2001-2010, Religieus)

[6.24] Hieruit spruit enersyds weer gevoelens van minderwaardigheid wat langs die weg van negatiewe kompensasië en selfgeding in wangedrag kan ontaard. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

In [6.23] word "reis" gekenmerk deur "'n paar dae", en in [6.24] word "gevoelens" gekenmerk deur "minderwaardigheid".

Attributief – X is 'n eienskap van Y:

[6.25] "Ja," antwoord Brown, getref deur Pienaar se skerpsinnigheid. (1941-1950, Fiksie)

[6.26] Adrenokortikotrofiese hormoon werk antagonisties op die groeihormoon, en verminder so die snelheid van groei. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

Attributief is andersom as attribuut – in [6.25] is "skerpsinnigheid" 'n eienskap van "Pienaar", en in [6.26] is "snelheid" 'n eienskap van "groei".

Dan is daar die relasies wat slegs deur *van* uitgedruk word:

Partitief – X is 'n deel/proporsie van Y:

[6.27] Hierdie hulp moes nou afgeskaal word tot sowat die helfte van die 900 000 wat aanvanklik gehelp kon word. (2001-2010, Verslaggewing)

In [6.27] is "sowat die helfte" 'n proporsie van "die 900 000 wat aanvanklik gehelp kon word".

Apposisie – X, wat Y is:

[6.28] Dit moet in aanmerking geneem word dat laasgenoemde gegewens betrekking het op toedrag van sake tydens die daad van misdadpleging. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

In [6.28] is "die daad" "misdadpleging", en "misdadpleging" is "die daad".

Materiaal of inhoud – X bestaan uit / is gemaak van / bevat Y:

[6.29] In die suide strek 'n plaat van Bosveld-granofier van oos na wes oor die gebied. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

In [6.29] bestaan "'n plaat" uit "Bosveld-granofier".

Oorsprong of bron – X is afkomstig van Y:

[6.30] Mnr. Krebser, van Kroonstad, was ook teenwoordig en het die ou vader afgeneem... (1911-1920, Biografies)

In [6.30] is "Mnr. Krebser" afkomstig van "Kroonstad".

Elkeen van hierdie relasies betrek die metafore wat Nikiforidou (1991:170-89) identifiseer – "besit" is die een basismetafoor; "subjektief" betrek *oorsake is oorspronge* en *ervaarders is besitters*; "objektief" betrek *goed wat met 'n mens gebeur is jou besittings*; "verwantskap / verhouding" betrek *familie is besittings*; "deel-geheel" betrek *gehele is oorspronge*; "attribution" betrek *kenmerkende eienskappe is deel van die geheel van iets*; "attributief" betrek *kenmerke of eienskappe is besittings*; "partitief" betrek *dele is besittings*; "apposisie" betrek *die standaard vir vergelyking is 'n oorsprong*; "materiaal of inhoud" betrek *materiaal waaruit iets bestaan is oorsprong*; en "oorsprong of bron" is die ander basismetafoor. Hierdie metaforiese uitbreidings wat deur slegs twee woorde, *van* en *se*, aangedui word, wys op die polisemiese aard van *van* en *se*, wat albei verskeie verwante betekenisse uitdruk in die genitief.

Om die proporsionele verdeling tussen die verskillende relasies te bepaal, is 'n stel van 300 lukrake voorbeelde van *se* en van genitiefsgebruike van *van* uit elke periode onttrek, en ingedeel volgens die verskillende relasies. Die getal 300 is gekies sodat slegs *se* en *s'n* uit die eerste periode betrek hoef te word, en daar 'n gelyke aantal voorbeelde vir elke periode gebruik word. Op grond van die proporsies wat elk van die relasies verteenwoordig, is dit geëkstrapoleer na die totale gebruiksgetalle van beide *van* en *se*. Hierdie inligting word in tabel 6.5 gegee.

Inaggenome dat hierdie getalle en persentasies slegs beramings is, lyk dit oor die algemeen of *se* in al die gebruike wat *van* daarmee deel, veld wen teenoor *van*. Die twee relasies waar die toename van *se* in verhouding tot *van* die opvallendste is, om teen die tweede helfte van die eeu selfs meer as *van* gebruik te word, is letterlike besit⁹⁰ en verwantskap/verhouding⁹¹. Terwyl dit lyk of *van* steeds meer gebruik word om subjektiewe genitiefrelasies uit te druk, ontwikkel *se* vanaf 'n redelike klein proporsie na amper die helfte van die subjektiewe gebruike⁹². By die oorblywende genitiefrelasies neem *van* steeds leiding, maar by almal het *se* deur die loop van die eeu beduidend veld gewen⁹³.

⁹⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, "besit", *se*: 104.96

⁹¹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, "verwantskap/verhouding", *se*: 69.55

⁹² Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, "subjektief", *se*: 439.99

⁹³ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend, "objektief": 97.78; "deel-geheel": 207.24; "attribution": 70.19; "attributief": 86.77

Tabel 6.5: Beraamde gebruiksgetalles van genitiefsrelasies van se en van vergelykend

		1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
besit	van	58	53%	182	71%	102	38%	67	28%
	se	51	47%	75	29%	164	62%	172	72%
subjektief	van	760	90%	926	77%	741	67%	623	51%
	se	89	10%	280	23%	363	33%	600	49%
objektief	van	1 362	98,3%	1 487	97,2%	1 465	94,8%	1 402	91,5%
	se	23	1,7%	43	2,8%	80	5,2%	130	8,5%
verwantskap / verhouding	van	99	69%	20	32%	60	35%	52	30%
	se	44	31%	43	68%	111	65%	121	70%
deel-geheel / onvervreembaar	van	1 245	91,5%	1 507	93,6%	1 025	77%	971	75%
	se	116	8,5%	103	6,4%	301	23%	324	25%
attribuut	van	1 011	97,1%	899	94,6%	983	93,5%	519	81%
	se	30	2,9%	51	5,4%	68	6,5%	125	19%
attributief	van	450	98,3%	764	94,2%	741	92,9%	742	89%
	se	8	1,7%	47	5,8%	57	7,1%	94	11%

Die verhouding tussen geëstrapoleerde totale gebruiksgetalles van se en van in gebruike waar dit in kompetisie met mekaar is in terme van relasies, word in tabel 6.6 gegee.

Tabel 6.6: Beraamde totale gebruiksgetalles van se en van in gedeelde relasies

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
se	361	6,8%	642	10%	1 144	18,3%	1 566	26,4%
van	4 985	93,2%	5 785	90%	5 117	81,7%	4 376	73,6%
TOTAAL	5 346		6 427		6 261		5 942	

Die tweede tipe funksie wat van verrig wat se nie kan nie, het te doen met die bepaaldheid van die 'besitting'. Uit die data blyk dit dat se slegs met bepaalde of gespesifiseerde 'besittings' gebruik word, en dat van volledig die gebruike met onbepaalde 'besittings' dek. In voorbeeld [6.31] en [6.32] is voorbeelde van bepaalde of gespesifiseerde 'besittings', terwyl [6.33] 'n voorbeeld is van 'n onbepaalde of ongespesifiseerde 'besitting'.

[6.31] Huisbesoeke speel 'n baie belangrike rol in Annamarie se werk. (1971-1980, Informatief)

[6.32] Die aard en graad van spesifieke neiging (aanleg), faktoranalise en die analise van variasie. (1941-1950, Geesteswetenskappe)

[6.33] Toe is 'n miniatuurrelika van die put aangevra. (2001-2010, Fiksie)

Die proporsie bepaalde 'besittings' waarmee van gebruik word is wisselvallig, maar aangesien se altyd met bepaalde 'besittings' gebruik word, is die kompetisie tussen van en

se slegs met betrekking tot bepaalde 'besittings'. Die geëkstrapoleerde gebruiksgetalle van se en van met bepaalde 'besittings' word in tabel 6.7 gegee; slegs die gebruike waar van en se in kompetisie met mekaar is in terme van relasies is in berekening gebring.

Tabel 6.7: Beraamde totale gebruiksgetalle van se en van in kompetisie

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
se	361	8,1%	642	11%	1 144	19,2%	1 566	32,6%
van	4 088	91,9%	5 207	89%	4 810	80,8%	3 238	67,4%
TOTAAL	4 449		5 849		5 954		4 804	

Die rede waarom die relasies wat se uitdruk meer beperk is as van, en die feit dat dit slegs bepaalde 'besittings' kan neem, kan herlei word na die voornaamwoordelike oorsprong van se. In die volgende afdeling blyk dit dat attributiewe besitlike voornaamwoorde dieselfde parameters van gebruik het as se in terme van die tipe relasies wat dit kan uitdruk en die bepaaldheid van die 'besittings'. Dit verklaar ook die verskil in gebruikskontekste tussen se en Nederlandse -s en Engelse 's in genitiefkonstruksies – die Nederlandse en Engelse s-genitiewe is oorblyfsels van die ouer Germaanse kasussisteem, waar Engelse 's verder met voornaamwoordelike besitskonstruksies saamgesmelt het, terwyl Afrikaanse se volledig uit die Nederlandse voornaamwoordsisteem afkomstig is.

Die volgende linguistiese veranderlike wat belangrik is vir die keuse tussen van en se, is die sielhebbendheid al dan nie van die 'besitter'. Daar is twee moontlikhede in hierdie verband – die 'besitter' kan sielhebbend wees [6.34, 6.35],

[6.34] Kulugu was die koning se enigste broer en al vir jare het hij hard geijwer om die koningskap in sij hande te krij. (1911-1920, Fiksie)

[6.35] Hy doen dit egter net in die gevalle waar die sterfgeval 'n buitengewoon smartlike is vir die naasbestaandes: die broodwinner van die weduwee (7:11 e.v.), die enigste en lieflingdogtertjie van die owerste van die sinagoge, en die geliefde broer van die twee susters, Martha en Maria. (1971-1980, Religieus)

en die 'besitter' kan sielloos wees [6.36, 6.37].

[6.36] Adriaan het verskeie dinge van Swartkraal se mense gehoor. (1941-1950, Fiksie)

[6.37] As eienaar van genoemde hoewe verneem ek of die vereniging my met die volgende probleme behulpsaam kan wees. (2001-2010, Manuskrip)

Die proporsies van die gebruik van se en van met die onderskeie opsies word in tabel 6.8 aangedui. Slegs die gebruike wat in kompetisie is met mekaar in terme van gedeelde relasies en die bepaaldheid van die 'besittings', soos hierbo aangedui, word in berekening gebring.

Tabel 6.8: Proporsionele verdeling van kompeterende se en van i.t.v. sielhebbendheid van 'besitter'

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	heb.	loos	heb.	loos	heb.	loos	heb.	loos
van	25,5%	74,8%	24,6%	75,4%	26,7%	73,3%	26,3%	73,7%
se	82%	18%	89,7%	10,3%	77%	23%	71%	29%

Wat die sielhebbendheid van die 'besitter' betref is daar 'n duidelike onderskeid tussen *van* en *se* – *van* word verkies wanneer die 'besitter' sielloos is, en *se* wanneer die 'besitter' sielhebbend is. Aangesien *se* egter in totale gebruiksgetalle vermeerder, kan dit 'n aanduiding wees dat die spesifieke gebruikskontekste wat *se* verkies vermeerder, wat iets anders behels as 'n blote grammatikale verandering. Ter wille daarvan om dit uit te pluus, word die geëkstrapoleerde totale gebruiksgetalle van *se* en *van* in terme van die sielhebbendheid van die 'besitter' in tabel 6.9 aangedui.


Tabel 6.9: Geëkstrapoleerde totale gebruiksgetalle van kompeterende se en van in terme van sielhebbendheid van 'besitter'

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	heb.	loos	heb.	loos	heb.	loos	heb.	loos
van	1 030	3 058	1 281	3 926	1 284	3 526	852	2 386
se	296	65	576	66	881	263	1 112	454
TOTAAL	1 326	3 123	1 857	3 992	2 165	3 789	1 964	2 840

Uit die tabel word dit duidelik dat, terwyl *se* deurgaans baie eerder met sielhebbende 'besitters' gebruik word as sielloos, *van* tydens die eerste drie periodes steeds meer met sielhebbende 'besitters' gebruik word as *se*. In die laaste periode ruil dit egter om, sodat in al die gebruike waar *van* en *se* in kompetisie met mekaar is, *se* eerder as *van* saam met sielhebbende 'besitters' gebruik word. Dit lyk asof die gebruike van *se* met siellose 'besitters' twee periodes (60 jaar) agter die gebruike met sielhebbende 'besitters' is – periode 3 se gebruiksgetalle met siellose 'besitters' is soortgelyk aan die gebruiksgetalle van periode 1 met sielhebbende 'besitters', en periode 4 se gebruiksgetalle met siellose 'besitters' is rofweg soortgelyk aan periode 2 se gebruiksgetalle met sielhebbende 'besitters'. Die aantal gebruike met sielhebbende en siellose 'besitters' van *se* en *van* onderskeidelik word geïllustreer in figuur 6.1.


Die grafiek bevestig dat, hoewel *se* vinniger uitbrei in gebruikskontekste met 'n sielhebbende 'besitter', dit vanaf die tweede periode ook uitbrei met 'n siellose 'besitter'. Aan die ander kant verminder die gebruik van *van* met sielhebbende 'besitters' tussen die laaste twee periodes, en met siellose 'besitters' reeds van die tweede periode af. Dit beteken dus

dat se inderdaad gebruiksuitbreidings ondergaan ten koste van *van*, veral wat gebruike met sielhebbende 'besitters' betref, waar se selfs vir *van* verbygegaan het.




Figuur 6.1: Beraamde totale aantal kompeterende van- en se-gebruike, met sielhebbende en siellose 'besitters'

'n Volgende veranderlike wat relevant is vir die keuse tussen *van* en *se* is die formaliteit van die teks waarin dit gebruik is. Die verskil in frekwensie per 10 000 woorde tussen *van* en *se* is egter te groot om dit sinvol saam te voeg in een grafiek, en dit word daarom in twee afsonderlike grafieke aangedui. Die eerste, figuur 6.2, wys die frekwensie per 10 000 woorde in die drie kategorieë van formaliteit van *van*.



Figuur 6.2: Frekwensie per 10 000 woorde van van in terme van formaliteit

Uit die figuur is dit duidelik dat *van* deurgaans die meeste in formele tekste gebruik word en die minste in informele tekste, wat strook met die aanduidings van normatiewe bronne. Die vermindering van *van* geskied nie volgens dieselfde patroon in die drie kategorieë nie, hoewel dit 'n algemene tendens van vermindering aandui. Die volgende figuur, 6.3, wys die frekwensie per 10 000 woorde van *se* in die verskillende kategorieë van formaliteit.



Figuur 6.3: Frekwensie per 10 000 woorde van *se* in terme van formaliteit

Tot en met die derde periode verloop sake volgens verwagting – die gebruik van *se* verhoog in al drie kategorieë, met die vinnigste vermeerdering in informele tekste en die stadigste in formele tekste. Terwyl die vermeerdering voortgaan tot die laaste periode in formele en neutrale tekste, val dit egter dramaties in informele tekste. Dit is die enigste kategorie waar *van* nie verminder tussen die laaste twee periodes nie. Ook in terme van gebruiksfrekwensie is *van* in informele tekste enkele gebruike hoër as *se*, maar die volledige prentjie wys dat genitiefsgebruike op sigself besonder laag is in informele tekste in die laaste kategorie, wat die vergelyking bietjie skeeftrek.

'n Verdere veranderlike wat volgens Vink (1981:439) relevant is vir die keuse tussen *van* en *se*, is die gewig van die naamwoordstukke aan weerskante van die genitiefpartikel. Met gewig word daar bedoel die teenwoordigheid al dan nie van bepalinge (buiten blote adjektiewe) – indien daar bepalinge in die naamwoordstuk is wat meer behels as 'n blote adjektief, dan word die naamwoordstuk as swaar of lank gereken, andersins is dit lig of kort. Daar is vier opsies beskikbaar in hierdie verband: beide die 'besitter' en 'besitting' is kort en eenvoudig [6.38, 6.39],

[6.38] *Die slawemeisie se lippe krul smalend.* (1971-1980, Fiksie)

[6.39] Die drade van sy lewensgeskiedenis is deureengewef in die lewensweb van *die storie van sy volk*. (1911-1920, Biografies)

die 'besitter' is kort, maar die 'besitting' is 'n langer, meer komplekse naamwoordstuk [6.40,6.41] (wanneer *van* met 'n swaar 'besitting' gebruik word, is die nabepaling altyd ná die 'besitter', soos in [6.41] die geval is),

[6.40] ... wat almal op *Lundberg se lys van die oorheersende Multi-miljoenêrs* voorkom. (1941-1950, Informatief)

[6.41] Die *beduidende laer tellings van die oortreders ten opsigte van Sosialiteit -G* mag vir die aanhangers van Eysenck se teorie teen die verwagting wees. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

beide is swaar naamwoordstukke [6.42, 6.43],

[6.42] Hy is die eerste en enigste Aborigene in *Australië se federale parlement se geskiedenis van meer as 200 jaar*. (2001-2010, Informatief)

[6.43] Dié aanbod het bestaan uit elf bulle, almal seuns van die bul, Peace of Mind, of MAS 34/98, uit *die Masbra-stoetery van ras-egte rooi Brahmane van dr. Tok Serfontein van Potchefstroom*. (2001-2010, Verslaggewing)

of die 'besitter' is swaar en die 'besitting' kort [6.44, 6.45].

[6.44] Omdat daar moes gewag word vir Jan se suster, sou die begrafnis maar eers Vrydag wees op *Jan se skoonouers se plaas*. (1911-1920, Fiksie)

[6.45] Die geskiedenis is, in sy wese, 'n ware, rasonale en betekenisvolle *verslag van gebeurtenisse wat verby is, wat aan gebeur is, en selfs, waar die verlede voortwerk, van wat in die toekoms sal gebeur*. (1941-1950, Religieus)

Die gebruik van *se* en *van* met die verskillende opsies word in tabel 6.10 aangetoon. Ook hier word slegs die gebruike in kompetisie ingereken.

Tabel 6.10: Proporsionele verdeling van gebruike van *se* en *van* in terme van die gewig van die naamwoordstukke

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>van</i>	<i>se</i>	<i>van</i>	<i>se</i>	<i>van</i>	<i>se</i>	<i>van</i>	<i>se</i>
opsie 1	85,7%	95%	86,6%	87%	84,2%	85%	72%	84,7%
opsie 2	1,9%	4%	0,9%	12,7%	2,5%	15%	4,8%	12,3%
opsie 3	0	0	0	0,3%	0	0	2,2%	1%
opsie 4	12,4%	1%	12,5%	0	13,3%	0	21%	2%

Proporsioneel lyk dit asof *van* eerder swaar 'besitters' neem en *se* eerder swaar 'besittings', maar om 'n meer verteenwoordigende prentjie te kry word die geëkstrapoleerde totale

gebruiksgetalte van opsie 2 en 4 (waar die keuse 'n verskil maak in of die swaar naamwoordstuk vroeër of later in die genitiefkonstruksie is) in tabel 6.11 gegee.

Tabel 6.11: Beraamde totale kompeterende se- en van-gebruike met swaar 'besitters' en 'besittings'

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	van	se	van	se	van	se	van	se
swaar 'besitting'	78	14	47	82	120	172	155	193
swaar 'besitter'	507	4	651	0	640	0	680	31

Daar is 'n toename in genitiefgebruike met swaar 'besittings', wat weereens moontlik beteken dat vermeerdering in gebruikskontekste van se die toename in gebruik kan aanhelp, maar daar is ook 'n toename in genitiefgebruike met swaar 'besitters', wat *van* 'n meer waarskynlike keuse maak – daar is dus eerder 'n algemene vermeerdering in genitiefgebruike met swaar naamwoordstukke as spesifiek 'n vermeerdering van slegs swaar 'besittings' óf 'besitters'. Vink (1981:439) se stelling word bevestig dat bepaalings geneig is om later in die naamwoordstuk voor te kom. Terwyl *van* nog in die eerste periode meer as se met swaar 'besittings' gebruik word, neem se vanaf die tweede periode in daardie opsig leiding, hoewel *van* nie besonder ver agter is nie. In die eerste drie periodes word se bitter selde, en soms glad nie, met swaar 'besitters' gebruik. Terwyl die rou getal in die laaste periode meer is, is dit steeds 'n klein proporsie van die totale gebruike van se. In die laaste kategorie van normatiewe literatuur is daar vier bronne wat aanbeveel dat se nie met lang 'besitters' gebruik word nie, maar dat dit in sulke gevalle eerder met *van* vervang word (De Villiers, 1983:114-5; De Wet, 1985:161; Müller, 2003:188, 688; Van der Merwe & Ponelis, 1991:196); dit blyk uit die data dat taalgebruikers inderdaad hierdie aanbeveling tot 'n mate navolg, of dat die aanbeveling 'n akkurate beskrywing van bestaande taalgedrag is.

'n Verdere veranderlike wat moontlik 'n invloed op die keuse tussen *van* en *se* sou kon hê, is die sinsrol waarin die genitiefkonstruksie voorkom. Beide *van* en *se* kom voor in onderwerpsposisies [6.46, 6.47],

[6.46] Die Afrikaner se weersin teen die politieke gelykstelling van die kleurlinge is niks anders nie dan 'n uiting van sy besondere, in Suid-Afrika gewortelde en gegroeide rassebewussyn. (1941-1950, Informatief)

[6.47] Dié aanblik van 'n ritmies harmonies bewegende liggaam, merk hy verder op, werk "erotiserend" (verliewend). (1911-1920, Religieus)

beide kom voor in voorwerpsposisies [6.48, 6.49],

[6.48] Jessica dans stokkerig, te bang sy trap die rok se soom raak. (2001-2010, Fiksie)

[6.49] Nou het die olie beloftes van ongekeerde rykdom gebring, maar al wat ons nou het, is teleurstelling en frustrasie. (1971-1980, Verslaggewing)

en albei kom voor in voorsetselstukke [6.50, 6.51].

[6.50] Uit Bleek en Lloyd se Bushman Folklore kom die volgende baie verkort. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

[6.51] Hulle voorkeure (wat betref loopbane, wonings en vryetydsbesteding) het 'n groot impak op die ontwikkeling van 'n stad. (2001-2010, Natuurwetenskappe)

Die gebruike van *se* en *van* in die verskillende sinrolle word in tabel 6.12 aangedui, met betrekking tot slegs die gebruike wat in kompetisie is.

Tabel 6.12: Proporsionele verdeling van gebruike van kompeterende se en van in verskillende sinrolle

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>van</i>	<i>se</i>	<i>van</i>	<i>se</i>	<i>van</i>	<i>se</i>	<i>van</i>	<i>se</i>
onderwerp	17,6%	37,7%	22%	32,7%	30,4%	30%	30,6%	33%
voorwerp	49,5%	37%	34,9%	39,3%	34,6%	38,6%	36%	31,3%
voorsetselstuk	16,2%	25%	38,8%	27,3%	33,3%	29,7%	30,6%	34,4%
onvolledige sin	2,7%	0,3%	4,3%	0,7%	1,7%	1,7%	2,8%	1,3%

By *se* blyk daar 'n toenemende gebruik in voorsetselstukke te wees, hoewel onderwerpsgebruike en voorwerpsgebruike telkens goed verteenwoordig is, en die toename nie beduidend is nie⁹⁴. By *van* is daar 'n toename in onderwerpsgebruike wat afplat tussen die laaste twee periodes, terwyl gebruike in voorsetselstukke wissel maar nie verander nie. Hier is nie enige duidelike voorkeure te bespeur, of omvangryke veranderinge nie.

Opsommend is die veranderinge in die gebruik van die verskillende genitiefspartikels dat *se* radikaal toeneem ten koste van *van*, maar dat daar tog kontekste is waar *van* funksies verrig wat *se* nie kan nie, en wat 'n totale oorname van *se* in terme van genitiefsgebruike sal stuit in die toekoms indien *se* nie verder uitbrei na hierdie domeine nie. Boonop is die gebruik van *van* in terme van rou getalle steeds heelwat hoër as *se*, en dit word veral steeds verkies in meer formele kontekste. Die toename van *se* is 'n verdere uitbreiding in die gebruikskontekste van 'n reeds gegrammatikaliseerde genitiefspartikel – hoewel daar nie in die betrokke eeu nuwe gebruikskontekste vir *se* gevind is nie, is daar 'n aantal gebruikskontekste waar dit van sporadiese gebruike na gereelde gebruik uitgebrei het. Die enigste teken van buitetalige invloed (standaardisering) is die verlies van die voornaamwoordelike vorme, en veral *s'n*, in nie-selfstandige gebruike.

⁹⁴ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 1.64 (onbeduidend)

6.4.3 BESITLIKE VOORNAAMWOORDE EN VOORNAAMWOORDELIKE BESITSKONSTRUKSIES

In die kategorie "besitlike voornaamwoorde" kom die twee groot temas van hierdie hoofstuk bymekaar – voornaamwoorde en die genitief. Mühlhäusler en Harré (1990:207-9) is van mening dat besitlike voornaamwoorde van besondere belang is in die grammatika van 'n taal, aangesien besitlike voornaamwoorde besondere voorrang by taalontwikkeling geniet, en daar aanduidings is dat persoonlike voornaamwoorde oorspronklik uit besitlike voornaamwoorde ontwikkel het, nie andersom nie. Verder is daar 'n groot verskil tussen besitlike voornaamwoorde as 'n morfosintaktiese kategorie, en as 'n semanties-pragmatiese kategorie (Mühlhäusler & Harré, 1990:207). In hierdie afdeling word die semanties-pragmatiese kategorie hanteer waarin voornaamwoordvorme of voornaamwoordelike konstruksies gebruik word om genitiefrelasies aan te dui.

Die term "besitlike voornaamwoord" is nie onproblematies nie. Ponelis (1979:84) kritiseer die tradisionele indeling van 'n afsonderlike klas "besitlike voornaamwoorde" wat op een lyn staan met persoonlike voornaamwoorde, en hanteer dit as 'n gespesifiseerde gebruik van persoonlike voornaamwoorde. Hierdie kritiek is egter in teenstelling met Mühlhäusler en Harré (1990:207) se klassifikasie van besitlike voornaamwoorde, moontlik omdat dit fokus op besitlike voornaamwoorde as 'n morfosintaktiese kategorie eerder as 'n semanties-pragmatiese kategorie. Soos met Engels (Seppänen, 2000:121) het die Afrikaanse taalsisteem voornaamwoordvorme wat attributief besitlik gebruik word, asook selfstandige predikatiewe besitlike voornaamwoorde (Čermák, 1978:84; Ponelis, 1979:83; Ponelis, 1993b:204; Scholtz, 1954:14; Scholtz, 1980:69). Met uitsondering van die manlike vorm *sy*, kom attributiewe vorme ooreen met die voorwerpsvorm van die persoonlike voornaamwoorde: *my*, *ons*, *jou*, *julle*, *u*, *haar*, *hulle* (Čermák, 1978:84; Ponelis, 1979:84); hierdie ooreenkoms is nie 'n vreemde verskynsel in die tale van die wêreld nie, veral wat kreole en pidgins betref (Mühlhäusler & Harré, 1990:209). Die enkelvoudsvorme van die selfstandige predikatiewe besitlike voornaamwoorde is *myne*, *joune*, *syne* en *hare*, terwyl die meervoudsvorme in 'n perifrastiese konstruksie uitgedruk word, naamlik *ons s'n(e)*, *julle s'n(e)*, *hulle s'n(e)*, en *u* as grensgeval met *uwe* in die slotformules van briewe, maar *u s'n(e)* andersins (Čermák, 1978:84; Ponelis, 1979:62, 84; Roberge, 1996:127; Scholtz, 1980:69). Die vorm *s'n* tree ook op saam met leksikale naamwoorde (Ponelis, 1979:572; Roberge, 1996:127-128). Daar is in die vorige hoofstuk in afdeling 5.4 telkens voorbeelde gegee van die attributiewe vorme [5.5, 5.9, 5.19, 5.24, 5.31, 5.47, 5.48, 5.49, 5.50, 5.52, 5.57, 5.58, 5.59, 5.60, 5.72]. 'n Voorbeeld van die gebruik van die eerste persoon enkelvoud selfstandige predikatiewe vorm word in [6.52] geïllustreer,

[6.52] Nou, daar staan beide bossies blomme, laat ons gesels! Maar jii moet nie dalk naderhand net na miine kijk, als hulle met jou begin praat, want hulle gesels al te makkelik met 'n mens! (1911-1920, Informatief)

'n voorbeeld van die tweede persoon enkelvoud is in [6.53],

[6.53] Kyk hier, my hare is gladder as joune! (2001-2010, Informatief)

die manlike derde persoon word in geïllustreer [6.54],

[6.54] Hy neem haar hande in syne. (1941-1950, Fiksie)

en die vroulike derde persoon kan gesien word in [6.55].

[6.55] Die vingertjies krul om hare. (1971-1980, Fiksie)

Die predikatiewe perifrastiese konstruksies van die eerste persoon meervoud is in [6.56],

[6.56] Hierdie kerke het nie dieselfde bestuursvorm als ons s'n nie. (1911-1920, Manuskrip)

die tweede persoon meervoud is afwesig in die data, die derde persoon meervoud kan gesien word in [6.57], en *u* is ook afwesig in die data.

[6.57] Die goed se oë kyk in hulle s'n, -wreed, meedoënloos. (1941-1950, Fiksie)

Soos reeds aangedui, het beide *se* en *s'n* uit die onbeklemtoonde vorm van *sy(n)(e)* ontwikkel (Ponelis, 1993b:197). Die attributiewe vorm *my* is afkomstig van *myn*, wat duidelik is uit die predikatiewe vorm *myne*, maar die slot-*n* het intussen weggeval (Ponelis, 1993b:204). Die predikatiewe vorm *joune* is afgelei van *joue*, maar die -*n*- is moontlik ingevoeg in analogiese navolging van *myne* en *syne* (Ponelis, 1993b:239; Roberge, 1996:127). Die predikatiewe vorme word selde gebruik in vergelyking met die attributiewe vorme – 'n opsomming daarvan word in tabel 6.13 gegee.

Tabel 6.13: Gebruiksgetalte van attributiewe en predikatiewe besitlikevoornaamwoordvorme

		1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
1ste pers. enkelvoud	<i>my</i>	540	398	453	670
	<i>myne</i>	15	3	11	7
2de pers. enkelvoud + generies	<i>jou</i>	157	171	204	541
	<i>jou(n)e</i>	3	2	3	5
3de pers. manlik + generies	<i>sy</i>	2 001	2 266	1 798	1 650
	<i>syne</i>	3	6	7	9
3de pers. vroulik + generies	<i>haar</i>	410	406	649	548
	<i>hare</i>	1	3	8	1
meervoud + <i>u</i>	<i>vnw.</i>	1 595	1 349	889	1 261
	<i>s'n</i>	2	2	2	3

Die vorm *s'n* word nie net saam met persoonlike voornaamwoorde gebruik nie, soos hierbo vermeld. Dit word ook saam met eiename gebruik [6.58],

[6.58] Sy't tot laat lig sien brand in een van die ouhuis se vensters - Koos Nek s'n, het sy later vasgestel. (1971-1980, Fiksie)

saam met soortname gebruik [6.59],

[6.59] Ouma Tya gee 'n laggie wat soos 'n stout kind s'n klink. (2001-2010, Fiksie)

saam met onbepaalde voornaamwoorde gebruik [6.60],

[6.60] G'n wonder dat die beerleeu nie dik kon word voordat hy almal s'n opgeëet het nie. (2001-2010, Fiksie)

en saam met vraende voornaamwoorde gebruik [6.61].

[6.61] Dit was 'n langtentbokwa. Wie s'n dit was, het ek nie geweet nie, het my weinig geskeel. (1941-1950, Biografies)

Die gebruik van *s'n* saam met verskillende voorbepalings word in tabel 6.14 aangedui.

Tabel 6.14: Gebruiksgetalle van s'n met verskillende voorbepalings

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
eiename	0	1	11	9
soortname	0	8	5	7
onbepaalde voornaamwoorde	0	0	0	2
betreklike voornaamwoorde	0	1	0	0
persoonlike voornaamwoorde	2	2	2	3
TOTAAL	2	12	18	21

Die gebruiksgetalle van *s'n* is besonder laag, maar neem deurlopend toe⁹⁵. Vanaf die tweede periode is soortname of eiename die grootste kategorie, met min gebruike saam met voornaamwoorde. Hierdie verhoging in frekwensie is in pas met dié van *se*, en dui op 'n gelyklopende grammatikalisering van die perifrastiese konstruksie.

Die eerste persoon enkelvoud attributiewe vorm *my* word slegs vir eerste persoon enkelvoud gebruik; die getalle word in tabel 6.15 opgesom.

Tabel 6.15: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van my

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
my	540	398	453	670

⁹⁵ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 20.58

Daar is 'n daling vanaf die eerste na die tweede periode, waarna dit deurlopend toeneem – dieselfde patroon as die totale gebruiksgetalle van *my* (gebruike as die voorwerpsvorm van die eerste persoon enkelvoud en wederkerende gebruikte ingesluit). Proporsioneel neem die besitsgebruike van *my* egter deurlopend effens toe, soos reeds in tabel 5.6 aangedui. Die eerste persoon meervoud attributiewe vorm *ons* word slegs vir eerste persoon meervoud gebruik, maar dit sluit beide inklusiewe en eksklusiewe gebruikte in. Die getalle word in tabel 6.16 gegee.

Tabel 6.16: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruikte van ons

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
inklusief	707	69%	461	80,5%	200	70%	284	52,3%
eksklusief	318	31%	112	19,5%	86	30%	259	47,7%
TOTAAL	1 025		573		286		543	

Die attributiewe gebruik van *ons* neem beduidend af tot die derde periode, waarna dit weer toeneem⁹⁶, soos ook die geval is met die totale gebruiksgetalle. Die proporsie inklusiewe gebruikte verminder redelik radikaal tussen die laaste twee periodes⁹⁷, hoewel die inklusiewe gebruikte in die besitsfunksie proporsioneel meer is as by die eerstepersoonsgebruike van *ons*. In die ander drie periodes word attributiewe *ons* deurlopend meer eksklusief gebruik as eerste persoon *ons*.

Die tweede persoon enkelvoud attributiewe vorm *jou* word vir beide die tweede persoon en generiese besit gebruik. Die getalle van die twee gebruikte word in tabel 6.17 gegee.

Tabel 6.17: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruikte van jou

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
tweede persoon	89	57,8%	134	78,4%	139	68,1%	153	28,3%
generies	65	42,2%	37	21,6%	65	31,9%	388	71,7%
TOTAAL	154		171		204		541	

Die totale gebruiksgetalle van attributiewe *jou* neem, soos selfstandige (voornaamwoordelike) *jou*, deurlopend toe⁹⁸; vanaf die tweede periode is daardie toename hoofsaaklik te danke aan die generiese gebruik, anders as by selfstandige *jou*. Proporsioneel neem die generiese gebruik tussen die laaste twee periodes opvallend toe, soos ook die geval is met selfstandige gebruikte. Die generiese gebruikte by selfstandige *jou*

⁹⁶ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode (afname): 128.43; tweede na derde periode (afname): 96.18; derde na vierde periode (toename): 80.14

⁹⁷ Log-waarskynlikheid van derde na vierde periode: 9.7

⁹⁸ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 329.47

is egter steeds minder as tweede persoon gebruike, terwyl attributiewe gebruike in die laaste periode meer as twee derdes generies is.

Die tweede persoon meervoud attributiewe gebruik word deur beide *julle* en *jul* uitgedruk, waarvan die getalle in tabel 6.18 opgesom is.

Tabel 6.18: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van julle en jul

	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
<i>julle</i>	18	8	12	32
<i>jul</i>	1	2	1	10
TOTAAL	19	10	13	42

Die gebruiksgetalle van attributiewe *julle* en *jul* is besonder laag, selfs gesamentlik, en die enigste opmerking is dat beide *julle* en *jul* in die laaste periode heelwat meer attributief gebruik word as voorheen.

Die beleefde tweede persoon attributiewe vorm *u* word vir enkelvoud, meervoud en generiese gebruike aangewend. Die getalle van die attributiewe gebruike van *u* word in tabel 6.19 gegee.

Tabel 6.19: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van u

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
enkelvoud	109	80,7%	72	63,2%	53	67,1%	81	90%
meervoud	14	10,4%	5	4,4%	5	6,3%	9	10%
generies	12	8,9%	37	32,4%	21	26,6%	0	
TOTAAL	135		114		79		90	

Anders as die totale gebruik van *u* wat deurlopend afneem, is daar tussen die laaste twee periodes 'n klein toename, selfs al val die generiese gebruik in die laaste periode weg. Die proporsies is egter wisselvallig, en geen uitsprake oor verandering kan gemaak word wat nie weerspieël word deur die totale gebruike van *u* nie. Dit wys dat *jou* ook in attributiewe gebruike die generiese funksies van *u* oorgeneem het.

Die derde persoon manlike attributiewe vorm *sy* word vir manlike gebruike, generiese gebruike, sielhebbende gebruike en sielloose gebruike aangewend. In die eerste periode is daar nog heelwat wisselvorme aangewend in attributiewe gebruike. Die gebruiksgetalle word in tabel 6.20 weergegee.

Tabel 6.20: Gebruiksgetalle van verskillende attributiewe vorme van *sij* in 1911-1920

	1911-1920
<i>sij</i>	1 063
<i>sijn</i>	507
<i>sijne</i>	1
<i>sy</i>	300
<i>syn</i>	74
<i>zij</i>	10
<i>zijn</i>	20
<i>zijne</i>	2
<i>zy</i>	3
<i>zyn</i>	17
<i>zyne</i>	2
<i>zynen</i>	1
<i>zyns</i>	1
<i>sij/haar</i>	1
TOTAAL	2 002

Dit is duidelik dat daar nog heelwat variasie in ortografie was, met slegs een werklik produktiewe onderskeid in terme van die slot *-n*. Indien al hierdie gebruike, met dieselfde semantiese inhoud, bymekaargetel word vir vergelyking, sien dit daaruit soos in tabel 6.21.

Tabel 6.21: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van *sy*

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
manlik	1 373	68,6%	1 665	73,4%	1 376	76,5%	1 395	84%
generies	274	13,7%	233	10,3%	186	10,35%	60	3,6%
sielhebbend	53	2,65%	56	2,5%	49	2,7%	59	3,6%
sielloos	301	15%	312	13,75%	187	10,4%	136	8,2%
sy/haar	1	0,05%	1	0,05%	1	0,05%	10	0,6%
TOTAAL	2 002		2 267		1 799		1 660	

Die totale gebruiksgetalle van attributiewe *sy* verminder vanaf die tweede periode, in teenstelling met die selfstandige voornaamwoordgebruike. Die proporsionele toename van manlike verwysing is soortgelyk aan dié van *hy* en *hom* as derdepersoon-manlike voornaamwoord, terwyl generiese⁹⁹ en siellose¹⁰⁰ verwysing soortgelyk aan *hy* en *hom* afneem.

⁹⁹ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 162.38

¹⁰⁰ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 98.35

Die derdepersoon-vroulike attributiewe vorm *haar* word vir vroulike verwysing gebruik, en ook vir generiese, sielhebbende en siellose verwysing. Die vorme *hare* en *haren* is nog in die eerste periode attributief gebruik, maar slegs enkele kere, en word by die vorm *haar* getel. Die getalle hiervan word in tabel 6.22 gegee.

Tabel 6.22: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van haar

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
vroulik	358	87,3%	392	96,3%	648	99,7%	481	81,4%
generies	0		0		0		43	7,3%
sielhebbend	4	1%	14	3,5%	1	0,15%	44	7,4%
sielloos	47	11,5%	0		0		13	2,2%
sy/haar	1	0,2%	1	0,2%	1	0,15%	10	1,7%
TOTAAL	410		407		650		591	

Die totale attributiewe gebruike van *haar* verteenwoordig in breë trekke dieselfde patroon as die derde persoon voornaamwoordelike gebruik, waar die generiese gebruik ook eers in die laaste periode figureer. Die enigste duidelike verandering is dat *haar* teen die einde van die eeu ook attributief meer geredelik vir ander verwysing buiten menslike, vroulike verwysing aangewend word¹⁰¹.

Die derdepersoon-meervoudsvorme *hulle* en *hul* word attributief aangewend vir menslike verwysing, generiese verwysing, sielhebbende en siellose verwysing. Die getalle van hierdie gebruike word in tabel 6.23 aangedui.

Tabel 6.23: Gebruiksgetalle van attributiewe gebruike van hulle

	1911-1920		1941-1950		1971-1980		2001-2010	
	<i>hulle</i>	<i>hul</i>	<i>hulle</i>	<i>hul</i>	<i>hulle</i>	<i>hul</i>	<i>hulle</i>	<i>hul</i>
menslik meervoud	358	213	232	295	205	236	198	304
generies meervoud	0	0	0	0	0	1	0	0
sielhebbend meervoud	21	3	24	14	3	8	21	20
sielloos meervoud	37	11	38	49	23	35	11	33
TOTAAL	416	227	294	358	231	280	230	357

Anders as wat met derde persoon voornaamwoordelike gebruik die geval is, maak *hul* vanaf die tweede periode telkens meer as die helfte van die totale attributiewe gebruike uit. Vanaf die tweede periode word *hul* slegs enkele kere as derde persoon voornaamwoord gebruik, en meestal as attributiewe besitsvorm. Dit bevestig weer dat outeurs en/of redigeerders sedert die derde periode eerder *hul* as *hulle* attributief gebruik, ten spyte daarvan dat baie

¹⁰¹ Log-waarskynlikheid van eerste na tweede periode (vermindering): 21.53; tweede na derde periode (vermindering): 11.18; derde na vierde periode (vermeerdering): 148.32

normatiewe bronne aandui dat dit nie nodig is nie. In hoe 'n mate hierdie konvensie met gesproke taalgebruik ooreenstem is egter 'n ope vraag, soos wat Ponelis (1979:62) ook beweer.

Die voornaamwoordelike oorsprong van die genitiefpartikel se mag die ooreenkoms verklaar tussen die genitiefrelasies wat deur se uitgedruk word, en dié wat deur die besitlike voornaamwoorde uitgedruk word. Soos se druk besitlike voornaamwoorde ook die volgende genitiefrelasies uit: besit [6.62],

[6.62] Hij vermaak toe sij besittinge aan die kind en die moeder as volg. (1911-1920, Informatief)

subjektief [6.63],

[6.63] En iets vreemds gebeur terwyl ek praat, asof ek al pratende my eie woorde ontdek. (1971-1980, Fiksie)

objektief [6.64],

[6.64] Jy is behoorlik te stadig vir jou eie begrafnis. (1941-1950, Fiksie)

verwantskap / verhouding [6.65],

[6.65] Ek, hy en sy broer At het dikwels saam gaan duik. (2001-2010, Informatief)

deel-geheel / onvervreembare besitting [6.66],

[6.66] Sy skrik soms as sy dink dat dit haar hande daardie is. (1941-1950, Geesteswetenskappe)

attribuut [6.67],

[6.67] Hoe min van die soort kry ons in ons dae nog! (1911-1920, Religieus)

en attributief [6.68].

[6.68] Hy het in die besonder die klem laat val op haar menslikheid, suiwerheid en eerlikheid onder alle omstandighede. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

Vanuit elk van die attributiewe gebruike is daar 'n steekproef van 100 voorbeelde uit elke periode onttrek (behalwe vir *julle* wat nie soveel keer gebruik is nie), en ingedeel volgens die verskillende genitiefrelasies. Daar is egter geen duidelike verandering in enige van die gebruike opgemerk nie, met die meeste genitiefrelasies wat min of meer stabiel bly oor periodes heen, en enkele wat meer wisselvallig is maar nie verandering toon nie. Daar is twee gevalle wat 'n deurlopende toename toon, en dit is die (wel beduidende) verwantskap-

of verhoudingrelasie by *jou*¹⁰², en die (onbeduidende) objektiewe relasie by *haar*¹⁰³. Andersins is daar niks om te rapporteer in dié verband nie.

6.5 SAMEVATTING: DIE GENITIEF

In die loop van die betrokke eeu het daar 'n aantal veranderinge met betrekking tot die genitief in Afrikaanse taalgebruik gebeur. Eerstens het die reste van die Nederlandse genitief (-s en *der* en *des*) feitlik geheel en al verdwyn, behalwe vir vaste uitdrukkings en formules. In dieselfde tyd het vormlike variasie van veral die besitlike voornaamwoord sy ten einde geloop. Hierdie tendens tussen veral die eerste twee periodes is soortgelyk aan die verlies in variasie in heelwat ander domeine van taalgebruik wat reeds beskryf is, wat toegeskryf word aan standaardisering en die variasiereduksie wat dit onvermydelik tot gevolg het.

Tweedens is se besig om duidelik veld te wen teenoor *van* as besitspartikel, spesifiek in terme van die kontekste waar die twee uitruilbaar is. Daar is duidelike tekens dat se reeds teen die begin van die eeu grootliks gegrammatikaliseer het, en dat die verhoging in frekwensie 'n voortsetting van hierdie ontwikkeling is. Die twee besitsrelasies waar die gebruik van se dié van *van* verbygegaan het, is besit en verwantskap / verhouding, met subjektiewe gebruike wat lyk of dit binnekort dieselfde roete kan volg. Die gebruik van se met sielhebbende 'besitters' neem meer deurlopend toe as gebruike met siellose 'besitters', maar laasgenoemde gebruik neem tog toe vanaf die tweede periode, terwyl gebruike van *van* in albei kontekste afneem. Terwyl se nie gereeld met swaar 'besitters' gebruik word nie, neem dit vanaf die tweede periode leiding in terme van gebruik met swaar 'besittings', hoewel *van* tog nog gereeld in daardie konteks gebruik word. Dit alles dui aan dat die radikale verhoging in gebruiksfrekwensie van se nie bloot toegeskryf kan word daaraan dat die gebruikskontekste waar se verkies word, verhoog het nie. Daar is aanduidings dat se met verloop van tyd gebruiksuitbreidings ondergaan het ten koste van *van*, dat hierdie uitbreidings steeds voortduur, en dat dit hoofsaaklik aan interne faktore toegeskryf kan word.

Wat die besitlike voornaamwoorde en voornaamwoordelike besitskonstruksie betref – s'n se gebruiksgetalle is besonder laag, maar neem tog beduidend toe met verloop van tyd. Daar is 'n deurlopende toename in die gebruik van attributiewe *jou*, soos met voornaamwoordelike *jou*, waarin die generiese gebruike selfs meer toeneem as die tweedepersoonsgebruike. Die attributiewe gebruike van *u* neem af, maar nie soveel en so deurlopend soos voornaamwoordelike *u* nie, en attributiewe sy word toenemend vir manlike gebruik gereserveer, met 'n beduidende afname in generiese en siellose gebruike. Die

¹⁰² Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 11.9

¹⁰³ Log-waarskynlikheid vir al vier periodes aaneenlopend: 1.3 (onbeduidend)

attributiewe gebruike van *haar* diversifiseer in die laaste periode, soos ook die geval is met die voornaamwoordelike gebruike, en die vorm *hul* word toenemend teenoor *hulle* attributief gebruik. Die enigste verandering wat dus nie inpas by die groter konteks van voornaamwoordgebruik nie is die gebruik van *s'n* – die gebruiksfrekwensie is steeds laag, maar het deur die loop van die eeu beduidend verhoog, in pas met *se*.

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING

"Language change happens 'in the (spatio-temporal) world'; historical linguistics is the craft we exercise on its apparent results, in order to tell coherent stories about it." (Lass, 1997:xiv)

"What looks messy and irregular at one point in time can appear perfectly logical when traced through history." (Deutscher, 2005:79)

7.1 INLEIDING

In die inleidende hoofstuk van die studie is daar twee navorsingsvrae gestel:

1. Wat is die aard en omvang van grammatikale verandering in sekere geselekteerde grammatikale kategorieë in geskrewe Standaardfrikaans van 1911 tot 2010?
2. Watter verskil is daar tussen interne taalverandering en eksterne taalverandering; en in die lig daarvan, bied die analise van die data ondersteuning vir 'n dominante invloed van Engels as oorsaak van verandering in Afrikaanse taalgebruik gedurende die twintigste eeu, of blyk dit dat interne taalverandering 'n sterker rol speel as wat in die literatuur aanvaar word?

In hoofstukke vier tot ses is die eerste navorsingsvraag in detail beantwoord, en daar is ook soms aandag gegee aan die tweede vraag. In afdeling 7.2 word vraag 1 weer opsommend beantwoord, en in 7.3 word vraag 2 oorweeg. In 7.4 word 'n verdere kwessie wat in die literatuuroorsig na vore gekom het kortliks oorweeg, en in 7.5 word die belangrikste teoretiese implikasies wat uit die bevindinge van die studie duidelik geword het, bespreek. In 7.6 word enkele aanbevelings vir toekomstige navorsing gemaak, en in 7.7 word daar afgesluit.

7.2 VERSKILLENDSE Tipes TAALVERANDERING

Die taalverandering wat in hierdie studie beskryf is kan in 'n paar kategorieë ingedeel word, wat 'n verskeidenheid bydraende faktore in die oorsaak en verloop van die veranderinge betrek.

7.2.1 VER(IN)FORMALISERING

Daar is 'n aantal verskynsels wat moontlik verbind kan word met verformalisering aan die een kant, en verinformalisering aan die ander kant – dit lyk op die oog af teenstrydig, en 'n versoening van die verskillende tendense word hieronder gepoog. Een groep verskynsels toon toename of afname vanaf die eerste tot die laaste periode, wat op toenemende verinformalisering kan dui.

Die eerste in hierdie groep is die formele tweede persoon voornaamwoord *u*, wat deurlopend vanaf die eerste tot die laaste periode afneem. Tussen die eerste en tweede periode het daar 'n omwenteling plaasgevind, waar *u* in die eerste periode nog gereeld as aanspreekvorm in persoonlike briewe gebruik is, maar daarna glad nie meer nie. Dit wys op 'n vernouing in die gebruik van *u*, en wys daarop dat dit toenemend gemerk geword het vir formaliteit. Terwyl die vermindering vanaf die eerste na die tweede periode dus nie noodwendig aan verinformalisering toegeskryf kan word nie, het dit in alle waarskynlikheid die verdere afname van die tweede na die laaste periode aangehelp.

Die tweede verskynsel in hierdie groep is die gebruik van *se* in genitiëfskonstruksies. Die literatuur en die data dui aan dat *se* as meer informeel gereken word terwyl *van* die meer formele opsie vir die genitief is, en daar is 'n drastiese, deurlopende toename in gebruike van *se* vanaf die eerste na die laaste periode. Dit kan ook wel beteken dat *se* toenemend minder gemerk vir informaliteit word, 'n vermoede wat versterk word deur die drastiese vermindering in gebruike van *se* in informele tekste in die laaste periode (terwyl *van* nié in hierdie spesifieke geval verminder nie). Die gebruik van *van* eerder as *se* in formele taalgebruik word egter steeds deur normatiewe bronne aanbeveel in die laaste kategorie van normatiewe bronne, wat maak dat die moontlikheid van verinformalisering nie uitgesluit kan word nie.

'n Tweede groep verskynsels toon verformalisering tussen die eerste en tweede periode, moontlik as gevolg van die vestiging van 'n standaardvariëteit, waarna daar tekens is van verinformalisering. Die een verskynsel in hierdie groep is die tweede persoon enkelvoud voornaamwoorde *ji* en *jou* wat as generiese voornaamwoord gebruik word – daar is 'n afname tussen die eerste en tweede periode, 'n klein toename tussen die tweede en derde periode, en 'n drastiese toename tussen die laaste twee periodes. Die rede waarom dit as verinformalisering gesien word is dat dit as 'n generiese voornaamwoord gebruik word wat tog die leser direk aanspreek of insluit, en daarmee afstand en sogenaamde objektiwiteit inboet.

'n Volgende soortgelyke verskynsel is aanwysende voornaamwoorde – tussen die eerste twee periodes is daar 'n afname in die gebruik van *dié*, terwyl daar 'n (redelik drastiese) toename in die gebruik van *hierdie* is. Van die tweede periode af is daar egter 'n deurlopende toename in die gebruik van *dié*, wat as die meer informele opsie gereken word, en 'n afname in die gebruik van *hierdie*, wat as die meer formele opsie gereken word. Terwyl daar 'n mate van semantiese onderskeid tussen die twee opsies is, is daar ook 'n mate van oorvleueling, wat 'n verklaring vir die spieëlbeeld in gebruikspatrone moontlik buite die taalstruktuur self plaas.

Daar is 'n verdere verskynsel wat nie presies by die bogenoemde patroon inpas nie, maar wat 'n bevestiging is van die (moontlike) tendens van verformalisering tussen die eerste twee periodes in sekere opsigte – die gebruik van *ek* is deurgaans min of meer stabiel, behalwe vir die tweede periode waartydens dit heelwat minder gebruik is as in die ander periodes. Die gebruik van *ek* in die direkte rede, dus nié outeursverwysend (en dan wel informeel) nie, toon min of meer dieselfde patroon – die proporsie *ek*-gebruike in die direkte rede neem redelik baie toe tussen die eerste twee periodes, waarna dit effens afneem na die derde periode, en min of meer dieselfde is in die vierde periode.

Nog 'n groep verskynsels toon 'n toename of afname wat op verformalisering dui tot en met die derde periode, waarna die tendens omswaai tussen die laaste twee periodes. Die een verskynsel is die totale aantal gebruiksgetalle van passiefkonstruksies – dit vermeerder heelwat tussen die eerste twee periodes (in ooreenstemming met die vorige tendens), maar daarna vermeerder dit nog 'n bietjie na die derde periode toe, en dan verminder dit weer in die laaste periode. Passiefkonstruksies word ook geassosieer met afstand en objektiwiteit, en is meer kenmerkend van formele taalgebruik as informele taalgebruik.

'n Volgende verskynsel wat in hierdie kategorie pas is die gebruik van die eerste persoon meervoud voornaamwoord *ons*, wat dui op direktheid en betrokkenheid. Tussen die eerste twee periodes is daar, weereens, 'n redelike drastiese afname in gebruike, en 'n meer matige afname na die derde periode toe, terwyl dit weer toeneem in die laaste periode.

Die laaste groep verskynsels kan moontlik 'n uitdaging bied vir die meer algemene tendens van verinformalisering van al die bogenoemde groepe. Hierdie groep is adverbiala, en spesifiek temporele adverbiala. Uit die groep *toe*, *nou* en *dan* daal al drie se temporele gebruike tot die derde periode, en terwyl *toe* daarna weer effens toeneem, neem *nou* en *dan* verder af. Die totale temporele gebruike van hierdie groep adverbiala neem deurlopend af, hoewel nie besonder baie tussen die laaste twee periodes nie. Hierdie drie adverbiala is redelik konteksgebonde en nie besonder spesifiek nie, wat volgens Biber *et al.* (1998:148) dikwels met informaliteit geassosieer word. Die vorme *nou* en veral *dan* word ook tot 'n groot mate as diskoersmerkers gebruik, wat verdere tipiese merkers van informaliteit is (Biber *et al.*, 1998:148) – terwyl *dan* se gebruik as diskoersmerker deurlopend afneem, neem *nou* s'n af tussen die eerste twee periodes, dan is dit stabiel tot die derde periode, waarna dit effens toeneem. Die totale gebruiksgetalle van die vorme as diskoersmerkers neem egter deurlopend af. Beide hierdie gebruike (as temporele adverbiala en as diskoersmerkers) van die betrokke vorme wys dus op verformalisering, eerder as verinformalisering. Buitendien is daar 'n komplementêre, deurlopende vermeerdering in die gebruik van 'n aantal meer spesifieke temporele adverbiala, wat ook minder konteksgebonde is, iets wat volgens Biber *et al.* (1998:148) eerder met formaliteit geassosieer word; dit bevestig verder die idee van

verformalisering. Dit is wel opvallend dat die grootste verskil in al die verminderings van informele vorme telkens tussen die eerste twee periodes is, waarna dit óf minder afneem, of selfs in sekere gevalle weer toeneem. Veral tussen die laaste twee periodes is daar tog 'n toename van twee informele vorme – *nou* as diskoersmerker en *toe* as temporele adverbium.

Al die bogenoemde verskynsels saamgevoeg wys tog op 'n meer algemene tendens – die grootste verskille is te vinde tussen die eerste twee periodes en die laaste twee periodes, en weliswaar in verskillende rigtings, terwyl die middelste twee periodes die meeste stabiliteit in terme van mekaar toon. Die meer algemene verformalisering tussen die eerste twee periodes is baie moontlik 'n gevolg van die doelgerigte vestiging van 'n standaardvariëteit van Afrikaans, terwyl die verinformalisering tussen die laaste twee periodes in pas is met internasionale tendense, en moontlik deels as gevolg van veranderende konvensies in terme van massamedia en elektroniese sosiale netwerke is. Daar is egter 'n groot mate van variasie in hoe hierdie meer algemene tendens in spesifieke gebruike manifesteer – dit wys daarop dat, terwyl sekere veranderinge tot 'n mate by die meer algemene tendens inpas, spesifieke veranderinge tog 'n momentum van hulle eie kan opbou, en dat daar meer faktore as slegs ver(in)formalisering betrokke is by enige gegewe verandering, wat die verloop daarvan tot 'n meerdere of mindere mate kan beïnvloed.

7.2.2 ANALOGIEVORMING

Daar is 'n aantal verskynsels waar analogiese normalisering ("analogical levelling") relevant is. Die eerste verskynsel is die groep seldsame preteritumvorme wat van "minder gebruiklik" na "besonder skaars" verminder – *had*, *mog* en *wis*. In teenstelling met die (ander) modale hulpwerkwoorde wat frekwent genoeg is om analogiese normalisering, oftewel regularisering, te weerstaan, het die bogenoemde drie preteritumvorme tydens die afgelope eeu in amper totale onbruik verval. Die vorme *had* en *wis* het alternatiewe, reëlmatige verledetydskonstruksies wat die preteritumvorme se funksionele lading oorgeneem het: *had* het *het* as hulpwerkwoord en *het gehad* as hoofwerkwoordelike konstruksie, en *wis* het *het geweet*. Anders as hierdie twee vorme het *mog* nie 'n reëlmatige verledetydsvorm nie, maar *mag* het die verledetydsfunksies daarvan oorgeneem, wat in ieder geval nie besonder frekwent is nie. Die grensgeval van *dink* met *dag/dog* en *gedink* betrek 'n mate van analogiese normalisering – terwyl *gedink* die "gewone" verledetydsvorm van *dink* geword het, het *dag/dog* as preteritumvorme 'n betekenisverskuiwing ondergaan om "verkeerdelik aangeneem" aan te dui, wat tot die behoud van die preteritumvorme gelei het, maar ook die gebruik van die reëlmatige verledetydsvorm.

By die meer algemene modale hulpwerkwoorde is daar ook tekens van analogievorming – toenemende preteritale kongruensie of assimilasie wys daarop dat die paradigma al hoe meer eenvormig en reëlmatig word, waar die gebruik van een preteritale modale hulpwerkwoord (gewoonlik *sou*) daartoe lei dat modale hulpwerkwoorde in die res van die sin ook in die preteritum gebruik word. Dieselfde beginsel geld by die toename in die gebruik van sinsanaforiese *dit* ten koste van sinskataforiese *dit*, waar *dit* andersins grootliks anafories gebruik word. Die toenemende gebruik van (-)*self* anders as in wederkerende voornaamwoorde, en veral in voorsetselstukke, kan verder tot analogiese uitbreiding in die gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self* lei.

Die laaste verskynsel waar analogiese normalisering relevant is, is by die verlies van die laaste reste van die Nederlandse genitief. Die Nederlandse s-genitief het in spesifiek religieuse kontekste nog vir 'n tyd behoue gebly terwyl die gebruik andersins heeltemal verval het, maar in hierdie kontekste het die gebruik uiteindelik geswig voor die druk van regularisering. Ook die deelsgenitiewe -s wat verminder in die konteks ná onbepaalde voornaamwoorde, is verwant aan die verlies van die genitiewe -s. Die lidwoorde wat vir die genitief verbuig, *der* en *des*, het ook alle produktiwiteit verloor, aangesien die sisteem waarbinne dit produktief aangewend sou kon word nie meer in Afrikaans funksioneer nie. Die leksikale items het behoue gebly in 'n aantal vaste uitdrukkings en formules, asook in 'n aantal Afrikaans vanne, maar die gebruik daarvan word nie meer as genitiefsgebruik herken nie, en dui aan dat die Nederlandse genitief geheel in onbruik verval het in Afrikaanse taalgebruik, en vervang is met 'n nuwe ontwikkeling in Afrikaans, naamlik *se*.

7.2.3 EKSPRESSIWITEIT-GEMOTIVEERDE VERANDERING

Taalgebruikers se strewe na toenemende ekspressiwiteit is nie noodwendig die enigste rede waarom taalgebruik in sekere opsigte verander om toenemend ekspressief te wees nie, maar die beginsel is dikwels betrokke by taalverandering. Daar is drie tipes voornaamwoorde wat toenemend spesialiseer, waar die gebruik van daardie voornaamwoorde al hoe minder verskillende opsies uitdruk, en toenemend verkies word vir 'n spesifieke funksie. Die een geval is die attributiewe besitlike gebruik van die verkorte vorme *jul* en *hul*, wat aan die begin van die eeu nog geredelik as selfstandige voornaamwoorde gebruik word, maar teen die einde van die eeu amper uitsluitlik attributief (besitlik) gebruik word. In die geskrewe data van hierdie studie word *hul* toenemend verkies wanneer die derde persoon meervoud attributief gebruik word, ten koste van die uitgebreide vorm *hulle*. 'n Volgende voornaamwoord waar dit die geval is, is die gebruik van *dit* vir niemenslike verwysing, en veral sielloose verwysing, waar *hy/hom* al hoe minder vir die enkelvoud en *hulle* al hoe minder vir die meervoud gebruik word in dieselfde kontekste. Die

onbepaalde voornaamwoorde *almal* en *alles* word al hoe minder as kwantors gebruik, en toenemend as selfstandige voornaamwoorde. Dit beteken dat hulle geëksapteer is vanaf die oorspronklike Nederlandse gebruik, en al hoe meer aangewend word vir hulle nuwe funksies. Tegelykertyd word *elkeen* al hoe minder selfstandig gebruik, en toenemend as kwantor, wat moontlik ten minste 'n deel van *alles* se funksionele lading as kwantor oorneem. Ook hier is 'n geval van toenemende spesialisering van een vorm vir sekere gebruike ten koste van ander.

Daar is twee gevalle waar taalverandering plaasvind waar ekspressiwiteit nie noodwendig die hoofdryfkrag daaragter is nie, maar 'n bydraende faktor kan wees. Die een is by die verminderde gebruik van die algemene temporele adverbia *toe*, *nou* en *dan*, waar dit toenemend vervang word met meer spesifieke temporele adverbia. Tipies dra meer spesifieke betekenisse by tot groter ekspressiwiteit, wat moontlik is waarom die tendens nie teen die einde van die eeu saam met ander verformaliseringstendense gehalt het of omgeswaai het nie. Die ander geval waar ekspressiwiteit 'n bydrae het om te lewer, is die toenemende gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self*, waar die byvoeging van *-self* al hoe meer 'n merker vir wederkerendheid word, en daarmee makliker en vinniger onderskeid tussen voorwerpsgebruike en wederkerende gebruike van voornaamwoorde meebring. Hierdie bydrae van ekspressiwiteit bevorder bes moontlik die koverte oordrag van die Engelse patroon.

7.2.4 GRAMMATIKALISERING

Daar is 'n aantal verskynsels in die Afrikaanse taalgebruik van die afgelope eeu wat tekens toon van grammatikalisering – dit is *taalverandering* wat by uitstek geskied as gevolg van *taalgebruik*.

Die eerste verskynsel in hierdie kategorie, wat duidelike tekens van grammatikalisering toon, is die gebruik van *gaan* in toekomsverwysing. Terwyl die totale gebruiksfrekwensie van *gaan* nie 'n toename toon nie, is daar 'n duidelik waarneembare afname in die gebruik van *gaan* as hoofwerkwoord, en 'n toename in die gebruik van *gaan* as hulpwerkwoord, spesifiek om toekomsverwysing aan te dui. Tesame met die toenemende gebruik van *gaan* vir epistemiese toekomsverwysing is daar 'n gelyklopende afname in die gebruik van *sal* vir dieselfde funksie. In die laaste periode word *sal* steeds meer gereeld vir epistemiese toekomsverwysing gebruik as *gaan*, maar die gebruike toon 'n konsekwente spieëlbeeld van mekaar, en dui daarop dat *gaan* in die toekoms moontlik hierdie funksie kan domineer of selfs volledig kan oorneem. Die gebruik van *sal* in agent-geöriënteerde toekomsverwysing word nie hierdeur geaffekteer nie.

Die eerste kategorie van voornaamwoordgebruik wat in die ondersoek tekens van grammatikalisering toon, is die toenemende gebruik van die samesmelting *dis* eerder as aparte *dit is*. Hierdie versmelting en fonologiese erosie, en toenemende eenheidstatus van elemente wat gereeld saam gebruik word, is tipiese tekens dat grammatikalisering plaasvind.

'n Volgende verskynsel in hierdie kategorie is die gebruik van ('n) *mens* as generiese voornaamwoord. Terwyl 'n *mens* steeds meer frekwent is in geskrewe taalgebruik, neem dit deurlopend af, terwyl *mens* deurlopend toeneem. Dit dui op fonologiese erosie, wat tipies is van grammatikalisering, en beweeg weg van die meer tipies naamwoordelike struktuur van 'n *mens* na 'n meer duidelik voornaamwoordelike, en dus meer grammatikale, struktuur.

Nog 'n verskynsel wat tekens toon van grammatikalisering, wat nie doelbewus ondersoek is nie maar toevallig op afgekom is terwyl aanwysende voornaamwoorde ondersoek is, is die gebruik van *daar(-)* in voorsetselsamestellings. Terwyl *daar* aan die begin van die betrokke eeu nog geredelik van voorsetsels geskei is (soos in voorbeeld 5.117), word dit teen die einde van die eeu bitter selde nog so gebruik. Wanneer *daar* in kombinasie met voorsetsels gebruik word, word dit tipies eerder vas aan mekaar geskryf, soos *daarin*, *daarop*, *daardeur* ensovoorts, wat dui op toenemende eenheidstatus en vaster volgorde. 'n Gebruik wat hierby aansluit en op dieselfde beginsel werk, is die vermindering van *waar* as aparte woord in kombinasie met voorsetsels, wat vervang word deur die samevoeging van *waar-* met voorsetsels, soos in *waarin*, *waarop*, *waardeur* ensovoorts.

'n Volgende verskynsel wat moontlik toenemend grammatikaliseer is die gebruik van *enig-* in kombinasie met onbepaalde voornaamwoorde, vernaam *enigiets*, *enigiemand* en *enigeen*. Terwyl die gebruiksfrekwensie nie hoog genoeg is om in groot getalle in die studie se korpusse voor te kom nie, dui die toename in die gebruike wat wel voorkom op toenemende eenheidstatus en dus grammatikalisering.

'n Laaste verskynsel wat moontlik grammatikaliseer is die gebruik van *se* in genitiefkonstruksies. Terwyl die gebruik van *se* reeds goed gevestig was aan die begin van die eeu, het taalgebruikers nog enigsins alternatiewe voornaamwoordelike vorme gebruik om dieselfde funksies te vervul, en tot 'n groter mate *van* gebruik vir dieselfde funksies. Deur die loop van die eeu is daar duidelike tekens dat *se* gebruiksuitbreiding ondergaan, ten koste van *van*. Daar is 'n besondere verhoging in gebruiksfrekwensie van *se*, en daar is tekens dat dit sekere funksies van *van* toenemend oorneem. Daar is egter nog 'n aantal beperkings op die gebruik van *se*, wat ooreenstem met die gebruiksbepenkings van besittlike voornaamwoorde. Dit dui daarop dat *se* tog steeds sterk gewortel is in die voornaamwoordelike oorsprong daarvan, ten spyte van duidelike grammatikalisering. Die

selfstandige perifrastiese konstruksie met *s'n* het 'n lae gebruiksfrekwensie in vergelyking met *se*, maar toon 'n gelyklopende toename in frekwensie wat aandui dat die konstruksie ook grammatikaliseer.

7.2.5 ENGELSE BEÏNVLOEDING

Ten spyte van verskeie bewerings van Engelse beïnvloeding in die literatuur (vakliteratuur en normatiewe bronne), is daar slegs een geval van verandering gevind waar Engelse invloed betrokke is. Die gebruik van *was* in passiefkonstruksies verminder, anders as wat die geval sou wees indien Engelse invloed betrokke was, en dit word boonop eerder toegeskryf aan koverte oordrag vanuit 'n ander Afrikaanse konstruksie as uit Engels. Ander gevalle waar Engelse invloed deur sommiges vermoed word, soos die selfstandige gebruik van *hierdie* en *daardie*, en onbepaalde voornaamwoorde met nabepalings sonder *-s*, is gewoon so skaars in die data dat die vraag oor Engelse invloed nie in hierdie studie verder geneem kan word nie.

Die een geval waar daar wel opmerklike verandering is, en waar Engelse invloed 'n rol speel, is in die gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self* waar dit, strenggesproke, nie nodig sou wees om byvoorbeeld beklemtoning aan te dui of dubbelsinnigheid uit te skakel nie. Dit is egter belangrik om op te merk dat Engels nie die *bron* van die konstruksie is nie, maar moontlik 'n rol speel in die toenemende gebruik van die konstruksie, en dat koverte oordrag hier ter sake is. Indien die werking van die eksemplaarmodel in ag geneem word, is dit moontlik dat die Engelse gebruik met *-self* die konstruksie toenemend bekend en ongemerk maak, sodat tweetalige sprekers ook in Afrikaanse taalgebruik die keuse wat ooreenkom met die Engelse vorm kies, eerder as die vorm sonder *-self*. Dit is egter onmoontlik om vas te stel of die toenemende gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self* volledig toegeskryf kan word aan koverte oordrag van die Engelse patroon, aangesien Engels 'n paar eeue gelede dieselfde verandering ondergaan het, en daar klaarblyklik nie invloed van 'n ander taal nodig is vir hierdie tipe verandering om plaas te vind in 'n Germaanse taal nie. Die hoë vlak van tweetaligheid onder Afrikaanssprekendes kan egter nie weggeredeneer word nie, so verdere haarklowery gaan helaas bloot spekulatief wees.

7.3 DIE VRAAG OOR INTERNE EN EKSTERNE TAALVERANDERING

7.3.1 WAT IS INTERNE EN EKSTERNE TAALVERANDERING?

'n Eenvoudige onderskeid tussen interne en eksterne taalverandering is dat interne taalverandering binne die sisteem van 'n gegewe taal ontstaan, en eksterne taalverandering van buite daardie sisteem aangespoor word. Die onderskeid tussen tale onderling, sowel as

die konsep van 'n taal as 'n self-vervatte sisteem, is egter problematies. Indien taal gesien word as 'n dinamiese proses, met die primêre doel van kommunikasie, dan word die onderskeid tussen intern en ekstern nie net moeilik nie, maar die vraag ontstaan of dit enigsins nodig of sinvol is.

Die eerste belangrike vraag is waarom die onderskeid in die eerste plek getref (behoort te) word. As taal as sodanig nie netjies afgebaken kan word van die res van die werklikheid nie, en as tale onderling nie netjies afgebaken kan word van mekaar nie, waarom dan enigsins 'n onderskeid probeer tref? Die antwoord is opsommend: net omdat die onderskeid nie netjies of maklik of absoluut is nie, beteken dit nie dat daar nie tog praktiese waarde aan geheg kan word nie.

Geskrewe taalgebruik kom tipies in 'n teks voor, en 'n teks is oënskynlik eindigend en afgebaken. Gebruik soos intertekstualiteit en verwysing na die buitetalige werklikheid laat die grense van 'n teks egter tog vervloei, en dit herinner dat taalgebruik altyd in buitetalige werklikheid geanker is. Dit beteken nie dat taalgebruik nie as sodanig geïdentifiseer kan word nie – al is die grense vloeibaar en onvas, is daar tog 'n onderskeid tussen die talige en die nie-talige, en interne taalverandering is wanneer die oorsprong van of beweegrede agter 'n verandering in die taal self gevind kan word, terwyl die oorsprong van of beweegrede agter eksterne taalverandering buite die taal gevind kan word. Verder word verskillende tale tradisioneel van mekaar onderskei, en terwyl die onderskeid tot 'n mate op buitetalige faktore gegrond is, word die onderskeid aan die werklikheid verbonde wanneer die betrokke spraakgemeenskappe dit as sodanig hanteer. Eksterne taalverandering is hiervolgens wanneer die oorsprong van of beweegrede agter 'n verandering in taal gevind word, maar in 'n ander taal as die een waarin die verandering plaasvind. Terwyl die grense tussen die talige en nie-talige, en tussen verskillende tale onderling, veranderlik en vloeibaar is, is daar tog baie gevalle waar die oorsprong van of beweegrede agter 'n verandering duidelik in die een of die ander gevind kan word, in welke geval die klassifikasie van die verandering as intern of ekstern onproblematies is. Dit is egter belangrik om die veranderlikheid en vloeibaarheid van die betrokke grense in gedagte te hou, sodat grensgevalle as sodanig geïdentifiseer kan word, en die moontlikheid van grensverskuiwing wat juis deur sulke grensgevalle meegebring kan word, oopgehou word. Die onderskeid tussen die talige en nie-talige, sowel as tussen tale onderling, is hoegenaamd nie natuurlik of vanselfsprekend nie, en moet voortdurend doelbewus oorweeg en uitgeklaar word.

In kognitief-linguistiese terme ontstaan dan die vraag of taalveranderingsprosesse soos grammatikalisering, analogievorming en heranalise dan intern of ekstern is – die proses vind nie in die *taalsisteem* plaas nie, maar in die verstand van die sprekers wat die taal gebruik. Terwyl dit inderdaad die geval is dat die proses nie *in die taal self* plaasvind nie, is die bron

van die verskynsel wat verander die taal self, en is die redes wat die verandering dryf in die (gebruik van die) taal self. Daarom word dit steeds as interne verandering getipeer.

In hierdie studie is daar twee tipes eksterne oorsake van en beweegredes agter die veranderinge wat plaasvind, naamlik invloed van ander tale, en buitetalige faktore soos standaardisering, preskriptivisme en sosio-kulturele omstandighede. Grammatikalisering is hoofsaaklik interne verandering, hoewel dit heel gemaklik deur eksterne faktore beïnvloed of bespoedig kan word, soos wat die geval was tydens die ontstaan van Afrikaans. Analogievorming is ook, binne die parameters van hierdie studie, interne verandering, hoewel die oorspronklike oorweldigende hoeveelheid regularisering wat plaasgevind het tydens die ontstaan van Afrikaans grotendeels aan eksterne faktore toegeskryf kan word. In die oorspronklike grootskaalse regularisering het die grense van die taal self geskuif, maar aangesien (verskillende variëteite van) die Afrikaanse spreektaal reeds grotendeels gevestig was teen die begin van die twintigste eeu, en daar reeds begin is met standaardiseringspogings tydens die eerste periode, word die analogievorming gesien as kleinskaalse grensverskuiwing wat grotendeels intern gemotiveer is deur die stand van die relevante gedeelte van die taalsisteem op die gegewe stadium.

7.3.2 INVLOEDE VAN ANDER TALE

Soos reeds in afdeling 7.2.5 (p. 279) genoem, is daar slegs een verandering in geskrewe Standaardafrikaans van 1911 tot 2010 gevind waar Engelse invloed moeilik te betwis is – die toenemende gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self*, ook waar dit nie noodwendig noodsaaklik is binne die huidige sisteem nie. Terwyl daar in heelwat ander studies al uitgebreid aandag gegee is aan (soms omvangryke) invloed van Engels op byvoorbeeld die leksikon, uitspraak, en uitdrukkingswyses (sogenaamde Anglisismes), is daar min tekens van werklike strukturele invloed van Engels in die grammatikale kategorieë wat in hierdie studie bestudeer is. Die gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self* neem beduidend toe, maar die gebruik daarvan is nie besonder frekwent in vergelyking met heelwat van die ander voornaamwoorde nie, en dit bring geen verandering mee buite die sisteem van wederkerende voornaamwoorde nie.

Nicolle (2012:388) dui aan dat tempus en aspek 'n mate van weerstand bied teen invloed van ander tale, omdat dit deel van 'n paradigmatische sisteem is. Terwyl die gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self* natuurlik niks met tempus of aspek te doen het nie, is voornaamwoordsisteme ook paradigmatische sisteme, en 'n verandering in een kategorie het die potensiaal om verdere implikasies te hê. Dit is miskien nie vir *-self* die geval nie, hoewel die beginsel kan verklaar hoekom invloed van Engels nie prominent is in veranderinge in enige van die grammatikale kategorieë wat ondersoek is in hierdie studie

nie; daar is min kontekste waar "eenvoudige ontlening" kan plaasvind sonder verdere implikasies.

Aan die ander kant is daar kennis geneem van gevalle waar Afrikaanse patrone invloed uitoefen op Suid-Afrikaanse Engels, onder andere in terme van die tipes modaliteit wat *must* oordra, asook sekere gebruikspatrone van *now* wat invloed toon van Afrikaanse *nou*. Dit dui aan dat grammatikale invloed van 'n "groter", internasionale taal op 'n plaaslike taal sonder invloed in die teenoorgestelde rigting nie vanselfsprekend is in gemeenskappe met hoë vlakke van twee- of meertaligheid nie – wat wel vanselfsprekend is, is dat tale wat in voortdurende kontak met mekaar is, mekaar op een of ander vlak gaan beïnvloed, hetsy leksikaal, fonologies, of grammatikaal.

7.3.3 STANDAARDISERING, PRESKRIPTIVISME EN SOSIO-KULTURELE OMSTANDIGHED

In teenstelling met invloed van ander tale, is invloed van ander buitetalige faktore in taalverandering in geskrewe Standaardafrikaans van 1911-2010 heelwat meer prominent.

Die eerste buitetalige faktor agter taalverandering, wat 'n baie direkte invloed op taalgebruik het (of ten minste kan hê), is standaardisering. Keer op keer, in verskeie verskynsels wat ondersoek is, is daar 'n duidelike verandering tussen die eerste periode waartydens standaardisering maar pas 'n aanvang geneem het, en die tweede periode waartydens die standaardvariëteit en al die meegaande konvensies tot 'n groot mate reeds gevestig is. Daar is veral tekens van verformalisering tussen die eerste twee periodes, wat nie noodwendig teen dieselfde pas volgehou word vir die res van die eeu nie, of selfs van rigting verandering later in die eeu. Terwyl al die gevolge hiervan nie noodwendig netjies binne die kategorie van grammatikale verandering inpas nie, is dit ten minste taalverandering, en kan dit tog 'n invloed hê op die grammatika. Een van die duidelikste gevolge van die vestiging van Standaardafrikaans, is die verlies aan variasie, wat tipies is van standaardisering. Heelwat van die ondersoekte grammatikale kategorieë het nog verskeie moontlike variante tydens die eerste periode (hulpwerkwoorde van tyd, heelwat van die voornaamwoorde, vorme van besitlike voornaamwoorde, vorme van se-genitiewe), terwyl die meeste van die variante verdwyn voor die tweede periode, en slegs een opsie behoue bly.

Saam met die vestiging van 'n standaardvariëteit van Afrikaans het daar ook 'n tradisie van preskriptivisme ontstaan. Die meeste van die voorskrifte van preskriptiviste wat relevant is vir hierdie studie is sodanig suksesvol dat die gebruike wat verbied word besonder skaars in die korpusse is, of soms selfs afwesig. Daar is selfs 'n voorskrif wat heelwat outeurs as onnodig bestempel – die reservering van *jul/hul* vir attributiewe gebruike en *julle/hulle* vir voornaamwoordelike gebruike – wat nogtans tot 'n groot mate nagevolg word in die data.

Daar is twee uitsonderings – die een is die reeds bespreekte gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self*, en die ander is 'n afname in die gebruik van manlike voornaamwoorde as generiese voornaamwoorde. Die gebruik van manlike voornaamwoorde as generiese voornaamwoorde word nie noodwendig voorgeskryf nie, maar dit word gereeld in 'n positiewe lig gestel, veral in vergelyking met kombinasievorme soos *hy/sy*. Die gebruik van manlike voornaamwoorde as generiese voornaamwoorde neem tog deurlopend af, hoewel dit grotendeels vervang word met die gebruik van *jy/jou* eerder as kombinasievorme of meervoudsvorme.

Dit lei tot die laaste buitetalige faktor wat taalgebruik beïnvloed – sosio-kulturele omstandighede. Die gebruik van manlike en vroulike voornaamwoorde, asook die profiel van generiese voornaamwoorde, verander in ooreenstemming met veranderende sosio-kulturele omstandighede, veral onder die invloed van feminisme. Daar is 'n daling in vroulike verwysing tussen die derde en vierde periode, maar dit kan ten dele toegeskryf word aan die inhoud van die tekste wat toevallig in die derde periode se korpus ingesluit is – heelwat daarvan is op vroulike lesers gerig, en dit handel oor onderwerpe wat tipies tradisioneel met vroulike rolle geassosieer word, soos mosaïek, kookkuns, kinderopvoeding, en vooraanstaande vroulike figure in die samelewing. Die profiel van generiese voornaamwoorde bevestig egter dat die afname in taalseksisme volgehou word, en dat vroue toenemend groter sigbaarheid in taalgebruik en in die onderwerpe waaroor geskryf word, verkry. Die toenemende gebruik van *jy/jou* as generiese voornaamwoord skakel ook met die beginsel van verinformalisering, waarin taalgebruik minder styf en formeel raak, en meer gemeensaam en direk. Die opvallendste tekens van verinformalisering is in baie gevalle tussen die laaste twee periodes, waartussen daar ook 'n omvangryke sosio-politieke omwenteling plaasgevind het, en die moontlike kontekste waarin Afrikaans gebruik word, veral in publieke sfere, tot 'n mate getransformeer het, en die deur vir verinformalisering verder oopgemaak het.

Ter opsomming: terwyl daar inderdaad heelwat eksterne taalverandering in die eeu van 1911 tot 2010 te bespeur is, is dit grotendeels verandering wat deur ander buitetalige faktore aangehelp is, eerder as verandering wat deur taalkontak meegebring is.

7.4 DIE VRAAG OOR INNOVASIE VS. SELEKSIE

In die inleiding en in die literatuuroorsig is daar aandag gegee aan die onderskeid tussen die ontstaan van 'n verandering, oftewel innovasie, en die verspreiding van die verandering, oftewel seleksie. Terwyl die onderskeid in beginsel belangrik is, is die beperkte tydperk wat in hierdie studie bestudeer is nie besonder gepas om die kwessie mee te verken nie.

Daar is min gevalle van innovasie in hierdie studie geïdentifiseer – die meeste veranderinge wat opgeteken is, is frekwensieveranderinge wat te doen het met die verspreiding of seleksie van 'n variant. Ook in die enkele geval waar Engelse invloed relevant is, het dit nie te doen met die oorsprong van 'n verskynsel nie, maar dat 'n reeds-bestaande vorm toenemend gebruik word – al die kontekste waarbinne die keuse uitgeoefen word, is van die eerste periode af teenwoordig. Dit stem ooreen met die aard van die bevindinge wat in Mair (2006:13) en Leech *et al.* (2009:269) gerapporteer is.

Daar is drie gevalle waar gebruike eers in die laaste helfte van die eeu figureer, wat nie beteken dat dit daarvóór heeltemal afwesig uit taalgebruik was nie, maar dat dit nie frekwent genoeg in geskrewe Standaardafrikaans was om in die korpusse voor te kom nie. Die eerste geval is die gebruik van *nou* as 'n naamwoord, soos "die nou", wat slegs in die laaste periode figureer. Dit word egter gedoen volgens 'n produktiewe proses van nominalisering in Afrikaans, en die frekwensie is te laag om te weet of dit werklik 'n innovasie is, en of dit net te skaars is om andersins ook in die data voor te kom.

Die tweede innovasie is die gebruik van die vroulike voornaamwoorde *sy* en *haar* as generiese voornaamwoorde. Die gebruik is afwesig in die eerste helfte van die eeu, dit kom een keer voor in die derde periode, en word 'n hele aantal kere aangewend in die laaste periode. Die gebruik figureer net in drie tekste in die laaste periode, maar dit dui tog op 'n praktyk wat feitlik afwesig is in die vroeër periodes. Dit figureer egter eers regtig in die laaste periode, en die toekoms sal moet aandui of die gebruik verder gevestig gaan word, of slegs 'n tydelike manier is om seksistiese taalgebruik (wat mans bevoordeel) uit te balanseer.

Die laaste innovasie is die gebruik van die vorm *daai*, 'n verkorting van die aanwysende voornaamwoord *daardie*. Die vorm word een enkele keer in die derde periode gebruik, en wel 28 keer in die laaste periode. Die vorm is informeel en waarskynlik heelwat meer algemeen in gesproke taalgebruik, wat daarop dui dat dit moontlik vroeër in gesproke taal gevestig is, hoewel dit eers later in die geskrewe data figureer. Dit is wel moontlik 'n nuwe innovasie, veral in die lig daarvan dat die vol vorm *daardie* 'n innovasie is wat redelik laat in die kontak-geïnduseerde ontwikkeling van Afrikaans vanaf Nederlands eers gevestig is. Daar is egter nog nie sprake daarvan dat *daai* reeds gevestig is in geskrewe Standaardafrikaans nie.

Behalwe vir hierdie drie verskynsels is al die ander veranderinge wat aangeteken is kwessies van verspreiding en seleksie, en nie van innovasie nie. Dit is egter nie onverwags in die lig van die tydperk wat deur die korpusse gedek word nie – om 'n innovasie en die verspreiding daarvan werklik sinvol te kan naspur, is daar dikwels etlike eeue se taalgebruik nodig om 'n volledige prentjie van die gebruik te kan vorm. Daar is reeds aan die

begin van die studie uitgewys dat, in alle waarskynlikheid, geen van die betrokke veranderinge in die loop van een eeu gaan begin en voltrek word nie. Dit beteken nie dat daar geen betekenisvolle veranderinge plaasgevind het nie, maar slegs dat dit hoofsaaklik in terme van seleksie is, en nie van innovasie nie.

7.5 TEORETIESE IMPLIKASIES

Daar is 'n aantal teoretiese implikasies wat uit die resultate van die studie duidelik word.

Die eerste is dat die wyse waarop verandering wat deur taalkontak meegebring word nie verskil van die wyse waarop interne taalverandering plaasvind nie – taal word verander deur gebruik, ongeag die oorsprong van die innovasie. Daar is egter twee verskillende wyses waarop taalkontak relevant kan wees om verandering te verklaar – aan die een kant kan taalkontak die oorsprong van 'n innovasie wees, waar 'n verskynsel uit een taal geïnkorporeer word in 'n ander taal, genaamd owerste oordrag. Maar daar is ook 'n ander tipe invloed wat taalkontak op taalverandering kan uitoefen, en dit betrek gebruiksfrekwensie en die verspreiding en seleksie van 'n spesifieke vorm, oftewel koerste oordrag.

Indien daar 'n soortgelyke konstruksie in twee of meer verskillende tale is, hetsy deur ontlening, verwantskap of toeval, kan twee- of meertaligheid daartoe aanleiding gee dat die betrokke verskynsel 'n besondere gebruiksfrekwensie verkry vir 'n spesifieke spreker, aangesien dit in die gebruik van meer as een taal figureer. Na aanleiding van die bekendheid wat 'n hoë gebruiksfrekwensie tot gevolg het, gaan die blootstelling in meer as een taal 'n spreker aanspoor om meer gereeld hierdie spesifieke konstruksie te gebruik eerder as ander konstruksies wat van mekaar verskil in die betrokke tale. Deur twee- of meertaligheid wat lei tot die gereelde praktiese gebruik van die relevante tale word 'n spesifieke konstruksie meer gereeld geaktiveer as wat die geval sou wees indien die spreker slegs een van die tale gebruik het, en dit lei tot 'n toename in gebruik (in een of meer van die tale) wat nie sou plaasgevind het nie, of teen 'n stadiger pas sou plaasgevind het in die afwesigheid van taalkontak. Vir hierdie beginsel om relevant te wees is dit wel nodig dat 'n substansiële proporsie van die spraakgemeenskap twee- of meertalig is, anders gaan dit slegs die idiolekte van geselekteerde sprekers beïnvloed, en nie wydverspreid genoeg wees om deel van die konvensies van die spraakgemeenskap te word nie.

Hierdie konseptualisering bevestig Mufwene se siening dat taalverandering wat deur taalkontak meegebring word nie anders *verloop* as interne taalverandering nie, maar dat die verskil eerder kwantitatief van aard is. Dit bevestig ook dat invloed van ander tale deur taalkontak normaal is, aangesien twee of meer tale nie afsonderlik in 'n individu se verstand funksioneer nie, maar volgens dieselfde kognitiewe beginsels georden en gebruik word. Die onderskeid tussen verskillende tale is nie (noodwendig) van toepassing in die individu se

verstand nie, maar is 'n onderskeid wat deur eksterne faktore meegebring word, en deur die individu se diskresie toegepas moet word. In die druk van dag-tot-dag taalgebruik en die pogings tot effektiewe kommunikasie is dit egter heeltemal vanselfsprekend dat daar tog onderlinge beïnvloeding gaan wees, al probeer die spreker om die kodes uitmekaar te hou vir watter rede ook al. Dit bevestig Mufwene se bewering dat die grense tussen tale meer osmoties, of ten minste deurlaatbaar, is as wat taalkundiges veral in die verlede beweer het, en maak sy teoretiese konseptualisering in spesifiek hierdie terme besonder gepas om taalverandering in kontaksituasies te beskryf en verklaar, meer so as byvoorbeeld dié van Croft of Lass. Hy konseptualiseer die kenmerkpoel waartoe 'n taalgebruiker toegang het in terme van *taal*, nie in terme van 'n *taal* nie, wat verklaar waarom wedersydse beïnvloeding vanselfsprekend is in kontaksituasies met hoë vlakke van twee- of meertaligheid. Mufwene se konsep van 'n kenmerkpoel kan verder in verband gebring word met Bybee se konsep van eksemplare in die eksemplaarmodel – taalgebruikers stoor eksemplare van taalgebruik in hulle geheue, ongeag van die taal waarin dit voorkom, en hierdie versameling eksemplare maak die kenmerkpoel uit waartoe 'n taalgebruiker toegang het om van te kies in eie taalgebruik.

Hierdie kwessie dui ook weereens op die belang daarvan om taal nie te konseptualiseer as 'n self-vervatte sisteem nie, maar taalgebruik as 'n dinamiese proses wat deurlopend gevorm en hervorm, geskep en herskep word deur aktiewe gebruik – soos wat die konseptualisering van taal in voortkomende grammatika in hoofstuk 2 uiteengesit is. Dit herinner verder dat die grense tussen taal as sodanig en die res van die werklikheid, en tussen tale onderling, vloeibaar en veranderlik is, en enige definitiewe of absolute afbakenings is hoogstens tydelik, waarskynlik eerder kunsmatig as natuurlik, en onvolhoubaar. In die lig hiervan is die meerderwaardige en afwysende houdings van baie Afrikaanse preskriptiviste en taalkundiges met betrekking tot invloed van Engels op Afrikaans (Basson *et al.*, 1968:38; Boshoff, 1956:58-9; Boshoff, 1964:39; Botha en Burger, 1926:202; Le Roux, 1939:77; Malherbe, 1917:16; Pienaar & Langenhoven, 1932:84; Raidt, 1989:116; Van Schalkwyk en Kroes, 1982:160; Van Schalkwyk & Viviers, 1977:43) onvolhoubaar, en geen mate van taaltrots en/of taalnasionalisme¹⁰⁴ (soos gesien kan word in byvoorbeeld Botha en Van Aardt, 1987:29; Bouman en Pienaar, 1924:17; Grobler, 1993:49; Le Roux *et al.*, 1917:iii; Malherbe, 1917:9; Pienaar & Langenhoven, 1932:4-5) gaan verhoed dat wedersydse beïnvloeding plaasvind in 'n kontaksituasie so intensief soos dié tussen Afrikaans en Engels in Suid-Afrika nie.

¹⁰⁴ Vir 'n uitgebreide bespreking van en ondersoek na nasionalisme in die geskiedenis van Afrikaans sowel as die huidige Afrikaanse taaldebate, sien die PhD-proefskrif van Mariana Kriel (2013) en haar artikels van 2006 en 2010 (sien die bronnelys vir besonderhede).

'n Volgende teoretiese implikasie, wat aansluit by die vorige een, gaan juis daaroor dat die talige en die nie-talige nie duidelik begrens is nie, en deurlopend inwerk op mekaar. Die groter sosio-kulturele konteks waarin taal gebruik word kan omvangryke implikasies hê vir die wyse waarop taal gebruik word, en veral in die verklaring van taalverandering kan dit gewoon nie geïgnoreer word nie. Dit is egter belangrik om verantwoordelik met hierdie verhouding om te gaan, en nie lukraak na sosiale of kulturele kwessies te gryp om veranderinge te verklaar wat op die oog af nie sinmaak nie. Indien 'n verandering teweeggebring word deur sosio-kulturele omstandighede, sal die betrokke verandering nie in isolasie plaasvind nie, en verdere invloede van die betrokke sosio-kulturele tendens behoort geïdentifiseer te word om dit te bevestig. Daar moet ook in gedagte gehou word dat verskillende subsisteme in enige taal in bepaalde verhoudings tot mekaar staan, en dat buitetalige faktore nie noodwendig die enigste betrokke dryfkrag agter 'n verandering is nie – eksterne en interne taalverandering kan mekaar aanvul.

Dit lei tot 'n volgende saak – een verandering of tendens behoort nie verabsoluteer te word, of buite die relevante konteks beskou te word nie. Die relevante konteks sluit nie net buitetalige faktore (soos gebruikskonteks en sosio-kulturele omstandighede) in nie, maar ook die res van die taalsisteem wat daarmee in interaksie is. Al is 'n taal nie 'n self-vervatte sisteem nie, beteken dit nie dat daar nie sistematiek en reëlmaat in die struktuur van taalgebruik is nie. Indien byvoorbeeld die temporele adverbiala *toe*, *nou* en *dan* van hierdie studie beskou word – aan die een kant verklaar die toename in meer spesifieke temporele adverbiala hoe die relevante temporele inligting uitgedruk is ten spyte van die afname van *toe*, *nou* en *dan*, maar aan die ander kant kan die prentjie 'n misleidende indruk skep van die groter tendens van ver(in)formalisering. Al die relevante manifestasies van verformalisering en verinformalisering wys tesame 'n meer komplekse prentjie – terwyl daar beslis verformalisering tussen die eerste twee periodes plaasgevind het (wat dien om ook die ekspressiewe krag van 'n standaardvariëteit uit te brei, 'n tipiese aspek van korpusbeplanning tydens standaardisering), word hierdie tendens nie volgehou nie, en verander dit in die meeste gevalle in verinformalisering tussen die laaste twee periodes. Terwyl die beginsel van verformalisering dus vir temporele adverbiala volgehou is, is dit nie noodwendig 'n tendens wat vir die breër gebruik van geskrewe Standaardafrikaans geld nie. Veralgemenings wat op die gedrag van een verskynsel gebaseer word moet altyd met versigtigheid benader word.

Verder is dit belangrik om in gedagte te hou dat taalgebruik nie netjies is nie – daar is soveel moontlike faktore wat kan bydra tot die keuses wat tydens taalgebruik gemaak word, dat simplistiese verklarings en verabsoluterings selde die volle verhaal kan vertel. Terwyl dit haas onmoontlik is om alle moontlike bydraende faktore te verreken, maan dit die linguïste tot

soveel deeglikheid as moontlik, en om nie bewerings te maak wat nie wetenskaplik verantwoordbaar is nie.

7.6 VOORUITSKOUING

Daar is heelwat vrae wat slegs gedeeltelik beantwoord is, of selfs heeltemal onbeantwoord gebly het in hierdie studie. Daar is heelwat verskynsels met 'n te lae gebruiksfrekwensie om met veel vrag in hierdie studie se korpusdata bestudeer te word, en daarvoor is daar groter, meer omvangryke diachroniese korpusse van Afrikaanse taalgebruik nodig. Terwyl daar heelwat betekenisvolle taalverandering in die studie beskryf is, is daar nog heelwat gapings oor wat met meer data sinvol gevul kan word. Tendense wat in hierdie korpusse gevind is kan natuurlik ook in groter korpusse kontroleer word, wat groter sekerheid oor die bevindinge kan meebring.

'n Verdere tekortkoming van hierdie studie is die totale gebrek aan gesproke data. Terwyl dit haas onmoontlik is om gesproke data vir die eerste twee periodes te verkry, het die Ponelis-korpus van gesproke taal uit die 1970's onlangs as elektroniese korpus beskikbaar geraak, en daar word ook toenemend kontemporêre gesproke korpusdata versamel en beskikbaar gestel. Hierdie data kan met groot vrag komplementêr tot die derde en vierde periode van hierdie studie se korpusdata gebruik word, en dieselfde grammatikale kategorieë kan in die gesproke data bestudeer word om vas te stel in welke opsigte geskrewe en gesproke Afrikaanse taalgebruik konvergeer en divergeer. Hierdie tekortkoming wys ook implisiet op die probleem van eensydigheid van geskrewe data: die sosio-historiese konteks van die standaardisering van Afrikaans en die publiserings en behoud van geskrewe tekste in die twintigste eeu (en ook tot 'n mate daarvóór) veroorsaak dat korpusse soos dié in hierdie studie hoofsaaklik die taalgebruik van wit sprekers voorstel, veral die wit elite, en dat dit die taalgebruik van ten minste die bruin en swart sprekers, maar waarskynlik ook van die wit sprekers van laer sosiale stande, grotendeels ignoreer. Informele gesproke data wat verskillende geografiese, sosiale, etniese en enige ander variëteite van Afrikaans verteenwoordig sal 'n heelwat meer gebalanseerde en verteenwoordigende beeld van die geheel van Afrikaans gee.

Natuurlik is die potensiaal van die studie se korpusse nog glad nie ten volle benut nie, en daar is nog heelwat verdere tipes veranderinge wat in die data ondersoek kan word. Sintaktiese veranderinge en morfologiese veranderinge kan bestudeer word, sowel as die ontwikkeling van spesifieke konstruksies soos die infinitief, of byvoorbeeld modaliteit, leksikale aspek, en verskillende woordsoortkategorieë. 'n Meer doelgerigte nagaan van die veranderinge in genrekonvensies kan ook help om enige grammatikale veranderinge te kontekstualiseer en interpreteer.

7.7 SLOT

Daar is 'n handvol beduidende grammatikale veranderinge in geskrewe Standaardafrikaans van 1911 tot 2010. Hierdie veranderinge is 'n kombinasie van interne veranderinge, en eksterne veranderinge wat invloed van Engels en buitetalige faktore insluit.

In hierdie studie is die beskikbare kennis oor onlangse en voortdurende veranderinge in Standaardafrikaans heelwat uitgebrei, en daar is enkele veranderinge opgetel wat nog nie voorheen uitgewys of bestudeer is nie: die grammatikalisering van *gaan* ten koste van *sal*, die veranderinge in die gebruik van verskillende temporele adverbiala, die afname in die gebruik van manlike voornaamwoorde vir generiese voornaamwoorde en die toename in die gebruik van *jy/jou* vir generiese voornaamwoorde, die toename in die gebruik van *mens* ten koste van '*n mens*, en die toename in die gebruik van *dié* ten koste van *hierdie*. 'n Aantal veranderinge wat reeds deur ander opgemerk is is ook bevestig: verdere preteritumverlies, afname in die gebruik van *u*, toename in die gebruik van wederkerende voornaamwoorde met *-self*, en die toenemende gebruik van *se* ten koste van *van*.

Daar is heelwat eksterne faktore wat hierdie veranderinge beïnvloed het, maar anders as die alarmistiese beweringe van omvangryke Engelse invloed is daar meer tekens van buitetalige invloed as van Engelse invloed in hierdie instansies. Daar is ook duidelike tekens dat taalgebruikers die aanbevelings van preskriptiviste tot 'n groot mate navolg in die gebruik van geskrewe Standaardafrikaans. Toekomstige studies sal moet uitwys of dit ook geld vir Afrikaanse taalgebruik andersins, en veral gesproke Afrikaans.

BRONNELYS

Abraham, W. 1999. Preterite Decay as a European Areal Phenomenon. *Folia Linguistica*, XXXIII(I):11-18.

Anderwald, L. 2014. Measuring the success of prescriptivism: quantitative grammaticography, corpus linguistics and the progressive passive. *English Language and Linguistics*, 18(1):1-21.

Antonissen, R. 1982. Die Afrikaanse letterkunde van 1906 tot 1966. (In Nienaber, P.J., red. *Perspektief en Profiel*. Johannesburg: Perskor. p.35-164.)

Arnold, J.E. 2013. What should a theory of pronoun interpretation look like? Commentary on Kehler & Rohde (2013): A probabilistic reconciliation of coherence-driven and centering-driven theories of pronoun interpretation. *Theoretical Linguistics*, 39(1-2): 59-73.

Atkinson, A. 1995. Seksisme in taal en implikasies vir tweedetaalonderrig. *Dubbelfluit*, 1(1):1-15.

Baker, P. 2009. The BE06 Corpus of British English and recent language change. *International Journal of Corpus Linguistics*, 14(3):312-337.

Basson, M.A., Kromhout, J., Nel, P.G. & Senekal, J.H. 1968. Afrikaans vir die student: die suiwer woord. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Bertinetto, P.M. & Lenci, A. 2012. Habituality, pluractionality, and imperfectivity. (In Binnick, R.I., ed. *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press. p.852-880.)

Beylefeld, A.A. & Van Jaarsveld, G.J. 1991. Taalseksisme as 'n vorm van eensydige leksikografie. *Lexikos*, 1:1-19.

Beylefeld, A.A. & Van Jaarsveld, G.J. 1994. Is die wêreld manlik, tensy anders vermeld? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 12(2):43-49.

Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus Linguistics: Investigating Language Structure and Use*. Cambridge: Cambridge University Press.

Biber, D., Conrad, S. & Leech, G. 2002. *Longman Student Grammar of Spoken and Written English*. Harlow: Pearson Education.

Bickerton, D. 1981. *Roots of language*. Ann Arbor: Karoma.

Bloomfield, L. 1914. *Introduction to the study of language*. New York: Henry Holt.

Bloomfield, L. 1956 [1933]. *Language*. New York: Henry Holt.

Booyesen, C.M. & Jansen, M. 1922. *Praktiese Grammatika van die Afrikaanse Taal: spesiaal vir gebruik in skole tot en met matriek*. 3de druk. Pietermaritzburg / Kaapstad / Bloemfontein: Nasionale Pers.

Börjars, K. 2003. Morphological status and (de)grammaticalisation: the Swedish possessive. *Nordic Journal of Linguistics*, 26(2):133-163.

Boshoff, S.P.E. 1956. *Radiopraatjies oor Afrikaans*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Boshoff, S.P.E. 1964. Prof S.P.E. Boshoff. (*In* Boshoff, S.P.E., Kok, B. & Snijman, F.J. *Kruim en Kors*. Johannesburg: Voortrekkerpers. p.13-115.)

Botha, J.P. & Van Aardt, J.M.H. 1983. *Afrikaans vir die praktyk*. 2de uitg. Johannesburg: McGraw-Hill.

Botha, J.P. & Van Aardt, J.M.H. 1987. *Afrikaans vir die praktyk*. 3de uitg. Johannesburg: Lexicon.

Botha, M.C. & Burger, J.F. 1926. *Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika*. 5de druk. Kaapstad: Maskew Miller.

Botha, M.C. & Burger, J.F. 1927. *Maskew Miller's Grammar of Afrikaans*. 5th ed. Cape Town: Maskew Miller.

Botha, W.J. 1990. Deiktiese tydsverwysing. *Acta Academica*, 22(3):102-115.

Botne, R. 2012. Remoteness distinctions. (*In* Binnick, R.I., *ed.* The Oxford Handbook of Tense and Aspect. Oxford: Oxford University Press. p.536-562.)

Botne, R. & Kerschner, T.L. 2008. Tense and cognitive space: on the organization of tense/aspect systems in Bantu languages and beyond. *Cognitive Linguistics*, 19(2):145-218.

Bouman, A.C. & Pienaar, E.C. 1924. Afrikaanse Spraakkuns. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Braun, B. & Chen, A. 2010. Intonation of 'now' in resolving scope ambiguity in English and Dutch. *Journal of Phonetics*, 38:431-444.

Breed, A. 2012. Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies. Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).

Brisard, F. & Meeuwis, M. 2009. Present and perfect in Bantu: the case of Lingála. *Journal of African Languages & Linguistics*, 30(1):21-43.

Butler, A.P. 2014. Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – MA).

Bybee, J. 2001. Frequency effects on French liaison. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., *eds.* Frequency and the emergence of linguistic structure. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 337-359.)

Bybee, J. 2010a. Diachronic Linguistics. (*In* Geeraerts, D. & Cuyckens, H., *eds.* The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics. Oxford: Oxford University Press. p. 945-987.)

Bybee, J. 2010b. Language, Usage and Cognition. Cambridge: Cambridge University Press.

Bybee, J. & Hopper, P.J. 2001. Introduction to frequency and the emergence of linguistic structure. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., *eds.* Frequency and the emergence of linguistic structure. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 1-24.)

Carstens, A. & Grebe, H., *reds.* 2001. Taallandskap: huldigingsbundel vir Christo van Rensburg. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 1989. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 1991. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 2de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 1994. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 3de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 2003. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 2011. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Čermák, F. 1978. Typology of the Germanic Languages with special reference to Dutch. *Folia Linguistica*, XII(1/2):65-106.

Coetzee, A.E. 1990. r-Weglating: 'n tipe leksikale verandering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30(2): 81-99.

Combrink, J. & Spies, J. 1986. SARA: Sakboek van regte Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.

Comrie, B. 1976. Aspect. Cambridge: Cambridge University Press.

Comrie, B. 1985. Tense. Cambridge: Cambridge University Press.

Conrad, S. 2010. What can a corpus tell us about grammar? (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 227-240.)

Conradie, C.J. 1977. Die hulpwerkwoord het binne die Afrikaanse werkwoordgroep. *Taalfasette*, 22(1):56-72.

Conradie, C.J. 1986. Taalgeskiedenis. Pretoria: Academica.

- Conradie, C.J. 1992. Tempus in Afrikaanse Bybelvertalings. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(2). p. 60-67.
- Conradie, C.J. 1996. "En *toen* was er koffie..." Die bywoord *toen(n)* as narratiewe merker in Afrikaanse en Nederlandse vertellings. *Taal en Tongval*: themanummer, 9:67-75.
- Conradie, C.J. 1998. Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(2). p. 37-43.
- Conradie, C.J. 1999. Preterite Loss in Early Afrikaans. *Folia Linguistica*, XXXIII/I. p. 19-37.
- Conradie, C.J. 2006. Defleksie en grammatikalisasie: die Afrikaanse hulpwerkwoord *het*. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):86-98.
- Coussé, E. 2008. Motivaties voor volgordevariatie: een diachrone studie van werkwoordsvolgorde in het Nederlands. Gent: Universiteit Gent (Proefschrift – PhD).
- Coussé, E. 2010. Een digitaal compilatiecorpus historisch Nederlands. *Lexikos*, 20:123-142.
- Coussé, E. & Van der Auwera, J. 2012. Human impersonal pronouns in Swedish and Dutch: a contrastive study of *man* and *men*. *Languages in Contrast*, 12(2):121-138.
- Croft, W. 1993. A noun is a noun is a noun – or is it? Some reflections on the universality of semantics. (*In Proceedings of the 19th Annual Meeting of the Berkeley Linguistics Society: Semantic Typology and Universals*. p. 369-381.)
- Croft, W. 2000. *Explaining Language Change: An Evolutionary Approach*. Harlow: Pearson Education.
- Croft, W. 2001. *Radical Construction Grammar: Syntactic Theory in Typological Perspective*. Oxford: Oxford University Press.
- Croft, W. 2010. Construction Grammar. (*In Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. p. 463-508.)
- Croft, W. 2012. *Verbs: Aspect and Causal Structure*. Oxford: Oxford University Press.

Curzan, A. 2014. *Fixing English: Prescriptivism and Language History*. Cambridge: Cambridge University Press.

Den Besten, H. 2009. Desiderata voor de historische taalkunde van het Afrikaans. (*In* Den Besten, H., Hinskens, F. & Koch, J., *reds.* *Afrikaans: een drieluik*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. p. 234-252.)

Den Besten, H. 2012a. The origins of the Afrikaans pre-nominal possessive system(s). (*In* Van der Wouden, T., *ed.* *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 7-23.)

Den Besten, H. 2012b. The complex ancestry of the Afrikaans associative constructions. (*In* Van der Wouden, T., *ed.* *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.25-33.)

Den Besten, H. 2012c. What a little word can do for you: *wat* in Afrikaans possessive relatives. (*In* Van der Wouden, T., *ed.* *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.35-39.)

Den Besten, H. 2012d. Afrikaans relative 'wat' and West-Germanic relativization systems. (*In* Van der Wouden, T., *ed.* *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.41-59.)

Den Besten, H. 2012e. Demonstratives in Afrikaans and Cape Dutch Pidgin. (*In* Van der Wouden, T., *ed.* *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.61-77.)

Den Besten, H. 2012f. From Khoekhoe foreigner talk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar. (*In* Van der Wouden, T., *ed.* *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 257-287.)

De Hoop, H. & Tarenskeen, S. 2014. It's all about *you* in Dutch. *Journal of Pragmatics*, <http://dx.doi.org/10.1016/j.pragma.2014.07.001> (In press).

De Saussure, F. 1966. *Kursus in algemene taalkunde*. Uit Frans vertaal deur Alewyn Lee. Pretoria: Van Schaik.

De Stadler, L.G. 1989. Afrikaanse Semantiek. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

De Stadler, L.G. 1992. Die werkwoorde *kom* en *gaan* as deiktiese medewerkwoorde. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(2):91-98.

De Villiers, M. 1948. Woordsoorte, Werkwoorde en Tye. Kaapstad: Nasionale Pers.

De Villiers, M. 1971. Die grammatika van tyd en modaliteit. 2de druk. Kaapstad: Balkema.

De Villiers, M. 1983. Afrikaanse grammatika vir volwassenes. Goodwood: Nasou.

De Vogelaer, G. & Coussé, E. 2011. The Functional Nature of Pronominal Change: Innovative Plural Pronouns in English and Dutch. *Neophilologus*, 95:1-26.

De Wet, L. 1985. Verstaanbare Afrikaans: kolskoot-taaloplossings. La Lucia.

De Wit, A. & Brisard, F. 2014. A Cognitive Grammar account of the semantics of the English present progressive. *Journal of Linguistics*, 50(1):49-90.

Deo, A. 2012. Morphology. (In Binnick, R.I., ed. The Oxford Handbook of Tense and Aspect. Oxford: Oxford University Press. p.155-183.)

Desclés, J. & Guentchéva, Z. 2012. Universals and Typology. (In Binnick, R.I., ed. The Oxford Handbook of Tense and Aspect. Oxford: Oxford University Press. p.123-154.)

Deumert, A. 2002. Language Variation and Standardization at the Cape (1880-1922): A Contribution to Afrikaans Sociohistorical Linguistics. *Journal of Germanic Linguistics*, 13(4):301-352.

Deumert, A. 2004. Language Standardization and Language Change: the dynamics of Cape Dutch. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins.

Deutscher, G. 2005. The Unfolding of Language: An Evolutionary Tour of Mankind's Greatest Invention. New York: Henry Holt.

Donaldson, B.C. 1986. The second person pronouns in Germanic languages: a comparative diachronic study with special reference to Dutch and Afrikaans. *South African Journal of Linguistics*, 4(3):1-12.

Donaldson, B.C. 1988. The influence of English on Afrikaans. Pretoria: Serva.

Donaldson, B. 1995. Language contact and linguistic change: the influence of English on Afrikaans. (In Mesthrie, R., ed. *Language and social history: studies in South African sociolinguistics*. Cape Town / Johannesburg: David Philip. p. 222-229.)

Du Plessis, E.P. 1979. Die KENNIS gids tot Moderne Afrikaans. Kaapstad / Pretoria: Human & Rousseau.

Du Toit, P.J. 1982. Taalleer vir onderwyser en student. Pretoria / Kaapstad: Academica.

Du Toit, P.J. 1986. Taalleer vir onderwyser en student. 2de uitg. Pretoria / Kaapstad: Academica.

Du Toit, P. & Smith-Müller, W. 2003. Stylboek: riglyne vir paslike skryf. Pretoria: Van Schaik.

Du Toit, S.J. 1902. Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels. 2de uitg. Paarl: D.F. du Toit.

e-ANS: Algemene Nederlandse Spraakkunst. 2002. <http://ans.ruhosting.nl/e-ans/index.html>
Laaste datum van gebruik: 7 Okt. 2015.

Earp, B.D. 2012. The Extinction of Masculine Generics. *Journal for Communication and Culture*, 2(1):4-19.

Ehlers, D. 1990. Praktiese Afrikaans: die gebruik van die passiefkonstruksie. *Die staatsamptenaar*, 70(11):17.

Engelbrecht, H. 1975. Afrikaanse Taalgids. Bloemfontein: P.J. de Villiers.

Engelbrecht, H. 1980. Nuwe Afrikaanse Taalgids: 'n alfabetiese handleiding vir die kommunikasiepraktyk. Bloemfontein: Uitgewery Oranje.

- Everett, C. 2011. Gender, pronouns and thought: the ligature between epicene pronouns and a more neutral gender perception. *Gender and Language*, 5(1):133-152.
- Evison, J. 2010. What are the basics of analysing a corpus? (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 122-135.)
- Fenk-Oczlon, G. 2001. Familiarity, information flow, and linguistic form. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 431-448.)
- Fillmore, C.J. 1967. The Case for Case. Prepared for the 1967 Texas Symposium on Linguistic Universals, April 13-15. <http://eric.ed.gov/?id=ED019631> Date of access: 16 May 2015.
- Fischer, O., Norde, M. & Perridon, H. 2004. Introduction: in search of grammaticalization. (*In* Fischer, O., Norde, M. & Perridon, H., eds. *Up and down the Cline – The Nature of Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 1-16.)
- Francis, E.J. 2000. Two perspectives on the grammar of possession. *Language Sciences*, 22:87-107.
- Friedman, V.A. 2012. Language contact. (*In* Binnick, R.I., ed. *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press. p.398-427.)
- Fuller, M.M. 1973. In Business, the Generic Pronoun 'He' Is Non-Job Related and Discriminatory. *Training and Development Journal*, 27(5):8-11.
- Gast, V., Deringer, L., Haas, F. & Rudolf, O. 2015. Impersonal uses of the second person singular: a pragmatic analysis of generalization and empathy effects. *Journal of Pragmatics*, <http://dx.doi.org/10.1016/j.pragma.2014.12.009> (In press).
- Gastil, J. 1990. Generic Pronouns and Sexist Language: The Oxymoronic Character of Masculine Generics. *Sex Roles*, 23(11-12):629-643.

Gisborne, N. & Hollmann, W.B. 2014. Theory and data in cognitive linguistics. (*In* Gisborne, N. & Hollmann, W.B., eds. Theory and data in cognitive linguistics. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.1-14.)

Givón, T. 1982. Tense-Aspect-Modality: The Creole Proto-Type and Beyond. (*In* Hopper, P.J., ed. Tense-Aspect: Between Semantics & Pragmatics. Containing the Contributions to a Symposium on Tense and Aspect, held at UCLA, May 1979. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 115-166.)

Gous, J.A. & Botha, J.P. 1990. Afrikaans vir die Tweedetaalstudent: Taalkunde. Wynberg: Hodder & Stoughton Educational.

Gries, S.T. 2014. Frequencies, probabilities, and association measures in usage-/exemplar-based linguistics: some necessary clarifications. (*In* Gisborne, N. & Hollmann, W.B., eds. Theory and data in cognitive linguistics. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.15-48.)

Grobler, H. 1993. Praktiese werkboek vir Afrikaans. Pretoria: Academica.

Hallan, N. 2001. Paths to prepositions? A corpus-based study of the acquisition of a lexico-grammatical category. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. Frequency and the emergence of linguistic structure. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 91-120.)

Hantson, A. 2001. Casusaanduiding in het Afrikaans en andere (Indo-) Germaanse talen: een vergelijkende schets. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(1):1-20.

Hare, M.L., Ford, M. & Marslen-Wilson, W.D. 2001. Ambiguity and frequency effects in regular verb inflection. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. Frequency and the emergence of linguistic structure. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 181-200.)

Haspelmath, M. 2004. On directionality in language change with particular reference to grammaticalization. (*In* Fischer, O., Norde, M. & Perridon, H., eds. Up and down the Cline – The Nature of Grammaticalization. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 17-44.)

HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2000. 4de uitg. Midrand: Perskor.

- Heine, B. 1997. *Possession: Cognitive Sources, Forces, and Grammaticalization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heine, B. 2003. Grammaticalization. (*In* Joseph, B.D. & Janda, R.D., eds. *The handbook of historical linguistics*. Malden / Oxford / Melbourne / Berlin: Blackwell. p. 575-601.)
- Heine, B. & Song, K. 2010. On the genesis of personal pronouns: some conceptual sources. *Language and Cognition*, 2(1):117-147.
- Hendriks, J. 2012. Re-examining the 'origins' of the prenominal periphrastic possessive construction *Jan s'n boek* in Dutch: an empirical approach. *Diachronica*, 29(1):28-71.
- Hiemstra, L.W. 1980. *Die juiste woord: praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hinrichs, L. & Szmrecsanyi, B. 2007. Recent changes in the function and frequency of Standard English genitive constructions: a multivariate analysis of tagged corpora. *English Language and Linguistics*, 11(3):437-474.
- Hoekstra, J. 2010. On the impersonal pronoun *men* in Modern West Frisian. *Journal of Comparative Germanic Linguistics*, 13:31-59.
- Hunston, S. 2010. How can a corpus be used to explore patterns? (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 152-166.)
- Jeffrey, C. & Van Rooy, B. 2004. Emphasizer *now* in colloquial South African English. *World Englishes*, 23(2):269-280.
- Jenkinson, A.G. 1987. Aspekte van voornaamwoorde en verwysing in taalhandelinge. (*In* Van Jaarsveld, G.J., red. *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva. p. 51-74.)
- Joseph, B.D. 2004. Rescuing traditional (historical) linguistics from grammaticalization theory. (*In* Fischer, O., Norde, M. & Perridon, H., eds. *Up and down the Cline – The Nature of Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 45-71.)

Jurafsky, D., Bell, A., Gregory, M. & Raymond, W.D. 2001. Probabilistic relations between words: evidence from reduction in lexical production. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 229-254.)

Kehler, A. & Rohde, H. 2013. A probabilistic reconciliation of coherence-driven and centering-driven theories of pronoun interpretation. *Theoretical Linguistics*, 39(1-2):1-37.

Kemp, M. 2000. Omission and doubling of the temporal auxiliary *het* in the Afrikaans of an agrammatic aphasic. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 33:49-66.

Kennedy, G. 2002. Variation in the distribution of modal verbs in the British National Corpus. (*In* Reppen, R., Fitzmaurice, S.M. & Biber, D., eds. *Using Corpora to Explore Linguistic Variation*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.73-90.)

Kennison, S.M. & Trofe, J.L. 2003. Comprehending Pronouns: A Role for Word-Specific Gender Stereotype Information. *Journal of Psycholinguistic Research*, 32(3):355-378.

Kirsner, R.S. 2014. Qualitative-quantitative analyses of Dutch and Afrikaans grammar and lexicon. Amsterdam: John Benjamins.

Kirsten, J. 2013. Totius en die standaardisering van vroeg-moderne Afrikaanse werkwoorde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(1):60-75.

Kirsten, J. 2015. The use of *was* in Afrikaans passive constructions: a diachronic corpus study. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(2):159-170.

Klein, W. 1995. A Time-Relational Analysis of Russian Aspect. *Language*, 71(4):669-695.

Klein, W. 2000. An Analysis of the German Perfekt. *Language*, 76(2):358-382.

Klein, W. 2008. Time in Language, Language in Time. *Language Learning*, 58(Suppl. 1):1-12.

Koester, A. 2010. Building small specialised corpora. (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 66-79.)

Kriel, M. 2006. Fools, philologists and philosophers: Afrikaans and the politics of cultural nationalism. *Politikon: South African Journal of Political Studies*, 33(1):45-70.

Kriel, M. 2010. Culture and power: the rise of Afrikaner nationalism revisited. *Nations and Nationalism*, 16(3):402-422.

Kriel, M. 2013. Loose continuity: the post-apartheid Afrikaans Language Movement in historical perspective. London: London School of Economics and Political Science (Thesis – PhD).

Kruger, H. & Van Rooy, B. 2015. Syntactic and pragmatic transfer effects in reported-speech constructions in three contact varieties of English influenced by Afrikaans. (Unpublished).

Kuhn, T.S. 1996. *The Structure of Scientific Revolutions*. 3rd ed. Chicago / London: University of Chicago Press.

Labov, W. 1994. *Principles of Linguistic Change. Volume 1: Internal Factors*. Malden / Oxford: Blackwell.

Labov, W. 2010. *Principles of Linguistic Change. Volume 3: Cognitive and Cultural Factors*. Chichester: Wiley-Blackwell.

Laitinen, L. 2004. Grammaticalization and standardization. (In Fischer, O., Norde, M. & Perridon, H., eds. *Up and down the Cline – The Nature of Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 247-262.)

Lakoff, G. 1988. Cognitive Semantics. (In Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P., eds. *Meaning and mental representations*. Bloomington / Indianapolis: Indiana University Press. p. 119-154.)

Lakoff, G. & Johnson, M. 1999. *Philosophy in the Flesh: the Embodied mind and its challenge to Western Thought*. New York: Basic Books.

Langacker, R.W. 2001. The English present tense. *English Language and Linguistics*, 5(2):251-272.

- Langacker, R.W. 2008. *Cognitive Grammar: A Basic Introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Langacker, R.W. 2010. *Cognitive Grammar*. (In Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. p. 421-462.)
- Langenhoven, C.J. 1926. *A first guide to Afrikaans*. Cape Town: Nasionale Pers.
- Langer, N. & Nesse, A. 2012. *Linguistic Purism*. (In Hernández-Campoy, J.M. & Conde-Silvestre, J.C., eds. *The Handbook of Historical Sociolinguistics*. Chichester: Wiley-Blackwell. p. 607-625.)
- Lass, R. 1990. How to do things with junk: exaptation in language evolution. *Journal of Linguistics*, 26(1):79-102.
- Lass, R. 1997. *Historical linguistics and language change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2009. *Change in contemporary English: a grammatical study*. Cambridge: Cambridge University press.
- Le Roux, J.J. & Nienaber, C.J. 1947. *So sê ons in Afrikaans: taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool*. Pretoria: Van Schaik.
- Le Roux, J.J. & Nienaber, C.J. 1951. *So sê ons in Afrikaans: taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool*. 2de druk. Pretoria: Van Schaik.
- Le Roux, T.H. 1946. *Afrikaanse Taalstudies*. 4de druk. Pretoria: Van Schaik.
- Le Roux, T.H. 1968. *Afrikaanse Taalstudies*. 11de druk. Pretoria: Van Schaik.
- Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J. 1917. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Bloemfontein: Het Volksblad-Drukkerij.
- Lindstedt, J. 1995. Understanding perfectivity – understanding bounds. (In Bertinetto, P.M., Bianchi, V., Dahl, Ö. & Squartini, M., eds. *Temporal reference, aspect and actionality: Typological perspectives vol. 2*. Torino: Rosenberg & Sellier. p. 95-103)

MacWhinney, B. 2001. Emergentist approaches to language. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 489-470.)

Mair, C. 2006. *Twentieth-century English: history, variation and standardization*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mair, C. 2011. Grammaticalization and corpus linguistics. (*In* Heine, B. & Narrog, H., eds. *The Oxford Handbook of Grammaticalization*. Oxford: Oxford Handbooks Online.)

Malherbe, D.F. 1917. *Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwijser bij die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Malherbe, D.F. 1921. *Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwysers by die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika*. 5de druk. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Martin, T. & Hinzen, W. 2014. The grammar of the essential indexical. *Lingua*, 148:95-117.

McCarthy, M. & O'Keeffe, A. 2010. Historical perspective: what are corpora and how have they evolved? (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 3-13.)

McMahon, A.M.S. 1994. *Understanding language change*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mesthrie, R., ed. 1995. *Language and Social History: studies in South African sociolinguistics*. Cape Town / Johannesburg: David Philip.

Miller, M.M. & James, L.E. 2009. Is the generic pronoun *he* still comprehended as excluding women? *The American Journal of Psychology*, 122(4):483-496.

Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of Sociolinguistics*, 5(4):530-555.

- Milroy, J. 2012. Sociolinguistics and Ideologies in Language History. (In Hernández-Campoy, J.M. & Conde-Silvestre, J.C., eds. *The Handbook of Historical Sociolinguistics*. Chichester: Wiley-Blackwell. p. 571-584.)
- Mufwene, S.S. 2003. Genetic linguistics and genetic creolistics: a response to Sarah G. Thomason's "Creoles and genetic relationships". *Journal of Pidgin and Creole Languages*, 18(2):273-288.
- Mufwene, S.S. 2008. *Language Evolution: Contact, Competition and Change*. London / New York: Continuum International.
- Mufwene, S.S. 2011. Transmission, acquisition, parameter-setting, reanalysis, and language change. *Bilingualism: Language and Cognition*, 14(2):152-155.
- Mühlhäusler, P. & Harré, R. 1990. *Pronouns & People: the linguistic construction of social and personal identity*. Oxford / Cambridge, MA: Basil Blackwell.
- Müller, D. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z: die essensiële gids vir taalgebruikers*. Kaapstad: Pharos Woordboek.
- Müller, D. & Pistor, S. 2011. *Skryf Afrikaans van A tot Z: die essensiële gids vir taalgebruikers*. 2de uitg. Kaapstad: Pharos Woordboek.
- Nesselhauf, N. 2010. The development of future time expressions in Late Modern English: redistribution of forms or change in discourse? *English Language and Linguistics*, 14(2):163-186.
- Nicolle, S. 2012. Diachrony and Grammaticalization. (In Binnick, R.I., ed. *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press. p.370-397.)
- Nikiforidou, K. 1991. The meanings of the genitive: a case study in semantic structure and semantic change. *Cognitive Linguistics*, 2(2):149-205.
- Olson, M. Forthcoming. *Koinéization in Golden Age Amsterdam*. Utrecht: Utrecht University (Thesis – PhD).

Patard, A. 2014. When tense and aspect convey modality: reflections on the modal uses of past tenses in Romance and Germanic languages. *Journal of Pragmatics*, 71:69-97.

Patten, A.L. 2014. The historical development of the *it*-cleft: a comparison of two different approaches. (In Gisborne, N. & Hollmann, W.B., eds. *Theory and data in cognitive linguistics*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.87-114.)

Perridon, H. 2013. The emergence of the s-genitive in Danish. *Language Sciences*, 36:134-146.

Phillips, B.S. 2001. Lexical diffusion, lexical frequency, and lexical analysis. (In Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 123-136.)

Pienaar, E.C. & Langenhoven, C.J. 1932. *Hoe om te skrywe: hulpboekie by die studie van die stekuns*. Kaapstad / Stellenbosch / Bloemfontein: Nasionale Pers.

Pierrehumbert, J.B. 2001. Exemplar dynamics: word frequency, lenition and contrast. (In Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 137-157.)

Ponelis, F.A. 1966. Die stoel wat jy op sit: "verkeerde" konstruksies? *Klasgids*, 1(4):55-58.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

Ponelis, F.A. 1987. Uit die geskiedenis van die Afrikaanse betreklike konstruksie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde (Geleentheidsuitgawe nr. 5)*:1-93.

Ponelis, F.A. 1989. Sintaksis. (In Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F., eds. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de uitg. Pretoria / Kaapstad: Academica. p. 255-357.)

Ponelis, F.A. 1993a. Afrikaans indirect vocatives in a diachronic perspective. *South African Journal of Linguistics*, 11(3):102-104.

Ponelis, F.A. 1993b. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main / Berlin / Bern / New York / Paris / Wien: Peter Lang.

- Ponelis, F.A. 1994. Die ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34(4):218-230.
- Poplack, S. & Tagliamonte, S. 2000. The grammaticization of *going to* in (African American) English. *Language Variation and Change*, 11:315-342.
- Poplack, S., Zentz, L. & Dion, N. 2012a. Phrasefinal prepositions in Quebec French: an empirical study of contact, codeswitching and resistance to convergence. *Bilingualism: Language and Cognition*, 15(2):203-225.
- Poplack, S., Zentz, L. & Dion, N. 2012b. What counts as (contact-induced) change. *Bilingualism: Language and Cognition*, 15(2):247-254.
- Potgieter, D.J. & Geldenhuys, A. 1934. Afrikaans for English-speaking students: part II. 5th ed. Cape Town / Johannesburg: Juta.
- Preacher, K.J. 2001. Calculation for the chi-square test: An interactive calculation tool for chi-square tests of goodness of fit and independence [Computer software]. <http://quantpsy.org> Last date of access: 20 October 2015.
- Pretorius, E. 2013. Having fun with *van* – a Nanosyntactic take on syncretism. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42:243-261.
- Prinsloo, A.F. & Odendal, F.F. 1995. Afrikaans op sy beste: hulp met moderne taalkwessies. Pretoria: Van Schaik.
- Prinsloo, S.M.C. 1982. Anaforiek in Afrikaans met spesiale verwysing na Substandaardafrikaans. Potchefstroom: PU vir CHO (Verhandeling – MA).
- Raidt, E.H. 1989. Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans. (In Botha, T.J.R., Ponelis, F.H., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F., eds. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Academica. p. 96-126.)
- Raidt, E.H. 1991. Afrikaans en sy Europese verlede. 3de uitg. Kaapstad: Nasou.

Rayson, P. 2015. Log-likelihood and effect size calculator. ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html
Last date of access: 12 August 2015.

Rehbock, H. 2009. "...ohne jetzt nun gleich aggressiv zu werden": Ein Zeitadverb als Diskursmarker. *Zeitschrift für Germanistische Linguistik*, 37(2):236-265. (Abstract).

Reppen, R. 2010. Building a corpus: what are the key considerations? (In McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 31-37.)

Reppen, R., Fitzmaurice, S.M. & Biber, D. 2002. *Using Corpora to Explore Linguistic Variation*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

Roberge, P.T. 1994. On detecting a prior linguistic continuum in Cape Dutch. (In Olivier, G. & Coetzee, A., eds. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans: opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers. p. 153-165.)

Roberge, P.T. 1996. Multilevel syncretism and the evolution of Afrikaans periphrastic possessives with *se*. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 30:123-153.

Roberge, P.T. 2001. Diachronic notes on the Afrikaans demonstrative pronouns. (In Carstens, A. & Grebe, H., eds. *Taallandskap: huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. p. 124-136.)

Roberge, P.T. 2002. Afrikaans: considering origins. (In Mesthrie, R., ed. *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 79-103.)

Rosenbach, A. 2010. How synchronic gradience makes sense in the light of language change (and *vice versa*). (In Trousdale, G. & Traugott, E.C., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 149-179.)

Rossouw, R. & Van Rooy, B. 2012. Diachronic changes in modality in South African English. *English World-Wide: A Journal of Varieties of English*, 33(1):1-26.

Roux, S.P. 2001. 'n Kritiese bespreking van taalverandering met verwysing na Afrikaans en sy variëteite. Bloemfontein: UV (Verhandeling – MA).

Rutten, G. 2012. From adverb to conjunction and back: the (de)grammaticalization of Dutch *dan*. *Diachronica*, 29(3):301-325.

Sapir, E. 1921. *Language: an introduction to the study of speech*. New York: Harcourt, Brace and Co.

Schneider, R. 2014. GenitivDB – a Corpus-Generated Database for German Genitive Classification. Proceedings of the Ninth International Conference on Language Resources and Evaluation (LREC'14), Reykjavik.

Scholtz, J. du P. 1950. *Oor die herkoms van Afrikaans*. Kaapstad: s.n.

Scholtz, J. du P. 1954. Die geskiedenis van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde in Afrikaans. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 14(1):13-31.

Scholtz, J. du P. 1963. Aanvulling by: "Die geskiedenis van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde in Afrikaans". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 3(2):67-74.

Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, J.J.J. 1990. 'Is' en 'was', 'wat' en 'wie'. *Beeld*: 13, 14 Aug.

Schøsler, L. 2010. A paradigmatic approach to language and language change. (In Trousdale, G. & Traugott, E.C., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 203-220.)

Schwerdtfeger, A. 1989. Seksisme en stereotypes: kriteria by die skryf en voorskryf van skoolhandboeke. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 23(4):20-35.

Scott, A.K. 2011. The position of the genitive in present-day Dutch. *Word Structure*, 4(1):104-135.

Scott, M. 2010. What can corpus software do? (In McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 136-151.)

Seppänen, A. 2000. The Genitive / Possessive Pronoun *Its*. *Studia Neophilologica*, 72:121-141.

Siemund, P. 2014. The emergence of English reflexive verbs: an analysis based on the *Oxford English Dictionary*. *English Language and Linguistics*, 18(1):49-73.

Smith, M. 2004. Light and heavy reflexives. *Linguistics*, 42(3):573-615.

Spruyt, M. 2000. 'n Kognitiewe benadering tot tydsdifferensiasie in diskoers. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 18(1-4):33-43.

Steyn, J.C. 1976. 'n Paar sintaktiese onvasthede in Afrikaans. *Taalfasette*, 20(3):25-53.

Stoops, Y.H.L. 1972. Die taalgebruik in "Die Huisgenoot". Bydrae tot die ondersoek na die ontwikkeling van geskrewe Afrikaans in die laaste 50 jaar. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth (Verhandeling – MA).

Swart, C. 1995. 'n Leksikaal-semantiese ondersoek na verandering in die Afrikaanse woordeskat soos weerspieël in die hedendaagse nuusmedia. Bloemfontein: UOVS (Verhandeling – MA).

Terblanche, C.J.J. 1980. Die gebruik van is en was om verskillende tydsbegrippe in die passiewe gesegde uit te druk. *Taalfasette*, 27(2):26-57.

Thomason, S.G. 2003. Contact as a Source of Language Change. (In Joseph, B.D. & Janda, R.D. eds. *The Handbook of Historical Linguistics*. Malden: Blackwell. p. 687-712.)

Thompson, S.A. & Hopper, P.J. 2001. Transitivity, clause structure, and argument structure: evidence from conversation. (In Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 27-60.)

Tognini Bonelli, E. 2010. Theoretical overview of the evolution of corpus linguistics. (In McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 14-27.)

Tomasello, M. 2014. *A Natural History of Human Thinking*. Cambridge / London: Harvard University Press.

Traugott, E.C. & Trousdale, G. 2010. Gradience, gradualness and grammaticalization: how do they intersect? (*In* Trousdale, G. & Traugott, E.C., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 19-44.)

Trousdale, G. 2014. Theory and data in diachronic Construction Grammar: the case of the *what with* construction. (*In* Gisborne, N. & Hollmann, W.B., eds. *Theory and data in cognitive linguistics*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p.115-140.)

Trousdale, G. & Traugott, E.C. 2010. Preface. (*In* Trousdale, G. & Traugott, E.C., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 1-18.)

Trudgill, P. 2002. *Sociolinguistic Variation and Change*. Washington, D.C.: Georgetown University Press.

Trudgill, P. 2008. On the role of children, and the mechanical view: a rejoinder. *Language in Society*, 37(2):277-280.

Uys, M.D. 1983. *Die vernederlandsing van Afrikaans*. Pretoria: UP (Tesis – DLitt).

Van der Auwera, J. & Plungian, V.A. 1998. Modality's semantic map. *Linguistic Typology*, 2:79-124.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1951. *An introduction to Afrikaans*. Cape Town: Balkema.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1958. *Afrikaanse taalkwessies*. 3de druk. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1967. *Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies*. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. & Ponelis, F.A. 1982. *Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies*. 6de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. & Ponelis, F.A. 1991. *Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies*. 7de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, T. 1996. *Nou, toe en dan* as temporele leksikale elemente in Afrikaans. *Literator*, 17(2):91-104.

Van der Merwe, T. 1997. Pronominale verwysing na inanimata in Afrikaans. *South African Journal of Linguistics*, 15(1):27-34.

Van der Merwe, T. 2003. 'n Etimologiese perspektief op betekenisverandering in die Afrikaanse leksikon. *Literator*, 24(1):103-123.

Van Gelderen, E. 2010. Features in reanalysis and grammaticalization. (In Trousdale, G. & Traugott, E.C., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 129-147.)

Van Helden, S. & Coetzee, A.E. 2006. Die sosio-historiese en sosio-linguistiese aspekte van die leksikale veranderings van die 1936- en 2001-psalmomdigtings. *In die Skriflig*, 40(2): 199-220.

Van Rooy, A.J. 1996. Is generiese manlike voornaamwoorde regtig generies? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 14(1):33-41.

Van Rooy, B. 2014. Progressive aspect and stative verbs in Outer Circle varieties. *World Englishes*, 33(2):157-172.

Van Rooy, B. & Esterhuizen, I. 2011. Die gebruik van konjunksiemerke by nagraadse studente en gepubliseerde navorsing oor Afrikaanse taal- en letterkunde. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 45(1):67-86.

Van Rooy, B. & Kruger, H. 2015. Language variation, contact, and prescription: reported speech in Afrikaans. Paper delivered at the LSSA/SAALA/SAALT Joint Annual Conference 2015.

Van Rooy, H.F. 1984. 'n Deelsgenitief in Afrikaans? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 2(4), Okt. p. 27-41.

Van Schalkwyk, D.J. & Kroes, G. 1982. Doeltreffende Afrikaans: 'n handboek vir skriftelike taalgebruik. Goodwood: Nasou.

Van Schalkwyk, H. & Viviers, D.A. 1977. Taalkommunikasie: Afrikaans. Kaapstad / Port Elizabeth / Kimberley / Oos-Londen / Johannesburg / Windoek / King William's Town: Maskew Miller.

Van Schoor, J.L. 1983. Die Grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad / Johannesburg: Lex Patria.

Van Wyk, T. 2009. Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe tekste. Johannesburg: UJ (Skripsie – MA).

Vincent, N. & Börjars, K. 2010. Grammaticalization and models of language. (*In* Trousdale, G. & Traugott, E.C., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 279-299.)

Vink, M. 1981. *Van* vs. *se*. (*In* Sinclair, A.J.L., red. *LVSA-kongresreferate*. Bellville: UWK.)

Visconti, J. 2004. Conditionals and subjectification: implications for a theory of semantic change. (*In* Fischer, O., Norde, M. & Perridon, H., eds. *Up and down the Cline – The Nature of Grammaticalization*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 169-192.)

Wang, Y. & Xu, J. 2013. A systemic typology of existential and possessive constructions. *Functions of Language*, 20(1):1-30.

Wasserman, G.P. 2014. Modality on trek: diachronic changes in written South African English across text and context. Vanderbijlpark: NWU (Thesis – PhD).

Wasserman, R. & Van Rooy, B. 2014. The Development of Modals of Obligation and Necessity in White South African English through Contact with Afrikaans. *Journal of English Linguistics*, 42(1):31-50.

Weerman, F. & De Wit, P. 1999. The decline of the genitive in Dutch. *Linguistics*, 37(6):1155-1192.

Weerman, F., Olson, M. & Cloutier, R.A. 2013. Synchronic variation and loss of case: formal and informal language in a Dutch corpus of 17th-century Amsterdam texts. *Diachronica*, 30(3):353-381.

Winford, D. 2012. Creole languages. (*In* Binnick, R.I., ed. *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press. p.428-457.)

Wybenga, D.M. 1993. Gewete en waargenome wêreld: 'n tekstuele perspektief op Afrikaanse tydsuitdrukking. *South African Journal of Linguistics*, 24(2):15-30.

Ziegeler, D. 2012. The grammaticalization of modality. (*In* Heine, B. & Narrog, H. eds. *The Oxford Handbook of Grammaticalization*. Oxford Handbooks Online.)

Zug, J. 2011. The use of the preterite and the present perfect in English and German: a contrastive analysis. Oslo: Universitetet i Oslo (Thesis – MA).